# DIE VROEË GESLAGTE GROBBELAARS VAN CYFERFONTEIN, DISTRIK BETHULIE, IN DIE SUIDOOS-VRYSTAAT, 1861-1939

deur

**PAUL MARAIS GROBBELAAR**

**PROEFSKRIF**

voorgelê om te voldoen aan die

vereistes vir die graad

**DOCTOR PHILOSOPHIAE**

in die

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**

(DEPARTEMENT GESKIEDENIS)

aan die

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**

**BLOEMFONTEIN**

**PROMOTOR: PROF. S. L. BARNARD**

**MEDEPROMOTOR: PROF. A WESSELS**

**BLOEMFONTEIN: NOVEMBER 2008**

## INHOUDSOPGAWE


**Inhoudsopgawe**

**Voorwoord** **i**

**Inleiding** **6**

**HOOFSTUK 1**

**DIE HERKOMS VAN DIE GROBBELAARS VAN CYFERFONTEIN**

**1. INLEIDING** **14**

**2. DIE STAMVADER JAN GROBLER UIT TANGERMÜNDE** **15**

**3. CORNELIS GROBBELAAR VAN TULBAGH** **29**

**4. PIETER GROBBELAAR VAN MEERDERWYK, DISTRIK COLESBERG** **30**

**5. JAN ADRIAAN GROBBELAAR VAN CYFERFONTEIN, DISTRIK BETHULIE** **31**

5.1 Pieter Grobbelaar van Kroonpost **33**

5.2 Jan Adriaan Grobbelaar van Groot Marsfontein **41**

5.3 Petrus Johannes Grobbelaar (genoem Peet) van Meyerskraal **42**

5.4 Margaretha Johanna Griesel (gebore Grobbelaar) van Springbokfontein **43**

5.5 Jacobus Hermanus (genoem Kotie) Grobbelaar van Cyferfontein **45**

**6. EVALUERING** **47**

**HOOFSTUK 2**

**DIE VRYSTAAT VAN DIE CYFERFONTEIN-GROBBELAARS, 1861 EN 1899**

**1. INLEIDING** **48**

**2. DIE OORSPRONKLIKE INWONERS** **50**

**3. BETHULIE, DIE DORP VAN DIE GROBBELAARS** **56**

**4. DIE BASOETO-OORLOË** **60**

**5. DIE DIAMANTVELDE** **69**

**6. EKONOMIESE EN STAATKUNDIGE WELVAART EN DIE SKEP VAN 'N MODELSTAAT** **79**

**7. BOERDERY-OMSTANDIGHEDE, 1861 EN 1899** **86**

**8. DIE GROBBELAARS AS BOERE** **93**

8.1 Jan Adriaan Grobbelaar sr. op Cyferfontein **93**

8.2 Pieter Grobbelaar op Kroonpost **95**

8.3 Jan Adriaan Grobbelaar jr. op De Puts en Groot Marsfontein **97**

8.4 Petrus Johannes (Peet) Grobbelaar op Meyerskraal **99**

8.5 Jacobus Hermanus (Kotie) Grobbelaar op Cyferfontein **99**

8.6 Abraham Jacobus Griesel van Rustfontein en Springbokfontein **100**

**9. DIE OORLOGSPOLITIEK VAN LORD MILNER** **102**

**10. EVALUERING** **119**

## HOOFSTUK 3

## DIE CYFERFONTEIN-GROBBELAARS EN DIE ANGLO-BOEREOORLOG

**1. INLEIDING** **124**

**2. DIE GROBBELAARS GAAN OP KOMMANDO** **128**

**3. BETROKKE BY DIE SLAG VAN STORMBERG** **130**

**4. SKERMUTSELINGS TE PENHOEK EN DORDRECHT ONDER GROBBELAAR-BEVEL** **131**

**5. DIE SLAG BY BETHULIE-BRUG ONDER BEVEL VAN KMDT. PIETER GROBBELAAR** **133**

**6. DIE GROBBELAARS IN DIE SLAG BY SANNASPOS, 31 MAART 1900** **136**

7. DIE BETHULIE-KOMMANDO NA DEWETSDORP EN OMGEWING 138

8. DIE BETHULIE-KOMMANDO BY ROODEWAL 138

9. DIE GROBBELAARS BETROKKE BY DIE VERNEDERENDE OORGAWE VAN PRINSLOO 140

10. VERDEELDHEID AS GEVOLG VAN VERRAAD 143

11. DIE HAAGSE KONVENSIE VAN 1899 145

12. DIE SWART BEVOLKING ONDER DIE WAPEN 147

13. DIE GROBBELAARS AS KRYGSGEVANGENES 155

14. DIE IMPLIKASIES VAN GUERRILLA-OORLOGVOERING EN DIE VERSKROEIDE AARDE-BELEID 159

15. GRUWELDADE VAN DIE BRITSE MAGTE EN HULLE AANHANGERS TEEN BOEREVROUE EN KINDERS 165

16. DIE GROBBELAAR-VROUE IN DIE KONSENTRASIEKAMP 171

17. DIE PRO-BOEREBEWEGING 188

18. DIE DAMESKOMITEE 191

19. DIE VREDE VAN VEREENIGING 196

20. DIE GROBBELAARS GAAN HUIS TOE 198

21. GEVOLGTREKKINGS 200

**HOOFSTUK 4**

**DIE GROBBELAAR-FAMILIE VANAF 1902 TOT 1924 – HERWINNING VAN SELFRESPEK**

1. INLEIDING 203

2. DIE GROBBELAARS EN DIE PROGRAM VAN HEROPBOU EN REPATRIASIE 205

3. VERANTWOORDELIKE BESTUUR VIR DIE VRYSTAAT 219

4. DIE VRYSTAAT WORD DEEL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA 225

5. DIE EERSTE WÊRELDOORLOG EN REBELLIE 244

6. DIE HELPMEKAAR-BEWEGING 257

7. DIE INVLOED VAN DIE VREDE VAN VERSAILLES OP SUID-AFRIKA 264

8. GEVOLGTREKKINGS 266

HOOFSTUK 5

SAAMWERK OF WEGBREEK GEDURENDE 1920 TOT 1939

1. INLEIDING 268

2. GENL. SMUTS AAN DIE ROER 269

3. DIE PAKT TUSSEN NASIONALISME EN ARBEID TEEN SMUTS 278

4. STATUS EN SOEWEREINITEIT 282

5. ’N EIE VLAG 285

6. DIE ARMBLANKEVRAAGSTUK 287

7. DIE GROBBELAARS DEURLEEF DIE DEPRESSIE 295

8. KOALISIE EN SAMESMELTING 300

9. GENL. HERTZOG SE RASSEBELEID 306

10. DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK IN 1938 313

11. NEUTRALITEIT 318

12. DIE GROBBELAARS EN DIE OSSEWABRANDWAG 323

13. GEVOLGTREKKINGS 326

EVALUERING 329

| | | |
|---|---|---|
| **BYLAE 1** | **DIE GROBBELAAR STAMBOOM** | **340** |
| **BYLAE 2** | **UIT DIE ARGIEF VAN DIE GROBBELAAR-FAMILIE** | **364** |
| **BYLAE 3** | **DIE GROBBELAAR-PLASE** | **369** |
| **BYLAE 4** | **FAMILIEWAPEN** | **370** |

**BRONNELYS** **371**

**OPSOMMING** **389**

## VOORWOORD

In geskiedskrywing kry makro-geskiedenis meesal voorrang bo die sogenaamde voetsoolvlak-geskiedenis, dit wil sê die geskiedenis van gewone mense en hulle rol in onder andere gesins- en familiale verband wie se belangrikste bydrae altyd op plaaslike vlak plaasvind. Daarom speel gewone mense se doen en late nie ‘n rol wat altyd waardig genoeg geag word vir die gekiedskrywer nie. Die probleem wat hieruit ontstaan, is dat die geskiedskrywing uiteindelik baie keer net gaan oor die sake van landsbelang wat lei tot ‘n geskiedskrywing wat sy interpretasie uitsluitlik van bo af doen. Daardeur word die gewone mens te dikwels as die lydende in plaas van die bedrywende party uitgebeeld. Daar word uit die oog verloor dat die belangriker sake dikwels net as belangrik beskou kan word as gevolg van die direkte verband daarvan met die mikro-geskiedenis van families en plaaslike gemeenskappe. Om die sake van landsbelang te kan verstaan, is dit egter nodig om ook die voetsoolvlak-geskiedenis te ken en daarin die faktore te vind wat aan die “groter” saak ‘n bepaalde profiel gee. Om die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat in perspektief te sien en na waarde te skat, is dit dus nodig om die Vrystaters in gesins- en plaaslike verband te beskou. Binne die veld van die geskiedskrywing is weinig in die verband gedoen.

Hierdie proefskrif is dus in ’n sekere sin baanbrekerswerk, moontlik die eerste in sy soort in die geskiedenis van Suid-Afrika. Gevolglik moes ’n benadering tot die onderwerp van meet af aan ontwikkel word. Die wetenskaplike bydrae wat die navorsing sal lewer, is dat dit die invloed van die voetsoolvlak-geskiedenis op die wyer gang van sake aantoon, asook die impak wat die groter landsgebeure op gewone mense gehad het. Deur die lê van hierdie verband word die makro-geskiedenis van die betrokke tydperk terselfdertyd ook die geskiedenis van die denke en optrede van die Grobbelaars van Cyferfontein, distrik Bethulie.

Met hierdie tipe navorsing is probleme ondervind met die (on)beskikbaarheid van wetenskaplik geboekstaafde bronne. Die mening mag bestaan dat dit ’n ongegronde stelling is, omdat ’n groot aantal genealogieë van Afrikaanse families bestaan wat insig in die familiegeskiedenis behoort te gee. Tog is dit ’n feit dat waar genealogiese navorsing oor ’n familie wel beskikbaar is, dit normaalweg slegs genealogiese inligting bevat. Sou, soos ook voorkom, die genealoog homself die tyd en vryheid veroorloof het om breër as die bloot genealogiese materiaal, na te vors, verkry die

navorser insae in interessante persoonlike oorlewerings, vertellings en insigte. Dít skep egter die probleem dat hierdie besonderhede, hoewel interessant, weens die anekdotiese aard daarvan nie outomaties aanvaarbaar is vir ’n wetenskaplike studie nie.

Gevolglik is die navorser aangewese op gepubliseerde eietydse geskiedenis. Hierdie geskiedenis, hoewel eietyds, is ook vir die navorser van voetsoolvlak-geskiedenis beperk in waarde. Wat die navorser soek, is die geskiedenis van gewone, amper onopvallende mense, maar wat hy in die gewoonlik eietydse bronne vind, en mee te doen kry, is persoonlikhede wat op die breër vlak nuuswaardig geraak en die aandag getrek het, en daarom gedokumenteer is. Die voetsoolvlak-geskiedenis is egter op die vlak gemaak waar die betrokke persoonlikhede feitlik nie oor nuuswaardigheid beskik het nie. Om die rede word onder meer in byvoorbeeld koerante bloedweinig oor hulle gepubliseer; hoogstens ’n doodsberig of kort beriggie oor sy of haar begrafnis.

Die logiese bron vir die voetsoolvlak-geskiedenisnavorser om na inligting vir sy navorsing te soek, is die streek waaruit die familie stam aan die hand van spesifieke gebeure wat dit binne die regte tydsraamwerk plaas. Die probleem vir die navorser is dat die inligting baie gefragmenteerd is, omdat dit bestaan uit lewendes se herinneringe aan gestorwe persone. In die proses om op dié wyse sinvolle navorsingverslag te doen, bestaan daar die wesenlike gevaar dat die beskrywing daarvan maklik kan ontaard in ’n opeenhoping van anekdotes en staaltjies, wat uiteraard die wetenskaplikheid van die navorsing in die gedrang bring. Om hierdie subjektiewe en anekdotiese weergawe aanvaarbaar te maak, is dit nodig om dit met omsigtigheid te benader. Die uitdaging is om die inhoud binne die bepaalde verband van tyd en gebeure te objektiveer deur dit binne ’n getroue storielyn te plaas.

Hierdie storielyn word verkry deur die anekdotiese stof ineen te vleg met ’n verbandhoudende oorsig van die breë geskiedenis van die betrokke tydperk. So kom die navorser te staan voor ’n nuwe probleem. Waar oorlewerings binne familieverband dikwels verhaal word sonder akkurate vermelding van die groter raamwerk van tyd en gebeure waarbinne ’n bepaalde familie-gebeurtenis plaasgevind het, moet na ander verbandhoudende momente gesoek word. ’n Goeie voorbeeld sou wees waar die amptelike geskiedenis van ’n gebeurtenis in die Anglo-Boereoorlog en die betrokke familie se aandeel daaraan bymekaar gebring word. Wanneer bloot na

spesifieke veldslae of fases van die veldslae in beide weergawes daarvan verwys is, was dit relatief maklik om aan hand van ’n betrokke kommando se betrokkenheid by die veldslag die familie se deelname in ’n groot mate te bepaal aan hand van hulle eie oorlewerings. ’n Probleem ontstaan egter wanneer geen ooglopende ooreenstemmende bakens met die familie se weergawe gevind word nie. Dan is die navorser aangewese op verantwoorde afleidings gebaseer op die mate van ooreenkoms tussen die oorlewering en die breë geskiedenis. In hierdie verband speel dagboeke en joernale van lede van die familie ’n groot rol om byvoorbeeld op grond van die datum van ’n inskrywing dit in verband te bring met bepaalde gebeure op die vlak van die breë geskiedenis. Verder kan so ’n dagboek of joernaal melding maak van byvoorbeeld die eerste besoek van ’n Britse patrollie aan ’n plaas. Die breë geskiedenis sal aantoon dat die Britse magte op ’n gegewe datum ’n besondere dorp ingeneem en patrollies met spesifiek gemelde doelwitte na boereplase uitgestuur het. Op hierdie wyse word die verband van die familie-geskiedenis met die breër agtergrond byeengebring en is ’n sinvolle weergawe van ’n spesifieke insident of gebeurtenis verkry.

Dit is duidelik dat, hoewel dagboeke en joernale ’n groot rol speel in die navorsing van die voetsoolvlak-geskiedenis, die navorser in ’n groot mate aangewese is op die vertellings en oorlewerings wat binne familieverband van geslag tot geslag deurgegee is. Uiteraard word probleme met die objektiwiteit van hierdie vertellings en oorlewerings ondervind. Dan is die maatstaf steeds die breë en amptelike geskiedenis om ’n feitelike weergawe te verkry. Tog is dit interessant dat die begrip voetsoolvlak-geskiedenis ’n sekere rekbaarheid ten opsigte van die koue en kliniese feitelikheid impliseer. Om dit eenvoudig te stel: hoewel die familie-weergawe van ’n gebeure mag afwyk van die feitelike gegewe van die breë geskiedenis, maak daardie afwyking nie die familie-weergawe noodwendig onwaar nie. Wat gesê word, is steeds die familie se ervaring van die werklikheid. So ’n beskouing verskaf interessante insig in die dinamiek binne ’n bepaalde familie.

Uiteraard moet by die aanvaarding van oorlewerings die groots moontlike mate van objektiwiteit en omsigtigheid gehandhaaf word. Dit kan gedoen word deur onder meer die notules van kerkraadsvergaderings en verenigings waarby lede van die familie betrokke was, en waarin hulle om een of ander rede vermeld word, te raadpleeg.

Daaruit sou byvoorbeeld die graad van hulle toewyding aan die kerk vasgestel kon word, en daarmee dan moontlik ook hulle gehegtheid aan die waarheid. Waar na kerkraadslede verwys is, sou meer waarde geheg kon word aan hulle vertellings/weergawes as aan die siening van mense wat kerklos gestaan en daarom moontlik nie van onwaarhede sou terugdeins nie.

Die afwyking skep egter die probleem dat ’n aanvaarbare storielyn uit die twee weergawes verkry moet word wat reg aan beide die objektiewe geskiedenis en die familie se weergawe daarvan laat geskied. Om hierdie aanvaarbare lyn te verkry, is dit nodig om in diepte op fasette van die betrokke geskiedenis wat nie in die gepubliseerde geskiedenis vermeld word nie, maar wel deel daarvan is, na te speur. Sodoende kan vasgestel word of die familie-weergawe nie gebaseer is op gedokumenteerde, maar ongepubliseerde besonderhede van die breë geskiedenis nie.

Om met inagneming van die voorgaande gedagtes ’n logiese navorsingsontwerp te skep, is besluit om aan die hand van argivale bronne ’n in-diepte weergawe van spesifieke fasette van die betrokke tydperk daar te stel, ondersteun deur geselekteerde sekondêre bronne om die breër verband te verkry. Daaruit is die nodige agtergrondlyn geskep waarteen die plaaslike en familiegeskiedenis hom afgespeel het. Die agtergrondlyn moes egter dikwels op die voorgrond tree ter wille van die “storielyn”. In hierdie proses is die familie- of voetsoolvlak-geskiedenis dus op die agtergrondlyn gesuperponeer. Die groot voordeel hieraan verbonde is dat waar die oorgelewerde familie- of voetsoolvlak-geskiedenis afgewyk het van die bewese agtergrondlyn, die afwyking as oorlewering en daarom met groot vrug hanteer kon word. Oorlewerings verskaf insae in die denke van ’n familie oor ’n bepaalde saak. Hierdie denke, siening en standpunte hoef nie in die breër sin geskiedkundig korrek te wees om werklik en legitiem te wees nie, want dit verklaar van die voetsoolvlak af hoekom bepaalde rigtings in beleid en politiek ontstaan het.

Die bronne wat vir hierdie navorsing benut is, toon ’n interessante verskeidenheid. So kon die geskiedenis van die stamvader maklik bekom word in die Kaapse Argiefbewaarplek (KAB) aan die hand van die verbatim kopieë van monsterrolle en die oorspronklike opgaafrolle van die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC). Daaruit kon genoeg besonderhede verkry word om ’n beeld van hom as boer te vorm. Ook die tersaaklike geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde-gemeente

Bethulie kon uit die notules van kerkraadsvergaderings in die Argief van die NG Kerk van die Vrystaat (KAV) gevind word. By die Bethulie Museum is ’n afskrif, in verwaarloosde toestand, ontdek van die handgeskrewe herinneringe van ds. HCJ Becker, leraar in Bethulie tydens die Anglo-Boereoorlog. Sy weergawe van die gemeentelike geskiedenis tydens die oorlog en van sy betrokkenheid by die konsentrasiekamp was uiteraard van groot waarde, aangesien hy sy perspektief op die gebeure gegee het en die waarheid daarvan aanvaar kon word.

Die herinneringe van ds. Becker het getoon dat geskrewe herinneringe, dagboeke en joernale in die navorsing van voetsoolvlak-geskiedenis onontbeerlik is en die waarde daarvan nie oordryf kan word nie. Die rede is eenvoudig dat die skrywer in ’n dagboek, joernaal of herinneringe gedagtes en denke op skrif stel wat nie altyd hardop uitgespreek is nie, maar wat die belewenis van die skrywer uitbeeld en dus ’n wesenlike rol gespeel het in die vorming van sy/haar denke oor sake. In hierdie verband was die joernaal van Bettie Smith, ’n Cyferfontein-Grobbelaar, en die dagboek van Susara Roos, ook ’n Grobbelaar van geboorte, maar nie van Cyferfontein nie, van besondere belang. Bettie Smith het afskrifte van briewe van haar vader, Peet Grobbelaar, krygsgevangene te Diyatalawa, Ceylon, ingesluit in die joernaal. Hierdie briewe, in reaksie op Bettie se briewe, waarin sy haar vader van die dood van sy twee dogters binne ’n maand van mekaar in kennis gestel het, verskaf ’n insig in ’n dinamiek wat geen onpersoonlike bron, hoe onberispelik ook al, kan verskaf nie. So ook is haar beskrywing van hulle wedervarings op die plaas en in die kamp dikwels baie grafies, en verskaf dit verdere insig in hulle denke. Wanneer Susara Roos op haar beurt vertel hoe die kampdokter ’n stuk verrotte vleis gesond gesertifiseer het, om net daarna deur ’n vrou met dieselfde stuk vleis oor die wang geslaan te word, dra by om belangrike emosies baie grafies te illustreer.

In die Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB) kon toegang verkry word tot die Volksraadsnotules van die Vrystaatse Republiek, asook die president Steyn-, Abraham Fischer-, Havenga- en Renier-versamelings. Interessante insae kon verkry word in die microfiche-kopieë van die *Daily Express* en *The Friend*. Dit het egter geblyk dat sommige uitgawes van beide koerante wat vir hierdie navorsing van groot belang sou wees, nie op rekord is nie. In sodanige gevalle moes die betrokke berigte uit gepubliseerde sekondêre bronne aangehaal word. Die joernaal van Bettie Smith,

wat hierbo genoem word, is saam met ander tersaaklike dokumente in die Renier-versameling gevind. Die grootste fonds was egter die ongehinderde toegang wat verkry is tot die Havenga-versameling van beëdigde verklarings deur slagoffers van gruweldade deur die Britse magte en hulle meelopers. Daaruit kon inligting bekom word wat tot so onlangs as 1994 nog glad nie gepubliseer is nie. Prof. Andries Raath was in sy werk *Die Boerevrou, 1899-1902: Moederleed* die eerste navorser wat van hierdie versameling gebruik kon maak nadat dit in 1994 oopgestel is vir die algemene publiek.

Baie belangrik was die *Britse Blouboeke* wat tussen 1851 en 1910 gepubliseer is. Sekere aspekte met betrekking tot die breë geskiedenis wat blykbaar tot nog toe nie gepubliseer is in ander werke nie, het duidelik geword uit die korrespondensie wat in die Blouboeke vervat is. Die voordeel van die Blouboeke is die feit dat dit deur sy administratiewe volledigheid die Britse Ryk dikwels aan die hand van gepubliseerde inligting reeds veroordeel het. Hierdie Blouboeke, saamgelees met beide dele van C Headlam se *The Milner Papers*, verskaf insig in die stelselmatige aanstook van die Anglo-Boereoorlog deur veral Alfred Milner en Joseph Chamberlain. Hulle eie briewe en ander korrespondensie verskaf onweerlegbare bewyse daarvoor.

Navorsing oor die naoorlogse tydperk van heropbou en die gepaardgaande probleme met repatriasie en kompensasie kan nie gedoen word sonder om die notules van die Sentrale Repatriasieraad en sy gepaardgaande korrespondensie te raadpleeg nie. Daaruit kon die ervarings van die Grobbelaar-familie dikwels by wyse van afleiding bepaal word. Waardevolle afleidings kon uit amptelike bronne gemaak word. As voorbeeld kon bepaal word dat die kinders van Pieter Grobbelaar tussen drie en 15 jaar oud was toe hulle hul moeder in die kampkerkhof moes begrawe. Verder kon afgelei word dat die uitgeteerde lyk slegs in ’n kakiekombers toegedraai, begrawe is. Daaruit kan die indruk wat hierdie tafereel op die jong kinders se gemoedere gemaak het, afgelei word, asook watter indrukke daaroor hulle later na hulle eie nageslag deurgegee het. Die eerste eensame aand na die begrafnis sonder haar teenwoordigheid in die tent is ook goed toegelig. Blote afleidings weerspieël die dinamiek van ’n familie en skep begrip vir die invloed wat bepaalde gebeure op hulle denke en dié van die gemiddelde kamp-inwoner gehad het. Ook kan die gewaarwording van die Grobbelaar-broers by die eerste aanskoue van hulle vernietigde plase en beendere van

die uitgeroeide veestapel wat hulle vroeër sorgsaam opgebou het, afgelei word. Wat was die belewenis van Pieter Grobbelaar toe hy terug uit Simonstad die buitekamer oopgemaak en die meubels wat sy vrou daar so sorgvuldig versteek het, ontdek het, moontlik met ’n laaste briefie met liefdeswense vir die weersien? Die gevolgtrekking waartoe die navorser moet kom, is dat dit bykans onmoontlik is om op voetsoolvlak ’n werklik objektiewe en onbetrokke siening te gee van gebeure wat mense so intens emosioneel geraak het. Juis in hulle belewenis van daardie gebeure het persepsies binne die familie ontstaan wat as standpunte na buite en na die nageslag deurgegee is.

’n Interessante bron vir hierdie navorsing is die Griesel-versameling, wat op hierdie stadium as deel van die private Paul Grobbelaar-versameling hanteer word. Dit bestaan grotendeels uit operasionele telegramme van die Bethulie-kommando gedurende die Rebellie in 1914. Dit is beskikbaar gestel deur Abrie Griesel, die huidige eienaar van Klein-Zuurfontein. Hy het ook die boekie *’n Oudstryder kyk terug* van Abraham (Apie) Griesel vir die maak van ’n afdruk beskikbaar gestel. Die boekie gee eerstens ’n oorsig oor die lewe op ’n Suidoos-Vrystaatse skaapplaas teen die einde van die 19de eeu. Die beskrywings en anekdotes verskaf ’n interessante agtergrond van die Griesel-familie in die besonder en ook van destydse gewoontes en gebruike. Tweedens was Apie Griesel die enigste persoon wat, hoewel anekdoties, die Bethulie-kommando se betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog beskryf het. Hy is dus ook die enigste beskikbare bron vir die oorlogsgeskiedenis van Pieter Grobbelaar van Kroonpost, Bethulie, provisionele kommandant van die kommando. Sonder sy weergawe van die wedervarings van die Bethulie-kommando totdat hulle deur Prinsloo in die Brandwaterkom oorgegee is, sou dit onmoontlik gewees het om enige eerstehandse kennis oor Pieter Grobbelaar se rol as provisionele kommandant van die kommando te bekom. In hierdie weergawe van die Anglo-Boereoorlog is daar egter slegs gekonsentreer op die gedeeltes daarvan waarby die Grobbelaars/Griesels betrokke was, omdat ’n vollediger hantering daarvan vir hierdie navorsing nie nodig is nie.

Deur ’n groot verskeidenheid sekondêre bronne te raadpleeg, is ’n redelike raamwerk van kruisverwysings as kontrole vir akkuraatheid geskep. Sover moontlik is die primêre bronne waarna in hierdie sekondêre bronne verwys word, veral met betrekking tot gevolgtrekkings, gekontroleer om die akkuraatheid van die sekondêre bron te bepaal. Waar die betrokke primêre bron nie beskikbaar was nie, is die

verwysing van die sekondêre bron na die betrokke primêre bron gebruik. Daar is gepoog om die bronne verantwoordelik en omsigtig aan te wend ten einde ’n gebalanseerde siening te kon handhaaf.

Die navorsing van die voetsoolvlak-geskiedenis berus op familie-vertellings, wat in werklikheid die belangrikste beskikbare “primêre” bronne is. By die afspeel van die vertellings teen die objektiewe werklikheid, kom interessante sienings binne ’n bepaalde familie na vore. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die siening van die Grobbelaar-familie dat die bruin en swart bevolking nooit weer toegelaat moes word om ’n bepalende invloed op die (politieke) toekoms van die Afrikaner uit te oefen nie. Hierdie siening het voortgespruit uit die subjektiewe ervarings sedert 1861 tydens die Basoeto-oorloë en daarna hul ervarings met die kwessie van die diamantvelde. Dit was egter die negatiewe ervarings aan die hand van swart en bruin mense gedurende die Anglo-Boereoorlog wat tot ’n uiters reaktiewe en subjektiewe siening oor die swart en bruin bevolking gelei het. Dit het grootliks daartoe bygedra dat ’n objektiewe benadering tot die kleurbeleid, soos deur genl. Hertzog beoog, nooit kon posvat en tydig aanvaar en gevestig kon word nie.

Vir hierdie proefskrif was die vertellings van die volgende lede van die Grobbelaar-familie van groot belang:

Mev. Lenie Grobbelaar, derde eggenote van Pieter Grobbelaar van Kroonpost, Bethulie, gebore in 1860 en oorlede in 1948. Haar vertellings aan ’n nuuskierige kleinseun van tussen sewe tot tien jaar oud was uiteraard baie basies, maar het nietemin ’n groot indruk gemaak.

Mev. Marthie Grobbelaar, gebore in 1883 en oorlede in 1960, eggenote van eerw. Jan Grobbelaar, die tweede oudste seun van Pieter Grobbelaar van Kroonpost, Bethulie. Haar vertellings kon sy op ’n meer volwasse vlak aan ’n nuuskierige broerskind van haar oorlede eggenoot deurgee. Sy het self die Anglo-Boereoorlog deurgemaak en kon voor haar dood eerstehands lig werp op bepaalde sienings binne familieverband tydens en na afloop van die stryd. As gekwalifiseerde onderwyseres en eggenote van ’n sendeling het sy vir haar tyd en agtergrond ’n gebalanseerde siening gehad en boweal die feitelikheid van haar belewenisse deurgegee.

Ds. Fred Grobbelaar, jongste seun van Pieter Grobbelaar, gebore 1904 en oorlede 1952, kon as vader die vroegste tipe vrae van ’n seun tot in sy vroeë tienerjare beantwoord. Sy vertellings was in die verhaaltrant oor gebeure tydens sy kinderjare. Voordat hy ’n meer volwasse siening van sake aan sy seuns kon deurgee, is hy egter skielik oorlede. Tog was dit moontlik om, aan die hand van vertellings van sy eggenote, Cornelia Grobbelaar, en ook van oud-gemeentelede, nadoods nog insae in fasette van sy denke te verkry.

Mev. Cornelia Grobbelaar, gebore 1905 en oorlede in 1990, eggenote van ds. Fred Grobbelaar en dogter van ds. PJ Marais, wat vanaf 1903 tot 1921 leraar te Koffiefontein was. Haar vader was deeglik onderleg in die Vrystaatse geskiedenis en politiek vanaf 1903, en ook die uniale politiek sedert 1910, tot met sy dood in 1951. As gevolg van die invloed van sy spesifieke sienings op Cornelia se vorming kon sy tot kort voor haar dood deeglike lig werp op vrae en gebeure, beide vanuit die perspektief van haar vader, asook van dié van die Grobbelaar-familie.

Ds. P de V Grobbelaar, seun van Willie Grobbelaar, derde seun van Pieter Grobbelaar, gebore 1905 en oorlede ongeveer 1989. Hy kon die meeste van die reeds bekende vertellings bevestig of daarop uitbrei. Sy belangrikste bydrae was om op volwasse vlak insig te verskaf op die familiedenke.

Mnr. Pieter Grobbelaar, Blaauwfontein, Bethulie, seun van Harm Grobbelaar. Aan hom is die meer persoonlike weergawe van sy oupa se humeurigheid en ook die wegsteek van die meubels op Kroonpost, asook die gevangeneming van sy ouma, te danke.

Mnr. Louwrens Badenhorst, eienaar van Meerderwyk, distrik Colesberg en afstammeling van Pieter Grobbelaar, vader van Jan Adriaan Grobbelaar van Cyferfontein, wat die plaas oorspronklik besit het.

’n Volledige genealogie van die Grobbelaars van Cyferfontein is deur mnr. CHJ (Assie) Neethling, ’n afstammeling van hierdie tak van die familie, opgestel. Die voordeel van sy werk is dat Assie Neethling meer as net die bloot genealogiese feite ingesluit het. Hy het ook verskeie interessante besonderhede weergegee wat die verskillende persoonlikhede lewend laat word het. Assie Neethling verdien postuum volle en dankbare erkenning vir die volledigheid en korrektheid van sy navorsing. Die

genealogie van die Grobbelaars/Groblers in die algemeen is deur dr. CL Grobler, in lewe mediese praktisyn te Potchefstroom, onderneem. Dit is duidelik dat hy in die finale fase van sy werk sterk geleun het op Assie Neethling met betrekking tot die Cyferfontein-tak van die familie. Enkele instansies kom voor waar ’n paar minder belangrike besonderhede in die twee opstellers se werke van mekaar verskil. Waar dit gebeur het, is verkies om Assie Neethling se werk te gebruik, aangesien hy heelwat dokumentêre stawing ingesluit het. Nie een van die twee het oorspronklike navorsing ten opsigte van die stamvader onderneem nie en het hulle verlaat op die werke van J Hoge en CC de Villiers onderskeidelik. Hierdie twee genealoë het besluit dat die stamvader se naam Johan(n) was.

Waar dit gaan oor die bronne wat vir die bestudering van die Rebellie van 1914-1915 aangewend is, is die woorde van prof. GD Scholtz dat daar nie argivale bronne in die werklike sin van die woord oor die Rebellie bestaan nie, van belang.[1] Volgens hom lê dit in die aard van die Rebellie, wat “'n uitbarsting [was] en nie 'n komplot nie".[2] Ook Neame sê met betrekking tot die Rebellie dat “in much of it the deciding force was the spoken word which is to-day lost”.[3] Tog het prof. MCE van Schoor tydens ’n onderhoud laat blyk dat hy wel ’n werk oor die Rebellie geskryf het, wat toe nog ongepubliseer was. Hy het goedgunstiglik hoofstuk 4 van sy manuskrip beskikbaar gestel. Die meeste gegewens oor die Rebellie is afkomstig uit die blouboeke van die regering, waarvan die eerste opgestel is deur prof. Leo Fouché. Die publikasie het volgens Harm Oost die kredietwaardigheid van Fouché aangetas, omdat dit bedoel was om die destydse regeringspolitiek te ondersteun.

Volgens Oost het Fouché hom vir die doel laat misbruik en moes hy dit later in skaamte erken, soos blyk uit ’n beëdigde verklaring afgelê deur Wilhelmus Petrus van Rheede van Oudtshoorn, wat vanaf 1922 tot 1924 student onder Fouché was. Tydens ’n bespreking in die klas oor die verdraaiing van geskiedkundige feite het die betrokke blouboek wat uitgegee is as amptelike weergawe van die feite en deur Fouché opgestel is, ter sprake gekom. Toe aan Fouché gevra is waarom hy die feite nie korrek weergegee het nie, het hy erken dat sy weergawe van die Rebellie ’n klad op sy naam

---

[1] GD Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915*, p. 7.
[2] N . van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn*, 2, p. 327.
[3] LE Neame, *General Hertzog*, p. 172, soos aangehaal in GD Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915*, p. 7.

as historikus was en dat hy slegs 'n opdrag uitgevoer het en daarom nie alle historiese feite van die Rebellie weergegee het nie.[4]

Wat betref die breër geskiedenis wat die agtergrondlyn vir die navorsing moes verskaf, is daar een sekondêre bron wat verdien om uitgelig te word. Dit is Eric Stockenström se werk *Die Afrikaanse vrou*, wat na alle aanduidings tussen 1918 en 1921 gepubliseer is. Hoewel die skrywer baie subjektief in sy benadering tot die onderwerp is, is dit juis daarom van besondere waarde, omdat dit die persepsies op voetsoolvlak oor die Anglo-Boereoorlog wat nog teen 1918 bestaan het, akkuraat weergee. Hoewel subjektief, kon die waarheid van wat hy weergegee het nie werklik weerlê of in twyfel getrek word nie. Op grond van die ervaring van vroue en kinders aan die hand van die Britse magte en hulle meelopers gee hierdie werk ’n duidelike idee van die persepsies wat as oorwoë menings aan die nageslag deurgegee is.

Enkele probleme is met hierdie navorsing ondervind. In die eerste plek het nie een van die familielede wat tussen die jare 1861 en 1939 die Grobbelaars van Cyferfontein was, of enige van hulle tydgenote, meer geleef nie. Om dié rede was die taak om die stof wat hier aangebied word, bymekaar te bring geweldig uitdagend. Gelukkig was daar van kleins af ’n intense belangstelling in die familie, wat daartoe bygedra het dat feitlik geen besonderhede van vertellings oor die laaste meer as ’n halfeeu vergete geraak het nie, want in die gedagte het die familie aan die hand van die vertellings lewend gebly. Dit is kennis waaruit een groot waarheid geblyk het: die Grobbelaars van Cyferfontein was gewone mense sonder stralekranse, belas met gewone menslike swakhede, maar ook geseën met besondere positiewe karaktertrekke. Die voete is plat op die aarde gehou, soos wat die aanbieding van die stof ontplooi het.

********

Daar is enkele persone wat ’n spesiale woord van dank en waardering verdien. Bo aan die lys staan die promotor van hierdie studie, prof. Leo Barnard, wat aan die konsep geglo het toe die idee van ’n voetsoolvlak-familiegeskiedenis aan hom verkoop is. Aan sy hulp en bystand is die verfyning van die oorspronklike konsep te danke. Eweneens moet die medepromotor, prof. André Wessels, bedank word vir die waarde van noukeurigheid wat hy deurlopend ingeskerp het.

[4] H Oost, *Wie is die skuldiges?*, pp. 51-52.

Vir sy hulp en bystand met betrekking tot die opspoor van tot nog toe onbekende feite oor Jan Grobler, verdien dr. Dan Sleigh, 'n vriend en erkende deskundige op die geskiedenis van die VOC, opregte dank en waardering. Die vriendelikheid en bereidwilligheid van die dames van Vrystaatse Kerkargief verdien ook ’n woord van spesiale dank. Hartlik dank ook aan die hoofde van die Kaapse en Bloemfonteinse Argiefbewaarplekke vir die uitstekende ontvangs. Dit is werklik ’n plesier om navorsing te doen in doeltreffend beheerde argiewe. Aan kol. Frik Jacobs van die OMBR, ook ’n vriend en oud-kollega, dankie vir die besondere wyse waarop moeite gedoen is om hulp te verleen en advies te gee.

Die huidige eienaar van Klein-Zuurfontein, distrik Bethulie, Abrie Griesel, verdien opregte dank en waardering vir die versameling operasionele telegramme en korrespondensie van sy groot-oom, Apie Griesel, en ook vir die reg om die boekie *’n Oudstryder kyk terug* te kon gebruik vir die navorsing.

’n Besondere woord van dank aan dr. Gerdrie van der Merwe, leraar op Bethulie, vir die vriendelike en hulpvaardige wyse waarop hy toegang tot sy uitgebreide boekery verleen het. Daarsonder sou die insamelingsfase heelwat langer geduur het.

Aan my neefs, Pieter Grobbelaar, Pieter Joubert en kleinneef Abel Grobbelaar, by wie tydens navorsingsreise so amper as vanselfsprekend tuisgegaan kon word en hulle besondere gasvryheid geniet kon word, wil ek spesiaal dankie sê, omdat die familiebande in die proses weer geaktiveer kon word.

Aan prof. Pieter Coetzer en me. Mitzi Cloete, wat die taalkundige en tegniese versorging en redigering van die proefskrif onderneem het, baie dankie vir hierdie diens van onskatbare waarde.

Laaste en sekerlik heel belangrikste aan my eggenote oor 48 jaar, Lizel, 'n dankwoord. Hoe bedank ’n mens iemand wat oor die laaste aantal jare bereid was om vir ses tot sewe dae per week op die agtergrond te staan en bereid was om tweede viool te speel. Sy was altyd daar, het deurgaans aan my vermoëns geglo en het saam met my ook aan die waarde van hierdie navorsing geglo. Met al die vroue om hom, het Salomo beslis by die beskrywing van die deugsame vrou iemand soos Lizel in gedagte gehad.

P. M. Grobbelaar

Calitzdorp

November 2008

## INLEIDING

Die stamvader van die Grobbelaars/Groblers, Jan Grobler, is afkomstig van Duitsland en het hom in 1708 aan die Kaap gevestig. Aanvanklik het hy as soldaat op die buiteposte van die Vereenigde Oostindiesche Compagnie (VOC) gewerk as houtkapper en later wadrywer. In 1715 het hy ’n vryburger geword en in die Drakenstein gaan boer. Sy kleinseun, Pieter Grobbelaar van Meerderwyk, Colesberg, is na sy eerste vrou se dood vir ’n tweede keer getroud. Pieter se oudste seun uit hierdie huwelik was Jan Adriaan (Attie) Grobbelaar. Sy nasate, waaroor hierdie proefskrif handel, staan bekend as die Grobbelaars van Cyferfontein, distrik Bethulie. Die familie het sedert 1861 ’n prominente rol in Bethulie en omstreke gespeel. Aanvanklik was hulle slegs as boere bedrywig, maar die nasate het later ook, onder meer as predikante van die Nederduits Gereformeerde Kerk, staatsamptenare en mynwerkers gewerk en was ook weermagslede. Op grond van hulle belewenisse, het hulle bepaalde persepsies omtrent historiese prosesse ontwikkel. Om hulle te leer ken, is dit nodig om hulle reaksies op gebeure van die tyd, van die voetsoolvlak af te ontleed. Hulle begrip vir die omvattende geskiedenis tussen 1861 en 1939 word by wyse van vertellings en ander weergawes uitstekend toegelig, asook hoe die gebeure hulle beïnvloed het.

Toe Attie Grobbelaar hom teen 1861 op Cyferfontein gevestig het, was die Vrystaatse Republiek slegs sewe jaar oud. Van samehorigheid onder die inwoners van die nuwe staat was daar geen sprake nie. Hulle het daar aangekom, enersyds as ’n groep ontevredenes met die Bitse gesag, en andersyds as mense wat lewensruimte gesoek en dus oor die Oranjerivier getrek het. Beide groepe was by uitstek opportuniste en individualiste en nie sonder meer onderhorig aan enige vorm van formele gesag nie, met ’n sterk sin vir onafhanklikheid. Toe Attie Grobbelaar hom daar gevestig het, het hy beslis nie die maklikste streek uitgesoek om te boer nie. Dit was, en bly steeds, ’n harde wêreld waar die boer oor senuwees van staal en ’n bogemiddelde uithouvermoë moet beskik.

Die plantegroei van die Suidoos-Vrystaat bestaan grootliks uit karoobos, met verspreide grasveld tussenin, wat oortrek is met onkruid en wat nadelig vir die diere is. Water was skaars, sodat mielies en koring slegs onder besproeiing gesaai kon word. Die aangewese vorm van boerdery was skaapboerdery, terwyl dit redelik geskik

was vir beesboerdery. Weens ’n verskeidenheid van faktore was skaapboerdery nie maklik nie. Eerstens het die nadelige onkruid dikwels siektes onder die vee veroorsaak. Baie vee het jaarliks gevrek weens siektes, veral brandsiekte, wurms, rooiwater en bloutong, en ook weens hul kondisie, swak weiding en klimaatstoestande Die gemiddelde reënval was te laag met ’n gemiddelde van 500-625 mm per jaar. Om die skaars waterbron aan te vul, is damme in spruite of ander laagliggende opvanggebiede gebou. Later is begin om boorgate te sink en windpompe op te rig. Hierdie water was hoofsaaklik vir huisverbruik, maar in die veld is windpompe opgerig om die verskillende veesuipings van water te voorsien.

’n Algemene plaag wat hulle dikwels getref het, was sprinkane. Wanneer ’n swerm sprinkane oor ’n gebied getrek het, was daar geen weiding meer vir die vee oor nie. Indien so ’n swerm die plaas getref het, is aanvanklik probeer om dit fisies uit te roei deur dit te kanaliseer na waar dit uitgeroei kon word. Daar is dan hoofsaaklik op die voetgangers gekonsentreer. Later is spuitmiddels gebruik. Wanneer ’n sprinkaanplaag boonop nog voorafgegaan is deur droogtetoestande was dit werklik nag vir die boer. Dan moes dikwels met die vee getrek word na plekke waar weiding beskikbaar was. Voordat paaie deur behoorlike heinings afgekamp is, moes die trekboer vooruit gaan om deurgang by die grondeienaars te reël. Daarmee is bitter min probleme ondervind, want elke grondeienaar het geweet dat hy self later op die trekpad kon wees.

Die hardheid van die omgewing en die boerderyomstandighede toon waarom die boer in die Suidoos-Vrystaat ’n individualis en opportunis moes wees om te kon oorleef. Om die rede was sy grootste en eerste lojaliteit teenoor homself en sy gesin, en daarna eers om as burger by die Basoeto-oorloë betrek te word. Eers met die gesamentlike bedreiging van Basoetokant, wat ook hulle onafhanklikheid as boere bedreig het, het ’n tipe samehorigheid ontstaan. Hulle het egter nie iets soos slaafse onderdanigheid geken nie. Dit het op kommando gebeur dat ’n boer eers sal oorweeg of hy ’n opdrag wou uitvoer. Indien hy so besluit, sou hy dit doen. So nie, het hy eenvoudig in die laer gebly of huis toe vertrek. Weens die hardheid van die omgewing en die stryd om in onafhanklikheid te oorleef, was hierdie individualisme ook terselfdertyd ’n baie groot bate. Wie nie vir homself kon sorg nie, het ondergegaan en moes die grond verlaat vir ’n bestaan op die dorp, óf as bywoner óf as plaaskneg. Deur harde werk in ’n moeilike omgewing het Attie Grobbelaar en sy seuns as onafhanklike boere oorleef. As mense

was hulle hard en gehard, maar ook kinderlik gelowig en het hulle ’n groot rol in die kerkraad van die Nederduits-Gereformeerde-gemeente van Bethulie gespeel.

In hierdie proefskrif word die voetsoolvlak-geskiedenis van die Grobbelaars van Cyferfontein beskryf. Vir dié doeleindes sluit die begrip Grobbelaars van Cyferfontein alle afstammelinge van Jan Adriaan (Attie) Grobbelaar wat hom teen 1861 op die plaas gevestig het, in. Hierdie definisie van die betrokke Grobbelaars sluit dus ook die Griesels van Springbokfontein in, wat afstam van Attie se dogter, Margaretha Johanna, wat met Abraham Griesel getroud is. Dit was nodig om die Griesel-kant van die familie te betrek ter wille van die volledigheid van die spektrum van denke in die familie of *clan* wat van Cyferfontein afstam. Met die begrip gesin word die betrokke afstammeling met sy vrou en kinders uit die huwelik, wat saam ’n gesin vorm, bedoel.

Die jaar 1939 word as ’n afsnypunt vir die navorsing gebruik, omdat die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog die einde van ’n tydperk in die familiegeskiedenis beteken het. Die tydperk is in 1861 ingelui met die vestiging van Attie Grobbelaar op Cyferfontein. Verskeie gebeure oor die daaropvolgende 78 jaar sou ’n groot invloed op die familie uitoefen. Die eerste reeks gebeure was die Basoeto-oorloë wat die Grobbelaars negatief teenoor die Basoetos en die Britse Ryk ingestel het. Daarna volg die diamantveldkwessie, waaruit ’n politieke opbou waargeneem kan word na die Anglo-Boereoorlog. Hierdie oorlog het die Grobbelaars vir goed die vyande van die Britse imperialisme gemaak. Die oorlogservarings wat met groot hartseer en leed gepaardgegaan het, het die Grobbelaar-familie gereedgemaak vir die opkoms van Afrikanernasionalisme na 1904. Die tydperk van 1902 tot 1939 het gestaan in die teken van die verwerking van geweldige sterk emosies as gevolg van vernedering en miskenning aan die hand van die Britse Ryk.

’n Hoogtepunt het in 1938 gekom toe tydens die Simboliese Ossewatrek ’n ongekende eenheid onder Afrikaners ontstaan het. Hulle was nou positief en het die hartseer en leed sedert 1899 op die agtergrond begin skuif, uiteraard sonder om dit te vergeet. Toe die Wêreldoorlog II dus in September 1939 uitbreek, kon hulle reeds sonder trane in die oë na die wêreld om hulle begin kyk. Dit was dus die logiese afsluitingsdatum vir ’n besondere epog in die geskiedenis van die Grobbelaars van Cyferfontein, distrik Bethulie, toe hulle denke gestaan het in die teken van reaksie op die Britse imperialisme, soos dit hom gemanifesteer het tydens die Basoeto-oorloë,

die diamantveldkwessie, die Anglo-Boereoorlog met sy ingrypende gevolge en die Wêreldoorlog II en die Rebellie. Met die koms van die Wêreldoorlog II is ’n nuwe tydvak ingelui.

’n Aantal begrippe wat deurgaans in hierdie navorsing gebruik sal word, verdien opheldering:

| | | |
|---|---|---|
| £1 sterling | = | R2 in 1961, maar sedertdien het die rand geweldig verswak. |
| 1 morg | = | 0,8 hektaar |
| 1 Kaapse roede | = | 0,10117 hektaar |

Die begrip “rekognisiegeld” het sy oorsprong in die feodale tyd toe ’n erfpagter rekognisie aan die landheer moes betaal as bewys dat hy vrygestel was van die lewering van dienste aan die landheer. Vryburgers het ook jaarliks rekognisiegeld aan die VOC betaal ten opsigte van hulle leningsplase. Die beginsel van rekognisie is ook deur die Vrystaatse Republiek toegepas, hoewel dit ten opsigte van eiendomsplase gegeld het. Vermoedelik was dit ’n tipe belasting op die reg om ’n plaas te besit.

Die Vrystaatse geldeenheid was die Vrystaatse £. Ook die ZAR het die £ as geldeenheid gehad, maar beide moet onderskei word van die Britse £ sterling. Die Vrystaatse £ was relatief tot die £ van die ZAR baie sterker en het bekend gestaan as die “blue back” met ’n waarde van meer as 90% van die Britse £ sterling.

By die aanduiding van plaasname kon die moderne Afrikaanse spelling of die ou argaïese Hollands-Afrikaanse spelling gebruik word. Aangesien ’n familiegeskiedenis ’n inhoud het wat soms aan die nostalgiese wil grens, is besluit om die ou argaïese spelling te gebruik.

Dit sal uit die proefskrif blyk dat die geskiedenis hoofsaaklik beskryf word vanuit politieke en sosiale perspektiewe. Waar nodig, is die boerderyagtergrond gebruik om die verband met die alledaagse lewe van die Grobbelaar-familie te lê. Wanneer die geskiedenis van die tweede helfte van die 19de eeu en die eerste helfte van die 20ste eeu vanuit die perspektief van sowel die breër as die enger voetsoolvlak-geskiedenis benader word, blyk die impak van die Britse imperialisme op alle sfere geskiedenis baie duidelik. Dit het gestaan in die teken van “British supremacy” in Suid-Afrika. Die ingesteldheid van die Grobbelaars van Cyferfontein het gewentel om hulle

reaksie op hierdie immer teenwoordige en bedreigende werklikheid met die onaanvaarbare gevolge wat dit vir hulle ingehou het.

Teen hierdie agtergrond is gepoog om aan die Grobbelaar-familie te laat reg geskied: Kan die Grobbelaar-familie beskryf word as ’n gewone deursnee Afrikanerfamilie of is daar kenmerke wat hulle anders maak as die hoofstroom Afrikanersamelewing? Hoe het die familie gereageer op die probleme wat die Britse imperialisme vir hulle as individue en as Vrystaters ingehou het? Wat was die impak van die Anglo-Boereoorlog op die familie? Hoe het die tydperk van heropbou hulle daarna beïnvloed? Watter invloed het die gebeure tussen 1906 en 1939 op die denke van die Grobbelaars gehad? Wat was die gevolge van hulle denkpatrone op kerklike, politieke en kulturele gebied? Om hierdie vrae volledig te beantwoord, is die proefskrif in vier dele oor vyf hoofstukke aangebied.

Die eerste deel in hoofstuk 1 beskryf die herkoms van die Grobbelaars en hulle vestiging: eers aan die Kaap, toe Tulbagh, daarna Colesberg, en uiteindelik in 1861 op die plaas Cyferfontein in die distrik Bethulie. Daar is gekonsentreer op ’n kort, maar volledige weergawe van die geskiedenis van die stamvader, Jan Grobler, hoofsaaklik omdat hy tot tot dusver net as ’n naam met enkele biografiese gegewens in genealogiese werke figureer. Die derde geslag in Colesberg is belangrik in die bepaling van die beweegrede om oor die Oranjerivier na die Vrystaat te trek. In hoofstuk 1 word die argument aangevoer dat die Grobbelaars van Cyferfontein, soos ’n gemiddelde Afrikanerfamilie uit Europa stam en in ’n bloedverwantskap met verskeie ander Afrikanerfamilies met dieselfde agtergrond staan.

Die tweede deel wat in hoofstuk 2 behandel word, dek die tydperk van 1861 tot 1899 met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. Dit was die tydperk van opbouende probleme met die Britse imperialisme, maar ook van ekonomiese welvaart en die ontwikkeling van die Vrystaat in ’n modelrepubliek. Die argumente in hierdie hoofstuk draai om die metamorfose van die familie, wat hom nie om politieke redes in die Vrystaat gevestig het nie, van Britse onderdane tot anti-Britse republikeine.

Die derde deel in hoofstuk 3 handel oor die tydperk 1899 tot 1906 wat die Anglo-Boereoorlog, die probleme verbonde aan die vredesluiting, repatriasie, kompensasie en die toekenning van selfregering aan die Oranjerivierkolonie insluit. Die argumente in hierdie hoofstuk toon die kortsigtigheid waarmee Brittanje nie alleen die oorlog

gevoer het nie, maar ook die Afrikaner vir goed van hom vervreem het, asook die gevolglike polarisering wat tussen die wit en swart bevolking van die Vrystaat ontstaan het.

Die gedeelte van die vierde deel met betrekking tot die verlening van selfregering aan die Vrystaat, Uniewording, Wêreldoorlog I en die Rebellie, asook die invloed van hierdie gebeure op die Grobbelaars, word in hoofstuk 4 behandel. Dit dek die tydperk vanaf 1906 tot 1919. Die Grobbelaars se stryd om herwinning van selfrespek, gelyke behandeling met die Engelssprekende bevolking en die stel van Suid-Afrika eerste, selfs bo die belange van die Britse Ryk, geniet hier die aandag. Dit toon ook die mate waartoe eertydse Boeregeneraals hulle in die steek gelaat het ten einde ywerige aanhangers van die Britse Ryk te word. Die gedeelte van die vierde deel wat strek vanaf die Smuts-regering in 1919 tot die oorlogsverklaring in 1939 en wat die mynwerkerstaking, die Pakt-regering, armblankedom, die status van die Unie, neutraliteit, koalisie, samesmelting en die kleurbeleid en oorlogsverklaring insluit, word in hoofstuk 5 aangebied. Hier gaan die argumente hoofsaaklik oor die finale wegswaai van die Grobbelaars van enige vorm van afhanklikheid van die Britse Ryk, die uitwissing van enige uiterlike tekens daarvan en die vestiging van eie simbole van Afrikanerskap.

Wat die proefskrif duidelik na vore laat kom, is die beheptheid van die Britse Ryk gedurende hierdie tydperk met "British supremacy" in Suid-Afrika. Hierdie beheptheid het hulle in botsing gebring met die Afrikaner-Boer wat om dié rede die Kaapkolonie verlaat het om onafhanklik te wees. Ook die Grobbelaars van Cyferfontein, wat die Kaap suiwer ter wille van lewensruimte verlaat het en aanvanklik nie anti-Brits was nie, is vir goed vervreem. In hierdie botsing het die Britse imperialisme die Afrikaner-Boer, mense soos die Grobbelaars, as die hoofbedreiging vir sy oppergesag in Suid-Afrika geïdentifiseer en wou hulle hul invloed effektief neutraliseer deur onder meer opstand teen hulle by die inheemse swart bevolking aan te stook. In die proses kon die Afrikaner, en daarmee ook die Grobbelaars, nie geneutraliseer word nie, want hulle was reeds binne vier jaar na afloop van die vernietigende oorlog weer aan die bewind in die Vrystaat. Die beheptheid met Britse oppergesag het ook in die tweede plek die kleurvraagstuk uiters kompliseer en polariseer deur die twee groepe teen mekaar te probeer afspeel. Die

Grobbelaar-familie het uit hierdie politiek van die Britse imperialisme met hewige negatiewe reaksies getree as gevolg van die lyding wat hulle moes deurmaak.

Uiteraard is hierdie proefskrif vanuit die historiese wetenskap, met die klem op genealogie en familiegeskiedenis aangepak, om van die voetsoolvlak af toegang te verkry tot die hele dinamiek van dit wat hier aangebied word. Hierdie benadering bied besondere uitdagings aan die navorser, veral met betrekking tot die seleksie van materiaal en die wyse waarop dit aangebied word. Om reg te laat geskied aan die onderwerp is die chronologie soms versteur met ’n tematiese aanbieding, soos wat duidelik blyk in hoofstuk 4. Sekere aspekte, soos byvoorbeeld die rassebeleid van genl. Hertzog, moes eerder tematies aangebied word aangesien die Grobbelaar-standpunte makliker deur temas soos onder meer outonomie, armblankes en die kleurvraagstuk aangetoon kon word. Wat egter duidelik is, is dat die chronologie nie summier laat vaar kon word nie, omdat dit ’n anekdotiese en gefragmenteerde voorkoms aan die proefskrif sou gee.

Weens die persoonlike betrokkenheid by die Grobbelaars van Cyferfontein was dit moeilik om altyd die nodige afstand te handhaaf. Vanuit die eie denke is daar ’n subjektiewe betrokkenheid by die denke van die Grobbelaar-familie soos wat dit in die proefskrif uitgebeeld word. Die neiging ontstaan gevolglik om voortdurend emosioneel daarby betrokke te raak. Dit was egter gou duidelik dat ten einde ’n wetenskaplike bydrae te maak dit belangrik was om afstand te verkry en objektief te wees. Tog was dit die eie denke en die herkoms van die verskillende denkpatrone daarin vervat wat dit uiteindelik moontlik gemaak het om te weet watter onderwerpe altyd maar weer en weer in die loop van die jare na vore gekom het. Gelukkig kon die aandag op die persoonlike betrokkenheid van familielede by die gebeure vanaf veral die Anglo-Boereoorlog tot die uitbreek van die Wêreldoorlog II toegespits en beskryf word.

Hierdie proefskrif is bedoel om die geskiedenis van die Grobbelaars van Cyferfontein in die Suidoos-Vrystaat tussen die jare 1861 en 1939 op wetenskaplike wyse aan te spreek en dit as sodanig onder die aandag van belanghebbendes te bring. Waar hierdie benadering tot die geskiedenis in die Suid-Afrikaanse historiografie ’n relatief onbekende wêreld belig, word met hierdie proefskrif nuwe aspekte belig en moet dit dus beskou word as een van die kernbydraes in hierdie verband. Dit maak ’n bydrae

op verskeie terreine. Eerstens ontwikkel dit begrip vir ’n bepaalde Vrystaatse Afrikanergesin se lewens- en wêreldbeskouing. Vervolgens vorm dit die grondslag vir beter begrip tussen verskillende groepe in die samelewing, omdat dit die geskiedenis en menslike reaksies van die Grobbelaars van Cyferfontein binne die konteks van gebeure tussen 1861 en 1939 plaas en evalueer. Daardeur word die reaksie van die familie deel van die groter geskiedenis. Laastens werp dit lig op die dinamika van ’n bepaalde familie onder die verskillende omstandighede wat op hulle ingespeel het, naamlik swaarkry, droogtes, oorloë, vernedering, dood en herwinning van selfrespek.

# HOOFSTUK 1

# DIE HERKOMS VAN DIE GROBBELAARS VAN CYFERFONTEIN

## 1. INLEIDING

Die Grobbelaars van Cyferfontein is ’n gewone Afrikanerfamilie wat ’n onderlinge familieverwantskap met verskeie ander Afrikanerfamilies het. Hierdie onderlinge verwantskap plaas hulle binne die raamwerk van die Afrikanergemeenskap as ’n geheel. Hulle speel reeds sedert 1861 ’n prominente rol in die plaaslike gemeenskap van Bethulie en het op verskillende gebiede ’n plek in die plaaslike geskiedenis van hierdie Vrystaatse dorpie verwerf, veral op die gebied van die boerdery. Ook op die slagveld en in verskeie professies het hulle die aandag op hulle gevestig. Wanneer hierdie familievertakking binne die raamwerk van al die afstammelinge van die stamvader, Jan Grobler, bestudeer word, word dit duidelik dat hulle deur hulle ervaring en weens gebeure in die Vrystaat tussen die jare 1861 en 1939 ’n spesifieke instelling ontwikkel het wat aan hulle denke rigting gegee het. Hierdie siening het sy neerslag veral op die kerklike, politieke en sosio-kulturele gebiede van die lewe gekry. Dit het onder meer hulle keuse van kerkgenootskap, politieke party en kultuurorganisasies beïnvloed.

Wanneer die onderlinge verwantskap van die Cyferfontein-Grobbelaars met ander Afrikanerfamilies van naderby bekyk word, ontstaan die vraag wat hulle die mense gemaak wat hulle is? Meer nog: Watter pad het hulle geloop om ’n eie siening te hê? Om hierdie vrae en baie ander wat hulle nog mag voordoen, te kan beantwoord en ontleed, is dit nodig om die Cyferfontein-Grobbelaars binne die raamwerk van hulle genealogiese agtergrond en onderlinge verwantskap met die breër Afrikanersamelewing te plaas. Om te weet presies wie hulle is, is dit belangrik om te weet waar hulle vandaan kom. Soos baie Suid-Afrikaanse families stam hulle uit Europa, en meer spesifiek uit Noord-Duitsland, uit óf ’n boerefamilie óf ’n nederige familie van ambagslui waar armoede en beperkte vooruitsigte dit noodsaaklik gemaak het om elders in die vreemde ’n heenkome te gaan soek. Diegene wat die keuse gemaak het om die bekende agter te laat, was sekerlik die dapperes wat


bereid was om die onbekende ter wille van ’n ideal aan te durf. Daarom sou ’n mens sekerlik ook die bewering kan maak dat hierdie onverskrokkenes deur hulle huwelike met ander ewe onverskrokkenes die ontstaan van individualisme, selfstandigheid en stoerheid by die Grobbelaars, en daarmee ook die Afrikanersamelewing, tot gevolg gehad het.

## 2. DIE STAMVADER JAN GROBLER UIT TANGERMÜNDE

Genealoë verskil oor die presiese voornaam van die stamvader. CC de Villiers, die eerste Suid-Afrikaanse genealoog, dui sy naam aan as Jan.[1] Pama en Hoge verwys na hom as Johan(n).[2] Wanneer sy handtekening soos dit in die amptelike dokumente van die Vereenigde Oostindiesche Compagnie (VOC) verskyn, ontleed word, kan die naam Johan(n) glad nie daar ingelees word nie.[3] Dit moet aanvaar word dat hy sy naam volgens die gangbare geskrewe Duitse alfabet van die tyd geskryf het, omdat hy uit die omgewing van Tangermünde in Noord-Duitsland stam.[4] Hierdie handtekening en die geskrewe alfabet lyk soos hier onder weergegee. Wanneer die drie letters van die naam Jan in sy skrif vergelyk word met onderstaande weergawe van die alfabet, is dit duidelik dat die hoofletter “J” en die klein “n” presies pas. Dit wat oorbly is beslis nie “ohan(’n)” nie. Dit is sy weergawe van die “a”. Die wyse waarop die Duitse “a” gevorm word, blyk duidelik uit die weergawe van die hoofletter “A” wat op ’n identiese wyse gevorm word met ’n “o”, gevolg deur die vertikale afstreep.  Dan word dit duidelik dat sy naam wel Jan en nie Johan(n) was nie.



1 CC De Villiers, *Geslacht-register der oude Kaapsche Familiën*, 1, p. 277.
2 J Hoge, *Personalia of the Germans at the Cape*, p. 122.
3 C Pama, *Die groot Afrikaanse Familienaamboek*, pp. 138-139.
4 FA Brockhaus, *Sprachbrockhaus*, p.610.



Schrift (Abc in Schreibschrift)

Die naam Jan word verder bevestig deur die monsterrolle van die VOC gedurende 1708 tot 1713. Hierdie rolle was 'n opgaaf van almal wat in die Kompanjie se diens was. By die bestudering daarvan, asook die opgaafrolle wat die vryburgers jaarliks vir belastingdoeleindes moes indien, kom 'n baie interessante verskynsel na vore. In die Nederlands van die argivale dokumente van die 17de en 18de eeue het geen standaard spelwyse bestaan nie. Die naam of van is deur die klerke of kosters verskillend gespel, omdat hulle foneties presies geskryf het wat hulle gehoor het. Dit word duidelik bewys deur die verskillende maniere waarop die van Grobler in die monsterrolle van die VOC gespel is, naamlik Jan Groepelaar in 1708,[5] Jan Groebeler in 1710 [6], Jan Grobber of Grobleer in 1711 [7], Jan Grobbelaar in 1712 [8] en Jan Grubelaar in 1713 [9].

Dit is opvallend dat sy naam in die monsterrolle konsekwent aangedui word as Jan, terwyl die spelling van die van Grobler van jaar tot jaar gewissel het. In die opgaafrolle van die VOC verskyn sy naam in 1714, die eerste jaar toe hy 'n opgaaf verstrek het, as Jan Grobelaar.[10] Daarna, in die opgaafrolle vanaf 1716 tot 1735, toe hy oorlede is, word sy naam as Jan Grobbelaar aangetoon.[11] Die enigste rede waarom sy naam deur Hoge, Pama, Grobler en Neethling as Johan(n) aangegee is, is skynbaar dat Hoge en Pama gevoel het dat dit 'n ordentlike Duitse naam is,

---

5 Kaapse Argiefbewaarplek (KAB): VC 40: *Monsterrolle 1708*, p. 108.

6 *Ibid*., 1710, p. 150.

7 *Ibid*., 1711, p. 175.

8 *Ibid*., 1712, p. 202.

9 *Ibid*., 1713.

10 KAB: J188: *Opgaafrol vir 1714.*

11 KAB: J184: *Opgaafrolle vir 1716, 1717, 1718, 1720, 1721*; J185: *Opgaafrolle vir 1719, 1723;* J186: *Opgaafrol vir 1722*; J187: *Opgaafrolle vir 1724, 1725, 1726, 1728, 1729*; J188: *Opgaafrolle vir 1730, 1731, 1732*; J189: *Opgaafrolle vir 1733, 1736*; J190: *Opgaafrol vir 1734;* J191: *Opgaafrol vir 1735*; J282: *Opgaafrol vir 1727.*

terwyl Jan by implikasie Nederlands is. Tog is die naam Jan welbekend en kom dit oral in Noord- en Noordoos-Duitsland voor.

Vanweë die feit dat daar weinig oor Jan in Duitsland bekend is, kan persoonlike gegewens en gebeure voor 1708 nie met sekerheid weergegee word nie, veral nie t.o.v. die presiese plek van sy herkoms nie. Dit is egter ’n onbegonne taak om ’n beeld van hom as stamvader te vorm bloot op grond van die enkele bekende besonderhede. Daarom was dit nodig om vir doeleindes van hierdie studie ’n persoonlike profiel op te stel aan die hand van dit wat wel bekend is en dit wat moontlik uit die tyd en die omgewing afgelei kan word. Die uitgangspunt van hierdie profiel is dat iemand wat die moed gehad het om teen 1708 uit Duitsland pad te gee nog (relatief) jonk moes gewees het. Dit word veronderstel dat die gemiddelde ouderdom van manspersone in die 17de en 18de eeue, wat lewenslank daagliks harde fisiese arbeid verrig het, tussen 55 en 65 jaar was. Word hierdie ouderdomsgleuf teruggewerk vanaf Jan se sterfdatum in 1735 of 1736, beteken dit dat hy waarskynlik tussen 1670 en 1680 gebore is. Verder veronderstel die profiel dat hy uit ’n groot boerefamilie stam en daar vir hom in Duitsland nie ’n plaas beskikbaar was nie. Jan het toe waarskynlik van die rykdom en vryheid in die Nederlandse provinsies gehoor en besluit om sy fortuin daar te gaan soek.[12] In Nederland aangekom, is hy deur die Kompanjie as soldaat gewerf om na die Kaap te gaan.

In die monsterrolle en die opgaafrolle word sy plek van herkoms aangegee as Tangermünde.[13] Sy naam verskyn glad nie in die doopregister van die Parogiekerk te Tangermünde nie, nie as Jan of as Johan(n) Grobler nie.[14] Die naam van ’n sekere Christiaan Grobler wat op 10 Oktober 1678 daar gebore is, kom wel voor. Sy vader se naam was Arnold. Die naam van sy moeder word nie genoem nie. Hy was die enigste seun wat in die tydperk tussen 1617 en 1800 daar gebore is. Tussen 1642 en 1800 is daar ook geen Grobler in Tangermünde oorlede nie. ’n Huweliks- of sterftesertifikaat van Christiaan kon ook nêrens gevind word nie. Hoewel hy dus

---

[12] Pama, p.17.

[13] KAB: VC40: *Monsterrolle vir 1708*, p. 108; *1710*, p. 150; *1711*, p. 175; *1712*, p. 202; *1713*, p. 226; J188: *Opgaafrol vir 1714*.

[13] KAB: J184 – 191 en J282: *Opgaafrolle vir 1716 tot 1735*.

[14] CL Grobler, *Die eerste vyf geslagte Groblers en Grobbelaars in Suid-Afrika*, p. 6.

daar gebore is, blyk dit dat hy nie in Tangermünde gewoon het nie. Dit is onwaarskynlik dat Jan en Christiaan een en dieselfde persoon is.[15]

Volgens wyle dr. CL Grobler, in lewe 'n mediese praktisyn op Potchefstroom, is dit moontlik dat Jan uit 'n ander dorp afkomstig was en slegs vir 'n kort tydperk in Tangermünde gewerk het. Vandaar die waarskynlikheid dat hy hierdie stad as sy laaste woonplek aangegee het. Dit is bewys dat emigrante dikwels by die plek van herkoms wat die monsterrolle noem, nie hulle geboorteplekke aangedui het nie, maar wel die laaste woon- of werkplek voordat hulle in diens van die VOC getree het.[16] Wyle dr. Eduan Grobbelaar, gedurende die sewentigerjare van die 20ste eeu kulturele attaché verbonde aan die Suid-Afrikaanse Ambassade in Bonn, het tydens 'n gesprek oor die familie genoem dat hy in 'n klein stadjie Tangerhütte, ongeveer 17 km van Tangermünde, sewe Groblers in die telefoongids getel het.[17] Op grond hiervan is die profiel van Jan Grobler aangepas en is van die standpunt uitgegaan dat die eintlike plek van herkoms in 'n gebied met 'n straal van tussen 17 en 20 km om Tangermünde geleë moet wees. Tangerhütte is ongeveer 17 km van Tangermünde geleë en lê aan die Tangerrivier wat by Tangermünde met die Elbe saamvloei. Ingevolge die profiel van Jan Grobler moes hy tussen 23 en 33 jaar oud gewees het toe hy in 1708 aan die Kaap geland het.

Aan die begin van die 18de eeu het feitlik elke skip uit Nederland Duitsers na die Kaap gebring. Slegs enkeles sou uiteindelik vryburgers word.[18] Die reël was dat 'n werknemer van die VOC as soldaat na die Kaap gekom het. Omdat dit onmoontlik was om op die karige inkomste van 'n soldaat 'n familie te begin, kon hy dus net hoop om óf vinnig te vorder óf om vryburger te word, om as boer welvarend genoeg te word.[19] In die loop van die 17de en 18de eeue het ongeveer 4 000 Duitsers na die Kaap gekom en so stamvaders van die Afrikaners geword.[20]

Jan Grobler gaan in 1707 as soldaat aan boord van die skip vir sy reis na die Kaap. Dit was 'n moeilike en uiters vermoeiende reis, soos wat Otto Menzel, wat ook as soldaat na die Kaap gekom het, grafies die verloop en ontberings daaraan verbonde

---

15 *Ibid,* pp. 6-7.
16 *Ibid.*
17 Persoonlike gesprek met wyle dr. E Grobbelaar gedurende 1987.
18 H Grünewald, *Die Geschichte der Deutschen in Südafrika*, p. 12.
19 *Ibid.*, p. 15.
20 *Ibid.*, p. 14.

beskryf het. Volgens hom was die afstand na die Kaap 2 100 seemyl. Elke skip het 230 tot 300 man aan boord gehad. Nuwe bemanningslede het gou seesiek geword. Die bemanning, soldate en matrose is saamgehok, een bo-op die ander weens gebrek aan ruimte. Die ruimte tussen die dekke waar die manne moes slaap, was sonder enige vars lug. "The exudations from so many persons sleeping close together in whose stomachs indigestible food ingredients are putrefying, the evil-smelling or, worse still, acidifying water, and the constantly moist sea air cause, all too soon, diseases which usually attack the newly-enlisted men first [...] but it would have been impossible […] to recuperate upon the coarse ship's fare during the voyage from Holland to Batavia, which lasts ten or twelve months […] The crew look more dead than alive when they come to the Cape of Good Hope."[21] Dit kan aanvaar word dat die destydse ontberings verbonde aan enige lang seereis algemene kennis by voornemende reisigers was. Die oorgrote meerderheid is sekerlik daardeur afgeskrik en slegs die stoutmoedigste en mees verleë individue het die reis aangepak.

Gedurende die tydperk van 143 jaar wat die VOC oor die Kaap regeer het, was die hoofdoel van die Nederlandse teenwoordigheid om sy verbygaande skepe te diens. Dít was die spil waarom arbeid, vervoer, landbou, verdediging, rassebeleid, kommunikasie, finansiële besteding en voorsiening van voedsel en brandstof gedraai het. Van Riebeeck, die stigter van die skeepsdiensstasie, het ontdek dat dit onmoontlik was om die skepe te diens sonder om sy gebied uit te brei. Hierdie uitbreiding is met 'n stelsel van buiteposte ondersteun. Sy opvolgers het die stelsel voortgesit en buiteposte verder uitgebou. [22] 'n Buitepos kan gedefinieer word as 'n bemande, gedesentraliseerde hulpdienspos onder die bestuur van die Kaapse Politieke Raad, wat buite die Tafelvallei bedryf is om die diens van die VOC se handelsroete te bevorder. [23]

Buiteposte was veeldoelig en is op strategiese plekke buite Tafelvallei aangelê as landbouposte, veeposte, seinposte, militêre poste, skeepsdiensposte, houtkappers-poste, vissersposte en ontspanningsposte. Benewens die primêre funksie as hulpdiensstasies, was die buiteposte ook voorposte vir die verspreiding van die

---

[21] OF Menzel, *Description of the Cape*, 1, pp. 7-8.
[22] D Sleigh, *Die Buiteposte*, p. 737.
[23] *Ibid.* Voorwoord.

Westerse kultuur in die Suid-Afrikaanse binneland. [24] Die waardevolste buiteposte was dié wat ’n direkte bydrae tot die verskillende fasette van skeepvaart gemaak het. Ewe belangrik egter was die poste wat by aspekte van die vervoerdiens betrokke was, soos De Schuer. Buiteposte wat vir verdedigingsdoeleindes gestig is, was minder produktief, dog onontbeerlik.[25]

Die buiteposte het die beste water, weiding, brand- en timmerhout gehad asook die vrugbaarste grond. Dit het ook die enigste produktemark oorheers. Die vryburgers moes in al hierdie opsigte met swakker geleenthede tevrede wees. Die positiewe sy van die buiteposte is dat dit beskou kan word as kweekskole waar Europese soldate wat die toekomstige vryburgers en boereknegte was, as posvolk geleer het om te ploeg, te oes, hout te kap en met vee te werk. In sommige gevalle is burgerkolonies in die omgewing van buiteposte gevestig, soos in die geval van 't Land van Waveren, waar ’n kolonie en later ’n dorp met sy eie kerk ontstaan het. [26] Sleigh is van mening dat die gevestigde lewe op ’n buitepos moontlik vir Europese immigrante die nodige sosiale en finansiële vastigheid kon gee om dit vir hulle moontlik en selfs aantreklik te maak om burgerskap te aanvaar. Die talle Kaapse poshouers en posvolk wat uiteindelik die stamvaders van Suid-Afrikaanse families geword het, kan seker as bewys vir hierdie stelling aangevoer word. [27]

Die bemanning van die buiteposte was ’n militêre aangeleentheid. Die VOC was voortdurend bekommerd oor die koste verbonde aan die verdediging van die Kaap, vandaar dat die soldate nie almal in ’n suiwer militêre hoedanigheid aangewend is nie. Daar was hoofsaaklik twee maniere waarop hulle in die breër ekonomie van die Kaap geïntegreer kon word, naamlik deur diens te doen op die buiteposte en om as plaasknegte in diens van die Vryburgers te tree.[28] Aan die hoof van ’n buitepos was ’n *poshouer* wat ’n ambag bedryf het wat verband gehou het met die aard van die besondere buitepos se werksaamhede.[29] Die bemanning het geen militêre diens verrig nie. Daarom het hulle ook nie uniform gedra nie. Hulle is uit die geledere van die soldate en matrose gewerf om die hande-

---

[24] *Ibid.* Voorwoord.
[25] *Ibid.*, p. 737.
[26] *Ibid.*, pp. 741-742.
[27] *Ibid.*, p. 742.
[28] Menzel, p. 164.
[29] Sleigh. Voorwoord.

arbeid op die buiteposte te verrig.[30] Omdat hulle geen uniform gedra het nie het hulle selde nodig gehad om hulle *subsidiengeld,* ’n toelaag vir die onderhoud van die uniform, te trek. Daarom kon hulle vinniger as die gewone soldate hul skuld vir die passaat na die Kaap afbetaal. Sou hulle moeg raak vir die werk in die veld kon hulle na die Kasteel as gewone soldate teruggeneem word of hulle kon verplaas word na Batavia.[31] Op die buiteposte kon hulle as gevolg van prestasie en goeie gedrag bevorder word na die rang van korporaal.[32] Die lewe op die buiteposte het besliste voordele gehad. As gevolg van die weersomstandighede was daar baie dae waarop weinig uitgerig kon word. Hulle het daaraan gewoond geraak en dit geniet. Dikwels het hulle jare lank op die poste gebly en het met verloop van tyd dikwels nuwe kontrakte teen beter soldy gesluit. [33]

Teen hierdie agtergrond is Jan Grobler by sy aankoms aan die Kaap vir diens in die buiteposte toegewys, na alle waarskynlikheid omdat hy moontlik uit ’n Duitse boerefamilie gestam het. Vanaf 1708 tot 1712 was hy ’n houtkapper op een van die buiteposte, waarskynlik ’*t Nieuwland* wat die buitepos vir die voorsiening van hout was.[34] Sy diens as houtkapper het begin in ’n tydperk (1708-1709) waartydens dit om ’n onbekende rede vir die hoofkwartier in Batavia moeilik geword om die retoerskepe vir die hele tuisreis van brandhout te voorsien. Daarom is daar van die Kaapse goewerneurs verwag om vir die tweede gedeelte van die reis voorsiening te maak vir die verskaffing van brandhout aan die Kaap.[35] Die tekort aan brandhout het egter steeds toegeneem. Om die voorraad aan te vul, is in 1710 begin om die Overbergse bosse vir timmer- en brandhout te ontgin. Met ’n bietjie verbeelding sou ’n mens vir Jan kon voorstel in die rol van houtkapper in die Overbergse bosse. Dit was steeds nie voldoende nie en moes Batavia in 1711 al die retoerskepe van brandhout vir die reis as geheel voorsien. Die Kaap moes egter sorg vir hout gedurende die hele “lêtyd” van ten minste 16 retoerskepe aan die Kaap.[36] Die VOC het op die tydstip besef dat die grootskaalse aanplanting van geskikte bome die enigste oplossing was. Daarom het die Here Sewentien aan

---

[30] Menzel, p. 164.
[31] *Ibid.*
[32] *Ibid.*
[33] *Ibid.*
[34] KAB: VC 40: *Monsterrolle 1708*, p. 108; *Monsterrolle 1709*, p. 127; *Monsterrolle 1710*, p. 150; *Monsterrolle 1711*, p. 175; *Monsterrolle 1712*, p. 202.
[35] Sleigh, p. 25.
[36] *Ibid.*, pp. 25-26.

die Kaapse goewerneur opdrag gegee om vryburgers wat nie ingevolge die bepalings van hulle erfgrondbriewe bome op hulle plase aanplant nie, te beboet.[37]

Die Politieke Raad het ook in Oktober 1711 begin om die maandelikse rantsoen van brandhout wat na die verskillende amptenare en kantore aangery is, te besnoei. Die verbruik van brandhout deur senior personeel in die Kasteel het in 1705 reeds soveel as 672 wavragte jaarliks beloop. Daarvan het die goewerneur een wavrag per dag, meer as die helfte, gekry.[38] Tussen 1733 en 1742 het die houtverskaffingsklerk, Otto Mentzel, die verbruik van brandhout aangedui as 150 wavragte per maand of 1 800 per jaar.[39] Dit beteken ’n toename van amper 300% sedert 1705. Hierdie groot styging het veroorsaak dat daar naby die Kaap nog net met baie groot moeite brandhout verkrygbaar was.[40]

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat Jan Grobler se dienstydperk as houtkapper begin het op ’n tydstip waar daar as gevolg van oorbenutting ’n relatiewe skaarste aan hout ondervind is. Pas nadat die maandelikse rantsoen van hout aan amptenare en kantore in 1711 besnoei is, is sy dienstydperk as houtkapper beëindig. Omdat daar op daardie stadium waarskynlik te veel houtkappers vir die beskikbare houtbronne was, is hy as ’n *wagenrijder* oorgeplaas.[41] Dit kan aanvaar word dat hy as *wagenrijder* onder meer ook aangewend is om in die toenemende behoefte aan hout aan die Kaap te voorsien.

Jan was vanaf 1 Augustus 1713 tot 2 April 1715 as boerkneg in diens van Christiaan Maasdorp.[42] Dit verklaar hoekom hy nie op 30 Junie 1714 langer in die monsterrolle van die VOC vermeld is nie. Hy het dus reeds amptelik in 1713 uit die direkte diens van die VOC getree.[43] Soldate wat as boerknegte aangewend is, het ook geen militêre diens verrig nie en het ook geen soldy van die VOC ontvang nie. Van hulle is verwag om vir die hele neergelegde tydperk as kneg te dien.

37 *Ibid.*
38 *Ibid.*
39 Menzel, p. 179.
40 Sleigh, p. 27.
41 KAB: VC40: *Monsterrolle 1713*, p. 226.
42 J Hoge, *Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806*, p. 122.
43 KAB: VC 40: *Monsterrolle 1714.*

Hulle kon ook op kort kennisgewing opgeroep word om as soldate diens te doen.

Wanneer ’n boer gevind het dat hy nie langer alleen oor sy plaas of plase toesig kon hou nie, kon hy by die VOC aansoek doen vir ’n toesighouer of kneg om hulp te verleen. ’n Geskikte persoon is dan tussen die lede van die garnisoen of die herstellendes in die hospitaal gesoek. Nadat die boer met ’n geskikte man ooreengekom het oor sy betaling en sy pligte, het hy by die goewerneur aansoek gedoen vir die wettige “leen” van die man. As ’n reël is so ’n aansoek nie geweier nie. Die gekontrakteerde man is dan ’n *knecht* genoem en was hy die vryburger se toesighouer oor die slawe en ook sy algemene plaasbestuurder.[44] Hierdie “lening” van die man was onderhewig aan bepaalde voorwaardes met betrekking tot sy dienstydperk, soldy en die verlenging of beëindiging van sy kontrak:[45]

Simon van der Stel, goewerneur aan die Kaap vanaf 1679 tot 1699, het aan soldate wat voorheen op die buiteposte diens gedoen het, en dus ondervinding van pionier-landbou gehad het, hulp beloof as hulle vryburgers wou word.[46] Deels het dit beteken dat plase aan die vryburgers beskikbaar gestel is. Teen die tyd wat Jan ’n vryburger geword het, is die eiendomstelsel ten opsigte van grondbesit egter reeds beëindig. Die gewildste vorm van grondbesit ná 1700 was die leningsplaasstelsel. Die ontwikkeling van veeboerdery het ’n steeds groeiende behoefte aan groter en meer weivelde laat ontstaan. Daarom is daar sedert 1703 weilisensies aan die boere uitgereik waarmee hulle verseker was van die gebruik van hul weiveld solank as wat hulle hul rekognisiegeld van een riksdaalder per maand betaal het. Met verloop van tyd het die boere hulle permanent op hulle weiveld gevestig en huise gebou.[47]

Die prosedure om ’n leningsplaas te bekom, het nie met die beslommernis van die opmeting van die grond gepaard gegaan nie. Die boer het eenvoudig sy keuse van die grond gemaak. Daarna het hy na die betaling van die vasgestelde rekognisiegeld die grond by die naaste landdros of in Kaapstad laat registreer. Die

---

[44] Menzel, p. 164.
[45] *Ibid.*, p. 165.
[46] Sleigh, p. 42.
[47] F Smuts, *Stellenbosch drie eeue*, p.76.

registrasie en betaling van die rekognisiegeld het aan hom gebruikreg vir een jaar gegee.[48] Die grense van 'n leningsplaas is bepaal vanaf die middelpunt. Die bakens is afgepen deur 'n halfuur in die vier windrigtings te stap. Die deursnee van die plaas was dus gelykstaande aan 'n uur se stap, op voorwaarde dat dit so afgepen word dat die boer nie sy bure daardeur benadeel nie. Teen die einde van die 18de eeu was dit gebruiklik om 'n inspeksie van die plaas te doen voordat dit in lening toegestaan is.[49] Die voordele verbonde aan die stelsel van leningsplase lê in die grootte van hierdie tipe plase en die feit dat dit goedkoop en maklik verkry kon word. Die nadele daaraan verbonde was dat dieselfde rekognisiegeld gehef is, ongeag die bruikbaarheid daarvan. Verder was die posisie van die grense dikwels onseker en het dit veroorsaak dat baie boere op kroongrond wat tussen die plase lê, geboer het, grond wat hulle uiteraard nie toegekom het nie.[50]

Graanboerdery was van die begin af suksesvol. Die eerste oes in 1680 het 400 mud graan, bestaande uit koring, rog en gars, opgelewer. Die goeie oeste in die daaropvolgende jare het waarskynlik daartoe bygedra om ander vryburgers te beweeg om hulle ook in die Stellenbosch-distrik te vestig, want in April 1684 was daar reeds 40 gesinne.[51] Die boere het hulle verder ook op veeteelt en wynbou toegelê. Om al die landbou-aktiwiteite te hanteer, het hulle baie trekdiere, veral osse, aangehou. Die swaar hande-arbeid soos ploeg, saai, oes, die bewerking van wingerde en die pars van druiwe is deur slawe verrig.[52]

Die stelsel van buiteposte was egter nie immuun teen misbruik nie, veral nie van die kant van die amptenary nie. In 1684 het kommissaris Van Goens die Kaapse amptenare toegelaat om soveel grond te besit as wat hulle kon bewerk. Hiervolgens is Simon van der Stel se plaas *Constantia* in Julie 1685 toegeken. Kommissaris W Valckenier het die Hottentots-Hollandbuitepos met sy geboue, hokke, krale en bewerkte landerye in 1700 aan WA van der Stel gegee. Met behulp van die VOC se poshouer, posvolk en slawe, het die goewerneur sy plaas *Vergelegen* op die buitepos ontwikkel. Terselfdertyd het senior amptenare en raadslede soos Elsevier, Kalden, Starrenburg en Bergh ook intensief geboer. In 'n brief van 30 Oktober 1706 het die

[48] *Ibid.*
[49] *Ibid.*
[50] *Ibid.*
[51] *Ibid.*, p. 178.
[52] *Ibid.*

Here Sewentien weereens grondbesit deur alle amptenare belet. [53] Tussen 1711 en 1714 het die amptenare die verbod omseil deur hulle veetroppe op die regering se buiteposte aan te hou. Amptelik is die verbod nog streng nagekom, maar die Here Sewentien se oorspronklike opdrag van 1706 is reeds stilswyend geïgnoreer. Dié beleid was daarop gemik om te voorkom dat die amptenare vryburgers van die mark in landbouprodukte beroof. [54]

Verskeie metodes is aangewend om die Here Sewentien se opdrag te omseil. So het poshouer JF Kirsten van Simons Baaij in 1765 sy plaas in sy minderjarige seun se naam geregistreer. Ook ’n houtkapper, JH Berend van die buitepos Outeniqualand, het ’n plaas in die naam van sy stiefseun geregistreer. Hoewel die letter van die wet nagekom is, is die Here Sewentien se opdrag verontagsaam op ’n wyse wat dui op knoeiery tussen die goewerneur, die administrasie en die personeel van die buiteposte. Die rede hiervoor is dat die uitvoerende amptenare aan die Kaap oor baie mag beskik het. Vandaar dat die goewerneur self die poshouers en posvolk uitgesoek het. Weens die spesiale voorregte wat hulle op die buiteposte geniet het, kon die goewerneur verseker dat hulle na sy pype dans. [55] Die moontlikheid dat Jan ook deur die goewerneur gekeur is, kan in die lig van die “keuringsproses” nie uitgesluit word nie.

Volgens die beskikbare bronne trou Jan Grobler in 1715 met Geertruijd Knoetzen, die derde kind van Cornelis Knoetzen (afkomstig van die Deense eiland Fyn) en Dirkje Helmes. In dieselfde jaar word hy ook ’n vryburger. [56] In die vryburgerlyste (verbatim kopieë) word hy elke jaar tussen 1715 en 1735 as vryburger aangedui.[57] Jan en Geertruijd vestig hulle in die Drakenstein, vermoedelik in die omgewing van die latere Malanstasie aan die westelike oewer van die Bergrivier naby Wellington.[58] Wanneer die boerdery-aktiwiteite van Jan bestudeer word, moet daar in gedagte gehou word dat 17de-eeuse en 18de-eeuse boerdery baie kwesbaar was vir periodieke droogtes, soos o.m. in 1725 en 1726. Die inboorlinge en trekboere het die uitwerking daarvan deur migrasie probeer ontduik. Die veeposte van die

---

53 Sleigh, pp. 56-58.
54 *Ibid*.
55 *Ibid*.
56 Grobler, pp. 7, 11.
57 KAB: VC 49: *Vryburgerlys 1715*, p. 334; *Vryburgerlys 1718*, p. 529; VC 50: *Vryburgerlys 1732*, p. 26.
58 Grobler, pp. 7-8.

Vereenigde Oostindiesche Compagnie (VOC) was op so ’n wyse deur die Wes-Kaap, Waveren, Breederiviervallei en Overberg versprei dat die beste gebruik van riviere en valleiweiding gemaak is. Die grond rondom die buiteposte is aan burgers beskikbaar gestel. [59]

Benewens die weersomstandighede het veesiektes die boerderysituasie bemoeilik. ’n Groot epidemie van skurfsiekte gedurende 1715 tot 1718 het met 'n droogte saamgeval. Weens die vleisskaarste en hoër vleispryse het die gevaar bestaan dat verdere stygings 'n las op die Kompanjie se finansies sou plaas. Winterkoue en reën het die vrekte van baie trekosse, veral op die roete tussen die buitepos Simons Baaij en die Kaap veroorsaak. In ’n jaar van milde reën het meer osse as gevolg van wind, reën, koue en arbeid op die swaar modderige paaie gevrek as gedurende jare van min reën en weiding. [60]

Die kennis van veesiektes was gedurende die 18de eeu suiwer op ervaring gegrond. Die vryburgers het geen ervaring van plaaslike siektes gehad toe hulle met veeboerdery aan die Kaap begin het nie. ’n Nuwe en onbekende veesiekte wat in 1714 uitgebreek het, het teen 1717 die dood van 16 000 skape van die vryburgers veroorsaak. Dit het tot gevolg gehad dat vanaf 1713 tot 1717 die getal skape aan die Kaap met 55 872 gedaal het. [61] In 1722 het ’n nuwe en vreemde siekte onder die skape en beeste uitgebreek. Hulle kloue het losgeraak en afgeval en die mondvleis het swart geword, verrot en losgebreek, sodat die diere nie kon loop of vreet nie. Dit was inderdaad die vroegste beskrywing van *bek-en-klouseer*. [62] In 1727 kom *skurfsiekte* voor en is die posvolk van die Vereenigde Oostindiesche Compagnie beveel om die veetroppe van vryburgers daarvoor te deursoek. Hoewel die aanteel van skape deur die siekte verminder is, het vrektes nie afgeneem nie. [63]

Elke vryburger moes jaarliks vir belastingdoeleindes ’n opgaaf indien. Op grond daarvan is die jaarlikse belasting bepaal. Sy naam en boerderygegewens is dan in ’n opgaafrol opgeneem. Die bestudering van die opgawes wat Jan tussen 1715 en 1735 verstrek het, lewer ’n interessante bevinding. Die getal kinders wat hy

---

59 Sleigh, pp. 39-40.
60 *Ibid.*
61 *Ibid.*, p. 37.
62 *Ibid.*, p. 38.
63 *Ibid.*

jaarliks verstrek het, strook nie met die opgaafrolle vir die betrokke jare nie. Die enigste verklaring hiervoor is dat die jaartalle wat die Kaapse Argiefbewaarplek aan die verskeie opgaaflyste toegeken het, nie noodwendig korrek is nie. Die opgaaflys vir 1714 impliseer byvoorbeeld dat Jan reeds in 1714 ’n vryburger was. Dit is nie moontlik nie, want dieselfde opgaafrol toon reeds vir Johannes, die oudste seun van Jan en Geertruijd, terwyl sy doopdatum as 9 Februarie 1716 aangetoon is en Jan eers in 1715 vryburger geword het. [64]

Die opgaafrolle vir 1714 tot 1720 toon dat die jaarlikse opgawe van die getal kinders daarin nie ooreenstem met die geboorte/doopdatums van die kinders soos wat Grobler dit aantoon nie. In hierdie geval moet Grobler se gegewens as korrek aanvaar word. [65] Volgens die doopdatums van Jan en Geertruijd se kinders kon bepaal word hoeveel kinders van elke geslag hulle elke jaar tussen 1716 en 1736 gedurende die opgaafperiode aan die einde van Junie, gehad het. Hierdie lys is met die opgaafrolle gekorreleer. Op hierdie manier kon die opgawes, wat veral vanaf 1716 tot 1720 probleme met betrekking tot interpretasie gelewer het, georden word, en bied dit ’n logiese weergawe van Jan se boerdery.

Volgens hierdie rangskikking van die opgawes het Jan en Geertruijd eers in die jaar 1716 ’n opgaaf gedoen. Dit stem ooreen met die feit dat hy in 1715 ‘n vryburger geword het. Gebaseer daarop dat hulle met die eerste opgaaf een seun aangedui het wat vroeg in 1716 gebore is, is dit duidelik dat die opgaaf wat in die argiefindeks vir ongeveer 1714 aangetoon word in werklikheid die opgaaf vir die jaar 1716 is. Indien dit korrek is, is dit moontlik om as beginner in die opgaaf vir 1716 ’n oes van slegs 30 mud koring aan te dui.[66] Die opgaafrolle vir die jare 1716 tot 1735 dui daarop dat Jan in 1716 drie mud koring gesaai en 30 mud geoes het, asook een mud rog gesaai en tien geoes het. Sy veestapel beslaan 200 skape, vier perde en 33 beeste.

Weens skurfsiekte en die ander onbekende siekte hierbo genoem, het hy teen 1717 en 1718 geen skape meer gehad nie. In 1719 spog hy weer met ’n kudde van 200

---

64 Grobler, pp. 7, 11; KAB: J188: *Opgaafrol vir c. 1714.*
65 Grobler, pp. 11-62.
66 KAB: J188: *Opgaafrol vir c. 1714*.

skape, wat hy weer teen 1720 verloor het. Sy beeskudde toon in 1721 ’n rekordtal toe hy 50 beeste besit het. Dieselfde jaar het hy ook drie mud koring gesaai en 15 geoes. Hierdie swak oes, asook die bek-en-klouseer wat in 1722 onder sy skape en beeste uitgebreek het, het sekerlik daartoe bygedra dat hy besluit het om liewer wingerdstokke aan te plant en wynbou te probeer. Vandaar dat geen skape tussen 1722 en 1729 in die opgaaflys aangedui is nie. Gemeet teen 1721 se opgaaf toon hy boonop ’n verlies van 20 beeste.

In 1724 is 10 000 wingerdstokke en ’n oes van drie lêer wyn in sy opgaaf aangedui. Aangesien een 1êer gelykstaande is aan 563 liter, sou die oes dus 2 252 bottels wyn van 750 milliliter beloop het. Die getal beeste bly die volgende paar jaar jaarliks redelik konstant tussen 20 en 30. Die wisseling in die getal perde wat hy vanaf 1717 tot 1735 in die opgaaflyste verstrek het, dui daarop dat hy deurlopend perde weens siekte verloor het. In 1725 produseer hy ’n oes van vyf legger wyn, dus 3 753 bottels van 750 milliliter elk. Die droogte van 1725 en 1726 eis sy tol onder die wingerdstokke, want hy toon in hierdie jare ’n verlies van 2 000 wingerdstokke teenoor die vorige jare. Die gevolge van die gepaardgaande droogte is die waarskynlike rede vir die onvolledige opgaaf van 1727. In 1728 maak hy weer op vir die verlies aan die wingerdstokke deur ’n bykomende 12 000 stokke aan te plant en ’n verdere 20 000 stokke in sy opgaaf te vermeld.

Tussen 1728 en 1730 het sy oes egter karig gebly met twee tot drie legger wyn per jaar (vandag tussen 1 500 en 2 252 bottels van 750 milliliter elk). Dit is eienaardig dat hy in 1731 geen melding van wingerdstokke gemaak het nie, terwyl al sy ander besonderhede konstant gebly het. Tussen 1732 en 1735 verminder sy wingerdstokke na 15 000 waarmee hy vier tot vyf legger wyn wen (dus tussen 3 000 en 3 750 bottels per jaar). In 1735 behaal hy ’n rekordoes van tien legger wyn (vandag 7 500 bottels). Wat die wynbou betref, is dit duidelik dat Jan mettertyd ’n meer bedrewe wynboer geword het.

Die ontleding van hierdie opgaaflyste toon duidelik dat Jan probleme met sy veeboerdery ondervind het. Op grond daarvan kan aanvaar word dat hy juis daarom besluit het om hom hoofsaaklik op wynboerdery toe te spits. Die hoë bedryfskostes van graan- en wynbou, het sake vir Jan en die ander vryburgers

baie bemoeilik. In die notule van die Landdros en Heemrade is daar telkens verwysing na die moeilike tye wat boere moes deurmaak, hulle skuld en hul onvermoë om 'n lewensbestaan te maak. [67] Op 2 Maart 1716 vra drie oud-heemrade dat die Raad van Landdros en Heemrade die regering in die Kaap versoek om die belasting op wyn op te hef en dat die verlaagde koringprys weer verhoog moes word. As motivering voer hulle aan dat die pryse van ware wat hulle van die Kompanjie moes aankoop, asook die arbeidsloon van smede en die wamakers, daagliks styg. Dit dui op inflasie waarmee die pryse van land-bouprodukte nie tred gehou het nie. [68]

Jan het dus baie moeilike boerderyomstandighede ondervind. Wanneer die eerste opgaaf in 1716 met die opgaaf van 1735 vergelyk word, val dit op dat sy omstandighede met betrekking tot vee- en saaiboerdery deurgaans feitlik onveranderd gebly het. Die enigste vooruitgang was met betrekking tot die wynbou waar hy in 1735 die hoogste opbrengs van tien lêer wyn (7 500 bottels) kon lewer teenoor die gemiddelde 3,5 lêer (2 000 bottels) van die jare sedert 1723. Die teenspoed wat hy op die gebied van graanbou en veeteelt ondervind het, moet toegeskryf word aan die periodieke droogtes en veesiektes wat tussen die jare 1715 en 1735 voorgekom het.

In die opgaafrol vir 1736 is ’n inskrywing vir die weduwee van Jan Grobbelaar gemaak. [69] Jan is dus oorlede in die tydperk tussen die datum van die opgaafrol vir 1735 (2 Junie 1735) en Geertruijd se hertroue met Hans Jürgen Hermann op 3 Julie 1736. Jan en Geertruijd het elf kinders gehad, waarvan die jongste, Cornelis, die tweede geslag stamvader van die Grobbelaars van Cyferfontein is. Kyk bylae 1 vir die volledige lys kinders.

## 3. CORNELIS GROBBELAAR VAN TULBAGH

Cornelis is ’n paar maande voor of na sy vader se dood in die Drakenstein gebore en op 31 Maart 1736 in die Drakenstein gedoop.[70] Sy moeder, Geertruijd, is op 3

---

[67] Smuts, p. 187.
[68] *Ibid.*
[69] KAB: J189: *Opgaafrol 1736.*
[70] Grobler, p. 62.

Junie 1736 getroud met Hans Jürgen Hermann. [71] Hermann was ook 'n soldaat in diens van die VOC en het tussen 1731 en 1732 in die Kaap aangekom. Vanaf 1733 tot na 1742 was hy 'n plaasknee.[72] Dit is duidelik dat Cornelis nooit sy vader geken het nie en daarom sy opvoeding van sy stiefvader, Hans Jürgen Hermann, gekry het.

Op 15 Augustus 1762 trou Cornelis met Magdalena Volschenk. Haar vader, Evert Jansen Volschenk, stam uit Friedrichstadt in Noorweë en is in 1732 met Sara van Graan getroud. [73] Cornelis en sy ouer broer, Coert, het albei in die omgewing van Tulbagh gaan boer. Coert moes hom tussen 1755, toe sy oudste seun in die Drakenstein gebore is, en 1758, toe sy tweede oudste seun in Tulbagh gebore is, op ongeveer 26-jarige ouderdom daar gevestig het. [74] Cornelis moes hom tussen 1776, toe sy dogter Magdalena in die Drakenstein gebore is, en 1777, toe sy seun Pieter in Tulbagh gebore is, op ongeveer 40-jarige ouderdom daar gevestig het. [75] Uit Cornelis se huwelik met Magdalena is tien kinders gebore waarvan Pieter op 23 Mei 1777 in Tulbagh gebore is. Pieter is die derde geslag stamvader van die Grobbelaars van Cyferfontein, distrik Bethulie. Al die afstammelinge van beide Coert en Cornelis spel hulle van as Grobbelaar. [76]

## 4. PIETER GROBBELAAR VAN MEERDERWYK, DISTRIK COLESBERG

Pieter is op 23 Mei 1777 in Tulbagh gebore waar hy op 28 Junie 1778 gedoop is. Sy eerste huwelik met Margaretha Elizabeth Laubser vind op 12 Oktober 1806 in die Swartland plaas. Uit hierdie huwelik is nege kinders gebore. Hulle besonderhede verskyn in Bylae 1. Na die dood van sy eerste vrou trou hy op 8 Februarie 1829 te Graaff Reinet met sy tweede vrou, Elizabeth Maria Venter, gebore 28 Augustus 1812 in Colesberg. Sy was met die troue 16 jaar oud en Pieter reeds 52 jaar oud. Uit hierdie huwelik is 12 kinders gebore, waarvan die oudste, Jan Adriaan, die vierde geslag stamvader van die Cyferfontein-Grobbelaars is. Pieter koop aan die begin van 1838 die plaas Meerderwyk in die Agtertang-wyk van Colesberg van Charl

---

71 *Ibid.*, p. 11; Hoge, p. 152.
72 *Ibid.*
73 Pama, p. 358.
74 Grobler, p. 48.
75 *Ibid.*, pp. 64-65.
76 *Ibid.*, p. 5.

Gerhardus de Villiers.[77] Hy vertrek onmiddellik na Grahamstad om die nodige oordrag te doen en kaart en transport te bekom. Dit neem hom ses maande uit en tuis. Op 17 Augustus 1838 keer hy terug en vind ene Petrus Cornelis Pelser op die plaas. Pelser beweer hy is die eienaar, aangesien hy reeds die volle koopsom betaal het. Hy is egter sonder kaart en transport, terwyl Pieter dit reeds in sy besit gehad het. Pelser was ’n welgestelde man, terwyl Pieter die plaas met ’n lening moes koop. “Die meerdere” (Pelser), moes toe wyk voor “die mindere” (Pieter). So kry die plaas toe sy naam Meerderwyk, aangesien die meerdere vir die mindere moes wyk.[78] Hierdie kooptransaksie het in 1838 plaasgevind, wat beteken dat Pieter nie enige planne gehad het om die Voortrekkers oor die Oranjerivier te volg nie. Hy was dus nog ’n tevrede Kolonialer.

Pieter is op 18 Junie 1868 in die ouderdom van 91 jaar oorlede en sy vrou kort hierna op 17 April 1869. Albei is op Meerderwyk begrawe. Uit hierdie tweede huwelik is 12 kinders gebore, waarvan die oudste seun, Jan Adriaan, die volgende geslag stamvader is van die Grobbelaars van Cyferfontein. Pieter se jongste seun, Charel Daniel, is op 27 Januarie 1856 gebore toe Pieter reeds 79 jaar oud was.[79] Bylae 1 gee die besonderhede van hierdie kinders. Pieter se dogter, Elizabeth Margaretha, genoem Grietjie, is op 20 Desember 1826 gebore as die jongste kind by Pieter se eerste vrou, en is op 25 November 1906 oorlede. Sy was getroud met Jan Hendrik Badenhorst wat op 3 Mei 1902 oorlede is. In 1873 erf Jan en Grietjie vir Meerderwyk.[80] So het die plaas toe oorgegaan in die hande van die Badenhorst-familie wat vandag nog die eienaars daarvan is. Die huidige eienaar is Louwrens (Laurie) Badenhorst.

## 5. JAN ADRIAAN GROBBELAAR VAN CYFERFONTEIN, DISTRIK BETHULIE

Attie is op 3 Februarie 1831 op Meerderwyk, distrik Colesberg, gebore as die oudste kind van sy vader, Pieter, se tweede vrou. Hy is op 7 Desember 1889 oorlede. As die stamvader van die Cyferfontein-Grobbelaars trou hy op 12 November 1849 met Margaretha Elizabeth Johanna Groenewald, ’n dogter van

[77] Persoonlike versameling Paul Grobbelaar, Vorm A, (DLD 135), p. 91/1.
[78] Mondelinge onderhoud met mnr. Laurie Badenhorst, 7 September 2007.
[79] Grobler, p.71.
[80] Badenhorst-onderhoud, 7 September 2007

Jacobus Hermanus en Maria Margaretha Susanna Groenewald uit die omgewing van Caledon en Swellendam. Sy is op 14 Julie 1886 in die ouderdom van 55 jaar oorlede. Attie hertrou op 13 Desember 1886 met Maria Magdalena Kruger, die weduwee van Pieter Johannes Abraham Kruger van Swartfontein, distrik Albert (Burgersdorp), by wie hy geen kinders gehad het nie.

Dit is nie heeltemal duidelik waarom Attie in 1861 besluit het om oor die Oranjerivier te trek nie. Die waarskynlikste rede is dat sy vader, Pieter, nie genoeg plase gehad het om vir sy kinders, waarvan nege seuns was, elkeen ’n plaas in die Colesberg-omgewing na te laat nie. Gevolglik moes die meer avontuurlustiges onder hulle uitspring en vir hulle plase oorkant die rivier gaan soek. Meerderwyk is sowat 24 km buite Colesberg op die pad na Norvalspont geleë. Daarvandaan is dit ongeveer 80 km na die Slikspruit-wyk van Bethulie waar Attie hom in 1861 op Cyferfontein gevestig het as die eerste Grobbelaar noord van die Oranjerivier.[81] Attie is dus eintlik deur noodwendigheid gedwing om ’n Agterna-trekker te wees. Hy moes eenvoudig uitspring en vir homself ’n toekoms bou. Die enigste rigting waarin daar uitspringkans was, was oor die Gariep.

Uit Attie se eerste huwelik is nege kinders gebore. Die gesin het ’n traumatiese ervaring gehad wat almal lewenslank sou bybly. Dit het gebeur toe die oudste kind, Maria Elizabeth, elf jaar oud en haar broers nog jonger as tien jaar oud was. Maria is laat een middag deur Attie gestuur om lammerskape huis toe te bring. Toe sy nie opdaag nie, het hulle haar gaan soek. In die spruit het hulle op haar afgekom waar net ’n stuk van haar rok by die modder uitgesteek het. Sy het nog gelewe, is uitgehaal en het later volkome herstel.[82] Dit was duidelik dat sy wreed aangerand en mishandel is en dat daar ten minste gepoog is om haar te verkrag.[83] Die beweerde aanrander, ’n swart man, het intussen ontsnap. Na sy ontsnapping het hy na die omgewing van Cyferfontein teruggekeer en in die rante weggekruip. Snags het hy eetware by ’n skaapwagter op ’n buitepos gaan soek. By die veepos is hy een aand verras en met ’n haelgeweer doodgeskiet toe hy wou ontvlug. Maria het later in die huwelik getree met ’n sekere Du Toit.[84] Een van haar seuns, Jan Adriaan du Toit, was die eerste burger van die

---

[81] CHJ Neethling, *Die Grobbelaars van Cyferfontein, distr. Bethulie*, p. 1.
[82] SHPellissier, *Jean Pierre Pellissier van Bethulie*, p. 572.
[83] Mondelinge onderhoud met Pieter Grobbelaar, Blaauwfontein, Bethulie, 15 September 2006.
[84] Pellissier, p. 572.

Bethulie-kommando wat in die Anglo-Boereoorlog in die Slag van Stormberg gesneuwel het.[85]

Hierdie voorval moes ’n onuitwisbare indruk op die gesin gemaak het. Die kinders wat as verteenwoordigend van die Grobbelaars van Cyferfontein in hierdie verhandeling ter sprake kom, is:

e2. Pieter Grobbelaar van Kroonpost.

e3. Jan Adriaan Grobbelaar van Groot Marsfontein.

e4. Elizabeth Maria Grobbelaar van Springbokfontein, getroud met Abraham Jacobus Griesel.

e5. Petrus Johannes Grobbelaar van Meyerskraal.

e8. Jacobus Hermanus Grobbelaar van Cyferfontein.

Attie was bekend as ’n toegewyde man wat vanaf 23 November 1868 verskeie termyne in die kerkraad van die Nederduits-Gereformeerde-gemeente Bethulie gedien het. [86]

## 5.1 Pieter Grobbelaar van Kroonpost

Pieter is op 31 Januarie 1852, vermoedelik op Meerderwyk, distrik Colesberg, gebore en is op 19 Januarie 1925 oorlede. Hy was drie keer getroud. Sy eerste huwelik was met Magdalena Maryna van Aswegen (genoem Lena). Sy is gebore op 31 Oktober 1856. Uit hierdie huwelik is vyf kinders gebore van wie Johannes Francois en Willem Johannes hier ter sprake kom. Die besonderhede van die ander kinders word in Bylae 1 gegee. Pieter was ’n baie haastige man wat dikwels sy humeur verloor het. Toe dit op ’n dag gebeur het, het Lena ’n boodskapper per perd met ’n brief aan haar swaer, Peet, op Meyerskraal gestuur met die versoek om te kom help. Die adres bo-aan die brief is nie as Kroonpost aangegee nie, maar as Kroon der Hel. Peet was bekend as ’n sagmoedige man en die enigste persoon wat sy oudste broer weer tot bedaring kon bring.[87] Op 12 Augustus 1883 is Lena onverwags op die jeugdige ouderdom van 28 jaar

---

[85] AJ Griesel, *’n Oudstryder kyk terug*, p.20.

[86] Argief van die Vrystaatse N.G. Kerk (KAV): Bethulie-gemeente: Notule van gekombineerde kerk-raadsvergadering 23 November 1868.

[87] Grobbelaar-onderhoud, 15 September 2006.

oorlede. Pieter is agtergelaat met vyf jong kinders van wie die oudste, Adriaan, tien jaar en die jongste, Willie, maar net twee jaar oud was.

Kort daarna trou Pieter met Hester Aletta Sophia Kruger wat op 1 Februarie 1865 op die plaas Vaalbank, distrik Bethulie, gebore is. Sy was ’n klein maar formidabele vroutjie wat ’n nommer drie skoen gedra het en die vermoë gehad het om Pieter in toom te hou. Onder die nuwe skoonfamilie van Pieter, die Krugers van Vaalbank, het die gesegde ontstaan: “Waarom is jy vandag weer so moeilik soos ’n Grobbelaar?” [88] Pieter en Hester het saam ses kinders gehad, sodat sy uiteindelik die moeder van elf jong kinders was. Sy was ’n baie goeie moeder vir haar eie sowel as haar stiefkinders. [89] Twee seuns van Pieter en Hester moet vermeld word, naamlik Petrus Johannes (John) en Harm Jacobus.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 is Pieter tot provisionele kommandant van die Bethulie-kommando verkies, ’n pos wat deur die Vrystaatse kommandowet ingestel is.[90] Hester bly met die jonger kinders op Kroonpost agter waar sy haarself in die afwesigheid van Pieter as ’n bekwame boer bewys. Sy is op 16 November 1901 in die Bethulie-konsentrasiekamp oorlede. Na die oorlog trou Pieter vir die derde keer, hierdie keer met die weduwee Magdalena Frederika Badenhorst, gebore Russouw. Sy is in 1861 gebore en in 1948 oorlede. Albei kinders van Pieter en Lena moet vermeld word, naamlik Frederik Russouw en Helena Mathilda.

Pieter was ’n ywerige lidmaat in die Nederduits-Gereformeerde-gemeente van Bethulie. Aanvanklik het hy as diaken gedien.[91] Later was hy jarelank ’n gesiene en gerespekteerde ouderling van die gemeente. In die notule van die kerkraadsvergadering van 3 Januarie 1903 is na Pieter verwys as

---

[88] *Ibid.*
[89] *Ibid.*
[90] Griesel, pp. 21, 23; JH Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika* 1, p. 40; Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Renier-versameling (A119): Een klein skets van al die bittere smarte wat wyle mev. Petrus Grobbelaar van Meyerskraal, Bethulie met haar ses kinders deurgemaak het gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, soos opgeteken deur haar dogter mev. EM Smith (522), Handgeskrewe manuskrip, [p. 4]. Oorspronklik geraadpleegde dokument nie genommer nie.
[91] KAV: Bethulie-gemeente: Notule van gekombineerde kerkraadsvergadering, 6 September 1886.

oud-ouderling. Dit beteken dat hy reeds voor die Anglo-Boereoorlog as ouderling moes gedien het, aangesien hy uiteraard gedurende die oorlogsjare geen kerkraadsvergadering kon bywoon nie.[92] Op die kerkraadsvergadering van 4 Maart 1916 is hy as ouderling na die Sinodesitting afgevaardig.[93] In 1921 is hy saam met die voorsitter van die kerkraad afgevaardig om ’n kongres oor die toenemende drankmisbruik by te woon.[94] Dit blyk uit die notules van die kerkraadsvergaderings dat Pieter op 2 September 1922 die laaste keer as ouderling ’n kerkraadsvergadering bygewoon het.[95] Op die vergadering van 31 Januarie 1925 is ’n mosie van deelneming aanvaar met die weduwee en kinders van “die oorlede broer oud-ouderling P. Grobbelaar van Kroonpos wat die gemeente so vele jare as kerkraadslid gedien het”.[96]

### 5.1.1 Johannes Francois (genoem Jan) Grobbelaar

Jan is op 6 Julie 1875 gebore en is op 11 Mei 1930 oorlede. Hy gaan in Oktober 1899 saam met sy vader, ooms en broers op kommando as gewone burger in die Bethulie-kommando. Weens sinkingskoors wat hy op kommando opdoen en waarvan hy ’n lekhart oorhou, sukkel hy vir die res van sy lewe met swak gesondheid. Tydens die oorlog voel hy hom geroepe om hom as sendeling te bekwaam. Na die oorlog studeer hy aan die Sendinginstituut te Wellington en word sendeling van die Nederduits-Gereformeerde Kerk. Jan trou met Martha Ryna (genoem Marthie) Naudé, afkomstig van Bethlehem, gebore op 15 Maart 1883 en oorlede op 13 Oktober 1960. Hulle eerste gemeente was Harrismith waar hy tot 1917 dien. Op 31 Januarie 1925 aanvaar hy as sendeling van die Bethulie-gemeente weens swak gesondheid sy demissie.

### 5.1.2 Willem Johannes (genoem Willie) Grobbelaar

Willie is op 27 Januarie 1881 op Bethulie gebore. Hy was ’n veeboer op die plaas Rustplaats, distrik Bethulie, en dien lank in die kerkraad van die plaaslike Nederduits-Gereformeerde-gemeente. Reeds in die notule van ’n kerkraads-

---

[92] KAV: Bethulie-gemeente: Notule gewone kerkraadsvergadering 3 Januarie 1903.
[93] *Ibid* ., 4 Maart 1916.
[94] *Ibid.*, 5 Maart 1921.
[95] *Ibid.*, 2 September 1922.
[96] *Ibid.*, 31 Januarie 1925.

vergadering van 1 Februarie 1919 is na Willie as diaken verwys. Tydens die laaste gekombineerde kerkraadsvergadering waar sy vader, Pieter, nog as ouderling gedien het, is Willie in die plek van sy vader as ouderling verkies.[97] Hy is soms afgevaardig om as lid van ’n kommissie van ondersoek vrede tussen twee strydende partye in die gemeente te bewerkstellig.[98] Hy trou in Januarie 1906 op Worcester met die weduwee Catharina Jacoba Wilhelmina (genoem Katie) Meiring, gebore De Vos, wat op 5 Junie 1865 op Worcester gebore is. Willie en Katie het twee kinders gehad waarvan een vermelding verdien:

#### 5.1.2.1 Pieter De Vos (genoem De Vos) Grobbelaar

De Vos is op 24 November 1906 op Bethulie gebore. Hy studeer in Bloemfontein en Stellenbosch en slaag die proponenteksamen aan die Kweekskool Stellenbosch waar hy ’n meestersgraad in die Teologie behaal. Hy was tot 1939 agtereenvolgens predikant in die Nederduits-Gereformeerde-gemeentes van Goodwood, Jamestown en Rondebosch. Op kerklike vlak dien hy in die hoofbestuur van die Christelike Jongeliedevereniging en die Sinodale Kommissie vir Studente-bearbeiding.[99] Hy toon ’n lewendige belangstelling in Afrikanerkultuursake en dien as lid van die Skakelkomitee van die Skiereilandse Kultuurverenigings, asook die bestuur van die Reddingsdaadbond.[100] Verder was hy ’n toegewyde en gerespekteerde lid van die Afrikaner-Broederbond.[101] Hy trou op 3 April 1934 in Kaapstad met Johanna Jacoba de Villiers, gebore op 1 September 1908 op Piketberg. De Vos en Johanna het nie kinders gehad nie. Hulle het belang gestel in die versameling van kunswerke. Hy was ook die skrywer van artikels in verskillende tydskrifte en was ook baie lief vir jag.[102]

### 5.1.3 Petrus Johannes (genoem John) Grobbelaar

John is op 2 Januarie 1893 op Kroonpost, distrik Bethulie, gebore. Hy was ’n veeboer op die plaas Swaelstert, distrik Trompsburg. Toe sy moeder in

---

[97] KAV: Bethulie-gemeente: Notule van gekombineerde kerkraadsvergadering 2 September 1922.
[98] KAV: Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergadering 4 Augustus 1923.
[99] *Die Afrikaner-personeregister 1942*, p. 84.
[100] *Ibid.*
[101] Die Afrikaner-Broederbond was ’n vertroulike organisasie vir die bevordering van Afrikaner-belange en kultuur. Dit het sy ontstaan in 1918 gehad toe daar in die stryd teen die Britse imperialisme gevoel is dat dit noodsaaklik was om die Afrikaner te verdedig en hom weer sy regmatige plek in Suid-Afrika te gee. I. Wilkins (red.), *The Super-Afrikaners*, p. 45.
[102] N. Diederichs (red.), *Die Afrikaner-personeregister 1942*, p. 84.

1901 in die konsentrasiekamp op Bethulie in 1901 oorlede is, was John maar agt jaar oud. Hy gaan na die oorlog op Worcester skool. In Oktober 1903 dien ’n aansoek namens hom voor die kerkraad om finansiële steun vir die aankoop van klere. Die versoek is egter nie goedgekeur nie.[103] Hierdie aansoek is gerig binne 17 maande na die afloop van die oorlog toe sy vader, Pieter, nog gesukkel het om weer op die been te kom. John trou omstreeks 1917 met sy niggie Maria Elizabeth (genoem Maraai) Grobbelaar. Sy is op 11 Oktober 1895 op Bethulie gebore en is die jongste dogter van Jan Adriaan Grobbelaar van Groot Marsfontein, distrik Trompsburg en Cornelia Jacoba van Aswegen.

In 1914 is John deur die destydse Unie-Verdedigingsmagte opgeroep om in die Bethulie-kommando teen die rebelle te dien. Sy neef, Abraham (Apie) Griesel, was toe die kommandant van dié kommando. John meld aan, maar versoek om op beginselgronde vrygestel te word van diens, omdat hy gewetensbesware gehad het om op sy mede-Afrikaners te skiet. Gelukkig het Apie in hierdie saak wysheid openbaar en is John huis toe gestuur.[104] Dit is duidelik dat sy moeder se dood in die kamp hierin ’n rol gespeel het.[105]

### 5.1.4 Harm Jacobus (genoem Harm) Grobbelaar

Harm is op 30 Julie 1897 op Bethulie gebore. Hy was maar skaars vier jaar oud toe sy moeder in 1901 in die konsentrasiekamp op Bethulie oorlede is. Haar dood en die oorlogsomstandighede het hom lewenslank bygebly.[106] Harm dien as diaken in die kerkraad van die Nederduits-Gereformeerde-gemeente van Bethulie.[107] Op 21 Mei 1922 trou hy op Trompsburg met Carolina Magaretha (genoem Lena) Strauss, gebore op 28 Februarie 1901 op Trompsburg. Sy was ’n formidabele vrou wat haar plek in die samelewing volgestaan het as lid van die Vroue Landbou-unie en die Oranje Vrouevereniging. Na die dood van sy vader, Pieter, erf Harm die

---

[103] KAV: Bethulie-gemeente: Gewone Kerkraadsvergadering, 11 Oktober 1903.
[104] Persoonlike versameling Paul Grobbelaar: Griesel-versameling: Operasionele telegramme en dokumente, p. 113.
[105] Pieter Grobbelaar-onderhoud, 15 September 2006.
[106] *Ibid.*
[107] KAV: Bethulie-gemeente: Notule van gekombineerde kerkraadsvergadering, 3 September 1938.

plaas Blaauwfontein. Hy word ’n welvarende boer, en wel in so ’n mate dat hy later die plaas Rustplaats van sy ouer broer, Willie, koop.[108] Harm en Lena was sterk ondersteuners van die Nasionale Party onder genl. JBM Hertzog en later dr. DF Malan.

### 5.1.5 Frederik Russouw (genoem Fred) Grobbelaar

Fred is op 9 Mei 1904 op Kroonpost, distrik Bethulie, gebore, die jaar waarin die kerkraad van die Nederduits-Gereformeerde-gemeente op Bethulie besluit om op Kroonpost ’n skooltjie te stig.[109] In hierdie skool ontvang Fred sy eerste onderwys. Hy is later na die middelbare skool op Bethulie en na standerd 8 word hy na die Hoër Jongenskool op Bethlehem gestuur waar hy sy matriek met universiteitstoelating slaag. Fred was baie musikaal en kon verskeie musiekinstrumente bespeel, soos trekklavier, ghitaar, Hawaiiese ghitaar, viool, ramkie, banjo, konsertina, mondfluitjie en die saag. Die gevolg was dat hy die leier van ’n dansorkes in die Bethulie-distrik was.[110]

Intussen het Fred besluit om predikant te word. Hy vertrek in 1922 na Stellenbosch, waar hy in 1926 sy meestersgraad in Filosofie behaal. Gedurende sy studentejare speel hy en ’n studentemaat, die latere ds. J Adler, hokkie vir die Westelike Provinsie. Die belangrikheid van die handhawing van sy beginsels, is goed geïllustreer toe hy en sy maat by geleentheid weier om op ’n Sondag aan ’n provinsiale wedstryd deel te neem. Die uiteinde was dat hulle nooit weer die span gehaal het nie.[111] Op Stellenbosch neem hy formele sanglesse en word ’n formidabele tenoor wat hom in sy latere gemeentes by sosiale geleenthede goed te pas gekom het. Na sy legitimasie as predikant het hy nie weer in die dansorkes gespeel nie.[112]

---

[108] Pieter Grobbelaar-onderhoud, 15 September 2006.
[109] KAV: Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergadering, 27 Februarie 1904.
[110] Persoonlike herinneringe Paul Grobbelaar.
[111] *Ibid.*
[112] *Ibid.*

In Desember 1929 is Fred gelegitimeer en as predikant toegelaat. Hy trou op 4 Desember 1929 op Stellenbosch met Cornelia Johanna Marais, gebore 23 Junie 1905 op Koffiefontein. Sy was ’n dogter van ds. Paul Jacobus Marais, gebore op 23 Januarie 1873 en Margaretha Johanna (genoem Maggie) van Niekerk, gebore 23 November 1874.[113] Ds. Marais was predikant van die Nederduits-Gereformeerde Kerk op Koffiefontein vanaf 1903 tot 1921 toe hy weens swak gesondheid sy demissie moes aanvaar. In Koffiefontein het Cornelia sterk bewus geword van die nalatenskap en die letsels van die Anglo-Boereoorlog op die gemeenskap. Die gevolg was dat sy verbete anti-Brits en ’n baie sterk ondersteuner van die Nasionale Party, eers onder genl. JBM Hertzog en later onder dr. DF Malan, was.[114] Ds. Marais het op Koffiefontein aangekom as ’n lojale Britse onderdaan. Binne maande na sy aankoms was hy egter verbete anti-Brits as gevolg van die ellende aan die hand van die Brits imperialisme wat hy daar aangetref het.[115]

Nadat hy afgestudeer het, ontvang Fred ’n beroep as medeleraar na die gemeente Montagu waar hy in Februarie 1930 bevestig is. Gedurende die vier jaar wat hy daar werksaam was, is hulle oudste twee kinders, Pieter, op 20 Februarie 1931, en Margaretha Johanna (genoem Retha), op 18 Augustus 1932, gebore.[116] Aan die begin van 1934 neem Fred die beroep na Kareedouw aan. Gedurende hulle verblyf daar moes hulle die smart beleef dat albei hulle kindertjies binne bestek van nege maande oorlede is. Die trauma van hierdie verlies sou veral Cornelia vir die res van haar lewe bybly. Dit het direk daartoe aanleiding gegee dat Fred sy eerste twee boeke laat publiseer het, naamlik *Aan Mara-waters* en *In beproewing*. Die titels spreek vir hulself. Terwyl hulle nog op Kareedouw was, is twee seuns, Paul Marais op 11 Mei 1937 en Frederik Russouw (genoem Fritz) op 29 November 1938 gebore. Fritz het die eer te beurt geval om tydens die Simboliese Ossewatrek in 1938 by die waens, wat Kareedouw aangedoen het, gedoop te word.[117]

---

[113] Persoonlike versameling, PJ Marais, *Marais-stamregister.*
[114] Persoonlike herinneringe Paul Grobbelaar.
[115] *Ibid.*
[116] Marais-*stamregister.*
[117] Persoonlike herinneringe Paul Grobbelaar.

In 1939 ontvang Fred ’n beroep na Aliwal-Noord wat hy aanvaar. Die jare in Aliwal-Noord was moeilike jare, want Fred het in sy gemeente ondersteuners van sowel die Nasionale Party as die Verenigde Party en die Ossewabrandwag gehad. Sy siening was dat hy in die openbaar geen standpunt ten opsigte van enige van hierdie groepe sou inneem nie, veral nie van die preekstoel af nie. Fred was ’n gerespekteerde lid van die Afrikaner-Broederbond en het sterk leiding in Afrikanerkultuurkringe in beide Kareedouw en Aliwal-Noord geneem.[118] Op kultuurvlak was hy ook voorsitter van die Reddingsdaadbond. Voorts dien hy ook in die skoolraad en skoolkomitee. Vir ontspanning speel hy jukskei en jag hy graag tydens vakansies op die familieplaas Kroonpost in Bethulie.[119]

### 5.1.6 Helena Mathilda (genoem Mathilda) Grobbelaar

Mathilda is op 26 April 1906 op Bethulie gebore. Sy dien in die hoofbestuur van die Oranje Vrouevereniging en die Helpmekaar en is ook in die Federale Vroueraad verkies. Sy was ’n vrou met helder insig en sterk positiewe Christelike beginsels. Op 23 Desember 1925 trou sy met Henning Johannes Joubert, gebore op 9 November 1894. Hy was ’n vooruitstrewende boer, eers op Kroonpost en later op Driefontein, distrik Bethulie. Hy het ook jarelank gedien in die Nederduits-Gereformeerde-kerkraad, die skoolkommissie, die skoolraad, die Reddingsdaadbond en die afdelingsbestuur van die Nasionale Party. Ook was hy ’n geëerde lid van die Afrikaner-Broederbond. Henning was ’n seun van Jacob Daniël de Bruyn Joubert, ’n boer op die plaas Frankfort, distrik Dewetsdorp en Elizabeth Johanna (genoem Bettie) de Wet,’n suster van generaal CR de Wet. Tydens die laaste siekte van genl. De Wet was Henning een van die familielede wat by sy sterfbed gewaak het.[120]

Henning en Mathilda was sterk en oortuigde ondersteuners van die Nasionale Party. By die samesmelting in 1934 het hulle uit diepe

[118] *Ibid.*
[119] Diederichs, p. 83.
[120] Persoonlike onderhoud met Piet Joubert, Swakara, Bethulie.

oortuiging vir dr. DF Malan gevolg. Met die oorlogsverklaring in 1939 was hulle sterk gekant teen Suid-Afrikaanse deelname aan die kant van die Geallieerdes, dog was nie aanhangers van die Ossewabrandwag nie.[121]

### 5.2 Jan Adriaan Grobbelaar van Groot Marsfontein

Attie is op 4 April 1855 gebore en is op 27 September 1901 aan boord die krygsgevangeneskip *Aurania* na Ceylon aan asma oorlede. Hy was 'n vee-boer en landbouer en woon tot 1895 op De Puts nommer 100, distrik Bet-hulie. Daarna verhuis hy na Groot Marsfontein nommer 39, distrik Bethulie. Hy speel 'n belangrike rol in die lewens van sy jongste suster en broer. Sy suster, Anna Johanna Ferreira, gebore Grobbelaar, sterf by hom aan huis op De Puts op 7 Februarie 1893, terwyl sy broer, Jacobus Hermanus (genoem Kotie) Grobbelaar, se huwelik op 8 September 1894 by hom aan huis op De Puts gevier is. Hy trou met Cornelia Jacoba van Aswegen, gebore 1859, dogter van Carel Herklaas Jacobus van Aswegen en Emmerensie Hester Pienaar van De Bad, distrik Smithfield. Ses maande na sy dood, op 22 Februarie 1902, sterf sy vrou in die ouderdom van 43 jaar aan ingewandskoors in die konsentrasiekamp op Springfontein. Hulle laat sewe kinders agter, terwyl 'n seun, Willem, kort voor sy moeder in die konsentrasiekamp op Springfontein gesterf het.

#### 5.2.1 Jan Adriaan Grobbelaar

Attie is op 29 Julie 1877 gebore en is op 10 Maart 1939 oorlede. Hy het sy jeugjare eers op De Puts en later op Groot Marsfontein nommer 39, distrik Bethulie, deurgebring. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 het hy en sy vader en sy drie Grobbelaar-ooms, die seuns van Jan Adriaan Grobbelaar van Cyferfontein, by die Bethulie-kommando onder kommandant JH du PIooy van die plaas Ruigtefontein, distrik Springfontein, aangesluit. Baie min is amptelik van sy persoonlike rol in die oorlog bekend. Hy is nooit gewond of gevange geneem nie. Onder sy oorlogsmakkers was hy egter bekend as dapper en onverskrokke, soveel so dat hy gou "Die Brawe Grobbelaar" genoem is. Hy het hom veral as leier

---

[121] *Ibid.*

tydens moeilike, soms haglike, omstandighede onderskei. Hy is gou tot assistant-veldkornet bevorder. Sy onverskrokke optrede tydens krygsoperasies was algemeen bekend. Hy het nooit in gevegte skuiling agter klippe, miershope of skanse gesoek nie, maar het regop gestaan en skiet en sy burgers so aangespoor en gelei. Hy het beweer dat die koeël wat vir hom bedoel is, nog nie deur die Enqelse gemaak is nie. Attie was ’n bittereinder met die koms van die Vrede van Vereeniging in 1902. As erkenning vir sy diens as offisier kry hy in 1920 die Dekoratie voor Troue Dienst (DTD) van die Unie-Verdedigingsmagte. Hy was lewenslank ’n militaris in murg en been en later ook jarelank kommandant van die Rouxville-kommando. Kort na die oorlog is hy op 8 Januarie 1903 as eksekuteur van sy ouers se boedel en as voog van sy minderjarige broer en susters aangestel. Hy dien vir baie jare ook as ouderling in die Nederduits Gereformeerde-kerkraad op Rouxville.

Attie is op 13 Desember 1903 in Rouxville in die huwelik bevestig met Susanna Francina (genoem Nysie) Cronje wat op 5 September 1883 gebore is. Sy was die jongste dogter van Johannes Cornelis (genoem Hans) Cronjé, gebore 19 September 1856 en oorlede 11 Julie 1919, en Petronella Christina Salomina Joubert, gebore 14 Februarie 1856 en oorlede 12 November 1923. Sy skoonvader was ’n plaasboer op Waschbank, distrik Rouxville, waar Attie uiteindelik gaan boer het.

### 5.3 Petrus Johannes Grobbelaar (genoem Peet) van Meyerskraal

Peet is op 22 Julie 1859 gebore en is op 30 Augustus 1922 oorlede. Hy was ’n boer op die plaas Meyerskraal, distrik Bethulie. Hy trou met Elizabeth Margaretha Wiesner, gebore op 8 September 1861 en oorlede op 25 September 1937. Sy was ’n dogter van Karel (of Carel) Gerhardus Wiesner, gebore 1826 en oorlede op 7 Januarie 1868, en Martha Maria Henning, gebore op 23 Januarie 1826 en oorlede op 11 September 1888. Sy skoonvader het op Springbokfontein, distrik Bethulie, geboer. Peet en Betsie het agt kinders gehad waarvan vyf volwassenes geword het. Die kinders wat hier van belang is, is Margaretha Elizabeth Johanna en Martha

Maria (Baby), wat albei in die konsentrasiekamp op Springfontein oorlede is en Elizabeth Margaretha (Bettie).

### 5.3.1 Elizabeth Margaretha (genoem Bettie) Grobbelaar

Bettie is op 8 Augustus 1883 op Bethulie gebore. Sy het in 1938 haar en haar moeder se herinneringe aan die konsentrasiekamp op Springfontein opgeteken. Hierdie geskrif is later as deel van die Renier-versameling in die Vrystaatse Argief opgeneem. Sy trou op 3 April 1905 te Bethulie met Richard Smith, gebore op 17 Mei 1878 op Smithfield. Hy was ’n veeboer, eers op die plasie Grashoek by Meyerskraal en later op Damfontein, naby Bethulie. Richard is ’n seun van Hermanus Lukas (genoem Hermaans) Smith, wat in Oktober 1847 gebore is en op 23 Junie 1909 oorlede is, en Jacomina Johanna Wilhelmina (genoem Mynie) van Huysteen, gebore in 1848 en oorlede op 14 Maart 1902.

## 5.4 Margaretha Johanna Griesel (gebore Grobbelaar) van Springbokfontein

Margaretha is op 30 Junie 1861 gebore. Sy trou met Abraham Jacobus Griesel (genoem Apie), gebore op 26 Februarie 1856 en oorlede op 4 Januarie 1927. Aanvanklik woon hulle op een van sy skoonvader se plase, Meyerskraal. Daarna verhuis hulle na ’n klein plasie, Kapteinskraal, wat Apie en sy swaer saam gehuur het. Daar het hy uitgeboer en is toe terug na ’n klein plasie met die naam Roodepoort. Nadat hy ’n tydlank daar geboer het, koop Apie in 1888 die plaas Rustfontein en trek die gesin daarheen. Dié plaas was maar klein, sodat Apie kort daarna ook ’n tweede plaas, Springbokfontein, aankoop. Albei plase is in die distrik Bethulie geleë.[122] Apie en Grieta het vyf kinders gehad van wie Abraham Jacobus (genoem Apie) hier vermeld word.

---

[122] Griesel, pp. 6-17; Neethling, Hoofstuk VI .

### 5.4.1 Abraham Jacobus (genoem Apie) Griesel

Apie is op 8 Julie 1879 gebore, waarskynlik op Roodepoort, distrik Bethulie. Hy was ’n burger en veldkorporaal in die Bethulie-kommando tydens die Anglo-Boereoorlog. Later in sy lewe het hy sy herinneringe aan sy kinderdae en die kommandolewe gepubliseer.[123] Hierdie boekie bied ’n goeie beeld van die lewe op ’n boereplaas in die Vrystaat in die laat 19de eeu, asook die wedervarings van die Grobbelaars op kommando. Apie trou op Trompsburg met Martha Maria (genoem Marthie) Louw, gebore op 8 April 1887. Hulle huwelik was kinderloos. Na die Anglo-Boereoorlog behou hy ’n lewendige belangstelling in militêre sake. Met die stigting van die Unie-Verdedigingsmagte in 1912 is hy aangestel as kommandant van die Bethulie-kommando wat hy teen die eerste groot mynwerkerstaking in 1912 aanvoer. Daarna is hy met sy kommando betrokke by die bekamping van die Rebellie in 1914 –1915.[124]

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 bied hy op die ouderdom van 60 jaar sy dienste as vrywilliger aan en dien hy as kolonel in die Unie-Verdedigingsmagte. Hy skryf: “Toe Hitler verskeie klein lande verower en eindelik die verwoesting in Holland by Rotterdam gesaai het, was ek oortuig wat van Suid-Afrika sou word ingeval van ’n Hitleroorwinning. Ek het dadelik die eed geneem, die Oranjelussie gedra en was bereid om enige plek te gaan waar my owerhede my stuur, hoewel ek al oor militêre ouderdom was.”[125]

Apie was nou betrokke by die gemeenskapslewe en het jare lank in die Nederduits-Gereformeerde-kerkraad, die skoolkommissie en die skoolraad van Bethulie gedien. Hy was ook lid van die Landraad. Verder was hy sy lewe lank ’n lid van eers die Suid-Afrikaanse Party en daarna die Verenigde Party. Hy het op ’n baie goeie voet verkeer met beide genl. JC

[123] Griesel, pp. 6-17.
[124] *Ibid.*, p. 54.
[125] *Ibid.*, p.54-56. Die oranje-lussie waarna hy verwys, is deur almal gedra wat hulle as vrywilligers by die Suid-Afrikaanse magte aangesluit het na die oorlogsverklaring.

Smuts en genl. JBM Hertzog soos hulle briewe aan hom getuig.[126] Hy verteenwoordig die stoere Sap-kant van die Grobbelaar/Griesel-familie.

Apie het nie geskroom om oral, ook in die kerkraad, 'n baie sterk beginselstandpunt in te neem nie. So is tydens die gewone kerkraads-vergadering van 31 Augustus 1940 'n brief van Apie, Dennis McDonald en CG de Villiers voorgelees waarin hulle beswaar aanteken oor 'n berig in die pers en oor die radio dat die Vrystaatse Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk 'n besluit geneem het dat die regering versoek word om op grond van Gods Woord onverwyld met Duitsland vrede te sluit.[127] Die skrywers voel "… Deur gehoor te gee aan die besluit, wat selfs geen enkele voorwaarde stel vir vrede nie, meen ons dat die vryheid van ons kerk en godsdiens daardeur ernstig bedreig word en ons verklaar dat ons gewillig is om hierdie vryheid met ons bloed te verdedig …"[128] Hoewel Apie in sy politieke sienings radikaal verskil het van die meerderheid van die Grobbelaars het 'n openlike breuk binne die familie nooit plaasgevind nie, miskien omdat Apie algemeen bekend was as 'n ware heer.[129]

## 5.5 Jacobus Hermanus (genoem Kotie) Grobbelaar van Cyfer-fontein

Kotie is op 14 Junie 1874 gebore. Hy boer op die plaas Cyferfontein, distrik Bethulie, wat hy op 23 Maart 1895 vir £1 000 uit die boedel van sy vader koop. Op 22 Mei 1916 koop hy ook Erfdeel nr. 259 van sy swear, Stephanus Engelbertus Ferreira, vir £815. Kotie trou op 8 September 1894 met Susara Jacoba Adriana (genoem Sarie) van Aswegen (16 jaar oud), gebore op 8 Junie 1878. Sy was 'n dogter van Carel Herklaas Jacobus van Awegen en Emmerensie Hester Pienaar van De Bad, distrik Smithfield. Hulle huweliksbevestiging is deur ds. Colin Fraser waargeneem. Sarie was 'n ware dienende Martha in haar huis en vir haar gesin.

---

[126] Persoonlike versameling Paul Grobbelaar: Griesel-versameling: Brief 77/39, 2 Desember 1939 van JC Smuts; Brief 4 Julie 1936 van JBM Hertzog.
[127] KAV: Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergadering 31 Augustus 1940.
[128] *Ibid.*
[129] Persoonlike herinneringe Paul Grobbelaar.

Kotie was 'n diepgelowige, sagsinnige, vriendelike, beskeie en hulpvaardige mens en eerbiedwaardige ouderling in die Nederduits-Gereformeerde-gemeente van Bethulie. Tydens die Anglo-Boereoorlog gaan hy saam met sy broers op kommando. Soos die ander, word ook hy met die oorgawe van Prinsloo op 31 Julie 1900 saam met die Bethulie-kommando krygsgevange geneem.Uit die huwelik van Kotie en Sarie is drie kinders gebore, en daar word kortliks na die twee seuns verwys.

### 5.5.1 Jan Adriaan (ook genoem Jan Kommandant) Grobbelaar

Jan is op 14 Mei 1896 te Smithfield gebore. Hy was ’n hardwerkende en intelligente boer op die plaas Erfdeel, distrik Bethulie, wat hy van sy vader erf. Hy trou met Miriam McDonald, gebore op 21 Oktober 1901 op Bethulie. Die McDonalds was ondersteuners van die Verenigde Party. As gevolg hiervan, asook weens die sterk invloed van sy veel ouer neef, Apie Griesel, was Jan ’n oortuigde ondersteuner van genl. Smuts en het hy saam met Apie die Sap-kant van die Grobbelaars en Griesels verteenwoordig. Jan was ’n puik skut en was ook lid van die plaaslike kommando wat in 1914 teen die rebelle opgetree het. Hy het later die kommandant van die Bethulie-kommando geword en so die bynaam Jan Kommandant verwerf.

### 5.5.2 Pieter

Pieter is op 19 Augustus 1910 op Smithfield gebore. Hy behaal sy meestersgraad in die Teologie aan die Kweekskool op Stellenbosch en word in Desember 1935 gelegitimeer. Hy bedien die Nederduits-Gereformeerde-gemeentes van Worcester as hulpleraar vanaf 1936 tot 1937 en Hoopstad vanaf 1937 tot 1939. Pieter dien in verskeie sinodale kommissies en was ook redakteur van *Ons Kerkblad*, die maandblad van die Boshof-gemeente.[130] Op die buitekerklike vlak tree hy op as voorsitter van die skoolraad, die skoolkomitee en die Reddingsdaadbond.[131] Pieter trou op 26 Januarie 1937 op Mosselbaai met Margaretha Albertha (genoem Bertha) Groenewald, gebore op 7 November 1910 te George.

---

[130] Diederichs, p. 84.
[131] *Ibid.*

## 6. Evaluering

Die genealogie van die Grobbelaars van Cyferfontein toon 'n breë verwantskap met verskeie Afrikanerfamilies. Dit maak hulle denke daarom nie enig net aan die Grobbelaars nie. Daarom kan gesê word dat hulle, wat samestelling betref, 'n standaard Afrikanerfamilie is. Soos die ander families stam hulle ook uit Europa, in hierdie geval uit die Noord-Duitse gebiede. As jonger seun van 'n groot familie was daar in Duitsland vir Jan geen heenkome nie en was die lokstem van voorspoed in die vreemde sterk genoeg om huis en haard te verlaat, soos die talle Duitsers wat as soldate na die Kaap gekom het. Om die bekende agter te laat en die vreemde aan te durf, getuig van onverskrokkenheid en 'n innerlike drang na selfverwesenliking. Dit getuig ook van 'n stoere inherente individualisme, so eie aan baie Afrikanerfamilies. Dit val op dat die eerste vyf geslagte uitsluitlik boere was, die stamvader 'n wynboer, terwyl die volgende vier geslagte veeboere was. Dit wil voorkom asof boerdery een van die beroepe was wat juis hierdie stoere individualisme aangehelp het. Eers gedurende die 20ste eeu en met die sesde en sewende geslagte is daar 'n wegbeweeg van die boerdery na minder individualistiese beroepe.

Die presiese invloed op die daaropvolgende geslagte sedert die voorval toe die dogter van Jan Adriaan Grobbelaar deur 'n swart man wreed aangerand en vir dood gelaat is, is uiteraard moeilik bepaalbaar. Die moontlikheid is egter sterk dat 'n reeds negatiewe siening ten opsigte van ras daardeur verder versterk is, veral weens die barbaarsheid en onbeskaafdheid van die voorval. Die opvatting was dat dit tipies is van bepaalde rassegroepe om soms so op te tree. Sy het sekerlik haar gesinslede in besonderhede vertel presies wat sy deurgemaak het. Dit het haar broers en susters ten nouste geraak en hulle was die volgende geslag stamvaders en -moeders van die Cyferfontein-Grobbelaars. Dit moes beslis ook 'n rol gespeel het in die verdere opvoeding wat haar ouers aan hulle kinders gegee het.

# HOOFSTUK 2

# DIE VRYSTAAT VAN DIE CYFERFONTEIN-GROBBELAARS, 1861 EN 1899

## 1. INLEIDING

Die geskiedenis van die Vrystaat in die 19de eeu is in die eerste plek die verhaal van die inburgering van ’n groep boere wat die suide van die gebied binnegetrek het op soek na lewensruimte en weiveld. Hulle was primêr ingestel op ekonomiese oorlewing. Een van hierdie Boere wat hom teen 1861 in hierdie gebied gevestig het, was Jan Adriaan Grobbelaar, die seun van Pieter Grobbelaar van Meerderwyk, distrik Colesberg. Sy vestiging op Cyferfontein, distrik Bethulie, het om suiwer ekonomiese redes geskied, omdat daar vir ’n boer nie meer genoeg beskikbare lewensruimte in die Colesberg-distrik was nie. Hierdie groep het reeds vanaf vroeg in die 19de eeu die gebied binnegetrek met geen politieke motief vir hulle migrasie oor die Oranjerivier nie.

Hierbenewens is dit die verhaal van ’n tweede groep, die Voortrekkers, wat reeds in 1836 die Vrystaat binnegetrek het met ’n hoofsaaklik politieke motief om die Kaapkolonie te verlaat en onder Britse gesag uit te trek. Hierdie trek het ’n ander dimensie aan die bestaan in die gebied tussen die Oranje- en die Vaalriviere gegee, omdat die Britse regering dit gesien het as ’n uitdaging van die Britse gesag in Suid-Afrika. In die daaropvolgende jare het die suiwer ekonomiese belang van die eerste groep al meer op die agtergrond gekom. Die oorgrote meerderheid boere se teenwoordigheid in die Vrystaat het ’n politieke kleur begin aanneem as gevolg van die optrede van die Britse imperiale regering teenoor hierdie mense wat hulle rug gekeer het op Britse heerskappy. Daarom is hierdie geskiedenis ook die geskiedenis van Britse imperiale inmenging in die sake van hierdie boere; wat met verloop van tyd bloot as “die Boere” bekendgeword het.

Die rol wat die Britse imperiale regering in die Vrystaat gespeel het, kan die beste geïllustreer word aan die hand van ’n ontmoeting van ’n afvaardiging van die

Vrystaatse Volksraad met sir George Grey op 29 September 1857 in Aliwal-Noord. Dit was na aanleiding van die begeerte van die twee jong Boererepublieke om saam te smelt. Grey wou so ’n samesmelting voorkom en het aangevoer dat dit die twee konvensies sou vernietig waarvolgens die onafhanklikheid van die twee republieke erken is. Volgens Grey het Brittanje die beperkings wat die Pretoria- en Sandrivier-konvensies op hom gelê het met betrekking tot bondgenootskappe met swart stamme en handel met vuurwapens en ammunisie, te bindend, kwetsend en vernederend gevind. Hy het ten slotte verklaar dat die Britse regering hom die reg voorbehou het om die aankoop en invoer van wapens en ammunisie deur die burgers te belemmer of te verbied, indien dit hom sou pas.[1]

Volgens dr. GD Scholtz, gesaghebbende skrywer van ’n reeks werke oor die politieke ontwikkeling van die Afrikaner, was hierdie uiting van sir George Grey die eerste teken van die latere “British supremacy” of Britse oppermag. In die praktyk het Brittanje homself as die allesoorheersende mag in Suid-Afrika beskou wie se belange altyd deurslaggewend moes wees, ongeag die gevolge daarvan vir die twee republieke. Grey se siening van sake was geensins nuut nie en derhalwe ook nie die eerste teken daarvan nie. Wat hy gedoen het, was om die praktyk wat nog deurgaans gevolg is, amptelik te maak. Hierdie beleid is reeds deur Brittanje sedert die Groot Trek ten opsigte van die Voortrekkers gevolg. Dit is die beleid wat agtereenvolgende Britse regerings tot 1899 teenoor die twee Boererepublieke sou volg en wat die beginsels van die volkereg eensydig ter syde gestel het in so verre dit die onafhanklikheid van state raak. Dié Britse siening bewys in die woorde van Scholtz “die politiek word nou eenmaal deur die magsfaktor beheers. Wie oor die mag beskik, dwing sy wil af op diegene wat dit nie besit nie. Brittanje was magtig; die twee Boererepublieke was dit nie.”[2]

Die rol van die Britse imperialisme in Suid-Afrika kan nie in perspektief geplaas word sonder om kennis te neem van die werk van dr. John Philip, verbonde aan die Londense Sendinggenootskap nie. Hy was die grondlegger van liberalisme in Suid-Afrika. In sy benadering tot sake was die Europese ideale met betrekking tot vryheid en gelykheid sy uitgangspunt. Hy het ’n onbeheerste strewe na mag en ’n behoefte aan

[1] GD Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 3: *1854-1881*, pp. 370-372.
[2] *Ibid*.

invloed, status en aansien gehad. Ook was hy baie onverdraagsaam en het geen opposisie geduld nie. Dr. Philip wou basiese vraagstukke oplos en het daarom byvoorbeeld gepleit vir die stigting van reservate vir onder andere die San, die Griekwas en swart stamme om vir hulle ’n selfstandige ekonomiese voortbestaan te verseker. By die uitbou van sy werk het hy die geroepenheid wat by die Britse volk aanwesig was om die seëninge van die Britse beskawing en die Christendom na alle heidense volke van die wêreld uit te dra, wel deeglik benut.[3] Hy het groot invloed gehad by die Britse regering en met sy persoonlikheid sou hy sekerlik nie geskroom het om te bots met die Britse amptenare aan die Kaap, indien hy nie sy sin kon kry nie. Teen hierdie agtergrond moet die rol van Brits imperialisme in die Vrystaat beoordeel word.

Die Grobbelaars van Cyferfontein het omrede hulle eie ekonomiese welvaart ’n vasskopplek in die distrik Bethulie gevind. Binne die breër konteks van die aankoms van die Voortrekkers in 1836 en die Britse imperiale politiek het hulle ’n deel van die Vrystaat geword. Mettertyd het hulle, in reaksie op die Britse imperiale politiek, ’n Vrystaatse lojaliteit met ’n liefde vir die nuwe vaderland ontwikkel. In Bethulie het hulle ’n vooraanstaande en suksesvolle boerefamilie geword. In plaaslike aangeleenthede het hulle ook op kerklike gebied as kerkraadslede en op militêre gebied as burgers op kommando ’n leidende rol in die gemeenskap gespeel. Uit hierdie familie sou later nie net boere nie, maar ook predikante, sendelinge en ander professioneles na vore tree.

## 2. DIE OORSPRONKLIKE INWONERS

Toe die Boere aanvanklik die Vrystaat binnegetrek het op soek na weiveld en lewensruimte, het hulle besetting van die sentrale gebied volgens sir George Clerk nie ten koste van enige swart stamme geskied nie, want behalwe die San het geen ander inboorlinge belanggestel in so ’n droë en onproduktiewe grondgebied nie.[4] Min of meer gelyktydig met die Boere het Mosjesj en sy Basoetos hulle in die bergwêreld van die teenswoordige Lesotho, aangrensend aan die Vrystaat, gevestig. Mosjesj is

[3] PH Kapp, *Dr. John Philip die grondlegger van liberalisme in Suid-Afrika*, pp. 283, 285-286.
[4] Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), IBB6: Further correspondence relative to the state of the Orange River Territory, 10 April 1854, p. 57.

deur die Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, in ’n brief aan graaf Grey, Minister van Kolonies, beskryf as die “wily and evasive Chief Moshesh”.[5] Adam Kok en sy Griekwas het in die suide gewoon, by Thaba Nchu was kaptein Moroka en sy Barolongstam en aan die westekant van die destydse Basoetoland kleiner groepies inboorlinge. Dr. Philip het ’n groep Griekwas, Korannas en Bergenaars oorreed om Adam Kok II as hulle leier te erken en hulle amptelik teen 1833 in die Transgariep te vestig.[6] Goewerneur Harry Smith het Kok en sy volgelinge beskryf as “mere squatters [with] no more hereditary right to the country in question than the Boers themselves, who [….] for the sake of pasturage, [had been] driving their herds and flocks over the Orange River”.[7] Die Britse imperiale beleid ten opsigte van die Boere noord van die Gariep het sy beslag na die Groot Trek in 1836 gekry.

Dit blyk dat Brittanje nie daarin kon berus dat die Boere onafhanklik was en onafhanklik kon optree nie, maar ook nie Britse gesag oor die hele gebied wou uitbrei nie. Terselfdertyd wou die Britse regering nie sy gesag oor die Trekkers prysgee nie en het daarom “An Act for the Prevention and Punishment of Offences committed by His Majesty’s Subjects within certain Territories adjacent to the Colony of the Cape of Good Hope, 13 August 1836” gepromulgeer om beheer te behou oor die inwoners van ’n gebied wat nie ’n Britse gebied was nie. Die rede wat die Britse regering aangevoer het, was dat onderdane van die Britse koningin dikwels oortredings teen die inwoners in so ’n gebied gepleeg het. Om dié rede sou die wette wat toe of daarna van krag was in die Kaapkolonie, ook van toepassing wees op alle onderdane van die Britse koningin binne die gebied aangrensend aan die Kaapkolonie, suid van die 25ste breedtegraad.[8] Hoewel nie meer onder die Britse gesag nie, het die Britse regering die Boere steeds as onderdane beskou en geïmpliseer dat hulle so dikwels oortredings teen die swart bevolking gepleeg het dat ’n Britse wet van krag gemaak moes word in ’n gebied wat nog nooit Britse gebied was nie. Dit staan in ’n skrille teenstelling met dit wat sir George Clerk in 1853 bevind het.

[5] HPN Muller, *Oude tyden in den Oranje-Vrystaat*, p. 5; V.A.B., IBB6: Further correspondence relative to the state of the Orange River Territory, 31 Mei 1853, p. 29.
[6] K Schoeman, *Griqua Records: The Philippolis Captaincy*, p. xii-xiii; Muller, p. 6.
[7] VAB, IBB4: Correspondence with the Governor of the Cape of Good Hope relative to assumption of sovereignty over the territory between the Vaal and Orange rivers, 19 Mei 1851, p. 82.
[8] VAB, IBB6: Further correspondence relative to the state of the Orange River Territory, 31 Mei 1853, p. 128.

HPN Muller huldig in sy werk, *Oude tyden in den Oranje-Vrystaat*, die standpunt dat hierdie wetgewing gesteun is deur ’n politiek wat daarop gemik was om die Boere terug te dwing na die oosgrens van die Kaapkolonie, omdat hulle wegtrek daarvandaan ’n vakuum op die oosgrens van die Kaapkolonie sou veroorsaak. Daardie grens het dus oopgelê vir die swart stamme op die Oosgrens. Volgens hom het die Britse owerhede daarom begin om die swart stamme in en om die gebiede waar die Boere hulle gevestig het, magtig te maak. Sodoende wou hulle die wêreld vir hulle só onaangenaam maak dat hulle sou terugkeer na die Kaapkolonie.[9] Hierdie standpunt van Muller is egter te simplisties gestel en moet teen ’n wyer agtergrond benader word. Dit moet veral in gedagte gehou word dat die hoofdoel van die Britse regering dwarsdeur die 19de eeu was om sy oppermag (“paramountcy”) in Suid-Afrika te vestig en te handhaaf.[10]

Die konteks waarbinne die Britse regering wou optree, word uiteengesit in ’n brief van die Britse Minister van Kolonies, graaf Grey, aan sir Harry Smith op 12 November 1850. Daarin skryf Grey dat die swart stamhoofde gou deur die Boere oorwin en uitgeroei sou word. Daarom behoort die stamhoofde se eerste stap te wees om ’n “general authority” te vestig as verdediging teen aggressie en hulle te onderwerp aan die leiding van aangestelde blankes wat ’n einde sou bring aan die optrede van die Boere. Die eerste stap sou wees om ’n konfederasie te vestig. Dan moes ’n resident, deur die goewerneur aangestel, in die betrokke gebied geplaas word om die regering, met die hulp van die sendelinge, by te staan. Hierdie resident moes ook in bevel van die gewapende magte wees, terwyl die regering nominaal by die swart stamhoofde, maar in werklikheid by die resident sou berus.[11] Die implikasie van hierdie politiek is duidelik, naamlik dat dit nie slegs ter wille van die verlening van beskerming aan die swart stamme gegaan het nie, maar ook om beheer oor die sake van die swart stamme te verkry en so Britse oppermag in Suid-Afrika te vestig.

Hierdie politiek wat Brittanje in Suid-Afrika gevolg het, rym nie met die politiek wat dieselfde imperiale regering gedurende die 19de eeu in Australië gevolg het nie. In sy verslag *Genocide in Australia* sê prof. Colin Tatz van die Australian Institute of Aboriginal and Torres Strait Islander Studies dat die beleid van die koloniale

[9] Muller, p. 8.
[10] Scholtz, pp. 370-371.
[11] VAB, IBB4, 19 Mei 1851, pp. 92-94.

administrasie sedert 1788 neergekom het op die volksmoord van die Australiese inboorlinge of *aborigines*. Terwyl daar in 1788 tussen 250 000 en 750 000 *aborigines* was, was daar teen 1911 slegs 31 000 oor. Gedurende daardie tydperk is kinders ontvoer en as gedwonge arbeiders gebruik, vroue is verkrag, gemartel en vergiftig en die mans is geskiet. Hulle is op ’n stelselmatige wyse twee-twee, drie-drie of in dosyne uitgewis, eerder as in een sistematiese massamoord. In 1824 is setlaars toegelaat om die *aborigines* te skiet. In 1828 is krygswet afgekondig en het soldate en setlaars enige *aborigines* wat in gevestigde distrikte gevind is, gearresteer of geskiet. Hulle is volgens Tatz doodgemaak omdat hulle *aborigines* was. Hulle is beskou as “wild animals”, “vermin”, “scarcely human”, “hideous to humanity”, “loathsome” en ’n “nuisance” en was “fair game for white ‘sportsmen’.”[12]

Daar was geen kritiek van die Britse imperiale regering of enige sendeling van die Londense Sendinggenootskap op die onmenslike behandeling van die *aborigines* nie. Niemand is ooit deur die imperiale of koloniale regering vir hierdie slagting vervolg nie.[13] Hierdie beleid van die Britse imperiale regering en die koloniale regering in Australië was in skerp teenstelling met dit wat sir George Clerk in Suid-Afrika bevind het, naamlik dat die Boere in vrede met hulle swart bure leef.[14] Hoekom het dieselfde imperiale regering op twee verskillende kontinente totaal teenoorgestelde beleide gevolg? Een rede is waarskynlik dat die invloed van die Londense Sendinggenootskap in die persoon van dr. Philip nie so ver soos Australië gestrek het nie. Daar was ook nie ’n bedreiging teen Britse oppermag in die vorm van ’n selfstandige groep setlaars nie. Om hierdie rede sou, teen die agtergrond wat Tatz skets, ook geredeneer kon word dat die imperiale beleid ten opsigte van die Boere nie soseer pro-swart was nie as wat dit anti-Boer was; met ander woorde, teen diegene wat as afvallig van Britse heerskappy beskou is. Sou dit waar wees, dan was daar onderliggend aan die Britse imperiale politiek in Suid-Afrika geen werklike besorgdheid oor die swart stamme en hulle heil nie, maar eerder kommer oor die Britse oppermag.

---

[12] B Stone, *Genocide in Australia*, pp. 1-8.
[13] *Ibid.*
[14] VAB, IBB6, 10 April 1854, p. 57.

In 1845 het ’n geskil tussen die Boere en die Griekwas aan die Britse bewind die geleentheid gebied om hom in die sake van die Boere in te meng.[15] Die Britse goewerneur aan die Kaap, sir Peregrine Maitland, het ’n verdrag met Adam Kok gesluit, ingevolge waarvan Kok se heerskappy oor die Griekwa-gebied erken is en die Boere in bedwang gehou kon word. Die Britse resident sou regsmag oor die Boere uitoefen, terwyl Kok dit oor sy eie mense sou doen met betrekking tot misdade teenoor Britse onderdane, waarvan die Boere deel was.[16] Op 3 Februarie 1848 het sir Harry Smith die gebied tussen die Oranje en die Vaal en ook Natal tot Britse gebied geproklameer en dit die Oranjerivier Soewereiniteit genoem.[17] ‘n Britse amptenaar is met ’n troepemag tussen die Vaal en die Oranje geplaas, waardeur die Britse gesag oor die gebied uitgebrei is.[18] Die inboorlingstamme het egter nie die soewereiniteit van die Britse koningin erken nie. In hierdie verband het sir George Cathcart op 14 November 1852 gemeld: “With regard to the native tribes […] I cannot find that [they] have ever at any time acknowledged their vassalage or Her Majesty's superiority […] In a certain document […] dated 27th January 1848, […] Sir H. Smith and the Chief Moshesh […] are styled high contracting powers.”[19] Dit wil dus voorkom of ook hierdie proklamasie eerder teen die belange van die Boere gemik was, aangesien net van hulle verwag is om hulle by die beperkings van die Soewereiniteit neer te lê.

Die invloed van die sendelinge op die swart stamme het tot groot ergernis gelei. Daaroor het die Minister van Kolonies op 21 Maart 1852 aan Cathcart geskryf dat indien die sendelinge voortgaan om op te tree as staatkundige raadgewers, hulle uiteindelik mag ontdek dat hulle die gevolge van hulle advies sou moes dra.[20] Probleme is toenemend met Mosjesj ondervind en dit was onvermydelik dat hy gekonfronteer sou moes word. In hierdie trant het sir George Cathcart aan Mosjesj geskryf dat “in short, the Basuto people under your rule have become a nation of

---

[15] VAB, IBB6, 31 Mei 1853, p. 51.
[16] Verdrag van 5 Februarie 1846 tussen Adam Kok en sir Peregrine Maitland, soos vertaal en aangehaal deur Muller, pp. 279-288.
[17] FA van Jaarsveld, *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 86-88.
[18] VAB, IBB4, 19 Mei 1851, p. 87.
[19] VAB, IBB6, 31 Mei 1853, p. 72.
[20] Pakington – Cathcart, 21 Maart 1852, soos aangehaal in Muller, p. 31; VAB, IBB6, 10 April 1854, pp. 26-27.

thieves".[21] As gevolg van die voortdurende probleme met die Basoetos wil dit voorkom of die koloniale regering begin moeg raak het vir die Soewereiniteit. Cathcart het gevoel dat dit vir Brittanje wenslik was om sy soewereine regering tot die Oranjerivier te beperk. Die prokureur-generaal van die Kaapkolonie, Porter, het gevoel dat sowel die Boere as die swart stamme en die handjievol Britte onder die Boere almal bly sou wees oor die opheffing van Britse bestuur.[22] In 'n verslag aan die hertog van Newcastle het Cathcart op 15 Maart 1853 geskryf: "the decided preference on the part of the Burgher population would be in favour of independence".[23] Hy was ook ten gunste van die vereniging van die Soewereiniteit met die Transvaalse republiek. Op 14 Julie 1853 het hy geskryf dat deur die skepping van een magtige Boerestaat die aandag van die opperhoofde, Panda en Mosjesj, weggetrek sou word van die Kaapkolonie en Natal.[24] Vandaar sy gevoel dat die beste beleid was om die Soewereiniteit prys te gee en 'n "unreserved grant and declaration of independence [….] would [….] bring about an amalgamation of the burgher population on both sides of the Vaal".[25]

Op 14 Maart 1853 het Newcastle aan Cathcart geskryf dat die Britse regering besluit het om uit die Oranjerivier Soewereiniteit te onttrek omdat die basiese vorm van regering wat daar bestaan het nie aan die doel beantwoord het waarvoor dit ingestel is nie.[26] Die onderhandelinge vir die oorname wat daarop gevolg het, het gelei tot 'n koninklike besluit op 30 Januarie 1854 om die heerskappy oor die Soewereiniteit op te hef.[27] Op daardie stadium is die betrekkinge met Mosjesj doelbewus nie vasgelê nie, omdat die spesiale kommissaris belas met die opheffing van die Soewereiniteit die mening gehuldig het dat sake met hom op so 'n voet gelaat moes word dat dit nie 'n latere nouer band sou uitsluit nie.[28] Op 23 Februarie 1854 is die verdrag vir die onafhanklikheid van die Soewereiniteit deur die afgevaardigdes van die blanke inwoners onderteken.[29] In die Britse politiek oor die opskorting van die Soewereiniteit en die erkenning van die Vrystaatse onafhanklikheid kan reeds gesien word hoe

[21] VAB, IBB6, 31 Mei 1853, p. 96.
[22] *Ibid.*, p. 80; Muller, p. 36.
[23] VAB, IBB6, 10 April 1854, p. 1.
[24] *Ibid.*, p. 7.
[25] VAB, IBB6, 31 Mei 1853, pp. 70, 73.
[26] *Ibid*., p. 118.
[27] Koninklike proklamasie, 30 Januarie 1854, soos aangehaal in Muller, p. 304.
[28] VAB, IBB6, 10 April 1854, p. 73.
[29] Van Jaarsveld, pp. 95-97.

Brittanje die deur wyd oopgelaat het om in die huishoudelike sake van die Vrystaat in te meng deur nie die betrekkinge met Mosjesj vas te lê nie.

## 3. BETHULIE, DIE DORP VAN DIE GROBBELAARS

In 1829 het eerwaarde Clark van die Londense Sendinggenootskap ’n skool vir die San gestig waar Bethulie tans geleë is.[30] Sir Andries Stockenstrom, die luitenant-goewerneur van die Kaapkolonie, en ’n geselskap het in 1829 op ’n besoek aan die San die reg vir die Boere uit die Kolonie verleen om gedurende die winter met hulle kuddes oor die Oranje te trek en die veld tussen die Oranje- en die Rietrivier te gebruik. ’n Traktaat is onderteken waarin die San aan die Boere hierdie vryheid gegee het. In ruil daarvoor het hulle tussen 300 en 400 beeste en meer as 2 000 skape gekry. Ook die sendelinge het geldelike hulp vir die San se opvoeding ontvang. Stockenstrom het aan die sendingstasie die naam Boesmansschool gegee wat ook later deur die Londense Sendinggenootskap gebruik is. Teen 1830 het Boere hulle langs Slikspruit en Bossiesspruit in die nabyheid van Boesmansschool gevestig. Nie lank daarna nie het hulle gevind dat hulle vee deur die San gesteel word. Dit het so erg geword dat hulle ten einde raad besluit het om die San te straf. Een oggend vroeg het ongeveer 30 gewapende man die San aangeval en verskeie van hulle gedood. Daarna was die veediefstal op ’n einde.[31]

Eerwaarde Jean Pierre Pellissier het hom in 1832 op die stasie gevestig en dit namens die Franse Sendinggenootskap oorgeneem. Hy het eers probeer om die San tot die Christendom te bekeer, maar nie sukses behaal nie. Omstreeks 1833 het hy besluit om die omliggende swart stamme uit te nooi om hulle op Boesmanssanschool te vestig en het hy beloof om as sendeling onder hulle te werk.[32] Die plek is toe Caledon genoem, maar omdat daar reeds ’n Caledon in die Kaapkolonie was, het eerw. Pellissier die sendingstasie in 1835 Verhuellpolis genoem, ter ere van admiraal Verhuell, die eerste voorsitter van die Franse Sendinggenootskap.[33] Die direkteure van die Franse Sendinggenootskap het egter ’n Bybelse naam verkies en in 1835 is die naam

---

[30] PJ Nienaber, *Suid-Afrikaanse Pleknaam-woordeboek* 1, pp.170-171.
[31] *Eeufeesalbum Bethulie 1863-1963*, p. 10.
[32] SH Pellissier, *Jean Pierre Pellissier van Bethulie*, pp. 192-194.
[33] Nienaber, pp. 170-171.

verander na Bethulia, of soos dit toe gespel is, Bethulie.[34] Teen 1837 het stamhoof Lepui en sy volgelinge op uitnodiging van Pellissier hulle op Bethulie gaan vestig.[35]

Groot groepe Boere het hulle intussen met hulle vee in die Griekwagebied van Philippolis gevestig en geweier om die gesag van die Griekwakaptein te erken. Hulle het ook 'n stryd met die Griekwasetlaars gevoer om die besit van die fonteine. Die kaptein het by die Kaapse regering protes aangeteken, maar die proses van wit indringing kon nie meer omgekeer word nie. Die situasie is vererger deurdat verskeie Griekwas vrywillig hulle plase aan die Boere verkoop het, hoewel dit ingevolge die Griekwawette verbied is.[36] So is 'n onbesette plaas van 4 000 hektaar wat waardeloos gelyk het en waarvan die eiendomsreg nog nie gefinaliseer was nie, vir 'n vaatjie brandewyn gekoop.[37] Op 21 Februarie 1859 het die Volksraad op grond van 'n geskil tussen die Griekwa-opperhoof en die stam van Lepui wat op die sendingstasie Bethulie gewoon het, besluit dat daar hoegenaamd nie grond vir die Griekwa-opperhoof bestaan het om sy gesag oor die sendingstasie te bewys nie.[38] Op dieselfde vergadering besluit die Volksraad om nie op te tree om hul reg op eiendom binne die gronde van Bethulie af te dwing nie, voordat die sendingstasie deur die Vrystaat oorgeneem is nie.[39]

Teen die sestigerjare van die 19de eeu het die Boere in die omgewing van Bethulie hulle begin beywer vir die stigting van 'n dorp. Die dorp is op 4 Maart 1863 gevestig met die naam Heidelberg. Die sendingstasie het die naam Bethulie behou, terwyl die naburige dorpie Heidelberg genoem is. Die naam Heidelberg het egter tot verwarring gelei, omdat daar nog twee dorpe met dieselfde naam was, een in Transvaal en een in die Kaapkolonie. Die Volksraad besluit toe om die naam van die sendingstasie ook aan die dorp te gee.[40] Na die stigting van die dorp is die sendingstasie gesluit en het daar nuwe beheer oor die gebied gekom. Blankes het die gebied geleidelik binnegekom en die sendingstasie is met hulle plase omring.[41]

---

[34] Pellissier, pp. 233-234.
[35] *Eeufeesalbum*, p. 15.
[36] Schoeman, p. xiii.
[37] Muller, p. 7.
[38] Volksraadsnotule, 21 Februarie 1859, p. 47.
[39] *Ibid.*
[40] Nienaber, pp.170-171.
[41] IL Ferreira, *'n Baken vir Bethulie,* p. xx.

Ontwikkeling in die Bethulie-gebied het so dinamies plaasgevind dat die Volksraad op 26 Februarie 1861 Bethulie deur afbakening formeel as distrik aangewys het en die dorp op die lys van nuwe groeipunte aangetoon is. Die nuwe distrik het in 1862 volle erkenning van die Volksraad geniet en daarmee die voorreg van verteenwoordiging in die raad gehad. Die eerste verteenwoordigers was Adam G Hefer vir die wyk Grootrivier en J Hendrik Viljoen vir die wyk Boschjesspruit.[42] Op 25 Junie 1862 het die verkoop van die dorpserwe en twee aangrensende plase, Constantia en Marokko, begin. ’n Komitee bestaande uit die vier persone wat die dorp gestig het, het ook in die beginjare die dorpsbestuur van Heidelberg gevorm.[43]

Die eerste pont is op 26 Maart 1862 plegtig te water gelaat, maar uiteindelik was daar drie ponte by dieselfde oorgang oor die rivier. Die eienaar daarvan was Adolphus Holm van die plaas Holms Grove aan die Kaapse kant van die rivier. Teen 17 Oktober 1868 is reeds in een jaar 1 400 transportwaens met 20 000 osse, 500 tentwaens met 4 500 perde en osse, 1 000 passasierskarre met 2 200 perde, 10 000 loslopende beeste en 25 000 skape deur die ponte vervoer. Die Kaapkolonie het hierna die inisiatief vir die oprigting van ’n brug oor die Oranjerivier geneem en die Kaapse regering het 'n geldelike bydrae van £5 000 tot die projek gemaak. Die Vrystaatse handel met die kusstede was ’n aantreklike lokaas. Die Vrystaat het sy samewerking gegee deur die alleenreg om tolgeld by die brug in te vorder aan die brug-maatskappy te skenk.[44] Op 22 Januarie 1864 is adv. HAL Hamelberg as die eerste Vrystaatse Volksraadslid vir Heidelberg verkies. Hy het die dorp met groot bekwaamheid tot 1871 verteenwoordig. In 1871 is hy deur Herman Klynveld as volksraadslid opgevolg.[45]

Teen Mei 1871 het die bestuur van die dorp steeds uit die stigtingskomitee bestaan. In dieselfde jaar is gekla oor die erg verwaarloosde toestand van die dorp, waar elke inwoner en besoeker aan die dorp na bewering net gemaak het soos hy wou.[46] Op 14 Mei 1870 is die here JJ Venter, Robert Black, JF Combrinck, JC van Wijk, RD Collins en Casper Kruger deur die Volksraad as heemrade vir Bethulie benoem.[47] Op 10 Junie 1875 het H Klynveld aan die Volksraad verduidelik hoe benard die posisie

---

[42] Ferreira, p. 3.
[43] Pellissier, p. 553.
[44] *Ibid.*, pp. 556-560.
[45] *Ibid.* p. 554.
[46] *Eeufeesalbum*, p. 25.
[47] Volksraadsnotule, 14 Mei 1870, p. 91.

van die inwoners van die dorp was. Hy het verklaar dat 200 erwe reeds verkoop en betaal is sonder dat enige verbeterings aangebring is. Die strate is ook nie reggemaak nie. Hy het aangedring dat die inwoners ’n munisipaliteit kry. Hierdie versoek van Klynveld is toegestaan en die raad het ’n munisipaliteit aan die dorp toegestaan.

Vanaf 1875 was Bethulie onder beheer van ’n munisipaliteit waarop H Klynveld 28 jaar lank gedien het, ook as burgemeester. Hy was lief vir bome en plante en onder sy invloed is baie bome op die dorp aangeplant.[48] In Junie 1878 besluit die Volksraad om aan die landdros van Bethulie ’n gratifikasie van £100 te betaal omdat hy vir verskeie jare sonder ’n klerk gewerk en daardeur vir die staat £2 600 bespaar het. Terselfdertyd is die pos van landdrosklerk met ’n salaris van £250 per jaar geskep. Ook is begroot vir twee veldkornette en twee assistente.[49] Die toenemende goedereverkeer deur die drif van die Oranjerivier by Bethulie vanaf die kus na Bloemfontein en ander Vrystaatse dorpe, het ook grootliks tot die vinnige groei bygedra.

Op 27 April 1872 is berig dat die Vrystaatse regering uit protes teen die inlywing van die diamantvelde by die Kaapkolonie alle samewerking in verband met die brug teruggetrek het. ’n Spoorlyn van Oos-Londen en Port Elizabeth na die noorde is kort daarna beplan, om aan te sluit by spoor van die Kaap af. Klynveld het daarvoor gesorg dat die spoor van Oos-Londen af oor Bethulie loop om op Springfontein by die spoor vanaf Port Elizabeth aan te sluit.[50] Die Volksraad besluit op 2 Junie 1880 dat dit vir die raad nodig is om in telegrafiese verbinding met grensdorpe te bly. Daar is besluit om Bethulie by ’n telegraaflyn in te sluit wat van Kimberley na Bloemfontein en vandaar na Edenburg oor Bethulie, Smithfield en Rouxville na Aliwal-Noord sou loop.[51]

Gedurende die tweede helfte van 1862 het die stigting van ’n Nederduits Gereformeerde-gemeente van Bethulie momentum gekry. In die eerste notule van Bethulie se kerkraad, gedateer 22 Oktober 1864, is genotuleer dat die gemeente in 1862 gestig is. Die formele stigting van die gemeente het waarskynlik egter eers teen

---

[48] *Eeufeesalbum*, pp. 39-40.
[49] Volksraadsnotule, 10 Junie 1878, p. 198.
[50] *Eeufeesalbum*, pp. 28, 43, 51.
[51] Volksraadsnotule, 2 Junie 1880, pp. 266-267.

die einde van 1863 plaasgevind.[52] Op 10 November 1864 het die gemeente sy formele opwagting by die eerste Vrystaatse Sinode gemaak.[53] Ook die onderwys het begin ontwikkel. Op 1 Februarie 1866 is Andreas Tobias Kolver as onderwyser op die dorp aangestel. Op 7 Januarie 1867 het die eerste openbare eksamen plaasgevind en het die leerlinge bevredigend gepresteer. Teen April 1867 is 'n ruim en geskikte lokaal ingerig as skool. Tussen 30 en 40 leerlinge is ingeskryf en onderrig in Engels, Nederlands, Aardrykskunde, Rekenkunde en die Grondbeginsels van Natuurkunde is aangebied.[54]

Die plase Cyferfontein van Attie Grobbelaar sr., Meyerskraal van Peet Grobbelaar, De Puts en Groot Marsfontein van Attie Grobbelaar jr., en Kroonpost van Pieter Grobbelaar, was te ver van Bethulie geleë sodat die Grobbelaar-kinders daar kon skoolgaan. Om voorsiening te maak vir die kinders van hierdie en ander plase in die omgewing is daar teen 1882 'n wykskool op die plaas Palmietfontein in die Grootrivier-wyk gestig. Palmietfontein, vandag bekend as Ems, was die buurplaas van Kroonpost, die plaas van Pieter Grobbelaar. Weens sy ligging het hierdie skool gemaklik die Grobbelaar-plase bedien. Die bevolking het egter gegroei, sodat 'n tweede wykskool in die wyk Grootrivier in 1889 op Kroonpost gestig is. Uiteindelik is daar in 1891 ook 'n skool op die Griesel-plaas, Springbokfontein, en in 1896 op De Puts, die plaas van Attie Grobbelaar jr., gestig.[55]

## 4. DIE BASOETO-OORLOË

In 1824 het Mosjesj hom op Thaba Bosigo gevestig, waar verskeie ander vlugtelinggroepe wat aan die skrikbewinde van Shaka en Msilikase ontkom het, hulle onder sy beskerming geplaas het.[56] Dit was die begin van die Basoetovolk. Teen 1833 wou Mosjesj sy grondgebied wat uit Thaba Bosigo en die omliggende bergspitse bestaan het, in die rigting van die driehoek tussen die Caledon- en Oranjerivier uitbrei.[57] Die Basoeto het destyds glad nie hierdie stuk grond bewoon nie. Reeds in 1830 het ene Coetzee die hoek tussen die twee riviere van die San vir

---

[52] Ferreira, pp. 3-5.
[53] *Ibid.*, p. 12.
[54] Pellissier, pp. 562-565.
[55] *Ibid*., pp. 562-565.
[56] P Sanders, *Moshoeshoe, chief of the Sotho*, pp. 32-33.
[57] JJG Grobbelaar, *Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk*, p. iv.

450 skape en bokke gekoop. Sommige Boere wat in 1833 daar ingetrek het, het gehoor dat Mosjesj aanspraak maak op die grondgebied. Deur hulle onbesonne optrede om by hom toestemming te vra om hulle daar te vestig, het hulle inderdaad sy eis op die gebied erken. [58] Mosjesj was ingenome oor die moontlikheid van ’n nedersetting in die gebied, want hy wou ’n bufferstaat tussen hom en die Korannas, wat na die Weste gewoon het, vestig. Om hierdie rede het hy die Boere selfs uitgenooi om na hierdie onbesette gebied te trek. Die Boere het egter op hierdie gebied aanspraak gemaak op grond van die reg van eerste inbesitname.[59] Die eerste drie Franse sendelinge, Eugène Casalis, Thomas Arbousset en Constant Gosselin, het in 1833 op Thaba Bosigo aangekom en hulle te Moria gevestig waar hulle ook as adviseurs en kampvegters vir Mosjesj opgetree het. In die jare na hulle vestiging het Mosjesj die hoogtepunt van sy loopbaan bereik en ’n tydperk van vrede en voorspoed beleef.[60]

Mosjesj was ’n diplomaat by uitnemendheid, van wie die Britse agent o.m. gesê het dat hy nooit iets anders as ’n skelm, leuenaar en misleier sonder ’n greintjie waarheid, geloof, eerlikheid en erns sal wees nie. Hoewel hy nooit woord gehou het nie, was die invloed van die sendelinge en ander sodanig dat hý altyd as reg en al die ander as verkeerd beskou is.[61] Hy het in 1842 die Kaapse owerheid versoek om ’n verdrag met hom te sluit, omdat hy gevoel het dat Britse beskerming die voortbestaan en onafhanklikheid van sy stam kon waarborg. ’n Verdrag is gevolglik in Desember 1843 met hom gesluit en ’n grenslyn bepaal. Die grenslyn het egter niemand tevrede gestel nie. Daarop het hy in 1848 die Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, ontmoet, die verdrag van 1843 prysgegee en ’n nuwe reëling in 1849 getref wat die grense van Basoetoland verklein het.[62] Mosjesj het egter gebots met die Britse resident in Bloemfontein, maj. HD Warden. Op 30 Junie 1851 het hy Warden se mag by Viervoet verpletterend verslaan.[63] Daarna het hy sir George Cathcart op 20 Desember 1852 by Bereaberg verplig om terug te trek.[64] Die Britse owerheid het nou die nutteloosheid van hul pogings en bemoeiings met die Basoetos besef en in 1854

---

[58] *Ibid*., pp. xv-xvi.
[59] *Ibid*., pp. xvi-xvii.
[60] Sanders, pp. 122-132.
[61] *Ibid.*, p. 252.
[62] *Ibid.*, pp. 83-84.
[63] JF Midgley, *The Orange River Sovereignty* , pp. 331-332.
[64] *Ibid.*, pp. 461-485.

die Britse gesag ten noorde van die Oranjerivier onttrek.[65] Dit het by Mosjesj die indruk geskep dat die inwoners van die Transoranje nie teen hom opgewasse was nie en dat hy as oorwinnaar uit die stryd teen die Britse owerheid getree het.[66]

Van die begin af het die Vrystaatse regering voortdurend met grensgeskille te kampe gehad en gedreig om teen Mosjesj op te tree. Sir George Grey se pogings om as bemiddelaar op te tree, het nie ’n oplossing gelewer nie.[67] Pres. Boshoff het egter besef dat die Vrystaat nie sterk genoeg was om ’n grootskaalse oorlog teen die Basoetos te voer nie en het probeer om ’n vreedsame skikking te bereik.[68] Ten spyte van hierdie pogings het die Eerste Vrystaat-Basoeto-oorlog op 19 Maart 1858 uitgebreek. Na die aanvanklike suksesse van die Vrystaatse kommando's het die burgers in groot getalle uit die kommando's begin dros, hoofsaaklik weens ’n gebrek aan eenheidsgevoel onder die Vrystaters. Daarom is pres. Boshoff op 1 Junie 1858 verplig om ’n wapenstilstand met Mosjesj te sluit en die bemiddeling van sir George Grey te aanvaar. ’n Verdrag is kort daarna onderteken om die grenslyn met die betwiste driehoek finaal te reël.[69]

Na aanvanklike diplomatieke onderhandelinge is die Britse hoë kommissaris, sir Philip Wodehouse, in Oktober 1864 gedwing om ’n grensreëling tot die tevredenheid van die Vrystaat te tref. Dit het egter duidelik geword dat die Basoetos nie sommer die Vrystaatse gebied sou ontruim nie.[70] Die woelinge op die Vrystaatse grens met Basoetoland het voortgeduur. Dit het die Kaapse goewerneur en Britse hoë kommissaris, sir Philip Wodehouse, nou direk by die stryd betrek. Hy was die Vrystaters nie goedgesind nie. Toe pres. J.H. Brand in 1864 die staatspresident van die Vrystaat word, het hy besef dat dit uiters noodsaaklik was dat die Basoetovraagstuk spoedig opgelos moes word. Mosjesj het hom nie by die onderhandelde grenslyne gehou nie, wat boerderytoestande aan die Basoetoland-

[65] GM Theal, *History of South Africa from 1795 to 1872* 3, pp.349-369.
[66] Sanders, pp. 176-203.
[67] Grobbelaar, p. iv.
[68] JH Malan, *Die opkoms van 'n republiek of die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*, p. 277.
[69] WW Collins, *Free Statia*, pp. 127-145.
[70] Theal 4, pp. 201-211; GM Theal, *Basutoland records: copies of official documents of various kinds, accounts of travellers etc. with maps and sketches of boundary lines* 3, p. 257.

grens by die dag hagliker laat word het. Daarop het pres. Brand ’n ultimatum aan Mosjesj gestuur dat sy oortreders gestraf moes word.[71]

In Julie 1865 het die Tweede Vrystaat-Basoeto-oorlog uitgebreek. Pres. Brand het nie aan die hoof van die vegtende burgers gestaan nie, maar militêre operasies oorgelaat aan die kommandante, maar hy moes in al hulle beplanning geken word. Dit was moeilik om dissipline onder die burgers te handhaaf omdat die kommandante onervare was. Dit het baie van Brand geverg om hierdie kommando's vol individualiste bymekaar te hou.[72] Sir Philip Wodehouse het vir die Vrystaters geen simpatie gehad nie en het ’n proklamasie uitgevaardig dat die Kaap neutraal sou bly en het by Natal aangedring om dieselfde te doen. Wodehouse moes besef het dat hy deur sy proklamasie die Vrystaters, eerder as die Basoetos, benadeel het, aangesien in die Kaapkolonie en Natal heelwat simpatie vir die Vrystaat was.[73] Hy het verder verklaar dat hy die invoer van ammunisie vanaf die Kaapse hawens na die Vrystaat sou verbied, indien Britse onderdane deur die Vrystaat gewerf word om teen die Basoetos te veg. Daarmee sou hy eensydig artikel 8 van die konvensie van 1854 verbreek wat vir die ongehinderde invoer van ammunisie voorsiening gemaak het.[74]

Hierdie proklamasie en die beroep op Natal skep die indruk dat Wodehouse verwag het dat die Vrystaat nie alleen die mas sou kon opkom nie, wat aan hom die geleentheid sou bied om in te gryp en ’n meer bevredigende vrede vir die Basoetos te bewerkstellig. Dit het al pres. Brand se oorredingsvermoë gekos om te keer dat die Vrystaatse weerstand in duie stort.[75] Die sterk weerstand van die Basoetos het die kommando's terug gedwing na Korannaberg. Die kommando's is in drie afdelings opgedeel, waarvan die derde afdeling verantwoordelik was vir die distrikte Smithfield en Bethulie. Dit het egter nie verhinder dat die Basoetos strooptogte tot diep in die Vrystaat gemaak het nie.[76] Na 'n mislukte aanval op Thaba Bosigo volg ’n tweede aanval onder bevel van Louw Wepener. Hierdie aanval het ook misluk en boonop het Wepener gesneuwel. Dié mislukking het

[71] Collins, pp. 210-217; Grobbelaar, pp. 127-128.
[72] GD Scholts, *President Johannes Henricus Brand 1828-1888*, p. 51.
[73] *Ibid.*, p. 54; Theal, p. 237.
[74] Theal, 3: Wodehouse – luitenant-goewerneur Natal, 19 September 1866 (brief), p. 894.
[75] Collins, p. 227.
[76] Scholtz, p. 52.

veroorsaak dat die burgers op eie houtjie besluit het om verlof te neem.[77] Dit het die Basoetos die geleentheid gebied om weereens die Vrystaat binne te val. In ’n strooptog het hulle die Caledonrivier-distrik en die wyke Wilgeboomspruit en Slikspruit in puin gelê. Die meeste plase is afgebrand en talle beeste en skape buitgemaak.[78]

Deur hulle swak optrede het die burgers reg in die hande van Mosjesj en Wodehouse gespeel. Dit bevestig die vermoede dat Wodehouse daarop gereken het dat Mosjesj op eie houtjie met die Vrystaat sou kon afreken, mits die Vrystaat geen versterkings kry nie.[79] Vroeg in 1866 het die kommando's weer die Basoetos aangeval en ’n strategie van uithongering gevolg wat die uitgeputte Basoetos gedwing het om pres. Brand se voorwaardes te aanvaar. Daarvolgens het die Vrystaat die verowerde gebied behou. Brand het ook daarin geslaag om te voorkom dat Wodehouse tussenbeide tree en dus was Mosjesj verplig om vrede te maak.[80] In April 1866 het die verdrag van Thaba Bosigo gevolg waardeur die Basoetos meer as die helfte van hul beboubare grond verloor het. Ten spyte hiervan het die Basoetos nie die verowerde gebied verlaat nie.[81]

Die belangrikste gevolg van die Tweede Vrystaat-Basoeto-oorlog was dat daar vir die Basoetos te min bewerkbare grond gelaat is, waaroor Mosjesj sy lot by Wodehouse bekla het. Hy het gevoel dat die vrede van 1866 sy volk geruïneer het. Wodehouse wou nou die Basoetos graag as Britse onderdane aanneem, maar die tyd was nog nie reg vir inmenging nie.[82] Mosjesj het hom dus tot Natal gewend, wat nie Wodehouse se goedkeuring weggedra het nie, want hy wou in die posisie wees waar hy regstreeks met die Vrystaat sou kon onderhandel.[83] Na die vrede in 1866 het Wodehouse sy misnoeë met die Vrystaatse maatreëls te kenne gegee en daarop aangedring dat die verdrag hersien word. Volgens hom was die kern van die probleem die min bewerkbare grond wat die Vrystaat aan die Basoetos gelaat het.[84] Pres. Brand

[77] *Ibid.*,pp. 52-56.
[78] Grobbelaar, p.134.
[79] Scholtz, p. 56.
[80] Theal 4, p. 274; Theal, 3, pp. 654-656.
[81] Theal 4, p. 274; Theal, 3, pp. 649-651.
[82] CW De Kiewiet, *British colonial policy and the South African republics, 1848-1872*, pp. 177-188.
[83] Theal 3, pp. 713-714, 721-724.
[84] *Ibid.*, pp. 660-662; Grobbelaar, pp. 158-159.

se standpunt was dat 'n werklike vrede slegs gesluit sou kon word indien die Basoetos heeltemal magteloos gemaak word. As een van die vredesvoorwaardes het die Vrystaat dus geëis dat 'n deel van Basoetoland, naamlik die Verowerde Gebied, aan die Vrystaat afgestaan word. [85]

Hoewel die Vrystaat aan die begin van die oorlog geïsoleer is deur Wodehouse, het hy hom deeglik laat geld en kon dus die vredesverdrag dikteer. 'n Positiewe, onpartydige en meer opbouende rol deur Wodehouse kon die geweldige verlies aan grondgebied voorkom het. Volgens SF Malan, voormalige professor in Geskiedenis aan Unisa, het die vredesluiting en die gepaardgaande feesvieringe 'n duidelike anti-Britse kleur aangeneem, omdat die Vrystaat weereens, in die persoon van Wodehouse, kennis gemaak het met die Britse imperialisme. Die besef het tot hulle deurgedring dat as gevolg van die Britse beleid dat geen vrywilligers uit die Kaap en Natal gewerf kon word om aan hulle kant te veg nie, hulle man alleen die stryd suksesvol aangepak en deurgevoer het. Dit het die besef laat posvat dat met eenheid in hulle geledere hulle nie van hulp van buite afhanklik is om hulle doelwitte te bereik nie. Daardeur is die eiewaarde en selfvertroue van die Vrystaters versterk en is hulle sin vir onafhanklikheid positief gestimuleer. Die golf van verontwaardiging wat oor die land gespoel het, het daarom die lotsverbondenheid wat deur die Vrystaat-Basoeto-oorloë tot stand gekom het, skerper omlyn.[86]

Vanweë die feit dat die hele Slikspruit-wyk binnegeval en in puin gelê is, kan aanvaar word dat, terwyl hy op kommando was, Attie Grobbelaar se plaas, Cyferfontein, ook tydens die inval afgebrand is. Sy vrou en oudste kinders moes dus die fort tuis gehou het. Op daardie stadium was Maria reeds 15 jaar, Pieter 13 jaar en Attie 10 jaar oud. Met die inval is hulle, soos al die ander families in die omgewing, gewaarsku om van die plaas af pad te gee en in Bethulie veiligheid te gaan soek. Hierdie gebeure het uiteraard op die ontvanklike gemoedere van die kinders 'n groot indruk gemaak. Om te ervaar hoe sy moeitevolle handewerk sedert 1861 vernietig word, het 'n wrok teen die Basoetos en Brittanje by hom teweeggebring. Sy ervarings moes hom in

[85] Scholtz, pp. 54-55.
[86] SF Malan Politieke strominge onder die Boere van die Vrystaatse republiek, pp. 38-39.

daardie stadium reeds bewus gemaak het van die belangrikheid van eenheid binne Vrystaatse geledere. Sy vyandige gevoel teenoor die Basoetos was nie uniek nie. Hy het geesgenote gevind by ander burgers wat deur hulle ervaring ’n onderlinge verbondenheid meegebring het. As teenpool vir die ekspansionistiese beleid van Mosjesj het ’n trots op hulle eie staat ontstaan, en het hulle gevoel dat die Vrystaat ten alle koste teen die Basoetos beskerm moes word.

Ongeveer drie weke nadat die vrede gesluit is, het die Uitvoerende Raad van die Vrystaat klagtes ontvang dat die Basoetos reeds weer in die verowerde gebied jag en steel, omdat hulle na bewering geen kos gehad het nie.[87] Die Vrystaatse kommando's het gevolglik uitgetrek om die gebied skoon te maak. Kort daarna het die Derde Vrystaat-Basoeto-oorlog in 1867 uitgebreek. Die Vrystaters het die stryd met meer selfvertroue en ’n ongekende eenheidsgevoel aangepak. Deur die besielende leierskap van persone soos pres. JH Brand, HAL Hamelberg en kommandante AJ Bester, L Wessels en JH Lange het die gees van défaitisme plek gemaak vir vasberadenheid dat hulle onafhanklikheid uit patriotisme verdedig moes word.[88] Teen 24 September is ’n nagaanval geloods wat soveel paniek onder die Basoetos gesaai het dat hulle ’n haastige aftog geblaas het.[89]

Mosjesj het weereens by Natal aansoek gedoen om Britse onderdane te word. Goewerneur Keate het met pres. Brand en sir Philip Wodehouse in verbinding getree. Wodehouse was baie sterk ten gunste van die anneksasie van Basoetoland en het die Sekretaris van Kolonies daaroor genader. Brand was intussen onbewus van Wodehouse se bedoelings, soos uitgedruk in ’n brief aan Burnet waar hy sê hy wil hê die Basoetos lank genoeg moet saamstaan om aan hom die voorwendsel te gee om met hulle te onderhandel, en “it would be a good thing [to] let it ooze out to the missionaries and the Basuto Leaders that [….] I am still contemplating [….] an agreement”.[90] Ter wille van die bereiking van sy ideaal met betrekking tot

[87] Scholtz, p. 68.
[88] Malan, pp. 38-39.
[89] Grobbelaar, pp. 165-166.
[90] Wodehouse – Burnet, 19 September 1867 (brief), soos aangehaal in JJG Grobbelaar, *Die Vrystaatse republiek en die Basoetoe-vraagstuk*, p. 167.

die Vrystaat en die Basoetos het Wodehouse dus daarop aangedring dat die reeds verhongerde Basoetos moes uithou totdat hy ’n geskikte aanknopingspunt kon vind om met hulle te onderhandel.

Die Konserwatiewe regering wat in 1867 in Brittanje aan bewind gekom het, het ’n verandering in die Britse buitelandse beleid tot gevolg gehad. Die Britse regering het besluit dat die vrede en welsyn van Haar Majesteit se besittings in Suid-Afrika die beste gedien kon word deur die anneksasie van Basoetoland. Om dié rede het sir Philip Wodehouse opdrag ontvang om met Mosjesj te onderhandel oor die erkenning van sy Britse onderdaanskap. Ná sodanige erkenning moes die grenslyn tussen die Vrystaat en Basoetoland hanteer word. Wodehouse het met pres. Brand in verbinding getree en te kenne gegee dat die anneksasie van Basoetoland die enigste oplossing sou wees. Hy het vertrou dat Brand die vyandelikhede sou staak en hom verseker dat die Vrystaat se eise in aanmerking geneem sou word.[91] Intussen het die Vrystaat die Basoetos uit een vesting na die ander verdryf. Dus het Brand aan Wodehouse laat weet: “it would be unsafe to suspend hostilities [….] at the moment [….] the object of the war is nearly accomplished [….] and [….] our army are [….] successful”.[92]

Soos reeds hierbo vermeld, was die totale onderwerping van die Basoetos vir pres. Brand die enigste basis vir toekomstige vrede. Dit het Wodehouse glad nie gepas nie, maar hy het  dadelik die voordele wat uit Brand se weiering getrek kon word, ingesien. Vandaar sy skrywe aan die Sekretaris van Kolonies dat Brand se weiering aan Brittanje groot vryheid van optrede verskaf het, juis omdat die Vrystaat die gebied wat Mosjesj in 1866 moes afstaan, geëis het. Dit sou vir Brittanje baie ongerieflik wees indien dié gebied in Vrystaatse hande was. Hy voel daarom dat hulle die weiering moet benut en terugval op die grense wat hy en sir George Grey voorheen bepaal het.[93] Daarop het Mosjesj deur bemiddeling van Burnet ’n smeekbede aan Wodehouse gerig, waarop hy aan Burnet laat weet het: “I will use my utmost endeavours [....] In the meantime [….] they should make every exertion to embarrass the movements of the Boers; and […] take care to re-occupy the ground as soon as the

[91] Theal 3, pp. 839-840.
[92] *Ibid.*, pp. 848-850.
[93] *Ibid.*, pp. 874-875; Grobbelaar, p. 169.

commandos move off."[94] Hierdie skrywe getuig van 'n berekende anti-Vrystaatse gesindheid van Wodehouse. Dit laat geen twyfel nie dat hy alles in sy vermoë sou doen om die Vrystaat se belange te benadeel.

Op 23 Februarie het die Vrystaat Kieme ingeneem. Daardeur is die mag van die Basoetos totaal gebreek, want slegs Thaba Bosigo het nog oorgebly. Sir Philip Wodehouse het besef dat hy onmiddellik moes ingryp. In 'n brief aan pres. Brand op 10 Maart 1868 het hy die Vrystaat gewaarsku dat hy hierdie Vrystaatse politiek as voldoende sien om hom te onthef van die nakoming van die konvensie van 23 Februarie 1854.[95] Op 12 Maart 1868 het hy 'n proklamasie uitgevaardig waardeur die Basoetos as Britse onderdane aangeneem is. Op 12 Maart 1868 is Basoetoland formeel by die kroon ingelyf.[96] In Februarie 1869 het sir Philip Wodehouse en pres. Brand die Tweede Konvensie van Aliwal-Noord onderteken. Die verdrag is in Maart 1870 bekragtig.[97] Die Vrystaat het drie oorloë gevoer voordat die Basoetos in bedwang gebring kon word. Met twee van hierdie oorloë het Brittanje tussenbeide getree. Dit het die indruk geskep dat Brittanje tussenbeide gekom het juis toe die Vrystaat op die punt was om die vrug van hulle oorwinning te pluk, want Mosjesj was nie daartoe in staat om self sy verlore grondgebied terug te wen nie. Slegs Britse inmenging sou hom kon red. Dat hierdie politiek van sir Philip Wodehouse die stryd onnodig verleng het, blyk uit pres. Brand se bewering dat Mosjesj en sy mense hulle lankal vir vrede sou beywer het, indien hulle nie onder die indruk was dat Wodehouse aan hulle die ou grenslyn van maj. Warden sou teruggee nie.[98]

'n Geslag het nou in die Vrystaat na vore getree wat met reg daarop aanspraak kon maak dat hulle goed en bloed vir die onafhanklikheid van hulle eie staat opgeoffer het.[99] Hulle het in opstand gekom teen sir Philip Wodehouse en die Britse regering. Die ou wonde van die Oosgrens, die Groot Trek en die Soewereiniteit is daarmee opnuut oopgekrap. Dit het vir die Vrystaatse volk

[94] VAB, IBB7: Despatches from the Governor of the Cape of Good Hope and the Lieut.-Governor of Natal on the subject of the recognition of Moshesh, Chief of the Basuto's, and of his tribe as British subjects, Julie 1869, p. 32.
[95] Theal 3, pp. 891-892.
[96] Van Jaarsveld, pp. 112-113.
[97] Muller, pp. 341-346.
[98] Theal 4, p. 330; Grobbelaar, pp. 173-175.
[99] *The Friend*, 15 Mei 1852 en 22 Mei 1852.

duidelik geword dat Brittanje in sy strewe na oppergesag nie eers sy eie traktate eerbiedig het nie. Die besluit van die Volksraad oor die anneksasie het gelui dat die Vrystaat in sy eer, waardigheid en belange aangetas is. Die republiek se onmag is ook erken om iets verder aan die saak te kon doen.[100] Hierdie magtelose ontevredenheid was ’n vrugbare teelaarde vir ’n Vrystaatse nasionale sentiment, asook vir hul afkeer van Britsgesinde Engelssprekendes in die Vrystaat.

Die Vrystaters het dus nou die Vrystaat as hulle vaderland aanvaar, omdat hulle vir die gebied se onafhanklikheid geveg het. Attie Grobbelaar was ’n goeie voorbeeld van die ontwikkeling van die nuwe denke by die gemiddelde Vrystater. Soos reeds genoem, het hy teen 1861 ter wille van ekonomiese oorlewing na die Vrystaat getrek en nie uit protes teen die optrede van die Britse regering nie. Op daardie tydstip was die onafhanklike Vrystaatse Republiek reeds ’n werklikheid, maar slegs in naam as gevolg van die ongebondenheid, individualisme en heethoofdigheid wat Attie en vele ander inwoners van die Vrystaat met mekaar gedeel het. Die onderbou van lotsverbondenheid, lojaliteit en vaderlandsliefde het egter nog ontbreek. Toe Brittanje Basoetoland annekseer, het Attie Grobbelaar, met ’n individualistiese sin vir reg en geregtigheid, wat deur ’n groot groep van sy medeburgers gedeel is, gevoel dat hulle met onreg en ongeregtigheid gekonfronteer word. Dit het vir hulle gelyk of Brittanje hulle niks gegun het nie. Uit reaksie teen hierdie gemeenskaplike gevoel van veronregting is ’n pro-Vrystaatse gevoel gebore, wat by Attie Grobbelaar sy vorige onderhorigheid aan ’n Britse koloniale regering vervang het.

## 5. DIE DIAMANTVELDE

Diamante is in 1867 op Vrystaatse grondgebied tussen die Oranje- en Vaalrivier en ook aan beide oewers van die Vaalrivier, naby die samevloeiing met die Oranjerivier, ontdek. Dit was dus dringend noodsaaklik dat die Vrystaat se regte op hierdie gebied erken moes word.[101] Niklaas Waterboer, ’n Griekwakaptein, was ook ’n aanspraakmaker op hierdie gebied. In ’n ontmoeting met pres. Brand

---

[100] Malan, p. 40.

[101] JJ Oberholster, *Die anneksasie van Griekwaland-Wes*, pp. 102-103; Muller, p. 184.

om die saak te bespreek, het Waterboer 'n neerlaag gely. Dit het Arnot, die algemene agent van die Griekwas, tot 'n drastiese stap laat oorgaan. Hy het in verbinding getree met sir Richard Southey, die Kaapse koloniale sekretaris.[102] Daarop het Arnot onmiddellik 'n dokument by die Kaapse owerheid ingedien waarin versoek is dat Waterboer onder Britse beskerming geplaas moes word.[103] Die versoek is gunstig oorweeg en 'n Kaapse magistraat is gestuur om gesag aan die Vaalrivier op Vrystaatse bodem uit te oefen. Die Vrystaatse regering is ook gewaarsku dat sy eis oor die gebied en sy inwoners nie erken word nie. Pres. Brand probeer die waarnemende goewerneur, lt.-genl. Hay, oortuig van die Vrystaat se aanspraak op die betrokke gebied, maar tevergeefs. In 'n brief aan die Britse regering verwys Hay na "the very slight, and as it appears to me, insufficient grounds upon which the Orange Free State lays claim to a large and valuable tract of territory".[104]

Intussen het Brittanje 'n beleid van verdere uitbreiding in Suid-Afrika begin oorweeg. Lord Kimberley het aan die nuwe goewerneur, sir Henry Barkly, gesê dat die Britse regering geen indringing in die Griekwagebied wou hê nie, want dit sou aan die Boere ruimte vir hulle slawehandel bied en moontlik tot onderdrukking en onrus lei. Hy gaan voort en verklaar dat die Britse regering nie graag sy gesag in Suid-Afrika wou uitbrei nie, maar sy houding mag verander as die Kaapkolonie gewillig was om die gebied te regeer.[105] Pres. Brand was egter vasbeslote om die Vrystaat se besitreg op die gebied te handhaaf, ooreenkomstig die voorskrifte van die Bloemfontein Konvensie van 1854 en die wettige aankoop van Griekwagronde deur pres. Pretorius in 1861. Hy het dus amptenare aangestel om wet en orde onder die delwers te verseker.[106] Die bewerings van slawehandel en onderdrukking van die inboorlinge is deur Brittanje teen die Vrystaat ingespan as regverdiging vir hul ongehoorde optrede. Dit wil dus weereens voorkom of die direk teenoorgestelde beleid wat deur die Britse en koloniale regerings in Australië gevolg is, ongehinderd deur die morele oorwegings wat in Suid-Afrika gegeld het, toegepas is.

[102] A Wilmot, *The life and times of Sir Richard Southey*, pp. 174-175; TB Barlow, *President Brand and his times*, pp. 135-146.
[103] Barlow, pp. 139-141.
[104] VAB, C459: Correspondence respecting the affairs of the Cape of Good Hope, 17 Augustus 1871, pp. 73-75.
[105] *Ibid.*, pp. 65-66.
[106] Oberholster, pp. 101-103.

Dit wek verder die indruk dat dit vir Brittanje geensins gegaan het oor die moontlike verslawing en onderdrukking van die Griekwas deur die Boere nie, maar dat dit slegs ’n verskoning was om die diamantgebied te bekom. Hierdie dispuut oor die eienaarskap van die Vrystaatse diamantgebied so kort na die anneksasie van Basoetoland, het ’n wrang smaak by die Vrystaters gelaat. Dit het duidelik geword dat Brittanje nie sou huiwer om beslag te lê op die natuurlike rykdom van hierdie gebied ten einde sy oppermag gevestig te hou nie. Vir die Vrystaters wou dit voorkom of Brittanje enigiets sou doen om die Vrystaat te benadeel en dan sy eie onregmatige optrede te regverdig. Die wantroue in Brittanje en die Britse imperialisme wat by die Cyferfontein-Grobbelaars posgevat het, kan inderdaad na hierdie tydperk teruggevoer word.

Hoewel pres. Brand aan die begin van 1871 in Kaapstad al die bewysstukke ten gunste van die Vrystaatse aanspraak aan sir Henry Barkly voorgelê het, het Barkly op 1 Februarie teenoor die graaf van Kimberley beweer: “The Free State altogether failed to prove the [….] enjoyment of sovereign rights.”[107] Die Griekwa-agent, Arnot, was vasbeslote om ten alle koste te voorkom dat die Vrystaat beheer oor die diamantvelde verkry.[108] Barkly het die diamantvelde besoek en gevind dat die gemeenskap by Pniel verkies het om onder ’n sterk en gevestigde regering geplaas te word en daarom na Brittanje as die oppergesag in Suid-Afrika sou opsien vir hulp en bystand.[109] Hy kom toe met ’n voorstel van arbitrasie waarop pres. Brand geantwoord het dat die Vrystaat nie arbitrasie oor die gebied suid van Vaalrivier sou toelaat nie. Hy was egter gewillig om die Campbell-gebied aan die arbitrasie van die president van die Verenigde State van Amerika (VSA) of die koning van Nederland te onderwerp. Barkly het in reaksie hierop ’n baie onvriendelike en intimiderende houding ingeneem en die oproep van ’n kommando om die Vrystaat se regte op die diamantvelde te beskerm, vertolk as ’n poging om oorlog teen die koningin van Engeland aan te blaas.[110] Daarop het die Volksraad op 3 April besluit dat die gebied suid van die Vaalrivier ook onder arbitrasie kon kom. Pres. Brand het sir Henry Barkly daarvan in kennis gestel en

[107] VAB, C459, p. 107.
[108] Scholtz, p.107.
[109] VAB, C459, pp. 131-135.
[110] Barlow, pp. 143-148; VAB, C459, pp. 157-161.

voorgestel dat die saak aan die arbitrasie van die keiser van Duitsland, die koning van Nederland of die president van die VSA onderwerp moes word.[111]

Barkly het hierop die versoek aan die Britse regering voorgelê. Voordat hy ’n antwoord daarop kon verkry, het hy ’n brief van die Britse regering ontvang waarin hy meegedeel is dat die regering teensinnig besluit het om die sessie wat deur Waterboer aangebied is, te aanvaar, mits die Kaapse Parlement bereid was om die bestuur van die diamantvelde op hom te neem. So ’n voorstel is in albei huise van die Parlement met ’n klein meerderheid aangeneem.[112] Twee maande later eers is die Vrystaatse versoek om arbitrasie in nog ’n brief van Kimberley aan Barkly verwerp. Die Britse optrede het by die gemiddelde Vrystater die indruk van valsheid en skynheiligheid versterk. Onderliggend aan die sogenaamde teensinnige besluit om Waterboer se sessie te aanvaar, het die onwilligheid van die Britse regering gelê om tot arbitrasie toe te stem, omdat vreemde arbitrasie nooit sou kon slaag nie. As magtige wêreldmag het Brittanje dus die regte van die veel swakker Vrystaatse Republiek verontagsaam.

Intussen wou sir Henry Barkly ’n Suider-Afrikaanse federasie tot stand bring waarbinne nie een van die Boererepublieke toegelaat sou word om so sterk te word dat dit Brittanje se oppergesag sou aantas nie. Hy het in ’n brief verduidelik dat indien die Vrystaat toegelaat sou word om die diamantvelde te absorbeer, die gebied met sy rykdom en bevolking sterk sou meeding met die Oostelike en Westelike Provinsies en daarom nie tevrede sou wees om slegs ’n ondergeskikte rol te speel nie.[113] Die Vrystaat sou dan te ryk en magtig wees en sou nie belang stel om tot die federasie toe te tree nie.[114] By implikasie moes die diamantvelde dus nie in Vrystaatse hande beland nie. Ten einde dit te voorkom, skryf Barkly op 30 September 1871 aan Kimberley, moes hulle die Griekwas tot Britse onderdane en Griekwaland-Wes tot Britse gebied verklaar, wat dan ook op 2 Oktober 1871 gebeur het.[115] Uit magtelose woede skryf *De Tijd* dat in die naam van die Britse koningin weer ’n nuwe euweldaad gepleeg is. Die Britse koloniale burokrasie het volgens die berig opnuut ’n bladsy in die geskiedenis van die misdadige Brittanje besoedel deur hom met geweld meester te

111 VAB, C459, p. 167.
112 VAB,C459, pp. 195-196.
113 VAB, C508: Further correspondence respecting the affairs of the Cape, 6 Februarie 1872, pp. 10-13.
114 Scholtz 3, p. 408.
115 VAB, C508, pp. 14-16, 31-33; Van Jaarsveld, pp. 113-114.

maak van ’n bevriende naburige land se regmatige eiendom, sy regte en sy rykdomme.[116] Die Vrystaatse Volksraad spreek op 4 Desember 1871 in ’n waardige verklaring die voorneme uit om nie in die onreg te berus nie.[117]

Pres. Brand het besef dat die Vrystaat te swak was om direk met Brittanje te bots. Hy wou die stryd dus op diplomatieke vlak voer.[118] Sy standpunt was dat die Vrystaat ’n onafhanklike, soewereine staat was wie se onafhanklikheid, grense en grondgebied deur Brittanje self in die Bloemfontein Konvensie gewaarborg is. Weens die minagtende wyse waarop die Vrystaat behandel is, was dit moeilik om die verontwaardigde burgers te kalmeer, veral so kort na hulle ervaring met die Vrystaat-Basoeto-oorloë. Hulle skryf daarom in ’n ope adres aan sir Henry Barkly: “Gij krenkt ons in onzen Staatspresident [...] Gij krenkt ons in onze waardigheid [...] Gij krenkt ons door ons te wizjen op onze zwakheid en magteloosheid.”[119]

Die Vrystaatse Volksraad het in ’n waardige verklaring kragtig teen die skending van die Vrystaatse regte geprotesteer en die voorneme uitgespreek om te volhard totdat die onreg herstel sou word.[120] Die woorde van hierdie adres weerspieël die verontwaardiging en gevoelens van belediging van die Vrystaters in die algemeen en die Cyferfontein-Grobbelaars in die besonder. Dit versinnebeeld opnuut die tradisionele grief teen Brittanje as vervolger van die Afrikaner.[121] Ook het dit ’n magtelose bitterheid veroorsaak, omdat hulle besef het dat enige vorm van geweld aan die Britse regering die verskoning sou bied om die Vrystaat se onafhanklikheid te beëindig.  Daarom kon hulle net aanhou protesteer en aandring op arbitrasie.[122] Hierdie stryd om die diamantvelde het die Vrystaatse bevolking saamgesnoer soos nooit tevore in sy geskiedenis nie.[123]

---

[116] *De Tijd*, 9 November 71, soos aangehaal in Scholtz 3, p. 409.
[117] Vrystaatse Volksraadsnotule, 13 Desember 71, soos aangehaal in Scholtz 3, p. 409.
[118] Scholtz, *Pres. Brand*, p. 137.
[119] *De Tijd*, 30 Maart 1871, soos aangehaal deur SF Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse republiek*, pp. 43-44.
[120] Scholtz, *Pres. Brand*, p. 137.
[121] Malan, p. 44
[122] Scholtz, *Politieke denke* 3, p. 410.
[123] Malan, p. 44.

Pres. Brand het tot op 23 Januarie 1875 ’n briefwisseling met sir Henry Barkly oor arbitrasie gevoer. Op daardie datum het Barkly eensydig besluit om die korrespondensie oor die saak te sluit. Uit die briefwisseling blyk duidelik dat hy wou voorkom dat arbitrasie plaasvind. Hy het telkens een of meer besware teen die Vrystaatse voorstel gehad. Wanneer ’n toegewing gedoen is, het Barkly onmiddellik nuwe besware geopper. Brand het ’n akte van submissie laat opstel en aan Barkly gestuur. Dié het egter weer ’n ander akte laat opstel en dit op 14 Januarie 1874 aan Brand gestuur. Brand het sekere veranderings in die akte voorgestel waarop Barkly op 15 April geantwoord het dat hy nie die nodigheid van die veranderings insien nie.[124]

Hierdie antwoord van Barkly getuig van die tipiese hooghartigheid wat die optrede van die Britse regering teenoor die Vrystaat deurgaans gekenmerk het. Die gevolge daarvan was dat die kloof wat tussen die Vrystaat en Brittanje ontstaan het steeds dieper en meer onoorbrugbaar geword het. Die Britse optrede is nie langer as aksie teen die Vrystaatse bevolking alleen beskou nie, maar ook as ’n aantasting van die soewereiniteit van hulle staat, hulle president en hulle regte. Hierdie gevoelens is beslis ook deur Attie Grobbelaar en sy familie gedeel. Die neerslag daarvan word word steeds by die Grobbelaar-nageslag aangetref.

Twee gebeurtenisse gedurende 1874 sou uiteindelik die Vrystaatse standpunt bevestig en ’n verandering in die Britse houding teweegbring. Die eerste was pres. Brand se benutting van lord Carnarvon se federasieplan om die Vrystaatse aanspraak op die diamantvelde erken te kry. Brand het laat deurskemer dat hy nie onsimpatiek teenoor ’n federasie was nie, maar nie sou toelaat dat die Vrystaat deel van ’n Britse federasie word voordat die onreg oor die diamantvelde nie uit die weg geruim is nie. In hierdie verband het pres. Brand aan die Britse skrywer JA Froude, lord Carnarvon se gesant om federasie te bevorder, gesê die Vrystaat sou nie met verteenwoordigers van die Kaap, Natal en die sogenaamde Griekwaland-Wes oor federasie in gesprek tree voordat die kwessie bygelê is nie.[125]

Daardeur is lord Carnarvon gedwing om tegemoetkomend op te tree, gesteun deur ’n

[124] Scholtz, *Pres. Brand*, pp. 139-141, 145-153; Scholtz, *Politieke denke* 3, p. 411.

[125] VAB, IBB9: C1399: Further correspondence respecting the proposed Bill for enabling the South African colonies and states to unite under one government, February 1876, pp. 58-83.

verslag van Froude op 10 Januarie 1876. In dié verslag beskuldig Froude die Britse regering dat hulle aanvanklik beheer oor die Vrystaat laat vaar het, maar die oomblik toe diamante ontdek is, ’n voorwendsel gesoek het om weer sy soewereiniteit oor die gebied te vestig. Hy beskuldig die regering dat hy die Vrystaat bedrieg het deur foutiewe grense neer te lê. Toe die Vrystaat teen sy vyand, die Basoeto, geveg en hulle oorwin het, het die Britse regering neutraal gebly en tot op die einde gewag om in te tree ten einde te voorkom dat die Vrystaat voordeel uit sy sukses behaal. “Your conduct towards the Dutch has been one tissue of selfishness, treachery and fraud from the beginning, and now that […] all your pretexts for encroachment of the coveted lands are exhausted, you come and invite them to place themselves once more under the British flag, which the tradition of their forefathers, and more lately their own experience, has taught them to despise.”[126] Hierdie aantyging het die gevoel van die Vrystaters noukeurig verwoord. Lord Carnarvon het besef dat sy federasieplan nooit sonder Brand se steun sou kon slaag nie. Daarom het hy op sy beurt die weg gebaan vir samesprekings in Londen.[127]

Die tweede gebeurtenis wat in die guns van die Vrystaat beklink is, was die bevinding en uitspraak in 1876 van die Kaapse Spesiale Hof oor Grond-aansprake dat Niklaas Waterboer se aanspraak op die gebied tussen die sameloop van die Oranje- en Vaalrivier ongegrond was. Dit het pres. Brand in die posisie geplaas waar hy voor die hele wêreld die erkenning van lord Carnarvon kon afdwing dat Brittanje die Vrystaat op onregmatige wyse sy goeie reg op sy eie grondgebied ontneem het. Hierdie uitspraak was ’n belangrike oorwinning vir die Vrystaat. Brand het aanvanklik aangedring op die teruggawe van die diamantvelde. Carnarvon was, nieteenstaande bogenoemde uitspraak, uiteraard nie bereid om hom hierby neer te lê nie. Hy het laat deurskemer dat die Britse regering bereid was om ’n geldelike vergoeding te betaal. Die teenprestasie was egter dat die Vrystaat afstand doen van sy soewereine onafhanklikheid. Daarvoor was pres. Brand nie te vinde nie. ’n Ooreenkoms is op 13 Julie 1876 met die Britse regering bereik. Daarvolgens sou die Vrystaat van sy regte op die diamantvelde afstand doen teen ’n vergoeding van £90 000. [128] Op dié wyse het

[126] *Ibid.*
[127] Malan, p. 45.
[128] VAB, IBB10, C1631: Further correspondence relating to the affairs of South Africa, 8 Augustus 1876, pp. 70-71.

pres. Brand sy doel bereik. In die politieke omstandighede van 1876 was dit die meeste wat hy vir die Vrystaat kon verkry.[129]

Hiermee het Brittanje in die openbaar openlik erkenning gegee aan die Vrystaat se aanspraak op die diamantvelde. Tweedens is dit ’n skulderkenning van die Britse Ryk dat hy landroof gepleeg het. Pres. Brand het na die Vrystaat teruggekeer sonder om hom tot ’n federasie te verbind. Vir sy manmoedige verdediging van die republiek se regte en sy waardige diplomatieke optrede is hy vereer en oor die hele Suid-Afrika as staatsman geroem. Met sy besadigde en onverskrokke optrede het hy die integriteit van die Vrystaat bo alle twyfel gevestig en terselfdertyd die totale gebrek aan integriteit aan Britse kant aan die kaak gestel. Toe Brand op 13 Junie 1877 aan die Volksraad verslag doen oor sy sending en die sukses daarvan, het voorstelle voor die Raad gedien dat aan Brand uit die £90 000 ’n geskenk aangebied word, waarop besluit is op ’n bedrag van £3 000.[130] Die feit dat Brand in sy onderhandelinge met Brittanje ’n besliste diplomatieke oorwinning behaal het, het die eiewaarde van die Vrystaters verder versterk.[131]

Tog was daar by sommige Vrystaters ontevredenheid oor die uiteinde van die saak. Hulle kon hulle nie vereenselwig met die vernedering wat die Vrystaat aangedoen is toe pres. Brand Vrystaatse grondgebied vir ’n nominale bedrag aan sy vervolger moes afstaan nie. Hierdie ontevredenes is gelei deur onder andere JJ Venter, Volksraadslid vir Boschjesspruit, Bethulie.[132] Uit hierdie teenstand teen pres. Brand was dit duidelik dat ’n nasionale gevoel met ’n sterk en besliste anti-Britse inslag by die Vrystaatse volk posgevat het. ’n Deel van die bevolking het nou geëis dat geen kompromieë voortaan met die Britse regering getref moes word nie. Hulle het geglo dat pres. Brand reeds te tegemoetkomend opgetree het. Hierdie oortuiging is versterk deur die president se neutrale houding t.o.v. die Britse anneksasie van Transvaal in April 1877. Brand het hom daarop ingestel om die beste betrekkinge met Brittanje te handhaaf en konfrontasie ten alle koste te vermy. Dit het die besef by ’n deel van

[129] *Ibid.*; Scholtz, *Politieke denke* 3, pp. 413-414.
[130] VAB,Volksraadsnotules, 12 tot 14 en 27 Junie 1877.
[131] Malan, pp. 46-47.
[132] VAB, Volksraadsnotules, 10 Mei 1875, p. 73; 2 Februarie 1876, p. 43 *et seq.*; 9 Desember 1876, p.742; 11 Desember 1876, p. 752.

die Vrystaatse bevolking laat posvat dat hulle en Brand polities nie meer in akkoord was nie. Hierdie groep wou nou doelbewus die beginsel van ’n Afrikanerrepubliek uitbou. In die proses sou hulle telkens met Brand bots, want hy het gestreef na ’n vereniging van die twee blanke rassegroepe en het daarom die bevoorregting van die een groep bo die ander teengestaan.[133]

Die nagevolge van die diamantveldkwessie het ’n bewustheid by die Vrystaters laat posvat dat Afrikanerskap wyer as hulle landsgrense gestrek het en ook hulle taalgenote in die Kaapkolonie en die ZAR ingesluit het. Die Vrystaters het gevolglik voortaan ook hulle verhouding met die ZAR in heroënskou geneem. Tydens die twis oor die diamantvelde het pres. Brand probeer om die houvas van die koloniale hawens op die Vrystaat te verbreek. Saam met sy eweknie van die ZAR, pres. TF Burgers, het hy Delagoabaai as ’n moontlike hawe oorweeg, wat die Britse isolasie van die Vrystaat sou verbreek.

Pres. Brand se idee was om deur Delagoabaai die verbintenisse wat reeds met vreemde moondhede gesluit is, prakties te benut. Die resultaat was ’n Tractaat van Vriendschap, Handel en de Uitlevering van Misdadigers wat met die ZAR aangegaan is.[134] Toe die konsep aan die Vrystaatse Volksraad vir bekragtiging voorgelê is, het pres. Brand opdrag ontvang om ook ’n offensiewe en defensiewe verbond met die ZAR te sluit.[135] Hy was nie daartoe bereid nie, sodat van die politieke ooreenkoms niks tereggekom het nie. Deur sy onderhandelinge het Brand nogtans die sluimerende gevoelens van onderlinge eenheid tussen die twee republieke opnuut wakker gemaak. So is daar na die ZAR verwys as die suster-republiek en is die Transvalers ingesluit wanneer oor Afrikanerskap in ’n ruimer sin besin is.[136]

Volgens Francois Malan het hy by die bestudering van die notules van die volksraadvergaderings tydens die anneksasie van Basoetoland en die diamantvelde bevind dat daar geen grief of verwyt teen die Kaapse Afrikaners was nie. Die Vrystaters was bewus daarvan dat dit die Kaapse goewerneurs, sir

---

133 Malan, pp. 48-49.
134 VAB, Volksraadsnotules, 6 Mei 1872, p. 10.
135 VAB, Volksraadsnotules, 10 Mei 1872, p. 25.
136 Malan, p. 51.

Philip Wodehouse en sir Henry Barkly, was wat as verteenwoordigers van die Britse imperiale regering hulle aspirasies in die wiele gery het.[137] Die Kaaplandse Afrikaners se teenstand teen die Britse optrede het die Vrystaters se harte warm laat klop vir hulle Kaapse volksgenote.[138]

Dit was egter op die taalkundige gebied waar die grootste bewustheid van onderlinge gemeenskaplikheid ondervind is. In die vroeë sewentigerjare van die 19de eeu het daar by die Kaapse Afrikaners 'n heftige reaksie teen die verengelsingsbeleid waaraan hulle vir baie jare onderwerp is, ontstaan. Dit het gelei tot die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 en die Eerste Taalbeweging wat gestrewe het om Afrikaans as moedertaal erken te kry. Te midde van die stryd om die diamantvelde en die anneksasie van die ZAR in 1877 het die GRA op taalgebied ’n Afrikanerbewustheid en ’n kulturele trots laat posvat, wat wyer as bloot die Vrystaat gestrek het.[139] Samehorigheid teen ’n magtige vyand het oral posgevat. Nasionalistiese ondertone in reaksie teen die Britse Ryk was algemeen. Om anti-Brits te kon wees, moes hulle eie lojaliteite ook gevestig word. Hulle gemeenskaplike ervaring het Vrystaters aan mekaar verbind. Hulle nasionalisme is gebore uit ’n sterk emosionele reaksie teen die imperiale Brittanje by ’n groot deel van die blanke bevolking. Dit het negatiewe elemente bevat wat later in die 20ste eeuse ontplooiing van Afrikanernasionalisme ’n groot negatiewe rol sou speel. ’n Betekenisvolle deel van die Vrystaters het nie hierdie nasionalistiese sentimente gedeel nie, veral nie die Engelssprekendes en die Britsgesinde Afrikaners nie.

In hierdie fase van die land se geskiedenis het die Grobbelaars ontdek dat meer as grondgebied, ook taal en kultuur, hulle aan hul mede-Afrikaners gebind het. ’n Liefde vir Afrikaans het by die Grobbelaar-familie posgevat as ’n reaksie teen die onregverdigheid en minagting wat hulle van Brittanje ervaar het tydens die anneksasie van Basoetoland en die diamantvelde. Dit het sterk anti-Britse gevoelens laat ontstaan wat weer op sy beurt ’n pro-Vrystaatse gevoel

---

[137] VAB, Volksraadsnotules, 7 Junie 1858, p. 101.

[138] CW de Kiewiet, *British colonial policy and the South African republics, 1848-1872*, pp. 293-295; HPN Muller, *Oude tyden in den Oranje-Vrystaat*, p. 117; VAB, Volksraadsnotules, 10 Junie 1858, p. 112.

[139] Malan, p. 53.

gestimuleer het. Vir hulle was die vyand nie meer langer die Basoetos nie; die vyand was nou Britse imperialisme. Hierdie sentiment word vandag nog by die nageslag van die Cyferfontein-Grobbelaars aangetref. Aangesien hierdie reaksie in sy wese sterker anti-Brits as pro-Vrystaat was, het dit 'n kiem van vernietiging gedra wat in die 20ste eeu sy tol sou eis. Hieruit het die Vrystaatse nasionalisme by 'n deel van die bevolking ontstaan en hulle sou ook daaruit hul groei put. Die gevaar daaraan verbonde was dat dit waarteen hulle gekant was belangriker geword het as dit wat hulle nagestrewe het. Toe dit waarvoor hulle nagestrewe het tydens die Anglo-Boereoorlog tot sy uiterste getoets is, was dit nie sterk genoeg om 'n eenheid by die Vrystaters te handhaaf nie.

## 6. EKONOMIESE EN STAATKUNDIGE WELVAART EN DIE SKEP VAN 'N MODELSTAAT

Die afloop van die Vrystaat-Basoeto-oorloë het 'n vrugbare strook landbougrond aan die Vrystaat toegevoeg.[140] Weens die skade as gevolg van die oorloë, het die Vrystaat na afloop hiervan 'n baie moeilike tydperk deurgemaak. Pres. Brand het hom gevolglik met ywer aan die verbetering van die ekonomiese omstandighede van die Vrystaat gewy.[141] Attie Grobbelaar was na die oorloë 'n geruïneerde boer, maar het met harde werk en vernuf daarin geslaag om Cyferfontein weer op te bou en welvarend te word. Binne tien jaar na die afloop van die oorloë was hy weer sodanig op die been dat hy 'n derde plaas kon aankoop.[142] Na die armoede wat deur die Vrystaat-Basoeto-oorloë veroorsaak is, het die ontdekking van diamante, en later goud, 'n baie groot bydrae gelewer tot die ekonomiese herstel en ontwikkeling van die Vrystaat, asook die verwesenliking van welvaart.[143] Die aanvraag vir sy produkte op die diamantvelde het die produksievermoë van die Vrystaatse boer gestimuleer. Vir die eerste keer sedert die ontstaan van die Vrystaatse republiek was daar nou 'n bestendige afsetgebied vir landbouprodukte.[144] Die behoeftes van die duisende mense op die diamantvelde het die Vrystaat ekonomies goed te pas gekom.[145] Die

[140] APJ van Rensburg, *Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier Kolonie 1902-1907*, p. 4.
[141] Scholtz, *Politieke denke* 3, pp. 393, 400.
[142] CHJ Neethling, *Die Grobbelaars van Cyferfontein distr. Bethulie*, Inleiding, p. 4.
[143] De Kiewiet, p. 103.
[144] Van Rensburg, pp.7-8.
[145] Scholtz, *Politieke denke* 3, p. 415.

Grobbelaar-familie het ook deel gehad aan hierdie ekonomiese groei en voorspoed. Die resultaat was dat hierdie tak van die familie, nieteenstaande die teenspoed van periodieke droogtes en veesiektes, staande kon bly en hulself ekonomies kon handhaaf. So het nie een van Attie Grobbelaar of sy seuns uitgeboer of armblankes geword nie.[146]

Hierdie groei van die Vrystaat het ’n Britse amptenaar, Will Littleton, in 1879 op sy reis deur die land verras. Hy was beïndruk deur die gemaklike bestaan, die beskawing en die indruk van gevestigdheid en welvaart.[147] Die lewensvatbaarheid van die platteland is verhoog en grondpryse het gestyg, waardeur ook die lewenstandaard van die mense op die platteland verhoog is. Plaaswonings en hul inhoud het meer gesofistikeerd geraak. Gemeentes het ryk geword en sierlike kerkgeboue is oral opgerig. Die Oranje-Vrystaat het in ekonomiese krag toegeneem. Op 14 Junie 1877 het die Volksraad besluit om £70 000 van die vergoedingsbedrag van £90 000 aan te wend vir die oprigting van De Nationale Bank van den Oranje-Vrijstaat. ’n Verdere £8 000 sou vir ’n telegraaflyn na Bloemfontein bestee word.[148] Die pioniersomstandighede van die eerste twee dekades het vervaag en die Vrystaat het gaandeweg die vernaamste kenmerke van ’n moderne samelewing begin openbaar.

In die staatslewe van die Vrystaat het twee basiese politieke denkrigtings bestaan. Die werklikheid hiervan is getoon deur die Transvaalse Vryheidsoorlog

in 1880-1881.[149] Enersyds was daar die groep wat pres. Brand se beleidsrigting ondersteun het vir die skep van ’n vooruitstrewende en onafhanklike Vrystaat wat later deel moes word van ’n Suid-Afrikaanse federasie onder die Britse vlag.

---

146 Neethling, hoofstukke 2, 3, 5, 8.
147 Scholtz, *Politieke denke* 3, pp. 415-416.
148 VAB, Volksraadsnotules, 14 Junie 1877 en 27 Junie 1877.
149 Die oorlog het in 1880 uitgebreek nadat die Transvaal in 1877 deur Brittanje geannekseer is. ’n Deputasie is na Londen gestuur om die anneksasie ter syde gestel te kry, maar sonder sukses. ’n Tweede depu-tasie het ook misluk. Uiteindelik het die Transvalers in opstand gekom en ’n proklamasie uitgevaardig waarmee hulle hul onafhanklikheid weereens verklaar het en hulle Brittanje die stryd aangesê het. Die veldslae wat gevolg het, is almal deur die Boerekommando's gewen, die beroemdste waarvan die Slag van Amajuba was. Op 3 Augustus 1881 is die finale konvensie tussen Brittanje en die Transvaal geteken en is onafhanklikheid in ’n beperkte vorm weer aan die Transvaal toegestaan. (JF van Oordt, *Paul Kruger en de opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek*, pp.166-349).

Hulle het die uitbou van ’n Afrikanerrepubliek as ’n gevaar beskou en die anti-Britse sentiment wat die Transvaalse Vryheidsoorlog in die Vrystaat sou opwek, gevrees.[150] Teenoor hierdie groep was daar die groep met leiers soos FW Reitz, H Klijnveld (Bethulie), JJ Venter (Bosjesspruit) en CR de Wet (Dewetsdorp). Hulle het die gedagterigting van ’n sterk groep Vrystaters verteenwoordig wie se hoogste ideaal die behoud en uitbou van Afrikanerrepublikanisme in die twee Boererepublieke was. Hulle kon daarom nie tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog neutraal teenoor die stryd staan nie.[151]

Die Transvaalse sukses op die slagveld het by baie Vrystaatse Boere die opvatting laat herleef dat hulle ’n uitverkore volk was. Hulle het hulleself vergelyk met Israel van ouds wat ook uit die land van verdrukking moes padgee om elders ’n staat van hulle eie te vestig. Hierdie idee van uitverkorenheid en geroepenheid kom algemeen in die geskiedenis voor en is ’n normale verskynsel by ’n geslote gemeenskap wat Ou Testamentiese waardes as grondslag van sy norme aanvaar.[152] Hierdie sterk bewussyn van Afrikanerrepublikanisme het die skeidslyne tussen “ware” Afrikaner, Engelsgesinde Afrikaner en Engelsman skerper omlyn. Diegene wat nie ’n Afrikanerrepubliek en republikanisme goedgesind was nie, is in ’n negatiewe lig beskou en verwerp. Daar is met veragting na die jingo’s in die Vrystaat, wat Brittanje steeds as hulle ware vaderland beskou het, verwys.

In die opwellende bewussyn van Afrikanernasionalisme het die Afrikaanse taalbeweging stukrag verkry en het die koerant, *De Express*, mense met nuwe geesdrif vir Afrikaans besiel.[153] Sommige Vrystaters het die Britse oriëntasie van hulle opvoedingstelsel kwaai gekritiseer. Die Volksraad het in 1881 herbevestig dat Grey-kollege[154] só ingerig moes word dat dit sou inpas by die belange van die Vrystaatse nasionale onderwys. Die landsvaders en baie van

---

[150] VAB, Volksraadsnotules, 25 Mei 1885, p. 203.
[151] Malan, p. 88; De Kiewiet, p. 103.
[152] Malan, pp. 90-91.
[153] *Ibid.*
[154] Sir George Grey het die onderwys aangemoedig. Daarvan getuig onder andere Grey-kollege in Bloemfontein. Vir die oprigting van die kollege het hy £3 000 uit die imperiale toelae aan die regering van die Vrystaat geskenk. WJ de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* 1, p. 345.

hulle kiesers het gevoel dat ’n voorkeur aan Engels by die Afrikaner sy nasionale gevoel onderdruk het en hom sou leer om sy taal te verag en te vergeet, en sy volk te minag.[155] Die opwelling van Afrikanerrepublikanisme ná die Transvaalse Vryheidsoorlog in 1880-1881 het daarom die gedagte laat ontstaan om ’n georganiseerde drukgroep te vestig, sodat hulle ideale sterker onder die regering se aandag gebring kon word, en om aansluiting by Afrikaners in ’n wyer verband te soek.[156] Die gevolg was die stigting van die Vrystaatse Afrikanerbond.[157]

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het die ekonomiese omstandighede van die Vrystaatse boer verder bevoordeel. Vraag en aanbod het toegeneem en die mark was deurgaans goed, sodat die Afrikanerbevolking ekonomies sterker geword het. Die nabyheid van die goudvelde het grondpryse opnuut laat styg en sommige plase het in die mark gekom vir tot £100 000.[158] Teen 1890 het die Vrystaat sy kinderskoene op boerderygebied ontgroei. In daardie jaar is 59 549 bale wol geskeer. Die sensus van 1890 het hierdie vooruitgang bevestig. Daar was 5 916 611 wolskape, 703 381 Afrikanerskape, 895 099 beeste (’n toename van 757 935 sedert 1856), 858 155 bokke waarvan 627 617 Angorabokke was en 341 787 varke. Terselfdertyd het die koringoes 204 075 sakke en die mielieoes 185 585 sakke beloop. Hieruit kan afgelei word dat die veestapel van die gemiddelde Vrystaatse boer waarskynlik uit 549 wolskape, 83 beeste en 80 bokke bestaan het.[159]

Pres. Brand is op 14 Julie 1888 oorlede. Verskeie Vrystaatse openbare figure, waaronder JG Fraser, het hoofregter JH de Villiers van die Kaapkolonie genader om hom beskikbaar te stel as kandidaat vir die presidentskap. De Villiers het egter nie sy weg oopgesien nie.[160] Daarom het FW Reitz in 1889 van hierdie rustige, vreedsame en

---

155 *Ibid.*, p. 92.

156 DJ Kotze, Nasionalisme 1, p. 104; TRH Davenport, *The Afrikaner Bond. The history of a South African political party, 1880-1911*, p. 46; Malan, p. 93.

157 Die Afrikanerbond was die eerste werklike politieke party wat om 1880 in Suid-Afrika gestig is. Die Bond het in die Vrystaat ontstaan as ’n drukgroep teen pres. Brand se Britse voorkeure en sy beïnvloeding van die Volksraad. Dit het die georganiseerde anti-Afrikanergroep wat verantwoordelik was vir die probleme in die ZAR en Basoetoland teengestaan. Die Bond wou ook aansluiting by Afrikaners in ’n wyer verband soek. Dit het egter in die ZAR doodgeloop en in die Vrystaat agteruit gegaan. Davenport, pp. 46, 108.

158 *De Express*, 19 Februarie 1889, soos aangehaal in Van Rensburg, p. 8.

159 Van Rensburg, p. 5.

160 Gould, p. 91.

ordeliewende gemeenskap met sy bloeiende ekonomie president geword.[161] Gedurende sy bewind het hy verskillende vraagstukke aangepak. Hy was die eerste president wat openlik die breë riglyne vir ’n toekomstige beleid ten opsigte van die swart bevolking gepropageer het.[162] Pres. Reitz het probeer om die voordele van die ekonomiese oplewing in bates vir die land te omskep, veral op die gebied van landbou en verkeersweë. Hy het ook nouer samewerking met die ZAR bepleit en in 1889 ’n defensiewe verbond met pres. Kruger gesluit.

Sy positiewe optrede het die weg gebaan vir die federale unie wat drie jaar na sy bedanking tussen die twee republieke tot stand gekom het. Hy het ook belangrike werk met betrekking tot ’n tolverbond tussen al die state en kolonies in Suid-Afrika gedoen, maar net daarin geslaag om die Vrystaat en die Kaapkolonie daarby te betrek. As skrywer en veral digter het hy ’n belangrike bydrae ter bevordering en behoud van die belange van die Afrikaanssprekendes gelewer. As gevolg van swak gesondheid het hy op 11 Desember 1895 as president bedank.[163] Gedurende sy bewindstydperk het die Vrystaters gevoel dat die Voorsienigheid aan hulle ’n spesiale taak opgelê het. Hierdie opvatting het duidelik geblyk toe pres. Reitz op 10 Januarie 1894 by sy inhuldiging vir ’n tweede termyn verklaar het dat net soos Israel ’n uitverkore volk was, dit sy gebed was dat in die toekoms ook die verwerpte Vrystaatse volk ’n uitverkore nasie sou wees.[164] In hierdie sentiment lê die oorsprong van die opvatting by die Afrikaner en onder die Cyferfontein-Grobbelaars dat God Almagtig met ’n doel die Afrikanervolk aan die suidpunt van Afrika geplant het. Hierdie siening kom ook na vore in die rol wat die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Vrystaat gespeel het, wat die ooreenkoms van die Vrystaatse Afrikaner met die Ou-Testamentiese Israel aantoon.[165]

---

[161] *Ibid*., pp. 4-5.
[162] Davenport, p. 46.
[163] De Kock (red.) 2, pp. 594-599.
[164] *De Express*, 12 Januarie 1894, soos aangehaal in Scholtz, *Politieke denke* 4, p. 324.
[165] Die wetenskaplike ontdekkings van die 19de eeu met die gepaardgaande verval van gevestigde godsdienstige begrippe het slegs ’n beperkte invloed op die Kerk uitgeoefen, maar nie tot godsdienstige verval of afvalligheid van kerklike leerstellings gelei nie. Spore van hierdie nuwe wetenskaplike gees van ondersoek op godsdienstige gebied, word ook aangetref in die kerkgeskiedenis van die Vrystaat. So moet die ontstaan van die Gereformeerde Kerk deels toegeskryf word aan die soektog na onomstootlike geestelike waarhede wat die leer van die Nederduits-Gereformeerde Kerk aan die soeklig van skriftuurlike getuienis onderwerp het. Tog het die godsdienstige opvatting van die gemiddelde Vrystater in sy wese suiwer gebly. JD Kriel, *Die verhouding tussen kerk en staat in die republiek van die Oranje-Vrystaat 1854-1902*, p. 162.

In 1896 is pres. Reitz opgevolg deur MT Steyn. Hy het met sy eed-aflegging die take van die Vrystaat, as gevolg van sy sentrale ligging, uitgelig. Dit was hul plig om ’n gees van vereniging met die omliggende state en kolonies te bevorder en wanneer misverstand sou ontstaan, moes almal as broers in die Vrystaat byeengebring word om die misverstand uit die weg te ruim. Dit sou volgens hom die grondslag lê vir die eenheid waarna elke reggesinde Suid-Afrikaner hunker.[166] Hy het hom op ’n stelselmatige en doelbewuste wyse beywer om die Vrystaatse republiek op geestelike, kulturele, ekonomiese, staatsregtelike en landboukundige gebied verder uit te bou. In daardie stadium was die beheer van die hoofspoorlyn deur die Vrystaat in vreemde hande. Die gevaar daarvan is deur die Jameson-inval sterk beklemtoon. Pres. Steyn het dus by die Volksraad aanbeveel dat die Vrystaat die spoorlyn oorneem.[167] Na die oorname daarvan het hy die Volksraad beweeg om ’n uitgebreide stelsel van takspoorlyne aan te lê. Verder het hy hom ook veral vir die landbou en nywerhede beywer, sodat die Vrystaatse Afrikaner homself in ’n groter, verenigde Suid-Afrika sou kon handhaaf. Daarvoor was progressiewe landboumetodes nodig en is die Landbouraad in 1898 gestig. Die welvaart is verder benut om ’n heenkome te bied aan die groeiende getal armblankes wat na die dorpe gestroom het as gevolg van verskeie droogtes. Dit is interessant dat statistiek toon dat 2 363 burgers teen 1896 te arm was om ’n geweer aan te skaf.[168]

Ten spyte van die feit dat diamante en steenkool ook in die Vrystaat ontgin is, het landbou en veeteelt lank die vernaamste bestaansbronne gebly.[169] In 1898 het landbouprodukte £1 360 869 van die totale uitvoer van £1 874 933 gelewer. Dieselfde jaar het die wolopbrengs reeds £363 776 beloop teenoor die £180 514 van twee jaar tevore. Die invoersyfer vir 1898 het £3 354 994 beloop teenoor die £250 000 in 1860 en was £403 262 meer as in 1894. Uitvoer na alle Suid-Afrikaanse state tussen 1895 en 1897 het £5 054 572 bedra. In 1897 was die gunstige handelsbalans £562 543.[170] Hierdie vooruitgang was ook in die staatsfinansies merkbaar. In 1870 het die inkomste en uitgawe onderskeidelik £78 904 en £71 176 bedra. Daarna het ’n geleidelike styging plaasgevind. In 1871 was die Vrystaat reeds so welvarend dat die Vrystaatse

[166] NJ van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn* 1, p. 74.
[167] *Ibid*., p. 80.
[168] A Kieser, *President Steyn in die krisisjare*, pp. 37, 42, 49.
[169] Scholtz 3, *Politieke denke*, p. 417.
[170] Van Rensburg, pp. 8-9.

pond (£1), die sogenaamde “blue back,” in Britse geld reeds 19/6 werd was, terwyl die Transvaalse pond (£1) slegs 1/6 teenoor die Britse pond werd was. In 1883 het die laaste ongedekte papiergeld verdwyn en het die staatsinkomste tot £275 746 gestyg. Teen 1890 het die inkomste en uitgawe tot onderskeidelik £376 913 en £304 006 gestyg.[171]

Die spoorlyne deur die Vrystaat het die boere binne bereik van die Randse mark gebring. In ’n boerderygemeenskap soos dié van die Vrystaat, waar die lewe om die persoonlike ekonomie gedraai het, was dit ’n baie belangrike deel van die bedryf. As gevolg van sy individualisme het die boer aan privaatbesit geglo. ’n Pragtig-bewerkte plaas en die vryheid van die plaaslewe was vir hom van meer waarde as enige ander aardse besitting. Hierdie waardes het betekenis aan sy landelike bestaan verleen. Die dorpe was slegs sentra vir voedsel en die kerklike lewe.[172] Die ontwikkeling van nywerhede en ambagte, selfs die spooraanleg, kon nie die karakter van die Vrystaat verander nie. Hulle bestaan was op die plaas gerig; dit het hulle bevredig en het die sukses van die ekonomiese stelsel gewaarborg.[173] Ook Bethulie het in so ’n mate by die welvaart van die Vrystaat gebaat dat ds. JJT Marquard, predikant van die plaaslike Nederduits Gereformeerde-gemeente, hom vir die bou van ’n nuwe kerkgebou beywer het. Die hoeksteen daarvan is in 1886 deur president Brand gelê. Die welvaart van Bethulie en sy distrik het tot gevolg gehad dat hierdie kerk in Julie 1887 sonder skuld ingewy is.[174]

Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog was die Vrystaat besig om een van die welvarendste state in suidelike Afrika te word. ’n Koersvaste en verligte beleid het die inwoners vir meer progressiewe idees vatbaar gemaak. Die Vrystaters het ’n selfstandige republikeinse ideaal ontwikkel, wat die toets van die tyd sou deurstaan en slegs deur geweld en mag omver gewerp sou word. Met die vaste geloof dat hulle steeds deur God gelei word, het hulle ’n vorm van republikanisme geskep waarmee die Westerse tradisie in suidelike Afrika verryk is.[175]

---

[171] *Ibid.*
[172] *Ibid.*, pp. 12, 15-16.
[173] Muller, p. 86.
[174] Ferreira, p.26; Pellissier, p. 550.
[175] Van Rensburg, p. 26.

## 7. BOERDERY-OMSTANDIGHEDE, 1861 EN 1899

Die ernstige vraagstukke wat die voortbestaan van die Vrystaat bedreig het, kon nie deur een van die eerste drie staatspresidente, JP Hoffman, JN Boshoff en MW Pretorius, doeltreffend opgelos word nie. Dit was eers pres. JH Brand wat bewustelik as die boumeester van ’n modelstaat sou optree. Binne vyf jaar na sy bewindsaanvaarding is die Basoetovraagstuk opgelos en het die Vrystaat aan sy oosgrens die vrugbare Verowerde Gebied van bykans een miljoen morg bekom. Die stroom immigrante uit die Kaapkolonie het meegebring dat die boere hulle permanent begin vestig het en kliphuise en klipkrale op hulle plase opgerig het. Die lewe was rustig, want behalwe die paar maande per jaar waarin hulle geplant, geoes en geskeer het, het die boer slegs nodig gehad om hom met klein takies om die huis besig te hou, vee te tel en te jag. Arbeiders is gehuur teen vergoeding van ’n perd of ’n bees per jaar, en het veral as veewagters opgetree.[176]

Hulle besonder eenvoudige lewensbehoeftes het veroorsaak dat elke boer ekonomies selfonderhoudend was en in dié opsig onafhanklik van mekaar gestaan het. Smouse het deur middel van ruilhandel klere, huishoudelike benodighede en ander produkte verruil vir vee. Daar was geen sprake van vinnige rykdom nie. Weens die aanvanklike gebrek aan markte en spoorweë is geen poging aangewend om intensief te boer nie. Baie boere het nie eens gesaai nie, maar by die Basoetos koring geruil vir vee. Die ontdekking van diamante het egter die nodige afsetgebied geskep wat as prikkel vir die verbouing van landbouprodukte gedien het. Boere het nou ’n inkomste uit hulle vee- en landbouprodukte gehad en die boerdery het verander van ’n selfonderhoudende basis tot ’n inkomste genererende bedryf. Aangesien die trekboere uitsluitlik veeboere was, kan aanvaar word dat die Basoetos moontlik eerste begin het om op ’n redelike groot skaal graan, veral koring, te verbou. Baie boere het verkies om liewer die koring wat hulle benodig het van die Basoetos te ruil, eerder as om dit self te verbou. Dit het tot gevolg gehad dat hulle tot so laat soos 1875 nog jaarliks graan vir nagenoeg 14 000 skape by die Basoetos geruil het. [177] Die Basoetos was nie juis veeboere nie en daarom grotendeels afhanklik van landbou. Hierbenewens het hulle ook ’n gebied bewoon wat besonder geskik was vir landbou, soos duidelik

---

[176] DJ Jacobs, *Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat 1864 – 1888*, pp.3-4.
[177] VAB, Volksraadsnotules, 12 Junie 1875, p. 352.

geblyk het toe die Verowerde Gebied deur blanke saaiboere tot die graanskuur van die Vrystaat ontwikkel is. [178]

Die Suid-Vrystaat, waar Bethulie geleë is, is oortrek met karoobos met verspreide grasveld tussenin. Die gebied is oortrek met onkruid wat dikwels nadelig is vir diere. As gevolg van die lae reënvalsyfer vir Bethulie, 500 mm en minder per jaar, kan landbou slegs met besproeiing beoefen word. Wat die reënval betref, word die Vrystaat in twee streke verdeel wat met 'n reguit lyn van noord na suid deur Kroonstad en Aliwal-Noord loop. Oos van die lyn is die reënval, danksy die invloed van die Drakensberge, tussen 625 mm en 875 mm per jaar, terwyl dit wes van die lyn wissel tussen 375 mm en 625 mm per jaar. Die gemiddelde reënval oos van die lyn in dele soos Harrismith en Bethlehem, oor 'n tydperk van 30 jaar gemeet, is 750 mm per jaar teenoor die 500 mm van Bethulie, Bloemfontein en Boshof. Teen 1864 was die Bethulie-distrik ideaal vir skaap- en bokboerdery en redelik geskik vir beeste, koring en mielies. [179]

Swak tradisionele boerderymetodes het veroorsaak dat duisende vee jaarliks in die Vrystaat gevrek het. Hierdie vrektes was veral te wyte aan veesiektes, maer vee en klimaatstoestande. Veesiektes het 'n geweldige tol geëis, maar ten spyte daarvan het die boere nie belanggestel om veeartsenykundige dienste te bekom nie. Daar was maar min beproefde geneesmiddels vir die heersende veesiektes en die boer moes hom dus verlaat op rate wat periodiek in die plaaslike pers verskyn het. Hierdie onbekende siektes en gebrek aan teenmiddels het tot gevolg gehad dat elke boer voortdurend besig was om te eksperimenteer met die middels tot sy beskikking, gewoonlik sonder veel sukses. Sodra 'n dier gevrek het, is hy oopgesny en het die boer probeer om inwendig die siekte te identifiseer. [180] Teen 1864 was daar nog feitlik geen omheinde plase nie en het die wêreld dus oopgelê, wat besliste nadele vir veeboerdery ingehou het. Geleidelik het die idee om die plase te omhein posgevat wat verskeie voordele vir die boere meegebring het. Dit was onder meer 'n doeltreffende metode om brandsiekte te bekamp, want die skape kon nou snags in die kampe bly.

[178] Jacobs, p. 5.
[179] *Ibid.*, pp. 7-8, 10.
[180] *De Express*, 3 Mei 1883, soos aangehaal in Jacobs, p. 13.

Verder kon die wol ook skoon bly omdat die vee nie in vuil en klam krale aangehou is nie.[181]

Die oplossing van die Basoetovraagstuk het vir die Vrystaters ’n tydperk van rus en vrede ingelui. Toe diamante ontdek is, het ’n groot afsetgebied vir boerderyprodukte op die wesgrens van die Vrystaat ontstaan, wat van boerdery ’n winsgewende bedryf gemaak het. ’n Goeie mark aan die wesgrens, voldoende bewerkbare grond, ’n golwende grasveld vir veeboerdery, asook die daadkrag en deursettingsvermoë van sy inwoners, het die Vrystaat ’n florerende landboukundige staat gemaak, ten spyte van die periodieke voorkoms van veesiektes en droogtes.[182] Die produksie van koring en mielies het sodanig toegeneem dat dit die produksie van vorige jare onbenullig laat lyk het. Plase wat eers nutteloos voorgekom het, het skielik waardevol geword en goeie pryse behaal, terwyl landbougereedskap prominent geadverteer is.[183]

Die inherente konserwatisme van die Vrystaatse veeboere het veroorsaak dat hulle, nieteenstaande die florerende mark wat ’n groter inkomste vir hulle gebring het, nie die nodigheid ingesien het om beter boerderymetodes te volg nie. Die waarde van goeie landboumetodes, soos die omhein van plase, die maak van kuilvoer en die invoer van goeie ramme vir teeldoeleindes, is nie genoeg by hulle ingeskerp nie. Daar is nietemin gebruik gemaak van lesings en die pers om dit by hulle in te skerp.[184] Daar was ook nog geen sprake van model-plase nie. Om die standaard van die boerdery te verhoog, is daar in die Volksraad ’n debat gevoer oor die stig van ’n landbouskool en proefplaas, sodat die boere beter voorberei kon word om die probleme van die 19de eeuse boerdery suksesvol te hanteer. Gedurende die debat is gevoel dat geen gekleurde arbeiders in die landbouskool toegelaat moes word nie, omdat die blanke daardie tipe arbeid self kon verrig. Daar is ook benadruk dat die bedrag van £10 000 onvoldoende sou wees om ’n landbouskool en proefplaas tot stand te bring.[185] ’n Merkbare verbetering is by die Vrystaatse wolproduksie bespeur.[186] Hoewel ’n groot mate van verbetering plaasgevind het, het die konserwatiewe benadering van talle

---

[181] Jacobs, p. 190.
[182] Van Rensburg, pp. 12-13; Jacobs, p. 11.
[183] *Ibid.*, p. 74.
[184] *The Friend*, 13 Maart 1884, verslag van ’n lesing van Salzmann voor die Vrystaatse Landbougenootskap.
[185] VAB, Volksraadsnotules, 8 April 1899, p. 69.
[186] Jacobs, p. 135.

boere om hul plase te ontwikkel, asook hul onwilligheid om nuwe en beter produksiemetodes te volg, voorkom dat groei op boerderygebied optimaal kon plaasvind.[187]

Met die uitbreiding van die landbou-aktiwiteite in die Vrystaat het die arbeidstekort al hoe groter geword. Die boere was só ontevrede met hierdie situasie dat hulle vanaf 1872 die Volksraad oorval het met versoekskrifte om die arbeidskwessie op te los. Die regering het op hulle vertoë reageer met wetgewing om landlopery en plakkery aan bande te lê. Hoewel hierdie wetgewing, Ordonnansies 7/1881 en 11/1883, geen blywende oplossing vir die arbeidsvraagstuk gebied het nie, het dit nogtans teen 1890 ’n stabiliserende uitwerking daarop gehad.[188] Die behoefte aan arbeid was veral groot in die graandistrikte waar groot hoeveelhede arbeiders gedurende ploeg- en oestye benodig is. Dit was egter juis gedurende hierdie spitstye dat arbeid feitlik onverkrygbaar was. Vandaar dat die graanboere dikwels weens gebrek aan beskikbare arbeid hulle ploeëry moes staak of in oestyd die oeste op die lande sien vergaan, sonder dat hulle iets daaraan kon doen.[189] Om hierdie rede het die boere wat nadelig getref is, begin met voorsorgmaatreëls om ’n tekort aan arbeid oor die spitstye te voorkom. Hierdie maatreëls het grootliks veroorsaak dat die pogings om die vraagstuk op te los, misluk het.

Onderliggend aan hierdie probleem was verskeie verwante faktore, veral met betrekking tot die gesindheid van die blanke boer en die swart arbeider. Die oorgrote meerderheid van die boere het geglo dat die swart bevolking Godgegewe arbeiders was wat, indien hulle dit nie vrywillig wou doen nie, verplig moes word om te werk.[190] Aan die ander kant was daar die onafhanklike swart boere wat verkies het om onafhanklik te bly. Toe die swart bevolking later noodgedwonge landbouers moes word, het hulle probeer om dit as selfstandige boere op ’n deelbasis vir die blanke te doen. Dit het aan hulle die geleentheid gebied om steeds die vroue op die lande te laat werk en hulle waardigheid te behou. Indien die blanke boer hulle verplig het om sekere take teen hulle wil te doen, het hulle eenvoudig na ’n ander plaas getrek. Om

---

[187] *Ibid.*, pp. 262-263.

[188] HJ van Aswegen, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat 1854-1902*, pp. 247-284.

[189] VAB, Volksraadsnotules, 28 April 1897, pp. 239-240.

[190] De Express, 10 Februarie 1893, soos aangehaal in Jacobs, p. 216; VAB, Volksraadsnotules, 17 Junie 1890, p. 518.

genoeg arbeiders tydens die spitstye van die jaar beskikbaar te hê, was die graanboer dus verplig om sekere toegewings te maak. Daaruit het ’n stelsel van plakkery ontwikkel waarvolgens die blanke boer soveel swart gesinne as wat belanggestel het, toegelaat het om op sy plaas, of op ’n tweede plaas, te bly. In ruil vir hierdie vergunning moes hulle hom behulpsaam wees met die insameling van sy oes. Uiteraard kon hy hulle nie onderhou nie. Die vergunning is daarom ’n stap verder gevoer deur aan hulle landerye beskikbaar te stel om vir eie gebruik te bewerk.

Hierdie gewilde stelsel het onder die swart bevolking vinnig veld gewen, want opeens was hulle in staat om selfstandig te boer. Die grondeienaar het dan die helfte van die oes as vergoeding vir die gratis verblyf geëis.[191] Hierdie stelsel van plakkery en deelsaaiery in die graandistrikte het veroorsaak dat daar ’n onegalige verspreiding van die swart bevolking in die Vrystaat was. Dit het in die loop van die jare tot gevolg gehad dat die Vrystaatse regering in verskeie versoekskrifte gevra is om ’n meer egalige verspreiding te bewerkstellig. In hul poging om dié ideaal te bereik, het die regering wetgewing aangeneem wat ’n beperking op die getal swart gesinne per blanke boer geplaas het. Indien streng toegepas, sou hierdie wetgewing die arbeidsvraagstuk effektief kon oplos. Die een groot probleem in die poging om die arbeidsvraagstuk doeltreffend op te los, was egter dat die wette nie behoorlik toegepas is nie. Die Volksraadslid, M Heyns, het in die Volksraad gesê dat in sy wyk daar nie meer as die toegelate getal swart gesinne is nie. Daarom moes dit ook in die ander wyke gedoen word.[192]

Die Volksraad het herhaaldelik verneem dat die wette in sekere distrikte of wyke nie uitgevoer is nie. Die gebrekkige toepassing daarvan moet deels aan die pligsversuim van sommige amptenare toegeskryf word. Aan die ander kant was noukeurige beheer uiters moeilik. Indien boere nie gekla het oor hulle bure wat die wet nie toepas nie, kon die amptenare weinig meer doen as om te vertrou dat die burgers daaraan gehoor sou gee. Verskeie boere het die wetgewing doelbewus probeer ontduik. Trouens, die

---

[191] Volksraadsnotule, 29 April 1895, pp. 310-311. M Heyns; Jacobs, pp. 216-217.

[192] VAB, Volksraadsnotule, 28 April 1897, p. 239; *De Express*, 21 Januarie 1886, soos aangehaal in Jacobs, p. 238.

regering het selde die samewerking van boere verkry om die wette doeltreffend toe te pas.[193]

Die blanke boer was feitlik geheel en al van swart arbeid afhanklik. Verskeie boere sou graag blankes in diens wou neem, maar kon niemand kry nie. Die rede hiervoor was onder meer dat die armblanke hoër lone geëis het as dit waarvoor swart arbeiders bereid was om te werk. Armblankes was soms ook lui en onwillig om alle tipes plaasarbeid te verrig, wat die vraag na swart arbeid verhoog het. Hierdie afhanklikheid van die boere van die handearbeid van swart arbeiders het volgens *De Express* voortgespruit uit die feit dat sekere take voorheen deur slawe verrig is. Dit het by die blanke ’n vooroordeel teen handearbeid gekweek, sodat selfs armblankes onwillig was om hierdie soort arbeid te verrig. Hulle het eerder as om plaasarbeid te verrig in die haglikste omstandighede op dorpe gaan woon.[194] In 1890 was daar binne die distriksgrense van Bethulie 2 218 blankes, waarvan 315 by boerdery betrokke was, teenoor ’n swart bevolking van 2 216, waarvan 813 by boerdery betrokke was.[195] Indien elke blanke betrokke by boerdery dus ’n selfstandige boer was, beteken dit dat daar twee tot drie arbeiders per boer gewerk het.

Teen 1886 kon ’n merkbare verbetering in die gehalte van die Vrystaatse veestapel waargeneem word. Tydens die laaste opening van die Volksraad wat hy waargeneem het, het pres. Brand melding gemaak van die verbetering in die gehalte van Vrystaatse wol.[196] Dit moet aanvaar word dat die ekonomiese ontwikkeling wat gevolg het op die ontdekking van diamante, en later goud, die tradisionele bestaanswyse van die Vrystaatse boer gunstig geraak het, wat op sy beurt 'n oorgang na intensiewe boerdery genoodsaak het. Vir baie boere was hierdie uitdaging te groot en het hulle gevolglik die geledere van die bywoners en armblankes aangevul. Diegene wat suksesvol by die verandering aangepas het, het in baie opsigte die dinamiese element in die gemeenskap uitgemaak.[197] As gevolg van hierdie verandering na ’n intensiewe boerderybedryf is meer geld bestee aan plaasgereedskap en trekdiere, sodat meer grond geploeg en bewerk kon word. Geld moes ook bestee word aan omheining,

[193] Van Aswegen, pp. 316-317.
[194] *De Express*, 16 Februarie 1894, soos aangehaal in Van Aswegen, p. 316.
[195] Jacobs, pp. 388-389.
[196] VAB, Volksraadsnotules, 7 Mei 1888, p. 5.
[197] Malan, p. 310.

krale, skure en beter saad. Dit het die boerdery laat ontwikkel in ’n gekommersialiseerde bedryf.[198] In 1888 het die Bloemfonteinse munisipaliteit begin om ’n veemark op die eerste Saterdag van elke maand te hou. Die veemark was in die daaropvolgende jare belangrik vir die ontwikkeling van veeteelt.[199] Hierdie ontwikkeling in die boerderybedryf het meegebring dat alle beskikbare grond beset is en plase gevolglik al kleiner begin word het. Baie boere kon daarom nie langer uit boerdery alleen ’n bestaan maak nie en het hulle hul onder meer tot transportryery gewend, terwyl ander bywoners geword het.[200] Na 1890 is vir die wolboere ’n nuwe tydperk ingelui met die uitvoer van wol, want die spoorvervoer het hulle onafhanklik gemaak van handelaars en duur ossewa-transport. Dit het op sy beurt weer hulle winste laat styg.[201]

Dit het egter nie net voorspoedig met die boerdery gegaan nie. In 1892 is die Vrystaat op ’n ongekende skaal deur sprinkane geteister. Nog nooit sedert onafhanklikheid is soveel skade deur sprinkane aangerig as juis gedurende daardie jaar nie. Toe pres. Reitz in Mei 1892 die Volksraad versoek het om aandag te skenk aan die uitroei van sprinkane was die raadslede in drie kampe verdeel. Die eerste groep was ten gunste van optrede; die tweede groep was nie gekant daarteen nie, maar was nie oortuig dat dit sou help nie. Die derde groep was teen enige vorm van optrede gekant, omdat hulle geglo het die sprinkaanplaag was ’n straf van God. Met die beslissende stem van die voorsitter is egter besluit dat die Uitvoerende Raad met die omliggende state in aanraking sou kom oor die uitroei van sprinkane.[202] Hierdie sprinkaanplaag is in 1896-1897 deur ’n uitmergelende droogte gevolg. Tussen 1896 en 1899 was die reënval in die meeste distrikte ver onder die gemiddelde. Geen groot besproei-ingskemas het nog bestaan nie. Die besproeiing wat wel toegepas is, is op individuele grondslag bedryf. Die droogte het gepaardgegaan met die runderpes in 1896-1897. Dit het ’n uiters nadelige invloed op die beskikbaarheid van trekvee gehad.[203] Sommige distrikte het tot 50% van hulle veestapel verloor. Die droogte was so verwoestend dat die redakteur

[198] Jacobs, p. 229.
[199] *Ibid.*, p. 135.
[200] *The Friend*, 4 Januarie 1888, brief van WH Middleton.
[201] Jacobs, p. 192.
[202] VAB, Volksraadsnotules, 2 Mei 1892, pp. 19-22.
[203] Jacobs, p. vii.

van *The Daily Express* geskryf het dat dit die boere meer skade berokken het as die runderpes.[204]

Nieteenstaande siekte- en droogtetoestande was daar teen 1899 aan die veeboerdery minder risiko's verbonde as aan landbou, veral met betrekking tot sake soos die afhanklikheid van die natuur, arbeid en bemarking. Die veeboer kon deur die jaar sy vee bemark en was met sy wol en rooivleis minder onderhewig aan oorproduksie. Ten spyte hiervan was daar min boere wat uitsluitlik op die veeteelt gekonsentreer het. ’n Stelsel van gemengde boerdery, waar beide veeteelt en landbou aangewend is om mekaar aan te vul, het geleidelik ontwikkel.[205]

## 8. DIE GROBBELAARS AS BOERE

### 8.1 Jan Adriaan Grobbelaar sr. op Cyferfontein

Jan Adriaan Grobbelaar, die seun van Pieter Grobbelaar van Meerderwyk, distrik Colesberg, het uit die Kaapkolonie na die Vrystaat geëmigreer. Hierdie emigrasie kan daaraan toegeskryf word dat daar in die Colesberg-distrik nie genoeg grond beskikbaar was om al die seuns van Pieter Grobbelaar as boere te akkommodeer nie. Hy het die plaas Sefer-Fontein, ook bekend as Zyfer of Zuiver Fontein, distrik Bethulie, van Johannes Spies gekoop. Op 15 Mei 1861 het hy eiendomsreg verkry. Volgens die algemene gebruik destyds kan aanvaar word dat hy op die oordragdatum reeds op die plaas gewoon het in afwagting van die oordrag. Uiteindelik is ’n grondbrief op 17 Februarie 1863 aan hom uitgereik. Daarvolgens was die naam van die plaas Cyferfontein, geleë in die wyk Slikspruit, distrik Bethulie, en na skatting, sowat 750 morg groot. Die jaarlikse rekognisiegeld is op £2 sterling vasgestel.[206] Nadat die plaas behoorlik opgemeet is, is ’n verbeterde grondbrief op 13 Oktober 1884 aan hom uitgereik, waarin die plaas beskryf is as geleë in die wyk Grootrivier, met ’n grootte van 1 282 morg 212 vierkant roede. Die rekognisiegeld is op £1.6.0.

---

[204] *The Daily Express*, 21 Augustus 1897, hoofartikel.
[205] VAB, Volksraadsnotules, 11 April 1899, p. 102.
[206] Transportakte 2980, fotokopie van inskrywing in Neethling, Inleiding, p. 5 (eie numering).

vasgestel.[207] Attie was ook ’n getroue lidmaat van die Nederduits Gereformeerde-gemeente in Bethulie, waar hy as kerkraadslid gedien het.[208]

Dit is duidelik dat sy boerdery suksesvol was, want op 1 Maart 1865 het hy sy tweede plaas, Meyerskraal, vir die bedrag van £900 gekoop. Die eerste eienaar was Andries Pretorius, ’n Griekwa, wat die plaas aan LA van den Heever, die eerste blanke eienaar, verkoop het. Op 3 Maart 1868 is die plaas in die naam van JJ Pienaar geregistreer. Eers op 18 September 1868, nadat hy dit reeds op 1 Maart 1865 vir £900 gekoop het, is Meyerskraal in die naam van Attie Grobbelaar oorgedra en op 25 September 1868 in sy naam geregistreer.[209] Op 26 Junie 1884 is ’n verbeterde grondbrief aan hom uitgereik waarin die grootte van die plaas as 978 morg aangedui is met ’n jaarlikse rekognisie van £1.[210] Met hierdie twee plase in sy besit, waarvan Cyferfontein in die Slikspruit-wyk geleë was, volg die inval van die Basoetos in 1865. Met sy terugkeer ná die Tweede Vrystaat-Basoeto-oorlog moes Attie Cyferfontein weer van nuuts af opbou. Dit kan hieraan toegeskryf word dat hy eers weer in 1876 sy volgende plaas sou aankoop.

Die derde plaas wat hy aangekoop het, was Roodepoort wat op 19 Julie 1876 van die plaas Palmietfontein afgesny is. Hierdie afgesnyde deel het die naam Rooikoppies gekry. 'n Onverdeelde twee-derde gedeelte van 2 220 morg en 453 vk. roede van hierdie nuwe plaas is op 10 Maart 1877 as Attie se eiendom geregistreer en ingevolge ’n akte van deling aan hom oorgedra. Sy deel van die plaas het toe amptelik die naam Roodepoort gekry met rekognisie op £2.6.0 vasgestel.[211] ’n Interessante aspek van kooptransaksies was die feit dat plase dikwels vinniger van eienaar verwissel het as wat die voltooiing van die oordrag kon plaasvind. Dit het beteken dat ’n plaas reeds deur die tweede of derde koper gekoop is, voordat dit in die naam van die eerste koper oorgedra en geregistreer is.

Attie Grobbelaar is in 1889 as ’n welvarende skaapboer oorlede. Dit is duidelik dat hy die rampspoed van die Tweede Vrystaat-Basoeto-oorlog suksesvol oorkom het. Sy

[207] Grondbrief 81, fotokopie van inskrywing in Neethling, p. 6 (eie numering).
[208] Argief van die NG Kerk van die Vrystaat (KAV), Bethulie-gemeente: Notule Gekombineerde kerkraadsvergadering 23 November 1868.
[209] Transportakte 8860, fotokopie van inskrywing in Neethling, Inleiding, p. 8 (eie numering).
[210] Grondbrief 97, fotokopie van inskrywing in Neethling, Inleiding, p. 9 (eie numering).
[211] Akte van deling 19080, fotokopie van inskrywing in Neethling, Inleiding, p. 10 (eie numering).

sukses moet aan die groot mark wat die diamantvelde aan hom gebied het, asook die korter afstand waaroor hy sy produkte daar kon bemark, toegeskryf word. Hy het daarin geslaag om die wisselvalligheid van die boerdery-omstandighede in die Vrystaat suksesvol te hanteer en is nooit weens ekonomiese redes van sy plase afgedwing nie.

## 8.2 Pieter Grobbelaar op Kroonpost

Pieter Grobbelaar was die oudste seun van Attie Grobbelaar van Cyferfontein. Dit wil voorkom of hy tot op 28-jarige leeftyd saam met sy vader geboer het, aangesien hy sy eerste plaas, Kroonpost, eers in 1880 aangekoop het. Dit impliseer dat hy saam met sy vader betrokke was by die heropbou van Cyferfontein na die Basoeto-inval. Sodoende het hy waardevolle ondervinding opgedoen wat hom later in sy eie boerdery goed te staan sou kom en wat die grondslag gelê het vir sy eie sukses as boer. Pieter, wat baie haastig van geaardheid was, was ook ’n toegewyde lidmaat van die Nederduits Gereformeerde-gemeente in Bethulie en het gereeld tot sy dood in die kerkraad gedien.[212] Toe die tydperk van groter ekonomiese welvaart in die Vrystaat aangebreek het, het Pieter begin uitkyk vir ’n geskikte plaas van sy eie. Sy jonger broers sou nou verder saam met hulle vader geboer. Die plaas, Kroonpost, nie ver van Cyferfontein af nie, het sy aandag getrek.

Kroonpost was deel van die oorspronklike plaas, Palmietfontein, wat in 1842 deur die Griekwa, Jan du Preez, aan Pieter Jacobus Louw vir 20 jaar verhuur is teen £3.0.0 per jaar.[213] Hierdie plaas, wat vandag as Ems bekendstaan, is in 1855 in die naam van Pieter Jacobus Louw geregistreer.[214] Na sy dood is ongeveer die helfte van die plaas afgesny. Die oorblywende gedeelte is in drie afsonderlike plase verdeel, naamlik Kroonpost, Roode-koppies en Vaalbank.[215] Kroonpost is beskryf as geleë in die wyk Grootrivier en 2 768 morge en 179 vierkant roede groot met ’n jaarlikse rekognisie van £2.18.0 sterling.[216] In 1878 koop D Mannix van Bethulie Kroonpost vir £1 750.[217]

---

212 KAV, Bethulie-gemeente: Notules van kerkraadsvergaderings 1886-1925.
213 Akte 141, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 6.
213 Transportakte 7634, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 9.
214 Transportakte 293 (B), fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 6.
215 Akte 141, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 7.
216 Akte 46, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 8.
217 Transportakte 22552, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 8.

Daarna is die plaas letterlik versnipper. Eers is Bekkersvlakte, 500 morge groot, afgesny en aan ene Bekker, ’n boer van Blaauwfontein, distrik Bethulie, verkoop vir £379.7.6.[218] Daarna is Vredekraal, 700 morge groot, en Baumansfontein, 300 morge groot, van Kroonpost afgesny. Die oorblywende gedeelte van 1 200 morge en 179 vk. roede is in Junie 1880 aan AS du Plessis vir £910.9.0 verkoop.[219] Pieter koop in 1880 hierdie gedeelte van Kroonpost van Du Plessis vir £1 350.[220] Hy was toe feitlik omring deur die grond van P Bekker. Eerstens was daar Bekkersvlakte, 500 morge groot en oorspronklik deel van Kroonpost, wat Pieter toe vir £475 van Bekker gekoop het.[221] Hierbenewens was daar Blaauwfontein wat oorspronklik aan die Griekwa, Gert de Bruin, behoort het.[222] Bekker het die plaas in 1863 gekoop en in 1866 ’n gedeelte aan Jan Venter verkoop. Die oorblywende gedeelte van die plaas wat nog as Blaauwfontein bekend was, was 2 015 morge en 552 vk. roede groot met ’n rekognisie van £2.2.0. jaarliks.[223]

Uit al die transaksies wat om die oorspronklike plaas Blaauwfontein plaasgevind het, wil dit voorkom of Bekker nie ’n knap boer was nie. Ten spyte van die ekonomiese voorspoed van die Vrystaat is op deurlopende basis kleiner gedeeltes van die plaas verkoop. Die eerste gedeelte wat 172 morge en 426 roede groot was, met ’n jaarlikse rekognisie van £0.4.0., is in 1881 afgesny en as Groenvlakte aan Pieter Grobbelaar verkoop vir £164.1.6.[224] In 1884 is Verstersvlakte wat 131 morge 205 roede groot was aan JR Verster van die plaas Welverdiend verkoop vir £170.15.0 en ’n jaarlikse re-kognisie van £0.4.0.[225] In hierdie stadium (1892) was daar reeds vyf verbandaktes teen Blaauwfontein geregistreer en kon sake nie langer so voortgaan nie. Pieter Grobbelaar koop dus op 10 Oktober 1895 die oorblywende deel van Blaauwfontein wat 1 711 morge 521 roede groot was van Bekker vir ’n bedrag van £1 250 sterling. Daarna het hy ook in 1895 sy laaste stuk grond, Rustplaats, van Bekker aangekoop. Die plaas was 250 morge 200 roede groot en die koopprys was £1 250 met die jaarlikse rekognisie wat op £0.6.0 vasgestel is.[226]

---

[218] Transportakte 23153, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 9.
[219] Transportakte 23309, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 9.
[220] Transportakte 24972, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 9.
[221] Transportakte 42651, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 9.
[222] Inskrywing 42, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 10.
[223] Grondbrief, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 10.
[224] Transportakte 42749, fotokopie van inskrywing in Neethling, Hoofstuk 2, p. 12.
[225] Inskrywing p. 359, fotokopie in Neethling, Hoofstuk 2, p. 10.
[226] Neethling, Hoofstuk 2, pp. 3-4.

Pieter Grobbelaar het op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog op altesaam 4 448 morge geboer.[227] Die verskillende kooptransaksies skep die indruk dat hy 'n vooruitstrewende boer was wat geleidelik die grond van die minder suksesvolle boere om hom aangekoop het. Hierdie boere kon oënskynlik nie die mas opkom in die boerdery-omstandighede van die laat 19e eeu nie. Sommige van hulle het soveel skuld gehad dat hulle bankrot verklaar moes word of uitgeboer het. Pieter was wat grondbesit betref, sekerlik die mees vooruitstrewende van die seuns van Attie Grobbelaar sr.[228] Hy het hoofsaaklik 'n skaapboerdery gehad, maar het ook met perde geboer. Hy het boerperde, geharde perde, geteel wat baie goed in die Suid-Afrikaanse omstandighede geaard het en wat besonder geskik was vir diens as kommandoperde. 'n Oorblyfsel van die trop perde wat nog nie ingebreek was nie, is tot ongeveer 1945 nog in die klowe van die buurplaas Welverdiend aangetref. Volgens die destydse gebruik is die getal perde wat benodig is elke jaar afgekeer en ingebreek vir eie gebruik of om te verkoop. Wanneer van hulle gevang moes word, is so 'n perd dan 'n halter aangesit, vasgemaak aan 'n ingespande karperd en moes dit vir die eerste klompie kilometers saam met die karperd draf, sodat die wilde perd eers tot bedaring kon kom.[229]

## 8.3 Jan Adriaan Grobbelaar jr. op De Puts en Groot Marsfontein

Attie Grobbelaar jr., die tweede oudste seun van Attie Grobbelaar van Cyferfontein, het in 1888 die plaas De Puts aangekoop. Dit was sy eerste kooptransaksie wat hy eers op 33-jarige ouderdom beklink het. Dit beteken dat hy tot in daardie stadium saam met sy vader, Attie Grobbelaar sr., geboer het. De Puts is oorspronklik volgens die grondbrief deur die Griekwa-regering aan W Heunes verkoop wat dit op sy beurt weer aan PJ Louw verkoop het.[230] Die plaas, geleë in die wyk Slikspruit, was na skatting 1 300 morge groot. Die jaarlikse rekognisie is op £2.10.0 vasgestel. Louw het die plaas aan CJ de Klerk verkoop wat dit weer in 1882 vir £800 verkoop het. Volgens die grondbrief was die plaas 1 926 morge 134 roede groot en is die jaarlikse rekognisie op

[227] *Ibid.*
[228] *Ibid.*, vergelyking van die grondbesit van die vier broers, soos weergegee in hoofstukke 2, 3, 5, 8.
[229] Persoonlike herinneringe Paul Grobbelaar na aanleiding van vertellings van sy vader, ds. Fred Grobbelaar.
[230] Inskrywing, fotokopie in Neethling, hoofstuk 3, p.7.

£2.0.0 vasgestel. Die plaas is op 17 Maart 1888 oorgedra in die naam van Attie Grobbelaar jr. wat dit vir £2 088.10.0 gekoop het en reeds daar gewoon het. [231] In 1895 het Attie die plaas aan ene Van Rensburg vir £1 500 verkoop.[232] Uit hierdie transaksie blyk dit dat Attie een of ander probleem met die plaas ondervind het, aangesien hy dit binne sewe jaar vir minder as sy oorspronklike koopprys verkoop het.

Attie het toe Groot Marsfontein in die distrik Bethulie van N van Rensburg en P van der Merwe vir £2 900 gekoop. Voordat dit in sy naam geregistreer kon word, het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek, 'n oorlog wat Attie nie oorleef het nie.[233] Die plaas het oorspronklik aan 'n Griekwa, Arnoldus Constabel, behoort, wat blykbaar op grond van skuld dit oorgedra het aan die boedel van L van den Hefer wat in 1872 'n grondbrief vir die plaas ontvang het. Daarvolgens was die plaas ongeveer 3 800 morge groot en is die jaarlikse rekognisie op £3.16.0 vasgestel. Die plaas het daarna dikwels van eienaar verwissel totdat dit teen 1882 aan N van Rensburg en P van der Merwe verkoop is. Die plaas in die wyk Grootrivier was by opmeting 3 522 morge groot met die rekognisie op £3.12.0 vasgestel. Daarna het hulle op 29 Januarie 1885 nog 'n onverdeelde derde deel van die plaas gekoop. Dit is van hulle wat Attie die plaas in 1895 aangekoop het. [234]

Nieteenstaande die verlies wat Attie op De Puts gely het, kan aanvaar word dat hy 'n suksesvolle boer was. Aangesien hy op die ouderdom van 46 jaar oud as krygsgevangene op die skip na Ceylon oorlede is, kan die sukses van sy boerdery nie werklik met dié van sy broers vergelyk word nie. Die plaas is eers in 1905 in die naam van sy sewe oorlewende kinders geregistreer.[235] Wat wel duidelik blyk, is dat hy en Pieter, sy broer, aan die vooraand van die Anglo-Boereoorlog welvarende en vooruitstrewende boere was.

[231] Transportakte 34954, fotokopie van inskrywing, Neethling, hoofstuk 3, p. 7.
[232] Neethling, hoofstuk 3, p. 6.
[233] *Ibid.*
[234] Inskrywing, fotokopie in Neethling, hoofstuk 3, p. 8.
[235] Neethling, hoofstuk 3, p. 6.

## 8.4 Petrus Johannes (Peet) Grobbelaar op Meyerskraal

Peet Grobbelaar was die derde seun van Attie Grobbelaar van Cyferfontein en is in 1859 gebore. Hy en sy jongste broer, Kotie, het saam met hulle vader geboer tot en met laasgenoemde se dood in 1889. Die afhandeling van die boedel was uitgerek en hy kon eers op 11 Maart 1895 die plaas Meyerskraal uit sy vader se boedel koop vir die bedrag van £300.[236] Die implikasie van hierdie koop is dat dit onder die broers aanvaar is dat Peet op Meyerskraal sou boer, soos wat hy in elk geval reeds saam met sy vader gedoen het. Om te kompenseer vir die verbeterings wat hy reeds op Meyerskraal aangebring het, is hy blykbaar toegelaat om die plaas vir die nominale bedrag van £300 uit die boedel aan te koop.

Peet was nie bekend as ’n groot boer nie. Na die oorlog moes hy weer die plaas van meet af aan opbou. Hy moes sy boerdery versigtig bedryf het, want hy het nooit uitgeboer nie en dit wil voorkom of hy tevrede was om dit op ’n kleiner skaal te bedryf. Hy was bekend as ’n baie toegewyde mens en het tot sy dood in 1921 gereeld om die beurt met sy broer, Pieter, in die kerkraad gedien.[237] Sy kinderlike geloof en toegewydheid kom baie duidelik na vore in die aangrypende briewe wat hy van die slagveld en uit die krygsgevangenekamp Diyatalawa in Ceylon aan sy dogter Bettie geskryf het.[238]

## 8.5 Jacobus Hermanus (Kotie) Grobbelaar op Cyferfontein

Kotie Grobbelaar, die jongste seun van Attie Grobbelaar van Cyferfontein, is in 1874 gebore. Aangesien hy nie voorheen elders ’n plaas gekoop het nie, is dit duidelik dat hy tot met sy vader se dood in 1889, toe Kotie ongeveer 15 jaar oud was, saam met sy vader op Cyferfontein geboer het. Met die afhandeling van sy vader se boedel het Kotie op 23 Maart 1895 op 21-jarige ouderdom Cyferfontein vir £1 000 uit sy vader se boedel gekoop.[239] Voordat Kotie Grobbelaar hom werklik kon vestig en as boer vooruitstrewend kon raak, het die Anglo-Boereoorlog in 1899 uitgebreek. Na die

---

[236] *Ibid.*, Hoofstuk 5, p. 2.
[237] KAV, Bethulie-gemeente: Notules van kerkraadsvergaderings 1895 tot 1921.
[238] VAB, Renier-versameling (A119), Herinneringe van mev. PJ Grobbelaar van Meyerskraal, Bethulie. Kopieë van briewe van PJ Grobbelaar, burger en krygsgevangene te Diyatalawa, Ceylon, pp. 44-81. Die oorspronklike geraadpleegde dokumente is nie genommer nie.
[239] Neethling, hoofstuk 8, p. 1.

oorlog moes hy 'n afgebrande en vernietigde plaas weer opnuut opbou. Hy het sy boerderybedrywighede so suksesvol voortgesit dat hy in 1916 die plaas Erfdeel vir £815 van sy swaer, Faan Ferreira, kon koop.[240] Op hierdie twee plase het hy suksesvol geboer en welvarend geword.

### 8.6 Abraham Jacobus Griesel van Rustfontein en Springbokfontein

Abraham Jacobus (Apie) Griesel sr. was getroud met Margaretha Johanna Grobbelaar, dogter van Attie Grobbelaar van Cyferfontein. Hy het aanvanklik saam met sy swaer op Kapteinskraal geboer, waar hy uitgeboer het, waarskynlik omdat die plaas te klein vir twee boere was.[241] Daarna het hy 'n boerderyverbintenis met sy skoonvader gehad, want Apie se seun, Apie jr., vertel: "Die kinders van my oupa moes altyd om die helfte saai, en my oupa se deel moes afgelewer word in sy stoor op Cyferfontein."[242] Apie sr. het die betrokke jaar 14 sakke koring gewen, met ander woorde die wins nadat die nodige saadkoring vir die volgende oes teruggehou is. Daarom moes hy toe sewe sakke in sy skoonvader se stoor lewer.[243]

Toe Apie Griesel sr. weer sterk genoeg gevoel het, het hy die plaas Rustfontein gekoop vir £650. Rustfontein het behoort aan CG Wiesner jr. en was 1 070 morg en 551,5 vk. roede groot.[244] Dit was vroeër 'n deel van die plaas Springbokfontein wat aan CG Wiesner sr. behoort het.[245] Volgens Apie Griesel jr. was Rustfontein te klein na sy vader se sin en besluit hy toe om ook Springbokfontein te koop.[246] Springbokfontein is oorspronklik deur DJ Viljoen op 18 Junie 1859 vir £300 van Abel Metgogo, 'n onderdaan van kaptein Lephui, gekoop.[247] Op 19 Februarie 1860 is die plaas verkoop aan CG Wiesner vir die bedrag van £700. Springbokfontein is toe met Tweefontein en Sleutelspoort gekonsolideer. Die plaas is in die nuwe grondbrief beskryf as Springbokfontein, geleë in die wyk Grootrivier, 6 379 morg 112 vk. roede groot. Die jaarlikse rekognisie het £6.7.0 sterling bedra.[248] 'n Gedeelte van hierdie

[240] Neethling, hoofstuk 8, p. e8/1.
[241] AJ Griesel, *'n Oudstryder vertel*, pp. 5-6.
[242] *Ibid.*, p. 9.
[243] *Ibid.*
[244] Transportakte 35599, fotokopie van inskrywing in Neethling, hoofstuk 6, p. 6.
[245] Neethling, Hoofstuk 6, p. 1.
[246] Griesel, p. 15.
[247] Transportakte 3332, fotokopie van inskrywing in Neethling, hoofstuk 6, p. 3.
[248] Inskrywing, fotokopie in Neethling, hoofstuk 6, p. 2.

plaas is op 7 November 1873 aan CA Swanepoel vir £1 400 verkoop.[249] Nog ’n deel is terselfdertyd afgesny en op 15 Junie 1874 vir £800 aan CG Wiesner jr. en JJE Griesel verkoop.[250] Die oorblywende gedeelte van die plaas, wat nog die eiendom van die boedel van wyle CG Wiesner sr. was, is op 1 Augustus 1874 aan Abraham Jacobus Griesel vir £500 verkoop.[251] Met sy oorspronklike koop van Rustfontein het Apie Griesel sr. nou oor ’n aansienlike gedeelte van die oorspronklike Springbokfontein beskik.[252]

Die herinneringe van Apie Griesel jr. bied ’n interessante kykie op die lewe op ’n Vrystaatse boereplaas in die distrik Bethulie in die jare 1870 tot 1895. Hy vertel dat die boerdery op Springbokfontein en Rustfontein gevlot en sy ouers vooruitgegaan het. Die eerste jaar op Springbokfontein was die oes meer as 300 vet lammers. Daarna was die lammers elke jaar meer, totdat dit later 600 stuks was. Al die lammers is in die oop veld grootgemaak; nie een skaap mag in die lande met groenvoer gekom het nie, want volgens sy vader sou dit hulle bederf het.[253] Apie Griesel sr. en sy vrou was baie hardwerkend. Hy moes by geleentheid 500 skape skeer, waarvan sy vrou, Margaretha, 95 afgekeer en self geskeer het. Wanneer sy met een skaap klaar was, het Apie sr. vir haar ’n volgende skaap na die skeerplek ingedra. So het Margaretha ook, wanneer sy geen huishulp gehad het nie, met die bondel wasgoed op haar kop na die wasklip gestap, terwyl sy haar dogtertjie op haar rug geabba het.[254]

Plase is destyds nog nie omhein nie, alles was oop veld. Dit het gemaak dat die perde elke oggend vroeg bymekaar gemaak moes word om te keer dat hulle in die bure se veld beland, want dít het die boere nie geduld nie. Een van Apie Griesel sr se perde, ou Velskoen, het swak pote gehad. Bethulie, waar hy die perd kon laat beslaan het, was te ver en boonop was die koste verbonde daaraan ook te duur. Toe het hy, wanneer hy of een van die bure bees geslag het, die bees se kopvel geneem en vir Velskoen velskoene daarvan gemaak. Die rou vel is nat om die pote getrek en met ’n rou riempie bo-op goed vasgemaak. Daarna moes Velskoen ’n hele dag lank in die kraal in die son staan tot die skoene droog was. So ’n paar velskoene het byna ’n

[249] Transportakte 15042, fotokopie van inskrywing in Neethling, hoofstuk 6, p. 2.
[250] Transportakte 15044, fotokopie van inskrywing in Neethling, hoofstuk 6, p. 4.
[251] Transportakte 15041, fotokopie van inskrywing in Neethling, hoofstuk 6, p. 4.
[252] Neethling, Hoofstuk 6, p. 1.
[253] Griesel, p. 18.
[254] *Ibid.*, p. 9.

maand gehou.[255] Die mense van daardie tyd het snaakse name aan hulle perde gegee, gewoonlik half-Engels. ’n Bont perd was gewoonlik Lotbieg (Ludwig). Verder was daar name soos Beaufort, Fairplay, Charlie en Serjon (Sir John). Muile het weer name gehad soos Koffie, Rietbok, Esau, Eva, Padtoe en Steenbok.[256]

Die saailande is gewoonlik met gestapelde klipmure omhein. Toe die eerste draad vir omheining beskikbaar was, was dit ’n dik draad, byna so dik soos ’n pinkie. Apie sr. het sy koringlande toegespan met vyf van die gladde drade. Die draad het baie yster bevat. Solank dit reguit getrek is, het dit goed gehou, maar as dit enigsins gebuig was, het dit gesplits en gebreek. Die draad is met behulp van ’n osjuk getrek nadat dit om die wenpaal in die rondte omgedraai is. Omtrent ’n jaar later het die eerste doringdraad, die “Johnstons”, op die mark gekom. Daarop het Apie sr. besluit om een gladde draad bo af te haal en dit met ’n doringdraad te vervang om te verhinder dat sy perde oor die omheining kom.[257]

## 9. DIE OORLOGSPOLITIEK VAN LORD MILNER

Hoewel die oorlogspolitiek van lord Milner ’n integrale deel vorm van die Britse imperiale rol in Suid-Afrika wat reeds vroeër beskryf is, word dit ter wille van chronologie eers hier hanteer. Die Cyferfontein-Grobbelaars was aan die einde van die 19de eeu gevestigde en vooruitstrewende boere. Hulle het die golf van welvaart wat op die ontdekking van goud en diamante gevolg het, beleef. As sodanig het hulle gereageer op die prikkels van die tyd en ’n eie siening oor sake ontwikkel. Die grootste prikkel van daardie tydperk was die Britse imperialisme wat in die vestiging van sy oppergesag in Suid-Afrika die burgers van die Vrystaat verneder en beledig laat voel het.

Die Britse beleid van die laat 19de eeu moet gesien word in die lig van die neo-imperialisme wat na 1870 ’n wedloop om kolonies tot gevolg gehad het waaraan Brittanje, Frankryk, België en Italië, en later ook Duitsland, deelgeneem het. Hieruit het die verdeling van Afrika voortgevloei, waartydens Brittanje die hele suidelike

[255] *Ibid.*, p. 7.
[256] *Ibid.*, p. 10.
[257] *Ibid.*, pp. 10-11.

Afrika, insluitende die ZAR, as sy invloedsfeer beskou het.[258] Binne die raamwerk van die sosiale Darwinisme wat uit Charles Darwin in 1859 se *Origin of species* voortgespruit het, het die idee ontstaan dat in die stryd om bestaan die sterkstes altyd seëvier, terwyl die res ondergaan. Dit het nasionalisme en patriotisme aangewakker en ’n uitbreidingsdrang of imperialisme wakker gemaak. Binne hierdie konteks het die Britse “race patriotism” hoogty gevier.[259]

As uitvloeisel van hierdie imperialistiese siening het sowel sir George Grey as sy opvolger, sir Philip Wodehouse, hulle beywer om die Boererepublieke in ’n Britse federasie te betrek. So het die hertog van Newcastle, die Britse Minister van Kolonies, in 1861 sy spyt uitgespreek oor die konvensies van 1852 en 1854, konvensies wat die twee republieke onafhanklik gemaak het. Hy was onseker of daardie besluite gehandhaaf moes word. Daarna het sir Henry Barkly sonder welslae sy federasieplanne voortgesit. In 1871 is die diamantvelde geannekseer en in 1877 is die ZAR deur Brittanje ingelyf.[260] Die burgers van die ZAR het in 1880 en 1881 met die Transvaalse Vryheidsoorlog daarin geslaag om die Britse juk af te skud, maar hulle het nie as volslae oorwinnaars uit die stryd getree nie. In 1881 het die ZAR deur die Pretoriase Konvensie sy onafhanklikheid slegs gedeelte1ik herwin. Drie jaar later is hierdie konvensie in Londen hersien. Na die mening van die 1eiers van die ZAR het Britse inmenging in die binnelandse aangeleenthede van die ZAR uit die Londense ooreenkoms verdwyn. Tog sou dit later ’n twisappel tussen Londen en Pretoria word. Volgens die Britse siening was die ZAR op die gebied van buitelandse aangeleenthede nie vo1kome vry en onafhanklik nie.[261]

Die ZAR en die Vrystaat het geglo dat Brittanje nie vertrou kon word nie. Die ontplooiing en opbou van die imperiale aanslag teen hulle was duidelik uit die korrespondensie tussen lord Milner en die Britse regering in Londen. Elke stadium van hierdie ontplooiing het ’n negatiewe reaksie van die inwoners van die twee Boererepublieke verwek. Hierdie reaksie het later sterk standpunte geword wat ook

---

258 F Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899 – 1902*, pp. 9-10.
259 *Ibid*.
260 J Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* 1, p. 1.3.
261 *Ibid.*, p. 1.4.

die beskouing van die Grobbelaar-familie geslyp het.[262] Sowel die diamantvelde as die goud in die ZAR sou tot hierdie gevoel bydra. Wat die Grobbelaar-familie in die besonder en die Vrystaters in die algemeen aangevoel het, is versinnebeeld deur Joseph Conrad, ’n Pools-gebore skrywer van die tyd, in sy werk *The heart of darkness* as “robbery with violence”.[263] Dit was inderdaad hoe gemiddelde burgers van die twee republieke oor die Britse inmenging gevoel het.

Dit is belangrik om die Britse imperiale politiek van die laat 19de eeu in Suid-Afrika en die reaksie en siening van die twee republieke daarop in perspektief te plaas. Wat verstaan moet word, is dat die Britse imperialisme twee gesigte gehad het: die een liberaal en die ander outoritêr. Die liberale imperialisme het in Suid-Afrika ’n demokratiese regering en nie-rassige stemreg voorgestaan. Die outoritêre imperialisme weer was aggressief, outoritêr en minagtend teenoor sogenaamde “laer” kulture. Hulle was eweneens genadeloos aggressief teenoor enige verset teen wat as die Britse belange beskou is. Uit hierdie imperiale ideologie het die begrip “jingoïsme” met sy luide, veglustige en chauvinistiese vertolking van Britse patriotisme ontwikkel.[264]

Onder die Britse politici en koloniale burokrate was mnr. Joseph Chamberlain en lord Alfred Milner die belangrikste voorstanders van ’n aggressiewe imperialisme in Suid-Afrika. Chamberlain, die Britse Minister van Kolonies, het geglo dit is in Brittanje se belang om die Britse kultuur en beskawing aan die “gekleurde rasse” in Afrika te bring. Milner weer het die idee van die meerderwaardigheid van die Britse “ras” aangegryp. Hy het homself as ’n “British race patriot” beskou en so hartstogtelik in die Britse Ryk geglo dat hy sterk aangedring het op regeringsinmenging om Britse belange te beskerm.[265] Hy was bereid om oorlog te voer vir sy ideaal van ’n federasie van die meerderwaardige Anglo-Saksiese ras waarin die Boere bloot ’n aanhangsel sou wees en die miljoene bruin en swart mense slegs behoorlik geadministreerde arbeiders. Daarom is dit nie vreemd nie dat hy by geleentheid beskryf is as ’n rassistiese politikus wat in baie opsigte met Hitler vergelyk kon word. Beide het

[262] Van Oordt, p. 172; HJC Pieterse, *Volksaltare*, pp. 1-4.
[263] Joseph Conrad, *The heart of darkness*, soos aangehaal in H Giliomee, *Die Afrikaners*, p. 192.
[264] Giliomee, pp. 191-192.
[265] *Ibid.*

wêreldoorheersing deur die wit ras nagestreef en beide het oorlog beplan om hulle visie te verwesenlik.[266]

Die derde groot aggressiewe imperialis was Cecil John Rhodes wat geglo het dat die Britse Ryk in Afrika minstens tot by die Zambezi, maar ook verder na Uganda moes strek. Hy het die Kaapse regering as bykans outonoom beskou, wat daarom die verantwoordelikheid moes aanvaar om nuwe gebiede by die Britse Ryk in te lyf. Hy wou 'n federasie in Suid-Afrika onder die Britse vlag en Kaapse leiding tot stand te bring, maar moes as gevolg van sy betrokkenheid by die Jameson-inval as Kaapse eerste minister bedank. In 1898 verskyn hy weer met die goedkeuring van mnr. Chamberlain en lord Milner op die politieke toneel. Hy word toe vir alle praktiese doeleindes die leier van die pas gestigte Progressiewe Party en president van die South African League, 'n vereniging wat hom beywer het om steun vir Britse imperialisme dwarsdeur Suid-Afrika te werf.[267]

Die volgende belangrike rolspeler in hierdie ontwikkelende stryd tussen Britse imperialisme en die ZAR was pres. SJP Kruger. Hy is buite die konserwatiewe kring waarin hy beweeg het, gerespekteer, maar het gesukkel om die ZAR staatkundig op te bou.[268] Sy groot kans het in 1886 met die ontdekking van goud gekom. Dit het skielike rykdom en radikale transformasie van hierdie landelike gemeenskap na die ZAR gebring het.[269] Pres. Kruger se sterkste teenstanders was die meer progressief denkendes onder leiding van kmdt.-genl. Piet Joubert, met mense, soos Louis Botha, JH la Rey, Carel Jeppe, Ewald Esselen, Schalk Burger en die joernalis Eugéne Marais, in hul geledere. Hulle het die ondersteuning van ongeveer 'n derde van die verteenwoordigers in albei kamers van die Volksraad gehad. Hierdie groep wou die modernisasie van die staat versnel en die stemreg uitbrei om te voorkom dat Brittanje 'n voorwendsel kon vind om die ZAR te vernietig. Kruger was in baie opsigte innoverend, pragmaties en soepel en die ZAR was besig om met behulp van goud 'n dinamiese en doeltreffende staat te word wat al die state in Suid-Afrika polities en

---

[266] *Ibid*., p. 193.
[267] E Stockenström, *Geskiedenis van Suid-Afrika* 2, p. 422; Giliomee, p. 193.
[268] Giliomee, p. 194.
[269] Van Oordt, p. 461.

ekonomies begin oorheers het. Juis om hierdie ontwikkeling te keer, wou Chamberlain en Milner betyds oorlog maak.[270]

Die voorwendsel wat die Britse regering aangegryp het om in die ZAR in te meng, was die stemreg van die groot aantal Uitlanders wat na die goudvelde gestroom het, waarvan ’n groot persentasie Britse onderdane was. ’n Komplot waarvan mnr. Chamberlain kennis gedra het, is teen die onafhanklikheid van die ZAR gesmee. Dit het uitgeloop op die Jameson-inval waartydens pres. Kruger vinnig en beslissend opgetree het, sodat dr. Jameson en sy invallers op 2 Januarie 1896 by Doornkop moes oorgee. Die Vrystaters het hierdie aanslag op die Transvaalse onafhanklikheid ook as ’n aanslag op hulle eie onafhanklikheid beskou en gewapende burgers na die Vaalrivier gestuur.[271] Hierdie burgers het die Vaalrivier bewaak, terwyl hulle die Basoetos op hulle oosgrens in gedagte gehou het.[272] Die rede wat vir die Jameson-inval aangevoer is, was die herstel van sogenaamde Uitlandergriewe. Die doel van die inval was egter om die ZAR oor te neem. Volgens EB Rose kan die bewyse daarvoor in mnr. Lionel Philips se private brieweboek gevind word. Dit het ook geblyk dat die Britse hoë kommissaris kennis gedra het van die voorgenome revolusie en moontlik ook van die inval self.[273]

Die Jameson-inval het die rustigheid van die bestaan in die Vrystaat in so ’n mate versteur dat ’n anti-Britse reaksie daarop gevolg het. Vrystaatse amptenare, Afrikaners en Skotte, het uit protes teen alles wat Brits was, slegs in die hoogste Nederlands met die Kaapkolonie gekorrespondeer. As direkte gevolg van die inval het regter MT Steyn in 1896 in die presidentsverkiesing ’n maklike oorwinning oor mnr. JG Fraser behaal.[274] Voorts is die politieke verbond van 1889 met die ZAR in 1897 in Bloemfontein hernu. Dit het daarop neergekom dat sou ’n aanval op een van die twee state plaasvind, die ander een hom te hulp sou snel. ’n Federale Raad is ook in 1898 geskep wat aan pres. MT Steyn ’n mate van seggenskap in die ZAR se diplomasie gegee het.[275]

---

[270] Giliomee, pp. 196-197; Van Oordt, pp. 471-507.
[271] FA van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p. 228.
[272] EA Walker, *A history of South Africa*, p. 459.
[273] EB Rose, *The truth about the Transvaal*, p. 110..
[274] Walker, p. 459.
[275] Van Jaarsveld, p. 228.

Hoewel mnr. Chamberlain die Jameson-inval veroordeel het, was hy van mening dat die Britse regering op grond van sy belange in Suid-Afrika en met die oog op vrede en stabiliteit in die ZAR, die reg gehad het om die Uitlanders, hoofsaaklik Britse onderdane, raad te gee. In hierdie verband het hy onder meer die stemregkwessie as 'n gegronde grief beskou.[276] Die inval en die negatiewe reaksie van die twee republieke het tot gevolg gehad dat alle imperialistiesgesinde Britte in Suid-Afrika in die South African League (SAL) verenig het. Die doel van die SAL was die handhawing van Britse oppergesag in Suid-Afrika, asook gelyke politieke regte vir alle blankes in 'n Suid-Afrika onder die Britse vlag. Hierdie Britse kamp het gesag gehad omdat die inisiatief in 'n groot mate in Brittanje geneem sou word.[277] Onder hierdie omstandighede het Chamberlain belanggestel in die griewe van die Uitlanders, want hy het dit as 'n instrument beskou in sy aanslag op die ZAR. Hy het ingemeng in die ZAR se binnelandse aangeleenthede om vernederende toegewings van die republiek af te dwing; dan sou hy terselfdertyd ook sterk aanspraak daarop maak dat die ZAR aan Brittanje onderhorig was. Vir hierdie doel het hy die Londense Konvensie aangegryp, waarvolgens hy beweer het dat die ZAR onderhorig was aan Brittanje. Vandaar sy protes teen drie wette wat in 1896 in die ZAR gepromulgeer is, naamlik die Wet op Uitsetting van Vreemdelinge, die Wet op Toelating van Vreemdelinge en die Perswet. Volgens hom was al drie wette teen die Uitlanders gemik.[278]

Na die gevangeneming van dr. Jameson en sy magte moes besluit word wat om met hulle te doen. Regtens was dit moontlik om hulle weens hoogverraad tereg te stel. Pres. Kruger het in Pretoria die kommandante van die ZAR toegespreek om die verskillende opsies aan hulle voor te hou. Hierdie vergadering is ook bygewoon deur mnre. Abraham Fischer en die Volksraadslid vir Bethulie, Herman Klynveld,. Nadat Kruger klaar gepraat het, het Fischer en Klynveld versoek om ook die gehoor toe te spreek. Klynveld het 'n beroep op die toehoorders gedoen om te luister na wat pres. Kruger gesê het en te voorkom dat die gebeure opnuut tweedrag tussen Boer en Engelsman veroorsaak. Hy het gevoel dat die teregstelling van Jameson en sy makkers in alle opsigte geregverdig was, maar het 'n beroep op ernstige besinning

---

[276] Ploeger, p. 1.8; DW Kruger (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 382.
[277] Pretorius, p. 9.
[278] *Ibid*, p. 10.

daaroor gedoen. Dit het die regte uitwerking gehad en gesonde verstand het geseëvier. Jameson en sy makkers is toe vir vervolging aan die Britse owerhede oorhandig.[279]

Hierdie toespraak van Klynveld was tipies van die siening van die deel van die Suid-Vrystaat wat hy in die Volksraad verteenwoordig het. As Volksraadslid wat gewild was by sy kiesers in Bethulie het hy daarmee die standpunt van die meerderheid van sy kiesers gestel. Die Grobbelaar-familie was deeglik bewus van die gevare verbonde aan ’n direkte konfrontasie met Brittanje en het wel deeglik kennis geneem van die Britse eise en die reaksie van die inwoners van die ZAR daarop. Dit was duidelik dat sake afstuur op ’n direkte konfrontasie tussen Brittanje en die ZAR. Hoewel die krisis voorlopig besweer is, het die betrekkinge tussen Brittanje en die ZAR in die loop van 1896 ’n paar groot terugslae beleef. Die ligte strawwe wat Brittanje aan Jameson en sy groep opgelê het, het ernstige twyfel oor die goeie trou van die Britse regering gebring. Dit het ook geleidelik duidelik geword dat mnr. Chamberlain elke geleentheid gebruik het om in die sake van die ZAR in te gryp. Hierdie houding het duidelik geblyk by sy uitleg op grond van die Londense Konvensie, en wel oor wat die ZAR se reg is om verdrae te sluit met vreemde moondhede, asook oor sekere wette wat deur die Volksraad aangeneem is ter wille van die handhawing van rus en orde in die ZAR.[280]

Met die vrystelling van dr. Jameson en sy makkers het die Britse en koloniale koerante in woede reageer teen die regering van die ZAR wat as onderdrukkend voorgehou is.[281] Hierdie veldtog het gepaardgegaan met die agitasie onder die Uitlanders aan die Rand. Hoe kunsmatig die veldtog gevoer en opgebou is, blyk onder meer uit ’n voorval waar mnr. N Devitt een aand op straat deur ’n onbekende persoon genader is met die vraag of hy ’n Britse onderdaan was. Toe hy bevestigend antwoord, is hy gevra om ’n petisie aan die koningin te onderteken.[282] Intussen is daar opnuut pogings deur die *Times* en die Kaapse progressiewe groep aangewend om Rhodes eerste minister te maak, indien hy sy bande met die Afrikanerbond

[279] EJP Jorissen, *Transvaalsche herinneringen 1876-1896*, pp. 139-141.
[280] Kruger, p. 385.
[281] Walker, p. 463.
[282] N Devitt, *Memories of a magistrate*, p. 19.

verbreek. Daarvoor was Rhodes egter nie te vinde nie, want hy het steeds sy hoop gevestig op ’n federasie gebaseer op Afrikanersteun.[283]

Mnr. Chamberlain het die hoë kommissaris, sir Hercules Robinson, versoek om onmiddellike gehoor te gee aan van die griewe van die Uitlanders. Robinson het dit geïgnoreer en pres. Kruger uitgenooi om in Londen hul gemeenskaplike probleme te bespreek. Hierdie plan van hom om op ’n vreedsame manier ’n skikking te probeer bereik, is in die wiele gery deur Chamberlain. Pres. Kruger het nie op hom laat wag nie en het onmiddellik skadevergoeding vir die Jameson-inval geëis, asook die volle inlywing van Swaziland by die ZAR. Voorts het hy aangedring op ’n bilaterale verdrag om die Londense Konvensie, wat die waardigheid van die ZAR aangetas het, te vervang.[284]

In Mei 1897 het Chamberlain vir sir Alfred Milner as hoë kommissaris in Suid-Afrika aangestel. Milner se siening van die Britse Ryk het met sy eie ooreengestem. Die onbuigsame Milner was, soos Chamberlain, ’n voorstander van ’n federasie van Suid-Afrikaanse state onder die Britse vlag. Hy het dit as sy taak beskou om Suid-Afrika, as deel van die Britse Ryk, teen die aanslae van Afrikanernasionalisme te beskerm. As sodanig het hy geglo dat die ZAR as sentrum van Afrikanernasionalisme vernietig moes word sodat Suid-Afrika in sy geheel deel van die Britse Ryk kon word.[285] Milner wou die proses ten volle beheer. Daardeur wou hy ’n sterk saak vestig wat hy in ’n krisis kon omskep en dan laat verhaas.[286]

Teen hierdie agtergrond het die Britse aanslag teen die ZAR verhewig. Op daardie stadium het alles wat in die ZAR gebeur het, ook die Vrystaat ten nouste raak. Gegrond op die Vrystaatse ervaring aan die hand van die Britse imperialisme het die Grobbelaar-familie reeds deeglik besef dat die toekoms donker lyk. As Vrystaters was hulle toeskouers met ’n eie ervaring van Britse imperialisme, wat passief stap vir stap kennis moes neem van die opbou van gebeure in die ZAR. Dit was vir hulle duidelik dat Brittanje en die ZAR besig was om op ’n konfrontasie af te stuur.

---

[283] Walker, p. 467
[284] *Ibid.*, p. 460.
[285] Pretorius, p. 10.
[286] *Ibid.*, pp. 221-222.

Die Britse regering was egter nie so angstig om ’n krisis te verhaas nie. Dit blyk duidelik uit lord Milner se opmerking op 21 Maart 1898: “I have reason to believe that H.M.’s Government are not at all anxious to bring matters to a head. We must keep up our wickets but not attempt to force the game.”[287] Voorlopig moes vrede dus in Suid-Afrika gehandhaaf word omdat dit die Britse diplomasie beter gepas het.[288] Dit is duidelik dat die regering nog nie ten volle Milner se siening gesteun het nie, want dit was vir Brittanje belangrik dat wanneer oorlog uitbreek, die ZAR as die aggressor voorgehou moes word. Die Britse regering wou liewer baie verduur, eerder as om self konflik uit te lok, en het daarom gevoel dat “for the present we must suffer fools gladly”.[289] Milner het gevoel dat met so ’n beleidsrigting daar voortdurend druk op die regering van die ZAR uitgeoefen moes word waar dit om belangrike aspekte oor die onreg teenoor die Uitlanders gegaan het. Op dié wyse kon daar, aldus Milner, ’n sterk saak opgebou word.[290]

Op 2 Augustus 1897 het lord Milner teenoor mnr. Chamberlain opgemerk dat die gevaar bestaan dat die ZAR “would take up an attitude of defiance […] which […] we could not tolerate”.[291] Dit is duidelik dat Milner geen teenstand van die ZAR sou duld nie. Vir hom het dit nie in die eerste plek gegaan oor die begrippe “suzerainty” en “paramountcy” nie, solank pres. Kruger net die beperking op sy magte om verdrae en ooreenkomste te sluit, besef het.[292] Milner het sy pos as ’n “fighting post” gesien.[293] Sy gevoel was dat die enigste kans vir ’n vreedsame oplossing van die Suid-Afrikaanse probleme geleë was in volgehoue ontmoediging van die ZAR se beleid van onderdrukking en obstruksie, soos beliggaam deur pres. Kruger.[294] Terselfdertyd het hy ook ’n sydelingse hou ingekry na koloniale staatsmanne wat aan ’n vyand wat ’n korrupte oligargiese regering in stand gehou het, aanmoediging gegee het.[295]

Lord Milner wou enige vorm van goedgesindheid van Britse kant teenoor pres. Kruger neutraliseer en daardie goedgesindes in eie geledere verdag maak. Na die

---

[287] Milner – Conyngham Greene (geheime telegram), 21 Maart 1898, soos weergegee in Headlam 1, pp. 226- 227.
[288] Ploeger, p. 1.10.
[289] Chamberlain – Milner (privaat), 16 Maart 1898, soos weergegee in Headlam 1, pp. 227-228.
[290] Ploeger, p. 1.10.
[291] Milner – Chamberlain (vertroulik), 2 Augustus 1897, soos weergegee in Headlam 1, p. 72.
[292] Milner – Chamberlain , 29 Augustus 1897, soos weergegee in Headlam 1, pp. 88-89.
[293] Milner – Chamberlain , 5 Oktober 1897, soos weergegee in Headlam 1, p. 119.
[294] Milner – Hely Hutchinson, 6 Desember 1897, soos weergegee in Headlam 1, p. 215.
[295] *Ibid.*

oorwinning van pres. Kruger met die laaste presidentsverkiesing in die ZAR voor die Anglo-Boereoorlog, het hy openlik die mening begin huldig dat wapengeweld nodig sou wees om die probleme op te los as hy sê: “(W)e shall go on as before till the day of the final, and possibly still distant smash.”[296] Dit was reeds in daardie stadium duidelik dat die begrip “distant smash” beslis oorlog ingesluit het. Volgens lord Selborne was Brittanje vasbeslote om die hele Suid-Afrika onder die Britse vlag te verenig. Indien vreedsame metodes nie tot ’n oplossing sou lei nie, sou Brittanje oorlog daaroor voer. Sou ’n oorlog dan plaasvind, dan was die probleem vir Brittanje om die omstandighede van die oorsaak daarvan so te plooi en te manipuleer dat dit die morele steun van die groots moontlike deel van die Afrikaners in Suid-Afrika sou wegdra, asook “the practically unanimous assent of public opinion at home”.[297]

Volgens Selborne sou die toekomstige vereniging van Suid-Afrika onder die Britse vlag op die beste wyse deur “the evolution of events” geskied. Dit sou ’n meer duursame resultaat lewer as wat deur die ontketening van ’n oorlog verkry sou word.[298] In sy reaksie op hierdie siening van Selborne het Milner gevoel dat die imperiale besorgdheid oor die ZAR belangriker was as die regte waaroor die ZAR ingevolge die verskillende konvensies beskik het. Sy gevoel was dat die bestaande konvensies vir hulle van geen hulp was nie, en hulle juis daarvan weerhou het om in eie belang in te meng in die interne aangeleenthede van die ZAR waar dit gebots het met Britse belange. Hy was van mening dat selfs die groter interne aangeleenthede van die ZAR, waarmee Brittanje niks te doen gehad het nie, nie deur hulle geïgnoreer kon word net omdat inmenging daarin “breaches of the Convention” sou wees nie.[299]

Lord Milner het op 23 Februarie 1898 aan mnr. Chamberlain geskryf dat daar geen uitweg uit die politieke probleme van Suid-Afrika is, behalwe om te hervorm of oorlog te maak nie. Daarna het hy gepoog om ’n groot stryd met die ZAR uit te lok oor die vraagstuk van die Uitlanders. Brittanje sou hulle griewe dan as voorwendsel gebruik om in die ZAR in te gryp. Die Britse pers en die openbare mening in Brittanje is gevolglik ingelig oor die erns van die Uitlanders se griewe en die moontlikheid van

---

[296] Milner – Conyngham Greene, 11 Februarie 1898, soos weergegee in Headlam 1, p. 214.
[297] Selborne – Milner, 22 Maart 1898, soos weergegee in Headlam 1, pp. 229-230; J.J. McCord, *South African struggle,* p. 184.
[298] Ploeger, p. 1.10.
[299]Milner – Selborne (vertroulik), 9 Mei 1898, soos weergegee in Headlam 1, pp. 232-233.

oorlog, sou ’n bevredigende oplossing nie gevind kon word nie.[300] Deur hierdie regverdiging om in te meng, het Milner die deur só wyd oopgelaat dat enige gebeurtenis aan Brittanje die regverdiging sou bied om in te gryp. Hy het gevoel dat die rasse-oligargie wat die ZAR beheer het, verwyder moes word, aangesien daar geen teken was dat dit self sou padgee nie.[301] Die volgende stap was om ’n insident aan te gryp wat as regverdiging vir inmenging gebruik kon word. Die ideale insident het hom voorgedoen in die vorm van die Edgar-saak.

’n Britse burger, Edgar, ’n Uitlander en mynwerker, het op straat ’n ander persoon in ’n straatgeveg bewusteloos geslaan. ’n Polisieman, Jones, het hom by sy huis gaan arresteer. Edgar het geweier om die deur oop te maak en Jones het sonder lasbrief die deur oopgedwing, waarop Edgar hom aangeval het. Jones het sy rewolwer uitgehaal en Edgar doodgeskiet.[302] Jones is gearresteer en op borgtog vrygelaat. ’n Protesvergadering wat belê is, is deur ’n paar duisend mense bygewoon. Toe die sprekers wou begin praat, is hulle ontwrig en op die verhoog aangeval deur ’n pro-Transvaalse element. Die polisie het nie in die bakleiery ingemeng nie en het die geveg sy gang laat gaan. Die vergadering is opgevolg met ’n petisie wat die South African League (SAL) opgestel het en wat onderteken is deur 21 684 Uitlanders.[303] Hierdie twee verwante gebeure het ’n sterk wapen in die hande van Brittanje geplaas. Hoewel Jones nie die vereiste lasbrief gehad het om die huis van Edgar binne te gaan nie, is hy met sy verhoor vrygespreek. Die aanklaer, Dick Cleaver, het na die saak teenoor sy moeder opgemerk: “We have not heard the last of this. The Judge has knocked a big nail into our coffin to-day.”[304] ’n Teenpetisie ten gunste van die ZAR-regering met altesaam 23 000 handtekeninge, waarin Uitlanders van verskillende nasionaliteite te kenne gegee het dat hulle tevrede was met die administrasie van die ZAR, is toe opgestel en ingedien.[305] Die mynmagnate wou hulle nie met die saak inmeng nie en het selfs ’n sekere Wybergh, wat voorsitter van die protesvergadering was, uit hulle diens ontslaan.[306]

[300]Pretorius, p. 11.
[301] Milner – Selborne (vertroulik), 9 Mei 1898, soos weergegee in Headlam 1, pp. 234-235.
[302] Pretorius, p. 12.
[303] F Rompel, (red.), *Gedenkschriften van Paul Kruger,* p. 175; FRM Cleaver, *A young South African*, pp. 5-8.
[304] Cleaver, pp. 5-8.
[305] Rompel, p. 175
[306] Walker, pp. 477-478.

Lt.-Genl. sir William Butler, die Britse militêre bevelvoerder in Suid-Afrika, was op daardie stadium waarnemende hoë kommissaris, terwyl lord Milner met verlof in Brittanje was. Butler het ’n sterk afkeer van die Uitlander-agitasie en die haatdraendheid van baie van die nuusblaaie gehad. Boonop het hy die agitasie oor die dood van Edgar aan die SAL toegeskryf en geweier om die Uitlander-petisie aan die Britse koningin te stuur.[307] Butler het die Edgar-saak as ’n “drunken brawl” beskou wat net so wel in enige ander stad kon gebeur het.[308] Hy het die pers, sowel as die SAL daarvan beskuldig dat hulle politieke munt uit die Edgar-affêre wou slaan en agterdog teen die Afrikaners wou saai.[309]

Volgens hom het hy nie die geringste twyfel gehad nie dat alle politieke vraagstukke in Suid-Afrika en feitlik alle informasie wat van Kaapstad na Brittanje gestuur word, deur ’n kolossale sindikaat onder leiding van Rhodes beheer is. Die sindikaat was in sy vasbeslotenheid om sake tot die uiterste te forseer ook verantwoordelik vir die sistematiese verspreiding van wanvoorstellings.[310] Hierdie argument van Butler weerspieël die twee pole in Britse denke met betrekking tot die Suid-Afrikaanse gebeure en is nou vir die eerste keer openlik direk teenoor mekaar gestel. Aan die een kant was daar die vreedsame oplossing van die liberale imperialisme wat deur Butler bepleit is, en aan die ander kant die oorlogsugtige konserwatiewe imperialisme, soos deur Milner en Chamberlain bepleit. Die probleem vir die Konserwatiewes was dat die openbare mening plaaslik en in Brittanje nog grotendeels ’n Butler-tipe oplossing voorgestaan het en teen ’n oorlogsugtige oplossing gekant was.

Die enigste manier waarop ’n swaai ten gunste van die Britse regeringsbeleid bewerkstellig kon word, was dus om na die Edgar-saak meer as ooit die sogenaamde Uitlandergriewe maksimaal uit te buit. Oor hierdie griewe was die Uitlanders nog geensins ’n homogene groep nie, want groot verdeeldheid het nog in hulle geledere geheers, soos wat geblyk het in April 1899 uit ’n mededeling aan Milner dat die Uitlanders ’n element van binding kort-gekom het. Die verdeeldheid onder die Uitlanders blyk uit ’n brief van sir George Fiddes, sekretaris van lord Milner se

[307] De Kock 2, p. 113.
[308] Headlam 1, p. 294; Ploeger, p. 1.11.
[309] Ploeger, p. 1.11.
[310] McCord, pp. 147-148.

personeel. Sy siening was dat, indien die Britse regering nie aan die groot groep pro-Britse Uitlanders hoop kon verskaf nie, hy nie van hulle kon verwag om risiko's te loop waardeur hulle deur die Boere gebrandmerk sou word nie.[311] Hierdie brief het reg in die hand van lord Milner gespeel, wat graag die Britse regering tot optrede wou dwing. Eenheid onder die Uitlanders moes daarom kunsmatig bewerkstellig word. Verskeie prominente persone was uiters negatief oor hierdie kunsmatige poging en die algemene situasie aan die Rand. So het die Britse skrywer, AMS Methuen, verklaar dat die Suid-Afrikaanse pers ’n leuenfabriek was.[312] Volgens hom is elke insident vergroot en verwring om Boer en Brit teen mekaar verbitterd te maak.[313] Aangesien so ’n kunsmatige eenheid nie vir ’n onbepaalde tyd behoue sou kon bly nie, het die onus vir optrede dus by die Britse regering berus. Indien die regering dit nie benut nie, sou so ’n geleentheid hom nie gou weer voordoen nie.[314]

Die opbou van die Britse imperiale beleid is voltooi en kon nou ten volle ontplooi word. Brittanje se reg om in te gryp ter wille van die regverdige behandeling vir die Uitlanders “kept permanently in the position of helots, constantly chafing under undoubted grievances, and calling vainly to Her Majesty’s Government for redress”. Volgens Milner het die situasie voortdurend die invloed en reputasie van Brittanje en die respek vir die Britse regering in die Britse dominiums ondermyn.[315] Dit was nou duidelik dat dit net ’n kwessie van tyd was voordat óf die ZAR sou kopgee óf die oorlog sou uitbreek. Intussen het lord Milner almal wat nie met hom saamgestem het nie op neerhalende wyse as “mugwumps” beskryf. Almal wat vriendelik teenoor die ZAR en pres. Kruger was, het hy as “disloyal and mugwumps” voorgehou. Hy was duidelik onverdraagsaam. Sy standpunt was dat die belangrikste ding om te doen voordat die bom bars, was om die “wobblers” te oortuig dat die Britse regering vas van voorneme was om sy saak deur te voer. Dan sou die “mugwumps” besef dat Brittanje hierdie keer sy sin wou hê en sou hulle versigtig wees om iets te doen wat pres. Kruger nog koppiger kon maak en ’n oorlog veroorsaak. Indien oorlog nog vermy kon word, moes Brittanje so spoedig moontlik

[311] Fiddes – Milner (privaat), 7 April 1899, soos weergegee in Headlam 1, pp. 346-347.
[312] McCord, p. 148.
[313] *Ibid.*
[314] Conyngham Greene – Milner (privaat en vertroulik), 7 April 1899, soos weergegee in Headlam 1, p. 346.
[315] Milner – Chamberlain (telegram), 4 Mei 1899, soos weergegee in Headlam 1, pp. 351-353.

in direkte en doelgerigte onderhandelinge met die ZAR tree met betrekking tot die maksimum hervorming wat Brittanje bereid sou wees om te aanvaar.[316]

President MT Steyn en mnr. WP Schreiner, eerste minister van die Kaapkolonie, wou die dreigende oorlog voorkom. Steyn het daarom vir Milner en Kruger vir ’n konferensie na Bloemfontein genooi.[317] Op 17 Mei 1899 skryf lord Milner dat hy tydens die beoogde onderhoud met pres. Kruger sterk sou staan oor die Uitlandergriewe en baie hoë eise daaroor sou stel. Dan moes Kruger geforseer word om die onderhandelinge op die basis van die Uitlandergriewe op te skort. Indien geen werklike vordering met die ontmoeting getoon word nie, sou dit syns insiens Brittanje jare neem om van die fiasko te herstel, indien ooit.[318] Selborne moes daarom gereed wees om, indien die onderhandelinge met pres. Kruger nie slaag nie, onmiddellik op diplomatieke vlak ’n offensief te loods, wat ondersteun moes word deur ’n sterk magsvertoon. Indien oorlog daardeur veroorsaak sou word, dan eerder vroeër as later.[319]

Lord Milner het hom daarop ingestel om die agenda vir die samesprekings te bepaal en die uitvoering daarvan te beheer. Die ZAR moes gedwing word om onderhandelinge op te skort, want in die gemanipuleerde agenda moes die behandeling van ander meer geldige griewe vermy word, omdat dit nie soveel opspraak sou verwek as die meer populêre Uitlandergriewe nie. Dit was baie belangrik vir die mobilisasie van voldoende openbare steun vir die Britse standpunt. Die vraagstuk het reeds volgens Milner die stadium bereik waar die militêre aspek daarvan van uiterste belang was. Baie het van ’n goeie begin afgehang en het hy geglo dat met besliste optrede hulle sonder ’n geveg sou wen, of dan hoogstens met ’n skermutseling.[320]

Op 31 Mei 1899 het pres. Kruger en lord Milner mekaar in Bloemfontein ontmoet en tot 5 Junie beraadslaag.[321] Soos deur Milner beplan, het die konferensie misluk. Dit was van die begin af duidelik dat Milner sou aandring op hervorming wat hy geweet

---

[316] Milner – Hely Hutchinson (uiters vertroulik), 8 Mei 1899, soos weergegee in Headlam 1, p. 359.
[317] Pretorius, p. 13.
[318] Milner – Selborne, 17 Mei 1899, soos weergegee in Headlam 1, pp.384-385.
[319] *Ibid*.
[320] Milner – Selborne (uiters geheim), 24 Mei 1899, soos weergegee in Headlam 1, pp. 400-403.
[321] Pretorius, p. 13.

het Kruger glad nie sou aanvaar nie. Dit sou dan as bewys van hul antagonisme teen Brittanje se vriendelike advies, asook die gees van onderdrukking teenoor die lydende Uitlanders, wat uit Kruger se houding gespreek het, vertolk kon word.[322] Die mislukking van die konferensie het die laaste stadium van die krisis voor die oorlog ingelui. Milner het uit Bloemfontein teruggekeer met die oortuiging dat slegs wapengeweld oorgebly het, indien Brittanje nie van sy posisie as heersende moondheid in Suid-Afrika wou afstand doen nie. Hy het die Britse regering dus versoek om die garnisoen in Suid-Afrika onmiddellik met 10 000 troepe te versterk.[323]

Op 25 Junie 1899 laat weet Selborne vir Milner dat die openbare mening in Brittanje reeds die moontlikheid van oorlog aanvaar het, maar dit nog nie aanvaar het dat die openlike voorbereiding vir oorlog die beste wyse was waarop dit vermy kon word nie.[324] Die situasie het intussen so ernstig geword dat pres. Steyn op 28 Augustus 1899 aan die Kaapse eerste minister geskryf het dat hy glo dat enige verskille tussen Brittanje en die ZAR wel op vreedsame wyse bygelê kon word. Om ’n toevlug tot wapens te neem, sou ’n misdaad teen die beskawing wees.[325] In ’n ander poging het die hoofregter van die Kaapkolonie, regter JH de Villiers, aan pres. Kruger geskryf en gesê hy voel dat Kruger omsigtig te werk moes gaan en liewer bereid moes wees om ’n deel van sy onafhanklikheid te laat vaar, indien hy daardeur ’n gedeelte daarvan sou kon behou. Vir hom was die vraag of ’n oorlog vir die ZAR beter vredesvoorwaardes sou kon beding. So ’n oorlog sou in ’n rasse-oorlog eindig met die verskriklike medeverantwoordelikheid van hulle wat nie alle middele aangewend het om dit te voorkom nie.[326]

Op 2 September 1899 stel mnr. Chamberlain vir lord Milner in kennis dat die volgende Britse stap ’n kommissie van ondersoek sou wees. Op grond van die kommissie se verslag moes ’n finale eis oor die stemreg gestel word. Sou dit geweier word, sou die kabinet besluit oor die vorm en bestek van ’n ultimatum.[327] Milner reageer daarop dat hy sou verkies dat die werklike eise van die Britse regering nou onomwonde aan die ZAR gestel moes word, naamlik absolute gelykheid in politieke

[322] Davitt, p. 44.
[323] Pretorius, p. 13.
[324] Selborne – Milner (vertroulik), 25 Junie 1899, soos weergegee in Headlam 1, p. 445.
[325] *Further correspondence relating to the affairs of South Africa* (Cd.43), p. 33.
[326] Gould, pp. 177-178.
[327] Chamberlain - Milner (geheime telegram), 2 September 1899, soos weergegee in Headlam 1, p.524.

status van alle blanke inwoners; die erkenning van Britse oppergesag en Brittanje se reg om die ZAR se buitelandse betrekkinge te beheer en in interne aangeleenthede in te meng; die skrapping van ’n beleid van militarisme, insluitende die afbreek van die forte om Johannesburg en Pretoria en geen staande militêre mag nie, behalwe twee veldbatterye van die Staatsartillerie, waarvan die sterkte en wapens nie sonder goedkeuring van Brittanje uitgebrei sou kon word nie.[328]

Uit hierdie woorde van lord Milner is dit duidelik dat geen onderhandelinge ooit die kans gehad het om te slaag nie, want sonder verlies aan selfrespek en waardigheid sou die ZAR nooit kon toegee aan hierdie vernederende eise nie. Daarop het Milner gewaarsku dat, indien Brittanje sou terugdeins van sy standpunt, die Uitlanders, Natal en die lojaliste in die Kaapkolonie uitgelewer sou word en dit ’n onherstelbare slag vir Britse prestige in Suid-Afrika sou wees. Daarom was die kwessie of die saak onmiddellik tot ’n punt gedryf moes word en of eers gewag moes word vir versterkings. In laasgenoemde geval sou die ZAR dalk die leiding neem, wat die voordeel vir Brittanje sou inhou dat hy nie as die aggressor gebrandmerk sou word nie, en wat hom sou onthef van die nodigheid om ’n ultimatum te formuleer.[329]

Pres. Steyn het op 27 September 1899 aan Milner getelegrafeer dat die Vrystaatse beleid nog altyd daarop gemik was om harmonie en samewerking tussen die kolonies en state van Suid-Afrika te bevorder. Hy het die konferensie in Bloemfontein gereël om ’n vreedsame oplossing te probeer vind en het ook die ZAR so ver gebring om belangrike hervormings met betrekking tot stemreg en die verteenwoordiging van Britse onderdane deur te voer.[330] Die een groot probleem wat hy ondervind het in die rol wat hy probeer speel het, was sy onbekendheid met die uiteindelike doel en omvang van die wense van die Britse regering.[331] Dit was vir hom ook duidelik dat die Britse regering afgewyk het van ’n basis van geen inmenging in die huishoudelike sake van die Vrystaat en die ZAR. Sy teleurstelling was dus groot dat sy pogings misluk het en die spanning steeds toegeneem het. Hy het spesifiek verwys na die toenemende Britse militêre opbou wat neergekom het op ’n beleid van mag en dwang

---

[328] Milner – Chamberlain (telegram), 4 September 1899, soos weergegee in Headlam 1, p. 525.
[329] Milner – Chamberlain (telegram), 22 September 1899, soos weergegee in Headlam 1, pp. 541-542.
[330] Van der Merwe, pp. 259-262; Cd. 43, pp. 93-95.
[331] Rompel, p. 192.

gedurende die verloop van die onderhandelinge wat veronderstel was om vriendelik en versoenend van aard te wees.[332]

Op 8 September 1899 het die Britse regering 10 000 troepe na Suid-Afrika gestuur wat die getal Britse troepe op die republikeinse grense op 22 000 man te staan sou bring. Veertien dae later het die Britse regering op oorlog besluit. ’n Ultimatum aan die ZAR is opgestel, maar dit is teruggehou totdat die Britse troepe in posisie sou wees. Op 27 September het kmdt.-genl. Piet Joubert ongeveer 60% van die Transvaalse kommando's opgeroep om na die grense op te ruk. Ses dae later het pres. Steyn aan die Vrystaatse kommando's dieselfde opdrag gegee.[333] Sy standpunt was dat die versameling van burgers op strategiese punte ’n natuurlike gevolg was van die voortdurende opbou van Britse troepe op die grense van die ZAR.[334] Op 3 Oktober 1899 het pres. Steyn weer getelegrafeer dat veral die bitter en vyandige toon van die Engelse pers in Suid-Afrika en Brittanje bydra tot die mislukking van pogings om ’n vriendskaplike en bevredigende oplossing van bestaande probleme te vind. Sou ’n eerbare skikking van alle verskille nie bereik word nie, sou die verantwoordelikheid daarvoor op diegene rus wat die militêre element ingebring het.[335]

Ook uit Brittanje is die eerste minister van die Kaapkolonie telegrafies versoek om onmiddellik sy dienste aan die Britse regering aan te bied om as tussenganger op te tree omdat “All best English opinion still favours pacific settlement”.[336] Verskeie ander pogings is ook aangewend om Milner te beïnvloed om ’n vreedsame skikking te bereik. Mnr. James Molteno, parlementslid vir Somerset-Oos, as verteenwoordiger van ’n groep van 57 lede van die Kaapse parlement, het op 4 Oktober 1899 ’n onderhoud met Milner gehad. Milner het teenoor hom die standpunt ingeneem dat die Britse regering, nieteenstaande die gruwels verbonde aan oorlog en die verskriklike nawerking daarvan op die verhouding tussen Boer en Brit, die vraagstuk eens en vir altyd na sy sin wou skik.[337]

---

[332] Van der Merwe, pp. 259-262; Cd. 43, pp. 93-95.
[333] Pretorius, p. 13.
[334] Rompel, p. 193.
[335] Cd. 43, pp. 97-98.
[336] *Ibid.*, p. 93.
[337] *Ibid.*, p. 128.

Die regering van die ZAR het die Britse regering voorgespring en op 9 Oktober 1899 ’n ultimatum gerig. Daarin is geëis dat alle geskille tussen Brittanje en die ZAR deur arbitrasie besleg word, dat die Britse troepe op die grense van die republiek onmiddellik onttrek word, en dat die troepe wat per skip onderweg na Suid-Afrika was nie hier aan wal gesit word nie. Die Britse regering het 48 uur tyd gekry om op die ultimatum te antwoord.[338] Die Britse regering het geweier om die voorwaardes van die ultimatum te bespreek. Daarop het pres. Steyn dieselfde dag gereageer met ’n proklamasie aan die burgers van die Vrystaat. Daarin het hy gesê dat die tyd wat almal graag sou wou vermy, nou aangebreek het. Die burgers van die Vrystaat is gedwing om saam te staan en gewapende weerstand te bied teen die onreg en wapengeweld van ’n beginsellose vyand wat ’n verskoning gesoek het om oorlog te kon verklaar met die doel om die Afrikaner te vernietig. Volgens hom het eie ervaring getoon dat geen vertroue in die plegtigste beloftes van, en verpligtings op Brittanje, geplaas kon word nie, met ’n administrasie aan die stuur wat bereid was om alle ooreenkomste te vertrap en skynheilige voorwendsels te vind vir elke breuk van goeie trou wat hy gepleeg het.[339]

Met sy ultimatum het pres. Kruger in die hande van die Britse regering gespeel en het dit die Britse publiek geesdriftig genoeg gemaak om hul kragte agter die Britse oorlogspoging te snoer. Die Britse regering het daarom die ultimatum van die hand gewys. Op 11 Oktober 1899 het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek.[340]

## 10. EVALUERING

Die raamwerk waarbinne die standpunte van die Grobbelaar-familie beoordeel moet word, blyk duidelik teen die agtergrond van die praktiese aspekte van die Britse imperiale beleid in Suid-Afrika. Hierdie regering het die beginsels van die volkereg met betrekking tot die onafhanklikheid van state geïgnoreer en Britse opperheerskappy vooropgestel. Op 29 September 1857 het sir George Grey al te Aliwal-Noord die standpunt ingeneem dat Brittanje homself as die allesoorheersende

---

[338] Pretorius, p. 13.
[339] Van der Merwe, pp. 1-4; Cd. 43, pp. 139-140.
[340] Pretorius, p. 13.

faktor in Suid-Afrika beskou het, wie se belange altyd deurslag moes gee, selfs ten koste van die twee Boererepublieke, met ander woorde Britse opperheerskappy.

Vir die Vrystaters het dit voorgekom of die Britse wil op hulle afgedwing word omdat hulle Brittanje gekwets het deur pad te gee onder Britse gesag. Die gevoel is verskerp deur die bewapening van die swart stamme en die uitbeelding van die Boere as die paaiboelies. Hoe vals hierdie Britse beleid was, blyk uit Clerk se siening dat die teenwoordigheid van die Boere geen bedreiging vir die swart stamme ingehou het nie. Die Britse imperiale beleid was in sy wese nie altruïsties nie. Dit blyk uit Britse pogings om deur middel van 'n Britse resident, bygestaan deur sendelinge, beheer oor die swart stamme te verkry. Die geslepenheid van die Britse beleid in Suid-Afrika word bewys deur dit te kontrasteer met die beleid wat dieselfde regering oor dieselfde tydperk in Australië ten opsigte van die Australiese aborigenes gevolg het. Die vraag is: waarom die verskil in benadering?

Binne die konteks van die Britse siening van sy oppermag in suidelike Afrika is dit duidelik dat die twee Boererepublieke nie toegelaat kon word om té magtig en té onafhanklik te word nie. Dit verklaar die Britse optrede teenoor die Basoetos, die onregmatige anneksasie van die diamantvelde en die Britse intrige om beheer oor die goud aan die Witwatersrand te verkry. Brittanje wou ten alle koste volle beheer oor die ZAR bekom. Koss wys daarop dat dr. GB Clark, 'n kritikus van die Britse beleid, in sy werk dokumentêre bewys gelewer het dat pres. Kruger betekenisvolle toegewings gemaak het tydens die onderhandelinge.[341] Die Britse regering wou egter oorlog hê, omdat Kruger as 'n innoverende, pragmatiese en soepel president gevaarlik was vir hulle planne in Suid-Afrika en reeds met behulp van goud vinnig op pad was om die state in Suid-Afrika polities en ekonomies te oorheers. Om dit te voorkom, moes Chamberlain en Milner oorlog maak. Daar was wel 'n vreedsame pad waarlangs die sogenaamde probleme opgelos kon word. Oor die noodwendigheid van oorlog het 'n persoon soos John Morley, 'n groot ondersteuner van die Britse beleid in Suid-Afrika, gevoel dat om oorlog te

---

[341] GB Clark (red.), *The official correspondence between the governments of Great Britain, the South African Republic, and the Orange Free State which Preceded the War in South Africa*, soos aangehaal in S Koss, *The pro-Boers*, pp. xx-xxi.

verklaar vir doelwitte wat in elk geval binne ’n paar jaar by die dood van die bejaarde pres. Kruger bereik sou word, hom siek gemaak het.[342]

Twee belangrike komponente van Afrikanernasionalisme het as gevolg van hierdie Britse beleid en die gepaardgaande optrede by die Vrystaters ontstaan, naamlik ’n gevoel van bedreiging waaruit die bewussyn van die handhawing en beskerming van die eie ontstaan het. Die gevoel van bedreiging was reeds ’n groeiende werklikheid met die Britse anneksasie van Transvaal in 1877, die daaropvolgende Transvaalse Vryheidsoorlog, en die Jameson-inval in 1896. Hulle gevoel dat hulle deur die Britse imperialisme vervolg, onderdruk en geringgeskat is, het nasionale griewe by ’n groot groep van die Vrystaters laat ontstaan.[343] In reaksie op die minagting wat hulle ervaar het, het die betrokke groep Vrystaters met doelgerigte pogings begin om die Afrikanervolk en die volksverlede te idealiseer. Daar is pogings aangewend om die volkskarakter en -ideale op alle vlakke uit te bou en te beskerm. Die ontwikkeling van hierdie bewussyn is geïllustreer deur die gebrek aan eenheid tydens die Eerste Vrystaat-Basoeto-oorlog teenoor die mate van eenheid wat reeds met die Derde Vrystaat-Basoeto-oorlog geblyk het. Daarom kan die Vrystaat-Basoeto-oorloë sekerlik as van die vernaamste saambindende faktore onder die Vrystaters beskou word.[344]

Vanaf 1861, toe Attie Grobbelaar hom op Cyferfontein in die Slikspruit-wyk van die distrik Bethulie gevestig het, het hy en sy familie algaande deel geword van die Vrystaat en het verskillende gebeure die familie se siening op verskeie terreine sterk beïnvloed. Die gemeenskaplike vertrekpunt vir hulle siening was hulle Calvinisties-Protestantse geloof wat hulle uitgeleef het as lidmate van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van die Vrystaat. By die uitbreek van die Eerste Vrystaat-Basoeto-oorlog was Attie in sy wese nie anti-Brits nie. Sy vyand was immers die Basoeto wat met hulle grondeise in die gebied tussen die Caledon- en Oranjeriviere baie naby aan die Slikspruit-wyk gekom het. Mosjesj

---

[342] Koss, p. xvi,
[343] Malan, p. 313.
[344] *Ibid.*, pp. 308-309.

se optrede is gewantrou. Saam met sy mede-Vrystaters het hy Mosjesj en die Basoetos as veediewe en skelms beskou.

Toe die Basoetos tydens die Tweede Basoeto-oorlog die Slikspruit-wyk in puin gelê het, het Attie die skade persoonlik ervaar. Dit het sy negatiewe siening van Mosjesj en die Basoetos versterk. Na afloop van hierdie oorlog het hy geglo dat Brittanje met die Basoetos geheul het om die Vrystaters te na te kom. In die proses het hy homself, saam met die ander Vrystaatse boere, as veronregtes gesien, omdat hy en die ander gedwing was om weer hulle boerdery van die grond af op te bou. Die besef dat hulle moes saamstaan teen ’n groter gemeenskaplike vyand toe hulle daaglikse bestaan bedreig is, het by hom posgevat.

Toe die Derde Vrystaat-Basoeto-oorlog uitbreek, het die nuut-ervaarde gevoel van eenheid en gemeenskaplikheid die Grobbelaar-familie se denke oorheers. Die Basoetos is gou oorwin en geneutraliseer. Met die Britse anneksasie van Basoetoland het hulle gevoel dat die Vrystaat van sy regmatige oorwinning beroof is deur Britse inmenging. Daardeur is die bedreiging van die Basoetos wel geneutraliseer, maar het die dreigende gevaar van Britse imperialisme die Basoeto-kwessie in hulle denke vervang. Hulle het gevoel dat hulle soewereiniteit aangetas is en dat geen Britse waarborge langer vertrou kon word nie. Daarmee saam het hulle hul ten volle vereenselwig met hulle lotgenote in die Vrystaat.

Die Grobbelaar-familie het nou die Britse imperialisme as die toekomstige vyand van die Afrikanervolk geïdentifiseer. Met ’n goed ontwikkelde en individualistiese sin vir reg en geregtigheid het hulle aangevoel dat hulle en hul mede-landgenote te staan gekom het voor groot onreg en ongeregtigheid aan die hand van Brittanje. Uit hierdie reaksie teen die Britse imperiale optrede is ’n sterk pro-Vrystaatse gevoel by hulle gebore. Die Britse imperiale optrede teen die Vrystaat, soos Grey se federasieskema, die anneksasie van Basoetoland, die diamantveldgeskil, Carnarvon se federasieskema, die Jameson-inval, asook Milner en Chamberlain se aanslag op Afrikanerrepublikanisme het op politieke

gebied betekenisvolle sentimente by die Vrystaters tot gevolg gehad.[345] Hulle het die Vrystaat as vaderland aanvaar, omdat hulle vir die gebied se onafhanklikheid geveg het. Geestelik het hulle stryd teen ’n groot oormag ook ’n godsdienstige dimensie verkry wat op sy beurt op kulturele gebied ’n oplewing tot gevolg gehad het.

[345] *Ibid.*

# HOOFSTUK 3
# DIE CYFERFONTEIN-GROBBELAARS EN DIE ANGLO-BOEREOORLOG

## 1. INLEIDING

Die Anglo-Boereoorlog is die omvangrykste oorlog wat nog op Suid-Afrikaanse bodem gevoer is, ’n stryd wat uiteindelik kenmerke van sowel ’n burgeroorlog as ’n totale oorlog gehad het. Die gevolge van die konflik het die 20ste eeuse geskiedenis van Suid-Afrika drasties beïnvloed.[1] Die oorlog was die 226ste van 230 oorloë, veldtogte en strafekspedisies waarby die Britse Ryk met sy leër betrokke was in die 64 jaar van koningin Victoria se bewind vanaf 1837 tot 1901.[2]

IR Smith, Britse historikus en skrywer van ’n insiggewende boek en ’n artikel oor die oorsake van die Anglo-Boereoorlog, gaan van die standpunt uit dat die tradisionele benadering tot die oorlog geïntegreer moet word met die ekonomiese, sosiale en internasionale transformasie wat gepaard gegaan het met die minerale revolusie in Suid-Afrika en die industriële revolusie in Europa. Smith voel dus dat binne die konteks van die laat 19de eeuse wedloop om Afrika, “power politics had an economic dimension which needs to be acknowledged […] Access to and control of resources was often part and parcel of the strategic imperative, as was denying them to a rival power.”[3] Hierdie redenasie van Smith maak sin, gesien in die lig van die soeke van Europese moondhede na kolonies in Afrika en die skepping van belangegebiede waar ’n moondheid sterk genoeg was om sy belange te beskerm en dié beskerming af te dwing. Daardeur het ’n moondheid vir homself die reg van optrede in sekere gebiede voorbehou.

Sou die situasie uit die oogpunt van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Vrystaat benader word, reken Smith dat die ZAR oorlog verklaar het omdat hy vir sy onafhanklikheid geveg het, asook teen ’n toekoms waarin hy beheer oor sy binnelandse aangeleenthede sou verloor. Die regering het daarom ná 1881 jaloers sy Afrikaner-identiteit beskerm en probeer om sy onafhanklikheid uit te

---

[1] A Wessels, “Die traumatiese nalatenskap van die Anglo-Boereoorlog se konsentrasiekampe”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 26(2), Desember 2001, p. 1.
[2] B Farwell, *Queen Victoria's little wars*, pp. 364-371.
[3] IR Smith, *The origins of the South African War (1899-1902): a re-appraisal*, p. 54.

brei.[4] Hierdie siening van die ZAR moet billikerwys teruggevoer word na die 19de eeuse ervaring van die Afrikaner aan die hand van die Britse imperiale regering wat dwarsdeur die eeu opgetree het en wel "in the spirit of persistent, national animosity towards the same people, and for the same predatory purposes which have inspired and directed British policy against them for a hundred years [...] the violator of solemn treaties".[5]

Die ZAR en die Vrystaat se verset was nie primêr teen vreemde invloed as sodanig nie. Dit was eerder 'n verset teen Brittanje wat deur die Afrikaner geïdentifiseer is as sy groot vyand na aanleiding van die ervarings op die Oosgrens, tydens die Groot Trek, die anneksasie van Natal, die Oranjerivier Soewereiniteit, die Vrystaat-Basoeto-oorloë, die anneksasie van die diamantvelde in die Vrystaat, die anneksasie van die ZAR en sy daaropvolgende vryheidsoorlog, asook met die latere woelinge om die goudmyne in die ZAR. Die ervarings van amper 'n volle eeu aan die hand van die Britse imperiale regering het daarop gedui dat die beginsels van die volkereg oor die onafhanklikheid van state geïgnoreer en Britse opperheerskappy vooropgestel is.

Brittanje kon hierdie botsende sienswyses nie duld nie. Mnr. Joseph Chamberlain (Britse Minister van Kolonies) en sir Alfred (later lord) Milner (Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika)[6] se standpunt was kort en bondig dat die twee Afrikanerrepublieke nie toegelaat moes word om té magtig en té onafhanklik te word nie. Die voordele van goud en diamante wat aan hulle mag sou gee, moes dus van hulle onthou word. Die Britse siening was dat hul imperiale betrokkenheid by Mosjesj, die diamantvelde, en die intrige om die beheer van die ZAR se goud vir Brittanje heeltemal geregverdig was. Die voorwendsel wat Milner en Chamberlain wou gebruik om in te meng en hierdie siening af te dwing en te regverdig, was die sogenaamde Uitlandergriewe. Om dìt te kon benut, moes die steun van die Uitlanders en die Britse openbare mening verkry word. Hierdie grief is deur die Britse pers uitgebuit. 'n Berig het in 'n Kaapse koerant verskyn dat, ten spyte van die gruwels verbonde aan oorlog, oorlog die

---

[4] *Ibid*., pp. 59-60.
[5] M Davitt, *The Boer fight for freedom*, p. 40.
[6] Lord Milner is op 24 Mei 1901 tot die adelstand verhef as Lord Milner of St. James's and of Cape Town. Om verwarring te voorkom, word in die proefskrif deurgaans na hom verwys as "lord Milner".

enigste wyse was waarop die probleem van die Engelsman in die ZAR en ook die toekoms van Suid-Afrika opgelos kon word.[7] Dit het aan Milner en Chamberlain die platform gebied om eise te stel waaraan geen selfrespekterende onafhanklike staat kon voldoen nie. Dit het neergekom op óf verandering na die smaak van Brittanje óf oorlog. Die resultaat van beide opsies sou aan Brittanje die nodige erkenning gee. Volgens Milner was die ZAR se pres. SJP Kruger te gevaarlik, want met behulp van goud was die ZAR vinnig op pad om die state in Suid-Afrika polities en ekonomies te oorheers. Dit is ook die rede waarom die oorsprong van die oorlog uiteindelik gelê het in die "reassertion of the British imperial factor in South Africa from the 1870s".[8]

Die aanwending van die voordele van goud moes dus lei tot die uitbouing van Britse opperheerskappy en moes dus reg gekanaliseer word. Lord JH de Villiers, latere hoofregter van die Unie van Suid-Afrika, het tydens sy pogings om die situasie tussen Brittanje en die ZAR te ontlont, aan sy broer gesê dat die Britse regering daarop uit was om die situasie te skik op 'n wyse wat Brittanje sou bevredig.[9] In hierdie lig beskou, neem die Britse anneksasie van Basoetoland en die diamantvelde 'n nuwe dimensie aan as die begin van "a new assertion of British paramountcy in South Africa and a readiness to resort to outright territorial annexation [in order] to gain an ascendancy over the Afrikaners".[10] Warwick voel op sy beurt dat die doel van die oorlog was "[to make the] world [...] safe for the profitable long-term development of gold mining".[11]

Arrie van Rensburg, skrywer van 'n omvattende werk oor die ekonomiese heropbou van die Vrystaat ná 1902, voel dat die uiteindelike vernietiging van die Boererepublieke na die mislukte Bloemfonteinse Konferensie in Mei-Junie 1899 'n uitgemaakte saak was. Lord Milner se verklaring dat die sogenaamde middeleeuse "despotism of Kruger and the Boer Oligarchy" beëindig en die "political predominance" van die Afrikaner in die republieke vernietig moes word, het eintlik beteken dat die Afrikanerdom en alles wat dit verteenwoordig tot niet gemaak moes word. Daarom het die stryd teen die begrippe "Krugerisme" en

---

[7] D Gould, *J.H. de Villiers as a mediator and conciliator in South African politics 1872 – 1909*, p. 170.
[8] Smith, pp. 1-2.
[9] Gould, p. 169**.**
[10] Smith, p. 56.
[11] P Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 5.

"Afrikanerdom" uiteindelik die algehele verwoesting van die ganse ekonomiese struktuur van die landelike bevolking in die twee republieke meegebring.[12] Lord Milner maak in 'n brief op 21 Januarie 1901 'n insiggewende opmerking met betrekking tot die doel van die oorlog, as hy sê die totale neerlaag van die Boere is 'n vereiste, "if only because that is the sole means of absorbing and ultimately getting rid of them as a separate, exclusive caste".[13] Billikerwys kan hierdie opmerking nie vertolk word as die propagering van volksmoord nie, maar dat die Boere ten volle in 'n Britse samelewing geïntegreer moes word.

Oorlog was die instrument waarmee Britse opperheerskappy in die ZAR weer gevestig moes word, en Milner het dus doelbewus en doelgerig daarop afgestuur. As gevolg van die ooreenkoms tussen die twee Afrikanerrepublieke na die mislukte Jameson-inval, het die Britse beplanning met betrekking tot die ZAR ook vir die Vrystaat gevolge ingehou. Michael Davitt, teen die einde van die 19de eeu 'n bekende Amerikaanse skrywer, sê die Britse verweer dat die Boere eerste oorlog verklaar het, is gebaseer op die ultimatum wat pres. Kruger gestuur het. Die vraag wie die oorlog aangestig het, kan nie beantwoord word sonder om die gebeure wat daartoe aanleiding gegee het in berekening te bring nie. "The most cursory examination of a few notorious facts will prove that the real ultimatum [...] was resolved upon and issued in London, and not in Pretoria [...] deliberately provok[ing] the present war."[14] Brittanje het die oorlog doelbewus uitgelok om die geleentheid te kry om sy opperheerskappy in Suid-Afrika te vestig en terselfdertyd die Afrikaner-faktor permanent te neutraliseer.

Weens die opbou van spanning in die ZAR, gepaard met die ervaring wat die Vrystaat self met die politiek van die Britse imperiale regering gehad het, asook die wedersydse verbond tussen die ZAR en die Vrystaat, moes dit in hierdie stadium vir die Grobbelaar-familie duidelik begin word, het dat die situasie op 'n krisis afstuur. Dit was ook duidelik dat die Vrystaat op geen wyse hierdie krisis sou vryspring nie. Tog was daar die hoop dat pres. Steyn nog ter elfder uur daarin sou slaag om deur onderhandeling die katastrofe te voorkom. Dit het

---

[12] APJ van Rensburg, "Vernietiging van welvaart" in MCE van Schoor, *Die bittereinde vrede,* p.11.
[13] C Headlam, *The Milner papers* 2, p. 205.
[14] Davitt, p. 40.

geblyk dat nie Milner, Chamberlain of die Britse regering in ’n vreedsame skikking belanggestel het nie. As lojale Vrystaatse burgers vir wie die onafhanklikheid van die Vrystaat belangrik genoeg was om voor te veg, het die Grobbelaar-familie hierna die oorlog tegemoetgegaan.

## 2. DIE GROBBELAARS GAAN OP KOMMANDO

Die Bethulie-kommando is vanaf 2-3 Oktober 1899 opgeroep. Die volgende Grobbelaars het hulle vir aktiewe diens onder kmdt. FJ du Plooy aangemeld: Pieter en sy seuns Adriaan (Aderjan), Jan, Piet en Willem; Attie met sy seun Attie jr.; Peet en Kotie; hulle swaer Abraham Griesel en sy seun Apie; en hulle susterskind, Attie du Toit. Hulle moes op 4 Oktober te Bethulie aanmeld vir diens. Op 11 Oktober 1899 het die kommando oor die Oranjerivier in die rigting van Burgersdorp beweeg. [15]

Gedurende die eerste fase van die oorlog het die Boere Natal en die Kaapkolonie halfhartig en op ’n beperkte skaal binnegeval. Dit het die Britte die strategiese inisiatief laat behou. Die tweede fase is ingelui met die eerste Britse offensief onder bevel van genl. sir Redvers Buller. Hierdie offensief het misluk. Daarop het die derde fase van die stryd gevolg toe veldm. lord Roberts op 11 Februarie 1900 ’n strategie van stapel gestuur het wat gelei het tot die ontsetting van Kimberley op 15 Februarie 1900, die oorgawe van genl. PA Cronjé te Paardeberg op 27 Februarie 1900, die inname van Bloemfontein op 13 Maart 1900, Johannesburg op 31 Mei 1900 en Pretoria op 5 Junie 1900.[16]

Toe die oorlog op 11 Oktober 1899 uitbreek, het die grootste gedeelte van die Britse militêre eenhede nog nie in Suid-Afrika aangekom nie. Dit het aan die Boere die geleentheid gebied het om tot die offensief oor te gaan. Daarmee wou hulle die Britse troepe op die grense isoleer of uitwis en self stellings in die vyandelike gebied inneem van waar die Britse opmars van die kus af gestuit kon word. Aan die Natalse front is die Britse magte by Talana, Elandslaagte, Modderspruit en Nicholsonsnek gevoelige verliese toegedien en is Ladysmith

---

[15] Smith, p. 3; AJ Griesel, *'n Oudstryder kyk terug*, p. 17.
[16] Wessels, p. 4.

beleër. Aan die westelike front het die Boere tot die offensief oorgegaan, maar deur hulle stadige optrede waardevolle tyd verloor. Mafeking is toe beleër. Hierdie beleëring van Ladysmith, Kimberley en Mafeking was nutteloos en het kommando's wat elders nuttig aangewend kon word, vasgepen.[17]

Op die suidelike en suidwestelike front het genl. Schoeman van Norvalspont af die Kaapkolonie binnegeval, krygswet afgekondig en die Kaapse Afrikaners opgekommandeer. Verskeie van hulle het toe by die Boere aangesluit. Nadat Aliwal-Noord (13 November 1899),[18] Colesberg en Stormberg in die hande van die Boere geval het, het hulle egter versuim om die belangrike spoorverbinding, Noupoort, te beset.[19] Dit was ’n groot fout, want van die drie belangrike spoorwegaansluitings, naamlik Stormberg, Noupoort en De Aar, is slegs Stormberg deur die Boere beset.[20] Op 14 November 1899 het hoofkmdt. Grobler die dorp Colesberg ingeneem. Hiervandaan het die Britse mag voor die Boere padgegee en is Burgersdorp, Barkly-Oos, Stormberg en Dordrecht deur die Boere ingeneem.[21]

Suid van die Boeremagte het genls JDP French en WF Gatacre met hulle magte stelling ingeneem. Toe die Boere versuim om Noupoort te beset, het French met ’n paar regimente daarheen opgeruk en dit self beset, terwyl Gatacre sy hoofkwartier na Sterkstroom verskuif het.[22] Intussen het hoofkmdt. JH Olivier in die Stormberg stelling ingeneem. Van hier af het hulle gereelde verkenningstogte onderneem, waartydens meer Kaapse rebelle by hulle aangesluit het. Op 2 Desember 1899 is Dordrecht beset en tot Vrystaatse gebied verklaar.[23] Hier is hulle geesdriftig deur die talle simpatieke Afrikaners verwelkom en verskeie van hierdie Kaaplanders het hulle toe by die Boeremagte aangesluit. Terwyl hulle in hierdie omgewing was, het die opdrag aan Olivier gekom om sonder versuim Stormberg te beset, wat hy ook teen die middel van November 1899 gedoen het.[24]

---

[17] F Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 14-15.
[18] L Penning, *De oorlog in Zuid-Afrika* 2, p. 412.
[19] WF Andriessen, *Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika*, pp. 215-216.
[20] Pretorius, pp. 14-15.
[21] Penning, pp. 414-416.
[22] Andriessen, p. 216.
[23] *Ibid.*
[24] JH Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika* 2, pp. 149-150, 447,457; Pretorius, p. 16.

## 3. BETROKKE BY DIE SLAG VAN STORMBERG

Om die gees van rebellie onder die Kaaplanders in die kiem te smoor, het Gatacre besluit om op 9 Desember 1899 na Stormberg op te ruk. Hy het berig ontvang dat ’n deel van Olivier se magte in die rigting van Steynsburg sou beweeg. Sy inligting was blykbaar korrek, want op 6 Desember 1899 is tydens ’n krygsraad besluit dat die burgers uit Venterstad, Burgersdorp en Bethulie Steynsburg sou beset.[25] Hoofkmdt. ER Grobler het op 9 Desember 1899 met ongeveer 400 man van die Bethulie-, Venterstad- en Burgersdorp-kommando's van Stormberg af in die rigting van Steynsburg vertrek. Ongeveer 14 km vanaf Stormberg het hulle op die plaas Kalkoenkrans oornag, naby die plek waar Gatacre se troepe dieselfde nag in hul opmars na Stormberg gerus het.[26]

Vroeg op die oggend van 10 Desember 1899 het Gatacre se soldate hul by Stormberg in die Boeremag onder hoofkmdt. Olivier vasgeloop. Die Boere het dié oggend die vyandelike mag aan die voet van die berg gewaar en op hulle begin vuur, waardeur die burgers in die laer gewaarsku is en haastig na die kruin beweeg en ook begin skiet het. Onaangenaam verras, gee Gatacre toe die voorste kompanies opdrag om te storm. Die Boere het egter so effektief gevuur dat die Britse soldate skielik begin vlug het. Toe Gatacre sy infanterie sien vlug, het hy die troepe aan die noorde- en noordwestekant van Kissieberg teruggetrek om te voorkom dat hul terugtog afgesny word. Skielik is daar uit ’n westelike rigting op die Britse mag gevuur. Die vuur was afkomstig van die mag van hoofkmdt. Grobler en sy kommando wat vroeg die oggend teruggejaag het om Olivier te help.[27]

Apie Griesel vertel dat hulle opdrag gekry het om hulp te verleen. “Ek onthou nog goed hoe ons gejaag het. Elke 2 000 meter laat die kommandant ons omruk met die perde se neuse teen die wind in. Na 'n minuut jaag ons dan weer voort.”[28] Hierdie verrassende aanval uit die westekant het Gatacre se neerlaag beklink. Sommige van Gatacre se offisiere probeer toe om om die rantjie te trek, maar kmdt. F Du Plooy met ’n groep van sy kommando het vinnig daarlangs gery en hierdie

---

[25] Penning, p. 418.
[26] Breytenbach 2, pp. 210-217.
[27] Breytenbach 2, pp. 210-217.
[28] Griesel, p. 19.

beweging afgesny.[29] Gatacre moes toe aan twee fronte veg om te voorkom dat sy mag oorgee.[30] In hierdie geveg was Attie du Toit, susterskind van Pieter Grobbelaar, die eerste burger van die Bethulie-kommando wat in die Anglo-Boereoorlog gesneuwel het.[31] In die slag het, volgens Andriessen, 26 Britse soldate gesneuwel, is 70 gewond en het 632 krygsgevangenes geword[32], terwyl Penning 'n totaal van 130 aangee vir beide die dooies en gewondes en 633 krygsgevangenes.[33] Die Boere-ongevalle was volgens Andriessen vyf dooies en 16 gewondes,[34] terwyl Penning glo dat agt gedood en 26 gewond is.[35]

Gatacre moes toe met 'n totaal gedemoraliseerde mag terugtrek in die rigting van Molteno.[36] Vandaar dat dié slag en die Britse neerlae by Magersfontein en Colenso op 11 en 15 Desember 1899, vir die Britte die "Black Week" geword het. Die onbekwame leërleidings van sowel die Boere as die Britte het daartoe gelei dat beide offensiewe misluk het. Die mislukking van die eerste Britse offensief is nie deur die Boere uitgebuit nie, hoofsaaklik as gevolg van die halsstarrigheid van genl. Piet Cronjé.[37]

## 4. SKERMUTSELINGS TE PENHOEK EN DORDRECHT ONDER GROBBELAAR-BEVEL

In sy vertellings het Apie Griesel jr. altyd na sy oom, Pieter Grobbelaar van Kroonpost, as kommandant van die Bethulie-kommando verwys. Amptelike bevestiging daarvoor kon nooit verkry word nie. In Pieter se medalje-aansoek is vermeld dat hy onder bevel van kmdt. Floors du Plooy gedien het. Tog word sy rang op dieselfde aansoek as kommandant aangedui en as sodanig bevestig deur die handtekeninge van beide kmdt. Du Plooy en Apie Griesel wat as getuies geteken het.[38] Bettie Smith, dogter van Peet Grobbelaar van Meyerskraal, skryf ook in haar en haar moeder se oorlogsherinneringe dat kmdt. Du Plooy op 12

[29] Andriessen, p. 220.
[30] Breytenbach 2, p. 217.
[31] Griesel, p. 20.
[32] Andriessen, p. 220.
[33] Penning, p. 427.
[34] Andriessen, p. 221.
[35] Penning, p. 427.
[36] Andriessen, p. 221.
[37] Pretorius, pp. 20-21.
[38] Paul Grobbelaar, persoonlike dokumenteversameling: Fotostaat van Pieter Grobbelaar se voltooide "Aanvraag voor Zuid-Afrikaanse Republiek en Oranje Vrijstaat oorlogsmedalje 1899-1902".

Desember 1899 in die Slag van Stormberg gewond is en haar oom, Pieter Grobbelaar, toe as kommandant waargeneem het.[39]

Die antwoord op hierdie raaisel het hierna duidelik geword. Die Vrystaatse kommandowet het bepaal dat by die aanvang van ’n oorlog ’n provisionele kommandant vir elke kommando aangewys moes word. Hy moes die kommando vergesel om as kommandant waar te neem, indien die werklike kommandant dalk tydens die oorlog buite aksie gestel sou word. Hierdie offisiere moes onmiddellik na mobilisasie deur die burgers van die betrokke kommando's vir die duur van die ekspedisie verkies word.[40] Pieter is dus ná mobilisasie as provisionele kommandant van die Bethulie-kommando verkies, terwyl die kommando nog agter Bethulie-hoogte saamgetrek het.

Gatacre het intussen teruggetrek, eers na die omgewing van Molteno en toe na Sterkstroom.[41] In hierdie omgewing het sy magte op die verdediging gebly tot ná die oorgawe van genl. Cronjé te Paardeberg op 27 Februarie 1900.[42] Op 23 Desember 1899 het Gatacre ’n sterk afdeling gestuur om die Britse vlag weer oor Dordrecht te hys. Daardeur is hoofkmdt. Olivier gedwing om op 3 Januarie 1900 met 'n mag van 1 000 man onder kmdte. Du Plooy, Steenkamp en Van Aardt daarheen te trek om die Britse stellings te verken en die sterkte van die mag te bepaal.[43] Apie Griesel vertel dat 100 man van die Bethulie-kommando uit Loperberg die spoorlyn bestorm en stelling ingeneem het. Daar was weinig teenstand en die vyand het suidwaarts teruggeval.[44] Daarop besluit hoofkmdt. Olivier om hom weer met sy mag by Stormberg in te grawe en ’n verdere Britse aanval af te wag.[45]

Kmdt. Du Plooy is in die slag van Stormberg gewond en kmdt. Pieter Grobbelaar moes toe in sy plek waarneem. Hy het verneem dat die Boeremagte in die omge-

---

[39] Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Renier-versameling (A119): Een klein skets van al die bittere smarte wat wyle mev. Petrus Grobbelaar van Meyerskraal, Bethulie, met haar ses kinders deurge- maak het gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, soos opgeteken deur haar dogter mev. E.M. Smith (522), Handgeskrewe manuskrip, [p.3]. Oorspronklik geraadpleegde dokument nie genommer nie.

[40] Breytenbach 1, p. 40.

[41] Penning, p. 221.

[42] DW Kruger (red.), “Sir William Forbes Gatacre”, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* pp. 262-263.

[43] Breytenbach 4, pp. 2-4.

[44] Griesel, pp. 18-19.

[45] Breytenbach 4, p. 4.

wing van Dordrecht probleme ondervind het en gaan toe met ’n mag van ongeveer 100 man om ondersoek in te stel.[46] Tussen Dordrecht en Penhoek, sowat 15 km suidwes van Dordrecht, het ’n Britse mag van 260 berede troepe Dordrecht vanuit die suidweste bedreig.[47] Volgens Apie Griesel wou hulle die kamp aanval en het vroeg die oggend die steil berg uitgeklim en die vyandelike kamp met geweervuur bestook. Aangesien hulle opdrag egter was om in Dordrecht hulp te gaan verleen en nie om in lopende gevegte langs die pad betrokke te raak nie, het kmdt. Grobbelaar die opmars voortgesit. Na byna drie weke in die gebied is die kommando terug na Stormberg.[48] Uit die laer by Stormberg het Peet Grobbelaar op 6 Februarie 1900 aan sy dogter, Bettie, geskryf: “Bettie vergeet tog niet om vir Boetie te leer en help vir Bybie ook, zeg haar veel woorde voor uit Gods woord, dat zy in haar jonkheid met het zoete naam van Jesus bekend kan word.”[49]

## 5. DIE SLAG BY BETHULIE-BRUG ONDER BEVEL VAN KMDT. PIETER GROBBELAAR

Intussen het lord Roberts in Kaapstad aangekom en die bevel by genl. Buller oorgeneem. Die derde fase van die gewapende stryd is ingelui toe hy op 11 Februarie 1900 sy omvangryke indirekte strategie van stapel gestuur het. Hierdie strategie het daartoe gelei dat genl. PA Cronjé gedwing was om op 27 Februarie 1900 by Paardeberg oor te gee.[50] Na die oorgawe van Cronjé het pres. MT Steyn besluit om die Vrystaatse burgers uit Kaapland te onttrek. Dié oorgawe was van besondere militêre betekenis, omdat dit die Boere fisies en sielkundig ontwrig het. Ten spyte van hierdie terugslag sou die Boere die stryd nog vir twee jaar voortsit.[51] Op 1 Maart 1900 gee pres. Steyn aan hoofkmdt. Olivier opdrag om met sy mag na die Oranjerivier terug te val en die Vrystaatse bodem te help verdedig.[52] Oor hierdie terugtog het Apie Griesel geskryf dat toe hulle die nag so teen 02:00 deur Burgersdorp ry, die burgers nog lustig gesing het:

> ”O, Engeland roem gerus al op jou grote mag,
> ons is vir jou nie bang, ook nie ’n enkel dag.

---

[46] Griesel, p. 21.
[47] Breytenbach 4, p. 455.
[48] Griesel, pp. 21-22.
[49] VAB, Renier-versameling (A119): PJ Grobbelaar – EM Smith, 6 Februarie 1900 (brief).
[50] Wessels, p. 4.
[51] *Ibid.*
[52] Breytenbach 4, p. 458.

By jou is broodsgebrek en somtyds hongersnood,
by ons is geld genoeg, en al wat werk, het brood. ”[53]

Hierdie oorlogsliedjie was blykbaar meer algemeen bekend as net by die Bethulie-kommando, want HS Schoeman verwys in sy vertelling as krygsgevangene op Burtt’s-eiland dat hulle ’n variasie daarvan gesing het, wat soos volg gelui het:

"O, Engeland roem gerus
Op al jou grote mag;
Ons is vir jou nie bang,
Jou niet o nietig land.
Ou Roberts met jou mag,
En ou Jennison met jou grote krag,
Ons is vir jou nie bang.”[54]

Die terugtog van die Boeremagte uit Kaapland, in opdrag van pres. Steyn, het vinnig geskied. Hulle het die Oranjerivier oorgesteek en die treinbrug by Bethulie opgeblaas. Gevolglik is die spoorwegverbinding tussen die Kaapse hawens en Bloemfontein volledig vernietig.[55] Op Sondag 10 Maart 1900 is ’n groot Britse mag gewaar wat goeie stellings agter huise en kraalmure op die plaas, Holmsgrove, aan die Kolonie-kant van die rivier ingeneem het. ’n Wag van 16 man by die brug was te klein vir die groot Britse oormag. Kmdt. Pieter Grobbelaar besluit om met al die burgers die brug te storm, maar die vyandelike vuur was so hewig dat hulle moes terugtrek. Ses man, waaronder Apie Griesel, het hierna deurgejaag na die brug. Uiteindelik het kmdt. Grobbelaar op sy perd, Jokkie, aangejaag gekom, langs hulle gaan lê en gesê hy sou probeer om die kanon bo-op ’n kop, links van die pad te kry. Dit was nie suksesvol nie, want die afstand was te groot. Teen skemeraand het hulle terugbeweeg na die res van die kommando. Die Bethulie-kommando het noordwaarts oor Springbokfontein

[53] Griesel, p. 23.
[54] HS Schoeman, “Krygsgevangene op Burtt’s-eiland”, *Knapsak* 20 (1), p. 23.
[55] Breytenbach 5, p. 134.

teruggetrek. In daardie stadium het baie burgers so mismoedig geword dat hulle na hulle plase teruggekeer het om oor te gee.[56]

Intussen het die Vrystaat se pres. MT Steyn ná die val van Bloemfontein die setel van sy regering vanaf Bloemfontein na Kroonstad verskuif, omdat Bloemfontein deur die Britse magte ingeneem sou word. Genl. Christiaan de Wet het die burgers huis toe gestuur om weer op 25 Maart by Sandrivier terug te rapporteer.[57] Toe De Wet oor hierdie stap hewig gekritiseer is, was sy verweer dat ’n mens nie met onwillige honde 'n haas vang nie, want hy kon die burgers nie keer nie. Hy moes hulle ’n tydjie verlof gee, want dan was daar ’n kans dat sy burgers op 25 Maart weer by Sandrivier by hom sou rapporteer. Op 20 Maart 1900 is ’n groot krygsraadvergadering te Kroonstad gehou, bygewoon deur die ZAR se pres. Paul Kruger, asook genls. PJ Joubert, JH de la Rey, Philip Botha, CC Froneman, CP Cronjé, JB Wessels, CR de Wet en lede van die regerings van beide republieke.[58] Die krygsraad is belê om te bepaal wat die beste manier was waarop die oorlog voortgesit kon word. Die mense was bewus daarvan dat ’n uiteindelike oorwinning vir die Boere reeds buite die kwessie was. Een van die belangrikste besluite wat geneem is, was dat weggedoen sou word met die lomp wa-laers en dat slegs perdekommando's voortaan gebruik sou word.[59] Hierdie besluit het die oorgang na ’n guerrilla-oorlogvoering deur die Boeremagte ingelui, waardeur die oorlog nog twee jaar langer uitgerek is.

Vanaf 25 Maart 1900 het die burgers weer in groot getalle by die afgesproke plek aan die Sandrivier teruggerapporteer.[60] Genl. De Wet het hulle daar van ’n ossewa af toegespreek. Hy het een van die Roberts-pamflette, waarin die Boere versoek is om oor te gee, opgehou en gesê: “Burgers, is julle bang vir papierbomme? Ek nie.” Hierdie toespraak het hulle toe weer nuwe moed gegee en sommige wat reeds oorgegee het, het opnuut aangesluit.[61] Na die val van Bloemfontein het die meeste burgers hul kommando’s verlaat en teruggekeer na hulle plase. Uit die Bethulie-

---

[56] Griesel, pp. 23-25.
[57] CR de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit,* pp. 79-80.
[58] *Ibid*., p. 79.
[59] *Ibid.*, pp. 79-80.
[60] JD Kestell, *Christiaan de Wet*, pp. 66-67.
[61] Griesel, pp. 25-26.

kommando alleen het 596 uit ongeveer 700 burgers hulle wapens neergelê. Dit was die Vrystaatse kommando met die meeste wapen-neerlêers, wat die Vrystaatse burgers wat oorgegee het op 4 554 man te staan gebring het.[62] Die Bethulie-kommando het destyds nog net uit kmdt. Du Plooy met ongeveer 100 man, waaronder die Grobbelaars, bestaan.[63]

## 6. DIE GROBBELAARS IN DIE SLAG BY SANNASPOS, 31 MAART 1900

Die fase van die oorlog wat op die krygsraad te Kroonstad gevolg het, word deur Fransjohan Pretorius ’n oorgangsfase na guerrilla-oorlogvoering genoem, waartydens kenmerke van sowel die konvensionele fase as die nuwe guerrilla-fase waargeneem kon word.[64] Genl. De Wet was nou vasbeslote om die dissipline van sy kommando's op te skerp en het besluit om in die toekoms nie sy krygsplanne voor die tyd aan sy burgers bekend te maak nie. Op die aand van 28 Maart 1900 het hy uit Brandfort vertrek om Sannaspos aan te val en by die Waterwerke Bloemfontein se watertoevoer af te sny.[65] Hy hoor toe dat brig.-genl. RG Broadwood in die rigting van Thaba ’Nchu aan die terugval was en stuur 1 100 man, waaronder die Grobbelaars, onder genls. AP Cronjé, Piet de Wet, CC Froneman en JB Wessels, met vier kanonne om oos van die Modderrivier oorkant die Waterwerke stelling in te neem en die Britse garnisoen by die stasiegebou van Sannaspos aan te val.[66] Met die oorblywende 350 burgers het De Wet na Koringspruit, ’n spruit wat in die Modderrivier uitmond, gegaan. Die ander generaals moes die garnisoen met dagbreek met kanonvuur bestook, terwyl hy die troepe wat deur Koringspruit na Bloemfontein probeer ontsnap, sou afsny.[67]

Terwyl die Boeremagte gedurende die nag hulle stellings ingeneem het, het Broadwood, onbewus van hulle teenwoordigheid, dieselfde nag by Sannaspos aangekom.[68] Genl. CR de Wet se groep het in die drif by Koringspruit stelling ingeneem, presies waar die Britse magte moes deurkom op pad na Bloemfontein.

---

[62] AM Grundlingh, *Die ”hendsoppers” en ”joiners”*, p. 21.
[63] De Wet, pp. 136-138.
[64] F Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 11, 18.
[65] Kestell, p. 67.
[66] *Ibid.*, p. 68; P.H. Kritzinger, *In the shadow of death,* p. 25.
[67] Kritzinger, p. 25.
[68] *Ibid*.

Toe dit op 31 Maart lig word, besef De Wet dat hy met slegs sy klompie burgers teen die hele Britse mag te staan gekom het.[69] Enkele minute later begin die kanonne van genl. Piet de Wet, genl. CR de Wet se broer, op die niksvermoedende Britte vuur en besorg aan hulle ’n onaangename verrassing.[70] Die konvooi van perdekarre en trollies het in die rigting van die drif begin vlug, waar genl. De Wet se burgers hulle ingewag het. Daarna het die ossewaens gevolg. Die druk van die kanonvuur op die agterhoede het die verwarring laat vererger. By die drif was daar chaos onder die Britse soldate. Toe die Britse hoofmag sowat 100 meter van die Boerestelling af was, het hulle agtergekom dat hulle so te sê op die Boere was en halt geroep. Baie vlugtende troepe is neergeskiet voordat hulle buite bereik van die geweervuur was. Die hele Britse konvooi met alles wat dit bevat het, het in die hande van De Wet geval.[71]

Die slag by Sannaspos op 31 Maart 1900 neem ’n besondere plek in die geskiedenis van Suid-Afrika in, wat volgens Jos Rabie vergelyk kan word met dié van die slag van Brittanje in 1940: “Uit ’n oomblik van groot neerlaag het ’n nuwe leier verrys wat die strydmag geïnspireer en tot nuwe hoogtes gelei het. Christiaan de Wet het op die oggend van 31 Maart 1900 die eerste noemenswaardige guerrilla-operasie van die Tweede Vryheidsoorlog gevoer.”[72] Die Britse ongevalle was volgens Asselbergs 15 gedood, 123 gewond en 430 krygsgevangenes. Hy noem ook ander syfers, naamlik 19 dood, 137 gewond en 425 krygsgevangenes.[73] Die syfers wat die naaste aan korrek is, gee die gegewens egter soos volg: 3 offisiere en 15 manskappe gedood, 16 offisiere en 118 manskappe gewond, en 18 offisiere en 408 manskappe vermis of krygsgevange geneem, terwyl die gebuite waens nagenoeg 180 was.[74] Amery stel die verliese as 159 dooies en gewondes en 421 krygsgevangenes met ’n buit van 83 waens en sewe kanonne.[75] Genl. De Wet het egter van hierdie syfers verskil en het dit self op 350 gedood en gewond met 480 krygsgevangenes gestel

[69] HC Hopkins, *Maar één soos hy*, pp. 65-66; Kritzinger, p. 26
[70] Kritzinger, p. 26; Breytenbach 5, p. 204.
[71] Breytenbach 5, pp. 204-206, 221-222.
[72] JE Rabie, *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*, p. 5.
[73] CJ Asselbergs, “Die geveg by Sannaspost”, soos aangehaal in Rabie, p. 5.
[74] *Royal Commission on the war in South Africa. Appendices to the minutes of evidence*, p. 414, soos aangehaal in Rabie, p. 29.
[75] LS Amery (red.), *The Times History of the War in South Africa* 4, pp. 43-44, soos aangehaal in Rabie, p. 29.

(kleurlinge uitgesluit), met sewe kanonne en 117 waens gebuit.[76] Die oorlogsituasie waarin die Britse magte hulle met die oorgang na guerrilla-oorlogvoering deur die Boeremagte vanaf 31 Maart 1900 en die tweede helfte van 1900 toenemend bevind het, kan volgens André Wessels by nabetragting as ’n Viëtnam-situasie beskou word. Brittanje was die wêreld se enigste supermoondheid met ’n gedugte leër. Hierdie leër was nie voorberei of toegerus vir ’n oorlog teen ’n vyand wat uiters mobiel was en, onafhanklik van ’n omvattende logistieke infrastruktuur, letterlik van die veld kon leef nie.[77]

## 7. DIE BETHULIE-KOMMANDO NA DEWETSDORP EN OMGEWING

Die Bethulie-kommando is vervolgens saam met genl. Piet de Wet in die rigting van Dewetsdorp.[78] Brig.-genl. HML Rundle se kolonne was na Dewetsdorp onderweg, maar hy was baie versigtig omdat hy geweet het dat De Wet se verkenners in die omgewing was en hom dopgehou het vanaf sy stelling by Leeukop. Gedurende die nag van 19 April 1900 het De Wet met sy mag van ongeveer 2 000 man voor die Britse magte ingetrek en die bergposisie op die plaas Constantia, sowat 8 km suidwes van Dewetsdorp, beset.[79] Apie Griesel vertel dat hulle in die nag loopgrawe nader aan die vyand gegrawe en daar stelling ingeneem het, maar die volgende dag was die geveg baie straf.[80] Genl. Piet de Wet besluit toe om noordwaarts terug te val om te voorkom dat sy mag deur die Britse magte vasgekeer word.[81]

## 8. DIE BETHULIE-KOMMANDO BY ROODEWAL

Lord Roberts het met sy vinnige opmars Pretoria op 5 Junie 1900 beset. Met die snelheid waarmee hy opgeruk het, was baie gebiede toe nog nie in Britse hande nie, en was sy verbindingslyn deur die Vrystaat swak bewaak en daarom kwesbaar. Hierdie kwesbaarheid was baie duidelik by Roodewal-stasie, noord van Kroonstad. Die vernietiging van brûe deur die Boere het veroorsaak dat groot hoeveelhede Britse voorrade by Roodewal opgehoop het.[82] Die ontwrigting

[76] De Wet, p. 100.
[77] Wessels, pp. 4-5.
[78] Griesel, p. 26,
[79] Breytenbach 5, p. 301.
[80] Griesel, p. 26.
[81] Breytenbach 5, pp. 305-307.
[82] Pretorius, *Anglo-Boereoorlog*, pp. 25-26.

van Britse verbindingslyne was reeds vir lord Roberts ’n bekommernis kort nadat hy Bloemfontein verlaat het. Terwyl die Britse mag Pretoria genader het, het die Boere besluit om die taktiek waarop daar tydens die Kroonstadse krygsraad besluit is, te intensifiseer.[83]

Die aand van 6 Junie 1900 het genl. Christiaan de Wet 600 man in die rigting van Roodewal-stasie geneem en die mag in drie groepe verdeel. Die eerste groep van 300 man onder kmdt. L Steenkamp is na die Vredefortweg-stasie gestuur om dit teen sonop op 7 Junie 1900 aan te val. Genl. Froneman, in bevel van die tweede groep van 300 burgers onder kmdte. Nel en F du Plooy, het opdrag gekry om teen dagbreek op 7 Junie die Britse kamp 1,5 km noord van Renosterrivier-stasie aan te val. Die derde groep onder genl. Christiaan de Wet self, met kmdt. P Fourie en 80 burgers het na Roodewal-stasie beweeg.[84] Volgens Apie Griesel het hulle die aand van 6 Junie onder vdkt. F Vilonel die Koppies Siding bestorm en die personeel gevange geneem.[85] Vroeg op 7 Junie kom genl. De Wet by Roodewal aan. Teen dagbreek stuur hy ’n boodskap aan die Britse mag om oor te gee. Hulle weier en hy open kanonvuur op die stasie. Toe die vyand vir ’n uur lank onder vuur was, het hulle die witvlag gehys. Die vuur is uiteindelik gestaak en De Wet het na die stasie gegaan waar die omvang van die buit die Boere verstom het. De Wet besluit toe om wat hy nie kon saamneem nie, te verbrand, en gee die burgers toestemming om uit die possakke items soos onderklere, kouse, sigare en sigarette, te neem, alles wat hulle wou.[86] Daarna, vertel Apie Griesel, het hulle die trokke aan die brand gesteek. Dit was ’n stil aand en jy kon die lig van die vuur meer as ’n honderd meter hoog in die lug sien opslaan. Apie het op twee Britse offisiere afgekom wat weggekruip het, elkeen met ’n verkyker, waarop hy beslag gelê het. Hy kom toe by kmdt. Grobbelaar wat, toe hy die twee verkykers sien, vir Apie vra om hom een te gee.[87]

Hierdie suksesvolle aanval op Roodewal, Vredefortweg en Renosterrivier-brug het die brug oor die Renosterrivier vernietig en ook ongeveer 16 km spoorlyn beskadig en so die verbinding tussen Kroonstad en Pretoria afgesny. Daarbenewens is

[83] SB Spies, *Methods of barbarism*, p. 101.
[84] De Wet, pp. 142-143.
[85] Griesel, p. 32.
[86] De Wet, pp. 146-147.
[87] Griesel, p. 33.

voorrade ter waarde van ongeveer £100 000 gebuit en vernietig.[88] Volgens genl. De Wet is daar ongeveer 800 krygsgevangenes geneem en 170 troepe gedood en gewond en "een ontzettend groote voorraad goed en ammunitie van den vijand vernield. Het was voor ons een wondervolle dag en dit met haast geen verlies […] te Roodewal […] werden er slechts twee gewond en [by] genl. Froneman […] sneuvelde één, […] en werden twee licht gewond".[89]

Hierdie slag het 'n besondere plek in die verloop van die res van die oorlog gehad, want dit het vir lord Roberts duidelik geword dat hy 'n teenvoeter moes vind vir die metodes van genl. De Wet. Daarop het hy begin met sy reeks proklamasies om die burgers te ontmoedig en tot oorgawe te dwing.[90] Voortspruitend daaruit het hy besluit om voortaan streng teen die burgerlike bevolking van die republieke op te tree.[91] Dit was die begin van die verskroeide aarde-beleid van lord Roberts.

## 9. DIE GROBBELAARS BETROKKE BY DIE VERNEDERENDE OORGAWE VAN PRINSLOO

Die magte van genl.-maj. AH Paget en genl.-maj. RAP Clements het die Boeremagte teruggedryf en Bethlehem op 7 Julie 1900 verower. Gevolglik het die Vrystaatse regering en die kommando's tot agter die Witteberge in die Brandwaterkom teruggetrek. Die idee was dat lt.genl. A Hunter die kordon om die Boere moes sluit.[92] Intussen is besluit dat al die Vrystaatse magte, met uitsondering van 'n klein wag, agter die berge uit moes beweeg. Daar is ook besluit om die magte in drie groepe te verdeel. Die eerste afdeling, onder genl. De Wet, met die regering onder sy beskerming, moes in die rigting van Kroonstad beweeg. Die tweede afdeling, onder asst.-hoofkmdt. Paul Roux, waaronder ook die Bethulie-kommando, is beveel om op 16 Julie eers in die rigting van Bloemfontein, en dan suidwaarts te trek om in die suidelike distrikte die agtergeblewe burgers weer onder die wapen te bring. Die derde afdeling, onder genl. J Crowther, moes op dieselfde datum in 'n rigting noord van Bethlehem beweeg, waar hy asst.-hoofkmdt. FJWJ Hattingh met sy kommando's sou ontmoet en van daar af onder

---

[88] Spies, p. 102.
[89] De Wet, p. 150.
[90] Pretorius, *Anglo-Boereoorlog*, pp. 26-27.
[91] Spies, p. 102.
[92] Pretorius, *Verskroeide aarde*, p. 22.

hom in die noordoostelike distrikte moes opereer.[93] Die oorgeblewe groep, wat die omgewing goed geken het, moes as ’n mag agterbly onder oudhoofkmdt. Marthinus Prinsloo. Hierdie wag moes in drie verdeel word, waarvan een te Slabbertsnek, een te Retiefsnek en een te Naauwpoort moes stelling inneem met die opdrag om die groot getalle vee wat na die gebied agter die passe gestuur is, te beskerm.[94]

Op 15 Julie het De Wet deur Slabbertsnek beweeg met die verwagting dat die ander generaals, soos ooreengekom, hom sou volg. Pas na sy vertrek het ’n paar offisiere wat ontevrede was met genl. Roux as assistent-hoofkommandant, probeer om ’n vergadering van offisiere te hou om ’n hoofkommandant te kies. Die hoofskuldige van die onmin was Marthinus Prinsloo wat voor die oorlog ’n gesiene politikus uit die Winburg-omgewing was, lid van die Volksraad, ouderling, vermoënd en iemand na wie mense opgesien het. Sy aansien het aan hom by die uitbreek van die oorlog die aanstelling as hoofkommandant van die Vrystaatse magte in Natal besorg. Op 18 April 1900 het pres. Steyn vir genl. Christiaan de Wet as enigste hoofkommandant en opperbevelvoerder van álle Vrystaatse magte aangewys. Dit het daartoe gelei dat Prinsloo se jaloesie en ambisie die oorhand begin kry het. Uit ontevredenheid met De Wet se aanstelling is hy dikmond huis toe en het hy ophou veg. In Junie 1900 het hy hom weer by die Vrystaatse magte in Lindley gevoeg, waar hy in ’n onaangename kattegeveg tussen hom, genl. Piet de Wet en genl. Christiaan de Wet betrokke was.[95]

Toe volg die aanstelling van ds. Paul Roux as assistent-hoofkommandant. Hy het binne die bestek van ’n maand en ’n half van gewone burger tot assistent-hoofkommandant gevorder. Die ontevredenheid wat daaruit voortgespruit het, was ’n belangrike voorspel tot die oorgawe van Prinsloo ’n paar weke later.[96] ’n Reeks persoonlikheidsbotsings waar selfsug, hoogmoed, ambisie en selfs lafhartigheid hoogty gevier het, het daarop gevolg.[97] Dit het daartoe gelei dat die

---

[93] De Wet, pp. 158, 162-163.
[94] PJ Delport, *Die rol van genl Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 150-151.
[95] L Scholtz, “Intense jaloesie rede vir eerlose oorgawe van Prinsloo”, *Die Burger*, 29 Julie 2000, By-bylaag.
[96] Delport, pp. 154-155.
[97] Scholtz, By-bylaag.

ander twee afdelings Boere nie op die bestemde tyd opgetrek het nie. Prinsloo en kmdt. Haasbroek het by pres. Steyn oor hierdie saak gaan kla en het nie die tent verlaat voordat pres. Steyn beide Prinsloo en Roux as assistent-hoofkommandante aangestel het nie.[98]

Op 27 Julie is daar weer ’n krygsraad gehou om te besluit wie nou eintlik in bevel moes wees. Eindelik het Prinsloo sy sin gekry. Asof dit nog nie genoeg was nie, het Prinsloo met die oog op oorgawe dadelik kontak met die Britte gemaak.[99] Prinsloo het in sy onderhandelinge met Hunter van die Boereverraaier, Vilonel, gebruik gemaak. Vilonel is deur ’n krygshof tot vyf jaar gevangenisstraf gevonnis. Hy is as gevangene saam met die kommando's geneem. Na hul onderhandelinge is Vilonel weer na Hunter gestuur om die finale voorwaardes te onderteken. Hy het ook opdrag van Prinsloo gehad om, indien nodig, ’n onvoorwaardelike oorgawe te aanvaar. Prinsloo het Vilonel willens en wetens voorberei op beide ’n oorgawe op sekere voorwaardes of, ’n onvoorwaardelike oorgawe. Die onderhandelings is met die volgende brief van Hunter aan Prinsloo afgesluit: “I have received from Mr. Vilonel your letter of today accepting an unconditional surrender of your whole force.”[100] Op 30 Julie het Prinsloo dus wraak geneem vir sy gekrenktheid en het hy onvoorwaardelik aan die Britte oorgegee.[101]

Dit het daartoe gelei dat verwarring onder die kommando's geheers het, veral onder dié groep nader aan Golden Gate, wat nie amptelik van die oorgawe verneem het nie. Die werklike nuus van die oorgawe is as gerugte en onwaar aanvaar. Op 30 Julie is boodskappers na die Boere buite Golden Gate by Klerksvlei, waaronder die Bethulie-kommando, gestuur. Hoewel hierdie kommando's nie gevaar geloop het om vasgekeer te word nie, het ’n aantal offisiere en burgers besluit om sonder enige verdere teenstand aan die Britse magte oor te gee.[102] Wat die standpunt van kmdte. Du Plooy en Grobbelaar was, kan weens ’n gebrek aan stawende getuienis nie bepaal word nie. Dit is egter waarskynlik dat Du Plooy as ’n veel ouer man nou moeg was vir die tipe oorlog

---

[98] Delport, pp. 161-163.
[99] Scholtz, By-bylaag.
[100] Delport, pp. 189-190, 204.
[101] Scholtz, By-bylaag.
[102] Delport, pp. 198-199.

wat gevoer is, en daarom een van hierdie offisiere was. Wat kmdt. Grobbelaar, wat op hierdie stadium nie in bevel was nie, en sy broers, Peet en Kotie, betref, kan bloot bespiegel word. Hulle het hulle waarskynlik by die senior kommandant se besluit berus. ’n Aantal offisiere en burgers van die kommando's wat hulle naby Golden Gate bevind het, het geweier om oor te gee en het uit die Britse net ontsnap. Onder hulle was Attie Grobbelaar van Groot Marsfontein en sy seun Attie. Attie sr. is eers op 16 Augustus 1901 krygsgevange geneem,[103] terwyl Attie jr. as bittereinder die oorlog oorleef het.[104]

In sy herinneringe het De Wet die gebeure in die Brandwaterkom onder meer soos volg opgesom: “Dit was 'n gruwelike moord gepleeg op Regering, Land en Volk.”[105] Prinsloo het met 4 400 man, die helfte van die Vrystaters in die veld, oorgegee en daarmee die Boeremagte ’n uiters gevoelige slag toegedien.[106] Op 30 Januarie 1903 het Marthinus Prinsloo as ’n eensame verstoteling op sy plaas Waterval gesterf. In die agt maande na die afloop van die oorlog moes hy, die voorheen gesiene kommandant en volksraadslid, die ervaring smaak om ’n uitgeworpene onder sy eie mense te wees.[107]

## 10. VERDEELDHEID AS GEVOLG VAN VERRAAD

Die verskynsel van verraad is ’n baie emosionele saak. Kapt. March Phillipps sê in sy boek *With Rimington*: “A war of this sort, between neighbours and cousins, is the sternest test of loyalty. Many have failed to stand it.”[108] Die een baie belangrike feit wat deur verraad bewys is, is dat ’n groot groep van die Vrystaters oor geen diepgaande lojaliteitsgevoel beskik het nie. Reg van die uitbreek van die oorlog af was daar, insiggewend genoeg, reeds burgers wat om verskillende redes nie wou begin veg of wou verder veg nie, en wat ’n geleentheid gesoek het om hulle wapens neer te lê. Ander het later besluit om die stryd gewonne te gee. Die redes wat hulle aangevoer het, is eerstens dat lord Kitchener die veldtog van verwoesting wat lord Roberts begin het, uitgebrei en die Vrystaat in ’n woesteny omskep het deur onder andere 30 000 (Transvaalse

---

[103] Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OMBR): Krygsgevangenelys Bethulie-kommando
[104] CJH Neethling, *Die Grobbelaars van Cyferfontein, distr. Bethulie,* Addenda, p.1.
[105] Scholtz, By-bylaag.
[106] Pretorius, *Anglo-Boereoorlog*, p. 28.
[107] Delport, p. 210
[108] M Phillipps, *With Rimington*, p. 160.

en Vrystaatse) plaashuise te verwoes, benewens die dorpe wat in puin gelê is. Sommige burgers het gevoel dat die voortsetting van die oorlog slegs tot verdere verwoesting sou lei. Tweedens het die konsentrasiekampstelsel veroorsaak dat, om by hulle gesinne uit te kom, die burgers eers die wapen moes neerlê. Derdens het die organisering van grootskaalse dryfjagte gedurende die laaste maande van die oorlog demoralisasie en fisiese uitputting in die hand gewerk. Vierdens het die mobiele oorlog van die Boere besondere hoë fisiese en geestelike eise aan die individu gestel. Laastens het klimaatsaspekte die uithouvermoë van die Boere beproef. [109]

Volgens ds. JD Kestell, die bekende volksfiguur en veldprediker van die Vrystaatse magte, was neerslagtigheid as gevolg van hierdie faktore die beweegredes om die wapen neer te lê. Hierdie faktore kan in ’n groot mate as *bona fide* beskou word, maar dan is daar baie gevalle waar blote gemaksugtigheid en suiwer materiële gewin ’n rol gespeel het. So het sekere wapen-neerlêers daarin geslaag om meer vee gedurende die oorlog te versamel as wat hulle voor die oorlog besit het.[110] J Albert Coetzee beskryf die passiewe hensopper as ’n man wat in sy wese geen soldaat was nie, maar tog ’n goeie Afrikaner gebly het. So het een van hulle geskryf dat baie van hulle moedeloos geword en hulle vrywillig oorgegee het toe hulle verstand hul oortuig het dat die oormag te groot was.[111] Teenoor die hensopper het die “joiner” gestaan wat in die aktiewe diens van die Britte getree het. Hy is as ’n skandvlek vir die Afrikaner beskou, iemand wat ’n eerlike mens laat walg het. So iemand was dikwels ’n hensopper wat deur lojale burgers vervolg is en daarom geglo het dat geen verandering in sy status sou kom voor die oorlog verby was nie.[112]

Sommige wapen-neerlêers het dus uiteindelik aktief aan Britse kant die wapen teen hulle landgenote opgeneem. Daar kan aanvaar word dat die meerderheid “joiners” voor die oorlog óf bywoners óf verarmde blankes was wat veronreg gevoel het oor die feit dat hulle sonder vergoeding kommandodiens moes verrig om (soos hulle dit gesien het) die eiendom van ander persone te beskerm terwyl

---

[109] Grundlingh, pp. 134-135.
[110] *Ibid.*, pp. 136-138.
[111] JA Coetzee, *Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie,* pp. 312-313.
[112] *Ibid.*, pp. 318-320.

hulle oor geen eiendom beskik het nie.[113] Die oorlogstydse oorgang van republikeinse burger tot ’n verraaier in ’n Britse uniform was ’n langsame proses wat oor etlike maande gestrek het. Deur vrywillig hul wapens neer te lê, het hulle hul openlik van die republikeinse oorlogspoging gedistansieer en mettertyd alle kontak met en simpatie vir hulle vegtende landgenote verloor. Van hier af was dit slegs ’n enkele stap om die republikeinse saak geheel en al te verloën.[114]

Dit is belangrik dat kennis geneem moet word van die rol wat veral die “joiners” in die oorlog gespeel het. Die polarisering en intensiteit van gevoelens en emosies wat aan beide kante hiermee gepaardgegaan het, is welbekend. Om wat later ná die oorlog plaasgevind het na waarde te skat, moet die haat en wantroue wat tussen die lojale burgers en die “joiners” ontstaan het in gedagte gehou word. Hulle het volgens die meerderheid Afrikaners ’n verfoeilike rol gespeel, veral in die konsentrasiekampe waar baie van hulle as wagte en kamppersoneel aangewend is.

## 11. DIE HAAGSE KONVENSIE VAN 1899

In verband met oorlogvoering het die destydse westerse wêreld ná die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865) en die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-1871) begin nadink oor hoe om die felheid van oorlog in sekere opsigte aan bande te lê. ’n Internasionale konferensie te Brussel in 1874 het die strydpunt bespreek oor praktyke wat tydens beskaafde oorlogvoering toelaatbaar was of wat verbied moes word. Hoewel daar meningsverskille was, was daar ook konsensus om sekere praktyke te veroordeel. Die konferensie is opgevolg deur die Haagse Vredes- of Ontwapeningskonferensie van 1899. In die loop van hierdie konferensie is daar oor sekere beginsels konsensus bereik en is dit deur die regerings van, onder andere, die Verenigde State van Amerike (VSA), Brittanje en verskeie state in Europa goedgekeur.[115]

Die ZAR is nie na hierdie konferensie uitgenooi nie, hoofsaaklik as gevolg van die hardnekkige teenkanting van Engeland, hoewel die ZAR kragtens die Kon-

---

[113] Grundlingh, pp. 232-233.
[114] *Ibid.*, pp. 233-236.
[115] J Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* 2, p. 13.1

vensie van Londen nie meer onder Britse susereiniteit gestaan het nie. Terselfdertyd is twee state, Bulgarye en Montenegro, wat nie onafhanklik was nie, wel toegelaat.[116] In November 1899 het Groot-Brittanje hierdie konvensie amptelik goedgekeur.[117] Die vraag wat ontstaan, is om watter rede Brittanje beswaar teen die ZAR se teenwoordigheid aangeteken het. Raath vra die vraag of die Britse regering, wat die Haagse Konvensie aanvaar en onderteken het, wel in sy oorlog teen die republieke daaraan gebonde was. Die antwoord is dat Brittanje daaraan gebonde was en homself as gebonde geag het, want uit daardie gebondenheid het Brittanje die gebruik van dum-dum-koeëls verbied.[118]

Brittanje het hom egter gedurende die Anglo-Boereoorlog klaarblyklik nie gebonde geag aan die nakoming van die bepalings van die Haagse Konvensie nie. Wanneer die betrokke artikels wat Brittanje in Suid-Afrika oortree het, in die kollig geplaas word, dan is dit duidelik dat die toepassing van sekere artikels vir Brittanje skynbaar baie lastig was. So bepaal artikel 44 dat geen dwang toegepas mag word om teen die eie land te veg nie. Artikel 45 weer bepaal dat geen druk om ’n eed aan die besettingsmag af te lê, uitgeoefen mag word nie. Volgens artikel 46 moet die eer van families, hulle regte, lewe, eiendom, godsdienstige oortuigings en vryheid gerespekteer word en geen konfiskasie van privaateiendom plaasvind nie. Artikel 47 bepaal ondubbelsinnig dat plundering verbode is. So ook bepaal artikel 50 dat geen algemene strawwe, geldelik of andersins, met betrekking tot die dade van individue wat nie as kollektiewe verantwoordelikheid beskou kan word, toegepas mag word nie.[119]

Dan bepaal dit verder dat in gevalle waarvoor nie voorsiening gemaak word nie, die bevolkings en die oorlogvoerende partye onder die beskerming en geldingsgebied van die beginsels van die internasionale reg bly. Die doel van hierdie bepaling was om te voorkom dat arbitrêr opgetree word.[120] Daar is ook verskeie bepalings van die konvensie wat spesifiek gerig is op die onmenslike behandeling en fisiese benadeling van die bevolking en die beskerming van

---

[116] *Ibid.*, pp. 13.2-13.3.
[117] AWG Raath, *Vroueleed*, p. 54; Ploeger 3, pp. 26:4.
[118] AWG Raath, *Die Boerevrou, 1899–1902* 1: Raath, *Moederleed*, pp. 61-62.
[119] E Hobhouse, *The brunt of the war*, p. xiii.
[120] Raath, *Vroueleed*, pp. 54-55.

persoonlike besittings en eiendom.[121] Die *Manual of Military Law* (1899) van die Britse leër bepaal voorts dat die algemene beginsel met betrekking tot die voer van ’n oorlog is dat “no greater harm shall be done to the enemy than necessity requires for the purpose of bringing him to terms”. Dit sluit egter barbaarshede en enige vorm van wreedheid en belediging uit wat daarop gemik is “to exasperate the sufferings or to increase the hatred of the enemy without weakening his strength or tending to procure his submission".[122] Dit is duidelik dat sou die ZAR en die Vrystaat mede-ondertekenaars gewees het, Brittanje ondubbelsinnig verplig sou kon word om die bepalings van die konvensie na te kom. As die enigste wêreldmag van daardie tyd het hy hom geregtig gevoel om alleen die nakoming van die spelreëls te bepaal en self daaroor skeidsregter te wees. Daar sal weer na hierdie oortredings verwys word in die toepaslike paragrawe wat hieronder volg.

## 12. DIE SWART BEVOLKING ONDER DIE WAPEN

Die eerste Haagse Konvensie (Julie 1899) het nie die gebruik van swart troepe in militêre operasies uitgesluit nie. Tog het genl. JC Smuts gesê dat in die lig van die Suid-Afrikaanse tradisie die bewapening van swartes om saam met hulle te veg vir die Boere ondenkbaar was.[123] Hierdie onwilligheid word deur Peter Warwick gesien as ’n besef dat die grootskaalse bewapening van swartes met moderne wapens hulle weerstandig teen blanke beheer sou maak, veral in omstandighede waar baie blanke mans hulle huise sou moes verlaat om oor die grense te gaan veg.[124] Die gevoel aan Boere-kant kan miskien die beste opgesom word in die woorde van kmdt. SP Grobler: "God beware Zuid-Afrika voor een oorlog met gekleurde hulp van een of beide zijden.”[125]

In die gewoontereg word die gebruik van “wilde volkstammen” in 'n gewapende botsing tussen beskaafde state afgekeur omdat daar verwag kon word dat hulle hulself aan nodelose wreedheid skuldig sou maak.[126] Dit is moeilik om die begrip “nodelose wreedheid” te definieer, maar ’n voorbeeld van wat

---

[121] Raath, *Die Boerevrou: Moederleed,* pp. 62-63.
[122] *Manual of Military Law (1899)*, soos aangehaal in Hobhouse, p. xiii.
[123] Warwick, p. 17.
[124] *Ibid*., p. 18; Ploeger 2, p. 18.4.
[125] HJ Botha, *Die moord op Derdepoort,* p. 5.
[126] Ploeger 2, p. 18.5; Botha, p. 4.

bedoel is, was die standpunt van ’n sekere Mtyetyi, soos gerapporteer in *De Volksstem* van 21 Desember 1899 dat die Britse magte nie weet hoe hulle die oorlog moes voer nie. Hulle was te veel soos “gentlemen” teenoor die Boere. Die beste weg vir Brittanje sou wees om die Zulu en die Basoeto op te stook om die ZAR en die Vrystaat binne te val en alle vroue en kinders dood te maak. Wanneer die Boere sou verneem van hierdie moorde sou hulle uiteraard haastig terugkom om hulle huise te verdedig. Om dit te doen, sou hulle in klein kommando’s moes verdeel. Die Britse magte sou hulle dan met gemak kon volg en na willekeur uitwis. Diegene wat aan die Britse magte sou ontsnap, sou die swartes vir hulle rekening neem. Gevolglik sou die Afrikanerras uitgeroei kon word en sou daar geen Afrikanerkwessie meer in Suid-Afrika bestaan nie.[127]

Genl. Manie Maritz verwys in sy boek, *My lewe en strewe*, na ’n voorval waar twee burgers deur bruin soldate gevang en op wreedaardige wyse vermoor is deur hulle monde vol sand te stop en met stokke in hulle kele af te stamp.[128] Die Britse magte het begin om die swartes in die nabyheid van Pietersburg en in die Waterberg, in die omgewing van Renosterpoort op te kommandeer. By Renosterpoort het genl. CF Beyers se burgers hul eerste kennismaking met ’n kommando swartes gehad. Hier is 39 burgers gevange geneem. Gedurende hierdie tyd het die swartes ’n seun van 15 jaar gruwelik vermoor. Hy was by ’n wa wat die swartes by ’n paar burgers afgeneem het. Hy het in die hande van die swartes geval wat sy kop met ’n byl in twee gekloof het. ’n Paar burgers het op die toneel afgekom en die swartes summier doodgeskiet. Genl. Beyers se kommando was daarna pas terug in die Waterberg toe nog ’n gruwelike moord plaasgevind het. ’n Sekere Van Rooy en twee jong seuns is deur swartes vermoor, hulle liggame aan stukke gesny en na gewoonte aan die stamkaptein gestuur.[129] Wat Mtyetyi in sy brief geskryf het, was dus nie maar bloot verbeeldingsvlugte nie. Dit was die metode van oorlogvoering waaraan swart en bruin gewoond was. Dít was die rede waarom die Boere gevoel het dat die oorlog bloot ’n oorlog tussen twee wit groepe moes wees.

---

[127] *De Volksstem*, 21 Desember 1899, soos aangehaal in Botha, p. 28.
[128] Maritz, p. 50.
[129] JF Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp bôkant De Wet*, pp. 229-234.

In September 1899 het Milner, Chamberlain en amptenare van die Colonial Office, dié saak bespreek en ooreengekom dat die oorlog ’n oorlog tussen blankes was, hoewel die swartes hulle sou kon verdedig teen aggressie van Boerekant.[130] Die Britse regering was dus aanvanklik teen die aanwending van swartes in die oorlog gekant.[131] Lord Milner het dit soos volg gestel: "The view of Her Majesty's Government [….] is that the Native subjects [….] should abstain from taking part in the struggle between whites."[132] Aanvanklik is hierdie Britse beleid nagekom. Beide partye het egter gedurende die oorlog “nie-blankes” aangewend in nie-vegtende rolle as agterryers, wadrywers, grawers van loopgrawe en opgekommandeerde werkkragte op plase.[133]

In Januarie 1902 het genl. Smuts aan WT Stead, ’n joernalis, skrywer en Boerevriend, gesê dat die Boereleiers onwrikbaar geweier het om bystand van gekleurdes in die loop van die oorlog te aanvaar. Aanbiedings van sodanige hulp is hoflik geweier. Die enigste geval in die hele oorlog waar die Boere van swartes gebruik gemaak het, was tydens die beleg van Mafeking toe ’n onbevoegde Boere-offisier, kmdt. PA Cronjé, sonder die wete van die regering ’n aantal gewapende swartes in forte geplaas het.[134] Die eerste gewapende botsing in die ZAR tussen burgers en Britse troepe wat deur gewapende swartes ondersteun is, was op 25 November 1899 toe 300 Britse soldate en swartes oor die Groot Maricorivier gekom en ’n aantal burgers, vrouens en kinders te Derdepoort om die lewe gebring het. Daarna is verskeie vrouens en kinders as gevangenes na Mochudi ontvoer.[135]

Van die grens tussen die Vrystaat en Natal is berigte ontvang dat die magistraat van Umtata swartes bewapen het en ook die hoofkaptein versoek het om 5 000 manne te verskaf om teen die Boererepublieke te gaan veg.[136] Kol. RSS Baden-Powell het verklaar dat hy te Mafeking Fingo's en ander swartes gebruik het om teen die burgers te veg.[137] In die geval van Kimber-

---

[130] Warwick, p. 15.
[131] Ploeger 2, p. 18.5.
[132] Botha, p. 24.
[133] Ploeger 2, p. 18.4, 18.6.
[134] Warwick, p. 26.
[135] Ploeger 2, p. 18.7.
[136] Botha, p. 27.
[137] Ploeger 2, pp. 18.13.

ley is daar ook na bewering Fingo's, Barolongs en kleurlinge bewapen en aan krygsverrigtinge laat deelneem.[138] In April 1900 is vyf kapteins in Betsjoeanaland bewapen op voorwaarde dat hulle die ZAR sou binneval sodra Mafeking ontset is.[139] Skaars ’n maand na die begin van die oorlog verbreek die Britse magte die beleid wat die Britse regering neergelê het. Die moontlikheid dat dit te doen gehad het met die aanvanklike groot terugslae wat die Britse magte onverwags gely het, kan sekerlik nie uitgesluit word nie. Die kennis van die gebruik van gewapende swartes teen hulle het vinnig versprei en aanleiding gegee tot groot bitterheid aan Boerekant, ’n bitterheid wat nooit uitgewis is nie en in ’n ander vorm gedurende die 20ste eeu bly voortleef het.

Daar is geen aanduiding dat die Britse owerhede die optrede van gewapende swartes verbied of aan bande gelê het nie. Na die oorlog in 1902, het ’n sekere kaptein Gopane van die distrik Marico in 'n beëdigde verklaring verklaar dat hy in 1900 na Mafeking ontbied is deur 'n sekere kapt. Harding wat hom opdrag gegee het om orals vee van die Boere te buit. Hy kon die gebuite vee behou. Op Zeerust het ’n sekere lt.-kol. Churchwood en 'n ondergeskikte offisier ook hierdie opdrag aan die swartes herhaal. Volgens Gopane het hy op dié wyse in besit van 28 beeste gekom. Na aanleiding van naoorlogse korrespondensie oor hierdie aangeleentheid het die Kommissaris van Naturelle op 3 September 1902 aangeteken: “This is only a type of many cases now arising all over the Transvaal in which natives acting under the verbal or written authority of Military Officers either seized or were given Boer cattle.”[140]

Op 20 November 1899 het pres. Steyn by WP Schreiner, eerste minister van die Kaapkolonie, beswaar aangeteken teen die aanwending van gewapende kleurlinge deur die koloniale magte in die Noordwes-Kaap. Hy het gedreig dat tensy die kleurlinge onttrek word, die Vrystaters volle gebruik van Kaapse Afrikaners sou maak in hulle veldtog. Ook het presidente Steyn en Kruger gedurende Februarie 1900 gesamentlik by lord Roberts beswaar aangeteken teen die aanwending van swartes in die Britse leër tydens voorvalle te Stormberg,

[138] *Ibid.*, p. 18.15.
[139] *Ibid.*, p. 18.16.
[140] Memorandum Commissioner Native affairs, Johannesburg, 3 September 1902, soos aangehaal in Ploeger 2, p. 18.18.

Dordrecht, Derdepoort, Mafeking, Tuli en Selukwe.[141] Die regering van die ZAR het weer in Maart 1900 by lord Roberts beswaar aangeteken teen die bewapening van swartes en hulle aanwending in die oorlog, wat daartoe gelei het dat vroue en kinders in die distrik Rustenburg vermoor, hulle eiendomme verwoes en nie-vegtendes gruwelik mishandel is.[142] In die aanval op die blanke laer te Derdepoort is die swart kaptein, Linchwe, se mag aangevoer deur Britse offisiere. Dieselfde Linchwe was voor die oorlog "one of the most friendly chiefs to the Boers […] goaded on by the English to fight the Boers".[143]

Op 29 September 1900 het lord Roberts 'n boodskap aan genl. CR de Wet gestuur na aanleiding van die doodskiet van swartes deur gewapende burgers in die Vrystaat. Roberts het gewys op die Britse beleid dat swartes geen aandeel in die oorlog sou hê nie. Daarom het hy dit nodig geag om De Wet te waarsku dat hy al die swartes in die Vrystaat sou bewapen, indien die moorde voortduur.[144] Genl. De Wet het op 6 Oktober 1900 geantwoord dat 'n aantal swart Vrystaatse onderdane, bewapen met Lee-Metford-gewere en rewolwers, op verskillende plase op sy verkenners geskiet het. Hy vra van Roberts die bewys dat hy nie swartes in die stryd teen die republieke bewapen het nie.[145]

Die rede waarom die Britse regering aanvanklik besluit het om slegs blanke troepe te gebruik, spruit voort uit die vertroue van die War Office dat die Britse leër en sy blanke vrywilligers die twee republieke maklik sou platloop.[146] Teen die einde van 1900 was dit egter duidelik dat die oorlog nie spoedig tot 'n einde sou kom nie en is die Britse militêre magte onder geweldige druk geplaas.[147] Na die oorlog is 'n amptelike omsendbrief op 11 September 1902 uitgestuur waarvolgens vee wat swartes in opdrag van die Britse magte gesteel het, aan die oorspronklike eienaars terugbesorg moes word. Deur hierdie omsendskrywe is dus erken dat Britse militêre gesagsdraers opdrag aan swart leiers gegee het om deur veediefstalle die burgers skade te berokken.[148]

---

[141] Warwick, p. 19.
[142] Ploeger 2, p. 18.13.
[143] VAB: A Fischer-versameling, 59/9/5: Kommentaar met betrekking tot die verweer van Buller met betrekking tot die aanwending van swartes.
[144] Ploeger, p. 18.28.
[145] *Ibid.*, p. 18.29.
[146] Warwick, p. 15.
[147] *Ibid.*, p. 22.
[148] Ploeger, pp. 18.18-18.19.

In die distrik Bethlehem was ’n “kommando” van tussen 50 en 60 gewapende Vrystaatse swartes bedrywig. Volgens De Wet was ’n Britse divisie in die omgewing bewus van hulle optrede. Na aanleiding van ’n voorval naby Vredefortweg het De Wet verduidelik dat die skuldiges vee gesteel en by die Britse troepe afgelewer het, terwyl hulle hul ook aan blanke vroue vergryp het.[149] Die “kommando” se bevelvoerder was ’n blanke, ene Gert Grobler. Hy is gevang, verhoor en ter dood veroordeel. Die vonnis is behoorlik deur genl. Hertzog bekragtig en nog die aand voltrek.[150] Volgens kapt. WH Pieterse van Bothaville het die “kommando” onder andere ’n sekere Koos Mostert en Frik Heymans vermoor. Na Grobler se teregstelling was ene Klaas in bevel van die “kommando”[151] wat toe deur genl. Michal Prinsloo uit hulle skuilplek verwilder en feitlik almal doodgeskiet is. Die lede wat te jonk was, het ’n behoorlike afranseling gekry en is daarna vrygelaat.[152]

Namate die oorlog in die guerrilla-fase inbeweeg het, het die verskroeide aarde-strategie van die Britse leër ook die bestaan van baie swart inwoners van die twee republieke vernietig. Teen die einde van die oorlog sou ongeveer 116 000 hulle in konsentrasie-kampe bevind waar meer as 23 000 gesterf het. Swart mense was volgens Warwick nie net slagoffers van die oorlog nie, want meer as 100 000 het aktief aan die stryd deel-geneem, waarvan tussen 10 000 en 30 000 gewapend saam met die Britse leër geveg het.[153] Wat die gesindheid van stamhoofde betref, het genl. Smuts verklaar dat die enigste swart leier in die ZAR wat Britse druk kon weerstaan en neutraal gebly het, saam met sy volgelinge gedeporteer is. Ook swartes op plase wat deurgaans stil en rustig was, is gevang en met hulle gesinne na kampe weggevoer. Daar aangekom, is die weerbare mans aangesê om die een of ander vorm van Britse krygsdiens te verrig. Weiering het ontbering in die vorm van gebrek aan kos beteken.[154] Volgens genl. Smuts is in die Kaapkolonie aan kleurlinge vertel dat, indien die Boere die oorlog wen, slawerny weer ingevoer sou word. Indien hulle egter by die Britse magte sou aansluit, sou hulle plase ontvang en met Boerevrouens trou.

---

149 *Ibid*., p. 18.29.
150 VAB: Renier-versameling (A119.15), Pieterse – Renier, 2 Februarie 1949 (aanwins 8570).
151 *Ibid.*
152 VAB: Renier-versameling (A119.15), Wessels – Renier, 18 Maart 1949 (aanwins 8570).
153 Warwick, pp. 4-5.
154 Ploeger, p. 18.41.

Duisende kleurlinge het aangesluit, is bewapen en as gevolg daarvan het die meeste Britse kolonnes in die Kaapkolonie en die Vrystaat ’n groot persentasie gewapende kleurlinge ingesluit.[155]

Die druk op die Britse mannekragbronne het veroorsaak dat swartes toenemend onder die wapen gebring en militêr aangewend is.[156] Hierdie werklikheid laat Warwick die stelling maak dat “The […] Anglo-Boer struggle […] was […] in reality […] a ‘South African war’, a conflict that directly touched the lives of hundreds of thousands of black people”.[157] Hierdie stelling kan nie ongekwalifiseerd as waar aanvaar word nie, want die oorlog het as ’n oorlog tussen die Boere van die twee republieke en Brittanje begin. Deur die metodes hierbo beskryf, het die Britse magte swartes bewapen om die druk op hulle mannekragreserwes te verlig. Indien dit wel ’n Suid-Afrikaanse oorlog was, soos Warwick beweer, dan was dit nie spontaan so nie, maar is dit deur die Britse magte so bewimpel teen die agtergrond van die Britse imperiale ambisies in Suid-Afrika.

Die omvang van die bewapening van swartes is eers besef as gevolg van die toenemende kritiek in Brittanje teen die beleid om hulle te bewapen. Die War Office was toe angstig om betroubare informasie te verkry oor presies hoeveel wapens aan swartes uitgereik is. Lord Kitchener het gereageer dat dit onmoontlik was om sodanige informasie te verstrek, maar die Britse parlementslede het dit moeilik gevind om te aanvaar dat verskonings soos “No record could possibly be kept” en “I have no information” die volle prentjie weergegee het. Dit het tot groot verleentheid gelei toe die saak tussen Augustus 1901 en die einde van die oorlog herhaaldelik in die Britse parlement bespreek is.[158] Uiteindelik het Kitchener in Maart 1902 die getal bewapende swartes en gekleurdes op 10 053 gestel, naamlik 2 496 swartes en 2 939 kleurlinge in die Kaapkolonie en 4 618 swartes in Natal, die Vrystaat en ZAR. Ploeger betwyfel hierdie opgawe omdat die Naturellekommissarisse in die Transvaal in 1902 die wapens en ammunisie waaroor swartes beskik het, moes insamel en skadevergoeding betaal vir die

[155] *Ibid*., p. 18.41.
[156] Warwick, 24.
[157] *Ibid*., pp. 3-4.
[158] *Ibid*., p. 24.

beslaglegging. Volgens die beskikbare gegewens wat daarna verstrek is, is in Transvaal alleen 31 829 vuurwapens gevind en ’n bedrag van £61 548/4/6 as vergoeding uitbetaal.[159]

Hoe die Boerevroue die aanwending van swartes aan Britse kant beleef het, word deur Bettie Smith, die dogter van Peet Grobbelaar van Meyerskraal, beskryf in haar herinneringe: “Toe was die gewoonte van die kakies as die kolonnes aankom om eers hulle bende kaffers [sic] vooruit te stuur, nou die nasie was ons altyd bang voor, want ons het altyd gehoor hoe wreed hulle op sommige plase met die boerevrouens gewerk het.”[160] Die Boere-afgevaardigdes te Vereeniging het hulle soos volg oor die bewapening van die swartes uitgelaat: “Deze Vergadering heeft […] op de volgende feiten gelet [….] Dat de kafferstammen [sic] buiten en binnen de grenzen van het grondgebied der beide Republieken […] deel nemen in den strijd […] door het plegen van moorden en het aanrichten van allerhande gruweldaden.”[161]

Gould, die navorser oor lord De Villiers, voel dat “De Villiers's previously expressed fear that a war would result in ‘legacy of hatred’ […] never considered that people of colour would also become alienated from their fellow white South Africans”.[162] Hierdie siening is waar, maar daar moet in gedagte gehou word dat dit hoofsaaklik teweeggebring is deur die Britse beleid van bewapening en aktiewe aanwending van swart en bruin mense in die oorlog. Die grondslag vir die erfenis van haat is deur die Britse owerhede self gelê.

Op 13 Februarie 1901 skryf lord Milner aan mnr. Chamberlain dat “The number of murders by the Boers is assuming startling proportions”. Die voetnoot wat op hierdie stelling betrekking het, kom daarop neer dat dit daarmee in verband staan dat swartes as verkenners deur die Britse magte aangewend is en hulle vir selfverdediging bewapen is. Hierdie verkenners is voor die voet gefusilleer wanneer hulle in die hande van die Boere geval het.[163] Hierdie mense het gewa-

[159] Ploeger, pp. 18.43-44.
[160] VAB, Renier-versameling: (A119), Herinneringe mevv. PJ Grobbelaar en EM Smith (522): Handgeskrewe manuskrip, [p. 12]. Oorspronklike geraadpleegde dokument is nie genommer nie.
[161] JD Kestell en DE van Velden, *De vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika*, pp. 209-210.
[162] Gould, pp. 205-207.
[163] Headlam, p. 224.

pend vir die Britse magte waardevolle inligting ingesamel wat ’n direkte invloed op die oorlogsituasie uitgeoefen het. As sodanig was hulle dus gewapende lede van die Britse magte. In daardie hoedanigheid is hulle tereggestel, aangesien geen ander straf sou voorkom dat belangrike inligting in Britse hande beland nie. Vir lord Milner om dit moord te noem, is slegs om die optrede van die Britse magte op die agtergrond te plaas en op sogenaamde Boere-oortredings te konsentreer.

Gebeure tydens die oorlog het ’n nalatenskap van agterdog, bitterheid en selfs haat gelaat wat nog lank na afloop van die stryd verhoudings in Suid-Afrika beïnvloed het.[164] Hierdie nalatenskap het ook by die Grobbelaar-familie beslag gekry, want hulle het dit die Britse magte altyd ten laste gelê dat gewapende swartes, veral teen vroue en kinders, op ’n wyse aangewend is wat as barbaars vertolk is. Die kennis oor die aard van gruweldade deur swartes en gekleurdes in diens van die Britse magte, het hulle vooruitgeloop, soos die bogenoemde aanhaling van Bettie Smith getuig en verder bewys is deur die verklarings in die Havenga-versameling wat in ’n volgende afdeling hieronder bespreek sal word.[165] Die swartes is na die oorlog steeds as plaaswerkers gebruik. Daar het egter geen moontlikheid bestaan dat oral waar Afrikaners soortgelyke sentimente as die Grobbelaars gehuldig het, hulle ooit sou toestem dat aan swartes en gekleurdes binne die gebiede waar die Afrikaner in die meerderheid was, enige politieke regte toegeken sou word nie. Dit was die voorspel tot die latere apartheidsbeleid waarvan die Grobbelaars almal groot en aktiewe ondersteuners was.

## 13. DIE GROBBELAARS AS KRYGSGEVANGENES

Die burgers wat deur die toedoen van Prinsloo oorgegee het, is oor Fouriesburg en Senekal as krygsgevangenes weggestuur. Toe hulle deur Senekal trek, was die strate vol van nuuskierige swartes, Britse soldate, vroue en kinders en ’n paar hensoppers. Sommige van die dames het ’n opgeruimde voorkoms gehad en so probeer om vriende en familiebetrekkinge te bemoedig. ’n Jong vrou het deur die Britse bajonette heen gedring en haar man ’n soen gegee.[166]

---

[164] Wessels, p. 7.
[165] VAB, Die Havenga-versameling (A69).
[166] JN Brink, *Ceylon en die ballingen*, p. 99.

Vanaf Senekal is hulle oral langs die pad ingewag deur vroue en dogters wat hulle eggenote, vaders, seuns en broers wou groet en klein pakkies in die hande druk. Na ’n reis van nege dae het die gevange Boere deur Winburg getrek. Dieselfde middag, Donderdag 9 Augustus, het sommige van hulle per spoor na Kaapstad vertrek. Dit moes vir hulle ’n groot skok gewees het, aangesien aan die burgers wat saam met Prinsloo oorgegee het, belowe is dat hulle eiendom veilig was en dat hulle toegelaat sou word om na hulle plase terug te keer.[167] Hulle moes vind dat daar nie woord gehou is nie en dat hulle weggevoer word. Die hoop was toe dat hulle te Groenpunt of Simonstad aangehou sou word tot die oorlog verby was. Die Maandagaand het hulle in Soutrivier aangekom en is hulle op ’n sylyn gerangeer. Dinsdagoggend is die trein heen en weer gerangeer te midde van ’n menigte gekleurde toeskouers. Hulle is die hele tyd blootgestel aan beledigings en is uitgejou so ver hulle gegaan het.[168]

Gedurende die eerste maande van 1900 het die Britse owerheid verwag dat die oorlog nie lank sou duur nie en was hulle dus onvoorbereid vir die groot getal krygsgevangenes wat gehuisves moes word. Die Haagse Konvensie van 1899 het streng beperkings neergelê op die behandeling van krygsgevangenes. Hulle moes menslik behandel word en moes hulle neerlê by die regulasies vir veiligheid, goeie orde en dissipline van die vyand. Sou hulle in Suid-Afrika aangehou word, sou groot getalle soldate van die slagveld onttrek moes word om die gevangenes te bewaak. Die owerhede het dus in die buitelandse Britse besittings akkommodasie vir die gevangenes gaan soek. Die situasie het veral kritiek geword ná die oorgawe van Cronjé op 27 Februarie 1900 te Paardeberg en dié van Prinsloo op 30 Julie 1900 in die Brandwaterkom. Daar moes nou binne die bestek van vyf maande heenkome gevind word vir meer as 8 000 gevangenes. Die Britse owerheid het gevolglik besluit op Bermuda, Ceylon, St. Helena en Indië. Die kampe te Groenpunt, Simonstad, Ladysmith en Umbilo is hoofsaaklik as deurgangskampe gebruik.[169]

Om die probleem met akkommodasie te probeer oorkom, is alle krygsgevangenes in drie kategorieë geklassifiseer ooreenkomstig Leërorder SA 230, naamlik

---

[167] De Wet, p. 212.
[168] Brink, pp. 99-100, 102, 113.
[169] E Wessels, *Alone in a wilderness*, p. 5.

gevangenes wat in Suid-Afrika aangehou moes word, gevangenes wat na Ceylon, St Helena, Bermuda en Indië gedeporteer moes word, en gevangenes op parool.[170] Die derde kategorie kan sekerlik beskou word as diegene wat nie net oorgegee het nie, maar wat bereid was om aktief vir vrede in hulle tuisdistrikte te gaan werk. Volgens Elria Wessels, navorser by die Oorlogsmuseum in Bloemfontein, was die toepassing van hierdie order met betrekking tot die eerste twee kategorieë in werklikheid afhanklik van beskikbare akkommodasie oorsee. Die implikasie is dat met uitsondering van die persone wat in die derde kategorie geklassifiseer is, elke persoon outomaties oorsee gestuur sou word, mits akkommodasie beskikbaar was. Met die oorgawe van Prinsloo moes die stelsel skielik meer as 4 000 krygsgevangenes tegelykertyd akkommodeer. Daarom was die keuse van wie moes gaan en wie sou bly lukraak. Dit sou kon verklaar waarom Pieter Grobbelaar in Simonstad aangehou is, terwyl sy broers oorsee gestuur is.

Dit wil tog voorkom of hierdie indeling nie heeltemal so lukraak gedoen is nie en wel om die volgende redes. Die burgers wat deur Prinsloo se toedoen oorgegee het, het die status van politieke gevangenes geniet en sou daarom volgens onderneming nie oorsee gestuur word nie.[171] ’n Afvaardiging van die Burgervredeskomitee, bestaande uit oudgenl. Piet de Wet en adv. CL Botha, het in Februarie 1901 die Groenpunt-kamp besoek.[172] Die besoek sou plaasvind na aanleiding van ’n beweging onder ’n groep krygsgevangenes in Groenpunt en Simonstad wat vrede wou hê, selfs al sou dit die verlies van hulle onafhanklikheid beteken het.[173] Tydens hierdie besoek is De Wet en Botha deur ’n deel van die krygsgevangenes uitgejou. Tog was hulle oortuig dat daar tussen hulle ’n groep was wat ten gunste van hul besoek was, maar nie die geleentheid gegun is om hulle menings te lug nie.[174]

Die afvaardiging het gevolglik in ’n onderhoud met Milner voorgestel dat dit wenslik sou wees om ’n afsonderlike “vredeskamp” te Simonstad op te rig om die krygsgevangenes wat ten gunste van vrede was, te skei van diegene wat die

[170] *Ibid.*
[171] Grundlingh, pp. 114-115.
[172] *Ibid*., pp. 114-115.
[173] MCE van Schoor, *Die bittereinde vrede*, p. 123.
[174] Grundlingh, pp. 114-115.

voortsetting van die oorlog ondersteun het. Milner het gevolglik besluit om die plan deur te voer. Persone vir die "vredeskamp" is toe hoofsaaklik op grond van hulle gesindheid met betrekking tot die voortsetting van die oorlog geselekteer. Die keuring is deur adv. Botha gedoen. Teen 20 Maart 1901 was daar reeds ongeveer 800 persone in die Simonstad-kamp. Hierdie getalle het vinnig toegeneem en op 8 April is berig dat daar 1 600 persone in die kamp was. Die meeste van hierdie krygsgevangenes het óf te Paardeberg óf in die Brandwaterkom oorgegee. Hulle is as politieke krygsgevangenes beskou en sou volgens belofte nie uit Suid-Afrika weggestuur word nie. Die moontlikheid dat hierdie besluit aanleiding kon gegee het tot die skepping van die kategorie gevangenes wat nie oorsee gestuur sou word nie, kan nie geïgnoreer word nie.[175]

Hoewel die meeste van die politieke krygsgevangenes deur die Britse owerhede as gematigd beskou is, was daar onder die inwoners van die Simonstad-kamp ook persone wat as onversoenbaar bestempel is. 'n Kamp-inwoner het die volgende drie kategorieë inwoners in die Simonstad-kamp onderskei, naamlik die onversoenlikes, die redelik gematigdes wat angstig was vir vrede, en die "rocky roosters" wat by Rhodes geliefd was. Van hierdie drie kategorieë was die gematigdes in die meerderheid. Dit het die Britse owerhede ontstel om te verneem dat daar ook onversoenlikes in hierdie kamp was. Adv. Botha is daarop aangesê om meer selektief te werk te gaan met sy keuring. Verder sou die persone wat as onversoenbaar beskou is, mettertyd na oorsese kampe gestuur word. Teen die einde van die oorlog was daar 1 026 persone in die kamp te Simonstad.[176] In Simonstad is daar in 1901 'n Town Guard gestig om onder andere die Boere-krygsgevangenes te help bewaak. Die groot getal krygsgevangenes in die Bellevue-kamp was 'n bron van kommer vir die owerhede. Daar is gevrees dat hulle met behulp van hulp van buite bevry sou kon word. Daar is toe besluit om 1 800 van die gevangenes gedurende Januarie 1901 na die *Kildonan Castle* en ander skepe wat in Simonsbaai en Tafelbaai voor anker gelê het, oor te plaas totdat die krisis verby was.[177]

---

[175] *Ibid.*, p. 115.
[176] *Ibid*.
[177] AM Davey, *Town Guards of the Cape Peninsula 1901-1902*, p. 38.

Dit is bekend dat Pieter Grobbelaar tot aan die einde van die oorlog in die Simonstad-kamp aangehou is. Sy broers, Peet en Kotie Grobbelaar, is op 24 Augustus 1900 met die *Bavarian* na Ceylon gestuur. Saam met hulle op die skip was Pieter se seuns Jan, Willem en Piet, asook sy susterskind, Apie Griesel. Hulle is almal in die Diyatalawa-kamp in Ceylon aangehou. Attie Grobbelaar, die broer van Pieter, is eers op 16 Augustus 1901 te Naauwpoort krygsgevange geneem en kort daarna met die *Aurania* na Indië gestuur,[178] maar is op 27 September 1901 aan boord skip weens asma oorlede.[179] Hoekom Pieter nie ook oorsee gestuur is nie, kan nie werklik bevredigend verklaar word nie. Die rede daarvoor is óf (soos Elria Wessels beweer) dat die keuse lukraak gedoen is, óf dat Pieter hom tussen die groep wat vrede begeer het, bevind het. Sy broers en seuns is oorsee gestuur binne ’n maand na hulle gevangeneming en maande voor die besoek van die Burgervredeskomitee, toe Simonstad nog nie as vredeskamp geoormerk was nie. In daardie stadium moes meer as 4 000 man skielik deur die Britse owerhede geakkommodeer word. Die lukrake aanwysing van wie oorsee gestuur sou word, is dus die waarskynlike rede hoekom Pieter in Simonstad gebly het. Die latere geskiedenis van die Grobbelaars van Kroonpost maak dit onwaarskynlik dat Pieter hom in die geledere van die vredesgesindes bevind het.

## 14. DIE IMPLIKASIES VAN GUERRILLA-OORLOGVOERING EN DIE VERSKROEIDE AARDE-BELEID

Na die krygsraadsvergadering te Kroonstad op 20 Maart 1900 het die Boeremagte in alle erns begin met ’n stelsel van ongereelde of guerrilla-oorlogvoering. Dit het baie natuurlik gebeur, want dit was in elk geval die tipe oorlogvoering wat met die ontstaan van die kommandostelsel sy beslag in Suid-Afrika gekry het.[180] Die suksesvolle en natuurlike wyse waarop die Boere hierdie taktiek teen die Britse magte aangewend het, het aanleiding gegee tot drakoniese maatreëls van vergelding deur die Britse magte tydens die laaste maande van Roberts se bevel. Hierdie maatreëls is onder Kitchener verskerp. Swaar strawwe is neergelê vir guerrillavegters, plase is afgebrand, oeste en vee vernietig en Boerevroue en

[178] OMBR: Krygsgevangenelys Bethulie-kommando
[179] Neethling, Hoofstuk III, p. 1.
[180] PM Grobbelaar, *Die ontstaan van ‘n Westerse militêre tradisie aan die Kaap tot 1795*, pp. 117-125.

kinders van die land verwyder na konsentrasiekampe.[181] Die aanwending van hierdie tipe optrede deur die Britse magte om die oorlog te bekamp, is ’n paar jaar tevore ten sterkste deur Brittanje veroordeel toe dit deur genl. V Weyler in Kuba gevolg is. Die natuurlike gevolg van hierdie metodes het meer as enigiets anders ’n erfenis van haat en wantroue in Brittanje by die Boer in die veld en ook tuis geskep.

In Oktober 1900 het mnr. John X Merriman in die Kaapse parlement gesê dat terwyl Brittanje twee jaar tevore verskrik was oor die wandade van Weyler in Kuba, hy nou by monde van die invloedrykste koerante in Londen voorstel dat dieselfde tipe oorlogvoering in die Vrystaat en die ZAR gevolg moes word.[182] Die agtergrond waarteen Weyler opgetree het, is dat hy in 1896 deur die konserwatiewe Spaanse regering na Kuba gestuur is om die Kubaanse rebellie te onderdruk. Sy pogings is gefrustreer omdat die Spaanse troepe konvensioneel opgetree het, terwyl die opstandelinge ’n slaan-en-vlug taktiek toegepas en van die land gelewe het. Sy plan om die probleem op te los, het ’n sogenaamde rekonsentrasie van die bevolking behels waarvolgens die opstandelinge van die res van die inwoners geskei moes word.[183] Inwoners buite gefortifiseerde gebiede is agt dae tyd gegun om na dorpe wat deur Spaanse troepe beset is, te beweeg. Daarna sou enigeen buite die konsentrasiegebiede as vyande beskou en gedood word.[184]

Die kampe wat uit hierdie invloei na die dorpe ontstaan het, is met doringdraad omhein en deur Spaanse soldate bewaak. Dit was grootliks gedisorganiseerd en vuil, sodat wanvoeding plaasgevind het en siekte vinnig versprei het. Daarna is die plase stelselmatig afgebrand en vernietig. Die dodesyfer voortspruitende uit Weyler se rekonsentrasie-beleid is uiteindelik op 321 934 gestel.[185] In hierdie beleid van Weyler lê die oorsprong van die naam konsentrasiekampe en die taktiek wat deur Brittanje oorgeneem is om in die Anglo-Boereoorlog te volg. Weyler se beleid van verskroeide aarde was suksesvol, maar het hom die woede van die wêreld op die hals gehaal.[186] In die internasionale reaksie daarop is Weyler se beleid volledig gediskrediteer.

---

[181] Warwick, pp. 3-4; Spies, p.182.
[182] E Stockenström, *Die Afrikaanse vrou,* p. 163.
[183] HW Austin, “Valeriano Weyler y Nicolau 1838-1930”, www.spanamwar.com/Weyler.htm.
[184] JA Siërra, “History of Cuba Timetable: 1896 thru 1897*”,* www.historyofcuba.com/history/time/timetbl2c.htm.
[185] O Coetzer, *Fire in the sky,* p. 114.
[186] *Ibid*.

Soos die oorlog sy loop geneem het en die Boere geen teken van oorgawe getoon het nie, moes die openbare mening in Brittanje aan die regering se kant gehou word. Die Britse skrywer, AMS Methuen, wy ’n hele hoofstuk in sy werk *Peace or war in South Africa* aan die haatveldtog wat in die Britse pers geloods is om die Boere in die swakste lig denkbaar voor te stel. Die doel daarvan was om die Britse openbare mening so stewig as moontlik agter die Britse oorlogsbeleid te kry. Die Boere is aan die publiek voorgehou as “cowardly”, “shuffling”, “unpatriotic”, “cunning”, “boorish”, “ungrateful”, “shifty-eyed”, “clodhopping”, “cruel”, “clumsy”, “greedy”, “cheating”, “mean”, “under-hand”, “foxy”, “savage”, “dull-witted”, “misshapen”, “treacherous” en “brutal”. Die Boere was eintlik “hideous in form, unkempt, unwashed and an assassin”. As voorbeeld van ’n sogenaamde sluipmoordgeval op ’n Brit is ’n Engelsman, ene M’Lachlan van Harrismith, voorgehou – dog, hy was ses maande later nog steeds lewend en blakend gesond.[187] Aangevuur deur wanvoorstelling van sensasiebeluste joernaliste het die publiek begin aandring op sterk optrede, byvoorbeeld “not only should he [die Boer] be slain, but slain with the same ruthlessness that they slay a plague-infected rat […] blood there will be […] the more the better”.[188] ’n Koerant het bepleit dat Boerevroue “should be ‘transported or despatched’” en dat die oorlog “should be ‘smothered with women’.”[189] ’n Ander bekende tydskrif het ontken dat die Boere in die veld geregtig was op die regte van vegtende soldate “as they were brigands”, vergelykbaar met “the agrarian murderers in Ireland”.[190]

Hierdie beeld wat aan die publiek voorgehou is, was op die lange duur kontraproduktief, want die Britse openbare mening het onder die invloed van die pro-Boere toenemend krities geword. Volgens Methuen “the Boers have observed the honourable traditions of warfare”.[191] In dié verband haal hy brig.-genl. TC Porter van die 6$^{th}$ Dragoon Guards aan wat by sy terugkeer van die front gesê het: “The Boers are a brave nation who fight gallantly and well. They have treated British prisoners with every consideration, and the wounded with the same care as they would their own.”[192] Methuen verwys

[187] AMS Methuen, *Peace or war in South Africa*, p. 136-137.
[188] *Ibid.*, p. 137
[189] *Ibid.*, p. 138
[190] *Ibid.*
[191] *Ibid.*, p. 139
[192] *Ibid.*, p. 140.

ook na Conan Doyle wat saam met lord Roberts was en later gesê het: "The Boers have been the cheap victims of a great deal of cheap slander in the press [...] To discredit their valour is to discredit our victory."[193] Die onvermoë van die Britse leër om die Boeremagte op die slagveld te oorwin, het mettertyd die Britse leër op plaaswonings en vee laat konsentreer. Drie fases kan in hierdie beleid van verwoesting onderskei word. Die eerste fase was die toevallige, sporadiese verwoesting gedurende die beginmaande van die oorlog. Daarna volg die tweede fase waar lord Roberts se proklamasies en verwoesting aangewend is as 'n afskrikmiddel. Uiteindelik volg die derde fase onder lord Kitchener: die sistematiese, grootskaalse verwoesting wat 'n einde aan die Vrystaatse Republiek gemaak het.[194] Na die Britse deurbraak by Kimberley en die Cronjé-oorgawe op Amajubadag 1900 het lord Roberts deur middel van sy berugte dreigproklamasies ("papierbomme") die Vrystaters van verdere aktiewe verset teen Engeland probeer weerhou. Hy het ingevolge proklamasies III (15 Maart 1900) en XIII (31 Mei 1900) beloof dat burgers wat die wapen neerlê ongehinderd en sonder verliese na hulle plase kon terugkeer.[195]

Ingevolge die proklamasie van 15 Maart 1900 het hy verder belowe dat wapen-aflêers onder Britse beskerming sou staan, op voorwaarde dat hulle 'n eed van neutraliteit aflê. Nadat dit opgevolg is met 'n verdere reeks skrikmaak- en belofte-proklamasies het dit in die suidelike Vrystaat die gewenste uitwerking gehad en verskeie burgers het die wapen neergelê.[196] Lord Roberts was egter te haastig met sy proklamasies, want die Britse magte was effektief nog net in beheer van 'n paar groter sentra en nie in staat om die sogenaamde geannekseerde gebied doeltreffend te beset en die neutrale burgers te beskerm nie. In antwoord op Roberts se anneksasie-proklamasie op 24 Mei 1900 het pres. Steyn op 11 Junie 1900 met 'n teen-proklamasie geantwoord wat gelui het dat "de gemelde annexatie niet erkend wordt, en wordt zy mits deze, van nul en van geener waarde verklaard".[197] Boere-weerstand was ook nog glad nie aan die verbrokkel nie en die grootste gedeelte van die Vrystaat nog in besit van die

[193] *Ibid*., pp.137-140.
[194] Van Rensburg, p. 11.
[195] Spies, p. 18.
[196] Van Rensburg, p. 15.
[197] VAB, A. Fischer-versameling 59/9/5: Kopie van proklamasie.

Boere. As blote blufspel het die proklamasies aanvanklik geslaag, maar sommige wapen-aflêers het gou weer die wapen opgeneem toe hulle besef het dat Roberts hulle nie teen dwangmaatreëls van die Boeremagte kon beskerm nie. Nog later is hierdie proklamasies as ’n skelmstreek beskou, omdat die Britse regering die beloftes wat in die proklamasies gemaak is, nie nagekom het nie. Toe Roberts besef dat hy nie sy beloftes gestand kon doen nie en dit sy proklamasies kragteloos gemaak het, het hy plaasverwoesting as vergeldingsmaatreël en afskrikmiddel hervat.[198]

In ’n brief op 28 Oktober1900 aan Chamberlain sê Milner dat hulle ’n groot land deur proklamasie bekom het, maar “we have yet to appropriate it *in facto* by gradual conquest”.[199] Binne twee maande na die groot verwoesting begin is, het die Vrystaat duidelike tekens getoon van 'n uitdelgingsoorlog. Plaashuise is afgebrand en op ‘n barbaarse wyse vernietig.[200] Die Britse krygsbeleid was vinnig besig om in barbarisme te ontaard.[201] Terwyl John X Merriman in Londen was, het hy met verwysing na Roberts se beleid gesê: “[It is] slowly but surely destroying the Free State, ravaging the country, and putting the clock back as far as civilization goes.”[202] In ’n brief aan Merriman het lord De Villiers die stelling gemaak dat die Britse publiek mislei is en “is honestly convinced that a good work has been done to civilization by the destruction of a barbarous, inhuman and dangerous power in South Africa”.[203] In antwoord op ’n brief van lord De Villiers noem Chamberlain die afbrand van plase in die twee republieke “at best an odious military necessity”, maar voeg by dat opdrag gegee is dat hierdie optrede “be reduced to the smallest possible limits”.[204]

Lionel Curtis, wat vanaf Oktober 1900 in die personeel van lord Milner gedien het, sê in sy boek *With Milner in South Africa*: “When we got home […] Charley Rankin […] adjudant to Rimington's […] told us he had been with a column [...] with orders to burn every farm indiscriminately [...] because these soldiers are tired at the length of the war and want to get home.” Van die houding van die

---

198 Van Rensburg, p. 15.
199 Headlam 2, p. 169.
200 E Hobhouse, *The brunt of the war and where it fell,* pp. 17-20.
201 Spies, pp. 175-176.
202 Gould, p.199.
203 *Ibid*.
204 *Ibid*., p. 208

Boerevroue op die plase vertel Curtis "they dragged the women out of the houses [saying] they would sooner see the houses burned than have their husbands come back […] Men […] are committing acts which would be bad enough […] the shame […] is the worst part of it". Wat hy gesien en beleef het, het Curtis soos volg in 'n brief aan sy moeder opgesom: "People have gone mad. We are doing things that 100 years ago Wellington would have none of and which a year ago we should have said were impossible […] wrong has been done and […] will follow in our trail from generation to generation."[205] Curtis het tereg opgemerk dat die Britse oorlogsbeleid Brittanje nog vir geslagte lank sou agtervolg. Die bewys daarvoor is die erfenis van haat en agterdog wat Brittanje agtergelaat het en wat ook in die standpunte van die Grobbelaar-familie neerslag gevind het. Geeneen van hulle plase is nie afgebrand of verwoes nie. Wat moeisaam oor jare heen opgebou is, is letterlik oornag op barbaarse wyse vernietig en nie mens of dier is ontsien nie. Die wrangheid van hulle gevoelens oor die verwoesting is vandag nog, 'n eeu later, in hulle nageslag gegrondves.

Op 28 Oktober 1900 sê lord Milner dat die vlieënde kolonnes wat deur die land beweeg, "destroying much but holding little", onsuksesvol is. Hy vervolg: "I could never see what we gained by overrunning big tracts of country, without permanently occupying them." [206] Tog het die verwoestingsbeleid op die lange duur vir Brittanje die gewenste uitwerking gehad. Die Boerevolk is met totale ondergang bedreig, indien hulle die stryd sou voortsit. Die verwoesting het 'n groot rol gespeel by die vredesonderhandelinge in 1902. Onder die redes wat aangevoer is vir die neerlê van hulle wapens in 1902, noem die Boere die oorlogsbeleid van die Britse militêre gesag wat die algehele verwoesting van die grondgebied van die twee republieke tot gevolg gehad het met die afbrand van plase en dorpe, die vernietiging van bestaansmiddele en die uitputting van alle noodsaaklike hulpbronne vir die onderhoud van hulle families, die bestaan van die militêre magte en die voortsetting van die oorlog. 'n Verdere rede was die feit dat hulle families na die konsentrasiekampe weggevoer is wat gelei het tot 'n ongehoorde toestand van lyding en siekte, sodat in 'n betreklike kort tydperk meer as 27 000 van hulle dierbares daar gesterf het. Daardeur het die afgryslike

---

[205] L Curtis, *With lord Milner in South Africa,* pp.142-143.
[206] *Ibid*., pp. 144, 168.

vooruitsig ontstaan dat die voortsetting van die oorlog hulle hele geslag kon laat uitsterf.[207] Die Britse krygstaktiek het die twee republieke in 'n verlate wildernis omskep. Dit is bevestig deur Milner in sy verslag aan Chamberlain in Desember 1901: “Even if the war were to come to an end tomorrow, it would not be possible to let the people in the concentration camps go back at once to their former homes. They would only starve there. The country is, for the most part, a desert.”[208]

Op 10 Desember 1900 meld Milner in ’n brief aan lady Edward Cecil dat gedurende die voorafgaande twaalf maande die sterkte van die Britse leër in Suid-Afrika verdubbel is en dat die uitgawe verbonde aan die oorlog £2,5 miljoen per maand beloop; bykomend tot die £80 miljoen wat reeds aan die oorlog gespandeer is.[209] Op 7 Februarie 1901 skryf Chamberlain in ’n geheime brief aan Milner dat die uitgawes verbonde aan die oorlog kon veroorsaak dat “public dissatisfaction may become serious and threaten the existence of the Government in spite of its enormous majority”.[210] Oor die koste verbonde aan die oorlog was Milner van mening dat dit nie in sy geheel deur die Britse belastingbetaler gedra moes word nie, maar gedeeltelik deur die republieke, “which had begun the war”.[211] Hoe Milner met hierdie redenasie die kloutjie by die oor gekry het, is nie seker nie, want dit was nie die republieke wat die oorlog begin het nie, maar hyself. Dit is duidelik dat Brittanje oorlog wou hê, dit gevolglik aangestook en gekry het.

## 15. GRUWELDADE VAN DIE BRITSE MAGTE EN HULLE AANHANGERS TEEN BOEREVROUE EN KINDERS

Die Britse militêre magte het hulle gebondenheid aan die Haagse Konvensie baie selektief benader, so selektief dat die toepassing daarvan in sy totaliteit geïgnoreer is. Wanneer die betrokke artikels wat deur Brittanje in Suid-Afrika oortree is, in perspektief geplaas word, is dit gewis so dat sekere artikels vir Brittanje baie lastig moes gewees het. Voorbeelde was artikel 44 oor die dwang om teen die eie land te veg; artikel 45 oor druk om ’n eed aan die besettingsmag af te lê;

---

[207] Kestell en Van Velden, p. 209.
[208] *Further correspondence relating to affairs in South Africa* (Cd. 903), p. 135.
[209] Headlam 2, p. 191.
[210] *Ibid*., p. 203.
[211] *Ibid*., p. 256.

artikel 46 oor respek vir die eer van families, hulle regte, lewe, eiendom, godsdienstige oortuigings en vryheid en geen konfiskasie van privaateiendom nie; artikel 47 oor plundering; artikel 50 oor algemene strawwe, geldelik of andersins, met betrekking tot die dade van individue wat nie as kollektiewe verantwoordelikheid beskou kan word nie.[212] Verder is daar bepaal dat, in gevalle waarvoor daar nie in die artikels voorsiening gemaak is nie, die bevolkings en die oorlogvoerende partye onder die beskerming en geldingsgebied van die beginsels van die internasionale reg bly.

Die Britte het hulle egter nie veel gesteur aan hierdie bepalings nie, en willekeurig en arbitrêr opgetree, terwyl die doel van hierdie besondere bepalings juis was om te voorkom dat arbitrêr opgetree kon word.[213] Die bepalings wat spesifiek gerig is op die onmenslike en fisiese benadeling van die bevolking en die beskerming van persoonlike besittings en eiendom, is blatant geïgnoreer.[214] Die *Manual of Military Law* (1899) van die Britse leër bepaal voorts, soos reeds vermeld, as algemene beginsel met betrekking tot die voer van ’n oorlog dat “no greater harm shall be done to the enemy than necessity requires for the purpose of bringing him to terms”. Dit sluit egter barbaarshede en enige vorm van wreedheid en belediging uit wat daarop gemik is “to exasperate the sufferings or to increase the hatred of the enemy without weakening his strength or tending to procure his submission".[215]

Letterlik elke faset van die verwoesting behels ’n growwe oortreding van een van hierdie artikels, oortredings waarvoor Duitse offisiere tydens die Neurenbergse verhoor die doodstraf opgelê is, onder andere deur Britse lede van die verhoorspan. Hierdie verwoesting versterk die idee dat Brittanje ongehinderd deur die Haagse Konvensie sy oorlog teen die twee republieke wou voer om ten minste die Afrikaner as groep te neutraliseer, indien dit dan nie sy idee was om hom fisies uit te roei nie. Hy het dus in sy operasionele beplanning doelbewus voorkom dat hy in die geval van ’n langdurige oorlog deur die Haagse Konvensie gekortwiek word.

---

[212] Hobhouse, p. xiii.
[213] Raath, *Vroueleed*, pp. 54-55.
[214] Raath, *Moederleed*, pp. 62-63.
[215] Hobhouse, p. xiii.

Ongehinderd deur enige ander oorwegings het Brittanje sy eintlike doel nagestreef, naamlik om die oorlog ten alle koste te wen, veral omdat hulle teen ’n vyand geveg het wat nie volgens die Europese norme geveg het nie.

Ds. JD Kestell skryf dat pres. Steyn en regter Hertzog ’n voorlegging aan die vorste van Europa en die president van die VSA wou rig. Daarin wou hulle versoek dat die VSA sy invloed in belang van die Boere laat geld oor sake wat op die reëls van beskaafde oorlogvoering en die fundamentele beginsels van die volkereg betrekking het en wat deur Engeland verontagsaam word. Vir hierdie doel het Hertzog beëdigde verklarings verkry van veral vroue en burgers wat barbaars behandel is deur Britse soldate en die swart en bruin meelopers in hulle diens.[216] Uit hierdie verklarings kan 'n beeld gevorm word van die voorbeelde waar die Britse magte die reëls van die Haagse Konvensie oortree het, asook die aard daarvan.

Ongeveer 96 verklarings is gemaak wat in die Havenga-versameling opgeneem is. Hierdie versameling was tot in 1994 nie toeganklik vir die publiek nie. Die hartseer en die wrede werklikheid daarvan het dus nooit algemeen bekend geword nie. By die beoordeling daarvan moet aanvaar word dat, as gevolg van die Calvinistiese inslag van die Boerebevolking, nie almal teenoor wie oortree is nie, na vore gekom het en verklarings afgelê het nie, veral nie met betrekking tot delikate sake soos verkragting en onsedelike aanranding nie. Die innerlike trots om die skande van wat hulle aangedoen is, openbaar te maak, het veroorsaak dat in baie gevalle die slagoffers verkies het om eerder in stilte te ly. Daardeur is hierdie lyding en die veragting wat uit die dade duidelik geword het, opgekrop. Dit het verseker dat die haat en veragting vir alles wat Engels, swart of bruin is van meet af aan, aan die nageslagte deurgegee is.

Die klagtes wat in die verklarings vermeld word, kan in die volgende breë kategorieë ingedeel word, met die getal klagtes wat ontvang is daarnaas aangedui:

---

[216] JD Kestell, *Met die Boere-kommando's*, p. 220.

| | |
|---|---|
| **Seksuele misbruik** | **40** |
| **Plundering** | **17** |
| **Roof** | **3** |
| **Huisverbranding/bombardering/beskadiging** | **23** |
| **Brutaliteit** | **16** |
| **Gewapende aanvalle op vroue** | **4** |
| **Moord/poging tot moord/fusillering** | **5** |

In 33 van die gevalle wat in die verklarings genoem is, hoofsaaklik die gevalle met betrekking tot seksuele misbruik en brutaliteit, was die oortreders swartes.[217] Bogenoemde opsomming kan geensins die emosionele werklikheid weergee nie. Om daarom ’n begrip te vorm van wat werklik gebeur het, word ’n paar verklarings in ’n verkorte vorm weergegee. Die eerste is afgelê deur Johanna van Niekerk van die plaas Koornspruit, distrik Kroonstad, waar 'n veldhospitaal opgerig is. Sy verklaar dat op 8 Maart 1902 die vyand die hospitaal geplunder het, medisyne en ander benodigdhede vir siek en gewonde mense uitgegooi en verwoes het en slagvee, melkkoeie, meel en ander eetware weggevoer het. Op 12 Maart 1902 het die vyand teruggekeer en op die hospitaal geskiet waarvan vier skote van buite na binne die hospitaal gevuur is, en ’n vyfde skoot op kort afstand deur ’n gewapende swarte. ’n Vyandelike offisier het die kleurlinge beveel om die hospitaal te deursoek. Daarop het hulle die hospitaal verlaat nadat hulle twee burgers, die een gewond en reeds sterwend en ’n burger wat aan koors gely het, saam met die hospitaalbeampte weggeneem het.[218]

Mev. AG van Loggerenberg verklaar dat op 19 Februarie 1902 twee Britse soldate by haar huis gekom het. Sonder om iets te sê het een van die manne haar in die kamer op die bed vasgedruk en homself ontbloot. Toe sy skreeu, kom die ander Engelsman ook die kamer binne en druk haar mond toe en probeer haar verkrag waartydens sy beseer is.[219] Mev. MM Joubert verklaar dat op 13 Januarie 1902 ’n kolonne onder kol. Rimington by haar huis aangekom en

[217] VAB: Die Havenga-versameling (A69): Beëdigde verklarings voor spesiale landdroste.
[218] VAB, A69: Handgeskrewe beëdigde verklaring deur mev. J.C. van Niekerk, [pp. 36-37]. Oorspronklike dokumente nie genommer nie.
[219] VAB, A69: Handgeskrewe beëdigde verklaring deur mev. A.G. van Loggerenberg, [pp.18-19]. Oorspronklike dokumente nie genommer nie.

dit aan die brand gesteek het. Toe die huis reeds brand, het een van die troepe haar kindjie van twintig dae oud geneem en nieteenstaande haar gepleit, gedreig om hom in die vuur te gooi. Toe hy op die punt gestaan het om dit te doen, het een van die offisiere die kindjie uit sy hande geneem en aan haar teruggegee.[220]

Mev. JC Geldenhuys verklaar dat sy op 22 Januarie 1902 saam met haar dogtertjie van tien jaar oud op die plaas was. Toe Rimington se mag oor die plaas getrek het, is sy deur drie soldate aangerand. Twee het haar gegryp en na die slaapkamer gesleep, terwyl die derde een die dogtertjie se klere in ’n ander kamer van haar lyf geskeur en haar onsedelik aangerand het. Die soldaat het hierop gesê: “As sy te onbekwaam is, dan sal ek jou aanrand.” Hy het die dogtertjie gelos en haar gegryp. Nadat hy haar met die vuis geslaan het, het hy sy doel bereik.[221] Mev. AJJ van Rensburg verklaar dat daar op 10 Januarie 1902 ’n Britse mag op die plaas aangekom het. ’n Swarte verbonde aan die Britse troepe het in haar huis gekom, na haar slaapkamer gegaan, haar mantel geneem en gesê: “Ek wil eers by jou slaap, dan kan jy die mantel kry.” ’n Ander swarte kom toe in en sê vir hom hy moet haar goed teruggee. Toe sê hy: “Ek sal dit nie doen nie, want dit is almal my vrouens.”[222] Mev. AC de Jager verklaar dat twee gewapende swartes by geleentheid by haar huis opgedaag het. Een het die huis binnegekom en haar gevra om by hom te slaap. Sy wou by die deur uitvlug, maar hy het haar gepak en na die kamer gesleep. Toe kom sy maat ook by en hulle skeur haar klere. Die een het haar vasgehou terwyl die ander een haar verkrag het. Toe het die tweede swarte haar ook verkrag.[223]

Op ’n plaas in die Houtboschberge, van ene De Nyske, het drie vroue met hulle kinders gewoon, toe sewe swartes daar aangekom het om hulle te kom haal. Die swartes het die vroue verplig om hulle te ontklee en vir hulle kos voor te berei. Hulle gesmeek het nie gehelp nie en omdat hulle met die dood gedreig is, moes hulle maar gehoorsaam. Daarna is hulle te voet voor die perde uitgejaag na die

---

[220] VAB, A69: Handgeskrewe beëdigde verklaring deur mev. M.M. Joubert, [pp. 177-178]. Oorspronklike dokumente nie genommer nie.
[221] VAB, A69: Handgeskrewe beëdigde verklaring deur mev. J.C. Geldenhuys, [p. 188]. Oorspronklike dokumente nie genommer nie.
[222] VAB, A69: Handgeskrewe beëdigde verklaring deur mev. A.J.J. van Rensburg, [p. 190]. Oorspronklike dokumente nie genommer nie.
[223] VAB, A69: Handgeskrewe beëdigde verklaring deur mev. A.C. de Jager, [p. 192]. Oorspronklike dokumente nie genommer nie.

Britse kamp, sowat 50 km ver. Daar was ook die geval waar die vroue deur swartes te voet na Pietersburg aangejaag is. Van sommige vroue is al hul besittings gebuit, terwyl ander weer op die skandelikste wyse deur die swartes mishandel is.[224] Nie alle gevalle van wandade is aan die spesiale landdroste oorgedra nie. Sommige mense het eers heelwat later die moed gehad om na vore te kom, ander glad nie. So is daar in die Renier-versameling verskeie stukke wat deur die jare deur lesers ingestuur is, byvoorbeeld die geval van Annie van Rensburg wat deur swartes aangeval is.[225]

Die haat en veragting wat uit hierdie optrede teen onskuldige vroue en kinders gestraal het en die uitwerking wat dit op die slagoffers gehad het, sou nog in ’n groot mate die Afrikanergeskiedenis van die 20ste eeu beïnvloed. Die gevolge van die vernedering en brutalisering is aan die volgende geslagte deurgegee. Hierdie nawerking het baie beslis ook die Grobbelaar-familie se denke, veral met betrekking tot wandade deur swartes gepleeg, baie direk beïnvloed. Die kennis van wat gebeur het, het soos ’n veldbrand deur die Vrystaat getrek. Die Britse troepe was ook ten volle bewus van die haat en veragting wat die beleid van verskroeide aarde en die voortspruitende wandade by vroue en kinders gewek het. In ’n berig in die *Morning Leader* van 8 Februarie 1901 word maj. Wyndham-Quin van die Imperial Yeomanry, wat pas teruggekeer het van die front, aangehaal waar hy sê dat in die veldtog wat gevoer is, die verbranding van plase ’n fatale fout was. Dit het die euwel vererger sodat selfs die Boere wat nog sou inkom om oor te gee, “hate us as they never did”. Hy vertel van die vrou wat uit bewondering ’n foto van die prinses van Wallis in die voorkamer gehad het. As gevolg van die gebeure het sy die prent van die muur afgeruk, “and smashed it into thousand pieces. It is this burning of farms and houses […] It is not worthy of us.”[226]

Die woorde van mev. Nonnie de la Rey, eggenote van genl. Koos de la Rey, aan lord Methuen, som die gevoelens baie goed op: “Instead of doing harm to our cause, every step you take against us (women) makes it one hundredfold stronger

[224] Naudé, pp. 230-232.
[225] VAB, Renier-versameling (119.26), Verklaring van mev A. Van Rensburg (aanwins 8584).
[226] HJ Ogden, *The war against the Dutch republics,* p. 186.

[...] I could not have believed that because you cannot get the better of our men you would set to work against their women."[227] Die begrip wat algemeen begin posvat het, was dat vroue en kinders juis die teikens geword het omdat die Britse leër nie die Boeremagte in die veld kon oorwin nie. Vandaar die opvatting by die Grobbelaars dat die Britte eintlik net kan oorlog voer wanneer hulle teen vroue en kinders veg en nie teen die mans in die veld nie. So 'n siening is 'n oorvereenvoudiging, maar dit is die persepsie wat by die Grobbelaars in die besonder, maar ook by die Afrikaner in die algemeen, posgevat het.

## 16. DIE GROBBELAAR-VROUE IN DIE KONSENTRASIEKAMP

Soos reeds aangetoon, het die guerrilla-oorlogvoering van die Boerekommando's die Britse magte laat oorgaan tot 'n beleid van verskroeide aarde. Die stelsel van konsentrasiekampe wat deur Roberts begin en deur Kitchener uitgebrei is, het deel gevorm van die strategie om 'n einde te bring aan die weerstand van die Boere. Die vestiging van konsentrasiekampe het die Britse owerhede in staat gestel om die land te verbrand en skoon te maak van burgerlikes, wit en swart. Die gevoel was dat dit die burgers sou laat ophou veg. Die Britse kabinet het hierdie beleid goedgekeur en lord Milner het geen beswaar daarteen aangeteken nie. Eers later, toe die konsentrasiekampe 'n ernstige verleentheid geword het, het hy, nieteenstaande die toe so berugte Kubaanse voorbeeld, beweer dat hy nie die volle implikasies daarvan besef het nie. Teen Januarie 1901 het daar min twyfel bestaan oor wat die aard en omvang van die beleid was.[228] Die gladde manier waarop Milner hom van die gevolge van die beleid gedistansieer het, is verdag. Die volle implikasies van die feitlik soortgelyke beleid wat Spanje in Kuba gevolg het, is toe alreeds wêreldwyd sterk veroordeel.

Op 21 Desember 1900 is 'n omsendbrief aan alle Britse bevelvoerders gestuur waarin die verwydering van mans, vroue en kinders en swartes uit die distrikte wat deur die Boerekommando's beset is, aangekondig is. Hierdie vroue en kinders moes in twee kategorieë ingedeel word, naamlik eerstens vlugtelinge, families van neutrales, nie-vegtendes en burgers wat oorgegee het (hensoppers); tweedens, die groep wie se naasbestaandes nog

---

[227] E Hobhouse, *War without glamour*, p. 6.
[228] Spies, pp. 189-190.

op kommando was. Die eerste groep moes voorkeurbehandeling kry, onder meer met betrekking tot huisvesting en voedsel wat volgens toepaslike skale toegeken sou word.[229]

In ’n verslag op 4 Mei 1901 meld die nuut aangestelde administrateur vir die Oranjerivier Kolonie, Hamilton John Goold-Adams, dat die bedoeling was om alle persone wat vrywillige of verpligte hulp aan die vyand in die veld kon verskaf, uit die afgeleë gebiede te verwyder. “Their concentration in these camps therefore, was clearly an essential part of his scheme of operations against those still fighting.”[230] Die geskiedenis van hierdie kampe is reeds deur talle historici en ander skrywers volledig beskryf. Die vraag t.o.v. hierdie geskiedenis is hoe dit die denke van die Afrikanerbevolking in die breë en meer spesifiek, die Grobbelaars geraak het. Aangesien die kampgeskiedenis ’n breë spektrum van intense emosies na vore bring, word hierdie onderwerp gehanteer aan die hand van die verskillende aspekte van die kamplewe.

Daar is verskeie eerstehandse beskrywings van die metodes wat aangewend is om die bevolking na die nuutgestigte kampe te vervoer. Wanneer die Britse troepe op die plase aangekom het, is die huise oor die algemeen afgebrand of opgeblaas. Die inwoners is slegs toegelaat om ’n minimum hoeveelheid kos en klere binne minute bymekaar te maak om saam te neem. Daarna is hulle op oop waens vervoer of te voet oor lang afstande aangejaag. Die families van hensoppers is toegelaat om ruim voorsiening te maak vir klerasie, kookgereedskap en meubels. Die afhanklikes van vegtende burgers het sleg daarby afgesteek. Hulle is geen ander klerasie as net dit wat hulle aangehad het, of enige kookgereedskap as net die mees basiese gegun nie. Ook is slegs die mees basiese beddegoed toegelaat. Hoewel lord Kitchener op 16 Januarie 1901 in ’n vertroulike omsendskrywe teen wanpraktyke in die hantering van die burgerlike bevolking gewaarsku het, is geen stappe ooit teen enige van die offisiere wat oortree het, geneem nie.[231] Dit wek die indruk dat hierdie praktyke oogluikend toegelaat is.

---

229 *Ibid*., p.183.
230 VAB, A. Fischer-versameling (59/9/5), How the concentration camps arose. Simple facts, [p.3]. Oorspronklike dokument nie genommer nie.
231 Spies, p.191.

Die waarnemende staatspresident van die ZAR, SW Burger, en die staatsekretaris, FW Reitz, het op 21 November 1901 by Kitchener protes aangeteken teen die onbeskaafde en barbaarse wyse waarop families, waaronder bejaardes, swanger vroue en kinders, na die kampe vervoer is, nadat hulle vooraf onder dwang uit hul wonings verdryf is. Voorts is hulle ook aan die belediging en mishandeling deur Britse troepe, swart en wit, blootgestel.[232] Die naasbestaandes van die Grobbelaar-broers is na twee verskillende kampe gestuur, naamlik Springfontein (wat in Maart 1901 opgerig is) en Bethulie (wat op 22 April 1901 opgerig is).[233] Bettie Smith, die dogter van Peet Grobbelaar van Meyerskraal, Bethulie, beskryf die aankoms van 'n afdeling Britse troepe op die plaas: "Op die 28ste Maart 1901 […] storm die [Britse soldate die] huis […] en vloek op moeder […] toe word ons uit die huis gejaag met net ons klere, later het die offisier hom bedink en sê toe ons kan die huisraad ook uitdra, wat ons toe ook gedoen het, toe was die woonhuis in vlamme en ook die buitegeboue."[234]

Hoewel hulle toegelaat is om nog op die plaas aan te bly, sou dit nie meer vir lank wees nie. Op 6 Mei 1900 het 'n sekere Smith daar aangekom om hulle na die kamp weg te voer. Hy het gesê dat mnr. Dennis McDonald van Rietpoort, Bethulie, wat met sy twee broers die stamvaders van die McDonald-familie van die distrik Bethulie was,[235] hulle eintlik moes kom haal het, maar omdat hulle van dieselfde distrik was, het hy sleg gevoel daaroor en vir Smith gevra om in sy plek te gaan. Hy het toe bygevoeg dat as hulle nie vrywillig op die wa sou klim nie, hy die troepe, swart en wit, sal opdrag gee om hulle vas te bind en op die waens te gooi. "Toe sê moeder, nee sy dink eens te veel van haar en haar dogters, dat sulke goed aan hulle moet vat. [Toe jaag] een tommie te perd […] moeder al om die tafel, natuurlik wou hy haar trap, as sy val […] toe gryp ek die besemstok [en] gee hom een hou en ook die perd, waarop hy uitgejaag het." Vroeg op 7 Mei is hulle daar weg na Springfontein, maar moes eers aanskou hoe die huisraad stukkend gekap en verniel word. Die rit na die kamp was 'n bitter ervaring, want

---

[232] Stockenström, pp. 161-163.
[233] Spies, p.192; Bethulie Museum, HCJ Becker, Herinneringe van die Anglo-Boereoorlog: Handgeskrewe manuskrip, [p. 17]. Oorspronklike manuskrip nie genommer nie.
[234] Smith, pp.15-17.
[235] Pellissier, p. 550.

die troepe het Boere gewaar en so vinnig moontlik met die waens langs mekaar oor klippe, miershope en teen walle af gejaag. [236]

Teen Junie 1900 was Kroonpost ook nog nie afgebrand nie. Op ’n dag het Hester, die vrou van Pieter Grobbelaar, verneem dat die Britse magte besig is om plaashuise af te brand. Sy het toe haastig alle huisraad en los goedere na ’n buitekamer laat dra. Hierdie buitekamer was deel van ’n buitegebou wat onder dieselfde dak was en bestaan het uit ’n waenhuis, ’n slagkamer en daartussen die besondere buitekamer met ’n brandsolder met geen vensters nie. Toe alles mooi weggepak is, het sy die deur toegebou en toe self die buitegebou aan die brand gesteek. Nie lank daarna nie het sy gewaar dat die Britse magte van Meyerskraal se kant af aankom om hulle na die Bethulie-kamp te neem. Sy het hierop die kinders geneem en met die kar en perde na haar suster, Lenie Fick, in die Springfontein-distrik op die plaas Damfontein gevlug.[237]

Toe sy ongeveer halfpad was, het sy haar suster op Blaauwfontein teëgekom. Lenie het weer in die rigting van Bethulie gevlug voor die Britse magte wat van Springfontein se kant gekom het om die vroue na die kamp te neem. Hulle vlug toe saam voor die Britse magte uit in die rigting van Pompie, terwyl daar op hulle geskiet is, hoewel niemand in die perdekarre gewapen was nie. Selfs toe hulle wit lakens opgesteek het, het die soldate nie opgehou skiet nie. Op Pompie is hulle toe met die muilwaens ingehaal. Die vroue en kinders is op die muilwaens oorgelaai. Die soldate span toe die karperde uit en skiet hulle net daar voor die voet dood. Daarvandaan is hulle na Ganspoort geneem, waar hulle oornag het. Die volgende oggend is hulle na die Bethulie-kamp geneem. Kroonpost is sekerlik ook daardie dag afgebrand, maar die Britse soldate het nie die wegsteekplek van die huishoudelike goedere ontdek nie. Die brandsolder van die buitekamer het voorkom dat die inhoud daarvan beskadig is. Op Blaauwfontein was ’n klipkraal van Pieter Grobbelaar. Die soldate het die skape in die kraal gejaag en hulle met bajonette doodgesteek. Later, toe die huidige opstal op Blaauwfontein gebou is, het Pieter se

[236] *Ibid.*, pp. 22-26.
[237] Onderhoude met mnr. Pieter Grobbelaar, Blaauwfontein, Bethulie, 15 September 2006 en 18 April 2008.

seun, Harm, die kraal afgebreek. Sy vrou, Lena, het toe die skaapbene by die voorskootvol weggedra. [238]

Toestande in die kampe was feitlik identies. Daar was groot gebreke met betrekking tot huisvesting in die Springfontein- en Bethulie-kampe. Eerstens was die tente oorvol, sodat daar saans weinig beweegruimte was.[239] Tweedens, het die dun tente in die winter geen beskutting teen die koue en in die somer weer teen die hitte verskaf nie.[240] Derdens, moes die vroue en kinders op die grond slaap. Wanneer dit gereën het, het die water deur die tente geloop en die vloer in ’n modderpoel verander sodat die beddegoed deurnat geword het.[241] Bettie Smith, dogter van Peet Grobbelaar van Meyerskraal, skryf: “Teen sononder het ons op die plek gekom waar die kamp was […] toe sien ons net hoe beltente opgeslaan word, so moes ons in een gaan en die grond slapery was bitter […] Die eerste nag in die kamp is onvergeetlik, vrouens huil en roep om hulp, hier sterf een en daar word een flou, dit was ’n lyding wat geen pen kan beskryf nie.”[242]

Die vierde groot probleem was dat die mense van geboorte af aan ’n vrye lewe op plase gewoond was. Laastens, is geen voorsiening vir ’n mate van privaatheid gemaak nie. In dieselfde tent was soms twee tot drie gesinne, dikwels met opgeskote kinders van albei geslagte wat almal saam in een tent moes eet, woon, slaap, uittrek en aantrek. Die ergste was wanneer ’n aansteeklike siekte in so ’n tent uitgebreek het, en die seuns en meisies saam verpleeg moes word, of wanneer ’n kindjie in die tent gebore is.[243] In die Springfontein-kamp sê Bettie Smith onder meer: “Party tente was so vol gestop van families, hulle kon nie lê om te slaap nie, die ellendes het al groter geword, siektes het al meer toegeneem, masels, kinkhoest was toe vreeslik onder groot en klein”.[244] Johanna van Warmelo skryf: “Van morgen vond ik nog een overvolle tent in mijn afdeling, drie vrouwen en zeventien kinderen: twintig mensen in een enkele tent!”[245]

---

[238] *Ibid.*
[239] Stockenström, p. 166; Raath, *Kampsmarte,* pp. 60-70; Raath, *Die konsentrasiekamp te Bethulie,* p. 10 *et seq*.
[240] J Brandt, *Het concentratie-kamp van Iréne,* pp. 27, 29, 45.
[241] Stockenström, p. 166.
[242] Smith, pp. 22-27.
[243] Stockenström, p. 166.
[244] Smith, p. 28.
[245] Brandt, p. 25.

Die onvoldoende mediese hulp het die lyding van die inwoners vererger. Een van die groot gebreke met betrekking tot mediese behandeling was die onvoldoende voorraad medisyne en voedsel-aanvullende middels.[246] Susara Roos, wat as verpleegster in die Bethulie-kamp uitgehelp het, vertel in haar dagboek van ’n nuwe dokter met die bynaam Rooikop, wat aanstootlik en onverdraagsaam was. By geleentheid het hy drie dae lank niks gedoen vir ’n twaalfjarige dogtertjie nie. Die derde oggend het sy aan hom gesê dat die dogtertjie sterf omdat hy niks vir haar gedoen het nie. Hy het haar toe uitgeskel: “You dog. I’ll have you kicked out here you low beast.”[247]

Bettie Smith, dogter van Peet Grobbelaar, vertel dat hulle op ’n dag in die veld besig was om bossies uit te trek vir vuurmaakgoed toe sy siek word aan masels. Naderhand het al vyf kinders gelê. Wanneer die dokter hulle moes ondersoek, het hy wydsbeen oor hulle gestaan en dan na die volgende een versit. Nadat hulle gesond was, het die koors gekom en moes haar suster, Maria, in die hospitaal opgeneem word. Toe kry die jongste twee kinders kinkhoes.[248] Haar tante, Nellie van Vrede, se seuntjie van twee jaar oud het toe masels in die oë gekry. Die dokter het een môre in die tent gekom met ’n lap in ’n aangemaakte middel en daarna daarvan op die kind se oog gedruk. Daarna was die oog wit gebrand. “[Hulle] het […] hom op een wilde manier uit haar hande geruk en die ogie uitgewas, dit was een wreedaardige daad.” Volgens Bettie moes mense wat gesond genoeg was om uit die hospitaal ontslaan te word soms eers nog ’n poeier drink. Daarna “het hulle trekkings gekry en die dood het gevolg, op so ’n manier is een neef van my ook dood”.[249] In die geraadpleegde bronne kon geen bevestiging vir hierdie bewering gevind word nie. Tog is hierdie bewerings belangrik omdat sodanige persepsie deel van die Grobbelaar-denke gevorm het en in baie gevalle steeds vorm.

In die Springfontein-kamp, waar die sterftesyfer wel laer was as in Bethulie, was die omstandighede ook swak. ’n Geval wat Springfontein berug gemaak het, was die verhaal van Lizzie van Zyl. “There is a picture of her [...] shocking in its stark detail and one that could have come out of Nazi Germany's death camps during

[246] *Ibid*., pp. 15-16.
[247] OMBR, Dagboek van Susara Johanna Roos (6455/1), p. 8.
[248] Smith, p. 28.
[249] *Ibid.*, pp. 34-35.

World War Two [...] Her thin limbs are like stalks. Her emaciated arms are bones, her head huge upon her body."[250] Die Britse owerheid moet ten volle die skuld vir die lyding van hierdie onskuldige kind as gevolg van die toestande in die kamp aanvaar. Boonop het die Britse regering haar geval op 'n uiters laakbare wyse uitgebuit vir anti-Boer propaganda, deur voor te gee dat haar moeder verantwoordelik was vir haar toestand.[251] Dit getuig van totale ongevoeligheid, haat en veragting.

Die gebrek aan en afwesigheid van menslikheid en empatie met die lot van die vroue en kinders was kenmerkend van die Britse gesag. Emily Hobhouse het dit ervaar toe 'n permit aan haar geweier is om die gebied noord van Bloemfontein te besoek. Daar is aan haar gesê dat sy te veel persoonlike simpatie met die mense toon en dat dit nie aanvaarbaar was nie.[252] Johanna Brandt vertel hoe 'n sekere mnr. NJ Scholtz aangestel is as superintendent van die kamp by Irene waar die mense vyf maande lank moes ly onder sy ongevoeligheid. Sy het die insiggewende stelling gemaak dat daar teenoor die eie volk niemand wreder en onbarmhartiger was as 'n Engelsgesinde Afrikaner nie. Sy reken die Britte het dit deeglik besef toe hulle mense soos Scholtz, en later Esselen, by Irene volmag gegee het oor die ongelukkige inwoners.[253] In die dagboek van Susara Johanna Roos meld sy dat die verpleegpersoneel in die Bethulie-kamp 1½ kerse elke nag vir 'n sieketent gekry het. Sy het toe begin om elke oggend die oorblywende stukkies bymekaar te maak en aan kamp-inwoners waar ernstige siekte in die tente was, te gee. Die kampkommandant het haar een oggend daaroor gekonfronteer en gewaarsku dat hy haar tronk toe sou stuur as sy dit weer sou doen.[254]

Sommige van die dokters in die kampe het nie Afrikaans verstaan nie. Baie van hulle was koud en onverskillig en het die siek vroue en kinders uiters swak behandel, hoewel daar egter ook diegene was wat meegevoel met hulle pasiënte gehad het.[255] 'n Geval van uiterste ongevoeligheid word deur Bettie Smith be-

---

[250] Coetzer, pp. 148-152.
[251] *Ibid.*
[252] Hobhouse, *The brunt of the war*, p. 123.
[253] Brandt, p. 2.
[254] Roos, p. 7
[255] Stockenström, p. 172.

skryf. Sy het ’n maand lank in die hospitaal verpleeg. Dr. Webb wou haar toe op ’n voltydse basis as verpleegster gebruik, maar haar moeder het geweier. Haar moeder is toe in die hospitaal opgeneem en sy het 13 dae lank ’n hewige koors gehad. As straf vir haar moeder wou Webb nie vir haar kos gee nie. Gelukkig het haar verpleegster snags vir haar begin kos aandra.[256] Bettie het gedurende die maand wat sy verpleeg het, baie beleef. Sy het bygestaan waar sterwendes se laaste woord nog “honger” was. Kos was so min en so sleg dat dit nie verbaas dat so baie mense gesterf het nie. Die lug was smiddae besoedel, want al die dooie diere is naby die kamp gegooi sodat ’n verskriklike reuk en stof elke middag laat oor die kamp aangewaai het.[257]

Lord Kitchener het in sy vertroulike memorandum van 21 Desember 1900 gevra dat die families van die neutrales en hensoppers beter behandeling moes kry as die naasbestaandes van vegtende burgers. Hy het gevolglik opdrag gegee dat “[for] refugees from Boer oppression and those [with] families [...] out on commando still [...] a different ration should be supplied”.[258] Die rantsoenskale wat in die Vrystaatse kampe toegepas is, het, soos hieronder aangetoon, drie keer verander. Tot 8 Maart 1901 is daar gedifferensieer tussen die twee groepe hieronder genoem. Op 16 Januarie 1901 bepaal ’n Britse Leërorder, L. of C. 129, die skale van toepassing vanaf 16 Januarie 1901. Die differensiasie is eindelik beëindig op 8 Maart 1901.[259] Bettie Smith, dogter van Peet Grobbelaar van Meyerskraal, Bethulie, skryf dat hulle een maal per week rantsoene ontvang het. Dit was koffie, meel, suiker, blikkies melk en rys. Volgens haar was die suiker vol vitrioel en moes dit eers skoongemaak word voor gebruik. In die meel was rooi korreltjies wat, wanneer die brood gebak is, ’n rooi vlek gevorm het waar die korreltjie gesit het. Hulle het die rantsoen vleis elke môre ontvang, maar dit was baie maer vleis. “Op die aflees van jou naam, moet jy daar wees, anders verloor jy jou deel.” [260] By die vleistent het ’n sekere mnr. David Coetzee van Dewetsdorp gesit en met sy kierie die vroue en kinders oor die bene en voete geslaan as hulle na sy sin te na aan die tafel gekom het.[261]

---

[256] Smith, pp. 31-32.
[257] *Ibid.*, p. 32.
[258] Spies, pp.185-186.
[259] Hobhouse, *The brunt of the war*, pp. 320-322.
[260] Smith, p. 33.
[261] *Ibid.*

Oor die rantsoene in die Bethulie-kamp skryf ds. HCJ Becker dat die slegte vleis en te min ander kos, soos meel, rys, koffie en suiker, baie bygedra het om die lewe in die kamp uiters moeilik te maak. “Die vleis was van uiters vermagerde en verjaagde skape deurtrek van vloeistof en dus in meeste gevalle oneetbaar.”

**Daaglikse rantsoene per persoon**[262]

| Item | < 16 Jan. 1901 | | >16 Jan. 1901 | | | | >8 Mrt 1901 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Almal | | 6> | | 6< | | Almal |
| | 6> | 6< | | | | | |
| **Vleis** | 230g | 230g | 340g | 65g | 230g | 65g | 230g |
| **Meel** | * | * | * 455g | | * 230g | 230g | * 340g |
| **Meelblom** | * | | * | | * | | |
| **Rys** | * 239g | * 230g | | | | | * |
| **Stampmielies** | * | * | | | | | * |
| **Aartappels** | * | | | | | | * |
| **Maizena** | | | | | | | * |
| **Mieliemeel** | | | | 1,3kg | | | |
| **Koffie** | 45g | 15g | 30g | 30g | | | 30g |
| **Suiker** | 90g | 30g | 60g | 60g | 30g | 30g | 60g |
| **Sout** | 30g | 30g | 15g | 15g | 15g | 15g | 30g |
| **Kondensmelk** | 34g | 22g | | | 100g | 100g | 34g |

**Rooi dui die rantsoene van vlugtelinge en hensoppers aan.**

**Blou dui die rantsoene van afhanklikes van vegtende burgers aan.**

**** die toegelate keuse tussen voedselsoorte wat gemaak kon word.**

Volgens hom was dit ’n aaklige skouspel om die ry vroue en kinders elkeen met ’n skotteltjie te sien staan, soms vir ure lank, terwyl hulle gewag het op die rantsoene. “Wanneer (so drukte een van die gewesene kamp dames dit uit) Meneer uitdeler dit goed vind begin hy die rantsoen uit te deel.” Daar is op die ry afgegaan en alles was afgemeet volgens die getal persone in die familie. In die meeste gevalle was dit veels te min van alles. ’n Verandering is uiteindelik

---

[262] *Ibid.*

gemaak deur bemiddeling van mnr. Cole Bowen, destydse magistraat van Fauresmith. Sy ondersoek na die hoë sterftesyfer, op las van die Britse regering, het lewensbelangrike veranderings tot gevolg gehad. Voor Bowen se ondersoek moes ds. Becker volgens die aantekeninge in sy destydse dagboek maande lank elke dag twee maal begrafnisse waarneem, wisselend tussen drie en 19 lyke op één dag.[263]

Steeds uit die Bethulie-kamp skryf Susara Roos in haar dagboek onder meer oor die kos: "Die ergste nog, die vleis word met Condy en vloeistof gespuit, o, 'n mens kry so 'n walg in die vleisruik." Op 'n dag het die vroue die kampkommandant by sy tent in die teenwoordigheid van die kampdokter oor die vleis gekonfronteer. Die dokter reken toe dat hy die vleis ondersoek het en dit eersteklas vind. Voordat die dokter klaar gepraat het, het die vroue hom toegesak en met 'n maer blad in die gesig geslaan. Toe hy na sy tent vlug, het die vroue hulle vleis in sy tent neergegooi. "Dit was die laatste dag van sy regering. Hy is nog dieselfde aand weg, weg, vir altyd weg."[264] Na Emily Hobhouse se besoek aan die Springfontein-kamp het dit beter gegaan. Die inwoners het toe wasplekke met skoon water uit 'n waterkraan gekry. Daar is ook kombuise met groot oonde ingerig en hulle het ook groente begin kry. Die sterfgevalle het skielik afgeneem, 'n duidelike bewys dat die swak versorging van die mense die oorsaak was van die talle siektes en dood.[265]

Die Bethulie-kamp was ongeveer 1 500 meter van 'n sterk fontein geleë wat in 'n spruit uitgeloop het. Die Britse militêre kamp was naby die fontein, en 'n entjie laer af die kamp van die *Native Constabulary* wat aan die spruit gelê het en wat ook die water gebruik het. Die kamp-inwoners kon die water gebruik nadat dit verby die twee kampe gevloei het. Die water wat verby die swartes se kamp gevloei het, is besoedel deurdat die swartes nie van toilette gebruik gemaak het nie, maar van die spruit. Hierdie water het na die konsentrasiekamp gevloei waar die vroue en kinders dit moes gebruik. Om die omstandighede te vererger, het 'n stroom water met die baie reën uit 'n sloot gebreek en in die drinkdam ingeloop. Hierdie water het 'n blink laag daarop en 'n sterk verrotte reuk gehad. By nadere

---

263 Becker, pp.30-34.
264 Roos, p. 9.
265 Smith, pp. 35-37.

ondersoek het dit geblyk dat die dorpenaars tydens die runderpes hulle dooie beeste in daardie sloot toegegooi het.[266] Vroue met huilende kinders wat probeer het om elders water te bekom, se emmers is op hardvogtige wyse uit hulle hande geruk en uitgegooi, ten spyte van die huilende kinders.[267] Die meer algemene metode van straf wat in die kampe toegepas is, was om die daaglikse of weeklikse rantsoen te verminder. Hierdie rantsoen was net te veel om van dood te gaan en te min om van te leef.[268] ’n Ander metode van straf was die opsluiting van die oortreder in ’n hok van doringdraad, waarin die vroue soms ’n dag lank sonder voedsel of water opgesluit is as voorbeeld vir ander oproermakers.[269]

Op 22 Februarie 1902 sterf Attie Grobbelaar se vrou, Cornelia, in die Springfontein-kamp, kort nadat hulle seuntjie, Willem, ook daar oorlede is.[270] Hoe het die Grobbelaars die dood van geliefdes verwerk en watter uitwerking het dit op hulle gemoedere gehad, veral op diegene wat as krygsgevangenes onbereikbaar ver weg was? Die briefwisseling tussen Bettie en haar vader, Peet Grobbelaar, in die Diyatalawa-kamp op Ceylon, bied goeie insig in die rou emosies van die gesin en die Grobbelaar-broers wat in die kampe geliefdes verloor het. Bettie skryf dat hulle op 26 September 1901 gaan bossies soek het om as vuurmaakgoed te gebruik. Haar suster, Margaretha, het die dag gekla oor ’n pyn agter haar blad. Drie dae daarna is sy opgeneem in die kamphospitaal vir inflammasie in die longe waar sy op 3 Oktober 1901 oorlede is.[271] Kort daarna word Peet Grobbelaar se jongste dogtertjie Martie (Bybie) siek aan kinkhoes. Komplikasies het veroorsaak dat sy naderhand letterlik net vel en been was. Op 8 November 1901, ’n maand na haar suster, is ook sy oorlede. Bettie Smith skryf in haar herinneringe: “Die slag was darem baie hard en toe lê suster Maria al weer vir die 2de maal in die hospitaal.”[272]

Ds. Dommisse het op 7 Oktober 1901 aan Peet Grobbelaar geskryf: “Uw vrou heeft my gevraagd, u het treurige nieuws te laten weten, dat u dogter Margaretha

[266] Raath, *Die konsentrasiekamp te Bethulie,* pp. 18-19.
[267] Raath, *Kampsmarte,* pp. 61-62.
[268] Stockenström, p. 173.
[269] Brandt, pp. 10-11.
[270] Neethling, Hoofstuk 3, p. 1.
[271]Smith, pp. 28-29.

**Die sterftesyfer in die Bethulie- en Springfontein-kampe**[273]

| Maand | Bethulie | | | Springfontein | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1901-1902 | Inwoners | Sterftes | % van totaal | Inwoners | Sterftes | % van totaal |
| Junie | 3440 | 9 | 7,8 | 2667 | 42 | 10,6 |
| Julie | 4280 | 31 | 4,8 | 2645 | 101 | 15,7 |
| Augustus | 4767 | 175 | 15,03 | 2893 | 52 | 4,7 |
| September | 4811 | 236 | 20,94 | 2693 | 33 | 2,92 |
| Oktober | 4771 | 154 | 10,17 | 2849 | 114 | 7,52 |
| November | 4531 | 236 | 17,73 | 2678 | 101 | 7,58 |
| Desember | 4255 | 276 | 22,08 | 2593 | 69 | 5,52 |
| Januarie | 4088 | 139 | 18,41 | 2592 | 31 | 4,1 |
| Februarie | 4043 | 33 | 11,41 | 2573 | 24 | 8,3 |

daar niet meer is, zy is ontslapen in den Heer op Donderdag morgen omstreeks 9,30 voormiddag den 3den October en is die salige rus ingegaan en heeft haren God al gesien."[274] Op 17 Oktober 1901 skryf Peet uit Ceylon aan Margaretha (wat toe reeds op 3 Oktober oorlede is): "My kind […] U bewaarder is onze lieve Heere wie nooit sluimer of slaap, houd Hem voor ogen […] Nu gaan ik sluit met my pen, maar nooit met my verlangende hart. Zyt gegroet van my u ver verwyderde vader, neem my handdruk met een kus der liefde dag my kind. De Heere zy met u tot wy wederzien."[275] Op 9 November 1901 skryf Bettie aan Peet: "Wederom heeft de Heer zyn doodsengel in ons midden gezonden en heeft onze lieve klein zustertjie Bybie van ons weggenomen. Zy is gestorven op den 8sten dezer (gister) en was 21 dagen bed liggend. O haar lyding was al te zwaar, zy is dood aan stuipe […] zy is vergaan , net vel en been. Lieve Pa, het is voor myn ma tog al te bitter, want die roepstem is tog al te hart. En denk toch, zuster Margaretha was net een maand en 5 dagen dood toen moeten wy haar ook afgeven. Ag zy is ons toch al te onmisbaar, die dierbare ou bruinoogies zullen wy nooit vergeten, maar lieve vader wees maar getroost, ja ik bid God om u en moeder te

---

272 *Ibid.*, p.30.
273 Hobhouse, *The brunt of the war*, pp. 341-344, aangepas om die dodesyfer maandeliks as persentasie van die totale sterftesyfer vir alle kampe in die Vrystaat aan te toon.
274 VAB, Renier-versameling: (A119): E Dommisse – PJ Grobbelaar, 7 Oktober 1901, (brief) (522).
275 VAB, A119: PJ Grobbelaar – M Grobbelaar , 17 Otober 1901 (522).

troosten."[276] Op 6 Januarie skryf Peet aan Bettie: "Het was vir my een harde slag toen ik moes horen dat my zeer geliefde klein Bybie gestorven zyn […] Ag my lieve kind wat zal ik zeg want ek moet beswyk, als de lieve Heer my niet genadig is en my de nodige krach geef ja dan was ik daar al lang niet meer […] De Heere heeft gegeven en de Heer heeft genomen en de naam des Heeren zy geloof, ik zal haar weder zien in den Hemel o ja zy en Grietha wag vir my al daar, waar al my vrome vroeg gestorvene zyn."[277]

Op 8 Januarie 1902 skryf Peet aan sy vrou: "Lieve mamma geloof my, het is voor my tog te zwaar om zulke berigten van u en my kinders te krygen, ik kan u zeg, dat ik kan beswyk als ik denk over de dood van Margaretha en van myn lieve klein Martie [Bybie] O ik zal hun nooit vergeet […] my lieve stel u tog maar tevrede, onder die wil van onze lieve Heere […] Lieve mamma nu moet ek sluit met my brief maar nooit met myn verlangende hart. Zyt gegroet van my u zeer bedroefde hart verscheurende man met een kus der liefde."[278] Op 16 Desember is Bettie ook opgeneem in die hospitaal en was ernstig siek. Daarna volg haar suster, Katie, en haar broer, Attie, wat ernstig siek in die tent gelê het. Haar moeder het sy siekte weggesteek, omdat sy al so bang was vir die hospitaal. Na weke in die hospitaal is haar moeder op dieselfde dag wat Bettie ontslaan is, ook in die hospitaal opgeneem, ernstig siek aan die koors.[279]

Oor die Bethulie-kamp het ds. Becker in sy herinneringe geskryf: "Hoe onbeskryflik groot was die droefheid en teleurstelling by die tyding dat die dood een dierbaar lid van die familie afgemaai het."[280] Hierdie was ook die lot van die gesin van Pieter Grobbelaar van Kroonpost. Op 16 November 1901 is sy vrou, Hester, aan maagkoors oorlede. Skaars 36 jaar oud, laat sy ses kinders wees in die kamp agter, die oudste 13 jaar en die jongste vier jaar oud.[281] Die dood van hulle moeder het veral op die seuns, John en Harm, 'n baie groot indruk gemaak wat hulle vir die res van hulle lewens bygebly het.[282] Toe Pieter die boodskap van haar dood teen die einde van November 1901 in die kamp te Simonstad ontvang het, moes hy 'n baie

276 VAB, A119, E Grobbelaar – PJ Grobbelaar, 9 November 1901 (522).
277 VAB, A119, PJ Grobbelaar – E Grobbelaar, 6 Januarie 1902 (522).
278 VAB, A119, PJ Grobbelaar – M Grobbelaar , 8 Januarie1902 (522).
279 Smith, p. 31.
280 Becker, p. 6.
281 Neethling, hoofstuk 2, p.1.
282 Onderhoud Pieter Grobbelaar, Blaauwfontein, Bethulie, 15 September 2006.

traumatiese tyd deurgemaak het. Sy jong vrou is na ’n smartlike lyding as gevolg van die toestande in die kamp en die swak behandeling aan die hand van die Britse owerhede, oorlede. Die gevoel van wantroue en afkeer in alles wat Brits was, het hy deurgegee aan sy kinders en hulle nageslag.

Omstandighede in die Bethulie-kamp was so swak dat van die burgers wat nog op kommando was, besluit het om van die gesinne uit die kamp te gaan haal. Een so ’n burger was Piet Robinson wat saam met ’n sekere Pelser probeer het om ’n Coetzee-gesin uit die kamp te neem. In dié proses is ’n seuntjie, Hammie, deur ’n “joiner” dodelik gewond. Een van die “joiners” het probeer om by die swaar gewonde seuntjie inligting oor die persone wat hulle probeer uithaal het, te kry. Hy het sy handjies saamgevou, vir sy moeder en die burgers in die veld gebid en aan die “joiner” en die Britse soldate gesê hy sal die dood ingaan, maar sal nooit sê wie die twee burgers was nie. Kort daarna is hy aan sy wonde oorlede.[283]

Eric Stockenström se boek, *Die Afrikaanse vrou*, wat in 1921 gepubliseer is, kan nie werklik as ’n objektiewe werk beskou word nie. Die groot waarde van die boek lê egter in die subjektiwiteit van die gevoelens van die kamp-geslag wat hy baie goed weergegee het. Dit is waardevol omdat dit ’n insig gee in die denke en gevoelens van die slagoffers van die metodes van barbaarsheid. Hy skryf dat daar een ding is wat “die Afrikanerboer besonder veel op gesteld is, dan is dit ongetwyfeld die manier waarop hy en sy vrou en kinders, as hulle kom te sterwe, begrawe sal word”. Dit was ondenkbaar binne die Afrikaner se Calvinistiese beskouing dat ’n lid van sy huisgesin in ’n sak of kombers gerol, en soos ’n dier begrawe sou word. Stockenström haal die verslag van die Waaksaamheidskomitee aan wat in Kaapstad gestig is, en waarin gemeld is dat die inwoners van die Bethulie-kamp self vir hul gestorwe naasbestaandes doodskiste moes maak, sonder dat die owerhede voorsorg getref het vir ’n voldoende voorraad hout. Dit het dus gebeur dat doodskiste van kers- en seepkissies aanmekaar gespyker moes word, en waarvoor hulle ’n ontsaglike prys moes betaal. Die meeste oorledenes is in ’n kakiekombers toegedraai en begrawe.[284]

---

[283] PHS van Zyl, *Waar en trou*, pp. 105-108.
[284] Stockenström, pp. 192-193.

Bogenoemde het nie net in Bethulie gebeur nie, maar in alle kampe. Die indruk wat die lyk van hulle moeder, toegedraai in ’n kakiekombers, op die kinders van Pieter Grobbelaar gemaak het, het hulle bygebly. Dit het daartoe bygedra dat John in 1914 geweier het om teen die rebelle in die Bethulie-kommando te dien. Harm, die jongste, was lewenslank sterk anti-Engels en het geen geheim daarvan gemaak nie. So het die dood van Pieter se vrou, Hester; Peet Grobbelaar se dogters, Margaretha en Marthie; Attie Grobbelaar, sy vrou en seuntjie, vir die oorblywende lede van die gesinne, asook die res van die Grobbelaar-familie ’n sterk werklikheid gebly. Tereg sê Stockenström dat niemand werklik kan besef “wat die Afrikaanse moeders uitgestaan het wanneer hulle ’n dierbare seuntjie of dogtertjie in ’n kakiekombers moes toedraai, en soos ’n dier moes begrawe”.[285]

Die aaklige wyse waarop hulle kinders begrawe is, het die bitter lyding van die moeders in die kampe nog erger gemaak.[286] Die gepaardgaande gevoelens van verbittering is vir die nageslag deurgegee. Die waarheid van hierdie stelling word bewys deur die sterk anti-Britse gevoel wat onder andere die Grobbelaar-moeders met die opvoeding van hulle kinders openbaar het. Ook lord Milner het nie onaangeraak gebly deur die toestande in die konsentrasiekampe nie. Spies verwys o.m. na ’n skrywe van hom aan mnre. Chamberlain en Haldane waarin hy sê “that while a hundred explanations may be offered and a hundred excuses made, they do not really amount to an adequate defence”. In ’n ander skrywe sê hy dat die stelsel van konsentrasiekampe “will always remain a bad business, the one thing, as far as I am concerned, in which I feel that the abuse so freely heaped upon us [...] is not without some foundation”.[287]

Voor Mei 1901 is die Britse burgerlike owerheid in Suid-Afrika in die persoon van Milner en die Britse Colonial Office nie ten volle ingelig oor wat in die kampe aangegaan het nie. Eers na Milner se terugkeer uit Londen in Augustus 1901 het hy en Chamberlain bewus geword van die mate waartoe die burgerlike owerheid in die beheer van die kampe gekortwiek is: “Owing to military exigencies having received priority [...] the interlacing

[285] *Ibid.*
[286] *Ibid.*
[287] Spies, p. 268.

of civil and military authority was one of the bars to improving conditions."[288] Die prys wat Brittanje betaal het vir die streng gekompartementeerdheid van sy oorlogspoging was baie hoog. Aan die een kant kry kamp-inwoners vleis wat reeds ongeskik vir menslike gebruik was. Aan die ander kant roei Britse troepe vee op plase by die duisende uit sonder dat ooit daaraan gedink is om dit vir konsentrasiekampe te gebruik. Aan die een kant is vroue en kinders van vegtende burgers nie toegelaat om klere en beddegoed saam te neem na die kampe nie. Aan die ander kant is die blote minimum, indien enigiets, in die kampe aan hulle uitgereik. 'n Objektiewe buitestaander wat geen verbintenis met een van die twee oorlogvoerende partye gehad het nie, sou sekerlik die stelling kon maak dat dit duidelik was dat Brittanje die Afrikaner wou uitroei. Dít is die persepsie wat by die Grobbelaars en 'n groot groep Afrikaners posgevat het en nog so aanvaar word. Dit was die haat en veragting wat Brittanje deur sy optrede getoon het, wat deur die Afrikanerdenke in die algemeen en die Grobbelaar-denke in die besonder, op Brittanje teruggekaats is, en wat voortaan 'n integrale deel van hulle denke sou uitmaak.

Die rol wat die Vrystaatse NG Kerk gedurende die oorlog gespeel het, beide op die slagveld en in die kampe, het aan hom 'n sekere onaantasbare status in die Afrikaner-samelewing besorg. Die kerk het nie geskroom om die vegtende burgers en die kamp-inwoners geestelik by te staan nie. Ook in die Bethulie-gemeente moes die kerkraad op 30 Junie 1900, in die afwesigheid van die dienende ouderling, Peet Grobbelaar, byeenkom om die finansiële posisie van die gemeente te bespreek. Om gerat te kon wees vir die eise wat die oorlog aan die gemeente gestel het, het ds. Becker aangebied dat sy salaris met £50 besnoei word. Ook die ander kerklike amptenare het hulle offers van 'n vermindering van salaris gebring.[289]

Ná die besetting van Bethulie deur die Britse troepe, is ds. Becker verbied om in die distrik rond te reis en het hy hom op die plaaslike konsentrasiekamp toegespits. Hy het die kamp daagliks besoek en namens die vroue goedere in die dorp gekoop en in die kamp afgelewer. Hy moes ook daagliks die gestorwenes, wat tydens epidemies

---

[288] *Ibid.*, p. 195.
[289] KAV, Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergadering gehou op 30 Junie 1900.

tot 26 per dag gestyg het, begrawe. Hy moes ervaar hoe families van sy gemeente wegkwyn en uitsterf. Hy moes toesien hoe die boere se plase verniel en afgebrand word. In sy simpatieke gemoed het hy hom vereenselwig met die slagoffers van die oorlog.[290] 'n Kerkraadsvergadering is op 1 September 1900 gehou, waar vier ouderlinge en twee diakens teenwoordig was. Ouderling Peet Grobbelaar was toe reeds 'n krygsgevangene. Tog verskyn sy handtekening onder-aan die notule. Die verklaring hiervoor is dat die notule eers met die eersvolgende vergadering op 3 Januarie 1903 onderteken is, waar hy toe weer teenwoordig was.[291]

Dit wil voorkom of die Britse troepe tydens die oorlog geen skade aan die pastorie en kerkgebou aangerig het nie, moontlik omdat ds. Becker die Bethulie-dorp nie gedurende die oorlog verlaat het nie.[292] Die eerste kerkgebou van die gemeente, bekend as die Oude Kerk, is tydens die Britse besetting vanaf 14 Oktober 1900 as Britse hoofkwartier gebruik. Daar is op die kerkraadsvergadering van 3 Januarie 1903 besluit om skadevergoeding van die Britse regering te eis vir die skade wat gely is met die gebruik van die gebou vanaf 14 Oktober 1900 tot 31 Julie 1902. 'n Eis vir skadevergoeding en vir die huur van die gebou sou by die Repatriasieraad ingedien word. "Het gebouw was in goede orde toen de Militairen het in bezit namen. Nu echter, is het van binnen en buiten erg beschadigd."[293]

Die konsentrasiekamp het 'n belangrike rol in die kerklike lewe in Bethulie gespeel. Die kerklike werksaamhede in die kamp is op 'n georganiseerde basis verrig. Die kamp is in aparte wyke verdeel om geestelike bearbeiding te vergemakIik. Ouderlinge is in elke wyk aangestel om toesig te hou en te help met die geestelike bearbeiding. Eredienste is gereeld in die opelug en ook in 'n tent wat as kerkgebou gedien het, gehou. Die bearbeiding van die kamp het geweldige geestelike eise gestel aan die twee leraars, di. Becker en Lückhoff. Vanaf Mei 1901 tot Maart 1902 is byvoorbeeld 1 351 begrafnisse waargeneem,[294]

---

290 GA Van der Merwe, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 147.

291 KAV, Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergaderings gehou op 1 September 1900 en 3 Januarie 1903**.**

292 Van der Merwe, p. 148.

293 KAV, Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergaderings gehou op 1 September 1900 en 3 Januarie 1903**.**

294 Van der Merwe, pp. 148-149.

’n gemiddeld van vier begrafnisse per dag, sewe dae per week. Op 24 Oktober 1901 is ds. Luckhoff se tent tydens sy oggendbesoek aan die kamp kwaadwillig afgebreek en verwyder. Hy is haastig soontoe, “to find things lying in dire confusion, and unprotected [...] what an utter absence of the faintest traces of some respect and deference [...] in the act of making a fellow creature miserable [...] The indignity which I had suffered at the hands of the authorities.”[295] Die veeleisendheid van die werk het uiteindelik sy tol geëis en ds. Luckhoff het ernstig siek geword. Hy skryf in sy joernaal oor hierdie tyd: “During convalescence (but while mentally disturbed) I ran away to the Van As’s. [...] The whole issue of the war depended on me. [...] to the Beckers forthwith I fled [...] during these days [...] my chief pastime was to recite the Burial Service.” [296] Die indruk wat hierdie onbeskaafde en ongevoelige optrede teenoor hom op die kampgemeenskap gemaak het, het die gevoel van afsku wat reeds vir die Britse owerhede bestaan het, verder versterk.

## 17. DIE PRO-BOEREBEWEGING

Reg van die begin van die Britse soeke na oorlog om hulle oppermag weer in Suid-Afrika te vestig, was daar in Brittanje ook ’n anti-oorlogsparty aan die groei. Gedurende Oktober 1899 is 54 000 handtekeninge in Brittanje ingesamel vir ’n “National Memorial Against War in the ZAR”.[297] Die mees intense opwelling van imperialistiese emosie en sy jingoïstiese sentimente van die laat 19de eeu het ’n populêre reaksie laat ontstaan teen die oorlogsuitkyk en die regering wat dit gevoer het. Dit het die beleid en motiewe van imperiale staatsmanne bevraagteken en ’n wydverspreide reaksie tot gevolg gehad.[298] Die Britse openbare mening was reeds verdeeld. Aan die een kant was daar die oorlogsugtigheid van die publiek onder die bedwelmende invloed van Khartoem en Fashoda waar groot oorwinnings behaal is. Aan die ander kant was daar die morele verontwaardiging van ’n geartikuleerde minderheid wat reeds die afgrond vorentoe raakgesien het.[299]

---

[295] AD Luckhoff, *Woman’s endurance*, p. 67.
[296] *Ibid.*
[297] S Koss, *The pro-Boers,* pp. xv-xxxix
[298] *Ibid.,* pp. xv-xvi.
[299] *Ibid.,* p. xx.

Gedurende Junie 1901 het Henry Campbell-Bannerman, leier van die Britse Liberale Party, tydens ’n banket van die National Reform Union oor die Britse oorlogsbeleid gepraat en gevra: “What was that policy? That […] we should […] devastate their country [...] that we should sweep as the Spaniards did in Cuba [...] the women and children into camps in which they were destitute [...] and in some of which the death rate rose so high as 430 in 1000.” Na aanleiding van die aard van oorlog het hy gekom met die nou beroemde uitspraak: “It was carried on by methods of barbarism in South Africa.”[300] Dit was duidelik dat daar ’n weerstand teen die oorlogsbeleid van die Britse regering by die Britse publiek ontstaan het, ’n weerstand wat later ’n belangrike invloed op die vredesproses sou hê. Internasionale reaksie teen die oorlogsbeleid het vinnig toegeneem. So het ’n sekere mev. Langtrey op 14 April 1900 in die *Manchester Guardian* gekla oor die uitwerking wat die oorlog op die ontvangs van Britse akteurs in die VSA gehad het. “I was snubbed merely for being an Englishwoman.”[301] Britse offisiere op ’n taalkursus in Rusland is beveel om in burgerlike klere rond te beweeg. Dit het op sy beurt die Londense korrespondent van die *Manchester Guardian* op 3 September 1900 laat vra: “Is it because of the fear that the European unpopularity of Britain may create a situation which would be unpleasant to the officers?”[302]

Die *Manchester Guardian* van 15 Desember 1900 berig dat ’n sekere mnr. JM Robertson, pas terug van Suid-Afrika, op ’n vergadering in die Memorial Hall in Londen gesê het die oorlog “had alienated our loyal Dutch fellow subjects and was making absolutely impossible a peaceful and happy future for South Africa”. Op ’n tussenwerpsel uit die gehoor wat Kitchener ’n “butcher” genoem het, het Robertson gereageer dat: “The nation has set Lord Kitchener to do butcher’s work. It is not Lord Kitchener who is responsible; it is the nation that employs him.” Volgens ’n sekere mnr. J Page Hoppe: “The less we talk about religion or Chritianity – or Christmas – in this connection the better. It is shocking. It is too horrible to think about.” [303] Prof. Stephen Koss haal vir GK

[300] J Hobhouse-Balme, *To love one’s enemies: the work and life of Emily Hobhouse*, p. 221.
[301] Ogden, p. 109.
[302] *Ibid.*
[303] *Ibid.*, pp. 120-121.

Chesterton aan waar hy sê dat dit wat hy van die oorlog haat juis dít was waarvan verskeie mense gehou het: "It was such a very cheerful war. I hated its confidence, its congratulatory expectations [...] I hated its vile assurance of victory. It was regarded by many as an almost automatic process like the operation of a natural law; and I have always hated that sort of heathen notion of a natural law."[304]

In sy toespraak voor die National Reform Union op 14 Junie 1901 het sir Henry Campbell-Bannerman die Boere aangemoedig om uit te hou totdat die Liberale Party aan bewind kom.[305] Die moreel van die Britse magte in Suid-Afrika was teen Maart 1901 so laag dat Kitchener teenoor Milner die opmerking gemaak het dat "our soldiers can't be trusted not to surrender on the smallest provocation". Dan vervolg lord Milner dat hy op hoogte is met die gevoel in Brittanje "which is of increasing disgust at this business".[306] Hierdie gevoelens wat so maklik deur die briewe van soldate aan hulle geliefdes oorgedra is, moes vir die Britse regering baie hoofbrekens besorg het. Nie net kom die oorlogsbeleid as sodanig onder skoot nie, maar begin daar ook 'n negatiewe gesindheid teen die oorlog onder die Britse magte en die Britse publiek posvat.

Op 4 November 1901 het Chamberlain aan Milner geskryf dat die sterftesyfer in die konsentrasiekampe ongetwyfeld sterk gevoelens opwek by mense wat glad nie saam met die pro-Boer groep gereken kon word nie. Hy persoonlik het nog altyd die wysheid of nodigheid van die konsentrasie-beleid betwyfel.[307] Lord Milner reageer op 7 Desember 1901 daarop en sê: "The black spot [...] is the frightful mortality in the Concentration Camps [...] a hundred explanations [...] and [...] excuses [...] do not really amount to an adequate defence [...] The fact that it continues is no doubt a condemnation of the Camp system. The whole thing [...] has been a mistake".[308] Milner en Chamberlain ag dit nou wyslik om weg te staan van die toepassing van hierdie oorlogsbeleid, hoewel dit veral hulle was wat die oorlog veroorsaak het. In 'n brief aan Haldane op 8 Desember 1901

---

[304] Koss, p.xxiii.
[305] *Ibid.*, p. 214.
[306] Headlam 2, p. 214.
[307] Chamberlain – Milner, 4 November 1901, soos weergegee in Headlam 2, pp. 228-229.
[308] Milner – Chamberlain, 7 Desember 1901, soos weergegee in Headlam 2, pp. 229-230.

sê Milner: "I should never have touched the thing […] if […] I could have foreseen that the soldiers meant to sweep the whole population of the country […] into a couple of dozen camps".[309] Hierdie wegstaan van die beleid wat hulle self veroorsaak het deur hulle aanstigting vir oorlog en die verguising van die beeld van die Boer by die Britse publiek, het egter vir die Grobbelaar-familie in besonder en vir die meer as 27 000 slagoffers van die kampe niks gebaat nie. Hulle offers is ten duurste gebring.

## 18. DIE DAMESKOMITEE

Te midde van die groeiende verset teen die oorlog en die konsentrasiekampe het die Britse regering op 22 Julie 1901 in Londen aangekondig dat 'n komitee van dames aangestel is om die konsentrasiekampe te besoek en daar met plaaslike komitees saam te werk. Hierdie komitee is gelei deur mev. Millicent Fawcett, met dr. Jane Waterston as een van die lede. Die onpartydigheid van die komitee is in gedrang gebring deur 'n brief wat dr. Waterston op dieselfde dag aan die *Cape Times* geskryf het en waarin sy sê dat die histeriese gehuil van die publiek oor die kampe die gevolg mag hê dat "we might neglect or half starve our faithful soldiers […] as long as we fed and pampered people who have not even the grace to say thank you for the care bestowed on them".[310] Emily Hobhouse het skerp reageer op hierdie berig en Waterston daarop gewys dat ingevolge die Haagse Konvensie beide vegtendes en nie-vegtendes op menslike behandeling geregtig is.[311] Hoewel dr. Waterston en mev. Fawcett nie altyd onpartydig was nie, is die ironie dat beide van hulle Emily Hobhouse se aanbevelings onderskryf het, maar eers heelwat later.[312]

Die Fawcett-dameskomitee het in hulle verslag gesê dat die hoë sterftesyfer in die kampe aan drie oorsake toegeskryf kon word, naamlik die onhigiëniese toestand van die land wat deur oorlog teweeggebring is, oorsake binne die beheer van die inwoners van die kampe en oorsake binne die beheer van die kamp-administrasies. Wat die onhigiëniese toestand van die land betref, het die verslag 'n duidelike prentjie van die

---

309 Milner – Haldane, 8 Desember 1901, soos weergegee in Headlam 2, p. 230.
310 Hobhouse-Balme, p. 283.
311 *Ibid.*
312 Coetzer, p. 131.

besoedeling van die grond, lug en water in die gevegsgebiede geskilder, asook die negatiewe invloed daarvan op die produksie van lewensmiddele en die teel van vee.[313] Hierdie argumente kan hoegenaamd nie weerlê word nie, maar dan is dit belangrik om in gedagte te hou dat dit spesifiek deur die Britse oorlogsbeleid veroorsaak is, met as neweproduk die uitbreek van masels, longontsteking en maagkoors en die gepaardgaande dodesyfer tussen Julie en November 1901.

Die tweede groep oorsake wat die Fawcett-komitee uitgelig het, was die onhigiëniese gewoontes van die inwoners, met ander woorde by implikasie is gesê dat dit die inwoners self was wat mede-verantwoordelik vir die hoë sterftesyfer was. Die idee van die gebrek aan persoonlike higiëne is ook deur lord Kitchener en mediese offisiere wat kennis van die kampe gehad het, gehuldig.[314] Mnr. AG Hales, spesiale oorlogsverslaggewer vir die *Daily News*, berig in Junie 1900 dat waar hy ook al in Suid-Afrika gereis het, hy nooit die geleentheid laat verbygaan het om na die huislike lewe van die mense te kyk nie. “I want to place it on record that […] the Boer farmer is as clean […], as loving […], as pure in his morals as any class of people I have ever met. […] I have failed to find trace of [filth] I have arrived at the conclusion that the Boer farmer, and his son and daughter, will compare favourably with the farming folk of Australia, America and Great Britain.”[315]

Die higiëne wat hier spesifiek ter sprake is, is die soort wat met skoon water, voldoende seep en behoorlike toiletfasiliteite in stand gehou word. Die feit van die saak is dat die naasbestaandes van vegtende burgers nie toegelaat is om enigiets anders as die klere aan hulle lyf en die mees basiese beddegoed na die kampe saam te neem nie. Oorvloedige getuienis bestaan dat seep nie in die benodigde hoeveelheid aan hulle uitgereik is nie. Die Bethulie-kamp het bewys dat die water wat die Britse owerhede tot beskikking van die kamp gestel het, absoluut ongeskik vir menslike gebruik was, waarmee onder geen omstandighede ’n hoë standaard van higiëne gehandhaaf kon word nie. Waar vroue nog probeer het om vars water te bekom, is die water op hardvogtige wyse uitgegooi. Die

---

[313] Spies, p. 267.
[314] *Ibid.*
[315] Ogden, p. 138.

toiletfasiliteite het bestaan uit vore met boomstompe daaroor, met geen voorsiening vir ontsmetting nie. In beide Bethulie en Springfontein is die tente oorbevolk, nie uit die keuse van die gedwonge inwoners nie, maar die keuse van die kamp-administrasie.

Persoonlike higiëne het ook alles te doen gehad met behoorlike rantsoene wat nie maag- en ingewandskoors tot gevolg sou gehad het nie. Die negatiewe uitwerking van hierdie siektes op persoonlike higiëne is onbetwisbaar. Nie een van die inwoners was hiervoor verantwoordelik nie, slegs die kamp-administrasie. Die inwoners het immers nie die keuse van rantsoene gehad nie. Bettie Smith, dogter van Peet Grobbelaar, se beskrywing van die ervaring van die Grobbelaars van Meyerskraal in die Springfontein-kamp, asook di. Becker en Luckhoff se ervarings in die Bethulie-kamp, is hier ter sake. Spies gaan ook van die standpunt uit dat selfs gewoontes, onkundigheid, bygeloof en gelowe en weiering om in die hospitaal opgeneem te word, nie kan verklaar hoekom die sterftesyfer in sommige kampe soveel laer as in Bethulie en Springfontein was nie. Dit verklaar ook nie die merkbare daling in die sterftesyfer gedurende die laaste maande van die oorlog nie.[316]

Die Fawcett-komitee het ook sekere oorsake waarvoor die kamp-administrasie verantwoordelik was, genoem. Dit het hoofsaaklik gegaan oor die wyse waarop die kampe georganiseer en beheer is. Geen voorsiening is gemaak vir ’n verskil in behandeling tussen vroue en kinders aan die een kant en soldate aan die ander kant nie. Kampterreine is nie met die nodige omsigtigheid uitgesoek nie. Daar was ook ’n neiging by sommige kamp-amptenare om standaarde van orde, ordentlikheid en higiëne te laat verslap, eerder as om te sorg dat dit nougeset toegepas word. Meer sorg moes aan die dag gelê gewees het om vars vleis, lemmetjiesap en groente te bekom en by die dieet van inwoners te voeg.[317]

Die opset getuig van ’n gebrek aan koördinasie tussen die verskillende betrokke Britse departemente. Kan daar byvoorbeeld een goeie rede aangevoer word hoekom die vee wat op die plase voor die voet uitgeroei is, nie tot die beskikking van die kamp-owerhede gestel is nie? Wat van genoegsame mediese personeel

---

[316] Spies, pp. 267-268.
[317] *Ibid.*, pp. 268-269.

om die epidemies van verskillende tipes siektes te hanteer? Nie lord Roberts, die skepper van die stelsel, of lord Kitchener het enigsins die leiding geneem met enige hervormings van enige aard nie. Wat vas bly staan, is dat meer as 27 000 inwoners van konsentrasiekampe onder Britse verantwoordelikheid gesterf het op plekke wat deur die Britte uitgesoek is en waarheen hulle meesal teen hulle wil gedwing is.[318] Dit is die verskrikking van oorlog.

Dit staan soos 'n paal bo water dat by die beplanning van hierdie berugte stelsel beide Roberts en Kitchener deeglik bewus was van die geweldige sterftesyfer in die Kubaanse rekonsentrasiekampe, die stelsel wat hulle as geskik vir die Anglo-Boereoorlog oorgeneem en nageaap het. Indien die stelsel nie as 'n onmenslike dwangmaatreël beoog en ontwerp is nie, moes hulle in elk geval kennis geneem het van die steeds stygende sterftesyfer in die kampe en die nodige hervormings laat aanbring het. Daar was geen optrede hoegenaamd ter hervorming van die onmenslike stelsel nie. Hervormings van enige aard het hulle oorsprong in Londen gehad as gevolg van die politieke druk van die pro-Boeregroep wat op die verslae van Emily Hobhouse gegrond is. Aan die ander kant was daar ook die bewuswording van die Britse regering dat hy as gevolg van die oorlog besig was om teen 'n geweldige tempo steun onder die Britse kieserspubliek te verloor.

Die Haagse Konvensie verwys nie spesifiek na konsentrasiekampe nie. Die stelsel van konsentrasiekampe van Roberts en Kitchener kan egter gesien word as 'n oortreding van die gees van die Konvensie en meer spesifiek van Artikel 46 wat lui dat "Family honours and rights, individual lives and private property [...] must be respected".[319] Aan die positiewe kant het die werksaamhede van die Fawcett-vrouekomitee wel belangrike hervormings tot gevolg gehad en het omstandighede in die kampe aanmerklik verbeter. In die amptelike verslag is dit duidelik dat die komitee tog deur die kamp-owerhede mislei is. So word in paragraaf 11 onder die opskrif "Hospital Accommodation" die stelling gemaak dat as gevolg van die runderpes, koeimelk nie in die distrik beskikbaar was nie.[320] Die runderpes was met die oorlog reeds as epidemie verby en kon nie

[318] *Ibid.*, p. 268.
[319] Hobhouse, *The brunt of the war*, p. xiii.
[320] *Concentration camps commission, 1902, Report on the concentration camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War, containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony and the Transvaal* (Cd. 893), p. 60.

werklik verantwoordelik gehou word vir die stand van sake met betrekking tot vars melk nie. Die waarheid is dat die Britse magte alle vee uitgeroei of weggevoer het en sodoende ’n tekort geskep het deur die isolasionistiese wyse waarop die verskillende Britse staatsdepartemente betrokke by die oorlog hulle onderskeie beleidsrigtings toegepas het.

Die Vrouekomitee maak in paragraaf 19 melding van die ouderdomsgroepe van die oorledenes in die Bethulie-kamp. Daar word die getal sterftes as 328 aangedui.[321] Die tydperk wat deur die gevalle gedek is, is nie duidelik nie, want volgens die tabel hierbo was die dodesyfer aan die einde van September reeds 458, bereken vanaf Mei tot einde September 1901. Dit is moontlik dat die opgaaf vir September, soos deur die komitee aangetoon, slegs die sterfgevalle tot en met hul besoek op 7 September 1901 aangetoon het. Dit beteken dat vir die eerste sewe dae gemiddeld tien persone per dag gesterf het.

Onder “General Remarks” is genoem dat “There was a general outcry […] about the poor quality of the meat supply up to the 7th September”.[322] Dit is duidelik dat die komitee glad nie die vleis wat uitgedeel is, gesien het nie en nie ’n werklike begrip vir die situasie openbaar het nie. Susara Roos, wat hierbo dikwels aangehaal is, se moeder was volgens die komitee “one of the most clamorous against the bad quality of the meat ration”. Toe sy ’n stukkie van die swak vleis, wat reeds biltong was, aan die komitee gewys het, was die reaksie: “It was represented to her that if […] she had made it at once into broth or stew she would have shown more practical capacity for making the best of things. The members of Mrs. Roos’ family were receiving wages for work done in camp […] so that she could easily have supplemented her rations if she had been so disposed.”[323]

Kommentaar op hierdie uitsprake is sekerlik nie nodig nie. Dit bevestig net die siening van ’n gebrek aan empatie by die Britse owerhede. Die werksaamhede van hierdie komitee moet dus nie in die eerste plek as ’n poging tot menslikheid geklassifiseer word nie. Dit was hoogstens ’n poging van die Britse regering tot

[321] *Ibid.*, pp. 60, 62.
[322] *Ibid.*, p. 61.
[323] *Ibid.*

skadebeperking weens die openbare protes wat besig was om sy steun onder die Britse kieserspubliek te erodeer. Verbeterings wat daarna ingetree het, was dus nie altruïsties nie, maar eerder opportunisties om politieke verleentheid in Brittanje te probeer beperk. Die regering kon nou immers bewys dat hy iets aan die situasie gedoen het om dit te beredder.

Die administrateur van die Norvalspont-kamp, mnr. Cole Bowen, is na die Bethulie-kamp gestuur om die uiters swak omstandighede te ondersoek en die kamp te reorganiseer. Susara Roos skryf in haar dagboek dat hy ’n man was wat dadelik van die pobleme aangespreek het. Hy het die kamp laat opbreek en die tente netjies in groot blokke laat opslaan. Hy het ook die water en die kos verbeter en ’n groot sinkhospitaal gebou. Die sterftesyfer het onmiddellik begin afneem. Op ’n dag is ’n besending lemoene, vermoedelik uit die Kaapkolonie, ontvang. Daar is toe vir elke pasiënt een lemoen uitgedeel. “Was hulle nie bly nie, ek het in my hart gewens die ‘Gever’ moes die blydskap sien.”[324] Dit is bitter ironies dat so ’n groot lewensverlies nodig was om die Britse owerhede, onder druk van die parlementêre opposisie, te dwing om die basiese norme van ordentlikheid toe te pas.

## 19. DIE VREDE VAN VEREENIGING

Die Britse oorlogspoging was van meet af aan ingestel op ’n onvoorwaardelike oorgawe van die Boere. Lord Milner het daaroor baie sterk gevoel en gesê dat hy nog altyd gevoel het dat enigiets minder as ’n onvoorwaardelik oorgawe baie gevaarlik sal wees en tot verdere probleme sou lei.[325] Lord Kitchener se reuse oorlogspoging teen die einde van 1901 is begin met die doel om dele van die Vrystaat en ZAR skoon te vee van weerbare burgers, oeste en lewende hawe. Die hoofdoel was om die Vrystaatse regering en genl. De Wet gevange te neem en daarmee die verset in die Vrystaat in duie te laat stort. Hierdie grootse poging het misluk en Kitchener se beeld as militêre strateeg verder geknou, iets wat hom baie gefrustreer het. [326]

[324] Roos, p. 11
[325] Headlam 2, p. 328.
[326] Van Schoor, p. 134.

Ingryping op internasionale en diplomatieke vlak het op dié tydstip ’n wending aan die verloop van sake meegebring. Die hewige kritiek teen die Britse oorlogsbeleid en die sukses van die pro-Boere se veldtog het uiteindelik daartoe gelei dat die harde werklikheid die Britse regering gedwing het om met die Boere in gesprek te tree. Met die oortuiging dat die republieke nie meer enige hoop het om hulle onafhanklikheid te behou nie, het die Britse regering dit nie nodig geag om op onvoorwaardelike oorgawe aan te dring nie en kon vredesvoorwaardes oorweeg word. Tog was lord Salisbury as premier daarteen gekant dat dit daartoe moes lei dat onversoenlike Boereleiers die hef in die hande kry. Uiteindelik moes hy tog noodgedwonge met die onversetlike leiers onderhandelinge aanknoop.[327] Lord Kitchener was intussen besig om sekere toegewings wat hy gevoel het wel aan die Boere gemaak kon word, te oorweeg. Teen die einde van Maart 1902 het hy aan die Britse regering voorgestel dat die Boere selfregering binne twee tot drie jaar beloof moes word, indien hulle hul goed gedra. Ander dele van die Britse Ryk, soos Australië en Natal, het egter daarop gestaan dat enige toegewings eers moes volg na ’n onvoorwaardelike oorgawe, want die Boere moes besef dat hulle in die veld verslaan is. Lord Milner was egter nie ontvanklik vir die toegewings wat Kitchener gereed was om te maak nie.[328] Dit is ironies dat Kitchener, die militaris, en iemand voor wie se deur die meeste van die probleme ten opsigte van die konsentrasiekampe gelê word, meer toegeeflik en tegemoetkomend as Milner was; waar ’n mens eintlik sou verwag dat ’n politikus meer diplomaties sou wees.

Teen April 1902 het beide die Boere en die Britse regering nie langer in ’n situasie verkeer waar hulle die aard van vredesonderhandelinge eensydig kon dikteer nie. Dit moes met onderhandelinge beslis word. Hierdie onderhandelinge het uitgeloop op die Vrede van Vereeniging. Die amptelik afgevaardigde verteenwoordigers van die Boeremagte nog in die veld het op 31 Mei 1902 met 54 stemme teenoor ses besluit om die Britse voorwaardes vir oorgawe te aanvaar. Die hoofredes waarom besluit is om oor te gee, was onder meer die afname in die getal Boerekrygers in die veld; hul gebrek aan perde, wapens en ammunisie, die oorweldigende Britse gevegsmag en hulpbronne; die feit dat Europese

---

[327] *Ibid.*, p. 136.
[328] Headlam 2, p. 329.

moondhede nie bereid was om in die Boere se belang in te gryp nie, asook die toenemende getal swart en bruin mense wat aan Britse kant diens gedoen het; en die lot van die Boerevrouens en -kinders in die konsentrasiekampe.[329]

Die verlies van hulle republikeinse onafhanklikheid het die meeste bittereinders, krygsgevangenes en hul gesinne verslae gelaat.[330] Bettie Smith, dogter van Peet Grobbelaar, skryf in haar herinneringe: "Maar ag ek sal nooit die teleurstelling vergeet nie, toe ons hoor ons onafhanklikheid, het ons verloor nie [...] naderhand het mevr Henkie van der Merwe die Vrystaatse vierkleur opgesteek […] My vader wou in Ceylon ook nie glo dat ons Vryheid verloor is nie, so wou hy nie die deklarasie van getrouheid aan die koning daar teken nie, ons moes hom eers die versekering gee."[331] Susara Roos skryf in haar dagboek dat daar baie gerugte oor vrede in die Bethulie-kamp rondgegaan het. Dan sê sy: "Maar vandag is dit die waarheid. [In] Bethulie […] hang die Union Jack. Hoe seer voel ons harte om na al die stryd en lyding die vlag te sien."[332] Met verloop van tyd het die meeste Afrikaners die afloop van die vredesonderhandelinge aanvaar, omdat daar dwingende materiële behoeftes was waaraan dringend aandag geskenk moes word.[333]

## 20. DIE GROBBELAARS GAAN HUIS TOE

Daar kan aanvaar word dat Pieter Grobbelaar teen Julie 1902 uit die Simonstad-kamp vrygelaat is. Die treinreis terug na die Vrystaat moes vir hom baie traumaties gewees het by die gedagte van wat hom op Bethulie ingewag het – sy moederlose kinders en die afgebrande plaas. Hy het 'n tuishuis op die dorp gehad en kon dus onmiddellik na sy terugkoms die kinders uit die kamp gaan haal en in die tuishuis gaan woon totdat hy gereed was om terug te gaan plaas toe. Dit was ongeveer dieselfde tyd toe 'n sekere weduwee, Lenie Badenhorst, haar ook in Bethulie bevind het nadat sy en haar twee kinders uit die kamp gekom het. Sy het 'n kontrak met Pieter aangegaan om sy tuishuis as 'n losieshuis te bedryf. Hierdie huurkontrak is in 1903 verander in 'n huwelikskontrak toe Pieter in sy

[329] Kestell en Van Velden, pp. 209-11; Wessels, p. 8.
[330] Wessels, p. 8.
[331] Smith, p. 38.
[332] Roos, p. 13.
[333] Wessels, p. 8.

derde huwelik met die weduwee Badenhorst in die huwelik getree het. Uiteindelik is die gesin plaas toe, waar Pieter met hartseer die versteekte meubels onbeskadig in die buitekamer gevind het, net soos Hester dit daar gelos het. Hy het onmiddellik begin om die huis weer bewoonbaar te maak. Oorgeblewe en halfgebrande dakbalke is weer gebruik en kon nog teen 1950 op die voorstoep gesien word.[334]

Op 16 November 1902 het die oorblywende kinders van Peet Grobbelaar hom op Springfontein-stasie gaan ontmoet, terwyl hulle moeder in die tent gewag het. Daarna het hulle alles in orde begin kry om terug te gaan plaas toe. Op 24 November maak die gesin klaar en vertrek na Bethulie, waar hulle in hulle tuishuis gebly het tot 2 Desember 1902 toe hulle weer "op die geliefde boereplaas gekom het". Daar het hulle weer 'n maand lank in die ou stoor gebly, totdat die huis weer bewoonbaar was. Bettie eindig met die woorde: "So het ons weer met moed die lewe aangeslaan, alhoewel ons skraps was, was dit tog 'n gelukkige vrye lewe, dit was net vreeslik roerings in die gemoedere van ouers en kinders, om te denk aan die 2 wat agter in die kampkerkhof gebly het."[335]

Attie Grobbelaar van Groot Marsfontein, sy vrou en seuntjie het nie teruggekom nie. Sy oudste seun, Attie, 'n bittereinder, het die voogskap oor sy jonger broers en susters gekry en hulle uit die Springfontein-kamp gaan haal huis toe. Ook hy moes weer die opstal bewoonbaar maak. Kotie, die jongste broer van Pieter, het weer teruggegaan plaas toe en moes van voor af begin. Waar hy slegs materiële skade gely het met 'n afgebrande huis en verwoeste plaas, het sy twee broers en neef ook nog die bykomende geestelike skade van ouers en kinders wat in die kampkerkhowe en in die oseaan agtergelaat is, gehad.

Vir baie burgers was die terugkoms uiteraard traumaties. By hulle aankoms by die konsentrasiekampe moes hulle vind dat hulle families uitgewis is. Hierdie emosionele tonele het gesindhede geskep wat vir geslagte lank 'n invloed op die denke van die Afrikaner gehad het. So was daar die geval van vier broers Delport wat saam by die kamp aangekom het om met hulle eggenotes en kinders verenig te word – net om te vind dat geeneen van hulle oorleef het nie. 'n Jong seun wat

334 Persoonlike herinneringe Paul Grobbelaar.
335 Smith, p. 39.

te perd gekom het en na sy moeder se tent gevra het, is meegedeel dat sy moeder en al sy broers en susters oorlede is. “He just clung to his horse’s neck and wept bitterly.”[336] Die rouheid van die onbeteuelde hartseer en verdriet van hierdie emosionele gebeure en die waarneming daarvan deur omstanders het aan die gesindhede van die komende geslagte beslag gegee, want die Grobbelaars en al die ander vroue in die kampe het dit later aan hulle mans oorgedra by hulle terugkeer. Dit het tot gevolg gehad dat Brittanje wel die twee republieke oorwin het, maar hom ’n erfenis van haat en veragting op die hals gehaal het wat hom ook die goeie gesindheid van die komende geslagte gekos het.

## 21. GEVOLGTREKKINGS

Die Anglo-Boereoorlog was vir die Afrikaner ’n geweldige worstelstryd wat gepaard gegaan het met die ergste graad van lyding, ook van “die onskuldigstes, die ou afgeleefdes, vaders en moeders en moeders van elke leeftyd en kinders wat die swaarste gely het”.[337] Hierdie uitlating van ds. HCJ Becker vat in enkele woorde die ervaring van die Vrystaters en die Grobbelaar-familie van Bethulie saam. Feitlik elke huisgesin of familie is deur een of ander vorm van lyding geraak. Die gevolge daarvan sou die verloop van die geskiedenis van Suid-Afrika in die 20ste eeu drasties beïnvloed. Tereg sê André Wessels dat, om “die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika in die loop van die twintigste eeu te begryp, is kennis van en insig in die aanloop tot, verloop en gevolge van die Anglo-Boereoorlog noodsaaklik”.[338] Dawn Gould, biograaf van lord De Villiers, bevestig hierdie siening en sê dat die Anglo-Boereoorlog’n nalatenskap gehad het wat Suid-Afrika oor die hele 20ste eeu bygebly het.[339]

Gedurende die oorlog het Brittanje 448 000 man teen die Boere in die veld gestoot, teenoor slegs 88 000 aan die Boerekant – vreemde buitelandse vrywilligers en Kaapse rebelle ingesluit.[340] Dit het die grootste, duurste, bloedigste en vernederendste oorlog geword wat die die Britse Ryk tussen 1815 en 1914 gevoer het.[341] Hoewel Brittanje die Vrystaat deur middel van ’n

---

[336] Hobhouse, *War without glamour*, p. 99.
[337] Becker, p. 5.
[338] Wessels, pp. 1-2.
[339] Gould, p. 198.
[340] Warwick, p. 3.
[341] Gould, p. 198.

proklamasie geannekseer het, het hy in werklikheid nog nie die grondgebied effektief beset nie. Die Britse magte kon nooit die guerrilla-oorlogvoering van die Boere suksesvol bekamp nie. Dít het die Britse mannekragreserwes sodanig onder spanning geplaas, dat hulle hul toevlug geneem het tot ’n oorlog teen die burgerlike bevolking. Deur genl. Weyler se metodes in Kuba oor te neem en toe te pas, is groot dele van die land verwoes en ’n hoë sterftesyfer in die konsentrasiekampe meegebring wat regstreeks in stryd met die bepalings van die Haagse Konvensie was.

In ’n poging om hul mannekragprobleem te oorkom, het Brittanje gebruik gemaak van wapen-neerlêers wat weer bewapen is en in Britse diens getree het. Hierbenewens is swartes aan Britse kant bewapen, waardeur die aanvanklike “ooreenkoms” om nie swartes te bewapen nie, verbreek is. Die wyse waarop swart en bruin lede van die Britse leër teen vroue en kinders oorlog gevoer het, hulle gruweldade en die brutaliteit waarmee dit gepaardgegaan het, het ’n onuitwisbare negatiewe indruk op die lydende bevolking gemaak en daardeur die toneel voorberei vir die 20ste eeuse rassepolitiek in Suid-Afrika. Die gesindhede wat uit hierdie indrukke voortgevloei het en wat ewe sterk ook by die Grobbelaars waargeneem kon word, was dat dit nooit weer moes gebeur dat swart en bruin oor die toekoms van die Afrikaner beslis nie.

Die wandade wat teenoor vroue en kinders op die plase gepleeg is, het haat en afsku tot gevolg gehad wat die Afrikaner in sy diepste wese aangetas het. Dit het ’n opvatting laat posvat dat die Britse leër teen onskuldige vroue en dogters oorlog gevoer het omdat hulle nie die mans kon baasraak nie. Die ervaring van vroue en kinders op plase en in konsentrasiekampe was een van totale verontmensliking. Daarom kan André Wessels tereg die stelling maak dat die impak van die konsentrasiekampe waarskynlik uittroon bo al die ander gevolge van die oorlog. Anders as die afgebrande plaashuise wat weer opgebou kon word, kon diegene wat in die kampe gesterf het immers nie weer uit die dood opgewek word nie.[342]

Die vroue en dogters is nooit werklik toegelaat om die gevolge van verkragting, mishandeling en brutaliteit uit hulle gemoed te kry nie, omdat hierdie gebeure ter

[342] Wessels, p. 2.

wille van versoening in die doofpot geplaas is en die Havenga-versameling tussen 1902 en 1994 ontoeganklik vir die publiek was. Die veragting wat hulle as gevolg van verontmensliking aangevoel het, het dus die nageslagte daadwerklik bygebly. Voorbeelde van hierdie veragting is onder meer die vlak van mediese sorg en die uiters swak rantsoene wat ’n hoë voorkoms van sterfgevalle tot gevolg gehad het, gevolg deur die vernederendste vorm van begrafnisse met lyke in kakiekomberse toegedraai. Dít, meer as enigiets anders, het bitterheid en haat tot gevolg gehad. Emily Hobhouse het wel tydens en na afloop van die Anglo-Boereoorlog die wêreld se eerste (informele) “waarheids- en versoenings-kommissie” van stapel gestuur met haar boek *The brunt of the war and where it fell*.[343] Ongelukkig het haar werk in hierdie verband nooit sanksie op staatsvlak ontvang sodat dit opgevolg en uitgebrei kon word nie.

Die uitwerking wat die oorlog op die nageslag gehad het, blyk onder meer uit ’n gesprek in 1989 toe Owen Coetzer, skrywer van *Fire in the sky*, gesels het met mnr. Pieter Coetzee van Vredefort. Coetzee, toe reeds ouer as 70 jaar, en gebore ná die oorlog, het oor die “Tommies” gepraat asof dit vir hom ’n werklikheid van gister was. Daarop meld Coetzer dat baie Afrikaanssprekendes in die Vrystaat steeds so oor die “Tommies” praat, want die oorlog was lewendig onder die mense.[344] Dít is ook die geval met die Grobbelaars van die Bethulie-omgewing, die nasate van Jan Adriaan Grobbelaar van Cyferfontein, Bethulie. Hulle het nog nie die oorlog vergeet nie; daarvoor was die lyding en die uitwerking wat dit gehad het, te ingrypend.

---

[343] *Ibid.*, p. 12.
[344] Coetzer, p. 112.

# HOOFSTUK 4

# DIE GROBBELAAR-FAMILIE, 1902 – 1924: HERWINNING VAN SELFRESPEK

## 1. INLEIDING

Die Anglo-Boereoorlog het traumaties vir die Grobbelaar-familie geëindig. Verskeie familielede het nie teruggekeer nie en hulle grafte het wyd verspreid gelê. Terwyl Pieter Grobbelaar in die krygsgevangenekamp te Simonstad aangehou is, is sy broers Peet en Kotie, saam met sy seuns Adriaan, Jan, Willem en Piet, asook sy susterskind, Apie Griesel, op Ceylon aangehou.[1] Hulle plase was, soos die res van die Vrystaat, verwoes en verlate, die werklikheid treffend geskilder deur Jan FE Celliers in sy gedig:

"Dis die blond, dis die blou:
dis die veld, dis die lug:
en ’n voël draai bowe in eensame vlug –
dis al.
Dis ’n balling gekom oor die oseaan.
Dis ’n graf in die gras,
Dis ’n vallende traan –
dis al."[2]

Na raming is 30 000 plase afgebrand en het die totale koste van die oorlog vir die twee gewese republieke £70-£80 miljoen beloop. “The devastation of house and home, the wholesale destruction of property, the absolute clearing away of stock will have to be paid for in cash, in racial estrangement, and in sullen acquiescence in our rule."[3] Ook Milner moes erken: “The place is a total wreck."[4] Na die oorlog het depressie en die ernstigste droogte in vyftig jaar gevolg.[5]

---

1 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertelling van mev. Lenie Grobbelaar, 1947.

2 Paul Grobbelaar-versameling: Geraamde gravure van teruggekeerde gevangene wat by graf in gras staan, met die gediggie daaronder)

3 JR MacDonald, *What I saw in South Africa*, pp. 47-48.

4 E du Plessis, *’n Volk staan op: die Ekonomiese Volkskongres en daarna*, pp. 15-16.

5 *Ibid.*, p. 17.

Die oorlog het die Vrystaatse Afrikaners in drie groepe verdeel: die Bittereinders, wat lojaal tot die einde geveg het; die Hensoppers, wat die saak van die republieke in die steek gelaat het, en die Joiners, wat in Britse uniform teen hulle eie mense geveg het. Elke groep het na die vredesluiting spesifieke verwagtings gekoester. Die hatige interaksie tussen hulle het die eerste jare na die oorlog in eie geledere oorheers.[6] Die Afrikanergeledere sou egter gou weer sluit in ’n nuwe eenheid van weerstand teen die Britse bewind. Boereleiers sou weer binne vier jaar na afloop van die oorlog aan bewind geplaas word met ’n na binne gerigte politiek, ingestel op die herstel en ekonomiese opheffing van die Afrikaner. Die gevolg was dat die belangrike vraagstuk oor die regte van die swart en bruin bevolking geïgnoreer is. Die ekonomiese herstel van die familie, asook van die Afrikaner in die algemeen, tussen 1902-1907, moet gesien word teen die agtergrond van hierdie versuim, asook die ekonomiese en politieke ideale van die veroweraar. Die Afrikaner het gevoel dat hy homself moes kon handhaaf teen 'n bepaalde en beplande ekonomiese en politieke situasie.[7]

Die drang na groter staatkundige eenheid wat ontstaan het, het uitgeloop op die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910. Die nuwe Unieregering is ook deur dieselfde Boereleiers oorheers, maar verdeeldheid het gou ingetree op grond van twee uiteenlopende denkrigtings wat nou ontstaan het, eerstens die idee van Suid-Afrika eerste, en tweedens, inbinding in die Britse Ryk. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 volg ’n rebellie teen inbinding in die Britse Ryk, skaars twaalf jaar na ’n oorlog wat die Afrikaner as uiters vernederend ervaar het. Gevolglik laat gebeure soos die tereggestelling van Jopie Fourie die gety draai teen gewaande Britse belange en verloor die inbindingsidee groot steun onder die Afrikaner. Hierdie weerstand lei tot ’n volksbeweging wat in die vorm van die Nasionale Party sy plek op die politieke toneel ingeneem het. Die mynwerkerstaking van 1922 lei tot ’n ooreenkoms of pakt tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty met die oog op die parlementêre verkiesing van 1924. Die uitslag van die verkiesing het die Nasionale Party en die Arbeiders aan bewind geplaas. Daarmee het die idee van Suid-Afrika eerste geseëvier en is slaafse onderhorigheid aan die Britse Ryk beëindig, ’n

---

6 AH Marais, *Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1912,* p. 1.

7 APJ van Rensburg, *Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie 1902-1907,* p. vii.

werklikheid wat Brittanje die Afrikaner nie maklik sou vergewe nie.

## 2. DIE GROBBELAARS EN DIE PROGRAM VAN HEROPBOU EN REPATRIASIE

Toe die Britse administrasie na afloop van die Anglo-Boereoorlog begin met ’n program van heropbou en repatriasie, het daar vir die Grobbelaar-familie en hulle mede-Afrikaners groot werk voorgelê. Met hulle plase wat in rook opgegaan het, hulle veestapels wat vernietig is, hulle vroue en kinders wat by die duisende gesterf het en hulle politieke ideale wat vernietig is, het hulle die bitterheid van ’n uiters vernederende nederlaag gesmaak.[8] “Maar die burgers [...] nie bekoor deur jou Imperialistiese denkbeelde nie; […] nie trots op jou Ryk nie [en] jou vlag [’n ] simbool van hul onwillige knegskap. […] wag. Hulle glo in God en in hul eie volk.”[9] Teen hierdie agtergrond moes die gevangenes van die Grobbelaar-familie terugkeer en hulle voete vind in die atmosfeer van vernietiging. Pieter het sy vrou verloor, Attie en sy vrou is beide in gevangenskap oorlede, Peet het twee dogters aan die dood afgegee. Slegs Kotie het geen gesinslede in die oorlog verloor nie.

Op 12 Junie 1902 is bepaal dat kamp-inwoners die kampe kon verlaat sodra die plaaslike Repatriasiekommissies funksioneer en hulle die Eed van Getrouheid afgelê het.[10] Aangesien die krygsgevange Grobbelaars nog moes terugkeer van die onderskeie kampe waar hulle aangehou is, moes die oorblywendes van hulle gesinne wag tot hulle terugkeer voordat hulle na die plase kon vertrek.[11] Die terugkerende krygsgevangenes van oorsee is daarop deur die kampe in Simonstad en Durban gekanaliseer. Indien selfversorgend, kon hulle by hul aankoms by die kampe waar hulle families hulle bevind het, onmiddellik die kamp verlaat met hulle afhanklikes. Indien nie in staat om hulleself te versorg nie, moes hulle in die kamp aanbly.[12]

Op daardie stadium het daar groot verdeeldheid in Afrikanergeledere geheers as

[8] DW Kruger, *The age of the generals: a short political history of the Union of South Africa 1910-1948*, p. 25.
[9] JR MacDonald, *Wat ek in Suid-Afrika gesien het September en Oktober 1902*, p. 33.
[10] Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), GRD5 46/02: Voorgestelde instruksie aan superintendente, 12 Junie 1902.
[11] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Lenie Grobbelaar.
[12] VAB, GRD5 A/171/02: Luitenant-goewerneur – Hoë Kommissaris, 2.7.1902.

gevolg van die ontrouheid van ’n gedeelte van die Vrystaatse bevolking gedurende die oorlog. Dit het duidelik geblyk uit ’n toespraak van genl. CR de Wet na die vredesluiting by die Kroonstadse konsentrasiekamp, waar hy die afvalliges as moordenaars van hulle eie volk bestempel en gesê het hy sou hom nie verwerdig om hulle te groet nie.[13] Die skeiding was so werklik dat baie Bittereinders wit knopies gedra het om hulle van die afvalliges te onderskei.[14] Die onenigheid het ook op kerklike gebied neerslag gevind. Die sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat het besef dat hy alles in sy vermoë sou moes doen om vrede en versoening te bewerkstellig, aangesien die kerk na die oorlog die enigste organisasie was wat vir die Afrikaner behoue gebly het. Dít het ’n baie nou band tussen kerk en volk laat ontstaan.[15]

Die verdeeldheid het soms ook binne gesinsverband bestaan. Die Griesels van Springbokfontein was heel moontlik so ’n gesin. Volledige rekords van die Griesel-kant van die familie bestaan nie meer nie. Uit twee gesinsfoto's uit daardie jare is dit duidelik dat groot spanning na die oorlog in hulle geledere geheers het. Op die eerste foto is een van die manlike gesinslede met ’n pen doodgekrap, terwyl op die tweede foto ’n deel van die foto waarop waarskynlik dieselfde persoon verskyn het, afgesny is. Afgelei van die waarskynlike ouderdom van Apie Griesel op beide foto's moes dit pas na die oorlog geneem gewees het. Die enigste logiese gevolgtrekking op grond van hierdie skamele getuienis is dat die persoon wat uitgesny en doodgekrap is, moontlik gedurende die oorlog een of ander verbintenis met die Britse magte gehad het en een van sy broers moes gewees het.[16]

Die Grobbelaar-familie het hard kennisgemaak met lord Milner se berugte beleid om alles wat vir die Afrikaner heilig was met wortel en tak uit te roei.[17] Dit het getoon dat daar ’n onvermoë by die Britse owerheid bestaan het om die politieke gevolge van sy militêre beleid en die administratiewe eise wat vrede sou stel, te voorsien.[18] Die wyse waarop die terugkerendes meteens gedwing was om met Milner

---

13 AM Grundlingh, *Die “Hendsoppers” en “Joiners”: die rasionaal van verraad,* p. 309.
14 *Ibid.*, p. 311.
15 *Ibid.*, pp. 314-317.
16 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling, Twee familiefoto’s .
17 CM van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog,* p. 185; O. Pirow, *James Barry Munnik Hertzog,* p. 43.
18 MacDonald, *Suid-Afrika*, p. 102.

se verengelsingsbeleid kennis te maak, bewys dit.[19] Die staatsdiens is beman deur Engelssprekendes wat nie Afrikaans magtig was nie en ook onbekend was met die leefwyse en tradisies van die Afrikaner. Dit het die Afrikaner diep gegrief en nog meer vyandiggesind gestem.[20] Om die Grobbelaar-familie hieroor die harnas in te jaag, was nie glad nie moeilik nie, want hulle is daagliks deur die afwesige gesigte in hulle gesinne skrynend herinner aan wie hulle oorlogsverliese en die verval van hulle eens trotse plase te wyte was.[21] Skielik het die vraagstukke wat die oorlog moontlik wel opgelos het, nietig vertoon naas die vyandige verhouding tussen Afrikaner en Engelsman wat nou posgevat het. Waar die Afrikaner voorheen uit hoflikheid nog Engels sou gebruik, het hy nou uit sy pad gegaan om dit nie te doen nie.[22]

Intussen het die Grobbelaar-broers met hulle oorblywende familielede begin terugkeer na hulle vernietigde plase. Die omgewing was so verlate en verwoes dat nêrens ’n lewende bees of skaap te sien was nie, net verrotte karkasse langs die pad.[23] Die gevaar was groot dat die terugkerendes uit die konsentrasiekampe op hulle plase van honger kon omkom.[24] Na hierdie droewige toneel van verlatenheid het Pieter Grobbelaar met sy oudste seuns, asook sy broers Peet en Kotie Grobbelaar, uit die onderskeie krygsgevangenekampe in stampvol treine teruggekeer.[25] Op Kroonpost aangekom, het Pieter net bouvalle aangetref.[26] Slegs die buitegebou waar sy vrou, Hester, die meubels gestoor het, was nie afgebrand nie, danksy die brandsolder van die vertrek. Onwillekeurig wonder 'n mens: Wat moes op daardie oomblik deur sy gemoed gegaan het, toe hy die vertrek oopgemaak en die meubels, en moontlik ook ’n laaste brief van Hester daar ontdek het? Die werklikheid van daardie dramatiese oomblik sou in elk geval sy kinders lewenslank bybly.[27]

’n Repatriasiekommissie in elke distrik moes behulpsaam wees met die terugbring en hervestiging van die Afrikaner. Ingevolge artikel 10 van die

---

19 Marais, p. 1.
20 JH le Roux et al. (reds), *Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd* 1, pp. 63-64.
21 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
22 MacDonald, *Suid-Afrika*, pp. 15-16.
23 *Ibid.*, p. 87.
24 VAB, IBB8, Cd. 903/1902: *Further correspondence relating to affairs in South Africa*, January 1902, p. 135.
25 MacDonald, *Suid-Afrika*, p. 20.
26 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
27 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met Pieter Grobbelaar, Blaauwfontein, Bethulie, 15 September 2006 en 18 April 2008.

vredesverdrag is voorsiening gemaak vir die verskaffing van hulp aan diegene wat weens oorlogsverliese nie in hulle eie behoeftes kon voorsien nie.[28] Daar is ooreengekom dat die Britse regering £3 000 000 vir die doel beskikbaar sou stel. Alle eise teen die fonds sou deur ’n regterlike kommissie beoordeel en gekeur word.[29] Voorskotte by wyse van lenings sou ook toegestaan word.[30] Groot probleme het egter opgeduik as gevolg van teenstrydige vertolkings van artikel 10 wat ’n groot bydrae gelewer het tot naoorlogse ontevredenheid onder die Afrikaners.[31] Die Boereleiers het die artikel vertolk as sou dit slegs voorsiening maak vir die repatriasie van Bittereinders en krygsgevangenes.[32] Daar is ook aanvaar dat die bedrag as kompensasie vir oorlogsverliese wat Bittereinders en krygsgevangenes gely het, bedoel was, terwyl die onkoste verbonde aan hulle hervestiging in geheel met rentevrye lenings bestry sou word.[33] Nadat die vredesverdrag onderteken is, was lord Milner se standpunt egter dat die betrokke artikel bedoel is om ook die afvalliges in te sluit.[34] Hierdie vertolking het tot groot ontevredenheid aanleiding gegee en is as verraad beskou.[35] Die besware van die Boereleiers teen die Britse vertolking het gelei tot ’n gesloer met die uitbetaling van die eise.[36] Intussen het die ellende op die verwoeste plase vererger, en is omstandighede vererger deur 'n verwoestende droogte, vrekte onder die vee en swak oeste.[37]

Die kwessie is verder kompliseer deur bykomende kompensasiefondse vir die sogenaamde “Protected Burghers”, Britse onderdane, swartes en uitlanders.[38] Daar is dikwels beweer dat die burgers wat met Prinsloo in die Brandwaterkom gevange geneem is, die Bethulie-kommando ingesluit, vergoed is vir hulle oorgawe. Die stelling is egter nie heeltemal korrek nie. Dit word duidelik uit vertoë wat ’n groep

---

28 JD Kestell, *Met die Boerekommando’s*, p. 290.
29 VAB, IBB8, Cd. 1096/1902: *Correspondence respecting terms of surrender of the Boer forces in the field*, June 1902, pp. 7-8, 12-13.
30 *Ibid.*, pp. 8, 13; Kestell, p. 290.
31 Marais, p. 3.
32 *Ibid.*
33 VAB, IBB9, Cd. 1284: *Papers relating to an interview between the Secretary of State and Generals Botha, De Wet, and De la Rey on September 5th 1902*, p. 5; Botha – Milner, 29 Julie 1902.
34 VAB, IBB9, Cd. 1163: *Further correspondencerelating to affairs in South Africa*, July 1902, p. 141, Milner – Chamberlain, 11 Junie 1902.
35 VAB; PAM329NAS: *Offisieel verslag*, p. 31.
36 Van Rensburg, p. 205.
37 Van den Heever, p. 186.
38 Van Rensburg, p. 224,

oud-offisiere onder leiding van kmdt. De Villiers van Ficksburg gerig het dat hulle en die burgers wat saam met hulle oorgegee het, op spesiale behandeling geregtig was.[39]

In antwoord op die vertoë is besluit dat "special consideration shall be given to claims for compensation prepared by persons who surrendered with you".[40] Op 6 Mei 1903 is bepaal dat die kwalifiserende vereiste sou wees dat alleen "Burghers [who] were allowed to retain any of their property at the time of surrender […] will be considered to be protected".[41] Hierdie reëling het slegs vir die burgers van De Villiers, Crowther en Van der Merwe wat saam met Prinsloo oorgegee het, gegeld. Hulle was die sogenaamde "nine penny boys".[42] Die burgers van die ander kommando's, waaronder die Grobbelaar-broers en seuns, wat deur Prinsloo oorgegee is, is uitgesluit by dié vergunning.

Tydens die eerste vergadering van die Sentrale Repatriasieraad vir die Oranjerivierkolonie (ORK) op 11 Junie 1902 is die doel van die distrikskommissies gedefinieer as, "assisting the restoration of the people to their homes, and supplying […] food, shelter, and the necessary amount of seed, stock, implements, etc., indispensible to the resumption of their normal occupations".[43] Die samestelling van die plaaslike kommissies het nie voorsiening gemaak vir voldoende verteenwoordiging van Bittereinders nie.[44] In die meeste gevalle is slegs een Bittereinder daarop aangestel, terwyl die res National Scouts, Hensoppers en Engelse was.[45] Die Sentrale Repatriasieraad keur op 17 Junie 1902 goed dat mnre. Ernest Felling, JC de Waal, W Glass, JP Waugh en WH Wilson (as sekretaris) as lede van die Repatriasiekommissie vir Bethulie dien.[46]

---

39 VAB, GRD5-59, 1462/03: *Korrespondensie oor onderhoud Crowther, De Villiers en Van der Merwe namens oud-offisiere van Prinsloo se kommando*; VAB, GRD5-59, 4797/03: *Korrespondensie vanaf 1 Julie tot 14 Oktober 1903 oor "New ruling of Central Judicial Commission regarding probable ill feeling caused by Prinsloo's surrender."*

40 VAB, GRD5-59, 1462/03 CL Botha – Oud-kmdt. De Villiers en oud-genl. Crowther, 9 Maart 1903 (telegram).

41 VAB, GRD5-59, 4797/03: *Korrespondensie vanaf 1 Julie tot 14 Oktober 1903 oor "New ruling of Central Judicial Commission regarding probable ill feeling caused by Prinsloo's surrender*," 6 Mei 1903 (omsendbrief).

42 Van Rensburg, p. 227.

43 VAB, GRD1-4, *Notule van die Sentrale Repatriasieraad*, 11 Junie 1902, pp. 1-2.

44 VAB, GRD6, 82/02: *Verskeie stukke oor hensoppers en andere*, 28 Junie 1902 (brief).

45 Van Rensburg, p. 288.

46 VAB, GRD1-4, *Notule van die Sentrale Repatriasieraad*, 18 Junie 1902.

In die riglyne wat neergelê is vir die funksionering van die Repatriasieraad en sy kommissies, is bepaal dat niemand wat selfversorgend was van die Repatriasiefonds kon eis nie, meer spesifiek hulle "who have farms unmortgaged or only lightly mortgaged and have good credit".[47] Ingevolge hierdie bepaling is die Grobbelaar-broers uitgesluit van enige vorm van hulp of vergoeding, omdat geen verbande teen hulle plase geregistreer was nie. Hulle moes dus self instaan vir die skade wat die vyand hulle berokken het en krediet by die banke bekom met hulle plase as sekuriteit. Dit het groot gegriefdheid onder hulle tot gevolg gehad, want hulle het gevoel dat hulle geen aandeel gehad het aan die skade wat hulle toegedien is deur die oorlogsugtige Brittanje nie.[48]

Die funksionering van die kommissies het dikwels tot misbruik aanleiding gegee. Die voorsitter van die Kroonstad-kommissie meld dat "in some cases three highly paid subordinates are paid to do one man's work, and I am now making arrangements to reduce this underworked and overpaid staff […] the control of affairs seems to have drifted into the hands of two members of the Board who [made] appointments in which private interests more than public good appears to have been studied".[49] Amptenare het deur swak uitvoering van die vredesvoorwaardes die herstel ernstig vertraag, wat ontevredenheid laat toeneem[50] en wantroue en griewe tot gevolg gehad het. [51] *The Friend* berig op 10 Julie 1903 dat die lede van die kommissies welvarend geword het, terwyl die teruggekeerdes honger moes ly. So het kommissielede teen voorkeurtariewe groot veestapels opgebou, terwyl die teruggekeerdes dikwels kilometers ver moes aflê om 'n paar osse vir ploegdoeleindes te bekom. Dan moes hulle verlief neem met gevalle soos 'n magistraat "who refused to grant a span of oxen to a farmer while he used three spans to convey antheaps for the making of a tennis court".[52]

Hierdie wanpraktyke het die Afrikaner egter gestaal om uiteindelik uit eie krag weer

---

47 VAB, GRD1-4, *Notule van die Sentrale Repatriasieraad*, 11 Junie 1902, pp. 3; VAB; GRD5-59, 2075/03:*Circular No. 3 Central Judicial Commission with attached instructions*, 14 Maart 1903.
48 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
49 VAB, GRD5-59, 4431/02: Maj. Ensor – Sentrale Repatriasieraad, 11 Oktober 1902 (memorandum).
50 Marais, p. 5.
51 Van Rensburg, p. 318.
52 *The Friend*, 10 Julie 1903, soos aangehaal in Marais, pp. 5-6.

te herstel.[53] Hulle het ontevrede en verbitterd geword oor die funksionering van die repatriasieskema, want in plaas van hulpverlening, is hulle verder geruïneer.[54] Individuele griewe het 'n groot politieke stroom geword wat die Afrikaner se politieke denke beïnvloed en 'n onoorbrugbare kloof met die Britse owerheid laat ontstaan het.[55] Hierdie onregverdige toedrag van sake het vir Pieter Grobbelaar met sy sin vir regverdigheid baie gegrief. Die besef het by hulle begin posgevat dat hulle liewer, in afhanklikheid van God Almagtig, op eie krag, weer bo-uit moes kom. [56] Die vinnige herstel wat op die Grobbelaar-plase plaasgevind het, is die bewys dat hulle wel daarin geslaag het.[57] Dit het in hulle guns getel dat hulle in 'n posisie was om krediet te bekom om hulle plase weer te kon opbou. Hierdie besef dat hulle op hulself aangewese was, het dit vir hulle ook duidelik laat word dat die juk van die amptenare-regering afgeskud moes word. Dit het bygedra tot 'n nasionale ontwaking in die ORK in 1904.[58]

Die Grobbelaars het ernstige probleme ondervind met die beskikbaarheid van arbeid.[59] Dit is interessant dat die bevolking in die swart konsentrasiekampe in die Vrystaat gedurende Mei 1902 tot 60 004 gestyg het, terwyl geen inwoners uit die distrikte Bethulie, Smithfield en Philippolis in enige van die kampe aangehou is nie.[60] Hoewel daar in hierdie distrikte genoeg beskikbare arbeiders gewoon het, het hulle nie belanggestel om te werk nie. 'n Verslag van die South African Constabulary glo dat die swart bevolking meer by die oorlog gebaat het as wat hulle ingeboet het. Dit word as moontlike rede aangevoer waarom "they are not inclined to work and are disposed to be insolent and insubordinate towards the Boers".[61]

Volgens die verslag wou dit ook voorkom of die swart bevolking gereken het dat hul-

53 Van Rensburg, p. 205.
54 VAB, PAM329NAS: *Offisieel verslag van de verrichtingen van het nasionaal kongres gehouden te Brandfort op 1 en 2 Desember 1904*, pp. 56-60.
55 Marais, p. 6.
56 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.
57 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
58 Van Rensburg, p 264.
59 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae vertellings van ds. FR Grobbelaar, 1950.
60 VAB, GRD5-59, 2150/02: Superintendent Native Refugee Department – Colonial Secretary, 3 Julie 1902 (verslag).
61 VAB, GRD5-59, 3388/02: South African Constabulary – Colonial Secretary, 25 Julie 1902 (verslag).

le onder Britse gesag meer vryhede sou hê as onder die vooroorlogse republikeinse regering. Volgens die verslag sou hierdie aspek meer probleme vir veral Boere kon veroorsaak as enige ander probleem. Dit word ook gemeld dat sommige swartes vrese gehad het dat hulle deur die terugkerende Boere sleg behandel sou word.[62] Dit is baie waarskynlik dat hierdie vrese verband gehou het met die oorlogtydse optrede van talle swart lede van die Britse magte teenoor Boerevroue en kinders. Vae beloftes van die militêre goewerneur in Januarte 1901 het swart leiers oortuig dat hulle na die oorlog ten koste van die Boere bevoordeel sou word en dat hulle ook in die oorlogsbuit sou deel.[63] Gevolglik het hulle hulself hoër as die verslane Boere geag en gevoel die Boere het geen sê meer nie. Hulle was dus nou eintlik in die posisie van slawe, terwyl Brittanje die swart bevolking sou beskerm. Tot hulle ontnugtering moes die swart bevolking na Februarie 1901 uitvind dat die vooroorlogse republikeinse wette en regulasies selfs strenger as tevore toegepas is.[64]

Toe hulle hul veestapel moes heropbou, het die Grobbelaars gevind dat daar in die Vrystaat feitlik geen vee vir aankoop beskikbaar was nie. Wat wel nog beskikbaar was, het behoort aan afvalliges wat buitensporige pryse daarvoor gevra het. Die ironie was dat by geleentheid afvalliges hierdie vee op die plase van vegtende burgers gesteel het, en in een spesifieke geval na Basoetoland geneem het. Na die oorlog is daardie vee weer teen buitensporige pryse aan die vorige eienaars te koop aangebied.[65] Die logiese omgewing waarheen die Grobbelaars vir die aankoop van vee sou gaan, was Colesberg, waar hulle neefs geboer het. Hoe hulle te werk sou gaan, blyk uit 'n brief van ene CJ Visser van Edenburg waarin hy toestemming gevra het om in Colesberg vee te gaan aankoop. As rede vir die reis voer hy aan dat hy en andere in die posisie was om hulself te kon help en daarom nie op hulp van die regering aangewese was nie. Hy versoek daarom dat fasiliteite aan hulle verleen word om vir die doel per trein daarheen te reis.[66] Op 15 Julie 1902 is hy meegedeel dat daar geen beswaar is teen sy besoek aan Colesberg nie. Hy moes egter op die voorgeskrewe wyse aansoek doen vir 'n permit by die betrokke kantoor in

---

62 *Ibid.*
63 CJP le Roux, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910*, p. 10.
64 *Ibid.*, p. 11.
65 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.
66 VAB, GRD5-59, 2348/02: C.J. Visser – Luitenant-goewerneur, 10 Julie 1902 (brief).

Bloemfontein.[67] Dit kan aanvaar word dat hierdie briefwisseling 'n riglyn neergelê het wat ook op die Grobbelaar-broers van toepassing sou wees.

Pieter Grobbelaar het intussen begin om sy plaasopstal weer op te bou. Alle bruikbare materiaal is uit die puin herwin, selfs dit wat deels deur brande beskadig is. 'n Voorbeeld hiervan was die dakbalke wat hy weer op die voorstoep gebruik het, wat deels verbrand is, maar tog sterk genoeg was om die dak te dra. Hierdie balke was teen 1947 nog duidelik sigbaar en het deel uitgemaak van 'n geromantiseerde beeld van die heropbou van die plaashuis by sy kleinseuns, seuns van sy jongste seun, Fred Grobbelaar.[68]

Aan die begin van 1902 is 'n spesiale Landraad in die Vrystaat in die lewe geroep om vir die immigrasie van Britse nedersetters verantwoordelikheid te aanvaar.[69] Met die nedersettingskema wou die owerhede 'n nuwe bevolking van Britse setlaars op die platteland vestig.[70] Hierdie verbritsing was vir lord Milner belangrik, want hy was verontrus dat meer as 85% van die bewerkbare grond in Afrikaner-besit was. Daarin het hy die gevaar van 'n verdeling in "a purely Dutch agricultural party opposed to a purely commercial British one" gesien.[71] Sy tweeledige doel met landnedersetting was om die Afrikaner te verbrits en om die ekonomiese ontwikkeling van die nuwe kolonies te versnel.[72] In die proses is die verleentheid van die terugkerendes uitgebuit, aangesien baie van hulle verplig was om hul plase prys te gee. Die Landraad het gereeld geskikte grond, ook hierdie plase, vir nedersetting aangekoop. Teen 21 Desember 1901 was daar reeds 82 nedersetters in die Vrystaat gevestig.[73]

Toe dit teen Januarie 1902 duidelik word dat die Boere-teenstand besig was om in duie te stort, wou Milner dele van groot plase wat nie bewerk kon word nie, aankoop vir die vestiging van Britse setlaars. Die afhanklikheid van die terugkerendes van geldelike hulp is daardeur uitgebuit, want in plaas van geldelike hulp is eerder vee,

---

67 VAB, GRD5-59, 2348/02: Luitenant-goewerneur – C.J. Visser, 15 Julie 1902 (brief).

68 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae vertellings van ds. FR Grobbelaar, Junie 1947.

69 VAB, IBB9, Cd. 1163: *Further correspondence relating to affairs in South Africa*, July 1902, p. 97.

70 VAB, IBB9, Cd. 1163: *Further correspondence relating to affairs in South Africa*, July 1902, Milner – Chamberlain, 21 Februarie 1902, p. 101.

71 JE Wrench, *Alfred Lord Milner: the man of no illusions*, p.229.

72 VAB, IBB9, Cd. 1163: *Further correspondence relating to affairs in South Africa*, Milner – Chamberlain, 25 Januarie 1902, p. 89.

73 Van Rensburg, pp. 167, 169.

saad en implemente aan hulle gegee. In ruil daarvoor moes hulle gedeeltes van hul grond afstaan.[74] Boonop het die Britse regering rente vir die oorlogsjare geëis op lenings wat die republikeinse regering nog toegestaan het vir die opbou van hulle plase. Dit is deur terugkerendes vertolk as 'n plan om hulle te dwing om grond aan die skema af te staan.[75] Die afgevaardes na die Brandfort-kongres in 1904 het gevoel dat die regering nie die reg gehad het om een enkele setlaar in te bring en te ondersteun voordat "de oude bewoners des lands" herstel het van die "ruïnerende gevolgen van de oorlog" nie.[76]

Gedurende die eerste drie jaar na die oorlog het natuurrampe en onkunde baie van die nedersetters feitlik geruïneer.[77] Aangesien die meeste plase nedersetter-plase swak en arm aan water was, het groot getalle hulle grond prysgegee en elders grond gekoop. Na die droogte en die sprinkaanplaag van 1906 moes baie van hulle plase by Afrikaners huur, en het die skema misluk. Sommige van die setlaars het harder Afrikaners as die Afrikaner self geword as gevolg van die wyse waarop die owerheid hulle in onkunde gelaat het oor boerderytoestande. Tot hierdie verafrikaansing het die hulp en vriendelikheid van hul Afrikaanse bure baie bygedra.[78] 'n Ondersoek deur die historikus, Arrie van Rensburg, het getoon dat baie van die nasate van die nedersetters verkies het om eerder Afrikaans te praat. Milner se politieke oogmerke met sy herstelprogram is dus nooit verwesenlik nie.[79]

Toe wetgewende rade ingestel is, wat hoofsaaklik uit Britse amptenare en oorlogtydse afvalliges bestaan het,[80] het die Boeregeneraals reguit geweier om daarin te dien. Sodoende het hulle verseker dat hulle nie polities met die Britse koloniale regering geassosieer kon word nie en het hulle hul oorlogtydse aansien en status onder die Bittereinders behou. Hulle kon ongestoord die regering kritiseer en op politieke gebied hulle eie weg inslaan.[81]

---

74 VAB, IBB9, Cd. 1163: *Further correspondence relating to affairs in South Africa,* Milner – Chamberlain, 25 Januarie 1902, p. 91; Van Rensburg, p. 170.

75 MacDonald, *What I saw...,* p. 70.

76 VAB, PAM329NAS: *Offisieel verslag,* p. 74.

77 VAB, Cd. 2482: *Further corresponden cerelating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony, May 1905,* p. 34.

78 Van Rensburg, pp. 187,190.

79 *Ibid.,* pp. 196-198.

80 Grundlingh, p. 337.

81 *Ibid.,* p. 338.

Die koloniale regering se hantering van landsake het daartoe aanleiding gegee dat ’n proses van versoening tussen Bittereinders en afvalliges begin het. Bittereinders het begin om op grootmoedige wyse vergewensgesindheid te openbaar. ’n Voorbeeld was die geval van kmdt. JA Joubert wat gedurende die oorlog deur ’n National Scout sodanig gewond is dat hy sy een arm verloor het. Na die oorlog het hy na die betrokke National Scout gegaan en gesê hy wou graag met sy vroeëre teenstanders versoen word. Hierdie gebaar het ’n groot indruk gemaak.[82] Die proses is ook grootliks aangehelp deur die Britse owerheid se afsydige houding teenoor die afvalliges met betrekking tot repatriasie, landnedersetting en kompensasie. Aangesien die afvalliges met die vredesonderhandelinge enige politieke inisiatief verloor het en die politieke mag stewig in die Bittereinders en hulle leiers gesetel was, het hulle hul toevlug tot die Boereleiers geneem.[83] Sommige afvalliges het nou berou begin toon vir hulle optrede en het hulle landgenote om vergiffenis gesmeek. ’n Belangrike leiersfiguur onder die afvalliges, genl. Andries Cronjé, het in Mei 1904 sy berou getoon. Toe hý dus boete gedoen het, het die groep verder verbrokkel, wat die versoeningsproses aangehelp het.[84]

Die openlike minagting waarmee Chamberlain tydens sy besoek aan Bloemfontein op 6 Februarie 1903 die Boere-afvaardiging, onder leiding van genl. Christiaan de Wet, behandel het, het talle ongelukkig gemaak.[85] Vandaar genl. Hertzog se besluit om tot die politiek toe te tree en ’n professoraat aan die Universiteit van Leiden van die hand te wys.[86] Hierdie veragting waarmee hulle leiers behandel is, het die Grobbelaar-familie diep geraak en opstandig gemaak. Hulle ontsteltenis dat die Afrikaner openlik deur Brittanje geminag is, het telkens in gesprekke en vertellings voorop gestaan. Dit het aan hulle getoon dat hulle sterk steun aan hulle leiers sou moes gee, veral indien hulle wou oorlewe.[87]

Georganiseerde verset teen die Britse owerhede het binne enkele jare vorm aangeneem, bv. toe ’n vergadering op 17 September 1904 te Brandfort gehou is onder leiding van J Vlotman, ’n afvallige. Hy en 19 ander ontevredenes, hoofsaaklik

---

82 *Ibid.*, p. 342.
83 *Ibid.*, p. 343.
84 *Ibid.*, pp. 344-346.
85 *The Friend*, 7 Februarie 1903; Le Roux et al. 1, p. 67.
86 Van den Heever, p. 197.
87 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 23 Maart 1955.

afvalliges, het hulle griewe teen die owerheid gelug en ’n komitee van sewe lede aangewys wat op 28 September 1904 ’n manifes in *De Vriend* laat publiseer het.[88] Die komitee moes ook die raadsaamheid van die stigting van ’n nasionale beweging ondersoek.[89] Dit was die eerste openbare toenadering en samewerking tussen Bittereinders en afvalliges. Die spontane reaksie op die manifes het ’n vloedgolf aan die gang gesit,[90] en was die begin van politieke herlewing in die Vrystaat,[91] wat in krag sou toeneem.[92]

Die manifes het die Vrystaatse bevolking opgeroep om die ellendige toestande as gevolg van die kompensasie-debakel by die Britse regering tuis te bring. Daar is aangedring dat die regering sy beloftes moes nakom.[93] Voorts is ’n beroep op die volk gedoen om afgevaardigdes na ’n kongres in Brandfort te stuur. “Laat er eendracht en samenwerking onder ons zijn [...] laat ons tonen, dat wij [...] weten wat onze rechten zijn, en willen dat aan die rechten worde voldaan.”[94] Die versetbeweging het breë steun verkry waarby alle klasse van die bevolking betrek is.[95] Vergaderings is oor die hele Vrystaat gehou waar die volk se griewe bespreek is.[96] Ook in Bethulie was daar groot entoesiasme vir die versetbeweging, want met die griewe wat in die pers gelug is, kon die Grobbelaar-familie hulle volledig identifiseer. Vir hulle was veral die verengelsingsbeleid ’n groot probleem en het hulle daarom hul volle steun aan die beoogde kongres gegee.[97]

Tydens die kongres wat op 1-2 Desember 1904 gehou is met 102 afgevaardigdes wat ongeveer 15 000 burgers verteenwoordig het, is genl. Hertzog as voorsitter verkies.[98] Die kongres was die begin van Hertzog se politieke loopbaan waar hy as kampvegter vir die ideale van die Afrikaner die stryd aangeknoop het.[99] ’n Grootmoedige genl. De Wet het die klimaat vir die verloop van die kongres geskep

---

88 Grundlingh, p. 347.
89 Van Rensburg, p. 265; VAB, PAM329NAS: *Offisieel verslag*, p. 4.
90 Le Roux et al. 1, p. 68.
91 Grundlingh, p. 347.
92 Marais, p. 11.
93 VAB, PAM329NAS: *Offisieel verslag*, pp. 5-6.
94 *Ibid.*, p. 6.
95 Grundlingh, p. 348.
96 Van den Heever, p. 200.
97 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 23 Maart 1955.
98 Van den Heever, p. 200.
99 Le Roux et al. 1, pp. 69-70.

toe hy gesê het dat hy, wat die afvalliges betref, oortuig is dat almal broers is.[100] Alle griewe is oorweeg en sterk besluite is geneem, veral met betrekking tot gelyke regte vir Nederlands en Engels, asook tweetalige onderwys.[101] Die owerheid is versoek om die onderwyswet dienooreenkomstig te wysig. Spyt is ook uitgespreek dat die houding van die regering dit nodig gemaak het om onafhanklike skole te stig.[102] Tydens die bespreking van selfregering het genl. Hertzog gesê hulle griewe is genoegsame bewys dat selfregering van uiterste belang is. Die deurlopende draad van die besprekings was een van verbreekte beloftes en swak hantering van kompensasie-eise.[103] Dit het ’n gees van toenadering tussen afvalliges en Bittereinders geskep waardeur die broederband weer versterk en verdeeldheid opgehef is.[104] Slegs ’n paar maande vroeër was die kloof feitlik nog onoorbrugbaar, maar nou was daar samewerking.[105]

Genl. Hertzog is verkies tot voorsitter van ’n staande komitee wat die kongresbesluite verder moes voer. Daarmee is hy as volksleier gevestig.[106] Die besluite van die Brandfort-kongres is daarop aan die Britse regering deurgestuur.[107] In sy begeleidende verslag het die luitenant-goewerneur gesê “the result of the Congress […] confirm[ed] my anticipation that [...] the management of the proceedings [...] would pass into [the hands] of the more important politicians”.[108] Maande het verloop sonder dat enige reaksie van die Britse regering ontvang is en die kongres is weer opgeroep om op 19 Julie 1905 in Bloemfontein verdere optrede te bespreek. Daar het genl. Hertzog die kongres meegedeel dat ’n onsimpatieke antwoord van Brittanje ontvang is, waarvolgens enige grond vir hulle griewe ontken is. Hierdie onbesonne en hooghartige antwoord was olie op die vuur van Afrikanernasionalisme. “Waar die Brandfort-kongres die fyn takkies was wat die smeulende kole weer laat opvlam het, het die dokument van die imperiale regering die vonk verskaf wat die vlam weldra hoog en kragtig sou laat opskiet.”[109]

---

100 VAB, PAM329NAS: *Offisieel verslag*, p. 34; Van den Heever, p. 200.
101 VAB, PAM329NAS: *Offisieel verslag*, pp. 65-67; Van den Heever, p. 201.
102 VAB, PAM329NAS: *Offisieel verslag*, pp. 65-67.
103 VAB, PAM329NAS: *Offisieel verslag*, pp. 30-33; Grundlingh, p. 349.
104 Grundlingh, p. 338.
105 Van den Heever, p. 201.
106 Neame, p. 59; Le Roux et al. 1, p. 72.
107 Le Roux et al. 1, p. 72; Van den Heever, p. 205.
108 VAB, CO 1165/05: *Brandfort Congress 1905: despatch to H.E. the Governor, ORC, with enclosures.*
109 Le Roux et al. 1, p. 73.

Die Grobbelaar-familie was baie tevrede oor wat by die Brandfort-kongres bereik is, want die Afrikaner was besig om homself weer te vind en te laat geld.[110] Die nood van die eerste paar jaar na die oorlog het plek gemaak vir die normale kleindorpse roetine op Bethulie. Die nuutgevonde eenheid wat uit die Brandfort-kongres voortgespruit het, het op Bethulie ’n opwelling van nasionalisme tot gevolg gehad. Daar is gevoel dat ’n ereskuld aan die plaaslike gevallenes van die Anglo-Boereoorlog vereffen moes word. Die herbegrafnis van vier gesneuwelde burgers wat toe reeds plaasgevind het, is op 10 Maart 1906 deur die kerkraad bespreek. Daar is genotuleer dat “de kist met de beenderen der gevallenen helden werd geplaatst op eene tafel voor den kansel. Professor De Vos en ds. Du Toit, die op de kansel plaats namen, spraken elk een gepast woord tot de schare. […] Onder een zeer gepast en hartverheffend orgelspel was de kist door de dragers opgenomen en gevoerd naar de begraafplaats”, met Peet Grobbelaar as een van die draers, terwyl hy ook lid van die begrafniskommissie was. “De optocht bestond uit zoowat 1 000 lykgangers, waaronder dierbare betrekkingen der overleedenen. Vooraan waren 28 jonge meisjes, allen in wit gekleed, elk met een kransje in den arm ter eere van hunne dappere landgenoten. By het graf gekomen, werd een sierlyke gedenksteen, opgericht door de gemeente, ter eervolle nagedachtenis van onze gesneuvelde Helden door generaal Hertzog onthuld en sprak hy een treffend woord, er op wyzende, hoe die helde met mannen moed voor hun vaderland en vryheid hebben gesterven en hun alles er toe hebben opgeofferd, ook tot hun leven toe.”[111]

Op kerklike gebied is Kotie Grobbelaar van Cyferfontein reeds op 1 Oktober 1904 op ’n gekombineerde kerkraadsvergadering as diaken verkies, vermoedelik in die plek van sy broer, Peet Grobbelaar, wat uitgetree het by verstryking van sy termyn.[112] Op 14 Junie 1905 word sy oudste broer, Pieter Grobbelaar van Kroonpost, as ouderling verkies.[113] Hier word dit reeds duidelik dat die Grobbelaar-broers ’n leidende rol op kerklike gebied gespeel het. Pieter Grobbelaar se tweede oudste seun, Jan, het op kommando sinkingkoors (d.i. rumatiekkoors) opgedoen en as gevolg daarvan chroniese gesondheidsprobleme oorgehou. Hy het na afloop van die oorlog diep onder

---

[110] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 4 Februarie 1975.

[111] Argief van die N.G. Kerk van die Vrystaat (KAV); Bethulie-gemeente: *Notule van kerkraads-vergadering*, 10 Maart 1906.

[112] KAV; Bethulie-gemeente: *Notule ven gekombineerde kerkraadsvergadering*, 1 Oktober 1904

[113] KAV; Bethulie-gemeente: *Notule ven gekombineerde kerkraadsvergadering*, 14 Junie 1905.

die indruk gekom dat hy hom aan die sendingwerk van die Nederduits-Gereformeerde Kerk moes wy. Hy is na Wellington waar hy aan die Sendinginstituut as sendeling gekwalifiseer het.[114] Dit is deur die Kerkraad van Bethulie genotuleer dat "Het vroege biduur des Zondagsmorgen ter voorbereiding op het Heilige Avondmaal des Heeren werd geleid door den Broer Eerwaarde JF Grobbelaar, beroepen zendeling naar Harrismith en een zoon der gemeente".[115] Op 12 April 1906 is die aanstelling van "Rev Johannes Francois Grobbelaar to be Marriage Officer for the Orange River Colony" in die goewermentskoerant aangekondig.[116]

## 3. VERANTWOORDELIKE BESTUUR VIR DIE VRYSTAAT

Reeds teen die einde van 1905 het die Liberale Party in Brittanje aan die bewind gekom. Selfregering vir die Vrystaat het toe 'n praktiese moontlikheid geword met die aanstelling van die Ridgeway-kommissie om plaaslik ondersoek in te stel na 'n grondwet vir die twee kroonkolonies.[117] Die samestelling van hierdie kommissie was nie vir die Londense *Times* aanvaarbaar nie, waarop *The Friend* reageer het: "This alone is a recommendation which goes far to allay anxiety."[118] Die Engelssprekendes in Bloemfontein het vervolgens 'n voorstel bespreek wat daarop gedui het dat hulle nie volle verantwoordelike bestuur wou hê nie, maar 'n tipe uitvoerende raad waarvan die meerderheid lede benoem moes word.[119] Leidende Engelse inwoners van Bloemfontein het alles in hulle vermoë gedoen om selfregering te verhoed, omdat die Afrikaners oor 'n 80% meerderheid sou beskik.[120] Hulle woordvoerder, sir John Fraser, is in die Britse Hoërhuis deur lord Milner gesteun, wat gesê het die eksperiment met selfregering sou in die Vrystaat "immeasurably greater" wees as in die Transvaal, omdat "anti-British leaders would dominate under self-government in that colony".[121]

Intussen is 'n beroep op die Vrystaters gedoen om afgevaardigdes na 'n kongres vir die stigting van 'n volksvereniging te stuur. Hulle moes ook die mag hê om dadelik so

---

114 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955 en kinderdae-vertellings van ds. FR Grobbelaar, 1950.
115 KAV; Bethulie-gemeente: *Notule ven gekombineerde kerkraadsvergadering*, 10 Maart 1906.
116 VAB, *Government Gazette*, 12 April 1906, *Government Notice 145 of 1906*.
117 Marais, pp. 23-24.
118 *The Friend*, 24 Maart 1906.
119 Marais, pp. 23-26.
120 *The Friend*, 9 April 1906; Van den Heever, p. 213; Marais, p. 27.
121 *The Friend*, 28 Februarie 1906.

'n organisasie te stig.[122] Genl. Hertzog het in toesprake in die aanloop tot die kongres beklemtoon dat die tyd aangebreek het dat die volk hul regte moes opeis. Met die gewig van ’n volksvereniging agter hom sou die regering gedwonge wees om op te tree wanneer sake aan hom voorgelê word.[123] Die stigtingskongres het op 3-4 Mei 1906 te Bloemfontein plaasgevind. Pres. MT Steyn het in sy openingsrede gesê die volk moes nie as ’n ongeorganiseerde massa die politieke arena betree nie, maar as ’n verenigde front in die verdediging van hulle vaderland, hulle regte en die regte van hulle nageslag.[124] Adv. Abraham Fischer het die stigtingsvoorstel ingedien.[125] Die naam van die vereniging was “De Volksvereeniging Orangia”, ’n vereniging wat hom sou beywer vir die bespoediging van die verkryging van voIle “Verantwoordelike Regering voor die Oranje Rivier Kolonie, en het bevorderen en beschermen van alle volks- en landsbelangen”.[126] Fischer is tot voorsitter en pres. Steyn tot erepresident gekies.[127] Binne ’n jaar is 12 000 lede geregistreer met ’n verdere 20 000 simpatiekgesindes.[128] Die Grobbelaars en die Griesels het die Orangia-Unie met hart en siel ondersteun. Hulle het nou ’n politieke en kulturele tuiste gevind wat hulle nasionale sentimente kon verwoord en wat namens hulle kon optree. Dit was die jare van politieke eenheid binne familieverband.[129]

Die vinnige groei van die Orangia-Unie het sommige Engelssprekendes laat vrees dat hulle polities deur die Afrikaner oordonder sou word, vandaar hulle strewe om ’n teenvoeter te stig.[130] Op 1 Januarie 1907 het die belangrikste Engelssprekendes van Bloemfontein onder leiding van sir John Fraser die Constitutional Party gestig. Die Orangia-Unie is daardeur gedwing om sy status as volksvereniging prys te gee en ’n politieke stryd aan te knoop, terwyl daar geen wesenlike verskille tussen die twee organisasies bestaan het nie. Waar die Orangia-Unie uit die nood van armoede en verdeeldheid ontstaan het, het die Constitutional Party uit vrees vir die politieke mag van die Afrikaner sy beslag gekry. Genl. Hertzog het sy bes gedoen om

---

[122] Le Roux et al. 1, p. 74; Marais, pp. 22-23.
[123] Le Roux et al. 1, pp. 74-76.
[124] NJ van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn* 2, pp. 208-215; Neame, p. 61.
[125] Marais, p. 28.
[126] VAB, *Notule van het verrichtingen van het kongres der Orangia-Unie gehouden te Bloemfontein op 3 en 4 Mei 1906*, p. 1.
[127] *Ibid.*, p. 38.
[128] Le Roux et al. 1, p. 77.
[129] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 6 Mei 1955.
[130] Le Roux et al. 1, pp. 77-78.

eenheid te bewerkstellig, maar die Bloemfonteinse Engelstaliges het die hand van vriendskap verwerp.[131]

Die Orangia-Unie is gevolglik gedwing om haastig ’n program van beginsels saam te stel. Op taalgebied is besluit dat beide Engels en Nederlands “gelijkelijk erkend en geëerbiedigd worden beide op skool en in staatsdienst”.[132] Ten opsigte van die armes is die aanlê van arbeidskolonies en die vestiging van verdienstelike armblankes op die platteland vooropgestel. Reeds vier dae voor die kongres het *The Friend* in sy hoofartikel betoog dat aandag aan die armblankes gegee moes word, en is verwys na die houding van die Bloemfonteinse stadsraad met die woorde, “in the face of the woful problem represented by our white location, something more than negative criticism was wanted”.[133] Wat die onderwys betref, is die reg van die staat erken om te eis dat elke kind elementêre onderwys ontvang. Die plig van opvoeding en onderwys berus volgens hulle egter eerstens by die ouers, so ook die bepaling van die gees van die onderwys.[134] Oor die “kleurlingkwessie” is gevoel dat dit die blanke bevolking van Suid-Afrika as geheel raak en geen besluite daaroor geneem kon word voor die toekenning van verantwoordelike regering nie.[135]

Dit is onmoontlik om te bepaal in watter mate die rol van swart en bruin lede van die Britse magte gedurende die oorlog bygedra het tot die herhaaldelike uitstel van die onvermydelike dag waarop in landsbelang die saambestaan van die verskillende bevolkingsgroepe onder die oë gesien moes word. Wat moontlik hier kon gebeur het, is dat by diegene wat onder die wreedhede moes deurloop, die invloed daarvan geensins gering kon wees nie. Hulle weergawes van hulle ervarings het sekerlik ook by diegene wat nie direk daardeur geraak is nie, aanklank gevind, sodat dit uiteindelik die siening van ’n baie groot groep verteenwoordig het. Hierdie neiging om ’n beslissing oor die status van die bruin en swart bevolking uit te stel, sou in die toekoms toenemend ondervind word. Beslissings oor toekomstige saambestaan is eerder ontwyk as om daaroor te besluit. Wat die Grobbelaar-familie betref, was hulle

---

131 *Ibid.*; Marais, pp. 23-24.

132 VAB, *Verrichtingen van het Eerste Jaarlijksch congres der Orangia-Unie, 16-18 Maart 1906*, p. 29.

133 *The Friend*, 12 Maart 1906 (hoofartikel).

134 VAB, *Verrichtingen van het Eerste Jaarlijksch congres der Orangia-Unie, 16-18 Maart 1906*, p. 30.

135 *Ibid.*, p. 31.

alreeds op daardie stadium ten gunste van ’n beleid wat neergekom het op segregasie van die verskillende bevolkingsgroepe, maar met die blanke steeds in beheer.[136]

In Junie 1907 is verantwoordelike regering aan die Vrystaat toegestaan, en het die partye begin organiseer vir die komende verkiesing.[137] Die Orangia-Unie het hierdie eerste verkiesing gewen met 31 uit die 38 setels, terwyl die Constitutional Party vyf setels en die onafhanklikes twee setels verower het. Die Afrikaner het dus weer die politieke beheer in die Vrystaat verkry.[138] Die uitwerking van hierdie oorwinning van die Afrikaner het die Grobbelaar-familie, soos Cornelia Grobbelaar dit gestel het, weer “met ’n breë bors” laat rondloop. Hulle het die genoegdoening gesmaak dat die Britse imperialisme in die Vrystaat ’n groot neerlaag gely het.[139] Die Afrikaner het weer eens beheer oor sy eie lotgevalle en die toekoms van sy land gehad.[140]

Die onderwysbeleid van die Milner-regering was “a determined attempt to anglicise the Boer children in the concentration camps”, [141] terwyl “military policy has gathered the greater part of the male children into these camps […] the opportunity […] of getting them all to speak English is golden”.[142] Die Afrikanervolk moes reeds deur middel van die kampskole gedenasionaliseer word. Die Vredestraktaat van Vereeniging het bepaal dat beide Engels en Nederlands in die openbare skole onderrig sou word, indien ouers dit eis.[143] Die *Public Education Ordinance* van 1903 het egter bepaal dat slegs drie uur per week aan Nederlandse onderrig spandeer mag word. Engels moes die medium van onderrig in alle vakke wees. ’n Petisie om onder meer te versoek dat Nederlands vir vyf uur per week onderrig word, is verwerp. Dit het in 1904 gelei tot die stigting van die Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) skole.[144]

Die Grobbelaar-familie het hewig in opstand gekom teen hierdie poging om hulle kinders te verengels. In hulle verset het hulle steun ontvang uit die Nederduits Gereformeerde Kerk wat eweneens sterk gekant was teen die verengelsingsbeleid. Die

---

136 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 14 Junie 1975.
137 Kruger, *Generals*, p. 26; Neame, p. 62.
138 Grundlingh, p. 338; Marais, p. 41; Neame, pp. 62-63.
139 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 6 Mei 1955.
140 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 26 Maart 1955.
141 Pirow, p. 43.
142 Neame, p. 58.
143 Van den Heever, p. 224.
144 *The Friend*, 30 September 1904 (hoofartikel), soos aangehaal in Marais, pp. 42-43.

kerk het begin met die oprigting van kerkskole ter wille van onderwys met ’n Christelik-Nasionale inslag, iets wat sterk deur pres. Steyn ondersteun is.[145] Gevolglik het die kerkraad van die Nederduits-Gereformeerde-gemeente Bethulie die saak op 27 Februarie 1904 bespreek. In daardie stadium was dit reeds duidelik dat die koloniale regering die skoolgebou op Kroonpost, die plaas van Pieter Grobbelaar, teen betaling as staatskool wou gebruik. “De Broeder Grobbelaar heeft echter dit aanbod van de hand gewezen verkiezende liever die school eene ‘Kerkschool’ te doen zijn.”[146] Daarop is Kroonpost, een van die twee skole wat by die vergadering ter sprake was, gebruik as ’n kerkskool. ’n “Hoof School Commissie” vir kerkskole binne die gemeente is gekies. Die onderwyssaak sou ook by ’n komende gemeentevergadering vir bespreking aan die gemeente voorgelê word.[147] Op 14 Mei 1904 is die kerkraad meegedeel dat die gemeentevergadering op 2 April 1904 besluit het dat die skole te Zuurfontein en Kroonpost privaatskole sou wees. Vir hulle befondsing is besluit om by die gemeentevergadering aan te beveel dat ’n jaarlikse huis-tot-huis kollekte gedurende Junie gehou word.[148]

Op 1 Oktober 1904 besluit die Bethulie-kerkraad dat ’n toelae van £20 uit die Onderwysfonds vir Buiteskole geneem en uitsluitlik as deel van die salaris van die onderwyser/es aangewend moes word. ’n Bykomende bedrag van 2/6 per maand vir elke behoeftige kind moes ook uit die gekollekteerde geld toegelaat word. Daarna is die skoolgeld vir betalende kinders vasgestel op 2/6 per maand tot standerd 1, 3/- per maand tot standerd 3, 4/- per maand tot standerd 4 en 5/- per maand tot standerd 5. Die vergadering is ook meegedeel dat ’n bedrag van £150 ontvang is van die “Hoofd Comité van’t Generale Boeren Hulp Fonds” as stywing van die Onderwysfonds. Dit het Bethulie se onderwysfonds te staan gebring op die bedrag van £300. Terselfdertyd is besluit om ook ’n dorpskerkskool in Bethulie te stig.[149] Vroeg in 1905 is besluit om die kostes verbonde aan die veranderings wat vir skooldoeleindes aan die ou kerk aangebring moes word, uit die kerkkas te betaal.[150]

Die verarmde bevolking van die Vrystaat kon egter op die lange duur nie die koste verbonde aan die CNO-skole alleen dra nie. ’n Konferensie in Maart 1905 het gelei tot

145 Van der Merwe 2, p. 174.
146 KAV, Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergadering, 27 Februarie 1904.
147 *Ibid.*
148 KAV, Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergadering, 14 Mei 1904.
149 KAV, Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergadering, 1 Oktober 1904.
150 KAV, Bethulie-gemeente: Notule van gekombineerde kerkraadsvergadering, 14 Januarie 1905.

die aanname van die Onderwyswet van 1905 en die amalgamasie van die kerk- en staatskole.[151] Tog wil dit voorkom of die privaatskole in Bethulie nog voortbestaan het. Op 26 Oktober 1907 is genotuleer dat ’n versoek van Peet Grobbelaar van Meyerskraal ontvang is om ’n som van £20 “uit het CNO Fonds” ter ondersteuning van die privaatskool op Erfdeel te betaal. Dit is toegestaan met ’n algemene voorwaarde vir ondersteuning uit die CNO-fonds dat: “De onderwijser moet gecertificeerd syn, als algemeene beginsel. Doch is ’n bewys voor handen dat hy, alhoewel niet gecertificeerd, toch de bekwaamheid bezit om onderwijs te geven, zal ondersteuning aan zyne school verleend worden.”[152] Die bestaan van twee privaatskole op die Grobbelaar-plase, selfs na die aanname van die Onderwyswet in 1905 toon duidelik die sterk standpunt wat die Grobbelaars oor die onderwys van hulle kinders ingeneem het, in die mate dat Pieter Grobbelaar selfs bereid was om ’n welkome inkomste uit die skoolgebou op Kroonpost prys te gee ter wille van ’n beginselstandpunt.

Nadat selfbestuur ’n voldonge feit geword het, het die Orangia-Unie en die Constitutional Party hulle onderwysbeleid duidelik geformuleer. Die Constitutional Party se beleid was gelyke, vrye, sekulêre onderwys, tot standerd drie deur die medium van Engels of Nederlands, na gelang van die wens van die ouers.[153] Die Orangia-Unie se beleid was “dat de goede zamenleving en zamenwerking der Hollandsch en Engelseh sprekende bevolking […] vergt dat de rechten van de Engelsch, zoowel als van de Hollandsche, taal gelijkelijk erkend en ge-eerbiedigd worden, beide op school en in de staatsdienst”.[154] Genl. Hertzog het ’n wetsontwerp voorgelê wat bepaal het dat Engels en Hollands gelykwaardige mediums van onderrig sou wees. Tot en met standerd vier moes die kind onderrig word in die taal wat hy die beste begryp. Daarna sou die tweede taal in 'n toenemende mate as hulpmiddel gebruik word. Na standerd vier moes minstens drie vakke in Engels en drie in Nederlands onderrig word.[155]

---

[151] SL Hofmeyer, *Die rol wat J.B.M. Hertzog gespeel het in die skoolwet van 1908 en die reperkussies van die wet met spesiale verwysing na die taalmedium-vraagstuk in die Oranjeriverkolonie*, p. 18.
[152] KAV, Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergadering, 26 Oktober 1907.
[153] *The Friend*, 28 Februarie 1907; Marais, p. 44.
[154] VAB: *Verrichtingen van het Vierde Jaarlijksch congres der Orangia-Unie, 12·14 Mei 1909*, p. 29.
[155] *Ibid.*, pp. 228-231.

Na publikasie in die staatskoerant van 18 April 1908[156] het genl. Hertzog die wetsontwerp op 26 Junie 1908 voorgelê. Die leier van die opposisie het voorgestel dat dit eers oor ses maande gelees moes word, omdat dit onnodig, onprakties, volgens finansiële beginsels foutief en strydig met die belange van die volk was.[157] Die Hertzog-wet is na hewige bespreking oorweldigend goedgekeur. Die aanname daarvan was die teken vir hewige verset, waarin *The Bloemfontein Post* die leiding geneem het. "We deny absolutely and emphatically the right of a British minister to force an English child, resident in this country, to learn an alien tongue and to close the nation's schools against the latter unless he accepts the condition."[158]

Die teenkanting het algaande heftiger geword en die wetsontwerp is na 'n kommissie verwys waar op verskillende amendemente ooreengekom is. Die redakteur van *The Friend* het gereageer dat "no law [...] can be well administered by unwilling instruments and [...] the criticism against the School Act have been inspired more by an unwillingness [...] than the desire [for] fair method of education".[159] Die Orangia-Unie-kongres van Mei 1909 het egter sy volle vertroue in die wet uitgespreek en op daaropvolgende kongresse is telkens eenparig besluit om die wet te ondersteun.[160] Die vier inspekteurs wat die wet moes toepas, het genl. Hertzog egter openlik gedwarsboom.[161] Gevolglik het hy drie van hulle ontslaan,[162] terwyl sy verslag oor die redes vir hulle ontslag met 28-8 stemme deur die Wetgewende Vergadering aanvaar is.[163] Hoewel die verset teen die onderwyswet 'n algehele mislukking was,[164] het dit onverpoos voortgeduur.[165] Die opposisiepers het nou 'n nuwe begrip, Hertzogisme, wat 'n skelwoord en politieke spook sou word, ingevoer.[166]

## 4. DIE VRYSTAAT WORD DEEL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

Sedert 1903 het 'n reeks gebeure die weg vir die unifikasie van die vier kolonies voorberei. Dit het begin met Chamberlain se bedanking as koloniale sekretaris in

---

156 VAB: *Government Gazette*, 18 April 1908.
157 Marais, p. 46; Neame, p. 60.
158 *The Bloemfontein Gazette*, 27 Junie 1908, soos aangehaal in Marais, p. 46.
159 *The Friend*, 10 April 1909.
160 *The Friend*, 21 April 1910.
161 Van den Heever, pp. 229-230.
162 Van den Heever, p. 233; Le Roux et al. 1, p. 91.
163 Marais, p. 49.
164 *Ibid*, p. 51.
165 *The Friend*, 9 Februarie 1910.
166 Marais, p. 251.

1903, gevolg deur Milner se aftrede in Maart 1905.[167] Kort daarna het die Liberale Party onder sir Henry Campbell-Bannerman in Brittanje aan bewind gekom.[168] In 1907-1908 het ’n politieke ommekeer ook in Suid-Afrika plaasgevind, toe die Transvaalse en Vrystaatse verkiesings, gevolg deur die Kaapkolonie waar die Afrikaners in koalisie met JX Merriman se Suid-Afrikaanse Party aan die bewind gekom het, groot terugslae vir die Britse owerhede was. Afrikaners, gesteun deur gematigde Engelssprekendes, het in drie van die vier kolonies aan die bewind gekom. Slegs Natal was nog stewig in Britse hande.[169] In Transvaal en die Vrystaat het Boereleiers soos genls. Hertzog, De Wet, Botha en Smuts die politieke mag oorgeneem en die weg tot staatkundige vereniging begin voorberei.[170] Die regerings van die Kaapkolonie en Natal het lord Selborne, die opvolger van lord Milner, versoek om die leiding te neem met die vereniging van die vier kolonies. Die Selborne-memorandum, waarin staatkundige eenwording sterk aanbeveel is, het daarop gevolg.[171] Terselfdertyd het daar by die Grobbelaars ook die gevoel begin vorm aanneem dat die vier kolonies een Suid-Afrika moes vorm. Daaraan was vir hulle egter een groot voorwaarde verbonde, naamlik dat die Vrystaat in die proses nie sy identiteit moes verloor nie.[172]

Hierdie strewe na groter eenheid van verskeie politieke leiers het nie uit ’n gemeenskaplike siening van sake voortgespruit nie. Die eenheid van ’n verenigde Suid-Afrika onder Britse gesag wat deur genls. Smuts en Botha nagestreef is, het radikaal verskil van die ideaal van genl. Hertzog en ander Boereleiers wat ’n Afrikaanse staat onder ’n eie vlag wou hê.[173] As gevolg van hierdie verskil was genl. Hertzog versigtig, want genl. Smuts se Transvaalse Onderwyswet en genl. Botha se konsiliasiepolitiek, asook die politieke mag en invloed van die Engelse kapitaliste en hulle pers, het hom onrustig gestem.[174] Hierbenewens moes ook rekening gehou word met Botha se strewe om die Engelse en Afrikaanse bevolking kunsmatig in ’n nuwe

---

167 P Lewsen, *John X. Merriman*, p. 280; D Gould, *J.H. de Villiers as a mediator and conciliator in South African politics 1872-1909*, pp. 227-228.
168 *Ibid.*, p. 228.
169 BM Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 4; Le Roux et al.1, p. 96.
170 Le Roux et al. 1, pp. 93-94.
171 *Ibid*.
172 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 16 April 1955.
173 Schoeman, p. 1.
174 Marais, p. 63.

nasieskap saam te voeg.[175] Ook het die Vrystaters gevoel dat die Transvalers hulle in die oorlog wat deur Transvaal begin is, in die steek gelaat het en dat Botha nie die moed gehad het om enduit te veg nie.[176] Die Grobbelaar-familie het hierdie gevoel gedeel, want hulle het geglo dat hulle hul onafhanklikheid verloor het, juis omdat hulle deur die ou ZAR in ’n oorlog ingesleep is wat nie die Vrystaat s’n was nie. Die oorlog was skaars aan die gang, so het hulle gevoel, toe die Transvalers reeds vrede begeer het, sonder om die Vrystaatse posisie enigsins te oorweeg.[177]

Tydens ’n interkoloniale konferensie in Pretoria in Mei 1908 is voorstelle van genl. Smuts[178] vir die hou van ’n nasionale konvensie aanvaar en het dit vanaf 12 Oktober tot 5 November 1908 in Durban plaasgevind.[179] Lord De Villiers[180] is verkies as president van die konvensie en pres. Steyn as die visepresident.[181] De Villiers het oor die nodige bekwaamhede beskik om die lede bymekaar te hou en sy teenwoordigheid het geloofwaardigheid en onderskeiding aan die verrigtinge gegee.[182] As visepresident was pres. Steyn se belangrikste bydrae sy persoonlike omgang met die invloedrykste lede van die konvensie.[183]

Die vier Vrystaatse afgevaardigdes, Steyn, Fischer, Hertzog en De Wet, het sterk gevoel dat die Unie van Suid-Afrika op tweetaligheid gebou moes word.[184] Genl. Hertzog het onverbiddelik aangedring op die gelykberegtiging van Engels en Nederlands, en dit as ’n absolute voorwaarde vir sy samewerking gestel.[185] Op 19 Oktober 1908 dien hy ’n amendement in op genl. Smuts se Unie-voorstel wat niks oor tweetaligheid bevat het nie.[186] Dit is na ’n komitee verwys waar dit teruggetrek is ten gunste van ’n nuwe, ewe ondubbelsinnige mosie, ook deur hom geformuleer. Hierdie mosie is aanvaar en is as Artikel 137 in die Grondwet opgeneem,[187] waardeur

---

175 B Spoelstra, *Die bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as selfregerende Britse kolonie in 1907*, pp. 371-372.
176 Meiring, pp. 22-23.
177 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae vertellings van ds. FR Grobbelaar, 1950.
178 Marais, p. 64.
179 *Ibid.*; Le Roux et al. 2, pp. 96-97.
180 Hoewel hy toe nog ‘n sir was, word hier deurgaan na hom verwys as lord De Villiers om verwarring te voorkom.
181 Le Roux et al. 1, p. 96; Van der Merwe 2, pp. 220-221**;** Gould, p. 250.
182 Gould, p. 252.
183 Van der Merwe 2, p. 226.
184 Van den Heever, p. 267.
185 Le Roux et al. 1, p. 96; Van den Heever, p. 267.
186 Le Roux et al. 1, pp. 97-98; Van den Heever, p. 267.
187 Neame, p. 52;

Nederlands en Engels met gelyke vryhede, regte en voorregte as amptelike tale van die Unie erken is. Deur Artikel 152 is dit in die Grondwet verskans.[188] Die roerende toespraak van pres. Steyn by die geleentheid het die deurslag gegee.[189] Hy het gesê dat geen vereniging van state sonder ’n vereniging van harte kon plaasvind nie, ook geen eenheid sonder gelykheid nie, en was gelykstelling dus ’n reg, nie ’n guns nie. Niemand kon van die Afrikaner verwag dat sy taal en ras in ’n onderdanige posisie geplaas word nie.[190]

Genl. Hertzog was aangenaam verras met die positiewe gesindheid van die Engelssprekende lede van die Nasionale Konvensie,[191] want skaars ses jaar tevore wou Milner een amptelike taal afdwing. Nou het “Hertzogisme” die werklike sluitsteen van Unie en eenheid geword.[192] Genls. Botha en Smuts het genl. Hertzog nou begin beskou as ’n potensiële moeilikheidmaker. Smuts was reeds ’n oortuigde imperialis en Botha het die Britse Ryk as Suid-Afrika se “groot broer” gesien.[193] Hierdie oorwinning van genl. Hertzog was vir die Grobbelaar-familie ’n blye dag. Pieter Grobbelaar het gevoel dat sy standpunt oor die CNO-skole ten volle geregverdig was en dat dit bygedra het tot die besluit wat die konvensie geneem het. Hulle sou in die Unie nie langer die gevaar van verengelsing hoef te vrees nie.[194]

Om die besprekings en besluite oor die regte van die swart bevolking te verstaan, is ’n kort agtergrond nodig. Vanaf 1895 tot 1903 het sake met betrekking tot die swart bevolking eintlik hulle eie gang gegaan. ’n Meer bestendige beleid was egter nodig, want die Britse regering kon nie langer deur sentiment alleen gelei word en het lord Milner gevoel “there is now a better appreciation at home of the difficulties confronting the colonists and of the impracticability of governing Natives, who, at best, are children, needing and appreciating a just paternal government”. Hy het gevoel die Imperiale regering moes nie hierdie delikate saak bevooroordeeld en swak

188 Le Roux et al. 1, pp. 98-99; Gould, pp. 255-256; Van den Heever, p. 267.
189 Oberholster, p. 148.
190 Van der Merwe 2, p. 229.
191 Le Roux et al.1, p.100.
192 Van den Heever, p. 269.
193 Neame, p. 52.
194 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 15 Maart 1955.

ingelig benader nie, want dan sou dit deur die hele blanke Suid-Afrika afgekeur word, ook deur diegene wat aktief by die verdediging van swart regte betrokke was.[195]

Toe die saak van die toekomstige uniale beleid ten opsigte van die swart bevolking dus op die konvensie se agenda kom, het lord De Villiers die standpunt gehuldig dat dit nie ’n saak vir bespreking deur die afgevaardigdes was nie.[196] Hy het gevoel ’n toekomstige Unieregering moes die saak hanteer en dat die Britse regering waarborge ten opsigte van swart stemreg sou verlang.[197] Mnr. JM Orpen het aan lord De Villiers geskryf dat “unless the work of the Convention brought out […] that fundamental principle of right and freedom and justice to the people of the country, no matter what their colour might be, then the work […] would be vain and it would be a castle built upon the sand”.[198] Hy het gevoel dat indien enige deel van die bevolking as ongeskik vir verteenwoordiging beskou word, hulle op die regte manier in die tuig geskik gemaak moes word, want dit is die plig van elke bevolkingsdeel teenoor die staat om self sy behoeftes en griewe te verteenwoordig en te verwoord. Niemand anders sou dit kon doen nie.[199] “Representation […] has always existed even in the most rudimentary forms of government [and] is […] the very root and reason for the existence of such a government.”[200]

Volgens die liberale standpunt by die konvensie was alle Britse onderdane in Suid-Afrika geregtig op stemreg, ongeag ras of kleur, slegs onderhewig aan kwalifikasies wat deur die konvensie voorgeskryf mag word.[201] Die groot teenstand teen hierdie siening het die Kaapse lede laat voel dat, indien dit onmoontlik was om swart stemreg na die ander kolonies uit te brei, die Kaapse stemreg onveranderd behou moes word. In die debat kon ’n ooreenkoms nie bereik word nie.[202] Die verteenwoordigers van die Vrystaat het gevoel dat dit vir die blanke om die beginsel van selfbehoud gegaan het en dat die saak aan die Unieparlement oorgelaat moes word om ’n eenvormige en

---

195 Milner Papers (S.A.), Milner – Chamberlain , 6 Desember 1901 (brief), soos aangehaal in P van Biljon, *Grensbakens tussen blank en swart in Suid-Afrika*, pp. 417-418.
196 Gould, p. 254.
197 *Ibid.*, p. 246.
198 VAB, Pres. Steyn-versameling: A/156/1/1/15: JM Orpen – sir JH de Villiers, 12 Okotober 1908 (brief).
199 *Ibid.*
200 *Ibid.*
201 Schoeman, p. 10.
202 Gould, p. 258.

geskikte "naturellebeleid" vir Suid-Afrika op te stel.[203] FS Malan, die parlementêre leier van die Afrikanerbond, het gekwalifiseerde stemreg vir alle inwoners van die land voorgestel,[204] want indien die saak uitgestel sou word, sou die blankes daaroor verdeeld bly en die verdeeldheid in die Unie indra. Ook sou die uitstel van die saak 'n swak indruk op die swart bevolking maak en hulle die gevoel laat kry dat hulle onregverdig behandel en ontkieser word.[205]

Genl. Botha het gevoel dat Malan se toespraak 'n poging was om die res van Suid-Afrika te dwing om die beginsel van swart stemreg te aanvaar. Hy het gevoel dat die regte tyd nog sou kom om stemreg vir swart mense te oorweeg, maar die mense van Suid-Afrika is konserwatief en die vordering sou stadig wees.[206] Genl. Smuts het besef dat stemreg vir die swart bevolking die poging tot eenheid sou laat misluk en het derhalwe ook gevoel die saak moes vir toekomstige oplossing gelaat word.[207] Soos elders genoem, het hierdie konserwatiewe benadering van die Vrystaat en die Transvaal onder meer voortgespruit uit die standpunt wat so sterk ook deur die Grobbelaar-familie gehuldig is, naamlik dat toegesien moes word dat swart en bruin nooit weer invloed op die toekoms van die Afrikaner kon uitoefen nie.[208] Die gebruik van die woord "weer" in hulle argument dui daarop dat die standpunt moontlik voortgespruit het uit Afrikanerreaksie op die brutale en wrede optrede van swart en bruin lede van die Britse magte gedurende die oorlog. In haar vertelling het mev. Marthie Grobbelaar hierdie siening in verband gebring met die Anglo-Boereoorlog.[209]

Nadat 'n komitee aangewys is om die hele stemregkwessie te ondersoek, is die stemreg vir gekleurdes en swartes in Kaapland wel behou, maar is die swart bevolking in die ander drie provinsies daarvan uitgesluit.[210] Slegs blankes sou toegelaat word om in die parlement te sit.[211] Voor die aanvang van die finale vergadering van die konvensie van 3 tot 11 Mei 1909 in Bloemfontein het genl. Botha aan Merriman geskryf en hom in kennis gestel van die sterk Transvaalse beswaar teen die swart

---

203 *Ibid.*, p. 11.
204 H Giliomee, *Die Afrikaners*, p. 258; Gould, p. 261.
205 Schoeman, pp. 12-13.
206 Giliomee, p. 258.
207 Gould, pp. 258-259.
208 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 26 Maart 1955 en kinderdae-vertellings van ds, Fred Grobbelaar, 26 Maart 1955.
209 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 26 Maart 1955.
210 Schoeman, pp. 13-14.
211 Giliomee, p. 258.

stemreg in die Kaapkolonie.[212] Die Grobbelaar-familie het altyd van Kaapland gepraat as liberaal. Dit wil voorkom of hierdie idee voortspruit uit die stryd wat Kaapland, teen Vrystaatse en Transvaalse teenstand in, gevoer het vir die behoud van sy gekwalifiseerde kleurblinde stemreg.[213]

Met die bespreking van die ontwerpgrondwet op 4 Maart 1909 deur die Orangia-Unie in Bloemfontein, was dit duidelik dat die Unie nie gelukkig gevoel het oor dié gekwalifiseerde kleurblinde stemreg (in Kaapland) nie. Dit is vertolk as sou die ander drie provinsies teen die uitbreiding van die stemreg beskerm moes word.[214] Dit impliseer ’n vrees vir swart oorheersing, want dit het gegaan om beskerming. Hier het die ervaring van die Vrystaters aan die hand van die 19de eeuse Britse imperiale beleid direk op die voorgrond getree, want ter wille van oppermag was die beleid daarop gerig om konfrontasie tussen swart stamme en die Afrikaner te bewerkstellig. Wanneer die oorlogservarings van die vroue en kinders gedurende die Anglo-Boereoorlog ook in die prentjie gebring word, kan ’n grond gevind word vir die reaktiewe siening dat die Afrikaner teen die oormag van die swart bevolking beskerm moes word. Dus, suiwer reaktief is gevoel dat die swart bevolking nooit weer ’n invloed op die Afrikaner se toekoms mag hê nie, en dat hy boonop ook teen die swart bevolking beskerm moes word. Hierdie siening sou die verloop van die geskiedenis van die 20ste eeu ingrypend beïnvloed. Terugskouend op die Nasionale Konvensie is dit duidelik dat die hantering van die heel belangrikste vraagstuk, die politieke toekoms van die swart bevolking, uit reaksie teen die gevolge van die Britse imperiale beleid van verdeel en heers in Suid-Afrika, ontwyk is. Gesien die internasionale politieke klimaat van die tyd, het die een groot geleentheid vir ’n oplossing van die swart bevolking se toekoms onbenut verbygegaan.

Pres. Steyn, wat die ideale keuse was vir die pos van eerste minister om die eerste algemene verkiesing van die Unie uit te skryf, kon weens swak gesondheid nie na die openbare lewe terugkeer nie. Die keuse het dus gelê tussen genl. Botha en mnr. John X Merriman, die senior politikus met 'n indrukwekkende politieke loopbaan. Hy het

---

212 Gould, p. 275.

213 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 26 Maart 1955 en kinderdae-vertellings van mnr. Harm Grobbelaar, 1951.

214 *The Friend*, 5 Maart 1909.

die steun van pres. Steyn gehad, wat Botha se geskiktheid vir die pos betwyfel het.[215] Genl. Botha is egter ontbied om die eerste Unieregering saam te stel.[216] Genl. Hertzog het nie ’n vleiende siening van Botha gehad nie. Hy het gevoel Botha is eersteklas met ’n groot leërmag agter hom, maar hy moes aan die wenkant wees en kon nie by ’n minderheid staan nie. Ook was hy swak en onkundig, want hoewel hy ’n besef van beginsels gehad het, kon hy dit nie handhaaf nie.[217] Hertzog was daarom oortuig daarvan dat Botha hom sou leen tot die sterkste invloede wat op hom sou inwerk.[218] Volgens dr. FV Engelenburg, die biograaf van genl. Botha, was dit vanselfsprekend dat mnr. Abraham Fischer en genl. Hertzog in die kabinet opgeneem sou word in ruil vir die steun van die 16 Vrystaatse volksraadslede.[219] Die kabinet was verteenwoordigend van die verskillende partye en genl. Smuts het die portefeuljes Binnelandse Sake, Mynwese en Verdediging gekry, terwyl mnr. Fischer Lande en genl. Hertzog Justisie gekry het.[220] Ook van genl. Smuts het genl. Hertzog nie ’n vleiende siening gehad nie. Hy het hom beskou as beginselloos en dat hy die onwaarheid self was.[221]

Die aanstelling van genl. Hertzog is in Engelssprekende kringe met skok en verontwaardiging ontvang. Botha het egter nie ’n keuse gehad nie, want hy kon nie bekostig om die Vrystaters te vervreem nie.[222] Dit was gou duide1ik dat die twee leiers uit mekaar begin dryf het.[223] Tydens die eerste kabinetsvergadering het genl. Hertzog met sy kollegas gebots oor die tweetaligheid van die prokureurs-generaal, die inmenging van genl. Smuts met die aanstelling van ’n sekretaris vir sy (Hertzog se) departement, en ook met die minister van Onderwys, Malan, wat die Vrystaatse Onderwyswet wou wysig om struwelinge met die Engelse Progressiewes te voorkom.[224]

Die eerste algemene verkiesing sou op 15 September 1910 plaasvind. In sy

---

[215] Schoeman, p. 16; Van den Heever, p. 274.
[216] Schoeman, p. 16.
[217] ME Rothmann, *My beskeie deel*, pp. 172-174.
[218] Van den Heever, p. 274.
[219] FV Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, p. 219.
[220] Schoeman, p. 16.
[221] Rothmann, pp. 172, 174.
[222] Schoeman, pp. 16-17; Kruger, *Generals*, pp. 54-55.
[223] Meiring, p. 23.
[224] Le Roux et al, pp. 120-121.

verkiesingsveldtog was genl. Botha se tema dat Engelse en Afrikaners moes saamkom om ’n nuwe nasie te vorm.[225] Sy politiek is deur baie as nie-nasionaal en onvaderlandsliewend verwerp,[226] en probleme is ervaar met sy konsiliasiepolitiek.[227] Die Engelssprekendes weer wou Botha nie vergewe vir die opname van genl. Hertzog in sy kabinet nie. Hulle het Hertzog as die Afrikanerleier beskou wat weer die Afrikaner met nasionale trots sou kon besiel.[228] Genl. Hertzog het tydens die verkiesingsveldtog op Smithfield gesê dat die verhouding van die Unie tot Brittanje en die buiteland in die algemeen ’n belangrike aspek was waaraan aandag gegee moes word, want Suid-Afrika was ’n aansienlike mag in die suidelike halfrond. Hy het gevoel uniewording het ’n einde gemaak aan bestuur uit Brittanje. Gevolglik was die Unie volgens hom self verantwoordelik vir die volle beheer van sy sake.[229] Hierdie sterk standpunt het die kiesers laat besef dat die Botha-beleid die posisie van Britse meerderwaardigheid wou handhaaf.[230] Botha het teruggekap toe hy in Johannesburg met die uiteensetting van sy onderwysbeleid genl. Hertzog tereggewys het.[231] Hertzog het egter voortgegaan om berekende en striemende aanvalle op die opposisie en die opposisiepers te loods en het geen aanval onbeantwoord gelaat nie. Botha het op sy beurt konfrontasie met die opposisie vermy. Hierdie verskil in benadering het tot groot onenigheid tussen hulle gelei.[232]

Hulle ou wantroue in genl. Botha het veroorsaak dat die Grobbelaars hulleself as Hertzog-volgelinge gesien het, eerder as regeringsondersteuners. In vertellings het dit telkens na vore gekom dat Botha gewantrou is, terwyl Hertzog weer amper blindelings vertrou is. Hierdie wantroue is nie altyd op fatsoenlike wyse uitgedruk nie. Op stuk van sake is Botha beskou as die swak skakel wat vroeg in die Anglo-Boereoorlog reeds wou oorgee en vrede maak.[233] Die verkiesing self was vir genl. Botha ’n persoonlike teleurstelling, want hy is in die kiesafdeling Pretoria-Oos verslaan deur sir Percy Fitzpatrick van die Unioniste Party. Die relatief ongunstige

---

225 Schoeman, p. 17; Le Roux et al., pp. 122-123.
226 Engelenburg, p. 217.
227 Schoeman, p. 17.
228 *Ibid.*
229 Van den Heever, p. 279.
230 Meiring, p. 23.
231 Schoeman, p. 17.
232 Le Roux et al. 1, p. 125.
233 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mevv. Cornelia Grobbelaar, 6 Mei 1955 en Marthie Grobbelaar, 26 Maart 1955 en kinderdae-vertellings van ds. Fred Grobbelaar, 1949.

verkiesingsuitslag het verhoudings in die regeringsgeledere vertroebel.[234] Die steun vir genl. Botha het gekom uit die Suid-Afrikaanse Party van Kaapland, die Orangia-Unie en Het Volk. In die Vrystaat het die regerende party 16 van die 17 setels verower, 12 daarvan onbestede.[235] Die stand van die hoofpartye in die eerste Unieparlement was regeringsparty 66 en die Unioniste 36.[236]

Die Orangia-Unie het beter gevaar as alle ander partye, sodat *The Friend* op 7 Oktober 1910 o.m. geskryf het: "There were good and solid reasons for congratulation at yesterday's Congress of the Orangia Unie. Comparatively, no other political organization did so well in the recent general election as the Unie."[237] Wat in die Vrystaat gebeur het, kan in die woorde van dr. DF Malan, leraar op Montagu, uitgedruk word, naamlik dat in die Vrystaat die regte ideale by die volk bestaan het.[238] In November 1911 is die Nasionale Suid-Afrikaanse Party onder leiding van genl. Louis Botha gestig deur die samevoeging van die Orangia-Unie in die Vrystaat, Het Volk in Transvaal, die Afrikanerbond (Suid-Afrikaanse Party) in Kaapland, en die Volksvereniging, asook 'n deel van die Engelssprekendes in Natal. Die stigtingskongres in Bloemfontein was 'n indrukwekkende geleentheid met meer as 550 afgevaardigdes uit die vier provinsies.[239] Omrede invloedryke Engelse in die politiek en hul pers genl. Hertzog nie in die kabinet wou hê nie, het genl. Botha probeer om genl. Hertzog uit die nuwe kabinet te hou deur hom 'n pos as appélregter aan te bied. Hertzog het Botha se aanbod van die hand gewys. 'n Politiek van "strome" het nou ontstaan: Botha se beleid van "een stroom" en "konsiliasie", teenoor Hertzog se beleid van "twee strome" en nasionalisme.[240]

Op 13 Julie 1910 het genl. Botha sy kabinet se beleid oor onderwys gestel as gelyke regte vir die tale met die moedertaal as medium. Op aandrang dat hy die Vrystaatse Onderwyswet moes wysig, het Botha gesê die Unieparlement kon nie wetgewing aanvaar oor sake wat op die terrein van die provinsiale

---

[234] Le Roux et al. 1, p. 125; Schoeman, p. 17.
[235] Schoeman, pp. 17-19.
[236] *Ibid.*, p. 33.
[237] *The Friend*, 7 Oktober 1910 (hoofartikel).
[238] VAB, Pres. Steyn-versameling: A/156/1/1 – A/156/1/4, D.F. Malan – pres. Steyn, 25 Mei 1911 (brief).
[239] JJ van Rooyen, *Die Nasionale Party*, p.1.
[240] *Ibid.*, pp. 2-3.

rade geval het nie.[241] Genl. Hertzog het op Smithfield verwys na die beleid van die Unioniste oor die sogenaamde onderwysvraagstuk in die Vrystaat. Hy het gevoel dat leuens, growwe wanvoorstelling en die prostitusie van joernalisme aangewend is om die agitasie te steun en gesê “no one could have too great a contempt for the efforts being made to sow division and racialism in South Africa”.[242] Die Grobbelaars wat reeds sedert 1904 baie nou by die onderwys op Bethulie betrokke was, het die poging om die Vrystaatse onderwysbeleid gewysig te kry, as 'n bewys gesien dat die Engelssprekendes botweg geweier het om Afrikaans aan te leer, terwyl hulle egter verwag het dat die Afrikaner verplig moes word om Engels magtig te wees. Hoewel daar reeds ’n paar aangetroude Engelssprekende familielede onder die Grobbelaars was, was daar tussen hulle op hierdie gebied geen verskille nie en het hulle mekaar se tale gerespekteer en die Hertzog-beleid gesteun.[243]

Tydens die eerste sitting van die Unieparlement in November 1910 is ’n gekose komitee aangewys om die vraagstuk van gelykheid en “gedwonge” tweetaligheid te ondersoek. Die komitee se aanbevelings moes gebaseer wees op die beginsels wat in Artikel 137 vervat is.[244] ’n Kompromis is aanvaar dat moedertaalonderrig tot standerd vier verpligtend sou wees. Daarna kon die ouers die onderrigmedium bepaal.[245] Genl. Hertzog was ontevrede, dog het die verslag in die heersende omstandighede aanvaar, maar het gevoel dat weens die omstandighede van die verslag, genl. Botha geen aanspraak meer gehad het op sy samewerking in die verband nie.[246] Hoewel daar reeds druk op genl. Hertzog was om die leiding van ’n nuwe party op hom te neem, wou hy nie enigiets doen wat verdeeldheid sou bring nie.[247]

Pres. Steyn het in 1905 die saak van ’n monument ter ere van die duisende vroue en kinders wat in die kampe gesterf het, aangeroer. Hy het uit sommige kringe teenstand gekry omdat mense gevoel het dit sou bitterheid en rassehaat

---

241 Kruger, *Parties*, pp. 3-4.
242 *Star*, 20 Augustus 1910, toespraak deur genl. Hertzog te Smithfield, soos aangehaal in Kruger, *Parties*, pp. 30-31.
243 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 6 Mei 1955.
244 Van den Heever, pp. 284-285.
245 Le Roux et al. 1, p. 128.
246 Van den Heever, pp. 287-289.
247 Engelenburg, p. 259; Van den Heever, pp. 289-290; Le Roux et al. 1, pp. 131-132.

aanblaas.[248] Genl. Botha het die beoogde monument as ’n bedreiging vir sy konsiliasiepolitiek gesien en aan pres. Steyn voorgestel dat daar eerder ’n monument vir die Voortrekkers opgerig moes word. Daarvoor het hy ’n komitee voorgestel waarin verskeie prominente Engelssprekendes sou dien.[249] Pres. Steyn het dit afgekeur en daarop gewys dat ook Retief en die ander Voortrekkers se dood ’n uitvloeisel van verdrukking deur die Britse Ryk was. “Om nu de vertegenwoordigers van de Imperiale Regering op de voorgestelde kommissie te doen dienen, is naar mijn beschouwing niets anders dan het ontzenuwen van onze geschiedenis.”[250]

’n Vergadering is op 20 Julie 1906 gehou om die nodige beplanning vir die oprigting van so ’n monument te doen.[251] Dit is op 7 Februarie 1907 opgevolg met ’n konferensie in Bloemfontein wat verteenwoordigend was van die Afrikaanse kerke en die politieke organisasies Orangia-Unie, Het Volk, die Afrikanerbond en Het Kongres. Daar is besluit om ’n waardige monument op te rig. ’n Omsendbrief is aan die Afrikaanse volk uitgestuur om “deze nobele zaak te ondersteunen” vir 'n monument teen ’n koste van ongeveer £10 000. Dit was ’n groot bedrag om deur middel van kollektelyste in hierdie jare van armoede na die oorlog in te samel.[252] Teen 7 Julie 1911 was die geld egter reeds ingesamel en is die ontwerp van die here Van Wouw en Soff aanvaar.[253]

Na aanleiding van besware van Engelssprekende kant berig *The Friend* op 4 November 1911 dat mnr. Arthur Barlow herhaaldelik die ontwerp van ’n besondere paneel aangeval en beskryf het as “not true […] and […] calculated to wound the susceptibilities of all Britishers”. ’n Ander Engelssprekende raadslid, Lambon van die Bloemfonteinse stadsraad, het weer gesê dat hy die monument steun “because it was strictly in keeping with things that had happened”.[254] Die teenstand teen die idee van die monument het ’n baie swak smaak by die Grobbelaar-familie gelaat, veral by hul-

---

[248] Van der Merwe 2, pp. 165-167.
[249] *Ibid.*
[250] Pres. Steyn – genl. Botha, 14 Januarie 1908 (brief), soos aangehaal in Van der Merwe, *Steyn*, pp. 167-168.
[251] NJ van der Merwe, *Die Nasionale Vrouemonument*, p. 4.
[252] *Ibid.*, pp. 4-5;
[253] Van der Merwe, *Vrouemonument*, p. 5; Van der Merwe, *Steyn* 2, pp. 168-169.
[254] *The Friend*, 4 November 1911 (hoofartikel).

le wie se dierbares in die konsentrasiekampe dood is. Dit was daarom ook vir hulle skokkend dat teenstand ook deels uit Afrikanergeledere gekom het, moontlik van diegene wat nie self geliefdes in die kampe verloor het nie. Hulle het gevoel dat hulle, saam met al die ander Vrystaters wat geliefdes moes afstaan, geregtig was op ’n simbool wat ook die nageslagte sou bly herinner aan die lyding van onskuldige vroue en kinders aan die hand van die oorlogsugtigheid van die Britse imperialisme.[255]

Die inwyding van die monument is geskeduleer vir 16 Desember 1913.[256] Op die bestemde dag het 20 000 mense rondom die monument vergader met sy eenvoudige inskripsie “Aan onze heldinnen en lieve kinderen – Uw wil geschiede”.[257] Pres. en mev. Steyn, asook genls. Botha, Smuts, De Wet, De la Rey en ander was onder die eregaste. Pres. Steyn moes ondersteun word en kon as gevolg van sy siekte nie self sy toespraak lewer nie. Dit is voorgelees deur mnr. Rocco de Villiers. Steyn se standpunt oor die monument het duidelik geblyk: “Dit monument staat niet hier om enig iemand te pijnigen, of om als een eeuwigdurend verwijt te zijn; maar het is hier geplaatst uit reine piëteit.”[258] ’n Boodskap van Emily Hobhouse, wat weens siekte nie die inwyding kon bywoon nie, is voorgelees deur die konsul-generaal van Nederland: “I leave you in lofty companionship – that of the spirits of the simple and heroic dead.”[259]

Daarna het mev. Steyn die suil onthul en is die drie brons figure ontbloot. Terselfdertyd is ’n groot aantal wit duiwe losgelaat, gevolg deur honderde witgeklede dogters en vroue wat wit blomme teen die graniet en brons gelê het. Uiteindelik het ’n klein kindjie ’n bos bloedrooi rose bo-op die hoop wit blomme gelê, as ’n simbool van liefde van die Afrikanerdom in ’n bedevaart na hierdie terrein, waar vir oulaas afskeid geneem kon word van die onskuldige slagoffers van ’n uiters wrede oorlog.[260] Na die krans- en blommelegging is verskeie toesprake gelewer, onder andere deur

[255] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 9 Oktober 1974.
[256] Kruger, *Generals,* p. 73.
[257] Van der Merwe, *Vrouemonument*, p. 51.
[258] Van der Merwe 2, p. 171; J. Meintjes, *De la Rey: Lion of the West*, p. 340.
[259] Van der Merwe 2, p. 169..
[260] *Ibid.*; Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertelling van ds. P de V Grobbelaar, 9 Oktober 1974.

genls. Botha, De Wet en De la Rey.[261]

Spanning tussen die konsiliasiebeleid van die regering en genl. Hertzog se siening het toegeneem. Hertzog het hom verset teen die Britte wat Suid-Afrika as ’n onafskeibare deel van die Britse Ryk gesien en daarna gestreef het om die belange van Suid-Afrika altyd ondergeskik te stel aan die belange van Brittanje. In hulle strewe het hulle die Afrikaner as mens verag en intens begeer dat die Afrikaanse volk moes verdwyn.[262] Dit was duidelik dat Botha se konsiliasiebeleid sou moes geskied met ’n steeds toenemende prysgawe van Afrikanerskap en Afrikaansheid. Die Afrikaner was egter besiel met die vryheid van sy land en volk, gewortel in sy godsdiens.[263] Genl. Hertzog het in *Die Burger* geskryf dat die vloek van die Botha-politiek die verregaande oppervlakkigheid daarvan was.[264]

Weens sy bepaalde ingesteldheid was genl. Botha op genl. Smuts aangewese om te besluit wat gedoen moes word. Hierdie afhanklikheid van Botha van Smuts het nie by die Grobbelaars ongesiens verbygegaan nie, want Pieter en Peet Grobbelaar was oortuig dat Botha te swak was om op sy eie politieke bene te staan.[265] Langs Botha was daar genl. Smuts, die intellektuele reus wat alles deur die oë van holisme beskou het. Die Afrikanervolk was vir hom te klein om ’n geheel te vorm en kon slegs as deel van ’n Engelssprekende geheel betekenis verkry. So ook was Suid-Afrika te klein om ’n geheel te vorm, en moes dit daarom deel van die Britse Ryk wees.[266] Vir Smuts was dit ’n geestelike behoefte om mag uit te oefen en ander aan sy wil te onderwerp. Dit het van hom ’n gehate man gemaak onder politieke teenstanders, veral sommige Afrikaners.[267] Smuts was die mag agter Botha se troon wat die politieke koers bepaal het.[268] Die mensliewende Botha was die front waaragter Smuts se holisme niemand ontsien het nie, sy vermoë “marred to some extent and despoiled of its proper merit […] by an unfortunate disposition to reach his goal by strategical rather than by direct paths […] his reputation […] already tainted with a suspicion of

---

261 Meintjes, p. 340.
262 GD Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 6, pp. 80-87.
263 *Ibid.*, p. 92.
264 *Die Burger*, 14 Maart 1916, soos aangehaal in Scholtz, *Politieke denke* 6, p. 95.
265 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Marthie Grobbelaar, 15 Maart 1955.
266 Scholtz, *Politieke denke* 6, pp. 99-100.
267 *Ibid.*, pp. 100-101.
268 *Ibid.*

'slim'-ness: but he is either unconscious or indifferent".[269] Terwyl Botha deur die Grobbelaar-familie as 'n swakkeling beskou is en daarom nie vertrou kon word met Afrikanerbelange nie, het hulle gevoel dat Smuts getoon het dat hy geen empatie met mense gehad het nie, en slegs met idees behep was. Smuts het Botha se vredeliewende gesig gebruik om mense se vertroue te wen vir dit wat in werklikheid Smuts se idees was.[270]

Dit was dus onvermydelik dat genl. Hertzog se openbare uitsprake hom al meer as teenstander van genls. Botha en Smuts sou tipeer. Hierdie uitsprake het almal een gemene gedagtelyn  en dit is dat daar twee strome in Suid-Afrika is, aan die een kant die Afrikaanssprekendes vir wie daar geen ander land was nie en wie 'n eie nasionale lewe en gees gehad het. Saam met die Afrikaner was daar daardie deel van die Engelssprekende bevolking wat, soos die Afrikaner, hier tuis gevoel en geen ander vaderland gehad het nie. Hierbenewens was daar 'n derde tipe wat nie Suid-Afrikaners was nie en met 'n sterk gevoel vir Brittanje gereed gestaan het om die stof van die land van hulle voete af te skud, soos en wanneer dit hulle gepas het.[271] In Nylstroom is weer beklemtoon dat die politieke stryd tussen Engels- en Afrikaanssprekendes aan die een kant, en "the foreign, mostly English-speaking, adventurers" aan die ander kant was.[272] 'n Week later het Hertzog op Smithfield gesê slegs een tipe persoon het die reg om baas te wees in Suid-Afrika – die Suid-Afrikaner. Suid-Afrikaners sou nie toelaat dat hulle verder deur nie-Suid-Afrikaners regeer word nie.[273] Dit is op 7 Desember 1912 opgevolg met 'n vergadering op De Wildt waar hy gesê het die gees van Suid-Afrika sou homself onwillig verklaar om regeer te word deur mense wat nie met dié gees besiel is nie. Imperialisme was net belangrik solank dit in Suid-Afrika se belang was, want Suid-Afrika was gereed om sy eie belange eerste te stel en dié van die Britse Ryk tweede. Om die rede behoort Afrikaners deur Afrikaners regeer te word. Dit was nie vir hom (Hertzog) nodig om te konsilieer nie, want hy het niemand nog ooit enige kwaad aangedoen nie.[274] Wat duidelik uit sy uitsprake blyk, is dat genl. Hertzog eensgesindheid op die beginsel van

[269] A Pratt, *The real South Africa*, pp. 105-106, soos aangehaal in Scholtz, *Politieke denke* 6, pp. 101-102.
[270] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 8 Julie 1955.
[271] *The Star*, 8 Desember 1911, soos aangehaal in Kruger, *Parties*, pp. 60-61.
[272] *The* Star, 5 Oktober 1912, soos aangehaal in Kruger, *Parties*, pp. 62-63.
[273] *The Star*, 14 Oktober 1912, soos aangehaal in Kruger, *Parties*, pp. 63-65.
[274] *The Star*, 7 Desember 1912, soos aangehaal in Kruger, *Parties*, pp. 65-67.

"Suid-Afrika eerste" verlang het.[275]

Die toespraak by De Wildt het 'n krisis ontketen wat uitgeloop het op die bedanking van die Botha-kabinet, sodat genl. Hertzog uitgesluit kon word by die hersamestelling van 'n nuwe Botha-kabinet.[276] Steun vir Hertzog se standpunt het nou van oraloor gekom, nie net uit die Vrystaat nie. Die Afrikaner se diepe teleurstelling in Botha het gemaak dat genl. Hertzog en sy ondersteuners nie stemme in die wildernis was nie, want hulle het geglo dat Botha die Britse belange voor dié van Suid-Afrika gestel het.[277] Op 28 Desember 1912 is genl. Hertzog by die Krugerstandbeeld in Pretoria as kampvegter vir die Afrikaanse taal vereer. By die geleentheid het genl. De Wet dramaties verklaar dat hy liewer saam met sy volk op 'n mishoop sou woon as in die paleise van die Britse Ryk. Dit was gevleuelde woorde wat daarna wyd aangehaal is.[278] Die verskille was nou so diepgaande dat daar reeds gepraat is van "Botha-mense" en "Hertzog-mense".[279] Genl. Hertzog het genl. Botha op 'n koukusvergadering openlik aangeval en hom in die volksraad as 'n swakkeling voorgehou.[280] Hoewel slegs vyf volksraadslede hulle aan sy kant geskaar het, het genl. Hertzog in die Vrystaat oorweldigende steun geniet by die kongres van die Suid-Afrikaanse Party in Mei 1913, waar met 'n meerderheid van 47 teen een besluit is om Botha se weglating van Hertzog uit die kabinet af te keur.[281]

Binne die Grobbelaar-familie het die politieke weë van sommiges ook uitmekaar geloop. Die Griesel-tak van die familie het lojaal gebly aan genls. Botha en Smuts. Hulle het geglo in Botha se konsiliasiebeleid en dat Suid-Afrika onlosmaaklik deel van die Britse Ryk moes bly. Apie Griesel het as kommandant van die Bethulie-kommando diep onder die indruk gekom van genl. Smuts se daadkragtige optrede met die mynwerkerstaking in 1913. Sy veel jonger neef, Jan Grobbelaar, seun van Kotie Grobbelaar, wat sterk onder sy invloed gekom het, het hom ook by Botha en

---

275 Van den Heever, p. 314.
276 Engelenburg, p. 272; Van den Heever, p. 318; Kruger, *Generals*, pp. 68-69; Le Roux et al. 1, pp. 160-161.
277 Kruger, *Generals*, p. 69; Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mevv. Marthie en Cornelia Grobbelaar, 26 Maart en 8 Julie 1955.
278 Kruger, p. 69.
279 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 8 Julie 1955.
280 Meiring, pp. 24-25; Kruger, *Generals*, p. 70.
281 Kruger, *Generals*, p. 70.

Smuts geskaar.[282] Die res van die Grobbelaars, veral Pieter van Kroonpost en Peet van Meyerskraal, was sterk ondersteuners van genl. Hertzog. Dit wou voorkom of hulle verliese van dierbares tydens die oorlog so ’n onuitwisbare indruk op hulle gemaak het, dat hulle eenvoudig nie vir Botha en Smuts kon steun in hul pro-Britse beleid nie. Veral vir Pieter se twee seuns, John en Harm, wat hulle moeder in die kamp verloor het, het die ondubbelsinnige uitsprake oor die voorkeur van Suid-Afrikaanse belange bo Britse belange gepas en hulle gevoelens juis weergegee.[283]

Genl. Botha was oortuig dat na die weglating van genl. Hertzog uit die kabinet Hertzogisme ook van die baan was, en dat die pad oop was vir rasse-eensgesindheid. Tot sy ontsteltenis het al hoe meer van sy volgelinge na die Hertzogkamp begin oorloop. ’n Skeuring kon toe nie meer voorkom word nie. Genl. Hertzog het in Januarie 1914 ’n kongres van sy ondersteuners in Bloemfontein gehou.[284] Dit het vanaf 7-9 Januarie 1914 plaasgevind met ongeveer 450 afgevaardigdes, onder wie ook verteenwoordigers uit Kaapland en Transvaal. Op 1 Julie 1914 het die Nasionale Party in die Vrystaat tot stand gekom met genl. Hertzog as voorsitter en genl. De Wet as ondervoorsitter. ’n Program van beginsels is ook goedgekeur.[285] Ingevolge daarvan was die party verbind tot wedersydse respek vir beide taalgroepe se taal, geskiedenis, godsdiens, gebruike en moreel. Hertzog se nasionalisme was dus nie eksklusief Afrikaans nie, maar het albei taalgroepe ingesluit.[286]

As gevolg van arbeidsonrus aan die Rand is ’n staking in Januarie 1914 onder spoorwegpersoneel en mynwerkers uitgeroep.[287] Die regering wou deur die aanwending van die polisie en die Unie-verdedigingsmagte vinnig en beslissend teen die stakers optree.[288] Verskeie eenhede van die aktiewe burgermag is opgeroep en kommando's is gemobiliseer om spoorverbindings op die Witwatersrand te beskerm

---

282 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mnr. Kotie Grobbelaar van Bethulie, seun van wyle kmdt. Jan Grobbelaar, 27 Junie 2007.

283 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met P de V Grobbelaar, 4 September 1975; Kinderdae-vertellings van ds. Fred Grobbelaar, 1951 en mnr. Harm Grobbelaar, Blaauwfontein, Bethulie. 1951.

284 Meiring, pp. 24-25; Kruger, *Generals*, p. 71.

285 Van Rooyen, p. 9; Meiring, pp. 24-25; Kruger, *Generals*, p. 71.

286 Kruger, *Generals*, pp. 71-72.

287 Van den Heever, p. 359; DW Kruger, *The making of a nation*, p. 74.

288 Crafford, p. 112.

en ’n opstand van swart werkers te voorkom. Krygswet is afgekondig en genl. De la Rey is in beheer van die militêre optrede geplaas.[289] Die Bethulie-kommando onder bevel van kmdt. Apie Griesel is opgeroep om ’n paar brûe oor die Oranjerivier te bewaak.[290] Genl. De la Rey het met kenmerkende spoed opgetree, die strategiese punte beman en noodsaaklike dienste aan die gang gehou, terwyl hy sy kanonne op die Trades Hall, die hoofkwartier van die staking, gerig het.[291]

’n Ultimatum is aan die stakers gestel om uit die gebou te kom of, so nie, sou dit gebombardeer word.[292] Die leiers het besef dat hulle geen kans gestaan het nie en het oorgegee.[293] Daarna het genl. Smuts op eie houtjie die nege stakerleiers na Engeland deporteer. By die Hooggeregshof van Transvaal is aansoek gedoen om ’n hofbevel om die deportasie te keer, maar dit was te laat, want hulle was reeds per skip op pad na Brittanje. Die regters was verontwaardig oor Smuts se onwettige optrede maar kon dit nie meer stop nie.[294] Met die staking in die kiem gesmoor, is die Bethulie-kommando gedemobiliseer. Kmdt. Griesel meld aan sy hoofkwartier in Bloemfontein dat “u zal zien dat ik tamelik veel officieren […] heb aangesteld, de reden daarvoor was, dat ik op verschillende plaatsen burgers gemobiliseerd had, ten einde behoorlik te organiseeren en de gehele lijn doelmatig te beschermen”.[295] Kmdt. Griesel verwys hier waarskynlik na die “gehele lijn” van poste by die verskillende brûe oor die rivier wat die Bethulie-kommando moes bewaak en wat elkeen onder beheer van ’n offisier sou staan.

Genl. Hertzog het gedurende die staking sy volgelinge aan die Rand aangeraai om die owerheid te gehoorsaam. Hy het burgers wat opgeroep is daarop gewys dat hulle die owerheid moes gehoorsaam en hul steun aan die regering belowe om die ongelukkige toestand te beëindig. Hoewel hy geen simpatie met die stakerleiers gehad het nie, het hy tog gevoel dat krygswet nie lukraak benut moes word nie. Die aard van die regeringsoptrede teen die stakers was volgens hom ’n aantasting van die regte van die

---

289 Kruger, Generals, p. 76.
290 AJ Griesel, *’n Oudstryder kyk terug*, p. 61.
291 Kruger, *Nation*, p. 74; Meintjies, p. 320; Van den Heever, p. 359.
292 Meintjes, p. 320.
293 Kruger, *Nation*, p. 74.
294 Crafford, pp. 112-113; Meintjies, p. 320; Van den Heever, pp. 359-360; Kruger, *Nation*, pp. 74-75.
295 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 1a, Kmdt. AJ Griesel – Maj. G Brand, 26 Januarie 1914 (brief).

individu deur hulle die vryheid en reg van toegang tot die hof te ontneem. Genl. Smuts het in sy reaksie op genl. Hertzog se standpunt geïmpliseer dat Hertzog met die stakers geheul het. Dit is op 13 Februarie 1914 deur die redakteur van *The Friend* as onwaar bewys en het die redakteur die hoop uitgespreek dat Smuts in die debat bokant kleinlikheid sou uitstyg om apologie by Hertzog aan te teken.[296] Op aandrang van genl. Smuts is ’n vrywaringswet in die parlement aanvaar as gevolg van die buitengewone maatreëls wat hy getref het. Hoewel hy toegegee het dat hy sy magte oorskry het, het hy homself geregverdig.[297] Hierdie wet het veroorsaak dat wit arbeid hul geledere gesluit en groot politieke invloed begin uitoefen het. “Smuts had started an avalanche which was […] to sweep him from his feet.”[298]

Op Kroonpost in die distrik Bethulie het Pieter Grobbelaar se boerdery op dié tydstip goed vooruitgegaan. Sy groot liefde was sy perdeboerdery, hoewel hy hoofsaaklik met skape geboer het, terwyl ’n bietjie koring en mielies, genoeg vir huisverbruik, en lusern ook aangeplant is. Hy het ’n trop van ongeveer 30 springbokke aangehou, wat jaarliks gedurende Junie uitgeskiet is om dit op ’n getal van 30 te hou.[299] In hierdie stadium het Pieter te kampe gehad met jakkalse wat onder sy skape gemaai het. Jakkalsproefdraad het nog nie bestaan nie. Daar is dus gereeld jakkalsjagte gereël. Dan het die wyk se boere saamgekom en is in twee groepe verdeel, die voorlêers en die aanjaers, waarby die swart arbeiders ook ingedeel was. Die voorlêers het op ’n strategiese plek stelling ingeneem, terwyl die jakkalse met groot geraas deur die aanjaers in die rigting van die voorlêers gejaag is. Wanneer die jakkalse dan naby die voorlêers hul verskyning gemaak het, is hulle summier geskiet en die jakkalsstert by die magistraatskantoor teen betaling ingelewer.[300]

As voorkoming vir veesiektes het Pieter Grobbelaar ’n gereelde dip-program vir die skape gevolg. In 1914 was sy jongste seun, Fred, ongeveer tien jaar oud. Fred het ’n halfbroer, Collie Badenhorst, gehad wat nie meer by hulle gewoon het nie. Hy het toe saam met sy ander halfbroers, John en Harm, 'n slaapkamer gedeel. Dit was

296 Van den Heever, pp. 360-361.
297 *Ibid.*, p. 360; Kruger, *Nation*, p. 75.
298 Kruger, *Nation*, p. 75.
299 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertellings van ds. Fred Grobbelaar.
300 *Ibid.*

weer tyd om die skape te dip. Om sy pa se voorbeeld te volg, het hy sy klein wit katjie ook gedip. Ongelukkig het die katjie daarna gevrek en het John en Harm hom geterg en gesê dat die katjie nog by hom gaan spook. Een aand, toe hulle reeds in die bed was, spring daar toe waarlik 'n wit kat op die vensterbank. John, nie links nie, sê toe: "Witkat, my naam is John Grobbelaar!" Harm voeg by: "Witkat, my naam is Harm Grobbelaar!" Fred, baie benoud en met sy kop onder die kombers, roep toe bang: "Witkat, my naam is Collie Badenhorst!" Fred het dikwels hierdie storie vertel. Later het hy die vensterraam, wat met verbouings aan die plaashuis uitgehaal is, in 'n strandhuis op Gouritzriviermond ingebou. Die strandhuis het toe die naam Witkat gekry.[301]

Pieter Grobbelaar het steeds 'n leidende aandeel in die kerklike werksaamhede van die Bethulie-gemeente geneem. Op 18 Julie 1914 is hy aangewys om sitting te neem by die katkisasie wat op 14 Augustus 1914 sou plaasvind.[302] Om die vervoersake vir die predikant te vergemaklik, het die kerkraad "besloten een Ford Motor Car voor de predikant te kopen. Indien goedgekeurd, de Car van de Br. Diaken van Zijl voor £110 te kopen en hem de Gemeente Kapkar toe te geven."[303]

## 5. DIE EERSTE WÊRELDOORLOG EN REBELLIE

Talle Vrystaatse en Transvaalse Afrikaners was in hulle harte nog steeds republikeine. "Hoe het daar nie vir 'n lang tyd in so baie huisgesinne van die vroeëre Boerestate in die aandgebed 'n smeekklank opgestyg vir die herstel van die ou republikeinse orde van sake nie!"[304] Engelssprekendes het die republikeinse sentiment opgemerk en in dagblaaie daarvan melding gemaak.[305] Toe die Eerste Wêreldoorlog dus in 1914 uitbreek, was daar diegene wat gehoop het op 'n Duitse oorwinning om weer aan die Afrikaners 'n republiek te kon gee.[306] Genl. Hertzog en die meerderheid Afrikaners het egter gevoel dat 'n republiek slegs langs die konstitusionele weg verkry moes word.[307] Teenoor hierdie twee groepe het genls.

---

301 *Ibid.*.
302 KAV, Bethulie-gemeente: Notule van gewone kerkraadsvergadering, 18 Julie 1914.
303 *Ibid*.
304 Engelenburg, p. 218.
305 MCE van Schoor, *Generaal J.C.G. Kemp*, p. 14.
306 GD Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915*, pp. 15-16.
307 *Ibid.*, p. 18.

Botha en Smuts gestaan, wat reeds die republikeinse ideaal finaal afgesweer het en lojaal was aan die Britse Ryk.[308]

Reeds by Vereeniging het genls. Botha en Smuts hulle beywer vir die beëindiging van die oorlog. Saam het hulle genls. De la Rey en De Wet van die noodsaaklikheid probeer oortuig om toe te gee aan die Britse eise.[309] Laasgenoemde twee het eers ingegee toe hulle vier blykbaar 'n plegtige ooreenkoms aangegaan het om by die eerste geskikte geleentheid hul onafhanklikheid terug te neem. Genl. Botha het hierdie versekering ook aan ander Vrystaatse offisiere gegee.[310] Prof. MCE (Tienie) van Schoor is van mening dat hoewel onomstootlike bewyse vir hierdie ooreenkoms nog nie gevind is nie, historici wel die sterk moontlikheid daarvan nie uitsluit nie, omdat dit die siening en optrede van genls. De la Rey, Beyers, De Wet en Manie Maritz kan verklaar. Onbewus daarvan dat 'n groot ommeswaai in lojaliteit by Botha en Smuts plaasgevind het, het hulle geglo dat die tyd om die wapen weer op te neem, gekom het met die uitbreek van Wêreldoorlog I.[311] Selfs toe genl. De la Rey op partybyeenkomste hom gereeld en openlik beywer het vir die herwinning van onafhanklikheid[312] het Botha en Smuts verkies om hom onder die wanindruk te laat dat hulle sentimente nog onveranderd was.[313] Die hoofverantwoordelikheid vir die verdere ongelukkige verloop van sake berus dus onteenseglik by beide Botha en Smuts.

Genl. De Wet het na 'n besoek aan genl. De la Rey op sy plaas[314] na Bloemfontein vertrek waar genl. Hertzog hom gemaan het om nie onverantwoordelik op te tree nie. Genl. Beyers het vir De Wet oortuig om onder geen omstandighede wapens te gebruik om hulle besware af te dwing nie.[315] Genls. de la Rey en Beyers het daarop die leiding geneem in 'n vreedsame "gewapende protes", wat toegeneem het in omvang en intensiteit, omdat dit duidelik geword het dat Botha en Smuts nie net vrywilligers in die veldtog teen Suidwes-Afrika (vandag Namibië) sou gebruik nie.[316]

---

308 Engelenburg, p. 246.
309 H. Oost, *Wie is die skuldiges?*, p. 101.
310 *Ibid.*, pp. 43, 101-102; Meintjes, pp. 337-338; Van Schoor, *Kemp*, p. 16.
311 Van Schoor, *Kemp*, p. 16.
312 Oost, p. 102.
313 *Ibid.*, p. 103; Meintjes, p. 345.
314 Scholtz, *Rebellie*, pp. 87-88; Van Schoor, *Rebellie*, p. 202.
315 Van Schoor, *Rebellie*, pp. 202-203.
316 *Ibid.*, p. 273.

In opdrag van genl. De la Rey is ’n vergadering vir 15 Augustus 1914 op Treurfontein belê.[317] Genl. Kemp wat van die vergadering verneem het, het die regering daarvan in kennis gestel.[318] Daarop het Botha vir De la Rey na Pretoria ontbied, waar hulle daarin geslaag het om hom te kalmeer.[319] Genl. De la Rey was heeltemal verwilderd by die besef dat Botha en Smuts hulle plegtige ooreenkoms verbreek het. “This was the greatest shock of De la Rey's life. Botha and Smuts […] deliberately deluded [him].”[320]

Op Woensdag, 9 September 1914 het genl. Botha tydens ’n buitengewone sitting van die parlement[321] verklaar dat Suid-Afrika as deel van die Britse Ryk ipso facto in oorlog met 'n gemeenskaplike vyand verkeer. Daar was net twee weë oop: die een van trou, plig en eer en die ander van afvalligheid en eerloosheid.[322] Botha se voorstel is met 91 teen 12 stemme in die volksraad en met 24 teen vyf in die senaat aanvaar.[323] Genl. de la Rey het dadelik na die stemming teruggekeer na Transvaal om met genl. Beyers te beraadslaag. Beyers het op dieselfde dag, 15 September 1914, sy bedanking as kommandant-generaal van die Verdedigingsmag van die Unie ingedien. Hy en De la Rey het beplan om dieselfde aand van 15 September 1914 per motor na Potchefstroom te reis. Op pad daarheen het genl. De la Rey tragies gesterf toe hulle in 'n hinderlaag ingery het wat skynbaar vir die berugte Foster-bende opgestel was.

Hardnekkige gerugte het egter onmiddellik die ronde begin doen dat genl. De la Rey as deel van ’n komplot vermoor is.[324] By gebrek aan voldoende getuienis kan hieroor bloot bespiegel word. Wat wel seker is, is dat verskeie “toevallighede” nooit behoorlik opgeklaar is nie en dat, sou De la Rey en Beyers geslaag het in hulle beoogde doel, soos deur Beyers uiteengesit by die geregtelike ondersoek, dit ’n groot verleentheid vir Botha en Smuts sou gewees het. Die siening dat De la Rey se dood nie ’n ongeluk was nie, het ook by lede van die Grobbelaar-familie posgevat en hulle

---

317 Van Schoor, *Kemp*, p. 21; Scholtz, *Rebellie*, p. 43-44; Meintjes, p. 345.
318 HS Webb, *Oorzaken van de Rebellie*, pp. 11-12, 48; Meintjes, pp. 348.
319 Meintjes, p. 350.
320 *Ibid*., p. 345.
321 HC Hopkins, *Maar één soos hy*, p. 224.
322 Van Rooyen, p. 10; Hopkins, p. 224; Van Schoor, *Rebellie*, p. 203; Oost, p. 111.
323 Hopkins, p. 225; Scholtz, *Rebellie*, pp. 92-93.
324 Meintjes, pp. 387-388; Oost, pp. 133-144.

het vas geglo dat genl. Smuts ’n aandeel daarin gehad het.[325] Hoewel hulle dit nie met werklike bewyse kon staaf nie, is dit steeds ’n siening wat in die Grobbelaar-geledere aangetref word.

In opdrag van genl. De Wet moes soveel protesvergaderings moontlik gereël word.[326] Daarop het protesvergaderings in Heilbron, Vrede en ander dorpe in die Vrystaat gevolg. Genl. de Wet het op 2 Oktober 1914 op ’n Nasionale Party-vergadering op Potchefstroom gesê hy bly by sy standpunt dat genl. De la Rey nie per ongeluk doodgeskiet is nie, asook dat jong Afrikanerseuns gebruik word om Brittanje se kastaiings uit die vuur te krap.[327] Intussen het lt.-kol. Manie Maritz gerebelleer en na die Duitsers oorgeloop en het die rebellie gestalte begin aangeneem. Genl. Smuts het gedreig om burgers te kommandeer om Maritz en sy volgelinge tot hul sinne te bring. In reaksie daarop is op verskeie plekke rebelle-kommando's op die been gebring.[328] Om gemoedere te help bedaar, het pres. Steyn genl. De Wet versoek om hom by Onze Rust te besoek. Op 11 Oktober is pres. Steyn in ’n telegram van genl. Botha meegedeel dat krygswet die volgende dag afgekondig sou word. Botha het gevoel ’n woord van pres. Steyn sou help om gemoedere te kalmeer. Steyn se reaksie was dat dit nie moeilik is om verraad af te keur en Maritz se daad te veroordeel nie, maar dan moet hy ook ewe openhartig aan die volk sê dat hy die regering se politiek om Duits-Suidwes-Afrika binne te val, ook ten sterkste afkeur.[329]

By Koppies is ’n voorstel aanvaar dat alle verdere maatreëls aan genl. Beyers in die Transvaal en genl. De Wet in die Vrystaat oorgelaat sou word. Die besadigde genl. Beyers wou die protes die vorm van lydelike verset laat aanneem. Genl. De Wet wou ’n gewapende demonstrasie hê, sonder werklike helderheid oor die gedragslyn wat gevolg moes word.[330] Verskeie van genl. De Wet se oud-kommandante het na die Koppies-vergadering begin optree en Heilbron, Reitz, Ventersburg, Koppies, Senekal, Vredefort, Parys en Bethlehem is beset.[331] Dit was tyd vir die Vrystaters om standpunt in te neem oor die gebeure, so ook die Grobbelaar-familie. Met

---

325 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 19 Maart 1955.
326 Van Schoor, *Rebellie*, pp. 207-208.
327 *Ibid.*, p. 209; Kestell, *Christiaan de Wet*, pp. 184-186.
328 Booyens, *Die lewe van D.F. Malan*, pp. 274-275.
329 Van Schoor, *Rebellie*, p. 210; Van der Merwe 2, pp. 301-302.
330 Van Schoor, *Rebellie*, pp. 214-215.
331 *Ibid.*, p. 217.

uitsondering van die Griesels en ook Jan Grobbelaar van Erfdeel, seun van Kotie Grobbelaar, was die ander steeds volgelinge van genl. Hertzog. Pieter Grobbelaar van Kroonpost en sy seuns het nie gerebelleer of die rebelle gesteun nie, maar was ewe sterk gekant teen Suid-Afrika se deelname aan ’n oorsese oorlog. Hulle was tevrede dat hulle siening deur die Nasionale Party in die parlement verteenwoordig is. Hulle simpatie was meer aan rebelle- as aan regeringskant. Die konstitusionele weg was vir hulle die enigste weg om te volg.[332]

Op 26 Oktober 1914 ontvang die magistraat van Bethulie ’n telegram dat “Onder deze omstandigheden […] de Regeering […] de zaak met krachtig hand aan te vatten […] [Teen] Burgers die […] thuis blijven en zich onthouden van daden van vyandigheden tegen het gezag van de Regeering van de Unie” sou nie opgetree word nie.[333] Opdrag om persone vir diens in die Bethulie-kommando op te roep, is deur kmdt. Griesel uitgereik. Hulle moes om 09:00 op Donderdag 29 Oktober 1914 by die magistraatskantoor aanmeld.[334] ’n Lys van die onwilliges moes gemaak, op hulle wapens beslag gelê en hulle perde vir kommandering beskikbaar gestel word. Burgers het oral botweg geweier om hul wapens af te gee.[335] 'n Groepie burgers wat vir diens in die Bethulie-kommando opgeroep is, het gewetensbesware daarteen geopper. Onder hulle was John Grobbelaar van Kroonpost, seun van Pieter Grobbelaar, wat op 29 Oktober 1914 opgeroep is en op 19 November 1914 weer ontslaan is.[336] As in gedagte gehou word dat John sy moeder in die kamp verloor het toe hy maar skaars agt jaar oud was, is dit duidelik waarom hy nie bereid was om vir Brittanje teen mede-Afrikaners op te tree nie. Op 29 November het 75 lede van die kommando reeds onder bevel van kmdt. Griesel gedien.[337]

Vergeefse pogings is deur genl. Hertzog en dr. Colin Steyn, seun van pres. Steyn, aangewend om genls. De Wet, Beyers en Kemp by Onze Rust bymekaar te bring.

[332] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertellings van ds. FR Grobbelaar, 1951.

[333] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 14; Minister van Verdediging – Magistraat Bethulie, 26 Oktober 1914 (telegram).

[334] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 17 en 62; Kommanderingsinstruksie, 27 Oktober 1914.

[335] Van Schoor, *Rebellie*, p. 217.

[336] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 113; *List of burghers who served for a time, and then returned to their respective homes on account of conscientious scruples*, 19 November 1914.

[337] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 114; *List of burghers on active service*, 29 November 1914.

Genl. De Wet het die voorgestelde ontmoeting met pres. Steyn as 'n set van genl. Smuts gesien om hom van sy kommando weg te lok en dit dan in sy afwesigheid aan te val. De Wet en sy ondersteuners se gemoedstoestand was reeds sodanig dat hy hom nie sou laat oorhaal om af te sien van sy beoogde optrede nie.[338] In 'n telegram aan pres. Steyn voel genl. Smuts dat die situasie sodanig is, dat die publiek nie genoeë sou neem met 'n "totale straffeloosstelling der voornaamste leiders" nie.[339] Tien dae later stel hy pres. Steyn in kennis dat daar nog nie 'n voorneme is om die leiers tereg te stel nie.[340] Genl. De Wet het intussen, na genl. Botha se toetrede aan die hoof van 'n groot regeringsmag, besef dat verdere optrede net onnodige bloedvergieting sou veroorsaak. Hy het ook geweet dat indien hy en sy offisiere in die hande van die regeringstroepe val, hulle van hoogverraad aangekla en moontlik die doodstraf opgelê sou word. Om dié rede wou hy met 25 man Duits-Suidwes-Afrika probeer bereik en het die ander rebelle huis toe gestuur.[341]

Kmdt. Griesel van die Bethulie-kommando rapporteer dat 'n sekere mnr. Baumann aan mnr. JJ Tromp opdrag gegee het om oor die bewegings van rebelle, ook in die Bethulie-distrik, te rapporteer. Griesel wou weet op watter gesag Baumann optree en voeg by dat Tromp nie die geringste invloed onder die burgers het nie.[342] Op 22 November 1914 is hy in kennis gestel dat Tromp deur kapt. Leipoldt aangestel is en is voorgestel dat Griesel hom waar moontlik bystaan.[343] 'n Brief volg hierop as bevestiging van die telegram: "Capt. Leipoldt is organizing a general Intelligence Department in the Orange Free State under instructions from the Minister of Defence, and approached Mr. Tromp through Mr. G. Baumann to collect information for him in the Bethulie District."[344]

Op 24 November 1914 het genl. De Wet by Devondale, noord van Vryburg, oor die Kimberley-Mafeking-spoor gegaan. Met dieselfde dryfkrag van twaalf jaar tevore het

---

338 Van Schoor, *Rebellie*, pp. 219-221.
339 Smuts – Steyn, 8 November 1914 (telegram), soos aangehaal in Van der Merwe 2, p. 315.
340 Smuts – Steyn, 18 November 1914 (telegram), soos aangehaal in Van der Merwe 2, p. 320.
341 Van Schoor, *Rebellie*, pp. 223-225.
342 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 109; Kmdt. Griesel – Disso, 20 November 1914 (telegram).
343 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 127; Disso – Kmdt. Griesel, 22 November 1914 (telegram).
344 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 136; Disso – Kmdt. Griesel, 24 November 1914 (brief).

hy, nou 60 jaar oud, sy makkers dag na dag laat voortry. Vanaf Vryburg het lt.-kol. (genl.) Brits die bevel van die regeringstroepe oorgeneem om met 4 000 man op De Wet en sy rebelle jag te maak. Om hulle ellende verder te verhoog, het die regeringstroepe so ver moontlik elke waterplek beset. Vanaf Haak-en-steek-bult is die agtervolging met die motors weens die nat sand en brandstof wat opgeraak het, gestaak. Met 80 man op vars perde onder bevel van lt.-kol. Jordaan en lt.-kol Swemmer is die agtervolging voortgesit. Op die plaas Waterbury het genl. De Wet en die klompie oorblywende burgers die nag van 29 November tussen doringbome en bosse oornag. Met eerste lig die volgende oggend het genl. De Wet, Japie Neser en Harm Oost opgesaal om verder te trek. Skielik het Jordaan en sy manskappe van alle kante op hulle toegesak en uitgeroep: "Hands up! Hand up!" Sonder om sy hande op te steek, het De Wet kalm van sy perd afgeklim en na Jordaan gestap. Hy het hom herken as een van die mede-ondertekenaars van die Vredestraktaat by Vereeniging. Toe hy sy rewolwer aan hom oorhandig, sê hy: "Ek is bly dat dit 'n Afrikaner is wat my gevang het, want die eer, as dit 'n eer is, kom alleen 'n Afrikaner toe." Genl. De Wet is daarna na die Fort in Johannesburg geneem waar hy saam met die belangrikste rebelle-offisiere tot en met sy verhoor aangehou is.[345]

Die afdeling van die Bethulie-kommando wat te Springfontein gestasioneer was, het gerapporteer dat 'n mag van 40 rebelle onder vdkt. Van Schalkwyk by Slachterskop verby beweeg het in die rigting van Trompsburg.[346] Op 5 Desember 1914 hou twee gewapende rebelle 'n fietsryer naby Trompsburg aan. 'n Patrollie word uitgestuur en rapporteer sewe gewapende mans naby Korthoek, sowat 16 km van Trompsburg. Van Schalkwyk het ook 16 gewapende manne op die grens van Trompsburg en Smithfield en agt man te Rietgat in die distrik Smithfield gehad. Die name van die 16 was bekend.[347] Op 6 Desember 1914 is Van Schalkwyk se mag van ongeveer 200 rebelle naby Zuurfontein op die pad na Edenburg, 25 km van Smithfield, gewaar. Die rebelle het gemeld dat hulle twee van Bethulie-kommando se verkenners gevang en ontwapen het.[348] Hier word blykbaar verwys na 'n insident op 5 Desember 1914 toe

---

[345] Van Schoor, *Rebellie*, pp. 226-229.

[346] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 210; Lt. Bisset Springfontein – Kmdt Griesel, (ongedateer, maar pas hier in volgens die chronologie van gebeure).

[347] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 188; Magistraat Smithfield – Magistraat Bethulie, 5 Desember 1914.

[348] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 193; Onbekende afsender – Kmdt. Griesel, Desember 1914.

twee verkenners te Breipaal deur rebelle gevang en hulle perde afgeneem is. Dit moes met hierdie teenwoordigheid van die rebelle naby Breipaal gewees het dat ’n skermutseling ook op Kroonpost plaasgevind het. Dit is nie seker of die Bethulie-kommando daarby betrokke was nie, want dit word nêrens in enige rapport aan Bloemfontein vermeld nie. Fred Grobbelaar, die jongste seun van Pieter Grobbelaar, toe ongeveer tien jaar oud, het vertel hoe hulle een oggend skote op die plaas gehoor het. Toe hy by die voordeur uitloer, het hy beweging gesien in die turksvylaning wat ongeveer 300 meter links voor die huis gelê het. Hy is onmiddellik beveel om terug te kom in die veiligheid van die huis. Na ’n kort hewige vuur is die skermutseling gestaak en het die rebelle weggejaag in ’n noordoostelike rigting, dit wil sê in die rigting van Breipaal. Na hierdie gebeurtenis was daar nie weer enige skermutseling op Kroonpost nie.[349]

Kmdt. Griesel rapporteer die teenwoordigheid van hierdie sterk rebellemag en meld dat hy 40 berede manne beskikbaar het om teen hulle op te tree. Die res van sy manne moes gelaat word om die brûe te bewaak. Hy vra of hy moes optree en of enige ander regeringsmag reeds besig was met optrede teen hierdie rebelle.[350] Kmdt. Griesel is in kennis gestel dat ’n mag reeds aangewys is om teen die betrokke groep rebelle op te tree, maar dat hy sy 40 berede manne gereed moes hou.[351] Op dieselfde dag nog volg die opdrag om onmiddellik teen die rebelle te beweeg.[352] Kmdt. Van der Merwe versoek hom om dadelik in die afgesproke rigting te vertrek en te rapporteer indien hy iets gewaar.[353] Die gekombineerde operasie was blykbaar suksesvol, want kmdt. Griesel stel die adjudant op Bethulie in kennis dat die meeste rebelle nou in klein groepies in die noordweste van die distrik versprei was.[354] Hy is in kennis gestel dat vdkt. Van Schalkwyk met 50 man te Boontjesfontein, Knelpoort en Klipfontein was en dat kmdt. Maynier reeds met ’n afdeling gestuur is om die rebelle na Boesmansberg te jaag. Griesel is beveel om die rebelle voor te sit en te vang.[355]

---

349 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertellings van ds. Fred Grobbelaar, 1951.

350 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 190, Kmdt. Griesel – Disso, 6 Desember 1914.

351 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 195, Disso – Kmdt. Griesel, 6 Desember 1914.

352 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 196, Disso – Kmdt. Griesel, 6 Desember 1914.

353 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 209, Adj. du Plessis – Kmdt. Griesel, 12 Desember 1914.

354 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 211; Kmdt Griesel – Adj. De Wet, 12 Desember 1914.

355 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 215; Vdkt. P.J. du Plessis – Kmdt. Griesel, 15 Desember 1914.

Hierna het die rebelle se bedrywighede in die Bethulie-gebied in duie gestort. ’n Opdrag volg dat die kommando's in No 11 Militêre Distrik nie ontbind sou word voor die situasie heeltemal opgeklaar het nie. Kommando's mag egter binne perke verslappende maatreëls instel, maar ’n akkurate naamlys van die kommando moes dringend voorsien word met vermelding van volle naam, plaas en magistraatsdistrik, en ’n aanduiding van elke lid se tekorte met betrekking tot perd, saal, geweer en uitrusting.[356]

Kmdt. Griesel het oor hierdie tydperk met verskeie persone probleme ondervind. In ’n brief op 15 Desember 1914 beweer mnr. JJ Tromp, die aangestelde inligtingsman van kapt. Leipoldt: “De algemeene handelwijze van de kommandant van de uitbreek van de rebellie toont aan dat hij het werk doet niet omdat hij met de regering of Regerings Partij instemd maar meer om de vertrouwen van de regerings ondersteuners te verminderen en om de ondersteuning van de Anti-regerings Partij te behouden […] Ik ging toen op toestemming van eenige personen om met hom te spreken […] Hij heeft gevloek en geraas […] maar McDonald en ik die de voornaamste is van de Regerings Partij in het distrikt kreeg 15 minuten tijd om de kommando te verlaten […] De regering mannen werden nooit ingeroepen of geinsulteerd (?) door de kommandant, maar wel de leiders van de Nationale Partij waaraan de kommandant behoorde […] De veldkornet August Andresen […] is een duitser van geboorte.”[357]

Die implikasie van die brief was dat Griesel dislojaal was omdat hy ’n ondersteuner van die Nasionale Party was. Dit was beslis nie waar nie, want dit was altyd in familiegeledere bekend dat hy ’n stoere ondersteuner van genls. Botha en Smuts was. Dit wil voorkom of Tromp se aantygings gesien moet word teen die agtergrond van kmdt. Griesel se vroeëre navraag oor Tromp se status om onafhanklik inligting in die gebied van die Bethulie-kommando in te samel. Dit moes op grond daarvan wees dat Tromp hierdie brief gerig het. Die insident het egter nie daar geëindig nie, want in die kerkraadsnotule van 4 Maart 1916 is genotuleer dat onvrede tussen Tromp en McDonald en kmdt. Griesel geheers het. Tromp was oënskynlik bereid om met

[356] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 208, Disso – Kmdt. Griesel, 12 Desember 1914.

[357] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 212a, JJ Tromp – kapt Brink, Tempe, 15 Desember 1914.

Griesel versoen te word, maar toe hy die daad by die woord moes voeg, was hy tog nie bereid om dit te doen nie. Daar is genotuleer dat McDonald en Griesel wel versoen is.[358] Die logiese afleiding is dat hierdie onvrede dus ontstaan het uit kmdt. Griesel se oorspronklike navraag. Ook het Apie Griesel die insinuasies in die brief van Tromp, wat volgens normale militêre gebruik aan hom gestuur is, onder oë gehad en dit as beledigend vertolk.

In die Nederduits-Gereformeerde Kerk van die Vrystaat het groot spanning ontstaan, wat vererger is deur pogings van genls. Botha en Smuts om die kerk as ’n werktuig teen die rebelle in te span.[359] Teen hierdie agtergrond het dr. DF Malan hom tydens die verhoor van Jopie Fourie teen die naweek 18-20 Desember 1914 in Pretoria bevind.[360] Hy was saam met di. James en AF Louw na genl. Smuts se kantoor om verlof te kry om die gewonde genl. Muller in die hospitaal te besoek. Die versoek is kortaf geweier, waarna Smuts gekla het dat die inbors en gedaante van die Afrikanervolk heeltemal verander het. Dr. Malan se reaksie daarop was dat ’n individuele mens nog moontlik so ’n spoedige en radikale verandering kon ondergaan, maar vir ’n volk as geheel was dit onmoontlik. “Maar mag ek aan u hierdie vraag stel? Waar die volk dieselfde moes gebly het, het u en genl. Botha nie miskien verander nie?”[361]

Kmdt. Jopie Fourie is na sy gevangeneming op 16 Desember 1914 onmiddellik voor 'n krygsraad gedaag en ter dood veroordeel.[362] ’n Deputasie waarvan dr. Malan lid was, is op 18 Desember 1914 na genl. Smuts gestuur met ’n petisie om begenadiging, maar moes onverrigter sake terugkeer na Pretoria.[363] Genl. Smuts was onverbiddelik, want Fourie was skuldig en moes sterf.[364] Nadat die vonnis bekragtig is, sou dit dieselfde nag nog voltrek word, hoewel aangedui is dat hy die petisie om begenadiging die volgende oggend om 10:00 sou ontvang. Fourie is om 05:00 deur ’n vuurpeloton tereggestel. Die skote wat Fourie gedood het, het figuurlik gesproke oor die hele Suid-Afrika weergalm, toe ds. Chris

---

[358] KAV: Bethulie-gemeente, Notule van gewone kerkraadsvergadering, 4 Maart 1916, paragraaf 8.
[359] Van Rooyen, pp. 25-26; D.F. Malan, *Afrikaner volkseenheid*, pp. 20-21.
[360] Van Rooyen, p. 26.
[361] Malan, p. 21.
[362] Van Rooyen, p. 17.
[363] Van Rooyen, pp. 27-28; Booyens, pp. 280-282; Malan, pp. 22-23.
[364] Crafford, p. 123.

Neethling, wat tot die einde saam met Jopie Fourie was, die heldhaftigheid en geloof waarmee hy die dood in die gesig gestaar het, bekend gemaak het.[365] Emmie Rothmann het die mening uitgespreek dat die doodskiet van Jopie Fourie ’n sleutel tot Smuts se karakter bevat het, in die woorde van ’n bekende van haar, Mathys le Roux: “Smuts het nie hart nie”.[366] Ander, soos genl. De Wet, was ook skuldig, maar Smuts sou dit nie waag om hom aan te raak en hom dood te skiet nie, maar iemand moes boet. Van Jopie Fourie moes ’n voorbeeld gemaak word. Hoewel genl. Smuts tegnies geregtig was om Fourie te laat teregstel, omdat hy nie sy kommissie in die Aktiewe Burgermag bedank het voordat hy gerebelleer het nie, het Smuts se politieke oordeel hom met die teregstelling van Fourie in die steek gelaat, want met hierdie daad waarvoor hy nooit vergewe sou word nie, het hy van die Afrikaner ’n vyand gemaak.[367] Jopie Fourie het oornag ’n legende, volksheld en martelaar geword.

Daarop is ’n dringende byeenkoms van die Raad van Kerke belê.[368] Daar was gegronde redes om te aanvaar dat Jopie Fourie nie die enigste rebel sou wees wat met sy lewe sou boet nie. As moontlike kandidate is die name van Jacques Pienaar, latere administrateur, genls. Manie Maritz, Kemp en Wessel Wessels ook genoem.[369] Hierdie weergawe van dr. Malan stem grootliks ooreen met Harm Oost se relaas waarvolgens genl. Wessels en kol. Döhne van die Fort in Johannesburg na Pretoria geneem is om deur ’n militêre hof verhoor te word. Hulle het alreeds aanvaar dat hulle ook tereggestel sou word, maar ’n paar dae later was hulle lewend terug in die Fort.[370] By ’n geslote vergadering van die Raad van Kerke op 27 Januarie 1915 in Bloemfontein was twee vreemdelinge aanwesig. Op die voorsitter se vraag wie hulle was, het hulle geantwoord dat hulle deur genls. Botha en Smuts gestuur is om te luister wat bespreek en besluit word.[371] Die voorsitter het hulle summier en sonder seremonie uitgejaag met die woorde dat die kerk vry was en nie onder enige regering of wêreldlike mag gestaan het nie. Daarop het die vergadering die regering dringend

---

365 Booyens, pp. 280-282; Malan, pp. 22-23.
366 Rothmann, p. 179.
367 Crafford, p. 123.
368 Van Rooyen, pp. 28-29; Malan, p. 26.
369 Malan, p. 26.
370 Oost, p. 304.
371 Van Rooyen, pp. 30-31.

versoek om geen verdere gevange rebelle tereg te stel nie.[372]

Harm Oost het later ’n verslag ontvang wat opgestel is deur ’n amptenaar wat teenwoordig was by ’n kabinetsvergadering waar die strawwe vir die rebelle bespreek is. Die minister van Landbou, mnr. Harry van Heerden, het gesê hy het gehoor dat nog meer mense tereggestel sou word. Dit is deur beide genls. Botha en Smuts bevestig. Daarop het Van Heerden kennis gegee het dat hy in dié geval as minister sou bedank. Hy is gevolg deur sir Jacobus de Villiers Graaff wat eweneens verklaar het dat hy ook sou bedank. Daarop het mnr. FS Malan, die derde Kaapse minister, ook laat blyk dat hy, soos sy twee kollegas, ook sou bedank. Genls. Botha en Smuts was nou in die moeilikheid, want hulle het toe reeds Vrystaatse politieke steun verloor. Sou hulle boonop nog die steun in die Kaap verloor, het hulle slegs Natal en hoogstens ’n deel van Transvaal agter hulle gehad. Dit sou die einde van hulle regering, asook hul deelname aan die Wêreldoorlog I beteken het. Daarop is besluit om die rebelle voor spesiale howe te daag wat nie die doodstraf sou kon oplê nie.[373]

Dit was duidelik dat die geweldige indruk wat die teregstelling van Jopie Fourie op die Afrikanervolk gemaak het, gevolg deur die besluit van die Raad van Kerke, en die politieke moed van die drie Kaaplandse ministers ongetwyfeld rebellelewens gered het. Onder die Grobbelaars was die gevoel dat hierdie uiteindelike optrede van Botha en Smuts nie toe te skryf was aan ’n gesindheids- of hartsverandering nie. Hoogstens wou hulle hul politieke lewens daarmee red.[374] Volgens Marthie Grobbelaar was ’n gesindheidsverandering by genl. Smuts nie moontlik nie, want hy was gevoelloos.[375]

Op 28 Desember 1914 volg ’n opdrag van die Departement van Verdediging dat “all stock taken from rebels must be handed back to them”.[376] Hierdie skrywe is op 6 Januarie 1915 opgevolg met ’n dringende versoek dat verseker word dat die name van alle prominente persone in die Bethulie-distrik wat aan die Rebellie deelgeneem

---

372 Malan, pp. 28-29.
373 Oost, p. 304.
374 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 24 Augustus 1975.
375 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 19 Maart 1955.
376 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 242; Disso – Kmdt. Griesel, 29 Desember 1914.

het, finansiële of ander ondersteuning aan die rebellebeweging gegee het, of wat as offisiere en leiers in die rebellemagte gedien het, bekend gemaak word.[377] ’n Implikasie van hierdie opdrag was dat beplan is om een of ander vorm van stappe teen hierdie mense te neem, nadat hulle leiers tereggestel is.

In Kaapland het die Nasionale Party op hierdie stadium nog nie bestaan nie. Iets moes gedoen word om die Nasionale Party se stem in Kaapland te laat hoor en die rebelle te help.[378] Vir die doel is in Desember 1914 ’n komitee in die lewe geroep om ’n nasionaalgesinde koerant te stig. ’n Lid van die komitee, mnr. WA Hofmeyr, het in April 1915 vir dr. Malan in Graaff-Reinet besoek om hom te oorreed om redakteur van die nuwe koerant te word. Hierdie versoek aan Malan het landwye steun ontvang, soos ook van pres Steyn, genl. De Wet en die rebelle-offisiere in die Fort en genl. Hertzog.[379] Daarop het dr. Malan die bediening verlaat om redakteur van die nuwe koerant, *Die Burger*, te word.

Op 9 Junie 1915 is genl. De Wet in die Hooggeregshof in Bloemfontein verhoor, op 21 Junie 1914 aan hoogverraad skuldig bevind, en gevonnis tot ses jaar tronkstraf en ’n boete van £2 000.[380] Die Generaal-de-Wet-Halfkroonfonds is onmiddellik geloods om De Wet se boete te betaal en binne vier maande is meer as 32 000 halfkrone, oftewel meer as £4 000, ingesamel, sodat ook ander rebelle se boetes daarmee betaal kon word.[381] Hoewel die Grobbelaar-familie neutraal gebly en die rebellie veroordeel het, het hulle bygedra tot hierdie fonds.[382] Dit wil voorkom of die bedoeling steeds was om genl. De Wet te verneder, want hy is meegedeel dat hy soos ’n gewone kriminele gevangene alle voorregte sou verbeur, bandietklere moes dra en alleen in ’n sel opgesluit sou word. Toe egter verneem is dat sy baard ook afgeskeer sou word, het senator WFC Brebner en pres. Steyn ’n beroep op die minister van Justisie gedoen om hom nie soos ’n gewone bandiet te behandel nie. Die versoek is toegestaan.[383]

---

377 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 256; Disso – Kmdt. Griesel, 8 Januarie 1915.
378 Le Roux et al., p. 53.
379 Van Rooyen, pp. 32-34; Malan, pp. 33-34.
380 Van Schoor, *Rebellie*, pp. 231, 235; Kestell, *De Wet*, p. 233.
381 Kestell, *De Wet*, p. 233.
382 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 19 Maart 1955.
383 Van Schoor, *Rebellie*, p. 235; Kestell, *De Wet*, pp. 235-236.

’n Landwye oproep om genade is geloods en die Afrikanervroue is versoek om in ’n reuse optog na die Uniegebou te stap om ’n petisie om amnestie aan die veroordeelde rebelle aan die goewerneur-generaal te oorhandig. Op 4 Augustus 1915 het die vroue, meestal in swart geklee, stil en waardig na die Uniegebou gestap en die petisie met ongeveer 42 000 handtekeninge daar oorhandig.[384] Prominente persone soos pres. Steyn en genl. Hertzog, asook die provinsiale Nasionale Party-kongresse, die Genl-De Wet-Monsterkomitee, en die Nederlands-Zuid-Afrikaansche Vereeniging het hulle almal by die vertoë om amnestie aangesluit.[385] Die gevolg was dat genl. De Wet na ongeveer twaalf maande op parool vrygelaat is.[386]

## 6. DIE HELPMEKAARBEWEGING

Die vonnisse wat die rebelle moes uitdien, het beteken dat hulle vir vyf tot ses maande weg van hulle huise sou wees. Dit het veroorsaak dat baie gesinne hulpbehoewend geword het, aangesien hulle sonder ’n broodwinner en ’n inkomste was. Die swak toerusting waarmee die rebelle op kommando gegaan het, het veroorsaak dat rebellekommando's begin het om benodigde goedere op te kommandeer. Berigte in die hoofsaaklik vyandige pers het geïmpliseer dat winkeliers en boere in die noordelike distrikte ongeveer £200 000 skade gely het en dat baie van hulle onmiddellike hulp benodig het.[387] Om vir hierdie verliese te vergoed, het die regering verklaar dat eiendom van rebelle wat nie voor 21 November 1914 vrywillig sou oorgee nie, aangewend moes word om vir direkte verliese of skade wat lojale burgers gely het, te vergoed. Daardeur is die beginsel gevestig dat die rebelle moes opdok vir die skade wat hulle aangerig het.[388]

’n Regterlike kommissie wat die aangeleentheid moes ondersoek, het besluit dat rebelle en hulle simpatiseerders geheel en al van skadevergoeding uitgesluit sou word, ook in gevalle waar hulle deur die regeringsmagte aan plundering onderwerp is. Die totale bedrag van die eise het die rebelle tot op die rand van bankrotskap gehad. Dit was veral vermoënde persone wat deurgeloop het, omdat die lojaliste

---

[384] Kestell, *De Wet*, pp. 238-243.
[385] Van Schoor, *Rebellie*, p. 239.
[386] *Ibid.*, p. 240; Kestell, *De Wet*, p. 244.
[387] A Ehlers, *Die Helpmekaarbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare, 1915-1920,* pp. 4-8.
[388] *Ibid.*, pp. 9-10

eerder eise ingedien het teen diegene van wie dit die maklikste verhaal sou kon word. Sommige eisers was billik, maar die groot meerderheid het hulle probeer wreek op die rebelle. In sommige gevalle is goedere van rebelle wat nog in die gevangenis was selfs onwettig op hulle plase gekonfiskeer. Redding vir die rebelle was nou slegs moontlik deur georganiseerde en beplande samewerking.[389] Dit wil voorkom of die opgawe wat kmdt. Griesel vroeg op 8 Januarie 1915 moes indien ten opsigte van die identiteit van rebelle en hulle simpatiseerders aan die regterlike kommissie voorgelê is, om te voorkom dat daardie persone enige vergoeding vir skade, kon ontvang.[390]

Vroeg in 1915 het die Vrystaatse Nasionale Party besluit om hulp te verleen aan die rebelle en hulle by te staan met hulle verdediging teen siviele aksies. Vir die doel is ’n Helpmekaarvereniging in Februarie 1915 op Reitz gestig. Reitz se voorbeeld is gou op verskeie ander dorpe gevolg.[391] Die regering is versoek om uitstel van een maand vir die betaling van eise, en om tegemoetkomend te wees wat betref die perde en eiendom wat die regering gekommandeer het. Die reaksie van die regering was egter heeltemal negatief. Die naam Afrikaner Nationale Helpmekaar Vereniging is toe aanvaar, omdat daar selfs regeringsondersteuners was wat tot die fonds wou bydra en beswaar gehad het teen die naam Rebellefonds.[392]

*Die Burger* het saamgewerk in die poging om die rebelle te help. Na ’n sukkelende begin het dr. Malan ’n brief van mnr. JE de Villiers van die Paarl (die latere Oom Japie Helpmekaar) ontvang met ’n aanbod om £500 by te dra op voorwaarde dat nog 500 persone elk nog £100 sou bydra. Dit het een van die merkwaardigste en vrugbaarste volksbewegings ooit, geloods. Die honderdponde het vinnig en geesdriftig ingestroom. Met die bereiking van die doelwit van £110 000 binne ’n paar maande het die stroom nie opgehou nie en is ’n bedrag van £180 000 uiteindelik ingesamel. Daarvoor “gee ons die eer aan die Vader daarbo, en ons volk is weer een en gered ook also”.[393] Daarmee

389 Ehlers, pp. 9-10; Kruger, *Generals*, p. 95; Schoeman, p. 46; Kruger, *Nation*, p. 95.
390 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling 256, Disso – Kmdt. Griesel, 8 Januarie 1915.
391 Ehlers, pp. 13-14; Kruger, *Generals*, p. 95.
392 Ehlers, pp. 14-18.
393 Paul Grobbelaar-versameling: Gedig deur ds. PJ Marais, leraar op Koffiefontein.

kon die skulde van die rebelle ten volle gedelg word. Daarna is die oorskot benut vir ’n Helpmekaar-studiefonds om hulp aan voornemende studente te verleen, wat “'n lewende monument ter ere van ’n edele en onvergetelike volksdaad” was.[394]

’n Gelyklopende geval was in Kanada waar die Kanadese regering onder derge1ike omstandighede die skadevergoeding wat sy rebelle moes betaal vir sy eie rekening geneem het en so versoening bewerkstellig het. Die houding van genls. Botha en Smuts, gebore Afrikaners en Boeregeneraals, vorm ’n skerp kontras met hierdie Kanadese optrede. Hulle het nie net die He1pmekaar-beweging teengewerk nie, maar dit ook veroordeel as ’n partypolitieke set.[395] Oud-rebelle wat voorheen nie ondersteuners van genl. Hertzog was nie, het nou hulle gewig by hom ingegooi, want hulle het Botha en Smuts vir hulle ondeurdagte optrede blameer. Die herinnering aan die vernietiging van eiendom, asook die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog, het herleef en Botha en Smuts is toenemend as renegate beskou.[396]

Die kerkraad van Bethulie besluit in Maart 1916 om “de oude kerk als vergaderplaats van het Vrouwen Helpmekaar Kongres[397] dat op 6 April e.k. gehouden zal worden af te staan mits dat daar geen politiek zal worden toegelaten. Kerkraadskommissie om het vrouwe komité van het Kongres te ontmoeten, de Brs. Ouderlingen P. Grobbelaar, J.L. Combrinck en F. Viljoen en de Br. Diaken C. Geyer.”[398] In April 1916 het die kommissie “by monde van de Br. Oud. P Grobbelaar” rapporteer dat hulle die Helpmekaar Vrouekomitee ontmoet het.[399]

Die algemene verkiesing van 20 Oktober 1915 is met groot belangstelling deur die rebelle in die Fort gevolg.[400] ’n Besondere kenmerk van die veldtog was die groot bitterheid waarmee dit gepaard gegaan het. Genl. Botha het in sy toesprake sy

---

394 Malan, pp. 36-38; Kruger, *Generals*, p. 95; Giliomee, pp. 337-338.

395 Malan, p. 38.

396 Kruger, *Generals*, p. 95.

397 Aangesien ’n aparte Helpmekaar-aksie vir vroue nie bestaan het nie, moet aanvaar word dat dit ’n byeenkoms vir vroue van dieselfde organisasie was.

398 KAV, Bethulie-gemeente: *Notule van gewone kerkraadsvergadering*, 4 Maart 1916.

399 KAV, Bethulie-gemeente: *Notule van gewone kerkraadsvergadering*, 1 April 1916.

400 Van Schoor, *Rebellie*, pp. 239-240.

optrede tydens die Rebellie probeer regverdig, maar in die Vrystaat en die landelike gebiede van Transvaal en die Kaap is hy uitgelag en uitdrukkings soos “bloedhond”, “moordenaar”, “verraaier” en “Judas” toegeslinger.[401] Op sy Vrystaatse vergaderings het hy die een na die ander mosie van wantroue op die lyf geloop. Dit het hom laat besef dat die Vrystaat vir hom verlore was. In die geloof dat die meerderheid Afrikaners hom steeds gesteun het, het hy genl. Hertzog beskuldig dat hy die skeuring veroorsaak het. In Kaapland het die Nasionale Party intussen aansienlik veld gewen. Invloedryke Afrikanerleiersfigure het openlik die ideale en beginsels van die Nasionale Party voorgestaan.[402]

Die Grobbelaar-familie is meegevoer deur die politieke drif wat die partyvergaderings by hulle opgewek het. Wat hulle betref, het die oomblik van oorwinning en soete wraak gekom. In hulle groeiende entoesiasme het hulle vergesigte van ’n oorwinning by die stembus gehad. Hulle het geglo dat so ’n oorwinning hulle toegekom het, want dit sou aan die Britse Ryk en aan genls. Botha en Smuts toon dat die Afrikaner, ten spyte van teenstand en veragting, oor die inherente krag beskik het om uit die as te herrys. Om die rede was daar vir hulle ’n heilige dimensie aan die veldtog wat hulle vir reg en geregtigheid gevoer het. Hierdie vertelling van Marthie Grobbelaar gee die gemoedstoestand van die Grobbelaar-familie weer.[403] Ook uit die vertellings van Cornelia Grobbelaar, eggenote van Fred Grobbelaar, blyk die atmosfeer van die tyd duidelik. Haar vader, ds. PJ Marais, was die Nederduits-Gereformeerde-gemeente van Koffiefontein se leraar. Op Koffiefontein was ’n groot pro-Engelse element wat in die myn gewerk het. Ds. Marais was ’n openlike Hertzog-ondersteuner en was daarom die skyf van ’n uiters swak element by die myn. Dit het so erg geword dat emmers nagvuil snags op die pastorie se stoep uitgegooi is. Op die tienjarige Cornelia het hierdie optrede ’n onuitwisbare indruk gemaak.[404]

Vir die Nasionale Party was die verkiesing op 20 Oktober 1915 ’n triomf, veral in die Vrystaat, wat bankvas teen Botha gestem het en waar die regering slegs een setel

---

401 Kruger, *Generals*, p. 102.
402 Schoeman, pp. 46-47.
403 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 19 Maart 1955 en ds. P de V Grobbelaar, 24 Augustus 1975.
404 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 28 Februarie 1955.

kon kry, terwyl die res deur die Nasionale Party verower is.[405] Die Nasionale Party het nou 27 verteenwoordigers in die volksraad gehad en die Suid-Afrikaanse Party 59 lede. Die Unionste het 40 verteenwoordigers gekry en die Arbeiders vier setels. Die Nasionale Party het ’n totaal van 78 184 stemme getrek teenoor die 93 484 van die Suid-Afrikaanse Party.[406] Genl. Botha was geskok, teleurgesteld en ontnugterd by die besef dat die grootste gedeelte van die Afrikaners hom nie meer gesteun het nie. Die herontwaking van Afrikanernasionalisme het by hom verbygegaan. Met genl. Smuts besig met die veldtog in Duits-Oos-Afrika (vandag Tanzanië) moes Botha nou alleen voortworstel.[407] In die Grobbelaar-geledere het ’n tipe euforie geheers. Trots het hulle met ’n nuwe selfversekerdheid met hulle lewens voortgegaan.[408] Op Koffiefontein was die haat teen die jingo-element eens so erg, maar was die oorwinning vir die ondersteuners van genl. Hertzog dubbel so soet te midde van die bittere ontnugtering van die regeringsondersteuners. Hoewel nie haatdraend nie, was dit tog vir die Marais-gesin ’n oomblik van soete wraak.[409]

Die oorweldigende oorwinning wat die Nasionale Party in die Vrystaat behaal het, het ’n nuwe politieke selfversekerdheid by die Grobbelaars laat posvat, want die wete was daar dat ’n uiteindelike landwye oorwinning binne bereik was. Toe die opkoms van die Nasionale Party in die loop van die jare in familiegeledere bespreek is, is na hierdie verkiesing verwys as die bewys dat die Afrikaner die keerpunt bereik en weer opgestaan het.[410] Verder het die lewe in Bethulie nou weer sy vredestydse gang gegaan. Op die kerklike front word “de heren W. Grobbelaar en A.D. Herholdt benoemd tot ouditeurs” van die kerk se boeke.[411] Willem Grobbelaar was die derde oudste seun van Pieter Grobbelaar van Kroonpost en vader van ds. P de V Grobbelaar. ’n Struweling tussen Peet Grobbelaar en sy suster, getroud met Abraham Griesel sr., het nou die verhouding versuur. Peet het hom op die kerkraad beroep, en ’n kommissie is aangestel om die onvrede tussen hom en sy suster uit die weg te

---

405 Kruger, *Generals*, p. 102.
406 Schoeman, p. 47.
407 *Ibid*., p. 69; Kruger, *Generals*, p. 105.
408 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 19 Maart 1955.
409 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 8 Julie 1955.
410 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 4 September 1975.
411 KAV: Bethulie-gemeente: *Notule van gewone kerkraadsvergadering*, 5 Augustus 1916.

ruim. Die oorsaak daarvan word nie in die notule verstrek nie.[412] Peet was ’n baie vredeliewende en sagmoedige mens wat dikwels die rol van vredemaker in die omgewing moes speel. Omrede hy die inisiatief by die kerkraad geneem het om die vrede te herstel, is dit ondenkbaar dat hy dit begin het. Die moontlikheid bestaan dat die oorsaak vir die struweling gelê het in die vernederende nederlaag van Botha en Smuts in die Vrystaat. Peet Grobbelaar was in sy hele wese anti-Brits en ’n baie uitgesproke Nasionalis, terwyl die Griesels vir genls. Botha en Smuts ondersteun het.

Op 28 November 1916 sterf pres. Steyn terwyl hy die kongres van die Oranje-Vrouevereniging in Bloemfontein geopen het. Terwyl hy met sy toespraak besig was, het hy sy hand skielik na sy kop gelig en het hy dood inmekaar gesak. Die spontane besluit is daarna geneem om hom aan die voet van die Vrouemonument te begrawe. Dit is as uiters gepas beskou dat hy aan die voete van die moeders van sy volk, wat in sy hart so ’n groot plek ingeneem het, sou rus.[413] Vir die geleentheid het Jan Celliers die volgende gedig geskryf:

"Dis skoon vir ’n held om te val
aan die voete van wie hy gedien het,
    skoon vir sy skeidende gees
    dat moeders die laaste mog wees
wat sijn sterwende oog gesien het.

Maak hom ’n graf op die grond
    wat sy liefde gewy en geseën het:
dis skoon vir ’n held om te rus
    aan die voete van wie hy beween het."[414]

By die graf aan die voet van die monument het die volksleiers hulle verskille vir die paar oomblikke vergeet. Genls. Hertzog, De Wet (pas uit die gevangenis) en Botha het elk hulde aan die gestorwe president gebring.[415]

412 *Ibid*.
413 Van der Merwe 2, pp. 351-353.
414 *Ibid*. 2, p.353.
415 *Ibid*., pp. 353-355.

Met die dood van pres. Steyn is genl. Botha se laaste skakel met die verlede gebreek. Sy hoop vir politieke hereniging van die Afrikaner was tevergeefs, want Afrikanernasionalisme het hom vir goed die rug toegekeer en verwerp, omdat hy daarvan ’n vyand gemaak het.[416] Genl. Smuts het nou al meer op die voorgrond begin tree, terwyl Botha verskeie halfhartige pogings aangewend het om sy verlore aansien onder die Afrikaner terug te wen. So het hy hom probeer identifiseer met Afrikanersentiment toe hy ’n groot saamtrek op 16 Desember 1916 te Paardekraal toegespreek het.[417]

Te midde van hierdie woelinge en strominge op die politieke gebied het die Grobbelaar-familie met hul boerderybedrywighede voortgegaan. Pieter Grobbelaar was glad nie ’n geduldige mens nie en kon nie ’n gesloer in die plaaswerk verdra nie. Sy werksmense moes altyd flink op sy bevele reageer. Fred Grobbelaar was nou reeds op die ouderdom dat hy vir Pieter kon help, veral met stuurwerk. So het hulle een oggend ongeveer 500 meter van die huis aan ’n windpomp gewerk, toe Pieter vir Fred stuur om ’n stuk gereedskap in die waenhuis te gaan haal. Fred het vinnig op ’n drafstap weggetrek waenhuis toe. Op pad daarheen het Pieter op die perd agternagekom en vir Fred met sy sambok aangepor, terwyl hy ongeduldig uitroep: “Toe kêrel toe-toe. Ek het nie die hele môre tyd om te wag dat jy aan die gang kom nie!”[418]

Op 8 September 1917 word Pieter se tweede oudste seun, eerw. Jan Grobbelaar, beroep as sendeling van die Nederduits-Gereformeerde-gemeente Bethulie. Sy beroepbrief is onderteken nadat die kerkraad sy salaris vasgestel het op £150 per jaar, met die vooruitsig van ’n verhoging tot £200.[419] Eerw. Grobbelaar het die beroep aangeneem en sy bevestiging in Bethulie is bepaal vir die eerste Saterdag in Desember 1917.[420] Hy was die eerste Grobbelaar wat hom nie in die boerdery begewe het nie. Vir Pieter Grobbelaar was dit reg so dat hy ’n seun aan die sending-bediening kon afstaan. Dit was deel van sy bydrae vir die saak van die Koninkryk,

---

416 Schoeman, p. 69; Kruger, *Generals*, pp. 95, 105, 109; DF Malan, pp. 36-38; Giliomee, pp. 337-338; CFJ Muller, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 354.

417 Kruger, *Generals*, p. 105; Kruger, *Nation*, p. 106.

418 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertelling van ds. FR Grobbelaar, 1949.

419 KAV, Bethulie-gemeente: *Notule van gekombineerde kerkraadsvergadering*, 8 September 1917.

420 KAV, Bethulie-gemeente: *Notule van gewone kerkraadsvergadering*, 3 November 1917.

want hy was oortuig daarvan dat wit en swart slegs as Christene rondom die evangelie van Jesus Christus in vrede sou kon saamwoon.[421]

## 7. DIE INVLOED VAN DIE VREDE VAN VERSAILLES OP SUID-AFRIKA

Na die samesprekings by Versailles het genls. Botha en Smuts in Parys agtergebly vir die finale afronding van die vredesvoorwaardes en die ondertekening van die Verdrag van Versailles. Daar is baie gepraat oor nasionalisme en die regte van klein nasies. Die Nasionale Party het gevoel dat, indien die regte van klein nasies erken sou word, dit sekerlik ook van toepassing moes wees op die Britse Ryk.[422] Dit was dus die geleentheid om Suid-Afrika se saak vir volledige soewereine onafhanklikheid te bevorder. ’n Afvaardiging, wat misnoeë by Engelssprekendes en die jingo-element uitgelok het, is toe onder leiding van genl. Hertzog na Versailles gestuur. Hulle kon eers op 5 Junie 1919 vir Lloyd George, die Britse eerste minister, te siene kry.[423] Die ontvangs was beleef en Hertzog het hulle saak met groot erns en oortuiging gestel, maar dit was duidelik dat sy pleidooi vrugteloos was. In sy antwoord het Lloyd George later, toe die afvaardiging reeds in Amsterdam was, aangedui dat hy hulle nie as verteenwoordigend aanvaar nie en dat hulle slegs ’n Afrikaanssprekende politieke party verteenwoordig het.[424]

Intussen het genls Botha en Smuts probeer om ’n gematigde optrede teen Duitsland te bewerkstellig, maar tevergeefs. Dit was duidelik dat die atmosfeer om die konferensietafel een van wraak was. Eers toe Duitsland ’n vernederende vredesooreenkoms aanvaar het, was die Geallieerdes tevrede.[425] Smuts, ontnugter oor die wraaksug van die verteenwoordigers van die groot moondhede en oortuig van die kwaad wat die vredesvoorwaardes nog sou stook, het aanvanklik geweier om die traktaat te onderteken. Eindelik, op 28 Junie, teken die twee eertydse Boeregeneraals dit tog, maar Botha maak ’n aantekening op sy papier: “Gods rechten zal op alle volkeren rechtvaardig toegepast word en onder de nieuwe son en wy zullen volharden

---

421 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.

422 Kruger, *Generals*, p. 107.

423 *Ibid*., pp. 107-108.

424 Schoeman, pp. 70-71.

425 Kruger, *Generals*, p. 108.

in het gebed dat dit op den mensdom in liefde, vrede en christelikheid worden toegepast. Vandag gedenk ik 31 Mei 1902 ... Louis Botha."[426] "Op daardie moment was Botha vir 'n wyle nie meer 'n Britse imperialis nie, maar wel 'n Afrikaner wat opnuut die vernedering van die verlede gevoel het."[427]

Vier dae na die ondertekening van die verdrag was genl. Botha op pad huis toe. Aan boord die skip het hy hom eenkant gehou, meestal diep in gedagte versonke. Dadelik na sy aankoms is hy deur sy geneesheer bed toe gestuur.[428] Vroeg op 27 Augustus 1919 is hy oorlede. Toe hy 'n paar dae later in die Helde-akker in Pretoria begrawe is, het genl. Smuts die woord gevoer en gesê dat Botha 'n visioen gehad het van 'n groot Afrikanernasie - nie Hollands of Engels nie, maar net een groot Afrikanernasie in 'n Suid-Afrika wat albei sou omsluit.[429] As gevolg van sy optrede tydens die Rebellie het Pieter en Peet Grobbelaar nie veel simpatie met Botha se lot gehad nie. Daar was by hulle vir hom presies net soveel simpatie oor as wat hy teenoor Jopie Fourie, sy eertydse strydmakker, betoon het. [430]

In Bethulie het die kleindorpse lewe intussen rustig voortgegaan. Daar het eerw. Grobbelaar in die sendinggemeente baie goeie diens gelewer en het die kerkraad besluit om se salaris op te skuif na £200 per jaar.[431] Sy oom, Kotie Grobbelaar van Cyferfontein, wat maar een jaar ouer as hy was, en wat tot nog toe as diaken gedien het, is in September 1920 vir die eerste keer as ouderling verkies.[432] Pieter Grobbelaar is in Oktober 1920 weereens tot ouderling verkies.[433] Die rol wat die Grobbelaar-familie op kerklike gebied in Bethulie gespeel het, is hierdeur opnuut sterk beklemtoon. Teen 1920 het Pieter Grobbelaar nog op Kroonpost geboer, bygestaan deur sy seun John, terwyl sy seuns Adriaan (genoem Aderjan) en Willem op Rustplaats en Harm op Blaauwfontein geboer het. Pieter en Lenie se jongste seun, Fred, was in die Hoër Jongenskool op Bethlehem en die jongste dogter, Mathilda, in

---

[426] Meiring, p. 31; Scholtz, *Politieke denke* 6, p. 371; Kruger, *Generals*, p. 108.
[427] Scholtz, *Politieke denke* 6, p. 371.
[428] Meiring, p. 31.
[429] *Ibid.*; Kruger, *Generals*, p. 109.
[430] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Marthie Grobbelaar, 19 Maart 1955.
[431] KAV, Bethulie-gemeente: *Notule van gewone kerkraadsvergadering*, 17 April 1919.
[432] KAV, Bethulie-gemeente: *Notule van gekombineerde kerkraadsvergadering*, 4 September 1920.
[433] KAV, Bethulie-gemeente: *Notule van gekombineerde kerkraadsvergadering*, 16 Oktober 1920.

Bethulie op skool.[434] Peet Grobbelaar is op Meyerskraal bygestaan deur sy seun, Peet.[435] Apie Griesel jr. het op Klein Zuurfontein geboer en sy broers, Attie en Faan, op Springbokfontein.[436]

## 8. GEVOLGTREKKINGS

Die Grobbelaar-familie se naoorlogse gesindheid het duidelik getoon dat die Britse imperialisme nie oor die vermoë beskik het om die reaksie op sy optrede te voorsien en te akkommodeer nie. Die gevolglike debakel met repatriasie en kompensasie het vir Brittanje die wantroue van die Afrikaner op die hals gehaal, ook van diegene wat gedurende die oorlog ontrou was aan die Boeresaak. Die voordeel daarvan was dat dit juis hierdie Britse onvermoë was dat gelei het tot versoening in Afrikanergeledere om ’n verenigde front teen die Britse imperialisme te vorm.

Die Grobbelaar-familie se reaksie op die gebeure kan beskryf word as die ontstaan van ’n reaktiewe vorm van nasionalisme in reaksie op die Britse imperialisme se blatante poging om hulle te verengels. Juis dit het by hulle ’n liefde vir hulle eie moedertaal gewek, sodat hulle voortaan by voorkeur Afrikaans gebruik het. Ook het hulle reaksie aanleiding gegee tot ’n siening dat daar nooit weer toegelaat moes word dat swart en bruin die toekoms van die Afrikaner bepaal of beïnvloed nie. Die gepolariseerdheid wat uit die verdeel-en-heers-politiek van die Britse imperialisme in Suid-Afrika ontstaan het, het voorkom dat die kwessie van swart regte by die Nasionale Konvensie hanteer en opgelos kon word.

Namate die Grobbelaars hulle vertroue in genls. Botha en Smuts verloor het, het hulle hul lojaliteit verplaas na genl. Hertzog, wat vir hulle die redder van die Afrikaner was. Vir Pieter Grobbelaar en sy broers, met hulle sterk ontwikkelde sin vir reg en geregtigheid, het Botha en Smuts se optrede om genl. De la Rey twaalf jaar lank onder ’n wanindruk te los oor hulle veranderde lojaliteit, direk gelei tot die

---

[434] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertellings van ds. Fred Grobbelaar, 1949.
[435] *Braby’s Orange Free State Directory* (1920).
[436] *Ibid*.

dood van genls. De la Rey en Beyers en die teregstelling van Jopie Fourie. Dit was vir hulle onbegryplik dat ’n patriot soos hy gedood moes word en genl. De Wet en ander Afrikaners deur tronkstraf verneder moes word.[437] Genls. Botha en Smuts het vir goed die vertroue van die familie verloor deur hulle ongevoeligheid vir Afrikanerbelange en ’n oorgevoeligheid vir die belange van die Britse Ryk. In die woorde van HS Fremantle, ’n Engelssprekende lid van die volksraad, ”was it not the task of statemanship to make the Boer people reconciled to the new conditions […] The great task was not to conciliate the English, but the old burghers of the Transvaal and Free State.”[438]

Daarteenoor het genl. Hertzog weer aan die Grobbelaars ’n gevoel van eiewaarde en Afrikanertrots gegee. Onder sy leiding het die nasionalisme, gebore uit die versoening van afvallige en bittereinder, in teenstand teen die Britse Ryk, vinnig deur die Vrystaat versprei en inhoud gegee aan die sentimente van die Grobbelaar-familie. Die Brandfort-kongres het dus die één enkele groot bydrae gelewer tot volkseenheid, waarna die Afrikaner as 'n verenigde volk “uit die puin van verdrukking en verdeeldheid aan die herrys was”.[439]

---

437 *Ibid.*
438 Hansard, 29 Maart 1915, kol. 738-739, soos aangehaal in Scholtz, *Politieke denke* 6, p. 240.
439 *Ibid.*, p. 72.

# HOOFSTUK 5

# SAAMWERK OF WEGBREEK, 1920 - 1939

## 1. INLEIDING

Vir die Grobbelaar-familie het ’n tyd van groot verandering op politieke gebied voorgelê. Genl. Smuts het in moeilike omstandighede die leisels van genl. Botha oorgeneem. Die reputasie van die Suid-Afrikaanse Party (SAP) was aan flarde wat ’n groot gedeelte van die Afrikanervolk betref. Die politieke verhoog moes nou plek maak vir ’n suiwer verstandsmens, wie se hart in die vergadersale van Europa was. Die aanslag en aksent van die Suid-Afrikaanse politiek sou groot veranderings ondergaan. Tot met die dood van genl. Botha het die politiek in die teken van die nawerking van die Anglo-Boereoorlog gestaan. Die politiek van genl. Smuts sou egter spoedig ’n verandering hierin bring toe die SAP, met sy Afrikanerwortels, met die Unioniste saamgesmelt het. Hierdie samesmelting sou Smuts nog verder van die Afrikaner vervreem. Die optrede van genl. Smuts tydens die mynwerkerstaking van 1922 het sy politieke lot beklink, want die uitslag van die verkiesing van 1924 het sy vervreemding van die Afrikaner bevestig. By hierdie nuwe aksent moes die Grobbelaars hulle aanpas. Vir hulle was die keuse egter eenvoudig, want vir hulle was Suid-Afrika en die Afrikaner altyd eerste.[1]

Toe die Pakt in 1924 aan die bewind kom, het verskeie praktiese stappe wat die Pakt-regering geneem het om hulle onafhanklikheid van die gehate Britse Ryk prakties te demonstreer vir die Grobbelaar-familie die soet smaak van oorwinning laat ervaar. Die vernedering en hartseer van die Anglo-Boereoorlog, die heropbou sonder enige daadwerklike hulp van regeringskant, en die pogings van gewese Boereleiers om hulle in te bind in die Britse Ryk, het nog vars in hulle gemoed gelê. Die herinnering aan die haat en veragting wat hulle aan die hand van die Britse Ryk en sy handlangers ervaar het, was nog vars en werklik.[2] Hierdie gevoel, asook dié van hulle mede-Vrystaters, het verskeie reaktiewe elemente in die Afrikanernasionalisme laat ontstaan. Dit het veroorsaak dat hulle nasionalisme nie altyd ’n goeie gesig vertoon

---

[1] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

[2] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.

het nie. Daardeur het die nasionalisme van taal, kultuur en behoud van die eie, elemente bygekry wat die res van die 20ste eeu sou oorheers.

Vir die Grobbelaar-familie het hulle nasionalisme gedraai om selfhandhawing en oorlewing, veral oorlewing teen ’n wêreldmag en ’n groot swart bevolking wat verskillende norme gehandhaaf het en wat nie altyd as beskaafd ervaar is nie.[3] Die bewys daarvoor het vir hulle gelê in die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog en die getuienis soos wat dit in die Havenga-versameling vergestalt is. Die gevolg was dat hulle segregasie as die oplossing van die probleme met betrekking tot die saambestaan met ’n verskeidenheid swart volke binne dieselfde landsgrense beskou het. Die beleid waarvoor hulle hul stem by die stembus sou uitbring, moes dus ’n vergestalting wees van hulle drang om konsekwent hulle eie toekoms te kon bepaal.

Teen hierdie agtergrond het die oorwinning van die Pakt by die stembus in 1924 die verpligting op die nuwe regering geplaas om twee belangrike verhoudings te reël, naamlik die verhouding met Brittanje en die Britse Ryk aan die een kant, en die verhouding met die swart en bruin bevolkingsgroepe binnelands aan die ander kant. Laasgenoemde verhouding sou hom glad nie maklik laat reël nie, want genl. Hertzog moes ’n opdraande stryd teen sy eie partygenote en die opposisie voer om die absolute belangrikheid van ’n regverdige kleurbeleid tuis te bring. Die saak is bemoeilik deurdat die regering opgesaal was met die imperiale erfenis van stemreg vir die swart en bruin bevolking in Kaapland.

## 2. GENL. SMUTS AAN DIE ROER

Die natuurlike en logiese opvolger vir genl. Botha was genl. Smuts, wat deur die goewerneur-generaal gevra is om ’n nuwe regering saam te stel. In die moeilike na-oorlogse situasie sou hy te kampe hê met groot probleme in die Suid-Afrikaanse politiek.[4] Botha se innemende en taktvolle persoonlikheid het plek gemaak vir die onsimpatieke, ongenaakbare en ongeduldige Smuts, wat nie oor Botha se simpatie met en invloed op alle soorte mense beskik het nie. Op die eerste koukusvergadering na sy verkiesing het hy sy volgelinge dus meegedeel dat hy

---

3 *Ibid.*

4 DW Kruger, *The age of the generals*, p. 109; BM Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 71.

nie takt of geduld gehad het nie en hulle hom moes aanvaar soos hy is. Hy het sy ministers met ’n ysterhand regeer en geen teenstand geduld nie. Hoewel sy despotisme die bron van sy krag was, het dit ook die kiem van politieke agteruitgang bevat.[5] As persoon was genl. Smuts glad nie aanvaarbaar vir die Grobbelaar-familie nie, omdat hulle hom as gevolg van sy optrede tydens die Rebellie as onmenslik en harteloos ervaar het. Sy beheptheid met die Britse Ryk en die buiteland het hom by vaderlandsliewende Vrystaters verdag gemaak en het hulle hom dus gewantrou.[6]

Genl. Smuts was besig met ander gedagtes en konsepte wat sy gehore koud gelaat het. Dit het daartoe bygedra dat hy uit voeling was met die nasionale aspirasies van sy eie mense. Die belangrikheid van die Afrikaanse taal-beweging, en die gepaardgaande invloed daarvan op die politiek, het by hom verbygegaan. Na die ondertekening van die vredestraktaat van Versailles het hy van die standpunt uitgegaan dat die veranderde status van die dominiums as gelykwaardige ondertekenaars van die vredesverdrag, beteken het dat hulle nie langer onderhorige Britse kolonies was nie en binne die Britse Ryk en die Volkebond oor erkende internasionale status beskik het.[7] Volgens hom was alle dele van die Ryk gelyk, en kon hulle met betrekking tot buitelandse sake deur hul eie verteenwoordigers optree.[8] Die opposisie het Smuts se idee oor die Unie se verhoogde status verwerp en bespotlik voorgestel. *Die Burger* het ’n spotprent gepubliseer van ’n bobbejaan aan ’n paal wat vry was om te beweeg so ver soos sy ketting hom toegelaat het. Dít was volgens die koerant die “verhoogde status” van Suid-Afrika.[9]

Genl. Smuts is na sy veldtog in Oos-Afrika na Brittanje, waar hy spoedig in die Britse oorlogskabinet aangestel is. Daar het hy homself ingeleef in die sake van die Britse Ryk, omdat dit deel gevorm het van sy siening van holisme. Toe hy na ’n

5 FS Crafford, *Jan Smuts*, pp. 202-203.
6 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
7 DW Krüger(red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 503; DW Kruger, *The making of a nation*, p. 112; Kruger, *Generals*, p. 111; Crafford, pp. 210-211.
8 DW Kruger, *South African parties and policies*, pp. 115-120; Kruger, *Generals*, p. 111.
9 Kruger, *Generals*, pp. 111-112.

afwesigheid van meer as drie jaar teruggekom het in Suid-Afrika was hy ’n relatiewe vreemdeling in die Suid-Afrikaanse politiek.[10] Met sy voete steeds in twee kontinente en sy gedagtes tussen Europa en Suid-Afrika verdeel, het hy aanhoudend gehunker na Europa en die aandag van die miljoene wat hy daar geniet het.[11] Dit het voorgekom of hy die binnelandse sake van Suid-Afrika met minagting bejeën het.[12] Die gemiddelde Afrikaner het gevoel dat genl. Smuts toegelaat het dat Brittanje hom gebruik om sy vuilwerk te doen.[13] Die gevolg was dat die Suid-Afrikaanse Party steeds agteruit geboer het. Met die oog op die naderende verkiesing het Smuts begin om na bondgenote te soek. Die Arbeidersparty het hom verwerp as synde kop in een mus met die kapitaliste en die mynmagnate.[14]

Die algemene verkiesing het in Maart 1920 plaasgevind. Die Suid-Afrikaanse Party het op die platteland groot verliese gely ten koste van die Nasionale Party. In die stedelike kiesafdelings in Transvaal, Kaapland en Natal het die Arbeidersparty die Engelse stem verdeel en ’n paar belangrike oorwinnings behaal. Die Nasionale Party het 44 van die 134 setels verower en die Arbeidersparty 21 setels. Die Suid-Afrikaanse Party se 67 setels het tot 41 gedaal en die Unioniste se steun van 40 setels tot 25. Saam het hulle 66 verteenwoordigers gehad, behalwe drie Onafhanklikes wat genl. Smuts ondersteun het. In die Vrystaat het die Nasionale Party 16 en die Suid-Afrikaanse Party een setel verower. Dr. DF Malan is ook in Calvinia vir die eerste keer tot die volksraad verkies.[15] Die nuwe samestelling van die partye in die volksraad het by die Grobbelaar-familie die gevoel laat ontstaan dat die Afrikaner ook buite die Vrystaat besig was om weer tot sy reg te kom.[16] Hierdie uitslag was vir die Griesel-kant van die familie nie ’n aangename ervaring nie.[17] Dit het dikwels uitgeloop op politieke redenasies en struwelinge tussen die twee groepe, maar ’n langdurige vervreemding en kwaaivriendskap het nooit voorgekom nie.[18]

---

[10] Kruger (red.), *Geskiedenis*, p. 503; Kruger, *Nation*, p. 111; Schoeman, p. 72.
[11] Crafford, p. 216.
[12] Schoeman, p, 72.
[13] Crafford, p. 216.
[14] Schoeman, p. 73.
[15] Schoeman, pp. 73-74; Kruger, *Nation*, p. 114; Kruger, *Generals*, p. 112.
[16] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.
[17] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
[18] *Ibid.*

Die uitslag het veroorsaak dat die Smuts-regering in die sitting van 1920 met moeite staande gebly het. Genl. Smuts is gedwing om tot ’n vergelyk met die Nasionaliste te probeer kom.[19] ’n Poging om die twee partye te herenig[20] is deur lede van beide partye aan die gang gesit. Hulle het onder die indruk verkeer dat die verwydering tussen Botha en Hertzog uit persoonlike verskille voortgespruit het en dat ’n ooreenkoms tussen Smuts en Hertzog wel moontlik sou wees. Hulle het in September 1920 ’n “re-unie-kongres” in Bloemfontein gehou waar albei partye amptelik verteenwoordig was. Die kongres het egter misluk oor die reg op sesessie wat vir die Nasionaliste die toetssteen van vryheid was. Gevolglik was die verdeeldheid groter as tevore.[21] Pieter en Peet Grobbelaar was gekant teen hierdie poging tot hereniging, want hulle was nie bereid om enige beginselstandpunte op te offer ter wille van ’n eenheid wat hulle nie kon vertrou solank as wat genl. Smuts daarin ’n leidende rol gespeel het nie.[22]

Dit is interessant dat genl. Smuts nie sy persoonlike steun aan hierdie beweging gegee het nie, want beide hy en die Unioniste het ’n verenigde Afrikanerfront gevrees.[23] Na die mislukking van hierdie inisiatief het Smuts hom toegespits op samewerking met die Unioniste, hoewel hy besef het dat hy daardeur plattelandse steun onder die Afrikaner sou verloor. Hy het geglo dat hierdie verlies deur winste in die stede vergoed sou word en het die Unioniste dus genooi om by sy party aan te sluit. Die Smuts-regering is tydelik gered deur hierdie bloedoortapping met vreemde politieke bloed. Die Nasionaliste het nou geglo dat die Suid-Afrikaanse Party sy karakter prysgegee het.[24] Vir Pieter en Peet Grobbelaar was samesmelting met die Unioniste so kort na die mislukking van hereniging met die Nasionaliste die bewys dat hulle reg was in hulle teenkanting teen sodanige pogings. Hulle het gevoel dat genl. Smuts nou vir die eerste keer sy ware kleure openlik in die Suid-Afrikaanse

---

19 Kruger, *Geskiedenis* , p. 504; Kruger, *Generals*, p. 112.
20 Crafford, p. 209.
21 Kruger, *Geskiedenis*, p. 504; Kruger, *Nation*, p. 115; Kruger, *Generals*, pp. 113-114; Schoeman, p. 73; Crafford, p. 210.
22 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Marthie Grobbelaar, 23 Maart 1955 en ds P de V Grobbelaar, 7 April1974.
23 Crafford, p. 209.
24 Kruger, *Geskiedenis*, p. 504; Kruger, *Generals*, p. 114; Schoeman, p. 98; Crafford, p. 213; Kruger, *Union*, pp.115-116.

politiek getoon het.[25]

Vroeg in 1921 was die regering gereed om die nuwe politieke samestelling deur die kiesers te laat bekragtig.[26] 'n Verkiesing is in Februarie 1921 gehou. Die uitslag was 'n groot oorwinning vir die versterkte Suid-Afrikaanse Party, wat 79 setels in die volksraad verower het teenoor die skrale nege van die Arbeiders. Die Nasionale Party het met 45 setels sy posisie gehandhaaf. Met 'n meerderheid van 24 in die volksraad, het genl. Smuts gesorg dat daar ook in die nuwe senaat die nodige oorwig bestaan het. Wat genl. Smuts egter nie besef het nie, was dat dit eintlik 'n holle oorwinning was en dat genl. Hertzog en kol. Cresswell in werklikheid die troewe gehou het.[27] In Mei 1921 het genl. Smuts by die Rykskonferensie, waar hy in sy element kon deelneem aan die bespreking van internasionale probleme, na Suid-Afrika se vraagstukke verwys as "klein moeilikhede". Daarop het sy teenstanders verklaar dat sy eie land vir hom te klein geword het. [28]

Een van die "klein moeilikhede" was dat die algemene ekonomiese toestand in Suid-Afrika sedert die einde van die Eerste Wêreldoorlog nie rooskleurig was nie. Lewenskoste het in 1916 reeds gestyg tot 15% hoër as voor die oorlog, terwyl produsente tevrede moes bly met die ou pryse. Ten spyte daarvan dat die wolbedryf in 1919 tydelike voorspoed beleef het, het die land in 'n ernstige ekonomiese depressie beland. Dit het die Unie in 1920 gedwing om van die goudstandaard af te stap. Bankkrediet is ingekort wat veral die boere nadelig getref het. 'n Daling in die goudprys het sommige laegraadse myne gedwing om te sluit. Gevolglik was werkloosheid aan die orde van die dag en het die arbeiders die regering die skuld daarvoor gegee. Die arbeidstoestand is verder gekompliseer deur 'n groeiende gemengde bevolking aan die Rand. Swart mense en armer ongeskoolde blankes het daarheen getrek. Wedywering tussen blank en swart op die arbeidsmark het gevolg en is deur groot loonverskille gekenmerk. Blanke vakbonde was vasbeslote om te keer dat swartes toegang tot geskoolde arbeid verkry om sodoende ook hulle

---

25 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mevv. Marthie en Cornelia Grobbelaar, 21 Maart en 15 Februarie 1955.

26 Crafford, p. 213.

27 Kruger, *Geskiedenis*, p. 505; Kruger, *Generals*, pp. 114-115; Schoeman, pp. 98-99; Kruger, *Nation*, p. 116.

28 Kruger, *Generals*, p. 115; Schoeman, p. 101.

betreklik hoë lone en lewenspeil te kon bly handhaaf.[29]

Die Kamer van Mynwese het in November 1921 besluit om swartes vir half-geskoolde werk te gebruik. Die vakbonde het geweier om dit te aanvaar.[30] Terwyl onderhandelinge nog aan die gang was, het die eienaars van die steenkoolmyne ’n loonsvermindering vir blanke werkers aangekondig. Dit het op ’n staking en die ontslag van 800 werkers in Januarie 1922 uitgeloop. Die werkers in die goudmyne het ook ’n staking afgekondig en binne dae was 20 000 blanke arbeiders werkloos en 180 000 swart werkers kon ook nie werk nie. Onderhandelinge het op niks uitgeloop nie.[31] Genl. Smuts, wat baie suksesvol namens die Britse regering stakings in Groot-Brittanje besleg het, het geweier om aan die Rand tussenbeide te kom.[32] Gevoelens onder die werkers het hoog geloop teen die swart werkers wat hulle vir die toestand verantwoordelik gehou het. Die stakers het die regering gewantrou, want hulle het geglo dat Smuts kop in een mus met die kapitaliste was. Op 3 Februarie 1922 het die stakers op ’n monstervergadering besluit om die heerskappy van die Kamer van Mynwese te beëindig en ’n voorlopige werkersrepubliek volgens Russiese patroon uit te roep. Daarin het hulle nie die steun van die Transvaalse Nasionale Party gehad nie.[33]

Terwyl gevoelens hoog geloop het, het genl. Smuts in die parlement een van die noodlottigste verklarings van sy lewe gemaak. Hy het die stakers aangeraai om onmiddellik op die voorwaardes van die Kamer van Mynwese na hul werk terug te keer. Dit het vir die werkers voorgekom of Smuts gevoel het die mynbase het die onbetwisbare reg gehad om voorwaardes neer te lê. Dwarsoor die Rand het onluste gevolglik uitgebreek. In verskeie insidente het die polisie onskuldige stakers aangeval en beseer, terwyl andere tronk toe geneem is. Genl. Smuts het geweier om ’n ondersoek na die gebeure te gelas. Die Kamer van Mynwese het onversoenlik en verwaand verklaar dat hulle nie tyd sou mors om sake te bespreek met verteenwoordigers van slagters en tremwerkers nie. Die rewolusionêre vyfmanskap, die Aksieraad, het ’n algemene staking uitgeroep en

---

29 Kruger, *Nation*, pp. 118-120; Kruger, *Generals*, p. 118.
30 Kruger, *Geskiedenis*, p. 506; Kruger. *Nation*, pp. 121-122; Kruger, *Generals*, pp. 119, 121.
31 Kruger, *Geskiedenis*, pp. 506-507; H Giliomee, *Die Afrikaners*, p. 283; Crafford, p. 233.
32 Crafford, pp. 233-234.
33 Kruger, *Nation*, pp. 123-124; Schoeman, p. 102; Giliomee, p. 283.

stakerkommando's het beheer oor feitlik alle belangrike sleutelpunte verkry. Geweld was aan die orde van die dag, terwyl georganiseerde bendes die polisie en swart werkers gemolesteer het.[34]

Krygswet is daarop aan die Rand afgekondig en die polisie aan die gebied onttrek. Genl. Smuts het die opstand gewelddadig onderdruk, terwyl die leër, ondersteun deur die lugmag, die hoofkwartier van die Aksiekomitee gebombardeer het. Op 15 Maart 1922 is alle weerstand beëindig toe die lede van die Aksiekomitee selfmoord gepleeg het. Die vakbonde het daarin geslaag om beheer oor die staking te herwin en dit te beëindig, terwyl die Kamer van Mynwese die werkers op sy eie voorwaardes weer in diens geneem het.[35] Die regering het drasties opgetree. Spesiale howe het ’n aantal mense skuldig bevind, van wie sommige gehang en ander tot tronkstraf gevonnis is. Nog ander is toe reeds sonder verhoor doodgeskiet. Die parlement moes ’n spesiale vrywaringswet aanneem om die polisie, die leër en ander amptenare te vrywaar. ’n Regterlike kommissie het die regering van blaam onthef, maar die verslag is deur die Arbeidersparty en die Nasionale Party as ’n politieke verslag verwerp, terwyl hulle na Smuts as ’n “bloedhond” verwys het. In November 1923 is die wetlike kleurslagboom in die Hooggeregshof ongeldig verklaar. Daardeur is die blanke werkers aan die genade van die mynbase uitgelewer, sonder beskerming teen die wedywering van goedkoop swart arbeid. Gevolglik het groot getalle werkers by die Arbeidersparty aangesluit en het die party gou ’n magtige politieke wapen geword.[36] “The memory of the events of March 1922 proved to be even more serious to Smuts than the memory of the rebellion of 1914 had been to Botha.”[37]

Andries Grobbelaar, seun van Adriaan Grobbelaar, oudste seun van Pieter Grobbelaar van Kroonpos, het nie gaan boer nie en is na die myne aan die Rand waar hy as mynwerker gewerk het.[38] Gevolglik is die gebeure aan die Rand druk bespreek in die familiegeledere. Waar die Griesels gevoel het genl. Smuts se optrede was die enigste gepaste in die omstandighede, het die Grobbelaar-kant geen simpatie met die

---

[34] Kruger, *Geskiedenis*, p. 507; Giliomee, p. 283; Crafford, pp. 235-236.
[35] Kruger, *Nation*, p. 125; Schoeman, p. 102; Giliomee, p. 284; Crafford, p. 237.
[36] Kruger, *Geskiedenis*, pp. 507-508; Kruger, *Generals*, p. 124.
[37] Kruger, *Nation*, p. 126.
[38] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertellings van ds. FR Grobbelaar, Junie 1947.

stakerleiers gehad nie. Hulle het egter gevoel dat genl. Smuts te kragdadig opgetree en sy wil op almal afgedwing het. Hulle was van mening dat sou Smuts tydig opgetree het, die bloedige verloop van sake voorkom kon gewees het.[39] Die jaar 1922 het nie sonder droefheid vir die Grobbelaar-familie verloop nie. Op 30 Augustus is Peet Grobbelaar oorlede, [40] en op 2 September 1922 is ’n mosie van deelneming met sy weduwee en kinders deur die kerkraad aanvaar.[41] Die sagmoedige Peet was ’n geliefde persoon wat dikwels as vredemaker moes optree. Saam met sy broer, Pieter, het hulle bekend gestaan as twee staatmaker-ouderlinge wat altyd gereed was om meer as hulle deel in die gemeente te doen.[42] Ook op die vergadering van 2 September 1922 betree die volgende geslag Grobbelaars die ouderlingsbanke toe Willie, derde seun van Pieter Grobbelaar, tot ouderling verkies is in die plek van sy vader Pieter Grobbelaar wie se dienstermyn verstryk het.[43]

Die gebeure om die mynwerkerstaking van 1922 het die klimaat geskep vir toenadering tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty. Beide het nou ’n gemeenskaplike vyand gehad en het mekaar reeds af en toe in die parlement gesteun.[44] In April 1923 het hulle ’n verkiesingsooreenkoms aangegaan dat die twee partye in die volgende verkiesing geen kandidate teen mekaar sou stel nie, en om mekaar se kandidate teen die Suid-Afrikaanse Party te steun.[45] Genl. Hertzog het onderneem om die sesessievraagstuk vir eers agterweë te laat, sou sy party met behulp van die Arbeidersparty aan bewind kom, omdat hulle hoofdoel was om van die Smuts-regering ontslae te raak. Die regeringspers het die Pakt belaglik probeer voorstel. Tog het dit werklik groot gevaar vir die regering ingehou. Die grondslag van die Pakt was die gemeenskaplike ekonomiese belange van beide flanke van die opposisie en die beskerming van die blanke se belange in Suid-Afrika.[46] Met Andries Grobbelaar as mynwerker aan die Rand het die familie in werklikheid vir die eerste keer werklik bewus geword van die omstandighede van die blanke werker, hulle

---

39 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.

40 CHJ Neethling, *Grobbelaars van Cyferfontein*, hoofstuk 3, p. 2.

41 KAV, Bethulie-gemeente: *Notule van gekombineerde kerkraadsvergadering*, 2 September 1922.

42 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

43 KAV, Bethulie-gemeente: *Notule van gekombineerde kerkraadsvergadering*, 2 September 1922.

44 Kruger, *Generals*, p. 131; Schoeman, pp. 102-103; Van Rooyen, pp. 101-102.

45 Kruger, *Parties*, pp. 74-76; Van Rooyen, pp. 102-105.

46 Kruger, *Geskiedenis*, p. 509; Van Rooyen, p. 108.

gevoelens en hoe hulle aan die willekeurigheid van mynbase uitgelewer is. Hulle het die Pakt met die Arbeidersparty gevolglik in 'n positiewe lig gesien het, maar was nie ten gunste van die prysgawe van enige beginsel ter wille van samewerking nie.[47]

Die einde van die Smuts-regering was nie meer ver nie, want die uitslae van verskeie tussenverkiesings het die regering se meerderheid van 24 tot 8 laat krimp, wat die toenemende ongewildheid van die regering duidelik laat blyk het. Genl. Smuts was blykbaar ontsteld dat hy teen dié tempo steun verloor het. Andries Raath beskryf in sy werk *Siener van Rensburg en die Rebellie* hoe genl. Smuts tydens 'n vergadering op Ottosdal die Siener gevra het om hom privaat te mag sien. Toe hulle alleen was, wou genl. Smuts van die Siener weet wat hy kon doen om die Afrikaners weer bymekaar te bring. Die Siener se raad aan hom was dat hy die parlement moes ontbind en 'n verkiesing uitskryf. Sou hy dan die meerderheid kry, dan sou hy weet dat hy die volk agter hom gehad het en sou hy kon voortgaan.[48] Hierdie beskrywing van Siener se advies word volgens Raath bevestig deur die skrywer JP Brits in sy boek *Tielman Roos, sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek.* Brits skryf dat 'n kennis van Roos vertel het dat genl. Smuts 'n onderhoud met die Siener op Ottosdal gehad het en van die Siener wou weet wat hy moes doen om die volk bymekaar te bring.[49]

Genl. Smuts het in April 1924, sonder om sy party te raadpleeg, sy bedanking ingedien na die uitslag van 'n tussenverkiesing in Wakkerstroom waar sy kandidaat onverwags verslaan is. 'n Algemene verkiesing is in Junie 1924 gehou. In die nuwe volksraad van 135 lede was 63 Nasionaliste, 53 lede van die SA Party, 18 Arbeiders en een onafhanklike. Genl. Hertzog is gevra om 'n kabinet saam te stel.[50] Die oorwinning het gepaardgegaan met 'n spontane uitbarsting van vreugde in die Grobbelaar-geledere, waar gevoel is dat Afrikanernasionalisme homself bewys het. Fred Grobbelaar, die jongste seun van Pieter Grobbelaar van Kroonpost, was toe reeds 'n Admissie-student op Stellenbosch, waar hy vir Cornelia Marais ontmoet het. Sy was die dogter van ds. PJ Marais wat vanaf 1903 tot 1921 predikant te Koffiefontein was. Hy moes in 1921 weens swak gesondheid sy demissie aanvaar.

---

[47] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955 en ds. P. de V. Grobbelaar, 7 April 1974.

[48] AWG Raath, *Siener van Rensburg en die Rebellie*, p. 251.

[49] *Ibid*., p. 252.

[50] Kruger, *Generals*, p. 132; Van Rooyen, pp. 108-112, 118; Schoeman, pp. 104-106.

Die Marais-gesin was sterk en oortuigde volgelinge van genl. Hertzog. Ds. Marais het met sy fyn insig op hierdie stadium reeds ’n groot invloed op die politieke en kulturele denke van Fred Grobbelaar gehad.[51] Pieter Grobbelaar, reeds bejaard en sieklik, kon die gejubel van die Grobbelaars meemaak en voor sy dood die bewindsaanvaarding van ’n Nasionale Party-regering beleef.[52]

## 3. DIE PAKT TUSSEN NASIONALISME EN ARBEID TEEN SMUTS

Genl. Hertzog het die uitslag van die verkiesing vertolk as ’n begeerte van Afrikaans- en Engelssprekendes om saam te woon en te werk.[53] Die Grobbelaar-familie het die twee Vrystaters in die kabinet, genl. Hertzog en NC Havenga, ten volle vertrou, omdat die stryd wat die twee gevoer het, ook hulle stryd was.[54] Die vernaamste aspekte wat genl. Hertzog as sy onmiddellike doel uitgesonder het, naamlik die beveiliging van Suid-Afrika vir die blanke en die verkryging van volkome soewereiniteit vir die Unie, het ook die Grobbelaar-familie se drang na selfbeskerming en onafhanklikheid verwoord.[55] Sigbare tekens van ekonomiese herstel kon gou waargeneem word as gevolg van die maatreëls wat die regering getref het.[56] Dit het ook spoedig duidelik geword dat Hertzog vreesloos vir die staatkundige soewereiniteit van Suid-Afrika en die uitbou van die Afrikanervolk se nasionale beginsels sou veg.[57]

Genl. Smuts het die kabinet, wat uit twee radikaal verskillende elemente in die Suid-Afrikaanse politiek bestaan het, as ’n onheilige alliansie bestempel. Wat egter gebeur het, is dat die een groot gemeenskaplike doel wat die Afrikaner met die Engelssprekende vennote van die regering in gemeen gehad het, hier gestalte gekry het, naamlik die beveiliging van blanke belange en die plasing van wit arbeid in ’n

---

51 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.

52 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertellings van ds. Fred Grobbelaar, 1949.

53 JH le Roux et al. (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog* 1, pp. 249-250.

54 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.

55 Kruger, *Generals*, p. 134; Schoeman, p. 147; Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

56 Kruger, *Generals*, p. 135.

57 Le Roux 1, p. 251.

bevoorregte posisie.[58] Beide vennote in die Pakt het geglo dat industriële ontwikkeling gestimuleer moes word tot die voordeel van werkers en boere.[59] Die regering kon sy aandag wy aan 'n ingrypende program van wetgewing wat die politiek-konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika in 'n nuwe koers sou stuur.[60]

Een van die grootste strydvrae wat opgelos moes word, was die gelyke erkenning van Nederlands en Engels as amptelike tale. Vir die Afrikaner was die respek vir hulle taal as amptelike taal die maatstaf vir die agting waarmee hulle as mense behandel is. Afrikaans het daarom die simbool van die Afrikanernasionalis se "nasionaliteit" geword.[61] Die stryd om die erkenning en vestiging van Afrikaans was vir die Grobbelaar-familie baie belangrik. In hulle huise kon verskillende geraamde spreuke oor Afrikaans aangetref word. Die bekendste daarvan was pres. Steyn se gevleuelde woorde: "Die taal van die veroweraar is in die mond van die verowerde, die taal van slawe." Ook het die eenvoud en trefkrag van Jan Celliers se "Dis al" en Eugene Marais se "Winternag" hulle laat besef dat hulle taal ook hulle diepste gevoelens kon verwoord.[62]

Dr. DF Malan het op 18 Februarie 1925 'n wetsontwerp ingedien wat Artikel 137 van die Suid-Afrika-wet van 1909 gewysig het om te lees dat die woord Nederlands ook Afrikaans sou insluit. Volgens genl. Hertzog was die taal wat in Suid-Afrika gepraat is, die Nederlands van Suid-Afrika, oftewel Afrikaans.[63] Met 'n roerende toespraak het dr. Malan die wetsontwerp ingedien en is hy deur Engelssprekendes aan beide kante ondersteun.[64] Op 8 Mei 1925 is die wetsontwerp op 'n gesamentlike sitting van albei huise van die parlement eenparig aangeneem.[65] Hierdie optrede van Malan het die vertroue wat die Afrikaner in hom gehad het, bevestig. Vir ds. Marais was dit duidelik dat Malan absoluut met Afrikaner-ideale vertrou kon word. Hierdie siening

---

58 Schoeman, p. 147; Kruger, *Nation*, p. 137; Walker, *History*, p. 601.
59 Kruger, *Generals*, p. 134; Walker, *History*, p. 601.
60 Le Roux 1, p. 251.
61 Giliomee, *Die Afrikaners*, p. 307.
62 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P. de V. Grobbelaar, 7 April 1974 en mevv. Marthie en Cornelia Grobbelaar, 21 Maart en 15 Februarie 1955.
63 FJ du T Spies (red.), *Die Hertzogtoesprake* 5, pp. 3-6.
64 Kruger, *Generals*, pp. 136-137.
65 Spies 5, pp. 3-6.

het hy ook aan Fred Grobbelaar oorgedra.[66] Deur hierdie wetsontwerp Afrikaans "acquired a stature undreamt of a decade or two before, and henceforth it went from strength to strength".[67]

Hierdie nuwe status van Afrikaans het die versugting na 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel versterk. Nadat die Afrikaanse kerke teen 1919 reeds 'n gesamentlike komitee van teoloë aangewys om die Bybel in Afrikaans te vertaal, is die werk teen 1923 in alle erns aangepak en teen 1933 met die publikasie van die eerste volledige uitgawe van die Bybel in Afrikaans voltooi. Hierdie vertaling was van so 'n groot kulturele en teologiese betekenis dat dit op Afrikaans dieselfde invloed sou hê as wat Luther se Duitse vertaling op Duits, en die King James se Engelse vertaling op Engels gehad het. Die Afrikaanse Bybel is tydens 'n seremonie in Pretoria amptelik in gebruik geneem.[68] Fred Grobbelaar was in daardie stadium reeds in sy eerste gemeente, Montagu. Hy het die handtekeninge van die vyf vertalers voor in sy Bybel, een van die eerste besending Afrikaanse Bybels, aangebring. Daarin het hy ook 'n aantekening gemaak oor die verspreiding daarvan, naamlik 100 000 binne vier maande, 150 000 binne sewe maande, 220 000 binne 'n jaar en 325 000 binne drie jaar.[69]

Op 19 Januarie 1925 sterf Pieter Grobbelaar na 'n pynlike lyding in die ouderdom van 73 jaar.[70] 'n Mosie van deelneming met die weduwee en kinders van die oorlede broer, oud-ouderling P Grobbelaar van Kroonpost, wat die gemeente talle jare as kerkraadslid gedien het, is staande aanvaar.[71] Volgens die inventaris van sy boedel het hy die volgende plase in die distrik Bethulie nagelaat: Kroonpost, Blaauwfontein, Groenvlakte en Rustplaats, in totaal 4 448 morg.[72] Dit was nie maklik om aan die testament van Pieter Grobbelaar uitvoering te gee nie. Volgens sy testament sou ses van sy 12 kinders die grond erf, terwyl die ander betalings uit die boedel sou ontvang.

---

66 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
67 Kruger, *Generals*, p. 137.
68 *Ibid.*
69 Paul Grobbelaar-versameling: Afrikaanse Bybel (1933) van wyle ds. FR Grobbelaar.
70 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met Pieter Grobbelaar, Blaauwfontein, Bethulie, s.a.
71 KAV, Bethulie-gemeente: Notule van kerkraadsvergadering, 31 Januarie 1925.
72 Neethling, hoofstuk 2, p. 4.

Die eksekuteurs van die boedel was sy agterblywende eggenote, Lenie Grobbelaar, en sy jongste seun, Fred Grobbelaar.

’n Verbeterde en gekonsolideerde kaart van die plaasgrond is deur ’n landmeter opgestel. ’n Nuwe gekonsolideerde Kroonpost nr. 444, 4 438 morg 409 vk. roede groot, het nou ontstaan en is deur transportakte T1156 geregistreer op 29 Maart 1926 in die naam van die boedel oorgedra.[73] Die grond is daarna in ses ekonomies volhoubare eenhede opgedeel. Elk van die ses kinders wat grond ontvang het, het 400 morg van die ongeveer 750 morg wat elkeen ontvang het, geërf. Die oorblywende gedeelte moes teen £1/10 per morg van die boedel aangekoop word. Die opbrengs van hierdie aankoop uit die boedel is gelykop verdeel onder die kinders wat nie vaste eiendom ontvang het nie.[74] Dit is duidelik dat by die opstel van sy testament Pieter besef het dat sy plase nie groot genoeg was om al die kinders grond te laat erf nie. Hy wou verseker dat die boere onder hulle groot genoeg grond kry om selfstandig te kon wees.[75] Dit was ’n wyse besluit, veral in die lig van die neiging by van die ou families om die grond te laat onderverdeel, sodat al die kinders ’n stukkie grond kon hê. Dit is sekerlik die rede waarom nie een van Pieter se erfgename gedurende die depressie as armblankes die grond moes verlaat nie.

Die grond is soos volg onder die ses erfgename verdeel:

Harm Jacobus Grobbelaar, tweede jongste seun, het op 3 Maart 1927 Blaauwfontein, wat 762 morge 468 vk roede groot was, gekry en moes ’n bedrag van £537 in die boedel stort.[76]

Jan Adriaan Grobbelaar, oudste seun, het op 3 Maart 1927 Pompie, wat 623 morge 419 vk roede groot was, gekry en moes ’n bedrag van £334/10/- in die boedel stort.[77] .

Johannes Francois van Aswegen, getroud met Hester Aletta Grobbelaar, dogter van Pieter Grobbelaar, kry op 3 Maart 1927 Uithoek van 643 morge 124 vk. roede en

---

73 *Ibid.*
74 *Ibid.*
75 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
76 Neethling, hoofstuk 2, p. 4.
77 *Ibid.*

moet 'n bedrag van £364/10/- in die boedel plaas.[78]

Willem Johannes Grobbelaar, derde oudste seun, het op 3 Maart 1927 Rustplaas, 598 morge 238 vk roede groot, gekry en moes 'n bedrag van £297 in die boedel stort.[79]

Frederik Russouw Grobbelaar, jongste seun, en Henning Johannes Joubert, eggenoot van Pieter Grobbelaar se jongste dogter, Helena Mathilda, het op 3 Maart 1927 elk een helfte van die restant van Kroonpost van 1 816 morge 359 vk. roede groot gekry en moes nie in die boedel inbetaal nie, omdat die weduwee van Pieter Grobbelaar, Lenie, lewenslank die vruggebruik van die grond kon geniet.[80] Fred het sy aandeel in Kroonpost aan sy swaer, Henning Joubert, verkoop. Die rede vir die verkoop is weens die feit dat hy hom op Stellenbosch as predikant voorberei het. Hy het daarom gevoel dat hy as predikant nie belange kon hê wat sy aandag sou aftrek van die werk waartoe hy hom geroepe gevoel het nie.[81]

Swak gesondheid het veroorsaak dat eerw. Jan Grobbelaar, tweede oudste seun van Pieter, tydens die kerkraadsvergadering van 31 Januarie 1925 as sendeling moes bedank.[82] Gelukkig vir hom kon hy die kontantbedrag wat hy as erfporsie ontvang het, aanwend om naby Robertson 'n klein plasie, Môreson, aan te koop waar hy stil en rustig tot sy dood gewoon het. In die gemeenskap van Robertson het hy 'n positiewe rol gespeel. Soms het hy in die plaaslike sendinggemeente uitgehelp, indien sy gesondheid dit toegelaat het.[83]

## 4. STATUS EN SOEWEREINITEIT

Genl. Hertzog het openlik begin verklaar dat Suid-Afrika die reg van afskeiding van die Britse Ryk gehad het.[84] Hierdie verklaring was musiek in die ore van die jonger geslag, die seuns en kleinseuns van Pieter Grobbelaar. John, Harm, Fred, De Vos en hulle swaer, Henning Joubert, het reeds sterk republikeinse oortuigings gehad en het gevoel dat die gedwonge band met Brittanje een of

---

78 *Ibid.*

79 *Ibid.*

80 *Ibid.*

81 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.

82 KAV, Bethulie-gemeente: Notule van kerkraadsvergadering, 31 Januarie 1925.

83 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.

84 Van den Heever, p. 434.

ander tyd verbreek moes word.[85] By John en Harm het die nagedagtenis aan hulle moeder 'n vurige openlike anti-Britse gesindheid veroorsaak wat nooit versag het nie. Henning Joubert was 'n susterskind van genl. Christiaan de Wet. Hy het tydens De Wet se laaste siekte snags by hom gewaak. Die ure langs die bed en dit wat die generaal nog aan hom kon meedeel, het 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak, want hy was net soos sy oom 'n stoere patriot en republikein, en dus vurig anti-Brits.[86]

Intussen het die jonger groep hulle neergelê by die Nasionale Party se besluit dat sesessie en republiekwording in daardie stadium vir die Pakt-regering ongewens en noodlottig sou wees.[87] So 'n verandering sou, volgens genl. Hertzog, slegs geregverdig wees, wanneer Afrikaans- sowel Engelssprekendes daarvoor te vinde was. Hertzog het terselfdertyd alle Britsgesindes gewaarsku dat die meerderwaardige en oorheersende houding wat hulle op die Afrikaner wou afdruk, sesessie beslis onvermydelik sou maak.[88] Ter wille van die eenheid van die Pakt het genl. Hertzog tydens die verkiesingsveldtog verklaar dat vir die duur van die volgende parlement geen poging aangewend sou word om 'n republiek uit te roep nie.[89]

Hoewel die bondgenootskap met kol. Creswell van die Arbeidersparty verhinder het dat afskeiding van die Britse Ryk gepropageer word, is begin met die aandrang op volkome gelykheid in status tussen Suid-Afrika en Brittanje.[90] Die Grobbelaar-familie het gevoel dat slegs 'n formele erkenning van Brittanje hulle sou kon oortuig dat hulle werklik vry was.[91] In hierdie verband skryf prof. DW Kruger dat baie Afrikaners nie vergeet het dat die republieke hulle onafhanklikheid deur formele Britse optrede verloor het nie. Vandaar dat hulle gevoel het dat slegs 'n soortgelyke formele Britse optrede hulle sou oortuig dat hulle werklik vry was.[92]

---

85 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
86 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met De Bruyn Joubert, s.a.
87 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
88 Le Roux 1, p. 258.
89 Van den Heever, pp. 453-454.
90 Schoeman, p. 149.
91 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
92 Kruger, *Generals*, p. 142.

In hierdie stryd om vryheid het die Verdrag van Locarno in 1925 vir Suid-Afrika ’n verdere ontwikkeling van sy dominiale status teweeggebring. Terwyl Duitsland hom ingevolge die verdrag berus het by sy westelike grense, soos neergelê deur die Vrede van Versailles, was die praktiese uitvloeisel daarvan dat, ingevolge artikel 9 van die verdrag, geen verpligting in die toekoms op die dominiums geplaas sou word om hulle belange ondergeskik aan ryksbelange te stel nie.[93] Dit het Hertzog se politiek gepas en die ideaal van ’n soewerein onafhanklike Suid-Afrika bevoordeel, want nou kon elke dominium sy eie buitelandse beleid bepaal.[94] Genl. Smuts het op sy beurt sterk beswaar teen die verdrag gehad, omdat dit volgens hom ’n gevaar vir die eenheid van die Britse Ryk ingehou het. Die verdrag was egter ’n triomf vir Hertzogisme en Hertzog se gelykheidsleer.[95] Genl. Hertzog het daarop in die volksraad gesê dat die groot verskil tussen hom en Smuts gegaan het om die volledige onafhanklike internasionale status waaroor Suid-Afrika volgens Smuts beskik het.[96]

Genl. Hertzog het daarop Suid-Afrika se saak by die Rykskonferensie in Oktober 1926 gestel. Die afgevaardigdes het ooreengekom dat die Britse Ryk geen grondwet het nie. Dit is opgevolg deur die Balfour-verklaring, wat verklaar het dat die dominiums outonoom binne die Britse Ryk was, gelyk in status en geensins onderhorig aan mekaar nie. Hulle is suiwer en alleen verbind deur ’n gemeenskaplike lojaliteit aan die Britse kroon in ’n vrye assosiasie as lede van die Britse Gemenebes van Nasies.[97] Dit was nie genoeg vir die sterk republikeinsgesinde ds. PJ Marais, die toekomstige skoonvader van Fred Grobbelaar, en ’n skerp waarnemer van alle ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse politiek nie. Hy het sy kanse benut om sy aanstaande skoonseun op die hoogte te bring met die nuwe verwikkelinge, wat volgens hom Suid-Afrika wel outonoom gemaak het, maar steeds nie vry nie. Fred het hierdie gevoelens weer aan die jonger Grobbelaars in Bethulie oorgedra.[98] Die praktiese werklikheid het egter eers by genl. Hertzog se teruggekeer van die Rykskonferensie tot die Grobbelaar-familie deurgedring, toe die nodige stappe om die

---

93 *The Star*, 21 Oktober 1925, soos aangehaal in Le Roux 1, p. 293.
94 Le Roux 1, p. 293.
95 Crafford, p. 275.
96 Spies, p. 46.
97 Schoeman, p. 149; Kruger, *Generals*, pp. 142-143; Van den Heever, pp. 486-499; Le Roux 1, pp. 304-306 .
98 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.

nuwe status te verwerklik, bespreek is.[99] Die Statuut van Westminster in 1931 het toe formeel die Colonial Laws Validity Act van 1865 met betrekking tot die dominiums herroep. Daarmee is die wetgewende soewereiniteit van die Unieparlement bo enige twyfel gevestig.[100]

Die praktiese uitvloeisel daarvan was dat die Britse regering geen formele beheer meer oor die Unie gehad het nie. Die Britse koning kon ook met betrekking tot Suid-Afrika slegs op advies van sy Suid-Afrikaanse ministers optree. Dit het meegebring dat die goewerneur-generaal nie langer die Britse regering verteenwoordig het nie, maar slegs die persoonlike verteenwoordiger van die koning was. Toekomstige goewerneurs-generaal sou ook net op advies van die Uniekabinet aangestel word.[101] Hierdie nuwe status was nie heeltemal wat die Grobbelaar-familie werklik in gedagte gehad het nie, want die Britse koning was steeds die Unie se staatshoof. Vandaar die verlange na ’n republiek wat nou nog sterker onder hulle op die voorgrond begin tree.[102]

Ander maatreëls om Suid-Afrika se nuwe status te demonstreer, is ook getref. ’n Departement van Buitelandse Sake is in 1927 gestig en diplomatieke betrekkinge met Nederland, die Verenigde State van Amerika (VSA) en Italië gesluit, en daarna ook na ander lande uitgebrei.[103] Die opposisieparty van genl. Smuts het hierdie stappe om die formele onafhanklikheid van die Unie te demonstreer, kil en met negatiewe kritiek en bitter teenstand ontvang.[104] Uit vertellings blyk dat juis hierdie kritiek en teenstand die jonger geslag Grobbelaars beïnvloed het om die nuwe status tog as ’n tipe van onafhanklikheid te aanvaar, hoewel dit vir hulle nie die werklike soewereiniteit van ’n eie republiek was nie.[105]

## 5. ’N EIE VLAG

Die eerste praktiese maatreël om die nuwe status te demonstreer, het in 1926-1927

99 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.
100 Kruger, *Generals*, p. 143.
101 *Ibid.*
102 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955 en ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
103 Schoeman, pp. 149-150; Kruger, *Generals*, p. 143.
104 Kruger, *Generals*, pp. 143-144.
105 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mevv. Cornelia en Marthie Grobbelaar en ds. P de V Grobbelaar, 15 Februarie 1955, 21 Maart 1955 en 7 April 1974.

gevolg. Voor genl. Hertzog se vertrek na die Rykskonferensie in 1926 het hy in die volksraad voorgestel dat die Unie sy eie nasionale vlag behoort te hê, wat as simbool van onafhanklikheid die verskillende bevolkingsdele in een gemeenskaplike patriotisme sou saambind. Hy het ’n vlag voorgestel wat nie die ongelukkige assosiasies van die verlede lewendig sou hou nie. Dr. Malan het tydens die parlementsitting van 1926 die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Burgerskap en Vlag ingedien. Dit het nie net voorsiening sou maak vir ’n nasionale vlag nie, maar ook vir Unie-burgerskap binne die raamwerk van Britse burgerskap.[106] Vir die Grobbelaar-familie was die moontlikheid van ’n eie vlag van kardinale belang, sodat ontslae geraak kon word van die Union Jack wat hulle so intens gehaat en verag het.[107] Fred Grobbelaar het uit sy besprekings met ds. PJ Marais oor die aard van ’n selfstandige vlag, ’n baie sterk standpunt ten gunste van ’n eie “skoon” vlag ingeneem.[108] Hierdie beredenering het hy ook met sy broers, swaers en neefs bespreek. Hulle het veral genl. Hertzog se standpunt dat “ons nie genoeë kan neem met die Union Jack op die nasionale vlag van Suid-Afrika nie” van ganser harte ondersteun, omdat “’n mens eenvoudig nie ’n gevoel van liefde en toegeneentheid teenoor die nasionale vlag (sou) kry as die Union Jack daarop is nie”.[109]

Die vlagkwessie het sterk teenstand ontvang en in 1927 erger as ooit tevore opgevlam. Vir die oorgrote deel van die Engelssprekende bevolking was dit ondenkbaar dat die Union Jack nie meer oor Suid-Afrika sou wapper nie. Wilde praatjies van wapengeweld het die ronde gedoen en Natal wou van die Unie afskei. Dit was duidelik dat ’n kompromie ten alle koste bereik moes word. Die opposisie het ’n vlag voorgestel waarin sowel die ou republikeinse vlae as die Union Jack opgeneem moes word, maar die regering wou nie daarvan hoor nie. Dr. Malan het volgehou met sy oorspronklike ontwerp.[110] Vir die Grobbelaars onder leiding van Fred en De Vos Grobbelaar (seun van Fred se broer Willie en toe ’n student te Bloemfontein), was die idee van ’n “baster”-vlag geheel en al onaanvaarbaar. Hulle

---

106 Kruger, *Generals*, pp. 143-144.
107 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.
108 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
109 Spies 5, p. 62; Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
110 Schoeman, p. 148; Kruger, *Generals*, pp. 144-145.

twee se siening het die broers en neefs sterk beïnvloed.[111]

Die vlagkwessie het die lojaliteit van die Arbeidersparty in die Pakt onder stremming geplaas. Tielman Roos, die Transvaalse leier van die Nasionale Party en 'n goeie strateeg, het die gevaar besef en agter die skerms onderhandel vir die bereiking van 'n kompromie. As kompromis is die beginsel van twee aparte vlae aanvaar. Die nasionale vlag sou die oranje, wit en blou van die Huis van Oranje wees, met die twee republikeinse vlae en die Union Jack aangebring op die wit baan, soos deur die opposisie voorgestel. Daarbenewens sou die Union Jack by bepaalde geleenthede gebruik word as simbool van die imperiale konneksie. Die wetsontwerp is deur die parlement geloods, terwyl die oplossing min mense bevredig het.[112]

Dit was 'n bitter pil vir die Grobbelaars om steeds die Union Jack, in werklikheid nou twee, te moes aanvaar. Hulle sou hul egter voortaan nog meer beywer om weer 'n "skoon" vlag te hê en om die Union Jack af te skaf, 'n sentiment wat deur baie Afrikaners gedeel is.[113] Die nuwe vlae is amptelik op 31 Mei 1928 gehys. Deur die vlagkwessie het dr. Malan die etiket van koppigheid verwerf en is hy as die verteenwoordiger die van ekstreme Afrikanernasionalisme beskou.[114] Onder invloed van ds. PJ Marais, wat vir dr. Malan goed geken het, was Fred en De Vos Grobbelaar oortuig dat hulle politieke aspirasies die beste deur Malan verteenwoordig en verwoord is.[115]

## 6. DIE ARMBLANKEVRAAGSTUK

Die armblankevraagstuk het intussen ernstige afmetings aangeneem en 'n politieke probleem geword as gevolg van die ekonomiese en maatskaplike agteruitgang van 'n groot deel van die plattelandse blanke bevolking.[116] Tydens en na afloop van die Eerste Wêreldoorlog het die probleem vererger en die ekonomiese insinking na 1918 het 'n groeiende woning- en arbeidstekort tot gevolg gehad. Die ergste droogte in 50

---

111 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
112 Schoeman, pp. 149-150.
113 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mevv. Cornelia en Marthie Grobbelaar, en ds. P. de V. Grobbelaar, 15 Februarie 1955, 21 Maart 1955 en 7 April 1974.
114 Kruger, *Generals*, pp. 144-145; Schoeman, pp. 149-150.
115 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
116 Le Roux 1, p. 272; B Booyens, *Die lewe van D.F. Malan*, p. 165.

jaar wat daarmee gepaard gegaan het, het tussen 1911 en 1921 ongeveer 35 000 blankes uit 94 distrikte gedwing om ’n heenkome in die stede te gaan soek. Met Uniewording was reeds ongeveer 20% Afrikaanssprekendes stedelinge, terwyl die getal in 1936 tot meer as 40% toegeneem het.[117]

Hierdie vraagstuk het genl. Hertzog na aan die hart gelê en hy het gevoel dat dringend voorsiening gemaak moes word vir blanke arbeid.[118] Die probleem was dat swak toegeruste armblankes met die ander rassegroepe in die arbeidsmark moes meeding, terwyl die nywerheidswêreld die goedkoper swart arbeid bo die duurder blanke arbeid verkies het.[119] Gedurende die tweede helfte van die 1920's het die Carnegie-korporasie van New York begin belangstel in die probleem van wit armoede in Suid-Afrika.[120] Die armblankes is as ’n bedreiging beskou vir die selfbehoud en aansien van die blanke bevolking in ’n land waar die swart bevolking hulle met 5:1 oortref het. In 1927 is ’n ondersoek na die blanke armoedevraagstuk geloods, ’n projek waarin die Nederduits-Gereformeerde Kerk die belangrikste rol gespeel het. Toe finansiering van die ondersoek in 1929 deur die Carnegie-korporasie toegestaan is, was die kerk die vernaamste liggaam wat in die beheerraad van die ondersoek gedien het.[121]

Fred Grobbelaar is aan die einde van 1929 gelegitimeer en het ’n beroep as mede-leraar ontvang na Montagu, wat hy ook aanvaar het.[122] Montagu was ’n groot gemeente en geografies uitgestrek. Langs die Keizie en die Kingna het die boere met wingerd, vrugte, graan en lusern geboer, terwyl skape en bokke in die gebroke veld aangehou is, asook volstruise. In die groot wyke van die Koo, die Touw, die Keizie, Klipkuil en Langeberg was baie plase in die valleie versteek. Die rit van die dorp na Kruispad, die Langebergwyk, Allemorgensfontein en deur die Koo weswaarts tot aan die Keeromsberg was veeleisend met hul kar-en-perde. In sommige van die afgeleë streke was blanke lidmate as eenvoudige, verarmde veewagters in die diens van meer welvarende boere werksaam. Die “bywonerstelsel” was nog algemeen in die distrik

---

117 EP du Plessis, *’n Volk staan op – die ekonomiese volkskongres en daarna*, p. 32; Le Roux 1, p. 272.
118 Le Roux 1, p. 272.
119 *Ibid.*, p. 274; Kruger, *Nation*, p. 121.
120 Giliomee, p. 296.
121 *Ibid.*
122 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.

van Montagu.[123] Om lang ompaaie na die afgeleë dele uit te skakel, het Fred sy besoeke aan die buitewyke tussen die berge soos Pietersfontein en Pattattasfontein te perd onderneem.[124]

Uit bostaande is dit duidelik dat hy in sy gemeente te kampe gehad het met die armblankevraagstuk van die Klein-Karoo. Hy was medeleraar van dr. DP van Huyssteen wat vir huisbesoek die moeiliker bereikbare gebiede aan sy jong medeleraar oorgelaat het.[125] Dit kan aanvaar word dat hy die ondersoekerspan van die Carnegie-kommissie daadwerklik bygestaan het in hulle werksaamhede in sy gemeente. Die onderhoude wat gevoer is, is aangevul met vraelyste, intelligensie- en skolastiese toetse, en die gebruik van amptelike sensusdata en dokumentêre en historiese bronne. In 1932 het die kommissie vyf omvattende verslae gepubliseer.[126] Die Carnegie-kommissie het bevind dat in Suid-Afrika 300 000 armblankes was, ongeveer 17% van die blanke bevolking, waarvan ongeveer 250 000 Afrikaans was. Daar is bevind dat 56% van wit leerlinge uit huise gekom het wat nie in staat was om aan kinders behoorlike kos en kleding te verskaf nie.[127] Volgens Emmie Rothmann, gedurende die Carnegie-ondersoek organiserende sekretaresse vir die Afrikaanse Christelike Vroue-vereniging (ACVV), was daar die neiging om die skuld vir die armblankevraagstuk op die implikasies van die Anglo-Boereoorlog te lê. Sy gee toe dat die verwoesting en verarming gedurende die oorlog en daarna op groot skaal plaasgevind het. Sy het self ook aanvaar dat die skuld in die eerste plek by die Britse oorheersing gesoek moes word.[128]

Op ’n dag het Emmie Rothmann ’n onderhoud met ds. Perold, predikant van Vryburg, die mees uitgestrekte gemeente in Kaapland, gehad. In hulle gesprek was hy van oordeel dat die trek na die stede onvermydelik was, omdat die platteland nie sy mense kon dra nie. In Vryburg het hy die verstedelikingskwessie geval vir geval nagegaan, rekords gehou en statistiek versamel. Sy bevinding was dat byna elke gesin wat na die stede getrek het dáár hulle leefwyse en vooruitsigte verbeter het. Niemand wou hom

---

123 Booyens, pp. 123-124.
124 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
125 *Ibid.*
126 Giliomee, p. 296.
127 *Ibid.*, p. 297.
128 ME Rothmann, *My beskeie deel*, pp. 236-237.

glo nie, omdat sy ervaring die populêre menings weerspreek het. Volgens Rothmann het die algemene siening van die kommissie oor die toestand daarop neergekom dat armoede glad nie abnormaal was nie. Dit het voorgekom waar mense yl versprei oor ’n groot land in afsondering moes leef.[129] Vergelykenderwys het sy in die Verenigde State van Amerika (VSA) ’n studie in die arm streek van Kentucky gaan doen. Daar het dieselfde as in Suid-Afrika gebeur, net op ’n veel groter skaal, toe die blankes vanaf die Ooskusstreek verhuis het tot naby Alleghany en Ozark. Dáár het hulle geen voeling met die wêreld langs die kus en sy ontwikkelende groot stede gehad nie. Gevolglik het hulle omstandighede, na geslagte van afsondering, byna asosiaal geword.[130]

Die grootste bydrae wat die Carnegie-kommissie gelewer het, was die ontmaskering van mites rondom wit armoede, soos o.m. dat brandarmes ’n natuurlike afsaksel in die samelewing gevorm het, vir wie daar geen redding was nie. Die mite wat die Afrikaner die seerste gemaak het, was die bewering dat daar geneties iets met hom verkeerd was wat tot die groot getal Afrikaner-armes gelei het. Sir Carruthers Beattie, rektor van die Universiteit van Kaapstad, het op ’n openbare vergadering gesê dat die armblanke oor die algemeen verstandelik vertraag is en dat daar iets inherent in die Afrikaner was wat die verskynsel ’n onrusbarende omvang laat aanneem het. Intelligensietoetse tydens die ondersoek het die stelling weerlê en daar is bevind dat die Afrikaanse armblankes goed vergelyk met die res van die bevolking. Daarmee is die opvatting van ’n inherente gebrek aan intelligensie finaal die nek ingeslaan.[131]

Fred Grobbelaar het geglo dat die armblankes deur faktore buite hulle beheer in armoede verval het. Sy kontak met armblankes in die verskillende gemeentes waar hy gedien het, het hom oortuig dat dat die mens se politieke filosofie bepaal word deur sy posisie op die ekonomiese leer. Onder op die leer neig hy om sosialisties te dink. Bo-aan die leer dink hy feitlik sonder uitsondering kapitalisties. In die middel van die leer is die middelklas, die mees betroubare, omdat hy enersyds nie weens gebrek sosialisties is nie, en andersyds, weens oorvloed nie uitermate materialisties ingestel is nie. Terwyl hy die groot-kapitalisme as ’n wesenlike gevaar vir die Afrikaner beskou het, was voortdurende armoede vir hom die grootste probleem. Daarom het hy

---

129 *Ibid.*, p. 237.
130 *Ibid.*
131 Giliomee, p. 297.

baie in sy gemeentes gedoen om die probleem te help oplos en was hy bekend as ’n groot vriend van die armesorgbediening van die Nederduits-Gereformeerde Kerk.[132]

'n Ministerie van Arbeid is ingestel om werkloosheid en armoede op ’n nasionale grondslag te hanteer. Die arbeidsbeleid is gebaseer op die basiese beginsel van “beskaafde arbeid”, wat geskoolde arbeid vir blankes en kleurlinge gereserveer het en die deur geopen het vir die opname van ongeskoolde en halfgeskoolde blanke arbeiders in staatsdepartemente.[133] ’n Doelbewuste beleid van wit arbeid in die spoorweë is ook toegepas. Meer as 30 000 ongeskoolde blanke mans is in die spoorweg-administrasie opgeneem om swart werknemers te vervang.[134] Onder hulle was Gert Grobbelaar en Piet Geyer, seun en skoonseun onderskeidelik van Adriaan Grobbelaar. Gert sou uiteindelik aftree as distrik-spoorbaan-opsiener en Piet as treindrywer (stoom).[135] Met dié reëling is swart arbeiders gedwing om hulle arbeid elders aan te bied. Die getal wit arbeiders in die industrieë het vinnig toegeneem en wel vanaf 46 000 in 1916-1917 tot 80 000 in 1926-1927.[136] Die oplossing van die armblankevraagstuk het in 1928 nader aan ’n oplossing beweeg toe die regering ’n stelsel van ouderdomspensioene vir blankes en gekleurdes bo die ouderdom van 65 jaar ingestel het.[137]

Die regering se ideaal was om die ontvolkingsproses van die landelike gebiede as gevolg van blanke armoede in te perk met die proklamasie van die eerste landnedersettingswette. Ingevolge hierdie wette sou armblankes wat weer wou boer ’n finansiële voorskot en ’n hoeveelheid hektaar besproeibare grond ontvang, waarop hulle hulself oor ’n proeftydperk van ’n paar jaar moes bewys. Indien die regering tevrede was met hulle prestasie, sou verdere finansiële hulp aan hulle verleen word. Voordat enige grond egter ingevolge die Landnedersettingswet toegestaan sou word, moes voornemende boere eers opgelei word op verskeie opleidingsplase wat onder die Departement van Arbeid ingerig is. Hierdie reëling het gou laat blyk dat daar onder die armblankes ’n element was wat glad nie wou werk nie. Vir hulle is daar

---

132 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955 en kinderdae-vertellings van ds. Fred Grobbelaar, 1949.

133 Le Roux 1, p. 274.

134 Kruger, *Generals*, p. 138.

135 CHJ Neethling, *Die Grobbelaars van Cyferfontein, distrik Bethulie*, hoofstuk 2, pp. f1/6-f1/7.

136 Kruger, *Generals*, p. 138.

137 Le Roux 1, p. 279.

ingevolge wetgewing arbeidskolonies geskep, waar hulle gedwing sou word om te werk.[138]

Op finansiële gebied het dit beter met Suid-Afrika begin gaan en het die regering in 1925 besluit om na die goudstandaard terug te keer.[139] 'n Belangrike aspek van die regeringsbeleid het gewentel om die beskerming van Suid-Afrika se industriële produkte. Die nuwe fiskale beleid van die regering in April 1925 het die lewenskoste laat styg, maar industriële ontwikkeling is terselfdertyd aangemoedig. Nuwe fabrieke kon nou ook in toenemende skaal begin produseer. Daardeur het indiensneming toegeneem en het die land as geheel op die duur daarby gebaat.[140] Die nuwe Handels- en Nywerheidsraad moes die regering adviseer oor die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne, die bevordering van handel en nywerheid en die beperking van invoergoedere wat die Suid-Afrikaanse nywerhede kon benadeel.[141]

Die opposisie was gekant teen hierdie regeringstrewe na algehele ekonomiese selfstandigheid, waar Suid-Afrika se belange eerste gestel word. Hulle het die beleid as 'n bedreiging vir invoer uit Brittanje en die dominiums beskou, wat die uitvloei van Britse kapitaal na die Unie kon verminder of stopsit.[142] Groot teenstand is veral ontvang vir die vestiging van 'n staatsondersteunde yster- en staalnywerheid, wat in Februarie 1927 skerp deur Brittanje gekritiseer is. Daar is geglo dat die planne tot nadeel van Britse kapitaal gebruik sou word, terwyl die Britse handel grootliks op sy yster- en staalindustrie berus het.[143] Suid-Afrikaanse staalnywerheid sou yster- en staalprodukte teen laer pryse kon verkoop as waarvoor dit ingevoer word. Toe die wetsontwerp in 1927 ter tafel gelê is, was daar sterk teenstand van die opposisie. In November 1927 is die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys, omdat die opposisie gevrees het die regering se strewe na ekonomiese selfstandigheid sou tot die geleidelike verbreking van bande met die Britse Ryk lei. Die wetsontwerp is in Maart 1928 tydens 'n gesamentlike sitting deur die parlement geloods.[144]

Hierdie teenstand teen 'n maatreël wat in die landsbelang geag is, was vir die

---

138 *Ibid.*, p. 275.
139 Schoeman, p. 148.
140 Kruger, *Generals*, p. 138.
141 Le Roux 1, p. 262.
142 *Ibid.*
143 *Ibid.*, p. 280.
144 Kruger, *Generals*, pp. 147-148.

Grobbelaars onverstaanbaar. Dit het telkens weer in later jare ter sprake gekom as voorbeeld van die dienstigheid van die opposisie aan die Britse Ryk.[145] Vir die Grobbelaar-boere het die omheining van hulle plase noodsaaklik geword. Die hoë koste daaraan verbonde het hulle egter in ’n mate beperk, want dit sou hulle insetkoste op ’n onnodig hoë vlak hou.[146] Hulle het daarom die moontlikheid van goedkoper draad en ander staalbenodigdhede vir die boerdery verwelkom, want dit sou insetkoste laat daal. Die vestiging van die staalnywerheid het op sy beurt bygedra tot die gevoel dat die regering werklik ook hulle belange in ag geneem het.[147]

’n Hewige rusie in die Arbeiderspartygeledere tussen die koukus en die hoofbestuur van die party het tot ’n skeuring in Arbeidersgeledere gelei.[148] Genl. Hertzog kon die verkiesing in 1929 met vertroue tegemoetgaan as gevolg van die regering se prestasies gedurende die eerste vyf jaar van sy bewind. Die enigste twee sake wat nog probleme geskep het, was die moeilikheid in die Arbeidersparty en die mislukte pogings om die wetgewing met betrekking tot die swart bevolking aangeneem te kry.[149] Die probleme ondervind van hierdie wetgewing word onder genl. Hertzog se rassebeleid bespreek.

Tielman Roos het behendig gebruik gemaak van ’n toespraak van genl. Smuts op Ermelo oor die swart vraagstuk. Smuts het samewerking met die Britse kolonies noord van Suid-Afrika bepleit om ’n groot blok Britse state in suider-Afrika te vorm waarin Suid-Afrika ’n prominente rol moes speel.[150] Roos het die politieke moontlikhede van hierdie droom uitgebuit. In die sogenaamde Swart Manifes het hy beweer dat Smuts die pleitbesorger vir ’n groot “Kafferstaat” (sic) was, waarvan Suid-Afrika net ’n klein onderdeeltjie sou uitmaak. In die staat sou swart en blank gelyke regte hê, wat die einde van die witman en die blanke beskawing sou beteken. Hierdie toespraak en die manifes het ’n groot invloed op die verloop van die verkiesing gehad. Vir die kiesers wat die land as witmansland wou sien voortbestaan,

---

145 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
146 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met De Bruyn Joubert, s.a.
147 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
148 Schoeman, p. 151.
149 *Ibid.*, p. 152.
150 *Ibid.*

was genl. Smuts se toespraak ’n groot skok.[151] Die konserwatisme van die kieserspubliek in die Transvaal en die Vrystaat het in Smuts se droom ’n gevaar gesien wat die witman se posisie negatief sou raak. Vir die Grobbelaar-boere wat op hulle plase nog dikwels met “rou” swart arbeid moes werk, was die idee van moontlike swart oorheersing ondenkbaar. Die enigste oplossing waaraan hulle geglo het, was ’n beleid van politieke skeiding tussen wit en swart.[152]

Die opposisie het begin uitkyk na geskikte kandidate om in die verkiesing namens hom te staan. Op 11 Maart 1929 skryf genl. Smuts aan Apie Griesel: “Ek is baie begerig dat u u verkiesbaar sal stel vir u kiesafdeling. […] Ek meen dit is een setel wat ons noodsaaklik moet veg en daar is niemand in die distrik met u invloed en kanse [nie]. Getroos u dus die opoffering en luister na die roepstem van die volk en die party. Ek sal baie dankbaar wees vir die opoffering […] U vriend, J.C. Smuts.”[153] Bethulie was waarskynlik in hierdie stadium deel van die kiesafdeling Edenburg, want die uitslag van die verkiesing op 18 Junie 1929 toon dat Apie Griesel daar slegs 355 stemme teen die 1 638 stemme van FW Beyers kon trek.[154] In Kaapland en Transvaal het die opposisie op die platteland aansienlike verliese teen die regering gely. Daarvoor is, as gevolg van die Arbeider-rusie, deels vergoed in die stedelike kiesafdelings waar die opposisie setels van die Arbeidersparty verower het. In die Vrystaat het die Nasionale Party 17 van die 18 setels ingepalm. Die finale stand van die partye na die verkiesing was: Nasionale Party 77, Suid-Afrikaanse Party 61, Cresswell-Arbeiders vyf, Arbeiders Hoofbestuur drie en Onafhanklikes een.[155] Die regering het die senaat binne drie maande ontbind om te verseker dat hy ’n werkende meerderheid in die nuwe senaat sou hê.[156]

Probleme het egter nou kop begin uitsteek binne die Nasionale Party, waar genl. Hertzog te doen gekry het met ontevrede elemente. Hy moes rekening hou met Tielman Roos wat immers die weg gebaan het vir die Hertzog-Creswell ooreenkoms en ook die vlag-ooreenkoms beding het. In Transvaal was Roos se aanhang groter as

---

[151] Kruger, *Generals*, p. 148; Schoeman, pp. 152-153.
[152] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mevv. Cornelia en Marthie Grobbelaar, 15 Februarie en 21 Maart 1955.
[153] Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling: JC Smuts – AJ Griesel, 11 Maart 1929 (brief).
[154] Schoeman, p. 160.
[155] *Ibid.*, pp. 153-154; Van Rooyen, p. 126.
[156] Kruger, *Generals*, p. 148.

dié van Hertzog. Roos het ook dikwels met dr. Malan, wie se invloed op Hertzog hom nie aangestaan het nie, gebots.[157] Fred Grobbelaar was in 1929 ’n student in sy finale jaar aan die Kweekskool op Stellenbosch. Sy aanstaande skoonvader, ds. Marais, het Tielman Roos as ’n gladdemond opportunis en onbetroubare faktor in die politiek beskou. Hierdie siening en sy sterk vertroue in die onverstoorbare dr. DF Malan het hy aan Fred oorgedra. Op sy beurt het Fred weer sy broers en neefs beïnvloed, sodat sy broerskinders De Vos en Pieter, en sy neef Piet Grobbelaar stewig in die Malan-kamp beland het.[158] Om Roos, wat nou aan swak gesondheid gely het, te neutraliseer, het genl. Hertzog hom in die Appèlhof aangestel.[159]

## 7. DIE GROBBELAARS DEURLEEF DIE DEPRESSIE

Teen September 1929 het die ekonomiese voorspoed ’n skerp insinking begin toon.[160] Op 25 Oktober 1929 het die New Yorkse aandelemark in duie gestort en het die insinking ’n volskaalse depressie geword wat alle sfere van die ekonomie sou raak.[161] Dit het ’n ontwrigtende uitwerking op die politiek gehad. Benewens die ernstige droogte[162] het die regering nou met ’n groeiende armblanke- en werkloosheidsvraagstuk te kampe gehad.[163] Brittanje het op 21 September 1931 van die goudstandaard afgestap, maar die Unie, die grootste goudprodusent ter wêreld, het geweier om die Britse voorbeeld te volg.[164] Die verswakkende ekonomiese situasie het die regering se steun laat daal en die opposisiepers het verklaar dat die probleme verby sou wees die oomblik wat die regering die goudstandaard sou verlaat.[165] Die agitasie van die opposisie, bygestaan deur die pers en die mynmagnate, het in heftigheid toegeneem, Hoewel die regering die goudstandaard kon handhaaf, en verskeie hulpmaatreëls getref het, het sake hagliker begin word.[166]

Finansiële stabiliteit was in gevaar en die depressie het die Unie in al sy felheid ge-

---

157 *Ibid.*, p. 151.
158 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955 en ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
159 Kruger, *Generals*, p. 151.
160 Van Rooyen, p. 126; Le Roux 2, pp. 439-440.
161 Le Roux 1, p. 279.
162 Van Rooyen, p. 126.
163 Le Roux 1, p. 279.
164 Van Rooyen, p. 126; Le Roux 2, pp. 439-440.
165 Kruger, *Generals*, pp. 154-155.
166 Van Rooyen, pp. 126-127.

tref. Die val van die diamantprys en die swak wolmark het die uitvoermark swaar getref. Boonop het die ergste droogte in die geskiedenis van die land kort daarop gevolg. Dit het die boere uiteraard baie swaar getref. Hulle het dit onmoontlik gevind om hulle rentebetalings by te hou, terwyl die handelsbanke begin het om skuld op te roep. Selfs die hulpmaatreëls van die Landbank in die vorm van lenings en die prysvasstelling van koring en mielies, was tevergeefs, want daar was geen afset vir hulle produkte nie. Hulle het skaars genoeg verdien om 'n karige bestaan te kon voer. Teen 1932 het groot landelike gebiede stadig maar seker verarm en het baie van die armer boere armblankes geword. Hulle het as ongeskooldes na die dorpe en stede gestroom waar die arbeidsmark as gevolg van die moeilike tye oorversadig was en hulle dus nie kon absorbeer nie.[167]

Die Hertzog-standpunt oor goud het vir Tielman Roos die weg help baan om na die politiek terug te keer. Die teenstanders van die goudstandaard het geglo dat hy iets aan die goudstandaard sou kon doen.[168] Brittanje was die belangrikste uitvoermark vir baie Suid-Afrikaanse produkte en daarom was die boere ook by die stryd betrokke.[169] Dit is nie duidelik in watter mate die boere onder die Grobbelaars by hierdie stryd betrokke was nie. Dit kan aanvaar word dat die Griesels en Jan Grobbelaar, as Smuts-ondersteuners, wel geesdriftig daaraan meegedoen het. Uit familiebronne blyk dat die jonger geslag Grobbelaars wel die afstap van die goudstandaard verwelkom het, maar dit het hulle steeds nie ondersteuners van Tielman Roos gemaak nie. In hierdie stadium het hulle hul reeds agter dr. Malan geskaar. [170] Die Grobbelaar-boere het 'n uiters moeilike tyd deurgemaak. Nie almal was werklik voorspoedig in die boerdery nie, sodat hulle dele van hulle plase moes verkoop om uit die skuld te probeer bly. Hoewel verarming onder hulle ingetree het, is nie een Grobbelaar as gevolg van die depressie en die droogte van sy grond afgedwing nie. Die Grobbelaars wat staande gebly het, was Kotie Grobbelaar van Cyferfontein en sy seun Jan, asook Harm en John Grobbelaar, hulle swaer, Henning Joubert van Kroonpos, en die Griesels van Springbokfontein en Kleinzuurfontein. Dit was daaraan te danke dat hulle by die aanvang van die depressie geen groot skuld gehad het om terug te betaal nie. Tog

---

[167] Kruger, *Generals*, pp. 153-154.
[168] A van Wyk, *Die Keeromstraat-kliek*, pp. 31-32.
[169] Le Roux 2, p. 440.
[170] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.

moes hulle ’n deel van hulle welvaart inboet en was hulle nie meer so welvarend soos met die aanvang van die depressie nie.[171]

Genl. Hertzog het Tielman Roos as ’n risiko vir sy Paktregering beskou.[172] Teen November 1932 het hy verneem dat Roos ’n besoek aan genl. Smuts op Irene gebring het. Verskeie politici, onder andere Colin Steyn, was geesdriftig oor die vooruitsig om Roos weer in die politiek te verwelkom. Die vraag was nou of Afrikanernasionalisme of eiebelang die deurslag sou gee.[173] ’n Belangrike tussenverkiesing in Germiston op 30 November 1932 het aan genl. Hertzog sy "Wakkerstroom" besorg. Teen alle verwagting in het die Suid-Afrikaanse Party Germiston verower en die uitslag dadelik aan die regering se ekonomiese beleid toegeskryf. Genl. Smuts het daarop aangedring dat die Hertzog-regering bedank of onmiddellik ’n verkiesing uitskryf.[174]

Om genl. Hertzog se politiek vanaf die einde van 1932 tot in 1933 te begryp, moet dit gesien word teen die agtergrond van ’n baie groot groep Afrikaners se verwagting by die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910. In die Unie het hulle slegs die staatkundige eenheid gesien waarbinne die republiek wat hulle van harte begeer het, verwerklik sou word. Hierdie republikeinse strewe het in 1914 ’n belangrike stimulus ontvang met die stigting van die Nasionale Party.[175] Die Balfour-verklaring en die vlagstryd het nie die ontevrede republikeine tevrede gestel nie. Onder hulle was daar meesal jong intellektuele, wat nou begin voel het dat genl. Hertzog op die lange duur nie die regte man was nie, want hy het die Afrikanerdom gedwing om ’n nuwe tipe imperialisme, in die vorm van ’n gemenebes, te aanvaar.[176] Fred Grobbelaar, sy neef Pieter, die jonger seun van Kotie Grobbelaar van Cyferfontein, asook De Vos en Piet Grobbelaar, sy broerskinders, was ook in hierdie geledere. Terwyl Fred en De Vos toe reeds in gemeentes gestaan het, was die ander twee nog studente op Stellenbosch waar ds. PJ Marais, ’n oortuigde republikein, ’n

171 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.
172 Le Roux 2, p. 441; Crafford, p. 286.
173 Le Roux 2, p. 441; Van den Heever, pp. 575, 577-581.
174 Le Roux 2, p. 442.
175 *Ibid.* 1, p. 253.
176 Kruger, *Generals*, p. 152.

groot invloed op hulle gehad het.[177]

Die republikeinse vleuel van die Nasionale Party in die Vrystaat en Transvaal het vertroue begin verloor in genl. Hertzog se vermoë om hulle politieke ambisies te bevredig. Hulle het egter in 1929 steeds vir die Nasionale Party gestem, omdat hulle nie sterk genoeg was om ’n Republikeinse Party te stig nie. Ook het die ondersteuners op voetsoolvlak nog stewig agter genl. Hertzog gestaan.[178] Die erkende leiers van hierdie jonger geslag in die Nasionale Party was NJ van der Merwe en CR Swart, twee Vrystaters, en JG Strijdom, ’n Transvaler. Hulle wou hul nie langer neerlê by Hertzog se besluit dat Suid-Afrika binne die Britse Ryk moes bly en dat daar ook nie na ’n republiek gestreef moes word nie. Hierdie groep het in die Grobbelaar-geledere ondersteuners gehad. Fred en De Vos Grobbelaar kon uit hoofde van hulle amp as leraars nie aktief by die stryd betrokke raak nie. Daarvoor het Harm Grobbelaar, Fred se ouer broer, en Henning Joubert, sy swaer, opgemaak en hulle aktief beywer vir die republikeinse groep.[179] Genl. Hertzog se gevoel was dat ’n regeringsvorm nie belangrik genoeg was om die Suid-Afrikaanse bevolking te verdeel nie en het daarom die bedrywighede van hierdie groep veroordeel.[180]

Die gebeure wat direk tot koalisie en samesmelting, asook verdeeldheid in Afrikaner-geledere aanleiding gegee het, het op Haakboslaagte in Noord-Transvaal begin. Tielman Roos het op 16 Desember 1932 die feesrede gelewer en nouer samewerking tussen Afrikaans- en Engelstaliges, asook die afstap van die goudstandaard en ’n “nasionale regering” bepleit om die ekonomiese wurggreep af te skud.[181] Genl. Hertzog het gevoel dat om van die goudstandaard af te stap bedrog sou wees en dat die klein belegger, die pensioenaris, die salaristrekker en die “weduwees en wese” ernstig benadeel sou word deur so 'n stap.[182] Op 21 Desember 1932 het Hertzog verneem dat Roos as appèlregter bedank het. Alles het daarop gedui dat hy ’n politieke magsverskuiwing sou kon bewerkstellig, want met die steun van slegs

---

177 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955 en ds. P de V Grobbelaar, 3 April 1974.

178 Kruger, *Generals*, p. 152.

179 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974 en De Bruyn Joubert, s.a.

180 Le Roux 2, p. 443.

181 *Ibid.*, Crafford, p. 286; Kruger, *Nation*, p. 162.

182 WC du Plessis, “James Barry Munnik Hertzog – die mens”, *Hertzog-annale* 11(15), Desember 1962, pp. 25-26.

tien NP-volksraadslede sou hy vir Hertzog uit die saal kon lig. Roos het begin deur met verskeie NP-volksraadslede oor hul toekomsplanne te gesels.[183]

Die reaksie op die Haakboslaagte-toespraak het finansiële paniek tot gevolg gehad en daar was geen ander keuse as om die goudstandaard op 28 Desember 1932 te verlaat nie. Hertzog se politieke vyande het van hom geëis om te bedank. In sy Nuwejaarsboodskap van 1933 het hy daarop gewys dat die regering nie uit vrye wil van goud afgestap het nie, maar weens Roos se manipulering en daarom nie sal bedank nie. Hierdie krisis het baie ondersteuners nou begin beïnvloed om te begin dink aan samewerking tussen die twee groot partye om die ekonomiese probleme die hoof te bied. Die gemeenskaplike nood van die mense het die fondamente van die skeidsmure tussen die partye hewig geskud.[184] Intussen het Roos se politieke inmenging soos ’n swaard oor genl. Hertzog kop gehang, terwyl genl. Smuts Roos se toenadering tot hom hoogstens as die middel om Hertzog uit die kussings te lig, gesien het.[185]

Hoewel die Vrystaatse en Transvaalse volksraadslede genl. Hertzog van hul lojaliteit verseker het, was die magsewewig tog stewig in Roos se hande. Verrassings en onverwagte gebeure kon dus nie uitgesluit word nie, want Roos se pleidooi vir ’n nasionale regering het groot byval gevind.[186] Sy sukses met die afstap van die goudstandaard het mense laat glo dat hy dieselfde ook met die regering sou kon doen. Dit het tot gevolg gehad dat koalisie nou vir baie gematigdes nie meer so onaanvaarbaar gelyk nie. Die werklikheid was egter dat terwyl Roos in statuur gegroei het, die Nasionale Party besig was om te kwyn. Uitslae van belangrike tussenverkiesings in Colesberg en Germiston het die posisie van die NP verswak. Om ’n aanslag teen die regering af te weer, moes genl. Hertzog nou sy mense bymekaar hou. Die Kaaplandse koukus het dus op 5 Januarie 1933 ’n eenparige besluit van vertroue in genl. Hertzog en die Nasionale Party-beleid geneem en hulle agter Hertzog geskaar.[187] Intussen het Hertzog se effektiewe meerderheid in die volksraad reeds tot 18 gedaal.[188]

183 Le Roux 2, p. 444.
184 Van den Heever, pp. 586-587; Crafford, pp. 286-287.
185 Le Roux 2, p. 446.
186 *Ibid.*
187 *Ibid.*, p. 448.
188 Kruger, *Generals*, pp. 155-156.

## 8. KOALISIE EN SAMESMELTING

Genl. Smuts het met die begin van die parlementsitting op 20 Januarie 1933 kennis gegee van 'n mosie dat die regering moes bedank, sodat ’n nasionale regering aangestel kon word.[189] Op sy beurt het genl. Hertzog gevoel dat ’n nasionale regering nie nodig was nie, en dat die bestaande regering steeds ewe goed kon doen wat gedoen moes word.[190] Die Smuts-mosie is met 14 stemme verwerp.[191] In hierdie tyd van baie bespiegelinge het ’n gerug die ronde begin doen dat genl. Hertzog ’n koalisie met genl. Smuts oorweeg het. Op 30 Januarie het *Die Burger* ’n indirekte waarskuwing daaroor aan die regering gerig. In ’n subhoofartikel is Eamon de Valera van Ierland geloof vir sy oorwinning in die Ierse verkiesing teen vyande wat hom met lis in 'n koalisie wou dwing en wat die Ierse volksgevoel sou smoor.[192] Op 31 Januarie het die koukus van die Suid-Afrikaanse Party Roos se toenadering verwerp.[193] ’n Gerug het die ronde gedoen dat middelmanne van Hertzog en Smuts reeds besig was om oor koalisie te onderhandel. Dr. Malan het op 1 Februarie 1933 die redakteur van *Die Burger* versoek om die leserspubliek in te lig en te waarsku. Tussen 30 Januarie en 7 Februarie 1933 het genl. Hertzog sy voorneme bekend gemaak om onderhandelinge met Smuts aan te knoop en die koukus daaroor toegespreek, terwyl hy reeds op 26 Januarie probeer het om dr. Malan en ander kollegas tot ’n koalisie met genl. Smuts te oorreed.[194]

Dit wil voorkom of omstandighede genl. Hertzog tot koalisie oorreed het. Terwyl die Westerse wêreld die ergste depressie nóg beleef het, is Suid-Afrika geknel deur die langdurige ergste droogte in menseheugenis. Met die volgelinge van Roos nog steeds in sy geledere, sou die regering nie die nodige wetgewing alleen deur die parlement kon loods om aan die boere finansiële bystand te gee nie. Verder was sy Naturellewetgewing, wat van die uiterste belang vir die land was, ook nog nie afgehandel nie, en sou dit nie sonder parlementêre samewerking afgehandel kon word

[189] Crafford, p. 289.
[190] Van Rooyen, p. 131.
[191] Crafford, p. 289.
[192] Van Wyk, pp. 48-49.
[193] *Ibid.*, pp. 49-50; Crafford, p. 290.
[194] Van Wyk, pp. 51-52.

nie.[195]

Weer eens het *Die Burger* op 6 Februarie 1933 in ’n berig met verwysing na De Valera se nasionale strewe vir die Iere, dit benadruk dat hy reguit op sy doelwit afgestuur en nie vir struikelblokke teruggedeins het nie. De Valera het selfs die Iere gemaan dat ’n mens nie in twee rigtings tegelyk kan beweeg nie. Dit was ’n onregstreekse teregwysing aan Hertzog.[196] Hierdie taal van *Die Burger* het groot byval gevind by Fred Grobbelaar op Montagu, De Vos Grobbelaar in Goodwood, Harm en John Grobbelaar en Henning Joubert in Bethulie. Dit het vir hulle duidelik geword dat hulle nie langer op genl. Hertzog kon staatmaak om aan hulle die regte leiding te gee nie.[197] Die politiek was nou uiters vloeibaar. Om die koukus op sy besluit voor te berei, het genl. Hertzog vir genl. Conroy gevra om in die koukusvergadering op 7 Februarie 1933 ’n vraag oor koalisie te stel, waarop hy dan sou antwoord. Die vraag is gestel en tot die ontsteltenis van die koukus het Hertzog gesê hy voel dat koalisie in landsbelang was.[198] Dit was vir hom so belangrik dat hy sy koukus voor die keuse gestel het tussen die aanvaarding van koalisie en om hom as leier te verloor.[199] Hertzog se barse optrede in die koukus het groot aanstoot gegee. Hy was nie bereid om die sewe voorwaardes van samewerking, wat hy aan Smuts sou stel en dan openbaar maak, aan sy koukus of kabinet uiteen te sit en te laat bespreek nie. Hertzog se regverdiging vir sy uiters ondemokratiese optrede was dat, aangesien die koukus verdeeld was oor die saak, hy die verantwoordelikheid op homself geneem het, en daarom die koukus nie daaroor laat stem het nie. Die wyse waarop hy sy koukus behandel het, het verder aanstoot gegee toe dit bekend geword het dat die opposisie-koukus reeds om 14:00 daardie middag kennis gekry het van sy voorwaardes, terwyl sy eie koukuslede eers die volgende oggend daarvan in die koerante kon lees.[200]

Vir die Grobbelaar-familie was dit ’n uiters verwarrende tyd, waarin hulle lojaliteite deeglik getoets is. Die ouer geslag was steeds baie verknog aan genl. Hertzog. Fred

---

195 Du Plessis, *Hertzog-annale* 11(15), pp. 26-27.
196 Van Wyk, pp. 54-55.
197 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955 en ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
198 Van Wyk, p. 56.
199 Crafford, p. 290.
200 Van Wyk, pp. 59-60.

Grobbelaar se ouer broers, Adriaan en Willie, vader van De Vos Grobbelaar en hulle oom, Kotie Grobbelaar, sou nie so maklik teen Hertzog draai nie. Dit was vir hulle moeilik om te aanvaar dat Hertzog, die redder van die Afrikaner, ooit die Afrikanersaak sou versaak. Tog was hulle wantroue in genl. Smuts so groot dat hulle nie vrede in hulle gemoed kon kry oor koalisie nie. Harm en John Grobbelaar, en hulle neef Peet, seun van Peet Grobbelaar, was reeds onder die invloed van Fred en De Vos wat teen koalisie gekant was. Terselfdertyd het Jan, die oudste seun van Kotie Grobbelaar, en Apie Griesel, beide Smuts-ondersteuners, in koalisie weer die herstel van Afrikanereenheid gesien.[201]

Die Nasionale Party het nou die gevaar geloop om te skeur. Genl. Hertzog was die enigste persoon wat die ramp kon afweer. Hy het egter nie met sy koukus onderhandel nie, maar die vergadering voor ’n voldonge feit gestel. Volgens hom sou sy koalisieplan nie op samesmelting neerkom nie, maar wel op ’n Pakt-regering soos in 1924.[202] Oor hierdie reeks gebeure het dr. AL Geyer, redakteur van *Die Burger*, sowat drie maande later gesê dat hy op 30 Januarie 1933 nog nie genl. Hertzog se woord nie, maar sy oordeel lankal leer betwyfel het. Sy ondervinding van Hertzog se buitensporige kleinsieligheid het sy geloof in sy opregtheid en eerlikheid vernietig.[203] Wat Fred en De Vos Grobbelaar betref, het hulle gereeld *Die Burger* gelees en was hulle daarom op die hoogte met dr. Malan se waarskuwing enkele dae vantevore. Hulle het nou gewag vir Malan se leiding in die situasie. In Bethulie het Fred Grobbelaar se broers en neefs reeds kontak gehad met Jim Fouché, ’n boer van Smithfield, wat nou aan dr. Malan se kant in die politiek op die voorgrond begin tree het en ook ’n sterk republikein was.[204]

Hierdie wyse waarop genl. Hertzog sy koukus oor koalisie behandel het, sou nog verreikende gevolge vir die Afrikaanse volk inhou.[205] Hertzog se hovaardige en outokratiese optrede is nie passief binne die koukus aanvaar nie. Dieselfde middag nog het die teenstanders van koalisie en die redakteur van *Die Burger*, dr.

---

[201] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
[202] Van Wyk, pp. 57-58.
[203] *Ibid*., p. 48.
[204] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955 en ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
[205] GD Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 7: *1924-1939*, pp. 402-403.

Geyer, saam vergader. ’n Berig op 15 Februarie 1933 het Hertzog se outokratiese optrede sterk beklemtoon. In die berig is ook daarop gewys dat dr. Malan in die koukus teen koalisie standpunt ingeneem het, in ooreenstemming met die koukusbesluit van 24 Januarie 1933 dat daar geen koalisie sou wees nie. In sy hoofartikel het die blad nou vir die eerste keer direk teen Hertzog stelling ingeneem. Dit was die begin van ’n drama wat die Nasionale Party en die politiek onherroeplik sou raak.[206]

Dit kan aanvaar word dat Fred Grobbelaar die siening van *Die Burger* met sy skoonvader, ds. Marais, bespreek het. Ds. Marais was reeds ten volle in die Malan-kamp.[207] Ook De Vos Grobbelaar; wat toe in die Skiereiland ’n gemeente gehad het, het die geleentheid benut om sy gevoelens met Marais te bespreek.[208] Die ouer broers van Fred, asook sy oom, Kotie, moes nou besluit waar hulle lojaliteit gelê het. Volgens ds. De Vos Grobbelaar het sy vader, Willem, en sy oom, Adriaan, beslis gekies om dr. Malan te volg. Dit was nie vir hom seker wat die besluit was van Kotie Grobbelaar nie. Kotie se seun, Jan, was ’n Smuts-volgeling, terwyl sy seun, Piet, saam met Fred en De Vos volgelinge van Malan was.[209]

Die Kaaplandse Nasionale Party het nie koalisie goedgekeur nie en op ’n spesiale kongres in Maart 1933 op De Aar besluit om daarby te berus solank as wat die party se beginsels gehandhaaf word. Op 30 Maart 1933 het genl. Hertzog as eerste minister bedank om ’n koalisiekabinet saam te stel, waarin dr. Malan nie ’n pos aanvaar het nie, omdat hy gekant was teen die koalisie. In die algemene verkiesing van 17 Mei 1933 het Nasionaliste en Sappe hulle as koalisiekandidate verkiesbaar gestel, terwyl genls. Hertzog en Smuts ’n beroep op hulle ondersteuners gedoen het om geen steun aan onafhanklikes te gee nie en so die verkiesing van amptelik benoemde kandidate te verseker. Die Nasionale Party het 75 setels gewen en die Suid-Afrikaanse Party 61. Altesaam 138 lede het aan die regeringskant gesit, terwyl die opposisie vir 'n rukkie

---

206 Van Wyk, pp. 60-62.

207 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.

208 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

209 *Ibid.*

slegs 12 lede gehad het.[210]

Met die koalisie skaars aan bewind is geluide gehoor dat die twee hoofpartye moes saamsmelt. Die Kaaplandse Nasionale Party-kongres in Port Elizabeth in 1933 het met 142 teen 30 stemme teen samesmelting besluit, waarop onderhandelinge met genl. Hertzog as hoofleier van die Nasionale Party gevoer is in ’n poging om die dreigende skeuring te voorkom.[211] Heelwat van die politieke leiersfigure rondom dr. Malan het die koalisie slegs ondersteun om seker te maak van hulle setels. Vir hulle, soos ook vir sekere Vrystaatse en Transvaalse politici, was koalisie ’n noodsaaklike euwel. Hulle het Smuts nie vertrou nie en geglo dat hy eenwording as ’n set gebruik het om uiteindelik sy eie persoonlike ambisies te verwesenlik.[212] Volgens Wennie du Plessis was die kongres in Port Elizabeth ’n bedroewende belewenis omdat Hertzog uitgejou is. Toe die Hertzog-groep die aand vertrek, het net adv. Henry Fagan hom op die stasie gaan groet.[213]

Die pogings tot samesmelting was uiteindelik suksesvol. Die Federale Raad van die Nasionale Party se vergadering het op 20 Junie 1934 in Pretoria plaasgevind. Dr. Malan met ses ander volgelinge het hulle in die minderheid teen samesmelting bevind. Daarna het die Kaaplandse Party in Julie 1934 op sy kongres op Somerset-Wes met 164 teen 18 stemme besluit dat die Nasionale Party sou bly voortbestaan. Op 5 Desember 1934 het die volgelinge van genls. Hertzog en Smuts in Bloemfontein vergader en die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party gestig.[214] Fred en De Vos Grobbelaar het nou die wysheid van ds. Marais se siening oor Smuts, Hertzog en Malan besef en hulle hartgrondig aan die Malan-kant geskaar, gevolg deur John en Harm Grobbelaar en hulle swaer Henning Joubert, wat ook reeds stewige ondersteuners van dr. Malan was. Dit was tussen 1934 en 1939 dat Henning Joubert,

---

210 Van Rooyen, pp. 133-134.
211 *Ibid.*, pp. 134-137; Schoeman, p. 203; Kruger, *Nation*, p.168.
212 Schoeman, p. 204; Kruger, *Nation*, pp. 169-170.
213 Du Plessis, *Hertzog-annale* 11(15), p. 27.
214 Van Rooyen, p. 137; Crafford, p. 299; Kruger, *Nation*, pp. 171-173.

Fred en De Vos Grobbelaar lede van die Afrikaner-Broederbond[215] geword het.[216] Die volgelinge van Malan was oortuig dat hoewel genl. Smuts by samesmelting saamgestem het met baie dinge wat die twee partye in die verlede verdeel het, Smuts dit vir sy eie doeleindes gedoen het en dat hy êrens in die toekoms vir Hertzog nog in die rug sou steek.[217]

Die getal Nasionaliste in die volksraad het van 75 tot 19 gedaal en het op 10 Januarie 1935 onder leiding van dr. Malan die amptelike opposisie geword. Uit die Vrystaat was daar adv. CR Swart. dr. NJ van der Merwe, mnr. RAT van der Merwe en mnr. JJ Haywood. Uit Transvaal was daar slegs adv. JG Strydom. Die res was Kaaplanders. By die Kaaplandse kongres in Somerset-Wes het dr. Malan gesê dat die stryd opdraand sou wees en het met sy "gesuiwerde" party die politieke woestyn ingegaan. As gevolg van die groot invloed van Hertzog en Smuts kon die Nasionale Party nie vinnig vorder nie. Oral moes die party weer van die grond af opgebou word, maar het geleidelik weer op dreef gekom.[218]

Apie Griesel het na die samesmelting op 'n goeie voet met beide Hertzog en Smuts verkeer. In 1936 was Apie ernstig siek. Genl. Hertzog het op 3 Junie 1936 aan Apie se vrou, Marthie, geskryf "om jou te verseker van die blydskap van my en die vroutjie om te verneem dat jou dierbare eggenoot aan die beter is […] en dat hy spoedig weer in volle welstand aan jou sy mag staan is die opregte wense van jou vriend, J.B.M. Hertzog".[219] Op 4 Julie 1936 skryf Hertzog aan Apie: "Ek het so ewe met blydskap

---

215 Die Afrikaner-Broederbond (AB) was 'n kulturele organisasie wat in 1918 gestig is in reaksie teen die opbreek van 'n Nasionale Party-vergadering wat deur dr. DF Malan toegespreek is. Drie jong Afrikaners, HJ Klopper, HW van der Merwe en DHC du Plessis, het in Johannesburg ooreengekom om 'n organisasie te stig om die Afrikaner te verdedig en weer sy regmatige plek in Suid-Afrika te gee. Hulle is daarin gehelp deur ds. JF Naudé. Op 5 Junie 1918 het hulle in Malvern die Bond gestig, toe nog bekend as Jong Suid-Afrika. Op 21 September 1920 is die reëls vir die AB aanvaar en het die Bond uit 37 lede bestaan. Op 26 Augustus 1921 is besluit dat dit 'n vertroulike organisasie vir Afrikaners sou wees. Die vertroulikheid was te wyte aan die wrede werklikhede van die tyd na 1918. Vanaf 1931 het die AB werklik begin groei. Waar daar in 1920 slegs een afdeling was met 37 lede, was daar in 1925 agt afdelings met 162 lede, 23 afdeling met 512 lede in 1930, 80 afdelings met 1 395 lede in 1935 en 135 afdelings met 1 980 lede in 1940. I Wilkins & H Strydom, *The Super-Afrikaners*, pp. 44-48.

216 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

217 Kruger, *Nation*, p. 175.

218 Van Rooyen, pp. 137-138.

219 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling: JBM Hertzog – M Griesel, 3 Junie 1936 (brief).

jou brief van 30 jl. ontvang. Hartelik geluk met jou herstel."[220] Op Apie se plaas, Kleinzuurfontein, het hy 'n aantal Europese takbokkies aangehou wat vlak by die huis gewei het en baie mak was. Volgens Apie was die oorspronklike rammetjie en ooitjie 'n geskenk van genl. Hertzog. Hierdie bokke het jaarliks hulle horings gewissel. Dit was dan 'n aardigheid om van die horings by Apie as geskenk te ontvang.[221]

## 9. GENL. HERTZOG SE RASSEBELEID

Om behoorlike perspektief op die koalisie en die uiteindelike samesmelting tussen genls. Hertzog en Smuts se partye te verkry, is dit nodig om. Hertzog se opvattings oor rassekwessies te ontleed. Hierdie opvattings het 'n groot rol gespeel tydens koalisie en samesmelting. Hertzog se rassebeleid was gebaseer op vier duidelike beginsels, naamlik die behoud van identiteit, van verskeidenheid, van die gemeenskaplikheid van die belange van wit en swart, en van heerskappy van die blanke oor Suid-Afrika as geheel.[222] Vir hom was sy rassebeleid hoog op die agenda van "Suid-Afrika eerste", waar dit spesifiek gegaan het om die handhawing van die blanke beskawing.[223]

In Mei 1913 het die Naturelle-Landwet gebiedskeiding tussen swart en blank moontlik gemaak en is die meeste van die bestaande woongebiede, asook ander gebiede wat in die besit van die swart bevolking was, gedefinieer. Hierdie wet het die bestaan van die swart bevolking as 'n aparte gemeenskap geïmpliseer.[224] Op die vlak van die gewone burger, wat ook die Grobbelaars ingesluit het, was die idee van gebiedskeiding die beleid waaraan hulle geglo het, want dit sou voorkom dat die swart bevolking weereens 'n direkte invloed op die Afrikaner se toekoms sou hê.[225] Onder die swart bevolking en belanghebbende blankes was daar groot teenstand teen die voorgestelde maatreëls. Dit het die regering laat besluit dat die tyd nog nie ryp was om segregasie-wetgewing deur te voer nie.[226] Daardeur is die

[220] *Ibid.*, JBM Hertzog – AJ Griesel, 4 Julie 1936 (brief).
[221] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor persoonlike herinneringe.
[222] HB Kruger, *Die politieke aspekte van genl. J.B.M. Hertzog se naturellebeleid vanaf unifikasie tot aan die einde van sy parlementêre loopbaan*, p. 293.
[223] Le Roux 1, p. 264.
[224] Van Biljon, p. 438; Kruger, *Generals*, p. 63.
[225] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955.
[226] Van Biljon, p. 448.

finalisering van die posisie van die swart bevolking in werklikheid onbepaald uitgestel. Vir genl. Hertzog het die uitvoering van sy beleid deur die volgende jare baie belangrik gebly. Hy sou dit later as een van die belangrikste redes vir koalisie en samesmelting met die Suid-Afrikaanse Party voorhou, ’n stap wat aan hom ’n voldoende meerderheid in die parlement sou besorg.[227]

Aanvanklik het genl. Hertzog die werklike belangrikheid van ’n spoedige en aanvaarbare oplossing ingesien, maar hy sou egter eers die onwillige lede van sy eie koukus daarvan moes oortuig. Blankes was reeds sedert die eerste kontak tussen swart en wit geneig om die swart bevolking as ’n minderwaardige rassegroep te beskou. Dit het uiteindelik ingewikkelde verhoudingsprobleme veroorsaak.[228] Dit was uit hierdie perspektief wat CM van den Heever kon sê “die […] verhouding was, van die kant van die Blankes, gebaseer op ’n strenge handhawing van ’n skeidslyn […] ten einde te verhoed dat hulle in ’n barbaredom verswelg word”.[229] Om dié rede is die beginsel van gebiedskeiding reeds van vroeg af toegepas. [230] Hierdie beskouing dat die swart bevolking minderwaardig was, het daartoe aanleiding gegee dat die blanke hom geroepe beskou het vir die kerstening en opvoeding van die swart bevolking, en daarom ook as sy voog en beskermer van die swarte.[231]

Binne hierdie konteks het genl. Hertzog sy aanhangers se siening vertolk as sou die twee groepe nie op alle gebiede dieselfde behandel kon word nie. Aangesien hulle ook nie gesamentlik in dieselfde woongebiede gelyke politieke en maatskaplike regte kon besit nie, moes die verhouding tussen die twee groepe op ’n basis van eerlikheid en regverdigheid gereël word.[232] Die onus om eerlikheid en regverdigheid aan die dag te lê, het by die blanke berus. Die Grobbelaar-familie het hierdie beleid van genl. Hertzog gesteun, hoewel hulle op die gebied van die praktiese uitvoering daarvan uiteindelik nie met alles sou saamstem nie. Die erfenis wat die Britse imperiale beleid met sy verdeel-en-heers-politiek op die verskillende bevolkingsgroepe gehad het, was te werklik in hulle gemoed. Dit het tot gevolg gehad dat hulle ’n grootliks reaktiewe

---

227 WC du Plessis, *Die goue draad: op die trekpad van ’n nasie*, p. 67; Le Roux 1, p. 264.
228 HB Kruger, p. 17.
229 Van den Heever, pp. 9-10.
230 Van Biljon, p. 9.
231 HB Kruger, p. 18.
232 *Ibid.*, pp. 44-46.

siening op die toekoms van die swart bevolking gehad het. Dit wil voorkom of hierdie standpunt elemente ingehou het wat teruggespoor kan word na die Basoeto-oorloë, die diamantveldkwessie en die Anglo-Boereoorlog. In familie-vertellings het hierdie tema telkens weer na vore gekom. Fred Grobbelaar was in hierdie stadium reeds op Stellenbosch besig met sy teologiese studies, waar hy sy toekomstige eggenote, Cornelia Marais, en haar ouers, ds. en mev. PJ Marais, ontmoet het.[233] De Vos Grobbelaar was ook student aan die Kweekskool op Stellenbosch en ds. Marais het uiteindelik ’n groot invloed op beide Fred en De Vos se siening oor ’n regverdige rassebeleid gehad.[234]

Genl. Hertzog se groot probleem was hoe te werk gegaan moes word om aan die swart bevolking deelname in die wetgewende proses te gee sonder dat die blanke verswelg word. Kortom: ’n regmatige plek moes vir die swart bevolking ingeruim word, sonder om blanke heerskappy en voortbestaan te bedreig.[235] ’n Spoedige oplossing van die probleem sou volgens Hertzog die blanke bevry van die gevoel van bedreiging deur die swart meerderheid. Andersyds sou die swart bevolking kon ervaar dat die blanke dit opreg met hulle bedoel. Die blanke kon daarom nie langer sy oë sluit bloot omdat die oplossing van die probleem ’n onaangename en onaanvaarbare taak was nie. Juis om hierdie rede was dit vir hom veral belangrik dat die vraagstuk nie ’n partypolitieke speelbal word nie. Dit moes buite die veld van die partypolitiek opgelos word. Juis dít was ’n verwante en parallel lopende oorweging wat hy vir die latere koalisie en samesme1ting aangevoer het.[236] In die uitvoering van hierdie siening van genl. Hertzog was die Naturelle-Landwet van 1913 die eerste stap. Daarmee is die beleid van gebiedskeiding aanvaar en deur ’n meerderheid parlementslede gesteun. Hertzog het daarop gewys dat die beleid groot opofferings van wit en swart sou vereis, want bykomende grond moes as deel van gekonsolideerde gebiede vir swartes beskikbaar gestel word om “swartkolle” in

---

233 Ds. Marais het in 1921 sy demissie aanvaar op Koffiefontein waar hy sedert 1903 predikant was. Hy het daar aangekom as lojale Britse onderdaan, maar het die smartlike nawerking van die oorlog baie intens met sy gemeente deurgemaak. Gevolglik het hy vinnig ’n sterk anti-imperialis en vurige republikein geword, en hom ten volle met die Vrystaatse Afrikaner vereenselwig, ook in sy siening van die rassebeleid. Toe genl. Hertzog met die Orangia-Unie en die Nasionale Party die Vrystaatse politieke toneel betree het, het hy in ds. Marais ’n oortuigde ondersteuner gehad.

234 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955 en ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

235 HB Kruger, p. 90.

236 *Ibid.*, pp. 91-92.

blanke gebiede en “witkolle” in swart gebiede te vermy. [237]

Net soos genl. Hertzog het dr. Malan onwrikbaar geglo in die noodsaaklikheid van die handhawing van die witman en sy waardes, en het hy in 1925 die opposisie se samewerking gevra, met ’n ernstige versoek aan genl. Smuts om hom in dié saak van nasionale belang bo partypolitieke grense te verhef.[238] In 1926 het genl. Hertzog vier wetsontwerpe by die parlement ingedien. Die eerste het oor kleurlingstemreg gegaan. Daarmee wou hy die bestaande kleurlingregte in Kaapland uitbrei na die ander provinsies en hulle daarmee op dieselfde voet as die blankes plaas. Die tweede wetsontwerp was oor die parlementêre verteenwoordiging van die swart bevolking. Daarmee wou hy die stemreg van die swart Kaapse kiesers wegneem en in die plek daarvan aan die swart bevolking landwyd die reg gee om deur hulle opperhoofde, hoofmanne en rade sewe wit verteenwoordigers in die volksraad en vier in die senaat te verkies. Die derde wet sou voorsiening maak vir ’n naturelleraad waarvan alle lede swart sou wees en hulle sou ook op dieselfde wyse verkies word, aangevul deur genomineerde lede. Die wetgewende mag van die raad sou beperk word tot ordonnansies wat slegs op die swart bevolking van toepassing sou wees. Die vierde wetsontwerp sou die grondkwessie hanteer. Dit het beoog om verdere gebiede uitsluitlik vir besetting deur die swart bevolking, soos voorsien deur die wet van 1913, beskikbaar te maak.[239]

Hierdie wetsontwerpe het die werklike omvang van die rassevraagstuk tuisgebring. Ongelukkig het die partypolitieke verdeling in die parlement en daarbuite dit onmoontlik gemaak om objektief na die saak te kyk. Om deurgevoer te word, moes al vier ontwerpe afsonderlik ’n tweederdemeerderheid in die parlement verkry. Dit was slegs moontlik met die samewerking van die opposisie.[240] Genl. Smuts het egter die saak direk in die partypolitiek ingetrek en die wetsontwerpe in onguns probeer bring. Daarop het dr. Malan in ’n toespraak op Calvinia op 29 September 1926 sterk standpunt teen Smuts ingeneem, wat die boere probeer wysmaak het dat die wetgewing hulle hul arbeiders kon laat verloor. Aan die kleurlinge het hy weer beloof

---

[237] *Ibid.*, pp. 141-143.
[238] HB Thom, *D.F. Malan*, pp. 282-283; HB Thom, *Dr. D.F. Malan en koalisie*, pp. 26-27.
[239] Kruger, *Generals*, p. 146.
[240] *Ibid.*

dat hy hulle sitting in die parlement sou gee. Aan die swart mense het hy gesê dat hy nie hul stemreg wil wegneem nie, en aan hulle selfs meer grond beskikbaar sou stel as wat Hertzog bereid was om te doen. Malan het in sy toespraak gesê dat dié optrede van Smuts nie van ware staatsmanskap getuig nie, maar ’n blote poging was om stemme te werf. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat Smuts nie die impak besef het wat die toenemende gevaar van die nog onopgeloste gekwalifiseerde kleurblinde stemreg meegebring het nie, en daarmee ’n bewys van politieke bankrotskap openbaar het.[241]

Die liberale Kaapse vleuel van die Suid-Afrikaanse Party was vasbeslote om die bestaande gekwalifiseerde kleurblinde stemreg te behou en het daarom die konserwatiewe Smuts gedwing om die stryd namens hulle aan te knoop. Hy kon nie bekostig om die liberale vleuel van sy party te vervreem nie. Die gevolg was dat Hertzog nie enige vordering kon maak nie en sy hoop op die volgende jaar gestel het.[242] Gedurende die sitting van 1927 het Hertzog weer sy voorstelle voor die parlement gelê. Hierdie keer is dit na ’n gekose komitee verwys. Genl. Hertzog het gehoop dat hy met die komende verkiesing in 1929 ’n groot genoeg meerderheid sou kry om die wetgewing deur te voer. Hoewel die regering se stemkrag in die parlement vergroot is, was dit nie genoegsaam om ’n tweederdemeerderheid te verseker nie. Die opposisie het soos een man daarteen gestem, hoewel baie van Smuts se konserwatiewe ondersteuners ten gunste van die maatreëls was. Die partydissipline was te sterk en die wetgewing is weereens na ’n gekose komitee verwys.[243] Eers tien jaar later kon Hertzog daarin slaag om met wetgewing praktiese beslag aan ’n eenvormige beleid van gebiedskeiding te gee.[244] Hierdie vertraging van tien jaar kan alleen daaraan toegeskryf word dat die saak binne partypolitieke verband hanteer is.

Danksy die invloed van ds. Marais het Fred Grobbelaar sterk onder die invloed van dr. Malan se denke gekom. Hy het daarvan bewus geword dat genl. Smuts en die opposisie van hierdie belangrike saak opportunistiese partypolitiek gemaak het. Hy het ook nie gras onder sy voete laat groei om vir De Vos, John en Harm Grobbelaar,

---

[241] Thom, *Dr. D.F. Malan*, pp. 26-27.
[242] DW Kruger, *Generals*, p. 146.
[243] *Ibid.*, p. 147.
[244] HB Kruger, p. 144.

en ook die ander familielede te beïnvloed nie.[245] Wie hy nie kon bereik nie, was die Griesel-neefs wat geswore ondersteuners van genl. Smuts was, asook sy neef Jan, die seun van Kotie Grobbelaar van Cyferfontein, wat ook 'n ewe sterk ondersteuner van Smuts was.

Op grond van genl. Smuts se toespraak in Ermelo op 17 Januarie 1929 het genl. Hertzog vir CJ Langenhoven versoek om 'n konsep-protesskrif, die sogenaamde Swart Manifes, die lig te laat sien. Die manifes was so oortuigend dat die opposisie-sprekers en -koerante desperate pogings aangewend het om die uitwerking daarvan te neutraliseer. Malan, net soos Hertzog, het die Swart Manifes in die verkiesingstryd met goeie gevolg gebruik. Malan het hieroor konsekwent aan die sy van Hertzog gestaan, want prinsipieel was hulle dit met mekaar volkome eens.[246] Indien daar by die Nasionaalgesinde Grobbelaars nog enige twyfel was oor die beleid van Hertzog en Malan, is dit nou verwyder, want die manifes het daarin geslaag om die vrese van die Afrikaner teen Smuts te monster.[247]

In die verkiesing het die Pakt-regering goed gevaar. Met sy versterkte posisie na die verkiesing was genl. Hertzog nog meer vasbeslote om met sy "naturellebeleid" voort te gaan. Die Nasionaliste het egter nou ongeduldig begin word met al die vertragings. Juis hierin lê 'n duidelike aanduiding van 'n meningsverskil tussen Hertzog en Malan. Dr. Malan en ander Nasionaliste, asook sommige ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party in Natal wat simpatiek teenoor Hertzog se wetgewing gestaan het, het die vertraging met Hertzog se hoofwetgewing aan berekende vertragingstaktiek van Smuts toegeskryf. [248] Malan het daarop by die kongres van die Nasionale Party op Stellenbosch in 1932 die vraag gestel of 'n beroep nie gedoen moes word op die soewereine wil van die volk, indien die bepaling oor 'n tweederdemeerderheid die vraagstuk bly vertraag nie. Dit was immers deur die soewereine wil van die volk dat die grondwet met die betrokke bepaling daargestel is. Die konstitusie staan nie bo die volk nie, maar die soewereine wil van die volk is bo die konstitusie.[249]

---

[245] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

[246] Thom, *Dr. D.F. Malan*, pp. 27-28.

[247] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.

[248] Thom, *Dr. D.F. Malan*, p. 28.

[249] *Ibid.*, p. 29.

Toe koalisie ’n voldonge feit geword het, het dr. Malan gevoel dat die gevaar bestaan dat by die beëindiging van die koalisie, wanneer die Smuts-groep daaruit gehaal het wat hulle vir hul eie doeleindes beoog het, die oplossing van die swart vraagstuk, die lokaas vir koalisie, nog onaangeraak kon wees.[250] By implikasie wou hy dus die kleurbeleid na die gewone kieser neem, waar die beslissing weg van die wispelturigheid van die partypolitiek deur die volk geneem word, en nie deur die parlement nie. In sy gesprekke met Fred Grobbelaar het ds. Marais, die siening gehuldig dat die tyd verby was waar daar nog gehuiwer moes word oor die belangrikheid van die wetgewing om die posisie van die swart bevolking te reël.[251] Die ironie van die saak is dat die politisering van die wetgewing veroorsaak het dat dit tien jaar geduur het om ’n deel daarvan deur die parlement geloods te kry.[252] Eers met samesmelting kon die nodige steun van genl. Smuts en sy volgelinge verkry word.

Fred Grobbelaar het intussen ’n beroep na Kareedouw aangeneem waar hy in 1934 as leraar bevestig is. Die gemeente van Kareedouw het aan sy noordekant die Suurveld ingesluit. Na die seekant het die Tsitsikamma ook deel van die gemeente uitgemaak. In die Tsitsikamma het groot armoede onder die boswerkers geheers, maar was ondertrouery tot die minimum beperk. ’n Tipiese huis van ’n boswerker se binnewerk het uit groot hoeveelhede soliede stinkhout en geelhout bestaan. Hoewel arm, was die gemiddelde boswerker nie agterlik nie. In elkeen van die afgeleë wyke van sy gemeente moes Fred gereeld buitedienste hou, omdat die gemeentelede nie gereeld die dienste in die dorp kon bywoon nie. ’n Winkelier op Kareedouw het gereeld oorhoops gelê met iemand in die gemeente. Dan is Fred versoek om te gaan vrede maak. Vir Cornelia was hierdie vredemakery ’n winsgewende besigheid, want as ’n soort boetedoening het die winkelier dan gereeld vir haar ’n geskenk gestuur.[253]

Tydens Fred en Cornelia se verblyf in Kareedouw moes hulle op 29 Mei 1935 hul oudste seuntjie, Pieter, aan die dood afstaan. Die smart wat hulle gely het, word vandag nog in herinnering geroep deur die klein haarlokkie in sellofaan wat voor in

---

[250] Malan, pp. 162-163.
[251] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
[252] HB Kruger, pp. 68-71, 294-300.
[253] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar,15 Februarie 1955.

Fred se Bybel bokant die onderskrif "Pappa se groot seun" aangebring is. Agt maande later, op 30 Januarie 1936, terwyl Fred en Cornelia met hul dogtertjie Retha met vakansie op Kroonpost was, is Retha se mangels in dr. Mynhardt se kliniek verwyder. Sy is egter onder narkose oorlede. Hierdie totaal onverwagse gebeure het hulle uiteraard baie diep getref. Weereens is daar die haarlokkie onder sellofaan in sy Bybel aangebring bokant die woorde "Pappa se krulkoppie". Eers op 11 Mei 1937 is hulle volgende seun, Paul, gebore. Hierdie smartlike verlies het aanleiding gegee tot twee boekies wat Fred later geskryf het as vertroosting vir bedroefdes, naamlik *Aan marawaters* en *In beproewing.* As gevolg van die trefkrag van die eenvoudige oordenkings wat troos en berusting by baie lesers gebring het, waarvan talle briewe getuig het, het veral eersgenoemde boekie baie herdrukke beleef.[254]

## 10. DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK, 1938

Tussen 1902 en 1934 was daar in die openbaar ’n stilswye oor die Anglo-Boereoorlog, hoofsaaklik omdat versoening tussen Engels en Afrikaans prominent op die politieke agenda van eers die Botha- en Smuts-regerings en daarna die Hertzog-regering was. Ter wille van eenheid is so min moontlik oor die onderwerp gepraat en geskryf. Tussen 1906 en 1931 het slegs nege boeke oor die oorlog in Nederlands of Afrikaans verskyn.[255] Waar die gebeure op die slagveld die Boerekryger nog in ’n goeie lig gestel het, is ’n sluier getrek oor die ervaring van die vroue en kinders in die Britse konsentrasiekampe en op die plase aan die hand van die Britse magte, soos wat duidelik blyk uit die inhoud van die Havenga-versameling.[256] Daar is binne gesinsverband nie baie daaroor gepraat nie.

Die nadering van die Simboliese Ossewatrek in 1938 het baie aandag van historici ontvang. So het NP van Wyk Louw se drama *Die Dieper Reg* die Voortrekkers as helde en heldinne uitgebeeld.[257] Voortspruitend daaruit het die nuwe geslag Afrikaners hulle ook met die heldhaftigheid en die lyding van die Anglo-Boereoorlog vereenselwig. ’n Reeks oorlogsherinneringe het verskyn,

---

[254] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, Afrikaanse Bybel (1933) van ds. Fred Grobbelaar.
[255] Giliomee, p. 383.
[256] *Ibid.*
[257] *Ibid.*

asook artikels in tydskrifte en koerante. Die Boerevegters is verheerlik, veral die heldhaftige verset van die bittereinders. Die skokkende omstandighede in die konsentrasiekampe wat vir die dood van meer as 26 000 Boerevroue en kinders verantwoordelik was, is gekritiseer.[258] Hoewel die ouer geslag in die Grobbelaar-familie nie meer so dikwels na die oorlog verwys het nie, het die belangstelling van die jonger geslag veroorsaak dat bitter herinnerings telkens weer opgediep en oorvertel is.[259] Volgens ds. P de V Grobbelaar het daar by hulle as die jong geslag ’n nuwe vryheid posgevat om openlik die geskiedenis van die Afrikaner in sy stryd teen die magtige Brittanje te verheerlik en Afrikaner-optrede met die Britse imperiale optrede te kontrasteer.[260]

In hierdie opsig sou die komende Groot Trek-feesvierings aan dr. Malan en sy party dus die geleentheid bied om die boodskap uit te dra dat die Afrikanervolk nog altyd ’n stryd om oorlewing moes voer en slegs op homself kon staatmaak.[261] Hierdie vierings wat in die tweede helfte van 1938 begin het, is georganiseer deur die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV). Nege ossewaens het ’n trek van Kaapstad na die noorde onderneem. Een roete het na Pretoria geloop, waar die hoeksteen van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 gelê sou word. Die ander roete het na die toneel van die geveg by Bloedrivier in Noord-Natal gelei.[262]

Op 13-14 Oktober 1938 het die een ossewa op Bethulie aangekom, begelei deur ’n perdekommando, gelei deur kmdt. Apie Griesel. ’n Feesprogram is uitgewerk en het bestaan uit ’n kranslegging by die kampkerkhof, die Pellissier-kerkhof en die dorpskerkhof. By die dorpskerkhof was kmdt. AJ Griesel die spreker.[263] Partypolitiek was vir ’n kort tydjie op die agtergrond en eensgesind is daar om die gemeenskaplike geskiedenis feesgevier en die heldedade van die Voortrekkers in

---

258 *Ibid.*

259 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955 en ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

260 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

261 Giliomee, p. 383.

262 *Ibid.*

263 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling: Feesprogram 13-14 Oktober 1938 en foto van die optog oor die Bethulie-brug.

herinnering geroep.[264]

’n Groot sentrale gedenkfees is ook in Bloemfontein gehou wat ’n beeld van die volksgeskiedenis en -karakter uitgebeeld het. Die program is só saamgestel dat elke item ’n simbool van ’n bepaalde fase in die volkwees van die Afrikaner uitgebeeld het. Volgens die skrywer was die fees dus niks anders as ’n sintese van die volkslewe in sy geheel nie.[265] Hierdie gevoelens is wyd aangegryp in ’n opstuwende volksgevoel en verheerliking van die eie. Die fees het gestaan in die teken van die verheerliking van die ossewa wat volgens die skrywer simbolies was van die edelste karaktertrekke in die Afrikaner-voorgeslag: vryheidsin, selfstandigheid, bodemvastheid en godsdienssin.[266] Hierdie opstuwende volksgevoel het ook by die Grobbelaar-familie plaasgevind. Hulle het ’n nuwe trots in hulle Afrikanerskap, hulle afkoms, hulle geskiedenis, hulle heldedade ervaar, en hulle lyding het vir hulle opnuut baie werklik geword.[267] Hierdie nuwe belangstelling in hulle voorgeslagte het onder meer daartoe gelei dat baie families familiewapens aangeskaf het. Waar daar nie amptelike familiewapens bestaan het nie, soos by die Grobbelaars, is die wapens wat oraloor vir eg te koop aangebied is, aangekoop. ’n Baie treffende wapen is deur Harm Grobbelaar van Blaauwfontein gekoop en as sy familiewapen aanvaar. Hierdie wapen toon ’n oranje wapenskild wat vir die familie die simbool is van sy verbondenheid met die Vrystaat. Op die wapenskild is ’n baksteenkleurige arend met gespreide vleuels wat na regs kyk en die Grobbelaars as van die adel van die Vrystaat voorstel. ’n Blou helm simboliseer die Grobbelaars se bereidheid om ook as militariste vir die Vrystaatse grond te veg. Die helmkleed van ineengevlegte blare simboliseer die Grobbelaars se verknogtheid aan die bodem as landbouers en boere.[268] ’n Voorbeeld van die wapen is aangeheg as bylae. Hierdie familiewapen word deur ’n deel van die Grobbelaars wie se herkoms na Meerderwyk, distrik Colesberg, teruggaan, as hulle familiewapen aanvaar. Die simboliek wat die Grobbelaars aan hierdie wapen geheg het, dui op hulle emosionele belewenis gedurende die Simboliese Ossewatrek van 1938.

---

[264] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertelling van mev. Mathilda Joubert, s.a.

[265] JJ Kruger, *Fees by die waens*, p. 4.

[266] *Ibid.*

[267] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar en kinderdae-vertellings van ds. FR Grobbelaar, 1950.

[268] Skinkbord met wapenskild in besit van Pieter Grobbelaar, Blaauwfontein , Bethulie.

Te midde van hierdie feesvierings het ds. JD Kestell, Vader Kestell in die volksmond, ’n beroep gedoen dat die volk tot “’n magtige reddingsdaad sal oorgaan van dié van ons vlees en bloed wat versink het en wat begin te versink”.[269] Die komitee wat aangewys is om hierdie reddingsdaad te loods, het besluit om die fondse van die reddingsdaad aan te wend “om die versonkenes van ons volk te red op opvoedkundige, kulturele, handels- en nywerheidsgebied”.[270] Vir die Eeufees te Bloemfontein op 8 Oktober 1938 is ses geelhout-wakiste op die Voortrekker-model laat maak. Op Saterdagoggend, 8 Oktober, het ds. Kestell die feesgangers opgeroep: “Ek het gister gesê dat ons volk homself moet red, en hier begin nou ons reddingsdaad. […] Sal u nie probeer om te besef dat wat u nou doen, van God is, deurdring met daardie groot gedagte: Ek gaan nou iets doen om my volk te red? En dis volgens my ’n Godsdaad.”[271] Die feesgangers het daarna stil by die ses kiste verby beweeg om hulle bydraes daarin te plaas. Al die geld wat by die fees gemaak is, is in die Reddingsdaadfonds gestort. Die kiste is van Bloemfontein af verder saam met die waens sodat oral ’n plek op die plaaslike feesprogramme ingeruim kon word vir die plaas van bydraes in die kiste.[272]

Die Grobbelaar-familie het nie afsydig gestaan teenoor hierdie volkspoging nie. Hulle het met entoesiasme betrokke geraak by die verdere ontplooiing van die reddingsdaad met die formele stigting van die Reddingsdaadbond. Veral Fred Grobbelaar, sy broerskind, De Vos Grobbelaar, en sy neef Piet Grobbelaar, die seun van Kotie Grobbelaar, ook predikant, was direk daarby betrokke. Fred was op Aliwal-Noord voorsitter van die plaaslike tak, Piet was op Boshof lid daarvan en De Vos het op Mosselbaai in die bestuur gedien.[273] Vir hulle was dit vanselfsprekend om by hierdie aksie betrokke te raak. Daardeur het hulle gevoel, kon hulle hul deel doen in die groot poging om weer aan die armblanke mede-Afrikaner rigting te gee.[274]

Toe die ossewa op Kareedouw aankom, het Fred Grobbelaar reeds ’n groot rol gespeel in die reëlings vir die plaaslike fees. Soos die mode toe was, het hy vir

---

269 JJ Kruger, p. 7.
270 *Ibid.*, p. 49.
271 *Ibid.*
272 *Ibid.*, p. 50.
273 N Diederichs (red.), *Die Afrikaner personeregister 1942*, pp. 83-84.
274 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

die feestyd spesiaal ’n baard laat groei om ook so sy verbintenis en Afrikanerskap uit te druk. Tydens die hoogtepunt van die fees, die gedenkdiens wat by die wa gehou is, het Fred self sy tweede seun, Fritz, gedoop.[275] Wat gedurende hierdie feestyd werklik in die geledere van die Afrikaner plaasgevind het, is deur Schalk Pienaar, wat die waens van Kaapstad tot in Pretoria vergesel het, verwoord: “Dit was iets diepers wat in 1938 gebeur het. Die vreedsame waentjies het op positiewe wyse bewerkstellig wat anders met ’n volk op ’n negatiewe wyse gebeur wanneer daar oorlog kom, of reeds is, wanneer die volk homself in sy wese bedreig voel. Die waentjies het, soos Vader Kestell, die groot kerkman van daardie jare dit ingeklee het, “die volk van sy bestaan magtig bewus gemaak [...] Die hele volk is in die hart gegryp.”[276]

By die groot byeenkoms op 16 Desember 1938 te Bloedrivier het dr. Malan die lotgevalle van die verarmde Afrikaners in die stede as dié groot uitdaging vir die Afrikaner se oorlewing gesien. Genl. Smuts het die vierings in Pretoria bygewoon, maar nie ’n spreekbeurt gekry nie. Genl. Hertzog is uitgenooi, maar het daarop aangedring dat die goewerneur-generaal ook genooi moes word, omdat die staat die groot bydraer tot die bou van die monument sou wees. Dít sou egter beteken dat “God Save the King” gesing moes word. Dié gedagte het sodanige ontsteltenis uitgelok, dat genl. Hertzog toe nie die uitnodiging aanvaar het nie.[277]

By die aanbreek van die 1938-verkiesing het die Nasionale Party 20 lede in die volksraad, die Verenigde Party 117, en ’n paar klein partytjies 13 setels gehad. In die verkiesing het die Nasionale Party nie te goed gevaar nie, maar het nietemin vordering gemaak. In die kiesafdeling Smithfield het Jim Fouché hom vir die Nasionale Party verkiesbaar gestel teen genl. Hertzog. Waar Hertzog in alle vorige verkiesings óf onbestrede óf met groot meerderhede ingekom het, het hy nou met 3 566 stemme teenoor die 3 040 van Fouché met ’n skrale meerderheid van 526 stemme die paal gehaal. In totaal het die Nasionale Party na die verkiesing 27 lede volksraad toe gestuur.[278] Fred en De Vos Grobbelaar, wat gereeld met mekaar in

---

275 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
276 Giliomee, p. 384.
277 *Ibid.*
278 Van Rooyen, p. 141; Schoeman, pp. 210, 231, 236.

kontak was, het gehoop dat die Nasionale Party beter sou presteer, maar het saam met die Grobbelaars in Bethulie feesgevier oor die goeie vertoning van Jim Fouché teen die feitlik onaantasbare genl. Hertzog.[279] Wat nou reeds duidelik geblyk het, was dat die Vrystaatse kiesers begin het om genl. Hertzog te verwerp en dr. Malan se Nasionale Party aan te hang. Met enkele uitsonderings, soos Bloemfontein-Stad, het die Verenigde Party nêrens in die Vrystaat groot meerderhede behaal nie. Dit was duidelik dat die Verenigde Party gevaar geloop het om in volgende verkiesings setels aan die Nasionale Party af te staan.

## 11. NEUTRALITEIT

Genl. Hertzog was sedert die Eerste Wêreldoorlog onverbiddelik oor die neutraliteit van Suid-Afrika by ’n volgende Europese oorlog. Nougeset en rigtingvas het hy dit gegrond op die beginsel van Suid-Afrika eerste, die basis van sy poging om blywende vrede tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes te bewerkstellig.[280] Binnelandse vrede was vir hom die belangrikste taak van ’n staatsman. Sy teenstanders het gevoel sy beleid was onprakties, en dat Suid-Afrika se belange wel op die spel was met ’n oorlog waarby die Britse Ryk betrek mag word. Suid-Afrika moes dus by die res van die Statebond staan, in oorlog sowel as in vrede. Om daardie rede was sy neutraliteitsopvatting, volgens sy teenstanders, ’n hersenskim in die moderne wêreld.[281]

Vir genl. Hertzog was die gebalanseerde samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes noodsaaklik. Die balans van hierdie verhouding is volgens hom voortdurend versteur deurdat die Afrikaans- teenoor die Engelssprekende, sowel as Suid-Afrika teenoor Brittanje, in ’n toestand van onderhorigheid verkeer het. Suid-Afrika moes dus naas Brittanje staatsregtelik soewerein geplaas word. Dit kan met reg gesê word dat die geskiedenis van die Afrikanervolk die verhaal is van ’n stryd om regverdigheid soos versinnebeeld deur die Hertzog-stryd.[282] Om hierdie balans te verseker, het die Nasionale Party onder genl. Hertzog se leiding ’n beleid oor die Afrikanerstrewe na selfstandigheid daargestel. Dié beleid het nadruklik verklaar dat

[279] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
[280] Van den Heever, p. 1.
[281] *Ibid.*, p. 2.
[282] Van den Heever, pp. 3-4; Le Roux 1, pp. 255-258.

die belange van die Unie en sy bevolking bo die belange van enige ander land of volk ter wêreld gestaan het. Hoewel nie nasionaal onafhanklik nie, was Suid-Afrika wel deeglik nasionaal selfstandig. Daar was dus ’n verpligting om die belange van Suid-Afrika en sy bevolking bo die belange van enige ander land of volk te stel.[283]

Om ’n goeie verstandhouding tussen die Unie en die Britse Ryk te kon handhaaf, moes enige handeling vermy word wat die Unie se staatkundige vryheid kon inkort of belemmer, of waardeur vryhede onttrek kon word van die gesag of beheer van die Unie.[284] Volgens genl. Hertzog was Suid-Afrika se situasie in 1918 sodanig dat hulle oor sekere regte beskik het, maar nie oor die reg van vryheid nie, vryheid om byvoorbeeld te besluit of die Unie in vrede of oorlog met ander volke verkeer. Die Unie kon dus op daardie stadium teen sy sin in elke oorlog van Engeland gesleep word, omdat aan hom die reg van neutraliteit ontsê is. Die situasie het die reg van die Britse parlement om in die Unie se sake in te meng, erken. Die drang bestaan egter om aan elke volk die reg tot selfbeskikking te gee, want geen volk is goed genoeg om oor ’n ander te regeer nie. Daar bestaan ’n onvervreemdbare reg van die mens tot vryheid.[285] In sy strewe na neutraliteit het genl. Hertzog ywerige ondersteuners in die geledere van die Grobbelaars gehad. Dit was vir die familie eenvoudig ondenkbaar om ooit weer soos in 1914 aan Britse kant in ’n oorlog ingetrek te word, ’n stryd wat hulle nie aangegaan het nie. Die gevoel was dat jong Afrikanerseuns nie as kanonvoer vir Britse belange opgeoffer moes word nie.[286]

Tydens die Imperiale konferensie van 1926 is die soewereine onafhanklikheid van die dominiums erken en hulle status omskryf as outonome gemeenskappe binne die Britse Ryk, gelyk in status en op generlei wyse die een aan die ander onderhorig in enige opsig nie, terwyl hulle deur ’n gemeenskaplike trou aan die Britse Kroon vryelik assosieer as lede van die Britse Gemenebes van Nasies. Elke dominium was nou in beheer van sy eie bestemming en aan geen dwang onderhewig nie. Ook sou elke dominium selfstandig besluit oor die aard en

[283] Van den Heever, pp. 365-366.
[284] Le Roux 1, p. 257; Van den Heever, p. 366.
[285] Van den Heever, p. 409; Le Roux 1, pp. 256-257.
[286] Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Marthie Grobbelaar, 21 Maart 1955 en ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

omvang van sy samewerking met die ander dominiums.[287] Die Balfour-verklaring wat nou uitgereik is, het dus die Britse regering se mag ten opsigte van die dominiums totaal verander. In 'n neutedop: Suid-Afrika het oor die volle reg beskik om neutraal te bly, in geval van ’n oorlog waarby Brittanje betrokke mag raak.[288] Binne hierdie konteks was daar ook by Kanada ’n toenemende ongeneentheid om aktief deel te neem aan Britse oorloë bloot omdat hulle Brits was.[289]

Tydens die onderhandelings vir samesmelting het genl. Hertzog in Februarie 1934 die versekering aan sy volgelinge gegee dat met betrekking tot die Unie van Suid-Afrika die Britse Kroon deelbaar is; dat Suid-Afrika die reg van neutraliteit besit; dat die bedoeling is om deur wetgewing Suid-Afrika se posisie in volle ooreenstemming met sy soewerein onafhanklike status te bring.[290] Daarop is die Statuswette deur die parlement geloods wat hierdie aspekte in wetgewing vasgelê het.[291] Tog moes genl. Hertzog by samesmelting erken dat hy en genl. Smuts in die vertolking van die statusdefinisie, die deelbaarheid van die kroon, neutraliteitsreg en reg tot afskeiding verskil het, en hulle nie geroepe gevoel het om tot ooreenstemming te kom in ’n beginselprogram nie.[292]

Fred en De Vos Grobbelaar het gevoel dat genl. Hertzog baie nalatig opgetree het om nie oor hierdie sake ’n vergelyk te tref nie. Hulle inherente wantroue in genl. Smuts, het hulle laat glo dat hy daarin die gaping gesien het wat hy sou benut, ’n gaping tot nadeel van die Afrikaner, wanneer die geleentheid hom sou pas. Vir hulle was dit juis sake van absolute kardinale belang, veral in die lig van die inherente verskille tussen die twee partye wat wou saamsmelt. Hulle het nou die leiding van dr. Malan afgewag, want hulle was nie bereid om te smelt nie, net soos ook John en Harm Grobbelaar.[293] Dr. Malan was van

287 Van den Heever, pp. 530-531; Le Roux 1, pp. 304-306.
288 Le Roux 1, p. 306; Van den Heever, p. 507.
289 Van den Heever, p. 511.
290 *Ibid.*, pp. 616, 621.
291 Le Roux 1, pp. 340-341.
292 Van den Heever, pp. 616, 621.
293 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.

mening dat genl. Hertzog deur hierdie optrede nie sy versekering aan die hoofbestuur van die Nasionale Party oor die soewereine onafhanklikheid van Suid-Afrika verbreek het nie, omdat hy en genl. Smuts ooreengekom het om radikaal te verskil oor die reg van neutraliteit en afskeiding.[294]

Genl. Hertzog het gevoel dat die Franse wraaklustigheid met betrekking tot Duitsland die vrede in Suid-Afrika in gedrang kon laat kom. Om dié rede sou Suid-Afrika neutraal bly indien ’n oorlog teen Duitsland kom. Die onreg waaronder Duitsland gely het as gevolg van die Verdrag van Versailles moes herstel word, omdat dit onvermydelik tot oorlog sou lei, in welke geval nie van Suid-Afrika verwag kon word om daaraan deel te neem nie. Kortom: Suid-Afrika mag nooit tot nadeel van sy eie belange hom met die gees of strewe van Europa vereenselwig nie. Oor sy samewerking sou Suid-Afrika alleen beslis, en die toets mag nooit iets anders as bloot die belange van Suid-Afrika self wees nie.[295]

Wat genl. Hertzog voorsien het, het op 3 September 1939 gebeur toe Brittanje oorlog teen Duitsland verklaar het. Tydens die kabinetsvergadering wat daarop gevolg het, is die twee bekende standpunte skerp teenoor mekaar gestel. Hertzog het sy kollegas gewaarsku om nie ligtelik die beginsel van neutraliteit te verwerp nie.[296] In die debat in die volksraad het Hertzog gesê die Afrikanervolk het al twee keer ’n poging aangewend om die Afrikaans- en die Engelssprekende dele van die bevolking bymekaar te kry en saam te smelt tot een volk. Indien deelname aan ’n oorlog waarmee Suid-Afrika niks te doen het nie, daarby kom, sal dit die onderlinge verstandhouding vir baie lank negatief beïnvloed.[297] Genl. Smuts se standpunt was dat Duitsland se aggressiewe planne baie oë oopgemaak het en Suid-Afrika dus nie neutraal kon staan nie. Die standpunt van Smuts was vir Hertzog ’n groot skok. Hy het die houding van Smuts as onwaardig teenoor hom beskou en die verbreking van ’n belofte wat hom blootgestel het aan veroordeling deur sy eie mense.[298] Fred en De Vos Grobbelaar se siening dat genl. Smuts die ooreenkoms om

---

294 Van den Heever, pp. 635, 640.
295 *Ibid.*, pp. 653, 677, 689-690.
296 *Ibid.*, p. 698.
297 Van Rooyen, p. 142.
298 Van den Heever, p. 699.

te verskil nog teen genl. Hertzog sou benut, was dus geensins vergesog nie.

Toe die parlement op Maandag 4 September 1939 bymekaar kom, het genl. Smuts voorgestel dat in belang van die Unie betrekkinge met Duitsland verbreek word. Ook kon die Unie nie neutraal bly nie en moes hy sy verpligtings ten opsigte van Simonstad en die Britse Statebond nakom. Die uitslag was 80 stemme vir genl. Smuts se mosie en 67 vir genl. Hertzog s'n. Dr. Malan en sy ondersteuners het genl. Hertzog se mosie gesteun.[299] Wennie du Plessis, eertydse sekretaris van genl. Hertzog, het in 'n artikel geskryf: "In die politiek word die hoera van gister tog so maklik die boe van môre." Tog het hy gevoel dat die einde vir genl. Hertzog nie tydens die debat op 4 September 1939 aangebreek het nie, maar dat die kongres in die Veremarksaa1 in Port Elizabeth, eintlik die einde beteken het. Wat op 4 September 1939 in die parlement gebeur het, toe van Hertzog se eie mense teen hom gedraai het, was onwerklik en die toesprake onwaardig.[300]

Onder die Grobbelaars het die siening begin posvat dat genl. Smuts so vroeg as 1933, met die bewindsaanvaarding van Adolf Hitler in Duitsland, die wete gehad het dat oorlog in Europa nie meer ver was nie. Smuts sou hom daarom vir koalisie en samesmelting beywer het, want dit sou aan hom die kans bied om met manipulasie, sonder 'n verkiesing waar hy die onderspit kon delf, die mag oor te neem. In die konteks het hy, volgens hulle, sy veragting vir Suid-Afrikaanse belange getoon en weereens jong Afrikaners as kanonvoer in 'n Europese oorlog ingesleep.[301] Apie Griesel het 'n beredeneerde standpunt gehad oor hoekom hy die oorlogspoging gesteun het. Op grond daarvan het hy, hoewel reeds 60 jaar oud, sy dienste vrywillig aangebied om in enige hoedanigheid in die oorlog aangewend te word. Op 2 Desember 1939 skryf genl. Smuts in antwoord op sy aanbod aan Apie: "Veral was dit my 'n groot genoeë om te hoor hoe vasberade u bly in die weg wat vir ons steeds bly die weg van eer […] te meer omdat ek weet hoe moeilik dit is om terug te gaan na die posisie van 'n minderheid waarin u in die Vrystaat so baie lang jare verkeer het. […] Ek is bly om die versekering te kry dat u bly sal wees om verder te help waar nodig. Ek gee die Verdedigingsdepartement instruksies om die oog ope te hou vir 'n offisier

---

299 Van Rooyen, p. 141; Van den Heever, pp. 702-703.
300 Du Plessis, *Hertzog-annale* 11(15), p. 28.
301 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1974.

van so ’n groot ondervinding en bekwaamheid as uself. […] Steeds getrou die uwe, J.C. Smuts.”[302]

Die land was in rep en roer. Nadat sir Patrick Duncan as goewerneur-generaal geweier het om op versoek van genl Hertzog ’n verkiesing uit te skryf en vir genl. Smuts gevra het om ’n kabinet saam te stel, het ’n ongekende eenheidsvlaag die Afrikaner beetgepak. Kort na die meevoerende Simboliese Ossewatrek van die vorige jaar het die Afrikaners nou vir ’n tweede keer opgemars na Monumentkoppie by Pretoria. Spontaan het die Afrikaners vyf dae na die oorlogsbesluit in hulle tienduisende daar vergader om hulle leiers te huldig in ’n vertoning van eenheid. Na ses jaar was genl. Hertzog en dr. Malan weer saam.[303] Op die Kaaplandse kongres in die Paarl twee maande later het Malan onder geesdriftige toejuiging genl. Hertzog as hoofleier van die herenigde Afrikanerdom aangewys. Op hierdie tydstip het ’n lid van die gehoor opgespring en om nog meer applous vir die grootheid van dr. Malan gevra. Die gehoor het oorverdowend gejuig. Aan hereniging was daar geen keer nie. Dit het oorgespoel na die politieke terrein. Toe die parlement enkele maande later byeenkom, het die Nasionale Party en die Hertzog-groep soos een man opgetree. Dit was die sterkste opposisie wat ’n regering nog in Suid-Afrika gehad het. Binne veertien dae is ’n ooreenkoms gesluit, waarvolgens hulle een party geword het met genl. Hertzog as leier van die opposisie en dr. Malan die onderleier.[304]

## 12. DIE GROBBELAARS EN DIE OSSEWABRANDWAG

Tydens die Simboliese Ossewatrek in 1938 het die piëteitsgebaar teenoor die nagedagtenis van hulle voorouers ’n aangrypende ontwaking laat posvat by ’n baie groot groep Afrikaners. Onderlinge verskille en verdeeldheid is op die agtergrond geskuif ter wille van die gemeenskaplike band van Afrikanerdom en nasieskap wat hulle verbind het. “Maar as die viering verby is? Moes die ontwaking weer saam met die wa oor die bult trek? Moes al die onderlinge liefde en waardering geleidelik weer plek maak vir die haat en die twis en die partyvetes?”[305] In antwoord op hierdie vrae is die Ossewa-Brandwag gestig om

---

302 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling: JC Smuts – AJ Griesel, 2 Desember 1939 (brief).
303 Van Rooyen, p. 142.
304 *Ibid.*
305 JFJ van Rensburg, *Iets oor die Ossewa-Brandwag*, pp. 106-107.

hierdie eenheid te behou, met ’n aanvanklik suiwer kulturele doelstelling.[306] Dit is nie uit enige vertelling duidelik wat die siening van die Grobbelaars oor die die organisasie was in die tydperk voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog nie. Dit is moontlik dat in die nawerking of nagloed van die groot geesdrif tydens die fees, die Grobbelaar-familie, met uitsondering van die Griesels en Jan Grobbelaar, wel lede van die Ossewa-Brandwag kon wees.

Toe die Tweede Wêreldoorlog in 1939 uitbreek, is die Ossewa-Brandwag dadelik in die draaikolk van gebeurtenisse ingetrek. Oorlog was nie ’n “kulturele” gebeurtenis nie en kon dus ook nie bloot kultureel bestry word nie. Die oorlogsverklaring teen Duitsland het die Ossewa-Brandwag beïnvloed oor die rigting wat hy geglo het hy moes volg. Waar die oorlogsverklaring nie die Ossewa-Brandwag toegelaat het om neutraal te wees nie, is gevoel dat hy vir of teen die Britse Ryk kant moes kies. Uit sy Afrikaneraard was dit vanselfsprekend dat hy nooit die imperialistiese kant sou kies nie. Oornag het die organisasie dus een van die sterkste anti-oorlogse faktore in Suid-Afrika geword,[307] in die gestalte van ’n paramilitêre anti-oorlogsbeweging.[308]

Onder die sterk leiding van dr. Malan het die Nasionale Party die parlementêre politiek voorgestaan as die enigste aanvaarbare metode om sy nasionale strewes te verwesenlik. Alle gewelddadige verset teen die oorlogspoging is afgekeur, hoewel Malan dikwels verklaar het dat Suid-Afrika hom aan die oorlog moes onttrek.[309] Dr. Hans van Rensburg sê in die voorwoord van sy boekie oor die Ossewa-Brandwag (OB) dat die organisasie deur die Nasionale Party in die flanke en in die rug aangeval is.[310] Sou die Grobbelaars aanvanklik wel lede van die organisasie gewees het, het hulle nou as stoere Malan-volgelinge hul lidmaatskap opgesê, toe die beweging sterk nasionaal-sosialistiese eienskappe begin toon het. Fred Grobbelaar was in hierdie verband baie uitgesproke. Waar hy in daardie stadium predikant op Aliwal-Noord was, het hy by geleentheid gesê dat Nat, Sap en OB almal probeer het om hom vir hulle saak te kaap – dit terwyl hy predikant van al drie groepe moes wees. Sy standpunt was dat dit niemand se saak was dat hy in sy wese ’n Malan-volgeling was

---

306 *Ibid.* p. 108.
307 *Ibid.*, p. 108.
308 Giliomee, pp. 392-393.
309 *Ibid.*
310 Van Rensburg, p. 5.

nie. Hy het by herhaling gesê dat as Afrikaner-demokraat hy hom nie met nasionaal-sosialisme kon vereenselwig nie.[311] Op Aliwal-Noord het hy 'n leidende aandeel in die werksaamhede van die Afrikaner-Broederbond geneem. Die lede van die plaaslike tak het Natte, Sappe en OBs ingesluit, almal verenig in hulle gemeenskaplike doel ten opsigte van die Afrikaner.[312] Sy gevoelens is gedeel deur De Vos Grobbelaar wat op daardie stadium predikant op Mosselbaai was. Hy het dikwels in gesprekke klem daarop gelê dat, met enkele uitsonderings, die familie stoere aanhangers van dr. Malan was.[313]

Met sy sterk nasionaal-sosialistiese reoriëntasie het die Ossewa-Brandwag die parlementêre politiek verwerp en daarop aanspraak gemaak dat dit alle Afrikaners verteenwoordig. Die organisasie het sy hoop gevestig op 'n oorwinning vir die Spilmoondhede en Duitse hulp vir die vestiging van 'n Afrikanerrepubliek.[314] Die steun vir die Nazi-ideologie het van plek tot plek verskil. Terwyl dit in Kaapland nooit sterk was nie, het verskeie vooraanstaande lede in akademiese kringe in Transvaal hulle daarmee vereenselwig. Die name is genoem van dr. Nico Diederichs, voorsitter van die uitvoerende raad van die Broederbond tussen 1938 en 1944, wat as 'n deurtrapte Nazi bestempel is. So ook het dr. LJ du Plessis, invloedryke Broederbondlid, dr. HG Stoker, vooraanstaande Calvinistiese denker, en dr. Piet Meyer, adjunksekretaris van die Broederbond, almal artikels en boeke gepubliseer waarin hulle denke gepropageer het wat naby aan die Nazi-ideologie gestaan het.[315]

In militêre kringe het ongemaklikheid oor die bedrywighede van die Ossewa-Brandwag geheers. In 'n omsendbrief van die Verdedigingshoofkwartier is die kommandante van Verdediging Skietverenigings reeds gedurende Maart 1939 versoek om nie lede van die organisasie toe te laat om gebruik te maak van staatsondersteunde skietbane of gewere nie. Offisiere en burgers van die skietverenigings kon ook nie aan enige demonstrasie van semi-militêre aard wat deur die organisasie georganiseer word, deelneem nie. Daar is daarop gewys dat 'n mens

311 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor kinderdae-vertellings van ds. Fred Grobbelaar, 1950.
312 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met mev. Cornelia Grobbelaar, 15 Februarie 1955.
313 Paul Grobbelaar-versameling: Aantekeninge oor onderhoude met ds. P de V Grobbelaar, 7 April 1974.
314 Giliomee, p. 393.
315 *Ibid.*

nie twee here kan dien nie. Enige geval waar lidmaatskap van die Ossewa-Brandwag teenstrydig is met die doeltreffendheid van die kommando-organisasie moet aan die hoofkommandant, burgerkommando's gerapporteer word.[316]

## 13. GEVOLGTREKKINGS

Die Grobbelaar-familie, met die uitsondering van sy Griesel-kant en Jan Grobbelaar, het genl. Smuts reeds gewantrou toe hy na die dood van genl. Botha die leiding oorgeneem het. Die Grobbelaars en die Nasionale Afrikaner se wantroue spruit voort uit Smuts se lojaliteit aan die Britse Ryk wat hom teen sy eertydse oorlogsmakkers laat draai het. Die dood van Jopie Fourie sou hulle hom nooit vergewe en hulle sou dit ook nie vergeet nie. Dit was dus noodwendig dat Smuts met sy strewe na mag hom sonder huiwering na die uitsluitlik Engelssprekende Unioniste Party sou wend om vir hom die nodige meerderheid in die parlement te verseker. Hierdie stap het finaal voorkom dat hy ooit weer enige daadwerklike steun van die Afrikaner sou ontvang. Die Grobbelaars het gevoel dat deur sy betrokkenheid by die Britse gemenebes hy die probleme van Suid-Afrika geringgeskat het. Die indruk is verskerp deur sy hardhandige optrede tydens die mynwerkerstaking van 1922 en sy onwilligheid om, soos hy in Brittanje ten behoewe van die Britse regering gedoen het, in te gryp en sonder wapengeweld te bemiddel. Dit is vertolk as veragting en geringskatting van die blanke mynwerker en daarmee ook die Afrikaner.

Met die koms van die Pakt-regering het die Grobbelaar-familie gevoel dat hulle en die Afrikaner in die algemeen weer hulle selfrespek herwin het onder die leiding van ’n sterk leier wat vasbeslote geveg het vir absolute gelykheid tussen Afrikaans- en Engelssprekende, asook die onafhanklikheid van Suid-Afrika van die Britse Ryk. Reeds hierin was die kiem teenwoordig vir die latere verdeling, omdat genl. Hertzog nooit openlik ’n onafhanklike republiek voorgestaan het nie, maar gevoel het dat die onafhanklikheid binne die raamwerk van die Britse Gemenebes volledig was. Sy aandrang op absolute gelykheid tussen Afrikaner en Engelsman het hom ten tye van die Simboliese Ossewatrek die uitnodiging na die feesvierings by Monumentkoppie van die hand laat wys, omdat die goewerneur-generaal nie ’n uitnodiging soontoe ontvang het nie.

316 Paul Grobbelaar-versameling: Griesel-versameling; Hoofkommandant Burgerkommando's – Kommandante en offisiere van Verdediging Skietverenigings, 28 Maart 1939 (omsendbrief).

Genl. Hertzog was in daardie stadium die enigste Suid-Afrikaanse staatsman wat ’n akkurate aanvoeling vir die dringendheid verbonde aan die oplossing van die kleurvraagstuk openbaar het. Daardie dringende begeerte sou hom uiteindelik dryf na ’n koalisie en samesmelting ter wille van die vereiste tweederdemeerderheid wat vir sy kleurwetgewing benodig is. Uiteindelik het hy te laat die noodsaaklike wetgewing deur die parlement geloods gekry, omdat genl. Smuts tot met koalisie daarvan ’n politieke speelbal gemaak het.

Die groot vertragingsfaktor vir die wetgewing was in werklikheid die nalatenskap van die Britse imperialisme. Enersyds het die beleid van “British supremacy” verhoudingsprobleme tussen blank en swart geskep, wat volgens sir George Cathcart se uitspraak nie in sy tyd bestaan het nie. Andersyds het die stryd tussen Kaapland en die ander provinsies oor swart stemreg ’n teenreaksie veroorsaak wat die vroegtydige oplossing van die vraagstuk in die wiele gery het. ’n Voorbeeld van hierdie teenreaksie was aanwesig by die Grobbelaar-familie wat Britse inmenging reeds sedert die dae van die Basoeto-oorloë beleef het, toe Brittanje ten behoewe van die Basoetos ingegryp het. Daarna volg die misbruik van swart en bruin om die diamantvelde van sy regmatige eienaar, die Vrystaat, af te rokkel. Voeg daarby die wyse waarop swart en bruin lede van die Britse magte toegelaat is om Boerevroue en kinders te mishandel. Die gevolg was dat die denke van die Grobbelaar-familie oor politieke regte vir die swart en bruin bevolking deurgaans reaktief ingestel was, sodat dit eers aandag kon geniet toe dit feitlik te laat was.

Te midde van die traagheid wat die Grobbelaar-familie en die gemiddelde Afrikaner in beide partye openbaar het, het genl. Hertzog se insig hom duidelik tydens die onderhandelinge oor koalisie in die steek gelaat. Dit wil voorkom of hy moontlik ter wille van die dringendheid wat daar vir hom aan die oplossing van die kleurvraagstuk verbonde was, bereid was om oor ander ewe belangrike kwessies, soos neutraliteit, nie ’n vergelyk te wou afdwing nie. Deur dit na te laat, kon hy uiteindelik ook nie veel doen om die politieke regte van die swart bevolking aan te spreek nie, want die oorlog wat genl. Smuts met behulp van ’n groep Hertzog-ondersteuners verklaar het, het voorrang bo alle ander sake geniet.

Dit is te verstane dat die Grobbelaar-familie in dr. Malan die leier gevind het wat

hulle ideale die beste uitgedra het. Hulle teleurstelling met genl. Hertzog se bereidheid om belangrike beginsels ter wille van koalisie prys te gee, is vervang deur die besieling wat van dr. Malan uitgegaan het.

## EVALUERING

Die geskiedenis van die Grobbelaars van Cyferfontein in die distrik Bethulie is die geskiedenis van ’n Kaapse familie wie se stamvader uit Noord-Duitsland hom in 1708 aan die Kaap gevestig het. Eers as soldaat in diens van die Vereenigde Oostindiesche Compagnie (VOC) op die buiteposte werksaam, het hy in 1715 ’n vryburger geword en tot met sy dood in 1735 in die Drakenstein geboer. Waar sy seun, Cornelis, in Tulbagh geboer het, het dié se seun, Pieter, hom mettertyd op die plaas Meerderwyk in die distrik Colesberg gevestig. Pieter se oudste seun uit sy tweede huwelik, Jan Adriaan, was die stamvader van die besondere tak van die Grobbelaars wat hier ter sprake is. Hy het die Colesberg-distrik om ekonomiese redes verlaat en hom op die plaas Cyferfontein in die distrik Bethulie gaan vestig. Die Colesberg-distrik het nie aan hom en sy gesin genoeg lewensruimte gebied om ’n eie toekoms te skep nie. Aangesien hulle om suiwer ekonomiese redes die Colesberg-distrik verlaat het, was daar geen politieke inhoud aan hulle beweegrede nie. In die mate wat die deursnee Kaapse Afrikaner van die 19e eeu lojaal kon wees aan die Britse regering, was hulle ook lojaal. Wanneer die genealogie van die familie ontleed word, is dit duidelik dat daar ’n breë bloedverwantskap van hierdie tak met verskeie ander Afrikanerfamilies bestaan. Dít maak die patroon van denke wat by die familie aangetref word nie enig aan bloot die Grobbelaar-familie nie, maar is dit ook onder verskeie ander Afrikanerfamilies die geval.

As gevolg van die ligging van Suid-Afrika, tussen die Ooste en die Weste, was dit vir die Britse Ryk en sy belange belangrik om die dominante moondheid in die gebied te wees. Gevolglik was die beleid van die Britse imperiale regering ten opsigte van Suid-Afrika daarop gemik om Britse oppergesag in die gebied te vestig en te handhaaf. Om drie redes het die Britse Ryk die vertrek van die Voortrekkers uit die Oos-Kaapse gebiede om binnelands ’n eie onafhanklike staat te vestig, as ’n bedreiging vir sy oppergesag gesien. Eerstens omdat die buffer wat hulle op die oosgrens tussen die swart stamme en die Kaapkolonie gevorm het, nie langer daar was nie. Tweedens, het hulle die wyse waarop die Voortrekkers in vrede met die swart stamme in die Vrystaat saamgeleef het, gevrees. Laastens is die goeie buurskap wat die Voortrekkers met die swart stamme gehandhaaf

het, nadat hulle die wêreld vir die swart stamme beveilig het, deur die strooptogte van Silkaats en Tsjaka se regimente stop te sit, nie deur die Britse owerhede verwelkom nie. Inteendeel, die gedugte kombinasie wat hierdie drie redes gevorm het, is deur hulle as ’n bedreiging vir Britse oppergesag beskou.

Die Britse owerhede het gevoel dat hulle die gevaar geloop het dat ’n sterk en onafhanklike staat met ’n vyandige bevolking aangrensend in die Vrystaat kon ontstaan. Die oplossing vir hierdie probleem het daarom vir hulle gelê in die aanvaarding van ’n beleid van verdeel-en-heers. In dié proses moes die wit en swart bevolkings van die Vrystaat teen mekaar afgespeel word. Die wyse waarop hierdie beleid uitgevoer is, het egter die beginsels van die volkereg met betrekking tot die onafhanklikheid van state geïgnoreer. Voorts is daar begin om Britse residente by swart stamme te plaas en die stamme te bewapen, onder voorwendsel dat dit ter beskerming teen die Boere was wat dan glo daarop uit sou wou wees om hulle te verslaaf. Hoe vals hierdie beleid was, blyk duidelik uit sir George Clerk se amptelike siening dat die teenwoordigheid van die Boere in die Vrystaat geen bedreiging hoegenaamd vir die swart stamme ingehou het nie. Wat egter duidelik geblyk het, was dat die Britse imperiale beleid in sy wese nie altruïsties teenoor die swart stamme ingestel was nie, want die Britse residente by die swart stamme moes die beheer oor hulle “verdediging” uitoefen, en daarmee ook beheer oor die stamme verkry.

Hierdie beleid van die Britse owerhede in Suid-Afrika staan in ’n skril kontras met die beleid wat dieselfde Britse imperiale regering in Australië gevolg het. Waar die Britse regering die Boere hier daarvan beskuldig het dat hulle die swart stamme wou uitroei en verslaaf, het dieselfde Britse regering oor dieselfde tydperk in Australië die inboorlinge of aborigenes daar doelbewus op ongeveer 30 000 na feitlik totaal uitgewis. Die enigste gevolgtrekking waartoe uit hierdie gegewe gekom kan word, is dat die beleid van die Britse regering in Suid-Afrika hoegenaamd nie op die beskerming van die inheemse swart bevolking teen die Boere gemik was nie, maar dat dit veel eerder ’n anti-Boere-beleid ingevolge die Britse verdeel-en-heers-politiek was wat moes voorkom dat die twee Boererepublieke ooit té magtig en té onafhanklik sou kon word. Met hierdie doel voor oë

is die swart bevolking stelselmatig opgebou as ’n obstruksie in die pad van die Boere wat hulle planne in die wiele moes ry. Die Boere moes intern soveel probleme moontlik ondervind, sodat hulle nooit onaantasbaar die magsposisie in Suid-Afrika sou kon beklee nie. Deur die houding wat by die swart stamme teen die Boere aangeblaas is, is die Boere voorgehou as die groot paaiboelies wat hulle wou uitroei en verslaaf om hulle grond te kon afneem.

Die Britse imperiale beleid ten opsigte van Basoetoland het hierdie indruk verder versterk. Die onbeslistheid van die Britse optrede teenoor Mosjesj het die Boere se geskil met hom die indruk gewek dat die Vrystaatse Republiek ten alle koste die hele Basoeto-grondgebied wou inpalm. Toe Brittanje Basoetoland annekseer, het die Grobbelaar-familie die tydsberekening daarvan ervaar as dat die Boere daarmee van ’n regmatige oorwinning en daarmee die ontlonting van die konflik met Mosjesj ontneem word. Die Grobbelaars van Cyferfontein het tydens die Basoeto-oorloë groot skade gely deur die strooptog van die Basoetos in die Slikspruit-gebied toe hulle plase vernietig en hulle vee weggevoer is. In reaksie teen die Britse beleid wat in die natuurlike verloop van die oorlog ingemeng het ten behoewe van die Basoetos het die Grobbelaars hulle nou onherroeplik in die anti-Britse kamp bevind.

Hierdie definitiewe en besliste standpuntinname teen Brittanje het daartoe aanleiding gegee dat twee belangrike komponente van Afrikanernasionalisme by die Grobbelaar-familie en ook by baie ander Vrystaters ontstaan het. In die eerste plek het hulle gevoel dat hulle voortbestaan bedreig word deur ’n bondgenootskap tussen Brittanje en Mosjesj. Daardeur is die ruimte geskep vir die eerste komponent deurdat hulle ’n bedreiging vir hulle voortbestaan geïdentifiseer het. In die tweede plek het ’n gewaarwording by hulle posgevat dat hulle (volks)eie aktief gehandhaaf en beskerm moes word teen vervolging, onderdrukking en geringskatting, soos wat hulle aan die hand van die Britse imperiale beleid ervaar het. Op dié wyse is die ruimte van die tweede komponent geskep wat gemik was op die beskerming van die eie teen die waargenome bedreiging. In die proses het hulle doelgerigte pogings aangewend om hulle volksverlede te idealiseer. As diep

gelowige mense het hulle die vertrekpunt vir hulle pogings gevind in hulle opvatting van die Calvinisties-Protestantse geloof, soos wat hulle dit as lidmate van die Nederduits-Gereformeerde-gemeente in Bethulie, uitgeleef het. Ingevolge daardie opvatting was die Afrikaner, soos Israel, ’n volk van God wat uit “Egipte” uitgelei is om ’n roeping in die Vrystaat te vervul. Dit het daartoe gelei dat die Grobbelaar-familie die Britse imperialisme as die werklike vyand van die Vrystaatse Republiek geïdentifiseer het.

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het ’n splinternuwe bedreiging vir Britse oppergesag in Suid-Afrika vorm laat aanneem. Die ZAR het met behulp van sy geweldige goudbron begin om die ander state in Suider-Afrika polities en ekonomies te oorheers. Dit het die Britse oppergesag in die gebied bedreig en kon dus nie deur Brittanje as sodanig aanvaar word nie. Ingevolge sy beleid van oppergesag moes hy ten alle koste volle beheer oor die ZAR bekom om die bedreiging te neutraliseer. Vanweë die heersende aggressiewe imperiale siening kon volle beheer slegs deur middel van ’n oorlog verkry word. ’n Anglo-Boereoorlog was wat Chamberlain en Milner ten alle koste wou bewerkstellig, want slegs so ’n oorlog sou terselfdertyd ook die mag van die Afrikaner vir goed kon verbreek, sodat hy nie langer ’n bedreiging vir Britse belange in Suid-Afrika sou wees nie. ’n Vreedsame oplossing daarenteen, sou die mag van die Afrikaner ongeskonde laat, met die implikasie dat Brittanje weer later in botsing met die Afrikaner kon kom.

Die gevolge van hierdie doelbewuste oorlogsbeleid, en sy bybedoeling om die Afrikaner se mag vir goed te verbreek, was dat die Britse imperiale regering en die Britse gewapende magte tydens die beplande oorlog doelbewus die Den Haagse Konvensie op beskaafde oorlogvoering geïgnoreer en met brute geweld die oorlog teen die Boererepublieke gevoer het. In die proses het die Britse leërleiding onder meer toegelaat dat swart en bruin lede en meelopers van die Britse magte op gruwelike en brutale wyse ’n veldtog van terreur teen vroue en kinders voer. Veral hierdie optrede teen onskuldige vroue en kinders het ’n onuitwisbare indruk op die lydende bevolking, asook die Grobbelaar-familie gemaak. Baie belangrik het dit ook die verhouding met die swart

bevolking verder laat polariseer. Daardie polarisering sou gedurende die 20ste eeu 'n groot invloed op rassebetrekkinge in Suid-Afrika uitoefen, omdat die Grobbelaar-familie, soos baie ander, nie wou toelaat dat die swart en bruin bevolking ooit seggenskap in hulle toekoms verkry nie.

Die wandade wat die Britse magte en sy swart en bruin meelopers teenoor Boerevroue en kinders gepleeg het, het 'n haat en afsku in alles wat Brits en swart was by die Grobbelaar-familie tot gevolg gehad, omdat dit die Afrikaner in sy diepste wese aangetas en verneder het. Die behandeling wat die vroue en kinders op die plase en in die konsentrasiekampe van die Britse owerhede ontvang het, was een van totale verontmensliking en veragting. Toe die oorlog uiteindelik beëindig is, is die vroue en dogters nie toegelaat om die emosionele en geestelike gevolge van verkragting, mishandeling, brutaliteit en verontmensliking uit hulle gemoed te kry nie. Ter wille van "versoening" is hulle gedwing om die gevolge van hulle lyding in die doofpot te plaas. Wat nie aan die lydendes gegun is nie, is treffend uitgedruk in die woorde van 'n Afrikaanse predikant: "Gun ons net 'n bietjie tyd om te ween."[1] Ook ter wille van "versoening" is die Havenga-versameling, met sy reeks beëdigde verklarings deur slagoffers van hierdie wreedhede tussen 1902 en 1994 ontoeganklik gemaak vir die publiek. Dit het daartoe gelei dat die haat en veragting wat die lydendes teenoor die Britse Ryk en sy swart en bruin meelopers gekoester het, heeltemal ongekwalifiseer en ongeartikuleer deur die geleentheid "om te ween" in sy volle rouheid na die opvolgende geslagte deurgegee is, vir wie dit steeds daadwerklik bybly, soos bewys tydens die 100-jarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog.

By die Grobbelaar-familie was hierdie haat en veragting meer gefokus, omdat feitlik nie een gesin in die familie, soos ook die meeste Vrystaatse Afrikanergesinne, onaangeraak uit die oorlog gekom het nie. Die grafte in die Indiese Oseaan en in die kerkhowe van die konsentrasiekampe te Bethulie en Springfontein het verseker dat die herinneringe sou voortleef. Die emosionele gevolge van hulle lyding en die plaas daarvan in die doofpot om politieke redes, het die verloop van die 20ste eeu in Suid-Afrika in 'n groot mate

[1] GH Calpin, *There are no South Africans*, p. 66.

beïnvloed. Die verdere polarisasie tussen wit en swart wat ’n gevolg van die oorlog was, het ’n groot rol daarin gespeel dat die politieke regte van die swart en bruin bevolking nie by die Nasionale Konvensie gefinaliseer is nie. Dit het die verhoog geskep waarop die 20ste eeuse rassepolitiek van Suid-Afrika hom afgespeel het. By geleentheid van ’n voorvertoning van die TV-dokumentêre rolprent, *Verskroeide aarde*, het die rolprentvervaardiger, Herman Binge, gesê dat die Afrikaner se haat en bitterheid na die oorlog weens die vernedering en afgryslike lyding heel verstaanbaar daartoe gelei het dat hy die politieke ideologie van apartheid uitgebou en homself eerste gestel het om sy posisie te konsolideer.[2]

Hierdie naoorlogse gesindheid van die Grobbelaar-familie en ’n groot deel van die Vrystaatse Afrikanerbevolking het onweerlegbaar getoon dat die Britse imperialisme nie die vermoë gehad het om die gevolge van sy oorlogstydse optrede te kon voorsien en akkommodeer nie. Dan volg ook nog die naoorlogse debakel met repatriasie en die uitbetaling van kompensasie-eise. Daarmee het Brittanje hom vir goed die wantroue van die Afrikaner op die hals gehaal. Die poging om ten spyte van alles nog die Afrikaner te probeer verengels, het groot reaksie uitgelok. By die Grobbelaar-familie het dit die vorm aangeneem van die stigting van kerkskole op onder meer Kroonpost, waar Pieter Grobbelaar ’n welkome inkomste aan huur van die staat van die hand gewys het en hy die gebou gratis aan die kerk vir ’n kerkskool beskikbaar gestel het. Die verloop van sake gedurende die oorlog en daarna het grootliks bygedra tot die ontstaan van verskeie reaktiewe elemente in die Afrikanernasionalisme gedurende die 20ste eeu, met ander woorde aspekte daarvan is gekenmerk deur ’n “anti”-houding, eerder as ’n positiewe “pro”-houding. Toe genls. Louis Botha en Jan Smuts hulle boonop met die Britse imperialisme vereenselwig het, het die Grobbelaar-familie en ander eendersdenkende Vrystaters gevoel dat die twee generaals hulle rug op die Afrikaner en sy saak gedraai het en het hulle vertroue in beide verloor.

In genl. Hertzog het die Grobbelaar-familie die redder van die Afrikaner gesien en daarom hulle vertroue en lojaliteit na hom oorgeplaas. Deur die moedige wyse waarop

[2] Kultuurkroniek, *Die Burger*, 21 Julie 2001.

hy voortdurend vir die Afrikaner ingetree het, het hy weer aan die Grobbelaar-familie ’n gevoel van eiewaarde en trots op hulle identiteit gegee. Onder sy leiding het daar ’n positiewe faset by Afrikanernasionalisme ontstaan, naamlik die versoening tussen Afrikaner-afvalliges en Afrikaner-bittereinders in hulle gesamentlike teenstand teen die Britse Ryk. Hierdie positief verrykte nasionalisme het vinnig en nog meer omvattend inhoud gegee aan die nasionale sentimente van die Grobbelaar-familie en hulle versoening met die voormalige ontroues in die Bethulie-omgewing. Toe die Vrystaat in 1906 weer selfbestuur ontvang het, het hulle die Orangia-Unie geesdriftig gesteun en opnuut ervaar dat hulle hulself regeer het. Toe die oproep van pres. Steyn gekom het vir die bou van die Nasionale Vrouemonument, het hulle dit geesdriftig gesteun. Die amptelike erkenning wat die Vrouemonument aan die lyding van vroue en kinders tydens die oorlog gegee het, het daartoe bygedra dat die smartlike gevolge van die dood van hulle naasbestaandes in die kampe te Bethulie en Springfontein in ’n groot mate getemper is.

As gevolg van hulle weersin in die Britse Ryk was die Grobbelaar-familie, hoewel neutraal tydens die Rebellie, gekant daarteen om die Britse oorlogspoging tydens die Wêreldoorlog I te steun. Hulle was nie bereid om hulle seuns as kanonvoer in diens van die Britse Ryk te laat gebruik nie. Dit het daartoe gelei dat John Grobbelaar, seun van Pieter Grobbelaar van Kroonpost, gewetensbesware gehad het om in die Bethulie-kommando teen die rebelle te dien. Wat die Rebellie self betref, is dit duidelik dat ’n objektiewe geskiedenis daarvan nog nie gepubliseer is nie. Dit was hoofsaaklik weens ’n gebrek aan geboekstaafde bronne, omdat dit nie werklik ’n rebellie was wat vooraf beplan is nie, maar eerder ’n spontane volksopstand. Die gevolg is dat daar ten opsigte van bepaalde gebeure tydens die sogenaamde Rebellie tans slegs opvattings bestaan, sonder dat die waarheid daarvan getoets kon word. Een so ’n gebeurtenis was die dood van genl. De la Rey. Uit Harm Oost se relaas wil dit voorkom of daar meer daaragter steek as wat amptelik toegegee is. Hoewel Oost in besonderhede ingegaan het op sy relaas van die gebeure, voer hy geen stawende bronverwysings vir sy weergawe aan nie. Tog sou dit verkeerd wees om sy weergawe summier van die hand te wys. Die feit van

die saak is dat mense soos genl. De Wet en lede van die Grobbelaar-familie die idee van ’n toevallige ongeluk direk en ondubbelsinnig verwerp het. Daardie siening het hulle na die nageslag oorgedra.

Die tweede gebeurtenis hou verband met die teregstelling van Jopie Fourie. Dit kom voor of genl. Smuts vooraf bewus was daarvan dat hy Fourie sou laat teregstel. Nogtans het hy die indruk by die afvaardiging om begenadiging gelaat dat hy bereid was om die volgende môre vertoë vir begenadiging te oorweeg, terwyl hy Fourie dieselfde nag nog laat teregstel het. Dit skep die indruk dat daar aan die dood van Fourie ’n groot mate van politieke opportunisme gekoppel was. Dit word versterk deur die feit dat genl. Smuts Fourie laat teregstel het, terwyl hy dit nie wou of sou waag om ’n leier van die Rebellie, soos genl. De Wet, te laat teregstel nie. Die teregstelling van Jopie Fourie en die moontlikheid dat nog meer rebelle tereggestel sou word, het baie Afrikaners vir goed van genl. Smuts vervreem. Dit het aanleiding gegee tot ’n ongekende politieke eenheid onder die Afrikaners toe talle vorige ondersteuners van genl. Smuts hulle lojaliteit na genl. Hertzog verplaas het. Dit het direk daartoe gelei dat die Pakt tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty in 1924 genl. Smuts ’n neerlaag by die stembus toegedien het.

Die koms van hierdie Pakt-regering het vir die Afrikaner gestaan in die teken van die herwinning van sy selfrespek op nasionale vlak onder die leiding van ’n sterk leier. Genl. Hertzog het voortgegaan om in die praktyk die gelykheid in alle opsigte tussen Afrikaans- en Engelssprekendes te bewerkstellig in ’n gesamentlike lojaliteit aan Suid-Afrika. Hoewel sy aandrang op die soewereiniteit en die outonomie van die Unie van Suid-Afrika hom in onguns by die imperialiste laat kom het, het hy nie teruggedeins vir die praktiese stappe wat geneem moes word om die uiteindelike onafhanklike status ook sigbaar uit te druk nie. Tog was die kiem vir latere verdeling reeds in hierdie stappe teenwoordig. Dit het daarop neergekom dat genl. Hertzog nie ten gunste was van die daarstelling van ’n onafhanklike republiek nie. Hy was van oordeel dat die onafhanklikheid van Suid-Afrika reeds binne die raamwerk van die Britse Gemenebes volledig uitgedruk is. Hierdie siening het hom in stryd gebring met die sentimente van die groot aantal republikeinsgesinde ondersteuners van die Nasionale Party. Daardeur het

interne spanning, veral in die Vrystaat, in die geledere van die Nasionale Party ontstaan. In praktyk het dit daarop neergekom dat hulle nog te swak was om ’n republikeinse party te stig en het hulle om dié rede steeds breedweg ondersteuners van die Nasionale Party gebly, terwyl hulle die republikeinse ideaal al meer op die voorgrond begin stoot het.

Die een gebied waarop genl. Hertzog ’n baie goeie aanvoeling gehad het, was ten opsigte van die dringendheid verbonde aan die verskaffing van regverdige politieke regte aan die swart en bruin bevolkingsgroepe. Wat hulle nie besef het nie, was dat die Nasionale Konvensie in 1909 die optimale tyd en geleentheid gehad het om hierdie sensitiewe saak te finaliseer. Daardie geleentheid het onbenut verbygegaan as gevolg van die polarisasie tussen wit en swart wat onder meer deur die Britse imperiale beleid in Suid-Afrika bewerkstellig is. Die gevolg was dat die blanke bevolking, met die politieke mag in die hande, die saak uiters subjektief benader het. Daardeur is die moontlikheid om hierdie regte by die vroegs moontlike geleentheid te finaliseer, ernstig in die wiele gery. Waar daardie kans nie benut kon word nie, was die volgende geleentheid wat hom voorgedoen het toe genl. Hertzog in 1924 ’n oproep op politici gemaak het om die sensitiewe saak buite die partypolitiek te hanteer. Hy was die enigste Suid-Afrikaanse staatsman wat werklik begrip vir die dringendheid van ’n tydige oplossing gehad het.

Ongelukkig het die Grobbelaar-familie en die gemiddelde Vrystaatse Afrikaner, as gevolg van hulle ervaring met die polarisering wat deur die beleid van die Britse imperiale regering veroorsaak is, hierdie saak baie subjektief en emosioneel benader. Daarteenoor het genl. Hertzog oor die insig beskik om die saak slegs te skik indien dit buite die partypolitiek hanteer word. Die een groot rede daarvoor was dat ’n tweederdemeerderheid benodig is om die tersaaklike wetgewing deur die parlement geloods te kry, en dat die Nasionale Party nie oor daardie meerderheid beskik het nie. Sy oproep het egter op dowe ore geval, want tussen 1924 en 1933 het genl. Smuts ’n politieke speelbal van die wetgewing gemaak en geen begrip vir die dringendheid van die saak geopenbaar nie. Gedurende hierdie jare is die wetgewing aanhoudend vertraag deur dit keer op keer na ’n gekose komitee te verwys. Eers nadat die koalisie tussen Hertzog en Smuts tot stand gekom het, kon genl. Hertzog uiteindelik daarin slaag om van die

noodsaaklikste wetgewing deur die parlement geloods te kry. Dit was egter te laat, want voordat verdere wetgewing kon volg, het Wêreldoorlog II uitgebreek. Toe genl. Smuts die eerste ministerskap na die stemming in die parlement oorneem, het hy vir die volgende aantal jare slegs op die voer van die oorlog gekonsentreer. Die politieke regte vir die swart en bruin bevolkingsgroepe is agterweë gelaat.

Die dringendheid waarmee genl. Hertzog die oplossing van die politieke regte van die ander bevolkingsgroepe beskou het, het sy oordeel ten opsigte van ander belangrike sake vertroebel. Tydens die onderhandelinge oor koalisie en samesmelting was swart politieke regte vir hom so belangrik dat hy ter wille daarvan nie bereid was om oor ander ewe belangrike kwessies ’n vergelyk met genl. Smuts af te dwing nie. Hierdie nalatigheid om spesifiek ten opsigte van Suid-Afrika se neutraliteit tydens oorloë van die Britse Gemenebes ’n ooreenkoms af te dwing, het veroorsaak dat genl. Smuts die kwessie van neutraliteit kon ignoreer en ’n stemming afdwing wat genl. Hertzog verloor het.

Genl. Hertzog moes vanaf koalisie in 1933 en samesmelting in 1934 daarop konsentreer om die nuwe party te laat saamwerk. Dit het veroorsaak dat hy in werklikheid toe vir die saak van die Afrikaner verlore was. In die politieke lugleegte wat hy gelaat het, het dr. DF Malan sterk op die voorgrond getree as die draer van Afrikanerbelange. Die jonger geslag Grobbelaars het hulle geheel en al met dr. Malan se strewe vereenselwig, terwyl die ouer garde nog as gevolg van persoonlike lojaliteit aan genl. Hertzog gehuiwer het. Tog het die meerderheid van hulle uiteindelik vir Malan gevolg. In hierdie proses het veral Fred en De Vos Grobbelaar ’n groot rol gespeel, hoofsaaklik danksy die invloed van die nugter en beredeneerde ds. PJ Marais, skoonvader van Fred Grobbelaar.

Die rol wat die Simboliese Ossewatrek in 1938 in die Afrikanersamelewing gespeel het, kan nie onderskat word nie. ’n Ongekende band van Afrikanereenheid is opgewek en hulle het besef dat hulle in die jaar 1938, gedra deur hulle band met die verlede, verenig hulle rol in die moderne Suid-Afrika kon speel. Dit het veroorsaak dat die direkte herinneringe aan lyding en swaarkry gerelativeer is ter wille van ’n aanvaarding van die toekoms en sy uitdagings. Met die Ossewatrek, en die oorlogsverklaring in September 1939, het ’n epog in die geskiedenis van die Grobbelaar-familie tot ’n einde gekom. Die

herinneringe aan die verlede was nog daar en sou steeds deurgegee word aan die volgende geslag. Dié geslag sou op sy beurt weer daarmee werk en onder die invloed daarvan beslissings neem wat die toekoms direk sou beïnvloed. Op hierdie wyse sal dit sekerlik van geslag tot geslag gaan, want dit wat elke geslag Grobbelaar van Cyferfontein sal bybly, is dat "wat hier verhaal word bloot geskiedenis [is], dinge wat werklik plaasgevind het. Immers, dit is feite wat hier vermeld word en feite is, volgens die algemene gesegde 'koppige dinge' wat hul spore agter laat, wat seer maak of bly maak, dinge wat onherroeplik is, dinge wat ingaan in die geheue en wat onthou word, somtyds lewenslang; dinge wat een aaklige naklank lewer en skande op die bewerkers van die kwaad bring."[3]

[3] Bethulie Museum: Ongepubliseerde manuskrip van HCJ Becker, Herinneringe van die Anglo-Boereoorlog, [p. 4].

# BYLAE 1

## DIE GROBLER – GROBBELAAR GESLAGSREGISTER

## JAN GROBLER, DIE STAMVADER

**a1. Jan Grobler**

Die stamvader van die Groblers en Grobbelaars in Suid-Afrika arriveer teen 1708 aan die Kaap.[1] Sy geboortedatum is onbekend. Hy word 'n vryburger in 1715. In dieselfde jaar trou hy met Geertruyd Knoetzen, 'n dogter van Cornelis Knoetzen en Dirkje Helmes. Op 3 Julie 1736 hertrou Geertruyd met Hans Jurgen Hermann. Jan en Geertruyd het elf kinders gehad:

**b1. Johannes**

Gedoop op 9 Februarie 1716 in die Drakenstein.

**b2. Catharina**

Gedoop op 12 September 1717 in die Drakenstein. Trou met Johannes Knoetzen.

**b3. Cornelia**

Gedoop op 28 Augustus 1718 in die Drakenstein.

**b4. Willem**

Gedoop op 12 Mei 1720 in die Drakenstein. Trou op 16 Mei 1756 met Susanna Knoetzen.

**b5. Petrus**

Gedoop op 5 April 1722 in die Drakenstein. Trou op 14 Februarie 1751 met Suanna Maria Human, 'n persoon van gemengde bloed.[2]

**b6. Nicolaas**

Gedoop op 25 Desember 1723 in die Drakenstein. Trou op 15 April 1753 met Johanna Hendrina Combrink, volgens Heese 'n persoon van gemengde bloed.[3]

**b7. Geertruy**

Gedoop op 31 Desember 1724 in die Drakenstein. Trou met Cornelis van Niekerk en na sy dood met Christiaan Rabie.

---

[1] VC40 *Monsterrol vir 1707,* p.108.

[2] HF Heese, *Groep sonder grense,* p. 109.

[3] *Ibid.*

**b8. Dorothea**

Gedoop op 18 April 1728 in die Drakenstein. Trou met Michael Combrink.

**b9. Coert**

Gedoop op 26 November 1730 in die Drakenstein. Trou op 29 Februarie 1754 in Tulbagh met Maria Catharina Klopper en na haar dood weer op 1 Mei 1768 in Tulbagh met Louisa Pienaar, gedoop op 2 Julie 1752.

**b10. Dirkje**

Gedoop op 6 April 1733 in die Drakenstein. Trou op 10 Maart 1754 met Cornelis Brits, gedoop op 18 Januarie 1733.

**b11. Cornelis**

Gedoop op 31 Maart 1736 (Drakenstein). Trou op 15 Augustus 1762 met Magdalena Elizabeth Volcshenk, wat in 1813 oorlede is.

## CORNELIS, DIE TWEEDE GESLAG STAMVADER

**b11. Cornelis**

Gedoop op 31 Maart 1736 (Drakenstein). Trou op 15 Augustus 1762 met Magdalena Elizabeth Volcshenk, wat in 1813 oorlede is. Hulle het die volgende kinders gehad:

**c1. Sara**

Gedoop op 9 Junie 1765 (Drakenstein). Getroud op 15 September 1782 met Johan Adolf Kleynhans.

**c2. Geertruy**

Gedoop op 2 November 1767 (Drakenstein). Getroud op 22 Mei 1785 met Johannes Steenberg.

**c3. Johannes**

Gebore in 1768. Gedoop op 19 November 1769 (Drakenstein). Oorlede op 31 Mei 1842 in die Paarl. Op 14 Mei 1786 in Tulbagh getroud met Maria Elizabeth Krugel. Hertrou op 31 Maart 1800 met Anna Magdalena du Toit, weduwee van JS Joubert.

**c4. Catharina**

Gebore in 1772. Gedoop op 5 April 1772 (Worcester). Oorlede op 5 Junie 1843 in die Paarl. Op 25 Maart 1792 in die Drakenstein getroud met Joseph de Klerk.

**c5. Cornelis**

Gebore in 1774. Gedoop op 17 September 1774 (Drakenstein). Oorlede op 23 Junie 1864 in Tulbagh. Getroud op 3 April 1808 in Stellenbosch met Catharlna Maria de Waal. Hertrou op 2 Maart 1817 in Stellenbosch met Susara Maria Laubser wat op 20 Augustus 1840 in Riebeek-kasteel oorlede is.

**c6. Magdalena**

Gedoop op 21 Julie 1776. Oorlede op 24 Februarie 1848. Getroud met Stephanus Andries du Toit.

**c7. Pieter**

Gebore op 23 Mei 1777. Gedoop op 28 Junie 1778 in Tulbagh. Oorlede op 18 Junie 1868 in Colesberg.

**c8. Willem**

Gedoop op 30 September 1780 in Tulbagh. Getroud met Maria Dorothea Korf.

**c9. Evert**

Gebore op 9 November 1782. Gedoop op 15 Desember 1782 in Tulbagh. Oorlede op 20 Junie 1859. Getroud met Maria Margaretha van Jaarsveld. Tweede huwelik in 1827 met Maria Johanna Basson.

## PIETER, DIE DERDE GESLAG STAMVADER

**c7. Pieter.**

Gebore op 23 Mei 1777. Gedoop op 28 Junie 1778 in Tulbagh. Oorlede op 18 Junie 1868 op Colesberg. Trou op 12 Oktober 1806 in die Swartland met Margaretha Elizabeth Laubser. Hertrou op 8 Februarie 1829 in Graaff-Reinet met Elizabeth Maria Venter wat op 28 Augustus 1812 op Colesberg gebore is en op 17 April 1869 op Colesberg oorlede is. Sy was 35 jaar jonger as Pieter. Uit die eerste huwelik is die volgende kinders gebore:

**d1. Cornelius Johannes**

Gebore op 5 Mei 1808. Gedoop op 2 Julie 1808 in Tulbagh. Oorlede te Colesberg op 28 April 1845. Getroud op 4 Oktober 1830 in Graaff-Reinet met Maria Magdalena Fredrika Strauss. Hertrou op 29 Julie 1832 te Graaff-Reinet met Maria Susanna van den Heever.

**d2. Petrus**

Gebore op 27 Desember 1809. Gedoop op 1 Januarie 1810 te Tulbagh. Vermoedelik jonk oorlede.

**d3. Rudolf Jacobus**

Gebore op 2 Augustus 1810. Gedoop op 9 September 1810 te Tulbagh. Getroud op 6 Februarie 1832 te Graaff-Reinet met Maria Susanna van den Heever wat op 27 Augustus 1834 te Graaff-Reinet oorlede is. Hertrou op 1 Maart 1835 te Graaff-Reinet met Geertruida Elizabeth van Schalkwyk. Hertrou 'n derde keer met Cornelia Elizabeth Nachtwach.

**d4. Pieter Willem**

Gebore op 24 Februarie 1812. Gedoop op 29 Maart 1812 te Tulbagh. Trou met Hester WiIhelmina Catharina Lubbe.

**d5. Elizabeth Margaretha**

Gebore op 3 Augustus 1816. Gedoop op 13 Oktober 1816 te Tulbagh. Vermoedelik jonk oorlede.

**d6. Magdalena Sophia**

Gebore op 28 September 1819. Gedoop op 13 Februarie 1820 te Tulbagh. Vermoedelik jonk oorlede.

**d7. Sophia Johanna**

Gebore op 27 April 1822. Gedoop op 6 Oktober 1822 te Tulbagh. Vermoedelik jonk oorlede.

**d8. Evert Nicolaas**

Gebore op 16 November 1825. Gedoop op 12 Maart 1826 te Graaff-Reinet. Oorlede op 1 Julie 1901. Getroud op 5 April 1847 te Colesberg met Ammarentia Snyman. Oorlede op 12 Junie 1904.

**d9. Elizabeth Margaretha**

Gebore op 20 Desember 1826. Gedoop op 17 Januarie 1827 te Colesberg. Oorlede op 25 November 1906. Getroud met Jan Hendrlk Badenhorst, oorlede op 3 Mei 1902.

Uit sy tweede huwelik is die volgende kinders gebore:

**d10. Jan Adriaan**

Gebore op 3 Februarie 1831 te Colesberg. Oorlede op 7 Desember 1889.

**d11. Jacobus Johannes**

Gebore op 21 Julie 1833. Oorlede op 18 November 1913 te Colesberg. Getroud

op 24 Maart 1856 met Johanna Hendrina Nienaber, gebore 31 Oktober 1833 en oorlede op 20 Julie 1909 te Colesberg.

**d12. Margaretha Johanna**

Gebore op 26 Januarie 1836 te Colesberg. Trou met ’n sekere Venter.

**d13. Sara Sophia**

Gebore op 10 Junie 1838 te Colesberg. Vermoedelik jonk oorlede.

**d14. Maria Elizabeth**

Gebore op 3 Desember 1839 op Colesberg. Oorlede op 26 Maart 1893. Trou met Petrus Johannes Frederik Ferreira.

**d15. Johannes Lodewikus**

Gebore op 11 Junie 1842 te Colesberg. Vermoedelik jonk oorlede.

**d16. Cornelius Johannes**

Gebore op 15 Junie 1845. Oorlede op 24 Oktober 1906 te Fauresmith. Hy was 'n krygsgevangene op Bermuda. Trou op 1 Januarie 1866 met Jacoba Petronella du Plessis, gebore in Junie 1849 en oorlede op 1 Februarie 1920.

**d17. Petrus Johannes**

Gebore op 15 Januarie 1847 en oorlede op 26 November 1936. Getroud met Johanna Helena Maria Roux, gebore op 6 April 1848 te Colesberg en oorlede op 5 September 1911 te Dealesville.

**d18. Aletta Sophia**

Gebore op 17 Desember 1848 te Colesberg. Vermoedelik jonk oorlede.

**dI9. Hester Sophia**

Gebore op 5 November 1850 te Colesberg. Vermoedelik jonk oorlede.

**d20. Orsela Magdalena**

Gebore op 16 Oktober 1852 te Colesberg. Vermoedelik jonk oorlede.

**d21. Charel Daniel**

Gebore op 27 Januarie 1856 te Colesberg en oorlede op 27 Januarie I931 te Luckhoff. Trou op 22 Mei 1876 op Philippolis met Engela Susanna Kotze, gebore op 27 Januarie 1855 te Edenburg en oorlede op 20 Januarie 1940 te Fauresmith.

## JAN ADRIAAN, DIE VIERDE GESLAG STAMVADER

**d10. Jan Adriaan.**

Gebore op 3 Februarie 1831 te Colesberg en oorlede op 7 Desember 1889. Getroud op 12 November 1849 met Margaretha Elizabeth Johanna Groenewald. Hertrou op 16 Desember 1886 met Maria Magdalena Kruger. Hy is die vierde geslag stamvader van die Grobbelaars van Cyferfontein, distrik Bethulie. By sy eerste vrou het hulle die volgende kinders gehad:

**e1. Maria Elizabeth**

Gebore op 29 Augustus 1850 en oorlede op 2 Desember 1902 aan meningitis in die hospitaaI van die konsentrasiekamp op Bethulie. Sy trou met Jacobus Petrus du Toit wat in 1848 gebore is en op 26 Oktober 1904 oorlede is. Hy was 'n veeboer op die plaas Rietgat, distrik SmithfieId. Na die oorlog het hy net die pIaas oorgehad. Sy vee en ander losgoed is alles deur die Britse magte gedurende die Anglo-Boereoorlog verwyder of vernietig. Hulle tweede oudste seun, Jan Adriaan du Toit, het pas na die uitbreek van die oorlog in die Slag van Stormberg gesneuwel.[4]

**e2. Pieter**

Gebore op 31 Januarie 1852 en oorlede te Bethulie op 19 Januarie 1925.

**e3. Jan Adriaan (genoem Attie)**

Gebore in 1855 en oorlede op 27 September 1901 op die skip, Aurania, op pad na krygsgevangenskap in Ceylon.

**e5. Petrus Johannes (genoem Peet)**

Gebore op 22 Julie 1859 en oorlede op 30 Augustus 1922. In lewe 'n boer op die plaas Meyerskraai, distrik Bethulie.

**e6. Margaretha Johanna**

Gebore op 30 Junie 1861 en oorlede op 10 Junie 1948. Getroud met Abraham Jacobus Griesel, gebore 26 Februarie 1856 en oorlede op 4 Januarie 1927.

**e8. Jacobus Hermanus (genoem Kotie)**

Gebore op 14 Junie 1874 en oorlede op 7 Februarie 1950. Trou op 8 September 1894 met Susara Jacoba Adriana (genoem Sarie) van Aswegen, gebore op 8 Junie

---

[4] JA Griesel*, 'n Oudstryder vertel,* p. 13.

1878 en oorlede op 25 Junie 1954.

## PIETER, EEN VAN DIE VYFDE GESLAG STAMVADERS

**e2. Pieter**

Hy is gebore op 31 Januarie 1852 te Colesberg en oorlede op 19 Januarie 1925 te Bethulie. Trou (sy eerste huwelik) met Magdalena Maryna van Aswegen, gebore 31 Oktober 1856 en oorlede op 12 Augustus 1883 in die ouderdom van 27 jaar. Uit hierdie eerste huwelik is die volgende kinders gebore:

**f1. Jan Adriaan (genoem Aderjan of Ouboet)**

Gebore op 30 Mei 1873 en oorlede op 30 Maart 1946. In lewe 'n veeboer op die plaas Pompi, distrik Bethulie. Trou met Margaretha Hendrika (genoem Grieta) Cloete, gebore 2 Julie 1879 en oorlede op 6 Oktober 1937. Aderjan en Grieta het agt Grobbelaar-kinders gehad:

**g1. Pieter**

Gebore op 10 Maart 1897 en oorlede op 28 Augustus 1965. Trou op 20 Junie 1920 te De Doorns met Johanna Hendrina (genoem Joey) Rabie, gebore 13 Maart 1897 en sterfdatum onbekend.

**g2. Margaretha Hendrika (Grieta Of Ousus)**

Sy was getroud met Philippus Cornelis Schoeman (genoem Flippie) Geyer, gebore 1 Augustus 1888 op Venterstad.

**g3. Andries Johannes**

Gebore op 24 Februarie 1905 en oorlede op 31 Desember 1969. Trou met Edith Rose Beukes, gebore op 1 Julie 1908 en oorlede op 19 Augustus 1974.

**g4. Jan Adriaan**

Gebore 25 Februarie 1909 en oorlede op 22 April 1986. Trou in 1933 met Hester Francina Hendrina Jacoba (genoem Fransie) Pelser, gebore 23 Oktober 1911 en oorlede op 2 Julie 1988.

**g5. Magdalena Maryna (genoem Lenie)**

Gebore op 26 Mei 1911 en oorlede op 7 Julie 1973. Trou op 23 Desember 1941 met Johannes Hermanus Potgieter (genoem Jan) van Aardt, gebore op op 5 September 1915 en oorlede op 24 Februarie 1987.

**g6. Gert Cloete**

Gebore op 31 Augustus 1914. Die datum van sy dood is onbekend.

**g7. Susanna Elizabeth (genoem Sannie)**

Gebore op 15 November 1917. Trou 2 Januarie 1940 op Aliwal-Noord met Pieter Johannes (genoem Piet) Geyer, gebore 7 Desember 1916, seun van Philippus Cornelis Schoeman (Flippie) Geyer wat tydens ‘n tweede huwelik getroud is met Sannie se ouer suster, Grieta.

**g8. Ockert (genoem Okkie)**

Gebore op 28 September 1919. Die datum van sy dood is onbekend.

**f2. Johannes Francois (genoem Jan)**

Gebore op 6 Julie 1875 en oorlede op 11 Mei 1930. Trou met Martha Ryna (genoem Marthie) Naude, gebore op 15 Maart 1883 en oorlede op 13 Oktober 1960. Jan en Marthie het hulle na sy aftrede op die plasie Môreson, digby Robertson. gevestig. Hulle het twee kinders gehad:

**g1.Pieter**

Gebore op 30 Oktober 1909 op Bethulie en oorlede op 8 September 1986. Trou op 1 Desember 1939 in Kaapstad met Arendina Ludolphina (genoem Ludi) Reimers, gebore op 12 Julie 1912 in Wageningen, Nederland en oorlede op 29 Junie 1976.

**g2. Susanna Elizabeth (genoem Sannie)**

Gebore op 13 Februarie 1916 te Harrismith. Trou op 12 Desember 1941 op Senekal met Daniel Haumann (genoem Haumann) van der Spuy, gebore op 12 Maart 1914 in die Paarl.

**f3. Pieter Carel (genoem Piet)**

Gebore op 12 Oktober 1876 op Kroonpost, distrik Bethulie, en oorlede op 14 Oktober 1940 te Philippolis. Trou op 23 November 1913 op Philippolis met die weduwee Margaretha Johanna (genoem Grieta) Barnard, gebore Ferreira. Piet en Grieta is albei op Philippolis begrawe. Hulle het die volgende kinders gehad:

**g1. Pieter (genoem Kleinpiet)**

Gebore op 7 November 1905 op Philippolis en oorlede op 27 Januarie 1988. Hy was 'n boer in die distrik Philippolis en ouderling in die Nederduits-Gereformeerde Kerk. Trou op 27 Junie 1937 op Luckhoff met Maria Margaretha (genoem Mimi) Bredenkamp.

**g2. Magdalena Maryna (genoem Ryna)**

Gebore op 12 Maart 1909 te Philippolis en oorlede op 17 Maart 1978. Trou met ene Cronje. Die huwelik was kinderloos.

**f4. Susanna Magdalena Elizabeth (genoem Sannie of Ousus)**

Gebore op 14 Junie 1879 te Bethulie. Trou met Johannes Hendrik (genoem Hans) van der Walt, gebore op 11 Februarie 1879 op Kokstad. Hy sluit op 27 Mei 1914 by die SA Polisie aan. Agtereenvolgens is hy verplaas na Bloemfontein, Boshof, Thaba Nchu, Ventersburg en uiteindelik na Uitenhage, waar hy in 1934 met pensioen uit die polisiediens tree. Tydens hulle verblyf op Thaba Nchu koop haar vader daar vir hulIe ’n huis in sy naam wat sy na sy dood uit sy boedel erf. Hans en Sannie het vier kinders gehad:

**g1. Casper Jan Hendrik**

Gebore op 10 Junie 1904.

g2. **Pieter Retief**

Gebore op 16 Desember 1905.

**g3. Willem Johannes**

Gebore op 14 Augustus 1907.

**g4. Magdalena Maryna**

Gebore op 7 Desember 1918.

**f5. Willem Johannes (genoem Willie)**

Gebore op 27 Januarie 1881 te Bethulie en oorlede op 25 Januarie 1941. 'n Veeboer op die plaas Rustplaats, distrik Bethulie. Hy trou in Januarie 1906 op Worcester met die weduwee, Catharina Jacoba Wilhelmina (genoem Katie) de Vos, gebore op 5 Junie 1865 op Worcester en oorlede op 3 Desember 1943. Willie en Katie is albei op Bethulie begrawe. Hulle het twee kinders gehad:

**g1. Pieter De Vos (genoem De Vos)**

Gebore op 24 November 1906 te Bethulie. Hy slaag die proponenteksamen aan die Kweekskool te Stellenbosch en behaal ’n meestersgraad in die Teologie. De Vos was predikant in verskeie Nederduits-Gereformeerde-gemeentes. Trou op 3 April 1934 in Kaapstad met Johanna Jacoba de Villiers, gebore op 1 September 1908. De Vos en Johanna het nie kinders qehad nie.

**g2. Magdalena Maryna (genoem Lena)**

Gebore op 9 Oktober 1908 op Bethulie en oorlede op 12 Desember 1986. Trou op 2 Februarie 1937 in Bethulie met Frederik Jacobus (genoem Frikkie) Cilliers,

gebore op 24 September 1907 op Hanover.

Na die dood van sy eerste vrou trou Pieter met Hester Aletta Sophia Kruger wat op 1 Februarie 1865 op die plaas Vaalbank, distrik Bethulie, gebore is. Sy sterf op 16 November 1901 in die konsentrasiekamp op Bethulie aan maagkoors in die ouderdom van 36 jaar 9 maande en 15 dae. Pieter en Hester het ses kinders gehad:

**f6. Margaretha Johanna Elizabeth (genoem Magrieta)**

Gebore op 10 Desember 1886 in die distrik Bethulie en oorlede op 12 Februarie 1939 op Trompsburg. Trou op Bethulie met Johannes Jacobus Erasmus (genoem Hans) Griesel, gebore op 1 Januarie 1881 en oorlede op 7 Januarie 1953. Magrieta en Hans is albei op Trompsburg begrawe. Hulle het twee dogters gehad:

**g1. Hester Aletta (genoem Hettie)**

Gebore op 11 April 1909 te Bethulie en oorlede op 26 September **(datum ontbreek Paul)**. Trou in Bloemfontein met Jacobus Johannes (genoem Koot) Pienaar, gebore op 11 Oktober 1908 op Trompsburg, oorlede op 26 November 1986. In lewe ‘n plaasboer op die plase Bankies, Visgat, Witbrak en Matjes-fontein.

**g2. Martha Maria (genoem Mattie)**

Gebore in April 1909 en oorlede op 29 Mei 1944 in Bloemfontein. Trou in Bloemfontein met Petrus Arnoldus Human, gebore 5 Desember 1905 op Zastron en oorlede op 17 April 1973.

**Casper Jan Hendrik**

Gebore in 1889 en oorlede op 20 Januarie 1908.

**f7. Hester Aletta (genoem Hetta)**

Gebore op 4 November 1890 en oorlede op 9 Desember 1937. Trou op Kroonpost, distrik Bethulie, met Johannes Francois (genoem Jannie) van Aswegen, gebore op 24 Januarie 1887 en oorlede op 3 April 1957. Hetta en Jannie het twee kinders gehad:

**g1. Daniël Sarel (genoem Danie)**

Gebore op 29 April 1915 op Trompsburg. Trou op 15 Julie 1944 op Koffiefontein met Susanna Magdalena (genoem Tokkie) Viljoen. Danie is op 2 Mei 1988 oorlede.

**g2. Hester Aletta (genoem Lettie)**

Gebore in Mei 1917 en oorlede op 30 Oktober 1961. Trou op 5 Mei 1939 in

Bloemfontein met Jacobus Cornelius Booysen, gebore op 26 Maart 1913.

**f8. Petrus Johannes (genoem John)**

Gebore op 2 Januarie 1893 op Kroonpost, distrik Bethulie en oorlede op 29 Mei 1941. In lewe was hy 'n veeboer op die plaas Swaelstert, distrik Trompsburg. Trou omstreeks 1917 met sy niggie, Maria Elizabeth (genoem Maraai) Grobbelaar, gebore 11 Oktober 1895 op Bethulie en oorlede op 24 Junie 1961. Maraai en John is albei op Trompsburg begrawe. Hulle het twee seuns gehad:

**g1. Pieter**

Gebore op 12 Oktober 1917 op Trompsburg. Oorlede op 4 Februarie 1949. In lewe 'n boer op die plaas Swaelstert, distrik Trompsburg. Trou op 15 April 1941 op Reddersburg met Anna Maria Vilonel (genoem Vilo) Buttner, gebore op 13 September 1914 op Reddersburg.

**g2. Jan Adriaan (genoem Attie)**

Gebore op 11 Februarie 1933 op Trompsburg. Boer op die plaas Grootvisgat, distrik Trompsburg. Trou op 6 Februarie 1960 in Bloemfontein met Margaretha Johanna Elizabeth (genoem Marjorie) Pienaar, gebore op 14 Februarie 1936 op Trompsburg.

**f9. Johanna Maria Magdalena (genoem Joey)**

Gebore op 18 Maart 1895 en oorlede op 26 Februarie 1931. Trou met Stephanus Gerhardus (genoem Faan) Griesel, gebore 19 Junie 1885 op Bethulie en oorlede op 17 September 1925 in Kaapstad. In !ewe 'n boer in die distrik Burgersdorp. Hulle het een dogter gehad:

**g1. Miranda (ook Marinda)**

Gebore op 25 Augustus 1925. Later getroud met Andreas Botha.

**f10. Harm Jacobus**

Gebore op 30 Julie1897 op Bethulie en oorlede op 12 September 1957. In lewe 'n boer op Blaauwfontein, distrik Bethulie. Trou op 21 Mei 1922 op Trompsburg met Carolina Magaretha (genoem Lena) Strauss, gebore op 28 Februarie 1901 op Trompsburg en oorlede op 29 Januarie 1982. Harm en Lena het twee kinders gehad:

**g1. Anna Johanna (genoem Annatjie)**

Gebore op 6 November 1923 op Vlakfontein, distrik Trompsburg. Trou op 4 Augustus 1944 op Aiiwal-Noord met Rudolf Jacobus (genoem RoeIf)

Grobbelaar, gebore op 26 Augustus 1918 op Wolweplaat, distrik Luckhoff.

**g2. Pieter**

Gebore op 15 Augustus 1933 op Trompsburg. Matrikuleer en gaan boer op Blaauwfontein. Trou op 22 Desember 1956 met Cornelia Hendrina Aletta (genoem Corrie) Claassen, gebore op 14 Maart 1933.

Na die dood van sy tweede vrou in die konsentrasiekamp in Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog trou Pieter in 1903 met die weduwee, Magdalena Frederika Badenhorst, gebore Russouw. Hulle het twee kinders gehad:

**f11. Frederik Russouw (genoem Fred)**

Gebore op 9 Mei 1904 op Kroonpost, distrik Bethulie, en oorlede op 30 September 1952. Trou op 4 Desember 1929 met Cornelia Johanna Marais, gebore op 23 Junie 1905. Hy behaal in 1926 sy meestersgraad in Filosofie en is toe na die Kweekskool waar hy in Desember 1929 sy graad in Teologie ontvang en gelegitimeer word. Fred en Cornelia het vyf kinders gehad waarvan drie volwasse geword het:

**Pieter**

Gebore op 20 Februarie 1931 en oorlede op 29 Mei 1935.

**Margaretha Johanna (genoem Retha)**

Gebore op 18 Augustus 1932 en oorlede op 30 Januarie 1936.

**g1. Paul Marais (genoem Paul)**

Gebore op 11 Mei 1937 te Kareedouw. Trou op 28 Desember 1960 op Stellenbosch met Lizel Scholtz Louw, gebore op 31 Augustus 1938 op De Doorns.

**g2. Frederik Russouw (genoem Fritz)**

Gebore op 29 November 1938 op Kareedouw. Geneesheer op Oudtshoorn en Somerset-Wes. Trou op 9 Desember 1961 op Clanwilliam met Gloudina Maria (genoem Gloudien) Myburgh, gebore op 30 Oktober 1939 op Lambertsbaai.

**g3. Cornelius Johannes (genoem NeeIs)**

Gebore op 31 Julie 1940 te Aliwal-Noord. Behaal hoër primêre onderwysdiploma in handwerk. Trou op 9 Desember 1967 op O'Kiep met Hester Wilhelmina Jacoba (genoem Etta) Cornelissen, gebore op 28 April 1939 op Keetmanshoop.

**f12. Helena Mathilda**

Gebore op 26 April 1906 op Bethulie en oorlede op 29 Julie 1959. Trou op 23

Desember 1925 in die Tweetoringkerk op Bloemfontein met Henning Johannes Joubert, qebore op 9 November 1894 en oorlede op 16 November 1962. Hulle het vyf kinders gehad:

**g1. Jacob Daniel De Bruyn (genoem De Bruyn).**

Gebore op 23 Desember 1926 op Bethulie. Oorlede op 11 Augustus 1981. Boer op Kroonpost en Damfontein, Bethulie, later op Liebenbergsvlei, Edenburg. Dien in Nederduits-Gereformeerde-kerkraad, die Grondbewaringskomitee en die bestuur van die Rapportryers en was voorsitter van die Boerevereniging op Edenburg. Trou op 8 April 1950 in Pretoria met Bertha Maria Impey, gebore op 20 November 1928 op Rustenburg.

**g2. Magdalena Frederika (genoem Lena of Sussie)**

Gebore op 20 April 1931 op Bethulie. Sendingwerkster in die Oos Kaap. Trou op 28 November 1964 op Umtata met Gert Jacobus Klopper, gebore op 7 Januarie 1930 op Dordrecht.

**g3. Elizabeth Johanna (genoem Bettie)**

Gebore op 31 Mei 1937. Trou op 25 September 1963 in Bloemfontein met Jacobus Johannes (genoem Kokkie) Swart, gebore op 30 Augustus 1938 in Wynberg. Kokkie was 'n Nederduits-Gereformeerde-predikant.

**g4. Mathilda (genoem Tilda)**

Gebore op 5 Julie 1940 te Bethulie. Trou op 27 April 1963 in Bloemfontein met Malcolm Llewellyn (genoem Finch) Hatley, gebore op 14 Maart 1933 te Memel, waar hy ook sy skoolopleiding ontvang het en op die plaas, Eljoenai, boer.

**g5. Pieter (genoem Piet)**

Gebore op 9 November 1945 te Dewetsdorp. Vermoënde boer op Driefontein, distrik Bethulie en Swakara, distrik Burgersdorp. Trou op 8 Julie 1967 op Noupoort met Anna Susanna van Aswegen, gebore op 21 April 1943 te Newcastle, Natal.

## JAN ADRIAAN, EEN VAN DIE VYFDE GESLAG STAMVADERS

**e3. Jan Adriaan**

Gebore in 1855. Oorlede op 27 September 1901 op die skip, Aurania, op pad na krygsgevangenskap in Ceylon. Hy trou met Cornelia Jacoba van Aswegen,

gebore 1859, die vierde dogter van Carel Herklaas Jacobus van Aswegen en Emmerensie Hester Pienaar van De Bad, distrik Smithfield. Sy sterf op 22 Februarie 1902 in die konsentrasiekamp op Springfontein in die ouderdom van 43 jaar aan ingewandskoors. Met hul heengaan was daar sewe kinders, waarvan vyf nog minderjarig was:

**f1. Jan Adriaan (genoem Attie)**

Gebore op 29 Julie 1877. Getroud met Susanna Francina (genoem Nysie) Cronje, gebore op 5 September 1883 en oorlede op 26 Julie 1941; jongste dogter van Johannes Cornelis (genoem Hans) Cronje. Oorlede op 11 Julie 1919. In lewe was hy ’n plaasboer op Waschbank, distrik Rouxville, en was getroud met Petronella Christina Salomina Joubert. Hy dien as ouderling in die Nederduits-Gereformeerde-kerkraad op Rouxville. Attie sterf op 10 Maart 1939. Ook Attie en Nysie is daar begrawe. Hulle het nege kinders gehad wat volwasse geword het:

**g1. Jan Adriaan, (genoem Jannie)**

Gebore op 26 Julie 1904 en oorlede op 1 Mei 1949. Bly op Waschbank en help met die boerdery. Hy is daar oorlede en begrawe en was nooit getroud nie.

**g2. Petronella Christina Salomina, (genoem Pieta)**

Gebore op 27 Desember 1905 en oorlede op 1 Februarie 1967. Sy was getroud met 'n wewenaar Jacobus Willem Coetzee (genoem Koos), in die distrik Trompsburg, by wie sy geen kinders gehad het nie. Sy is op Edenburg en hy op Trompsburg begrawe.

**g3. Johannes Cornelius (genoem Hans )**

Gebore op 11 Augustus 1907 op Waschbank en oorlede op 24 Februarie 1976. In lewe 'n plaasboer op Norway, distrik Rouxville. Trou op 14 Maart 1939 op Aliwal-Noord met Magdalena Elizabeth (genoem Babs) Wilken, gebore op 29 Desember 1912 op Wepener.

**g4. Carel Hercules (genoem Kalie)**

Gebore op 15 Maart 1910 op Waschbank. Hy was ongetroud en is oorlede op 19 Februarie 1941. Kalie is op Waschbank begrawe.

**g5. Frans Cronje (genoem Fransie)**

Gebore op 4 September 1912 en oorlede op 30 Oktober 1930. Hy is op Waschbank begrawe en het geen nakomelinge gehad nie.

**g6. Cornelia Jacoba (genoem Nel)**

Gebore op 2 Mei 1915 op Waschbank en oorlede op 1 Februarie 1985. Trou in April 1937 op Aliwal-Noord met Pieter Cornelius (genoem Piet) Oosthuysen, gebore op 9 Augustus 1912 op Cathcart en oorlede op 5 Julie 1974.

**g7. Susanna Francina (genoem Sampat)**

Gebore op 17 Junie 1917 op Waschbank. Trou op 4 April 1941 op Rouxville met Andries Cornelius Nel, gebore op 15 Januarie 1917 op Cathcart en oorlede op 9 Mei 1959. In lewe 'n veeboer op die plaas Hampton, distrik Cathcart.

**g8. Daniel Johannes (Danie)**

Gebore op 23 Januarie 1920 op Waschbank en oorlede op 27 Mei 1982. In lewe 'n boer op die plaas Waschbank, distrik Rouxville. Trou op 3 Februarie 1962 in Bloemfontein met Anna Margaretha (genoem Annatjie) Vermeulen, gebore op 15 Junie 1934 te Luckhoff. Danie is op Waschbank begrawe.

**g9. Emma Hester (genoem Emmie)**

Gebore op 1 Februarie 1924 en oorlede op 13 Januarie1961. Trou op Aliwal-Noord met Willem Andries Jacobus (genoem Willie), gebore op 8 Julie 1921 en oorlede op 25 September 1982. Emmie is op Waschbank en Willie op Rouxville begrawe. Hulle huwelik was kinderloos.

**f2 Emmerentia Hester (genoem Emmie)**

Gebore op 25 April 1879 en oorlede op 18 November 1946. Trou op 28 September 1897 met Willem Jacob (genoem Willie) Botha, gebore op 8 Augustus 1875 en oorlede op 30 November 1964. In lewe 'n boer op die plaas Groot Marsfontein, distrik Trompsburg; 'n dapper burger tydens die Anglo-Boereoorlog. Ontvang in 1920 van die Unie-Verdedigingsmag die Dekorasie voor Trouwe Dienst (DTD); lank kommandant en vrederegter van die distrik Bethulie. Kerkraadslid van die Nederduits-Gereformeerde-gemeentes Bethulie en later Trompsburg. Emmie en Willie het sewe kinders gehad. ’n Seuntjie, Petrus Johannes, is op 2-jarige leeftyd in die konsentrasiekamp op Springfontein oorlede. Nog 'n seuntjie, wat Jan Adriaan sou heet, is 14 dae na sy geboorte in 1908 oorlede. Vier dogters en een seun het volwasse geword:

**g1. Cornelia Jacoba (genoem Nellie)**

Gebore op 11 Maart 1904 te Trompsburg. Trou op 2 Julie 1935 in Trompsburg met Jacob Francois (genoem Japie) Cloete, gebore op 5 Desember 1895 in Sutherland en oorlede op 19 Augustus 1984. In lewe was hy 'n bekende winkelier,

eers op Breipaal, later op Trompsburg en nog later was hy 'n plaasboer.

**g2. Margaretha Wilhelmina (genoem Grieta)**

Gebore op 28 April 1906 op Trompsburg. Trou op 8 Maart 1934 in Bloemfontein met haar neef, Jan Daniël (genoem Jannie) Louw, gebore op 4 Maart 1906 te Springfontein en oorlede op 14 Maart 1974. In lewe 'n boer op die plaas Vogelstruisfontein, distrik Springfontein.

**g3. Emmerentia Hester (genoem Emmie)**

Gebore op 10 Januarie 1910 te Trompsburg. Trou op 7 Mei 1935 met Adam Johannes Botha, gebore 19 Februarie 1907 en oorlede op 30 Maart 1981.

**g4. Willemina (genoem Miensie)**

Gebore op 23 Mei 1913 te Trompsburg. Trou op 26 Maart 1935 te Trompsburg met Louis Kotze, gebore op 26 April 1908.

**g5. Willem Jacob (genoem Willie)**

Gebore op 10 Mei 1920 te Trompsburg. Boer op die plaas Groot Marsfontein. Trou op 5 Desember 1953 in Bloemfontein met Catherina Hermina Cornelia (genoem Rina) du Randt, gebore op 25 Februarie 1931 op Hofmeyer, oorlede op 16 Desember 1985.

**f3. Margaretha Elizabeth Johanna**

Gebore op 7 Augustus 1884 te Trompsburg en oorlede op 21 Desember 1955. Trou op Trompsburg met Sarel Jacobus Louw, gebore Julie 1876 in die distrik Philippolis, oorlede op 20 Augustus 1934. Margaretha en Sarel het ses kinders gehad:

**g1. Jan Daniël (genoem Jannie)**

Gebore op 4 Maart 1906 op Springfontein en oorlede op 14 Maart 1974. In lewe 'n boer op die plaas Vogelstruisfontein, distrik Springfontein.

**g2. Elizabeth Gertruida (genoem Bettie)**

Gebore op 15 Mei 1908 te Trompsburg en oorlede op 12 Oktober 1962. Trou in 1932 met William Bryan Kidson, gebore op 25 Oktober 1905.

**g3. Margaretha Johanna (genoem Grieta)**

Gebore op 29 Junie 1911 te Springfontein. Trou op 29 April 1939 in Bloemfontein met Pieter Jacobus (genoem Piet Sooi) Louw, gebore op 4 September 1908 op Springfontein.

**g4. Sarel Jacobus**

Gebore op 11 November 1915 te Springfontein. Trou op Worcester met Esther Volschenk, gebore op 13 Oktober 1918; oorlede op 16 Desember 1973.

**g5. Lydia**

Gebore op 10 April 1918 te Springfontein en oorlede op 29 Januarie 1987. Trou in Mei 1937 in Bloemfontein met Dan Alexander Kidson, gebore op 22 Februarie 1893 en oorlede op 3 Februarie 1971.

**g6. Maria Magdalena (genoem Bybie)**

Gebore op 21 Mei 1926 te Springfontein. Trou op 21 Mei 1949 in Bloemfontein met Pieter Jacobus Louw (genoem Piet Bank), gebore op 1 Mei 1922 te Springfontein.

**f5. Cornelia Jacoba**

Gebore in Junie 1891 te Trompsburg en oorlede op 28 April 1965 te Springfontein. Trou met Christiaan Jacobus Strauss, gebore in Februarie 1885 op Hagelfontein, distrik Trompsburg. Oorlede op 30 Augustus 1947. In lewe boer op Highbury. Cornelia en Christiaan het vier kinders gehad:

**g1. Cornelia Jacoba (genoem Nellie)**

Gebore op 7 Maart 1912 te Trompsburg. Trou op 24 Julie 1935 op Springfontein met Harold Christiaan Botha.

**g2. Andries Jacobus (genoem Boet)**

Gebore op 30 Oktober 1913 te Trompsburg en oorlede op 6 Julie 1966. In lewe 'n veeboer en landbouer op die plaas Klipplaatsdam, distrik Springfontein. Hy was nooit getroud nie.

**g3. Anna Maria (genoem Nanna)**

Gebore op 18 Julie 1915 te Springfontein. Trou omstreeks 1937-38 in Oos-Londen met Jacobus Petrus Johannes Wentzel (genoem Algie) van Huysteen, gebore 22 Junie 1871 op Wittedrif, distrik Knysna.

**g4. Jan Adriaan Grobbelaar (genoem Attie)**

Gebore op 16 Maart 1919 op Haelfontein, distrik Trompsburg. Oorlede op 1 Oktober 1972 te Springfontein. Trou op 9 April 1955 op Kirkwood met Loraine Nel, gebore 8 Maart 1932 op Kirkwood.

**f6. Anna**

Gebore op 20 Junie 1892 op De Puts, distrik Bethulie. Oorlede op 23 Februarie 1949. Trou met Andries Johannes (genoem Rooi Andries) van der Merwe, gebore

op 15 April 1888 en oorlede op 23 Desember 1948. Hulle het drie seuns gehad:

**g1. Jan Lodewyk**

Gebore op 28 Desember 1911 te Edenburg en oorlede op 14 Junie 1966. Hy word 'n vooruitstrewende boer op die plaas Zuurtontein, distrik Smithfield. Trou op 3 Mei 1947 in Bloemfontein met Elizabeth Maria (genoem Lizzie) Theron, gebore op 3 November 1914 te Smithfield.

**g2. Jan Adriaan (genoem Attie)**

Gebore op 23 Desember 1912 te Trompsburg en oorlede op 28 Junie 1973. Trou op 9 Mei 1942 in Bloemfontein met Christina Wilhelmina (genoem Christa) Joubert, gebore op 30 Julie 1920 op Boshof.

**g3 Andries Johannes (genoem Dries)**

Gebore op 22 Desember 1921 op Trompsburg en oorlede op 14 November 1982. Trou in Mei 1948 op Edenburg met Gerbrecht Elizabeth (genoem Baba) Kruger, gebore op 11 September 1927 op Trompsburg.

**f7. Maria Elizabeth (genoem Maraai)**

Gebore op 11 Oktober 1895. Getroud met f8. Petrus Johannes Grobbelaar, seun van Pieter Grobbelaar van Kroonpost, distrik Bethulie. Gebore op 2 Januarie 1893 op Bethulie en oorlede op 24 Junie 1961.

## PETRUS JOHANNES, EEN VAN DIE VYFDE GESLAG STAMVADERS

**e5. Petrus Johannes (genoem Peet)**

Gebore op 22 Julie op 1859 en oorlede op 30 Augustus 1922. In lewe 'n boer op die plaas Meyerskraai, distrik Bethulie. Trou met Elizabeth Margaretha Wiesner, gebore op 8 September 1861 en oorlede op 25 September 1937. Peet en Betsie is op Meyerskraal begrawe. Hulle het agt kinders gehad waarvan vyf volwasse geword het:

**Maria Aletta**

Oorlede voor die Anglo-Boereoorlog.

**f1. Martha Maria**

Oorlede in die konsentrasiekamp op Springfontein.

**f2. Margaretha Johanna**

Oorlede in die konsentrasiekamp op Springfontein.

**f3. Elizabeth Margaretha (genoem Bettie)**

Gebore op 8 Augustus 1883 te Bethulie. Oorlede op 16 Julie 1965. Trou op 3 April 1905 op Bethulie met Richard Smith, gebore op 17 Mei 1878 op Smithfield en oorlede op 8 Mei 1965. Bettie en Richard het drie kinders gehad:

**g1. Elizabeth Margaretha (genoem Bessie)**

Gebore op 10 Februarie 1906 te Bethulie en oorlede op 23 Mei 1982. Trou op 19 Augustus 1926 op Bethulie met Petrus Jacobus Johannes (genoem Piet) Crous, gebore op 27 Mei 1903 te Zastron en oorlede op 2 Junie 1971.

**g2. Jacomina Johanna Wilhelmina (genoem Miensie)**

Gebore op 3 April 1910 te Smithfield. Trou op 10 November 1931 op Bethulie met Willem Andries Jacobus (genoem Willie) Swanepoel, gebore op 20 Oktober 1903 op Smithfield, oorlede op 15 Julie 1986.

**g3. Hermanus Lucas**

Gebore op 29 Februarie 1912 op Bethulie. Trou op 27 Mei 1939 op Heidelberg met Gerbrecht Maria (genoem Breggie) Marais, gebore op 19 April 1914 op Heidelberg, oorlede op 10 Januarie 1985.

**f4. Maria Elizabeth (genoem Marja ook Maraaia)**

Gebore op 21 Augustus 1885 op Meyerskraal, distrik Bethulie. Trou op 25 September 1905 op Bethulie met Willem Petrus (genoem Willie) Strauss, gebore op 2 November 1881 op Vlakfontein, distrik Trompsburg, oorlede op 27 Julie 1957. Willie en Marja het vyf seuns gehad:

**g1. Andries Jacobus (genoem Dries)**

Gebore op 25 Junie 1906 op Trompsburg en oorlede op 25 September 1969. Trou met Anna Christina Magdalena Viljoen, gebore op 29 Oktober 1906 en oorlede op 12 November 1957.

**g2. Petrus Johannes (genoem Peet)**

Gebore op 21 Desember 1910 op Trompsburg en oorlede op 11 Mei 1970. Trou op 15 Desember 1945 met Anna Wilhelmina du Toit, gebore op 22 Desember 1918.

**g3. Willem Petrus (genoem Biel)**

Gebore op 24 April 1913 op Trompsburg en oorlede op 8 Julie 1981. Trou op 10 Julie 1938 in Germiston met Susanna Josina (genoem Suzie) Marais, gebore op 29 Januarie 1914.

**g4. Jan Adriaan (genoem Attie)**

Gebore op 22 Augustus 1916 te Trompsburg en oorlede op 4 Oktober 1966. Trou in Maart 1943 in Ottenhagen (Oos-Pruise) met Ursel (genoem Ulla) Krull, gebore op 3 November 1921.

**g5. Sarel Francois (genoem Sakkie)**

Gebore op 22 Desember 1921 te Trompsburg. Trou op 25 September 1942 op Reddersburg met Jamima (genoem Miemie) Haasbroek, gebore op 23 Junie 1921 op Reddersburg en oorlede op 16 Februarie 1975.

**f5. Catharina Jacoba (genoem Katie)**

Gebore op 2 Mei 1889 en oorlede op 5 Maart 1919. Trou op 3 April 1911 op Bethulie met Cornelius Johannes (genoem Cor, ook Kerneels) Smith, gebore op 8 Junie 1886. Hulle het twee Smith-seuns gehad:

**g1. Frans Johannes Petrus (genoem Basie)**

Gebore op 7 April 1912 op Smithfield. Trou op 20 Oktober 1934 met Petronella Catharina (genoem Nellie) OIivier, gebore op 14 Julie 1912.

**g2. Petrus Johannes (genoem Peet)**

Gebore op 7 September 1915 op Smithfield. Trou op 7 April 1947 met Daisy EIizabeth Lee, gebore op 28 November 1918.

**f6. Jan Adriaan (genoem Attie)**

Gebore op 12 Januarie 1893 op Bethulie en oorlede op 8 Desember 1970. Trou op 3 April 1920 op Bethulie met Isabella Johanna (genoem lssy) Geyer, gebore as Janse van Rensburg op 26 Januarie 1889 te Philippolis. Oorlede op 20 September 1971. Attie en Issy het twee Grobbelaar-dogters gehad:

**g1. Elizabeth Margaretha (genoem Betsie)**

Gebore op 12 April 1921 op Bethulie. Trou op 9 November 1941 op Bethulie met Gideon Alwyn Gysbert Kotzé, gebore op 24 Januarie en oorlede op 13 November 1977.

**g2. Isabella Johanna (genoem Lulu)**

Gebore op 28 Mei 1926 op Bethulie. Trou op 4 Februarie 1972 in Johannesburg met Jan Gysbert Kirstein, gebore op 10 Augustus 1929 in Kaapstad en oorlede op 21 Mei 1977.

**f7. Petrus Jacobus (genoem Peet)**

Gebore op 29 Oktober 1903 op Meyerskraal, distrik Bethulie. Oorlede op 13

Februarie 1976. In lewe 'n plaasboer. Trou op 24 Augustus 1926 in Bethulie met Anna Catharina (genoem Koeksie) Janse van Rensburg, gebore op 2 Desember 1905 op Bethulie, oorlede op 12 Februarie 1928. Uit hul huwelik is een dogter gebore. Peet trou weer met Mizpah van Schalkwyk, gebore op 21 Junie 1910. Peet en Mizpah het ook een dogter gehad.

**g1. Amalia Leonora (genoem Leonore)**

Gebore op 8 Februarie 1928 op Bethulie. Trou op 2 Augustus 1946 op BethuIie met Barend Johannes Marthinus (genoem BJM) van Wyk, gebore op 16 April 1922 en oorIede op 11 September 1967.

**g2. Petra**

Gebore op 15 Mei 1941 op Bethulie. Trou op 24 Julie 1965 in die Tweetoringkerk te Boemfontein met Jacobus Hendrikus (genoem Johan) van der Walt, gebore op 20 Junie 1935.

**e6. Margaretha Johanna**

Margaretha Johanna, een van die vyfde geslag stammoeders, is gebore op 30 Junie 1861 en oorlede op 10 Junie 1948. Getroud met Abraham Jacobus Griesel, gebore 26 Februarie 1856 en oorlede op 4 Januarie 1927. In lewe ‘n boer op die plase Rustfontein en Springbokfontein, distrik Bethulie. Hulle het vyf Griesel-kinders gehad:

**f1. Abraham Jacobus (genoem Apie)**

Gebore op 8 Julie 1879 en oorlede op 23 Oktober 1964. In lewe ‘n vooruitstrewende en vermoënde boer. Trou op Trompsburg met Martha Maria (genoem Marthie) Louw, gebore op 8 April 1887 te Trompsburg en oorlede op 22 Februarie 1958. Abraham hertrou na Marthie se dood met Heilletje Olivier (nooiensvan Smuts), gebore op 16 Augustus 1890 en oorlede op 11 Julie 1964. Beide huwelike was kinderloos.

**f2. Margaretha Elizabeth Johanna**

Gebore op 6 Desember 1880 op Roodepoort, distrik Bethulie. Oorlede op 28 Augustus 1970. Trou met Dennis Johannes McDonald, gebore 1 Desember 1878 op Jakkalsfontein, distrik Springfontein. Oorlede op 20 Junie 1965. Dennis en Maggie het drie McDonald-kinders gehad:

**g1. Roelof Daniel (genoem Roelf)**

Gebore op 27 Januarie 1906 te Bethulie en oorlede en begrawe op 25 Desember

1983 op Bethulie. Trou in 1935 met Ardyn Elma Lloyd Staples, gebore op 1 September 1910 op Springfontein.

**g2. Abe**

Gebore op 22 Januarie 1907 op Bethulie. Trou in Desember 1939 met Frances Tattersall, gebore op 7 Julie 1915 op Ladybrand en oorlede op 11 Junie 1982.

**g3. Lydia**

Gebore op 24 Desember 1917 op Bethulie. Trou op 23 Januarie 1943 op Nimra, distrik Bethulie, met Richard Neville (genoem Dick) Collett, gebore op 8 Februarie 1916 op Bethulie.

**f3. Jan Adriaan**

Gebore op 12 September 1884 en oorlede op 13 Oktober 1961. Trou op 5 April 1915 in Kimberley met Louisa Petronella Meiring (genoem Lucy) Scholtz, gebore op 11 Maart 1890 en oorlede op 18 Julie 1980. Attie en Lucy het twee Griesel-seuns gehad:

**g1. Abraham Jacobus (genoem Abrie)**

Gebore op 16 Maart 1916 op Bethulie. Trou op 22 Mei 1945 met Sarah Johanna (genoem Sadie) van der Merwe, gebore op 10 Februarie 1919 op Montagu.

**g2. Pieter Ernst Scholtz (genoem Pietie)**

Gebore op 6 Augustus 1925 op Bethulie en oorlede op 18 September 1976. Trou op 5 Mei 1950 met Barbara Jean Barry de Kock.

**f4. Stephanus Gerhardus (genoem Fanie of Faan)**

Gebore op 20 Maart 1888 op Springbokfontein, distrik Bethulie. Oorlede op 5 Junie 1950. In lewe 'n boer op die plaas Springbokfontein. Trou in 1912 op Bethulie met Anna Catharina (genoem Enna) Meiring, gebore op 8 Maart 1890 en oorlede op 9 Augustus 1962. Fanie en Enna het drie dogters gehad:

**g1. Margaretha Johanna (genoem Rita)**

Gebore op 20 Maart 1918 op Bethulie. Trou op 15 Junie 1940 met Jacob Michael Marthinus Johannes (genoem Basie) Schmidt, gebore op 4 Januarie 1912 te Dordrecht.

**g2. Martha Maria (genoem Marthie)**

Gebore op 23 November 1921 op Bethulie. Trou op 20 Januarie 1943 met Willem Adriaan (genoem Willie) van Heerden, gebore op 5 Oktober 1916 en oorlede op 29 Oktober 1984.

**g3. Stephney**

Gebore op 17 September 1929 op Springboktontein, distrik Bethulie. Trou met Johannes Hendrik (genoem Johan) Pretorius, gebore op 9 Desember 1930.

**f5. Kezia (genoem Kiesie)**

Gebore op 11 Oktober 1898 te Bethulie en oorlede op 27 November 1974. Trou op 9 April 1918 op Bethulie met Abraham Johannes (genoem Apie) Janse van Rensburg, gebore op 5 November 1889 te Philippolis en oorlede op 13 April 1956. In lewe boer op die plaas Rustfontein, distrik Bethulie. Apie en Kiesie is albei op Rustfontein, distrik Bethulie, begrawe. Hulle het een seun gehad:

**g1. Jacob Hendrik (genoem Rums)**

Gebore op 27 November 1918 op Bethulie. Trou op 16 Junie 1947 met Rhona Fichardt. Kotie, die jongste, was die vyfde geslag se stamvader.

**e8. Jacobus Hermanus (genoem Kotie)**

Gebore op 14 Junie 1874 en oorlede op 7 Februarie 1950. Trou op 8 September 1894 met Susara Jacoba Adriana (genoem Sarie) van Aswegen, gebore op 8 Junie 1878 en oorlede op 25 Junie 1954. Uit hul huwelik is vyf kinders gebore, twee is as suigelinge oorlede en op Cyferfontein begrawe. Drie kinders het voIwasse geword:

**f1. Jan Adriaan (ook genoem Jan Kommandant)**

Gebore op 14 Mei 1896 op Smithfield. Oorlede en begrawe op 24 Februarie 1963 op Bethulie. Boer op die plaas Erfdeel, distrik Bethulie. Jan en Miriam het een seun gehad:

**g1. Jacobus Hermanus (genoem Kotie)**

Gebore op 24 Oktober 1931 op Bethulie. Boer op Erfdeel, distrik Bethulie. Trou op 2 April 1954 in Bloemfontein met Maria Carolina (genoem Lina) Becker, gebore op 8 Maart 1931 op Hoopstad.

**f2. Emmerentia Hester (genoem Emma)**

Gebore op 30 Januarie 1906 en oorlede op 28 September 1987. Tree in haar eerste huwelik met Pieter Jacobus (genoem Pattie) de Wet. Tydens haar tweede huwelik trou sy met PJ Fonternel, boer van die plaas Heilstroom distrik Zastron. Albei huwelike was kinderloos.

**f3. Pieter**

Gebore op 19 Augustus 1910 op Smithfield en oorlede op 29 Maart 1975 op

Lindley. Behaal twee meestersgrade, een in Sielkunde en een in die Teologie. Word in Desember 1935 gelegitimeer. Trou op 26 Januarie 1937 op Mosselbaai met Margaretha Albertha (genoem Bertha) Groenewald, gebore op 7 November 1910 op George en oorlede op 24 Februarie 1975 op Lindley. Pieter en Bertha is albei op Lindley begrawe. Hulle het drie kinders gehad:

**g1. Jacobus Hermanus ( genoem Kobus)**

Gebore op 16 Desember 1940 in Bloemfontein. Beroep: elektroniese ingenieur. Trou op 16 Desember 1964 in George met Alwena Jacoba (genoem Wena) Scheepers, gebore op 9 Mei 1938 op Knysna.

**g2. Johann**

Gebore op 19 April 1944 op Boshof. Boer op Cyferfontiein, distrik Bethulie. Trou (i) op 11 Oktober 1965 met Johanna Catharina (genoem Rina) Olivier, gebore op 10 Oktober 1945. Johann hertrou (ii) op 30 November 1974 op Springfontein met Cornelia (genoem Nellie en gebore Louw), gebore op 29 September 1943 op Springfontein.

**g3. Saretha**

Gebore op 19 Februarie 1946 op Graaff-Reinet. Trou op 15 Januarie 1966 met Nicolaas Jacobus (genoem Nico) Pienaar, gebore op 21 Januarie 1940 op Lindley.

# BYLAE 2

## UIT DIE ARGIEF VAN DIE GROBBELAAR-FAMILIE



**Pieter en Elizabeth Grobbelaar van Meerderwyk**



**Die opstal op Cyferfontein met Kotie Grobbelaar, regs op die stoep**



**Die opstal op Kroonpost van Pieter Grobbelaar**



**Peet, Attie, Pieter en Kotie Grobbelaar op kommando in die Stormberg.**



**Adriaan en Jan Grobbelaar, tweede en derde van links, en Apie Griesel, regs, in die Stormberg.**




**Kmdt. Pieter Grobbelaar en vdkt. F. Vilonel in die Stormberg**



**Die kampkerkhof te Bethulie – so ver soos die oog strek**



**Pieter en Lenie Grobbelaar met lede van die familie teen 1924. Agter links, Willie met sy vrou Katie voor hom; tweede van links Collie Badenhorst met sy vrou Neel voor hom; derde John; vierde en vyfde Mathilda met Henning Joubert; De Vos Grobbelaar; Harm met sy vrou, Lena, regs van Lenie; Adriaan met sy vrou Grieta voor hom. Voor links Rina, suster van De Vos; tweede van regs Annetjie, dogter van Harm en Lena; regs Grieta, dogter van Adriaan.**



**Fred en Cornelia Grobbelaar op hul troudag 4 Desember 1929**

# BYLAE 3

## DIE GROBBELAAR EN GRIESEL-PLASE



# BYLAE 4

## DIE GROBBELAAR FAMILIEWAPEN



# BRONNELYS

## 1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

### 1.1 KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK (KAV)

#### 1.1.1 Opgaafrolle vir Drakenstein

J184 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1716-1718, 1720-1721
J185 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1719, 1723
J186 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1722
J187 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1724-1726, 1729
J188 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1714, 1730-1732
J189 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1733, 1736, 1738
J190 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1734
J191 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1735
J197 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1715
J282 Opgaafrolle vir Drakenstein, 1727

#### 1.1.2 Verbatim kopieë (VC)

VC 40 Monsterrollen Amptenare en soldate, 1708-1714
VC 49 Monsterrollen van vrije lieden, 1702-1725
VC50 Monsterrollen van vrije lieden, 1726
VC51 Monsterrollen van vrije lieden, 1736

### 1.2 ARGIEF VAN DIE NG KERK VAN DIE VRYSTAAT (KAV)

Notules van die Kerkraad van die Bethulie-gemeente, 1864 - 1940

### 1.3 BETHULIE MUSEUM

Becker, HCJ. Herinneringe van die Anglo-Boere-oorlog, Boeke 1 en 2, *s.l. s.a.*

### 1.4 OORLOGSMUSEUM VAN DIE BOEREREPUBLIEKE (OMBR)

SJ Roos. Dagboek.(Aantekeninge gemaak in die Bethulie-kamp).

### 1.5 VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK (VAB)

#### 1.5.1 Notules van die Vrystaatse Volksraad

1861-1902

#### 1.5.2 GRD 1-4: Notules van die Sentrale Repatriasieraad

11 Junie 1902 tot 26 Maart 1903

### 1.5.3 GRD 5-59: Inkomende & uitgaande briewe van die Sentrale Repatriasieraad

46-02 Brief aan genl. Elliott oor tussentydse maatreëls tot Repatriasieraad gestig is, 12 Junie 1902.

46/02 Voorgestelde instruksie aan superintendente, 12 Junie 1902.

46/02 Luitenant-goewerneur - Hoë Kommissaris, 2 Julie 1902.

82/02 Verskeie stukke oor hensoppers e.a.

82/02 Insluiting van bittereinders in Repatriasiekommissies, 28 Junie 1902.

93/02 Krygsgevangenes wat wag om na hul huise terug te keer, 12 Julie 1902.

171/02 Instruksies met betrekking tot hantering van terugkerende krygsgevangenes, 2 Julie 1902.

17/02 Instruksies aan Simonstad en Durban met betrekking tot terugkerende krygsgevangenes, 28 Junie 1902.

2076/02 Memorandum, 1 Julie 1902.

Telegramme, 29-31 Julie 1900. Oorgawe van Prinsloo.

### 1.5.4 Imperiale Blouboeke 1851-1910

IBB4: Correspondence with the Governor of the Cape of Good Hope relative to assumption of sovereignty over the territory between the Vaal and Orange Rivers, 19 May 1851.

IBB6: Further correspondence relative to the state of the Orange River Territory, 31 May 1853.

IBB6: Further correspondence relative to the state of the Orange River Territory, 10 April 1854.

IBB6: Further papers relative to the state of the Kaffir tribes, August 1857.

IBB7: Despatches from the Governor of the Cape of Good Hope and the Lieutenant-Governor of Natal on the subject of recognition of Moshesh, Chief of the Basutos, and of his tribe, as British subjects, July 1869.

IBB7: C18. Further despatches from the Lieutenant-Governor of Natal and the Governor of the Cape of Good Hope on the subject of the recognition of Moshesh, Chief of the Basutos, and of his tribe, as British subjects, 21 February 1870.

IBB8: C459. Correspondence respecting the affairs of the Cape of Good Hope, 17 August 1871.

IBB8: C508. Further correspondence respecting the affairs of the Cape of Good Hope, 6 February 1872.

IBB8: C732. Further correspondence respecting the affairs of the Cape of Good Hope, March1873.

IBB9: C1342. Correspondence relating to the colonies and states of South Africa, Part 1: Cape of Good Hope and Griqualand West, 6 August 1875.

IBB9: C1399. Correspondence relating to the proposed conference of delegates on affairs of South Africa, February 1876.

IBB10: C1401. Further correspondence relating to the colonies and states of South Africa: Cape of Good Hope and Griqualand West, February 1876.

IBB10: C1631. Further correspondence relating to the affairs of South Africa, 8 August 1876.
Cd 43/1900: Further correspondence relating to affairs in South Africa (In continuation of C9530 October 1899), Januarie 1900.

Cd 893/1902: Report on the concentration camps in South Africa by the Committee of Ladies, 1902.

Cd 903/1902: Further correspondence relating to affairs in South Africa, January 1902.

Cd 1096/1902: Correspondence respecting terms of surrender of the Boer Forces in the field, June 1902.

Cd 1163/1902: Further correspondence relating to affairs in South Africa, July 1902.

Cd 1284/1902: Papers relating to an interview between the Secretary of State and Generals Botha, De Wet, and De la Rey on September 5th 1902.

Cd 1463/1903: Further correspondence relating to affairs in South Africa, February 1903.

Cd 1551/1903: Papers relating to the progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony, April 1903.

Cd 2482:1905: Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony, May 1905.

### 1.5.5 The Government Gazette

12 April 1906: Appointment Rev JF Grobbelaar as Marriage Officer for the ORC.

Notice 117 - 1908: Education Bill.

Notice 154 - 1908: Bill to provide for Disposal of Crown Land to Land Settlement Board.

Notice 181 - 1908 (5 June): Conventions between ORC and Transvaal.

### 1.5.6 Koerante

*Daily Express*, 1895 - 1899.

*The Friend*, 1852 - 1911.

### 1.5.7 59/9/5: Abraham Fischer-versameling

Brief: Chamberlain aan genl. Botha, 6 November 1902.

Brief: Genl. Botha aan Chamberlain, 12 November 1902.

How the concentration camps arose. Simple facts.

Adres pres Steyn aan die burgers van die Oranje-Vrystaat tydens uitbreek van oorlog.

Teenproklamasie van pres Steyn teen anneksasie-proklamasie van Roberts, 11 Jnie 1900.

Genl. Redvers Buller se verweer met betrekking tot die aanwending van swartes teen die Boere en Kitchener se erkenning dat hy swartes gebruik en nie sonder hulle kan klaarkom nie.

Petisie van burgers teen die nie-nakoming van vredesverdrag deur Britse owerhede, veral met betrekking tot teregstelling van die kolonialer, Van der Merwe.

Brief: Pres Kruger aan pres Steyn, Junie 1903.

### 1.5.8 A/156/1/1 ─ A/156/1/4: President Steyn-versameling

Brief van WT Stead, 9 Junie 1904 met memorandum oor onderhoud tussen Stead en Koloniale Sekretaris.

A156/1/1/3: Brief van JD Kestell, 13 Mei 1905.

A156/1/1/3: Brief van JD Kestell, 15 Junie 1905.

A156/1/1/5 (521): Brief RIS ns MTS aan vriend oor aanval gemik teen Oranjeskool, 4 Oktober 1907.

A156/1/1/15: Brief van Merriman, 31 Mei 1908.

A156/1/1/15 (609-619): Brief Louis Botha, 19 Junie 1908.

A156/1/1/35: Telegram van Merriman, 12 September 1908.

A156/1/1/15: Brief Orpen aan Henry de Villier oor swart regte en stemreg, 12 Oktober 1908.

A156/1/1/40: Brief RIS aan Margaret Gillet, 8 Januarie 1907.

Brief van genl. De Wet, 28 Maart 1904.

Brief van W.T. Stead, 2 Junie 1906.

Brief van dr D.F. Malan, 25 Mei 1911.

Brief van genl. Hertzog, 4 Mei 1912.

Brief van genl. Smuts, 5 Augustus 1914.

*The Friend*, 4 November 1911 (The National Memorial).

*Vriend des Volks,* 12 April 1912 (De Oranje School, nieuwe gebou geopend).

*De Volkstem*, 6 Desember 1916 (Pres Steyn's nagedachtenis).

Lys van afgevaardigdes na Nasionale Konvensie, 12 Oktober 1908.

**1.5.9 A69: Havenga-versameling**

Verklarings van vroue oor die Britse magte se wandade teen hulle gepleeg.

**1.5.10 Renier-versameling**

A119.15, aanwins 8570: Wessels ─ Renier, 18 Maart 1949.

A119.26, aanwins 8584: Verklaring van mev. A. van Rensburg.

A119.8: Verklaring van G.P. Kriek ten opsigte van oorgawe van Prinsloo, 29 Julie 1900.

A119.522: Een klein skets van al die bittere smarte wat wyle mev. Petrus Grobbelaar van Meyerskraal, Bethulie, met haar ses kinders deurgemaak het gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, soos opgeteken deur haar dogter, mev. E.M. Smith, insluitende kopieë van briewe van haar eggenoot, P.J. Grobbelaar, burger en krygsgevangene te Diyatalawa,Ceylon.

**1.5.11 CO: Colonial Office**

3001/02: Memo to the Central Repatriation Board.

3388/02: SA Constabulary: Report up to 25 July 1902.

3399/02: Swartman Misteng vs Chief Mtsani oor veediefstal.

4431/02: Verslag maj. Ensor, 11 Oktober 1902.

4851/02: Brief, 6 November 1902: Magistraat Kroonstad oor

suspendering van alle lede van Repatriasieraad.

5503/02: Brief H Potgieter, 29 November 1902 oor verdeling van £3 000 000 vir hensoppers.

5938/02: Korrespondensie van Repatriasiekommissie, Smithfield aan Koloniale Sekretaris oor eise, Desember 1902-Januarie 1903.

6047/02: Circular letter 57 of 1902 re definiton of "war loss".

490/03: Verslag Britse MI-opgawe van ex-burgers in Britse diens op 1 Junie 1902.

1462/03: Korrespondensie oor onderhoud Crowther, De Villiers en Van der Merwe namens oud-offisiere van Prinsloo se kommando.

2075/03: 20 Maart 1903. Omsendbrief van Sentrale Regterlike Kommissie.

2150/02: 4 Julie 1902. Verslag oor Swart konsentrasiekampe.

2348/02: 12 Julie 1902. Aansoek verlof om in Colesberg vee aan te koop.

4797/03: Korrespondensie vanaf 1 Julie tot 14 Oktober 1903 oor "New ruling of CJC regarding probable ill feeling caused by Prinsloo's surrender".

4802/03: 30 Junie 1903. Kompensasie-eise van "Protected Burghers".

7017/03: 20 September 1903. Verslag van Relief Works Department, ORC en ander korrespondensie.

Brief Emily Hohouse aan Lyttelton.

8515/03: Brief Lyttelton oor eis van P Bosman.

1165/05: Brandfort Congress 1905: despatch to the Governor with enclosures.

#### 1.5.12 Notules Brandfort-kongres en Orangia-Unie

Offisieel verslag van de verrichtingen van het nasionaal kongres gehouden te Brandfort, 1 en 2 Desember 1904.

Verrichtingen van het kongres der Orangia-Unie gehouden te Bloemfontein, 3 en 4 Mei 1906.

Verrichtingen van het derde jaarlijksch congres der Orangia-Unie, 16-18 Maart 1908.

Verrichtingen van het vierde jaarlijksch congres der Orangia-Unie, 12-14 Mei 1909.

### 1.6 PAUL GROBBELAAR-VERSAMELING

#### 1.6.1 Griesel-versameling

Operasionele telegramme en dokumente, nommers 1 tot 298 oor Bethulie-kommando gedurende die Rebellie.

Inkomende briewe.

100 uitgaande briewe vervat in Manifold-boek A.

100 uitgaande briewe vervat in Manifold-boek B.

### 1.6.2 Persoonlike versameling

Verklaring van D.J. Grobbelaar oor dood van sy kinders in die Norvalspont-kamp.

P.J. Marais, *Marais stamregister*.

Nederduits Gereformeerde gemeente Bethulie. Jubileum 1862 tot 1912.

Familie-foto's

## 2. PERIODIEKE PUBLIKASIES

Allman, W.F. “The Mother tongue”, *U.S. News and World Report*, November 1990.

Booyens, B. “Die vlugtende vroue tydens die Anglo-Boereoorlog”, *Die Kultuurhistorikus* 14(2), 1999.

Botha, H.J. “Die moord op Derdepoort”. *Militaria*, 1969.

Du Plessis, W. “James Barry Munnik Hertzog - die mens”, *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* IX, Desember 1962, 11(15).

Fouché, J. “Huldigingsrede by geleentheid van genl. Hertzog se geboortedagviering”, *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* V, Desember 1958, 7(11).

Scholtz, L. “Intense jaloesie rede vir eerlose oorgawe van Prinsloo”, *Die Burger*, 29 Julie 2000.

Smith, I.R. “The origins of the South African War (1899-1902: A re-appraisal)”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 1990.

Van Vollenhoven, A. “’n Eerste fase ondersoek na die Britse blokhuisstelsel van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2), 2000.

Wessels, A. “Die traumatiese nalatenskap van die Anglo-Boereoorlog se konsentrasiekampe”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 26(2), 2001.

## 3. GEPUBLISEERDE WERKE

## 3.1 BOEKE


Alberts, P. *Die smarte van oorlog*. Brandfort, 2005.

Amery, L.S. (red.) *The Times History of the War in South Africa* 1-6. Londen, 1907.

Andriessen, W.F. *Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika*. Amsterdam, 1904.

Barlow, A.G. *Almost in confidence*. Kaapstad, 1952.

Barlow, A.G. *That we may tread safely*. Kaapstad, 1960.

Barlow, T.B. *President Brand and his times*. Kaapstad, 1972.

Beukes, P. *The holistic Smuts. A study in personality*. Kaapstad, 1990.

Beukes, P. *The religious Smuts*. Kaapstad, 1994.

Bodenstein, H.D.J. *Was generaal Botha in 1900 'n verrader?* Kaapstad, 1916.

Booyens, B. *Die lewe van D.F. Malan*. Kaapstad, 1969.

Boshoff, S.P.E. *Vaalrivier die broederstroom of die uiteinde van generaal C.F. Beyers,*Bloemfontein, *s.a.*

*Braby's Orange Free State Directory*. s.l., 1920.

Brandt, J. *Het concentratie-kamp van Iréne*. Amsterdam, 1905.

Breytenbch, J.H. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 1-5. Pretoria, 1969-1983.

Brink, J.N. *Ceylon en die ballingen*. Kaapstad, 1904.

Brockhaus, F.A. *Der Sprach-Brockhaus: Deutsches Bildwörterbuch für Jedermann*. Wiesbaden, 1956.

Cleaver, F.R.M. *A young South African*. Johannesburg, 1913.

Coetzer, O. *Fire in the sky. The destruction of the Orange Free State 1899-1902*. Weltevreden Park, 2000.

Collins, W.W. *Free Statia*. Bloemfontein, 1907.

Crafford, F.S. *Jan Smuts. 'n Biografie*. Kaapstad, *s.a.*

Cresswicke, L. *South Africa and the Transvaal War* I. Edinburgh, 1900.

Curtis, L. *With Milner in South Africa*. Oxford, 1951.

Davenport, T.R.H. *The Afrikaner Bond. The history of a South African political party, 1880-1911*. Kaapstad, 1966.

Davey, A.M. *Town guards of the Cape Peninsula 1901-1902*. Kasteel Militêre Museum, Kaapstad, 1999.

Davitt, M. *The Boer fight for freedom*. New York, 1902.

De Kiewiet, C.W. *British colonial policy and the South African republics, 1848-1872*. Londen, 1929.

De Kiewiet, C.W. *A history of South Africa, social and economic*. Oxford, 1946.

De Kock, W.J. (red.) *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1-2. Kaapstad, 1976.

De Villiers, C.C. *Geslacht-register der oude Kaapsche familiën* 1-3. Kaapstad, 1893.

De Villiers, C.C. en C. Pama. *Geslagregisters van ou Kaapse families* I, A-K. Kaapstad 1966.

Devitt, N. *Memories of a magistrate*. Londen, *s.a.*

De Wet, C.R. *De strijd tusschen Boer en Brit*. Pretoria, 1902.

De Wet, C.R. *Three years war*. Londen, 1902.

Diederichs, N. (red.). *Die Afrikaner-personeregister 1942*. S.l., *s.a.*

Du Plessis, E.P. *'n Volk staan op. Die Ekonomiese Volkskongres en daarna*. Pretoria, 1964.

Du Plessis, W. *Die goue draad. "Op die trekpad van 'n nasie"*. Johannesburg, 1971.

Du Plessis, W. *Hou kop!* Kaapstad, 1980.

Ehlers, A. "Die Helpmekaarbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare, 1915-1920". *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 56(1), 1991.

Engelenburg, F.W. *Genl. Louis Botha*. Pretoria, 1928.

Farwell, B. *Queen Victoria's little wars*. Londen, 1973.

Fraser, J.G. *Episodes in my life*. Kaapstad, 1922.

Froude J.A. *Two lectures on South Africa*. Londen, 1880.

Giliomee, H. *Die Afrikaners*. Kaapstad, 2004.

Griesel, A.J. *'n Oudstryder kyk terug*, s.l., *s.a.*

Grobbelaar, J.J.G. “Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk.” *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* Tweede jaargang, Deel II, Kaapstad, 1939.

Grobler, C.L. *Die eerste vyf geslagte Groblers en Grobbelaars in Suid-Afrika,* Potchefstroom, *s.a.*

Grundlingh, A.M. *Die "Hendsoppers" en "Joiners". Die rasionaal en verskynsel van verraad*. Pretoria 1979.

Grünewald, H. *Die Geschichte der Deutschen in Südafrika*. Kaapstad, 1996.

Hancock, W.K. *Smuts: The sanguine years 1870-1919*. Londen, 1962.

Headlam, C. *The Milner papers* 1-2. Londen, 1933.

Heese, H.F. *Groep sonder grense. Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795*. Pretoria, 2005.

Heese, J.A. (red.). *Families, familiename en familiewapens*. Kaapstad, 1975.

Hobhouse, E. *The brunt of the war and where it fell*. Londen, 1902.

Hobhouse, E. *Boer War letters*. Kaapstad, 1984.

Hobhouse, E. *War without glamour. Women's war experiences written by themselves*. Bloemfontein, *s.a.*

Hobhouse-Balme, J. *To love one's enemies, the work and life of Emily Hobhouse*. Kanada, *s.a.*

Hoge, J. *Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1805*. Kaapstad, 1946.

Hopkins, H.C. *Maar één soos hy*. Kaapstad, 1963.

Jordaan, G. *Só het hulle gesterf*. Pretoria, 1941.

Jorissen, E.J.P. *Transvaalsche herinneringen 1876-1896*. Pretoria, 1897.

Kapp, P.H. “Dr. John Philip, die grondlegger van Liberalisme in Suid-Afrika”. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 48(II). Pretoria, 1985.

Kemp, J.C.G. *Die pad van die veroweraar*. Bloemfontein, 1942.

Kestell, J.D. en D.E. van Velden. *De vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika*. Amsterdam, 1909.

Kestell, J.D. en D.E. van Velden. *Die vredesonderhandelinge tussen die regerings van die twee Suid-Afrikaanse republieke en die verteenwoordigers van die Britse regering*

*wat uitgeloop het op die vrede wat op 31 Mei 1902 op Vereeniging gesluit is*. Pretoria, 1982.

Kestell, J.D. *Christiaan de Wet*. Kaapstad, 1920.

Kestell, J.D. *Met die Boere-kommando's*. Pretoria, 1999.

Kieser, A. *President Steyn in die krisisjare, 1896-1899*. Kaapstad, 1939.

Koss, S. *The pro-Boers*. Chicago, 1973.

Kriel, J.D. "Die verhouding tussen kerk en staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat (1854-1902)", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 16(I), Kaapstad, 1953.

Kritzinger, P.H. *In the shadow of death*. Londen, 1904.

Krüger, D.W. *The age of the generals. A short political history of the Union of South Africa, 1910-1948*. Johannesburg, 1958.

Krüger, D.W. *South African parties and policies 1910-1960*. Kaapstad, 1960.

Krüger, D.W. *The making of a nation*. Johannesburg, 1978.

Krüger, D.W. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Kaapstad, *s.a.*

Kruger, J.J. *Fees by die waens: Gedenkalbum gewy aan die sentrale eeufees op 7, 8 en 9 Oktober en die Ossewafees op 22 en 23 Oktober 1938 in Bloemfontein*. Bloemfontein, *s.a.*

Kruger, N. *Rachel Isabella Steyn*. Kaapstad, 1949.

Le Roux, C.J.P. "Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 50(I), Pretoria, 1986.

Le Roux, J.H., Coetzer, P.W. en Marais, A.H. (reds.). *Generaal J.B.M. Hertzog. Sy strewe en stryd* 1-2. Johannesburg, 1987.

Le Roux, N.J. *W.A. Hofmeyr: sy werk en waarde*. Kaapstad, 1953.

Lucas, C.P. *Lord Durham's report on the affairs of British North America*. Oxford, 1912.

Luckhoff, A.D. *Woman's endurance*. Kaapstad, 1904.

Macdonald, J.R. *Wat ek in Suid-Afrika gesien het, September en Oktober 1902*. Johannesburg, *s.a*.

Macdonald, J.R. *What I saw in South Africa, September and October 1902*. Londen, *s.a.*

Malan, D.F. *Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op pad daarheen*. Kaapstad, 1961.

Malan, J.H. *Die opkoms van 'n republiek of die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*. Bloemfontein, 1929.

Malan S.F. *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*. Pretoria, 1982.

Marais, A.H. "Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie 1902-1912", *Argiefjaarboek vir S.A. geskiedenis* II. 1970.

May, H.J. (red.). *The Foster gang*. Londen, 1966.

McCord, J.J. *South African struggle*. Pretoria, 1952.

Meintjes, J. *De la Rey - lion of the West*. Johannesburg, 1966.

Meiring, P. *Ons eerste ses premiers*. Kaapstad, 1972.

Menzel, O.F. *A complete and authentic geographical and topographical description of the famous and (all things considered) remarkable African Cape of Good Hope* 1. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste reeks. Kaapstad, 1921.

Menzel, O.F. *A complete and authentic geographical and topographical description of the famous and (all things considered) remarkable African Cape of Good Hope* 2. Van Riebeeck-Vereniging, Eerste reeks. Kaapstad, 1925.

Methuen, A.M.S. *Peace or war in South Africa*. Londen, 1901.

Midgley, J.F. "The Orange River Sovereignty," *Argiefjaarboek vir S.A.geskiedenis* 12(II).

Millin, S.G. *The South Africans*. Londen, 1929.

Millin, S.G. *General Smuts* I & II. Londen, 1936.

Muller, C.F.J. (red.). *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria, 1970.

Muller, C.H. (red.) *Oorlogsherinneringe*. Pretoria, 1936.

Muller, H.P.N. *Oude tyden in den Oranje-Vrystaat*. Leiden, 1907.

Nasson, W.R. *Abraham Esau's War. A black South African at war in the Cape, 1899-1902*. Cambridge, 1991.

Naudé, J.F. *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp bôkant De Wet*. Rotterdam, 1903.

Neame, L.E. (red.). *General Hertzog*. Londen, 1930.

Neame, L.E. (red.). *Today's news today*. Salisbury, 1956.

Neethling, C.H.J. *Die Grobbelaars van Cyferfontein, distr. Bethulie*. Bloemfontein, 1988.

Neethling, E. *Mag ons vergeet?* Bloemfontein, 1938.

Neethling, E. *Vergeten?* Kaapstad, 1917.

Nienaber, P.J. *Dr. J.D. Kestell. Vader van die Reddingsdaad*. Bloemfontein, 1946.

Nienaber, P.J. *Die Vrystaatse taalbeweging*. Johannesburg, 1947.

Nienaber, P.J. *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek* I, Kaapstad, 1972.

Oberholster, J.J. "Die anneksasie van Griekwaland-Wes", *Argiefjaarboek* 1 (1945).

Oberholster, J.J. en Van Schoor, M.C.E. *Pres. Steyn aan die woord*. Bloemfontein, 1953.

Ogden, H.J. *The war against the Dutch republics and South Africa, its origin, progress and results*. Manchester, c. 1903.

Oost, H. *Wie is die skuldiges?* Johannesburg, *s.a.*

Pakenham, T. *The Boer War*. Londen, 1972.

Pama, C. *Die Groot Afrikaanse familie-naamboek*. Kaapstad, 1983.

Pellissier, S.H. *Jean Pierre Pellissier van Bethulie*. Pretoria, 1956.

Penning, L. *De oorlog in Zuid-Afrika* 1-3. Rotterdam, *s.a.*

Pennington, D.H. *A general history of Europe: Seventeenth century Europe*. S.l., 1983.

Phillipps, M. *With Rimington*. Londen, 1902.

Pieterse, H.J.C. *Volksaltare*. Kaapstad, 1940.

Pirow, O. *James Barry Munnik Hertzog*. Kaapstad, 1957.

Ploeger, J. *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* 1-5. Pretoria, 1990.

Pretorius, F. *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad, 1998.

Pretorius, F. (red.). *Verskroeide aarde*. Kaapstad, 2001.

Pyrah, G.B. *Imperial policy and South Africa, 1902-1910*. Oxford, 1955.

Raal, S. *Met die Boere in die veld*. Bloemfontein, 1937.

Raath, A.W.G. *Vroueleed*. Welkom, 2001.

Raath, A.W.G. *Die Boerevrou, 1899-1902* 1: *Moederleed*. Nylstroom, 2002.

Raath, A.W.G. *Die Boerevrou, 1899-1902* 2: *Kampsmarte*. Nylstroom, 2002.

Raath, A.W.G. *Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Bloemfontein, 1991.

Raath, A.W.G. *Siener van Rensburg en die Rebellie*. Bloemfontein, *s.a.*

Raath, A.W.G. *De la Rey, 'n stryd vir vryheid*. Brandfort, 2007.

Rabie, J.E. *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*. Pretoria, 1980.

Rabie-Van der Merwe, H. *Onthou*. Bloemfontein, 1940.

Rompel, F. (red.). *Gedenkschriften van Paul Kruger,* Amsterdam, 1902.

Rompel-Koopman, L. *Wat mevrouw gen. Joubert vertelt*. Pretoria, 1915.

Rose, E.B. *Truth about the Transvaal*. S.l., *s.a.*

Rosenthal, E. *Generaal de Wet*. Kaapstad, 1946.

Rothmann, M.E. *My beskeie deel*. Kaapstad, 1973.

Sanders, P. *Moshoeshoe, chief of the Sotho*. Kaapstad, 1975.

Schoeman, B.M. *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*. Pretoria, 1977.

Schoeman, J.H. *Die ander kant van die Rebellie en 'n woord aan generaal Smuts*. Pretoria, *s.a.*

Schoeman, K. *Griqua records: The Philippolis captaincy*. Kaapstad, 1996.

Schoeman, K. *In liefde en rou. Die lewe van pres. en mev. M.T. Steyn*. Kaapstad, 1983.

Scholtz, G.D. *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog*. Pretoria, 1941.

Scholtz, G.D. *Generaal C.F. Beyers, 1869-1914*. Johannesburg, 1941.

Scholtz, G.D. *Die Rebellie 1914-1915*. Johannesburg, 1942.

Scholtz, G.D. *President Johannes Henricus Brand 1823-1888*. Johannesburg, 1957.

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* 1,*1652-1806*. Johannesburg, 1967.

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner,* 2, *1806-1854*. Johannesburg, 1970.

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 3, *1854-1881*. Johannesburg, 1974.

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 4, *1881-1899*. Johannesburg, 1977.

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 5, *1899-1910*. Johannesburg, 1978.

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 6, *1910-1924*. Johannesburg, 1979.

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 7, *1924-1939*. Johannesburg, 1979.

Scholtz, L. (red.). *Beroemde Suid-Afrikaanse krygsmanne*. Kaapstad, 1984.

Schreuder, D. (red.). *Sir Graham Bower's secret history of the Jameson Raid and the South African crisis 1895-1902*. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede reeks 33. Kaapstad, 2002.

Sleigh, D. *Die buiteposte*. Pretoria, 2004.

Smuts, F. (red.). *Stellenbosch drie eeue*. Stellenbosch, 1979.

Smuts, J.C. *'n Eeu van onreg*. Kaapstad, 1985.

Spies, F.J. du T. (red.). *Die Hertzogtoesprake* 5, *Julie 1924-September 1932*. Johannesburg, 1977.

Spies, S.B. *Methods of barbarism. Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics: January 1900-May 1902*. Kaapstad, 1978.

Spoelstra, B. "Die Bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as selfregerende Britse kolonie in 1907", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* 1953 (II). Pretoria, 1953.

Steyn, J.C. *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikaner-nasionalise en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938*. Kaapstad, 1987.

Stockenström, E. *Geskiedenis van Suid-Afrika* II. Stellenbosch, 1923.

Stockenström, E. *Die vrou in die geskiedenis van die Afrikaanse volk. S.l. s.a.*

Theal, G.M. *Basutoland records: copies of official documents of various kinds, accounts of travellers etc. with maps and sketches of boundary lines* 1-3. Kaapstad, 1883.

Theal, G.M. *History of South Africa since 1795* 1-4. Londen, 1919.

Thom, H.B. *D.F. Malan*. Kaapstad, 1980.

Thom, H.B. *Dr D.F. Malan en koalisie*. Kaapstad, 1988.

Thompson, L.M. *The unification of South Africa, 1902-1910*. Londen, 1960.

Truter, E. *Tibbie. Rachel Isabella Steyn 1865-1955*. Kaapstad, 1997.

Van Aswegen, H.J. "Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902". *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 34(I). Pretoria, 1971.

Van Bart, M. (red.). *Vir vryheid en vir reg*. Kaapstad, 2003.

Van Biljon, P. *Grensbakens tussen blank en swart in Suid-Afrika*. Kaapstad, 1947.

Van den Heever, C.M. *Generaal J.B.M. Hertzog*. Johannesburg, 1944.

Van der Merwe, N.J. *Die Nasionale Vrouemonument. S.l. s.a.*

Van der Merwe, N.J. *Marthinus Theunis Steyn* 1-2. Kaapstad, 1921.

Van Jaarsveld, F.A. *Die eenheidstrewe van die republikeinse Afrikaners* 1. Johannesburg, 1951.

Van Jaarsveld, F.A. *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648-1961*. Kaapstad, 1971.

Van Jaarsveld, F.A. *Van van Riebeeck tot P.W. Botha*. Johannesburg, 1982.

Van Oordt, J.F. *Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Amsterdam, s.a.

Van Reenen, R. *Heldin uit die vreemde. Die verhaal van Emily Hobhouse*. Kaapstad, 1972.

Van Reenen, R. (red.). *Emily Hobhouse Boer War letters*. Kaapstad, 1984.

Van Rensburg, J.F.J. *Iets oor die Ossewa-Brandwag*. Pretoria, 1946.

Van Rooyen, J.J. *Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel*. Kaapstad, 1956.

Van Schoor, M.C.E. *Die bittereinde vrede. Vredespogings en -onderhandelinge voor en tydens die ABO 1896-1902*. Brandfort, 2005.

Van Schoor, M.C.E. *Generaal J.C.G. Kemp en die epiese woestyntog*. Pretoria, 2006.

Van Schoor, M.C.E. *John Daniël Kestell 1854-1941*. Bloemfontein, 1992.

Van Schoor, M.C.E. *Die Vrystaatse Helpmekaar*. Bloemfontein, 1960.

Van Schoor, M.C.E. (red.). *Republieke en republikeine*. Kaapstad, 1960.

Van Wyk, A. *Die Keeromstraat-kliek. Die Burger en die politiek van koalisie en samesmelting 1932-1934*. Kaapstad, 1983.

Van Zyl, D.H. *In die konsentrasiekamp*. Bloemfontein, 1944.

Van Zyl, P.H.S. *Waar en trou*. Johannesburg, 1948.

Walker, E.A. *W.P. Schreiner. A South African*. Londen, 1937.

Walker, E.A. *A history of South Africa*. Londen, 1941.

Warwick, P. *Black people and the South African War 1899-1902*. Johannesburg, 1983.

Webb, H.S. *Oorzaken van de Rebellie*. Pretoria, 1916.

Wilkins, I. (red.). *The Super Afrikaners*. Johannesburg, 1979.

Wilmot, A. *The life and times of sir Richard Southey*. Londen, 1904.

Winks, R.W. (red.). *The Pro-Boers. The anatomy of an antiwar movement*. Londen, 1973.

Wrench, J.E. *Alfred Lord Milner, the man of no illusions*. Londen, 1958.

## 3.2 VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

Coetzee, J.A. *Politieke groepering in die wording van die Afrikaner-nasie*. D.Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1939.

Delport, P.J. *Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1972.

Gould, D. *J.H. de Villiers as a mediator and conciliator in South African politics 1872-1909*. D.Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1992.

Grobbelaar, P.M. *Die ontstaan van 'n westerse militêre tradisie aan die Kaap tot 1795*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1994.

Kruger, H.B. *Die politieke aspekte van generaal J.B.M. Hertzog se naturellebeleid vanaf unifikasie tot aan die einde van sy parlementêre loopbaan*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1976.

Jacobs, D.J. *Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat 1864-1888*. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1967.

Jabobs, D.J. *Die ontwikkeling van landbou in die Vrystaat 1890-1914*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1979.

Van der Merwe, G.A. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. D.Phil-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1988.

Van Rensburg, A.P.J. *Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier Kolonie 1902-1907*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1964.

Wessels, A. *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986.

## 4. ONGEPUBLISEERDE WERKE

Wessels, E. *Alone in a wilderness*, ongepubliseerde manuskrip.

Van Schoor, M.C.E. *Die Rebellie*. Hoofstuk 4 van ongepubliseerde manuskrip.

## 5. MONDELINGE BRONNE

Mnr Louwrens Badenhorst, Meerderwyk, Colesberg, 7 September 2007.
Mev. Cornelia Grobbelaar, 1945 – 1990.
Dr. Eduan Grobbelaar, 1990.
Ds. F.R. Grobbelaar, 1945-1952.
Mnr. Harm Grobbelaar, 1954.
Mev. Marthie Grobbelaar, 1955.
Mnr. Pieter Grobbelaar, Blaauwfontein, Bethulie, 2006 en 2008.
Ds. P. De V. Grobbelaar, 1973-1977.
Dr. Dan Sleigh, 2006.

## 6. INTERNET

Austin, H.W. *Valeriano Weyler y Nicolau, 1838-1930.*
http://www.spanamwar.com/Weyler.htm

De Ojeda, J. *The Spanish-American War of 1898*.
http://www.loc.gov/rr/hispanic/1898/ojeda.html

Sierra, J. *Timetable: 1896 thru 1897*.
http://www.historyofcuba.com/history/time/timetb12c.htm.

Stone, B. *Genocide in Australia.* www.wsws.org/articles/1999/sep1999/geno-s07.shtml.

Tatz, C. *Genocide in Australia*.
http://www.wsws.org/articles/1999/sep1999/genos07.shtm.

**SUMMARY**

The ancestor of the Grobbelaars, Jan Grobler, came from Germany and settled at the Cape in 1708. A branch of his descendants, known as the Grobbelaars of Cyferfontein in the Bethulie District, settled on this farm in 1861. From that time they played a role in Bethulie and its surrounding areas. Initially all of them were farmers, but eventually the descendants included ministers of the Dutch Reformed Church, public servants, miners and members of the South African Defence Force. Based on their experiences as such, their perceptions were largely shaped by subsequent historical events. However, their responses and opinions were not isolated or unique, but were often shared by the majority of the people in their community.

Between 1861 and 1939 this branch played a specific role in the history of the south eastern Orange Free State. Locally they were leaders in the community with regard to farming and their church and they did not hesitate to take up arms in times of war. Between 1861 and 1899 they experienced a period of increasing problems resulting from the British Imperial policy which led them through the Basuto Wars and the dispute about the diamond fields to a period of economic prosperity as citizens of the model republic of the Orange Free State. However, between 1899 and 1906 their involvement in the Anglo Boer War and the negative consequences of the concentration camps for women and children and the scorched earth policy of the British authorities had a profound effect on the development of their socioeconomical and political awareness. As expression of the Afrikaner as a nation, this was reflected in an exceptional way in the field of religion, politics and culture in South Africa.

## OPSOMMING

Die stamvader, Jan Grobler, is afkomstig van Duitsland en het hom in 1708 aan die Kaap gevestig. Een tak van sy nasate, bekend as die Grobbelaars van Cyferfontein, distrik Bethulie, het hulle teen 1861 op die plaas gevestig. Van toe af het hulle ‘n rol in Bethulie en omstreke gespeel waar hulle aanvanklik slegs as boere bedrywig was. Onder hulle nasate was daar ook predikante van die Nederduits-Gereformeerde Kerk, staats-amptenare, mynwerkers en lede van die Suid-Afrikaanse Weermag. As sodanig het hulle, op grond van hul belewenisse, bepaalde persepsies omtrent historiese prosesse ontwikkel. Hulle reaksie en sienings was egter nie geïsoleerd nie en is dikwels deur die meerderheid in die gemeenskap gedeel.

Hierdie tak het tussen 1861 en 1939 ‘n bepaalde rol in die geskiedenis van die Suidoos-Vrystaat gespeel. Op die plaaslike vlak was hulle leiers in die gemeenskap op die terrein van die boerdery en die kerk en het hulle nie gehuiwer om in oorlogstyd die wapen op te neem nie. Tussen 1861 en 1899 het hulle ’n tydperk van opbouende probleme met die Britse imperiale beleid beleef wat hulle deur die Basoeto-oorloë en die omstredenheid met die diamantvelde heen na ’n tydperk van ekonomiese welvaart as burgers van die Vrystaatse modelrepubliek gevoer het. Vanaf 1899 tot 1906 het hulle betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog, met sy negatiewe gevolge, ’n diepgaande rol gespeel in die ontwikkeling van hulle sosio-ekonomiese en politieke bewussyn wat tussen 1906 en 1939 as ’n uiting van die Afrikaner as volk ’n besondere neerslag op kerklike, politieke en kulturele gebied in Suid-Afrika gehad het.